# Waarheid Maak Saak

## Ontsnap uit die Doolhof van Dwaalleer



Dr. Walter J. Veith

# Waarheid Maak Saak

**1ste Uitgawe**

*deur Dr. Walter J. Veith*

Tensy anders aangedui, kom Skrifaanhalings uit die
*1953-vertaling*

*Vertaler*: Etiénne Erasmus
*Redaktrise*: Eljoena Bouman (Afrikaanse uitgawe)
*Omslag Ontwerp*: Brian S. Neumann
*Setwerk*: Elinye Ithuba DTP Solutions
*Drukkers*: CTP Drukkers, Suid-Afrika

ISBN 0-9682363-3-2
Gedruk in Suid-Afrika

*Gepubliseer Deur:*
Rocks of Africa
Posbus 1384
Somerset-Wes
Wes-Kaap
7130
Suid-Afrika
E-pos: rock@rocksofafrica.com

(Die boek is ook in Engels beskikbaar "Truth Matters")

# Inhoudsopgawe

Voorwoord ........ 5

Hoofstuk 1: Jesus – Maar net nog ‘n Man? ........ 9

Hoofstuk 2: ‘n Advokaat vir ons Tyd ........ 33

Hoofstuk 3: Newels van die Tyd ........ 69

Hoofstuk 4: Die Man agter die Masker ........ 79

Hoofstuk 5: Die Misdaad van die Eeue ........ 111

Hoofstuk 6: Die Groot Stryd ........ 139

Hoofstuk 7: Twee Diere Raak Bevriend ........ 155

Hoofstuk 8: Die Merk van die Dier ........ 171

Hoofstuk 9: Die Wyn van Babilon ........ 191

Geïllustreerde Hoofstuk:
Paganisme en die “Nuwe Wêreldgodsdiens” ........ 231

Hoofstuk 10: Die Mistieke Doderyk ........ 247

Hoofstuk 11: Die ‘Gees’ van Eenheid ........ 263

Hoofstuk 12: Vreemde Vuur ........ 293

Hoofstuk 13: Die New Age-beweging en die Maitreya ........................ 327

Hoofstuk 14: ‘n Klip om jou Hoof op te Rus ...................................... 355

Hoofstuk 15: God se Leidende Gawe .................................................. 391

Hoofstuk 16: Die Viering van Christus se Opstanding ........................ 445

Hoofstuk 17: Die Komende Klimaks van die Eeue ............................. 465

Hoofstuk 18: Die Langverwagte Millennium van Vrede ..................... 501

# Voorwoord

Nog nooit vantevore is geloof in die Woord van God so ondermyn soos juis in die afgelope aantal jare nie. In skynbare teenstrydigheid hiermee is die afsluitingsperiode van die afgelope millennium ook gekenmerk deur millenniumkoors, ervaringsgodsdiens en die opkoms van talle nuwe godsdienstige ideologieë, en hierdie neigings duur voort soos die nuwe millennium voor ons ontvou. Die duidelike leringe van die Skrif word inderdaad oorskadu deur die veelvuldige paranormale onthullings en leringe van ons tyd. Oosterse mistisisme en die denkwyse van die New Age-beweging het die antieke pilare van waarheid geërodeer en nuwe ideologieë het die ewige bakens vervang. Die waarheid is nie meer belangrik nie – harmonie en samewerking is al wat nou geld.


Ons lewe in ’n tyd van kompromie. In die belang van vrede en harmonie word die waarheid heel dikwels opgeoffer. Daar word geredeneer dat alle gelowe gelyk is en dat, ten spyte van verskille in leerstellings en benaderings, alle gelowe uiteindelik na God lei. Hierdie denke het groter samewerking tussen godsdienste meegebring en binne die Christendom is die ou ekumeniese strydbyle begrawe. Rooms-Katolieke, Ortodokse gelowe en Protestante begin met mekaar saamstem.

Die doel van hierdie boek is nie om as ’n resepteboek tot redding te dien nie. Daar is geen bestanddele wat gemeng en ingeneem kan word ten einde gered te word nie. Redding word slegs gevind in Hom *“Wie . . . ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.”* (Hebreërs 7:25). Hierdie boek is nie bedoel om tot die Skrif by te voeg nie, maar is geskryf om die aansprake daarvan te ondersteun.

Die geloofwaardigheid van die Bybel word ondersoek in die lig van die vervulling van profesieë en die groot argeologiese ontdekkings van ons tyd. Boonop word die profesieë van Daniël en Openbaring wat betrekking het op ons tyd in die lig van die huidige wêreldgebeure bespreek.

Die ontvouing van profetiese gebeure soos in die Skrif voorspel, verleen geloofwaardigheid aan die aansprake daarvan dat dit waarlik die Woord van God is. Dit noodsaak ons om ’n besluit te neem en nooi ons uit om God se reddingsplan te aanvaar. Ek glo dat God se waarheid uiteindelik sal seëvier. Hy is absoluut geloofwaardig en die weg waarop God ons nooi, is inderdaad die moeite werd om te volg.

*Dr. Walter J. Veith*



“Want die woord van God is
lewend en kragtig en
skerper as enige twee-
snydende swaard,
en dring deur
tot die skeiding
van siel en
gees en
van gewrigte en murg,
en is ‘n beoordelaar van
die oorlegginge en gedagtes
van die hart.”

*Hebreërs 4:12*

# Christus – Die Bron van Waarheid

# 1

# JESUS – MAAR NET NOG ’N MAN?

## Inleiding

Was Jesus ’n bedrieër of was Hy die Messias, die Seun van God? Dit is die kardinale vraag wat elkeen van ons vir onsself moet beantwoord, want dit kan die verskil beteken tussen die lewe en die dood. Een ding is egter seker en dit is dat Jesus meer omstredenheid in die godsdienstige arena geskep het as enige ander stigter van godsdiensstelsels in die wêreld. Ook het Hy sommige verstommende aansprake gemaak wat daarop gedui het dat Hy die enigste bron van verlossing vir die gevalle mensdom sou wees, en daardeur skep Hy geskille in die godsdienstige wêreld wat nie maklik sonder kompromie bygelê kan word nie. Óf Hy was reg, óf Hy was nie; kompromie blyk onmoontlik te wees. Indien Hy reg was, dan sal hierdie omstredenheid betreffende Sy Messiasskap toeneem tot by die finale slotsom daarvan en dit sal uitloop op die glorieryke terugkeer van Christus na die aarde om Sy heerskappy oor die aarde terug te eis en om die lewendes en die dode te oordeel. Indien Hy verkeerd was, dan het die Messias, volgens sommige van die geloofstelsels, nog nie gekom nie, of Hy het al verskeie kere in die gedaante van wêreldse leermeesters gekom, of Hy gaan glad nie kom nie.

Beide Boeddhisme en Hindoeïsme leer dat Christus, die wêreld se leermeester, verskeie reïnkarnasies in verskillende stadia van die mens se progressie beleef het. Die Moslems leer dat Jesus Christus ’n profeet

was maar dat Hy nie die Seun van God was nie. Hul leer egter ook dat Hy "gebore is uit 'n maagd, wonderwerke verrig het, die Messias was, 'n sondelose lewe gelei het, opgevaar het na die hemel, en na die aarde toe sal terugkeer voor die einde van die wêreld."[1] Die Jode, met uitsondering van die Messiaanse Jode, verwerp Jesus as Messias. Vir hulle is Hy 'n bedrieër.

Christene self is verdeeld in hul houding teenoor Jesus. Sommige beskou Hom as God, Verlosser, Heer en Messias, terwyl ander weier om Sy Goddelikheid te aanvaar en liewer kies om Hom te beskou as 'n spesiale geskape wese. Wie is reg? Kom ons neem die getuienis in oënskou.

## Het Hy ooit bestaan?

Die heel eerste vraag wat oorweeg moet word, is of Jesus werklik 'n historiese figuur was. Indien nie, mors ons ons tyd deur 'n debat te voer oor 'n mite of legende. Die mees prominente bronne wat Sy historiese egtheid bevestig, is tweedelig, naamlik:

### A. *Die Christelike Bronne*

**1.** Die 27 verskillende Nuwe Testamentiese geskrifte.

**2.** Die geskrifte van die Kerkvaders (Polycarpus, Eusebius, Irenaeus, Origen, ensovoorts). Dis ook noemenswaardig dat Christene deur die eeue heen bereid was om gebuk te gaan onder vervolging en selfs die dood ter wille van Sy naam, en die hele menslike geskiedenis is in twee dele verdeel, naamlik voor Christus en na Christus. Hierdie indeling is al vir eeue in ons kalenders vasgelê.

### B. *Nie-Bybelse Bronne*

**1.** Tacitus, die Romeinse historikus skryf in ongeveer 115 n.C. van Nero se vervolging van Christene in die jaar 64 n.C. Hy sê:

> *Maar alle menslike pogings, al die keiser se milddadigheid en die soenoffers van die gode, was nie voldoende om die skandaal uit die weg te ruim of om die oortuiging te verban dat die vuur doelbewus was*

> *nie. En so, om ontslae te raak van hierdie gerug, het Nero die skuld toegewys aan ‘n groep wat algemeen bekend gestaan het as Christene wat gehaat is vir hulle gruwels, en hy het hulle met die uiterste wreedheid gestraf. Christus, van wie hulle naam afkomstig is, is gedood deur die toedoen van die prokurator Pontius Pilatus gedurende die bewind van Tiberius. Hierdie skadelike bygeloof wat vir ‘n wyle in toom gehou is, het weer losgebars, nie slegs in Judea, die oorsprong van die euwel nie, maar selfs in Rome, daardie vergaarplek vir alles wat veragtelik en verlagend is, vanuit elke hoek van die aarde, wat daar ‘n gevolg sal vind.*[2]

**2.** Suetonius, die Romeinse geskiedskrywer, verwys na “Chrestus” (wat waarskynlik ’n verbastering van “Christus” is) in sy *“Life of Claudius”* (die keiser vanaf 41 tot 54 n.C.) wat geskryf is om en by 120 n.C. Suetonius verwys waarskynlik na woordewisselings tussen die Jode en Christene aangaande Jesus.

> *Aangesien die Jode voortdurend steuringe veroorsaak het op die aansporing van Chrestus, het hy (Claudius) hulle uit Rome verban.*

**3.** Die Talmoed is ’n versameling van Joodse tradisies wat vanuit die derde eeu dateer.

> *Op die vooraand van die Pasga het hulle “YESHU” van Nasaret opgehang, en die boodskapper het Hom vir veertig dae vooruitgegaan en gesê: “YESHU” van Nasaret gaan om gestenig te word omdat Hy heksery bedryf het en vir Israel bedrieg en om die bos gelei het. Laat elkeen wat daartoe in staat is om Hom te verdedig, kom en vir Hom pleit.” Maar hulle het niks gevind ter verdediging van Hom nie en het Hom op die aand van die Pasga opgehang.*

## Was Hy die Messias?

*Sy Aansprake*

> *Weer stel die hoëpriester Hom die vraag en vra vir Hom: Is U die Christus, die Seun van die geseënde God? En Jesus sê: Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel.* Markus 14:61-62.

*Aansprake van Andere:*

> *Andreas het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messias gevind – dit is, as dit vertaal word, die Christus.* Johannes 1:42.

## Die Ou Testamentiese Messiaanse Profesieë

Volgens die kundiges is daar meer as 300 Ou Testamentiese verwysings na die Messias wat oor ’n periode van 1500 jaar neergepen is. Sommige skeptici maak beswaar teen die gebruik van hierdie profesieë ter rugsteuning van die Messiaskap van Jesus omdat hulle glo dat dit geskryf is tydens of selfs ná die tyd van Jesus. Hier moet iets belangriks in gedagte gehou word. Konserwatiewe geleerdes beraam dat die laaste Ou Testamentiese boek omtrent 450 jaar v.C. geskryf is. Diegene wie ’n latere datum voorstaan kan dié datum nie nader skuif as ongeveer 250 jaar v.C. nie – die rede hiervoor is die Griekse vertaling van die Ou Testament wat tydens die regering van Ptolemy Philadelphus (285-246 v.C.) voltooi is. Dit is ‘n geskiedkundige feit en dit plaas ’n tydperk van minstens 250 jaar tussen die Ou Testamentiese voorspellings en hul vervulling in Christus.

In sy interessante boek, *“Evidence that Demands a Verdict”,* lys Josh McDowell sestig Ou Testamentiese profesieë wat in die Nuwe Testament deur Jesus vervul is. Dit sou onmoontlik wees om al sestig in diepte te bespreek in hierdie kort oorsig maar ons gaan egter ’n paar uitsonder en van naderby beskou:

## *1. Die Maagdelike Geboorte*

> *“Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immánuel noem.”* Jesaja 7:14.

> *En Josef… het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom Jesus genoem.* Matthéüs 1:18, 24-25.

## *2. Betlehem*

> *En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ’n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.* Miga 5:1.

> *En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is...* Matthéüs 2:1.

## *3. Die Bediening van Wonderwerke*

> *Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.* Jesaja 35:5-6.

> *En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan... en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.* Matthéüs 9:35.

## *4. Gaan Jerusalem Binne op die Rug van ’n Esel*

> *Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ’n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ’n esel – op ’n jong esel, die vul van ’n eselin.* Sagaría 9:9.

> *Toe bring hulle hom (die eselvul) na Jesus toe, en hulle lê hul klere op die vul en laat Jesus daarop sit.*
> Lukas 19:35.

Daar word beraam dat 29 van die profesieë aangaande die Messias geskryf is deur ‘n verskeidenheid mense oor ’n tydperk van minstens vyf eeue – en binne ‘n enkele 24-uur tydperk van Sy lewe het hulle in vervulling gekom.

### *5. Deur ’n Vriend Verraai*

> *Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig.* Psalm 41:10.

> *Simon Kananítes en Judas Iskáriot, die een wat Hom verraai het.* Matthéüs 10:4.

### *6. Dertig Silwerstukke, EN 7. Die Pottebakker se Grond*

> *En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die Here vir die pottebakker gegooi.*
> Sagaría 11:13.

> *En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en ... die stuk grond van die pottebakker daarmee gekoop as ’n begraafplaas vir vreemdelinge.* Matthéüs 27:5-7.

### *8. Jesus se Ingesteldheid Tydens Beskuldiging*

> *Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie ...* Jesaja 53:7.

> *En terwyl Hy deur die owerpriesters en die ouderlinge beskuldig word, het Hy niks geantwoord nie.*
> Matthéüs 27:12.

### *9. Fisies Mishandel*

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.* Jesaja 53:5.

*Toe laat hy vir hulle Barábbas los, maar Jesus het hy laat gésel en oorgelewer om gekruisig te word.* Matthéüs 27:26.

### *10. Hande en Voete Deurboor*

*... hulle het my hande en my voete deurgrawe.* Psalm 22:17.

*En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig ...* Lukas 23:33.

### *11. Saam met Misdadigers Gekruisig*

*... omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was...* Jesaja 53:12.

*Toe word daar saam met Hom twee rowers gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant.* Matthéüs 27:38.

### *12. Sy Klere Verdeel en die Lot Daaroor Gewerp*

*Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad.* Psalm 22:19.

*En ... die soldate ... neem ... sy klere en maak vier dele, vir elke soldaat ’n deel, en die onderkleed; maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe ... hulle het ... gesê: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daaroor werp, wie s’n dit sal wees.* Johannes 19:23-24.

### *13. Asyn Aangebied om te Drink*

> *En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink.* Psalm 69:22.
>
> *... en vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie.* Matthéüs 27:34.

### *14. Geen Bene Gebreek nie*

> *Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie.* Psalm 34:21.
>
> *maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie.* Johannes 19:33.

### *15. In ’n Ryk Man se Graf Begrawe*

> *En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by ’n ryke was Hy in sy dood …* Jesaja 53:9.
>
> *... daar (het) ’n ryk man van Arimathéa gekom met die naam van Josef ... En Josef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai en dit in sy nuwe graf gelê …* Matthéüs 27:57, 59-60.

Sommige het voorgestel dat hierdie profesieë per ongeluk of toevallig deur Jesus vervul is. Volgens die wet van waarskynlikhede is die kans dat enige *enkele* persoon ’n keuse van slegs agt van hierdie profesieë (insluitend die een wat verband hou met die kruisiging) sou kon vervul, een in ‘n honderd duisend miljoen is.

## Die Sewentig Weke Profesie

Van die vele profesieë aangaande die Messias is daar één wat die kwessie buite alle twyfel stel, en dit is die profesie in Daniël 8 en 9 wat die tyd van die salwing van die Messias voorspel.

Die sewentig weke profesie van Daniël 9 is die merkwaardigste Messiaanse profesie in die Skrif. So akkuraat voorspel dit die tyd van en die gebeure rondom die koms van die Messias dat Joodse geleerdes deur die eeue heen gepoog het om die toepaslikheid daarvan te beperk en hulle het selfs gedurf om 'n vloek uit te spreek oor diegene wat wou probeer om die aantal dae van hiérdie profesie te bereken. Die sewentig weke profesie is aan Daniël gegee as verduideliking en uitbreiding van die 2300 aande en môres profesie van Daniël 8 en die twee profesieë hou dus met mekaar verband. Vir die doel van hierdie bespreking sal ons ons beperk tot die Messiaanse tyd profesie en sal ons dus nie die hele profesie van Daniël 8 in ag neem nie. Kortliks, Daniël 8 handel oor die onderdrukking van die kinders van God deur wêreldse magte en die waarheid aangaande redding. Die heiligdom wat in hierdie profesie gemeld word, is 'n verwysing na die aardse heiligdom en die dienste wat daarin verrig is, en dit op sy beurt dien weer as voorbeeld om die plan van verlossing te illustreer. Die reiniging van die heiligdom het deel uitgemaak van die jaarlikse dienste van die Israeliete en dit vind 'n breër toepassing in die finale uitwissing van die sonderekord van die mensdom (sien Hoofstuk 2, *'n Advokaat vir Ons Tyd*). Laat ons die tydprofesie van die sewentig weke en die heiligdom in oënskou neem.

> *Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.* Daniël 8:14.

Hier het ons 'n spesifieke tyd profesie en dit is dus noodsaaklik dat ons die beginsels verstaan wat betrekking het op die ontrafeling van profetiese tyd. Soos in die geval van alle profesieë, is die beste beginsel om die Skrif toe te laat om self die verklaarder daarvan te wees.

Profesieë is in simboliese taal uitgedruk en die simbole daarvan moet ontrafel word voordat die betekenis van die woorde verstaanbaar sal wees. Profetiese tyd word ook as simbool aangewend wat in die lig van die Skrif vertolk moet word. Die sleutel kan in twee teksverse gevind word:

> *Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word.* Númeri 14:34.

> *... vir elke jaar lê Ek jou een dag op.* Eségiël 4:6.

Die dag-jaar-beginsel word deur al die eeue heen deur geleerdes toegepas. Middeleeuse Katolieke geleerdes het die Joodse dag-jaar berekening nageboots. In 1190 het Joachim van Floris, Calabria, Italië die dag-jaar op profetiese tyd toegepas. In die dertiende eeu het Joachimitiese geleerdes in Italië, Spanje, Frankryk en Duitsland op soortgelyke wyse die dag-jaar beginsel op die 2300 aande en môres toegepas. In 1440 het die Rooms-Katolieke teoloog, Nicholas Crebs van Cusa, die volgende te sê gehad aangaande die 2300 aande en môres:

> *… deur 'n dag aan 'n jaar gelyk te stel, volgens dit wat aan Esegiël geopenbaar is…*[3]

Die geldigheid van die dag-jaar beginsel as 'n eksegetiese hulpmiddel word op sy beste gedemonstreer deur die toepassing daarvan. Wanneer dit ookal toegepas word, val die betekenis van die profesieë dadelik in plek en skynbare teenstrydighede word uit die weg geruim. Dít sal duideliker word soos ons dieper in profesie delf in latere hoofstukke.

Die toepassing van hierdie beginsel op die sewentig-weke-profesie sal aandui dat slegs Jesus van Nasaret die langverwagte Messias kan wees.

## Die Profesie Ontrafel

Daniël het nie die visioen met betrekking tot die 2300 aande en môres verstaan nie.

> *En ek, Daniël, was gedaan en was dae lank siek; daarna het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen; en ek was verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie.* Daniël 8:27.

Nadat hy die woorde van Jeremia die profeet bestudeer het, het Daniël insig aangaande die visioen verkry:

> *... terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer. En hy het my onderrig*

> *en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee. By die begin van jou smekinge het ’n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is ’n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.* Daniël 9:21-23.

> *Sewentig sewetalle is oor jou volk ... bepaal ...* Daniël 9:24.

“Jou volk” was God se uitverkorenes – Israel van ouds. Die “sewentig weke” omgeskakel in dae is 70 weke x 7 = 490 dae. Deur die toepassing van die dag-jaar-beginsel word die 490 dae dan 490 jaar. Die woord “bepaal” beteken *toegeken, afgekondig* of *afgesny.* Die Vulgaat (Latynse Bybel) gebruik die woord *“abbreviore”,* wat beteken “*om te verkort*.” Die *sewentig sewetalle* wat oor Daniël se volk bepaal is, moet dus van ’n langer periode, naamlik die 2300 dag-jare, afgesny word. John Tillinghart, wat in 1655 gesterf het, was die eerste wat verklaar het dat die sewentig (70) weke van jare ’n mindere epog (tydperk wat deur iets buitengewoons gekenmerk word) was, ingesluit in die groter tydperk van 2300 jaar.

> *Vierhonderd-en-negentig jaar was vir die Joodse volk bepaal ten einde:*
>
> *1) Goddeloosheid te voleindig.*
> *2) Die maat van die sondes vol te maak.*
> *3) Die ongeregtigheid te versoen.*
> *4) Ewige geregtigheid aan te bring.*
> *5) Die gesig en profesie te beseël.*
> *6) Dit wat hoogheilig is, te salf.* Daniël 9:24.

Die ses vraagstukke hierbo genoem, is Messiaanse vraagstukke wat slegs in en deur die Messias vervul kon word. Wie anders kon versoening doen vir ongeregtigheid en ewige geregtigheid tot stand bring?

Johan P. Petri (1718-1792), ’n hervormde predikant van Seckbach, Duitsland, laat die twee tydperke – die sewentig weke en die 2300 aande en môres – gelyktydig ’n aanvang neem. Die diagram hieronder toon die sewentig weke afgesny van die 2300 aande en môres.





*Diagram 1.1*

## Die Begin van die 70 weke en 2300 Aande en Môres

Nadat die engel die sewentig weke aangekondig het, gee hy die indeling van die sewentig weke as volg:

a) 7 Weke van jare vir die herbou van Jerusalem (vers 25).
b) 62 Weke van jare tot die Messias (verse 25, 26).
c) 1 Week van jare tot die einde van die periode (vers 27).

---

**Totaal ... 70 *“weke... bepaal vir jou volk.”***

Dit is die volledige 70 weke van die profesie. Maar wanneer het dit ’n aanvang geneem? Daniël gee die antwoord heel duidelik:

> *... weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ’n Gesalfde, ’n Vors, is sewe sewetalle, en twee-en-sestig sewetalle...* Daniël 9:25.

*“Van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou...”* is waar die profesie van die 2300 aande en môres begin.

Die laaste oproep wat die herbou van Jerusalem tot gevolg gehad het, kom onder Koning Artasásta Longimanus in die jaar 457 voor Christus.[4] Uittreksels uit Esra 7 verduidelik hierdie punt. Die koning (Artasásta) verklaar:

> *...deur my is bevel gegee dat elkeen van die volk van Israel en van sy priesters en Leviete wat in my koninkryk gewillig is om na Jerusalem te trek, met jou mag saamtrek ...* Esra 7:13.

Met die begin datum 457 v.C. as uitgangspunt is dit moontlik om die volgende data en gebeurtenisse vas te stel. Sewe weke is bepaal vir die heropbou van Jerusalem.

7 weke x 7 dae per week = 49 dae of jare

Getrou aan die profesie, is Jerusalem herbou nege-en-veertig (49) jaar na 457 v.C., met ander woorde 408 v.C.

## **“Tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors”**

> *... weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ’n Gesalfde, ’n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle...* Daniël 9:25.

| | | |
|---|---|---|
| 62 weke x 7 dae per week | = | 434 dae of jare |
| 7 weke x 7 dae per week | = | 49 dae of jare |
| 434 jaar + 49 jaar | = | 483 jaar vanaf 457 v.C. tot die Messias |

Sewe weke (49 dae) vir die herbou van Jerusalem en dan daarby nog twee en sestig weke of 434 dae, bring ons tot by Messias, die Vors. Deur in die jaar 457 voor Christus te begin en die dag-vir-’n-jaar-beginsel toe te pas, moet ons die datum bepaal ná die verloop van 483 jaar (49 + 434), wat ons bring tot by die jaar 27 n.C. – met inagneming van die bytelling van een jaar met die oorskakeling vanaf voor- tot na-Christus. Die jaar 27 n.C. is die mees historiese jaar in die Christendom en Lukas gee in Lukas 3:1-3 ’n haarfyn weergawe van die gebeurtenisse in daardie jaar. Hierdie verse verwys na die vyftiende jaar van die Keiser Tibérius (dit is bekend dat dit 27 n.C. is) waartydens die volgende beamptes aan bewind was, naamlik: Pontius Pilatus, Herodus, Filippus, Lysánias, Annas en Kájafas. Gedurende hierdie tydperk was Johannes die Doper met sy bekeringsboodskap bedrywig.

Diagram 1.2 sit die berekeninge uiteen:

*Daniël 8:14*





*Diagram 1.2*

Die 69 weke (483 jaar) bring ons "tot op 'n Gesalfde, 'n Vors." Volgens Johannes 1:42 beteken Messias "die Christus" en die woord beteken weer "Gesalfde." Volgens die Bybel is Jesus tydens Sy doop met die Heilige Gees gesalf.

> *En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal ...* Lukas 3:21-22.

Die doop van Christus vir Sy bediening is dít waarna die profesie verwys met die woorde: "tot op 'n Gesalfde, 'n Vors." Toe Jesus aankondig: "Die tyd is vervul" (Markus 1:15) het Hy na hierdie deel van die profesie verwys.[5]

Hoe verstommend akkuraat! Presies op die bepaalde tyd word Jesus gesalf en Hy begin Sy bediening.

> *Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.* Lukas 4:18-19.

## Die Sewentigste (Laaste) Profetiese Week

As die jaar 27 n.C. die einde van die 69 weke aandui, dan beteken die jaar 34 n.C. die einde van die sewentig weke toegewys aan die volk van Israel. Wanneer ons die weke uitdruk as jare, dan kom ons by dieselfde datum uit. Byvoorbeeld, 483 jaar eindig in 27 n.C. en soortgelyk eindig die 490 jaar sewe jaar later, naamlik in 34 n.C. (Sien Diagram 1.2)

> *En hy sal een week lank met baie ’n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal Hy slagoffer en spysoffer laat ophou...* Daniël 9:27.

Die persoonlike voornaamwoord “Hy” verwys na die Messias Wat al in Daniël 9:25 en 26 genoem word. Hy, dit wil sê die Messias, sal die verbond met Sy volk Israel bekragtig vir een profetiese week, met ander woorde sewe (7) jaar lank (1 week = 7 dae of jare). Daarby sê die vers dat Hy die *“slagoffer en spysoffer sal laat ophou.”*

Die middel van die profetiese sewe jaar sal (3½ jaar wees na Jesus se doop in 27 n.C. soos reeds aangedui). Dit bring ons tot by die jaar 31 n.C. Die hele Christenedom erken 31 n.C. as die jaar toe Christus gekruisig is. (Sien Diagram 1.3)

Sommige moderne profetiese interpretasies verwar die kwessie rondom die sewentigste week en vernietig selfs die eenheid van die 70-weke-profesie deur die laaste week in die toekoms te plaas en om die inhoud daarvan van toepassing te maak op die Antichris, wat (volgens hierdie interpretasie) sou arriveer aan die einde van die Christelike dispensasie, een of ander tyd in die toekoms. Daniël 9:26, 27 het ’n giastiese struktuur en indien dit in ag geneem word, verdwyn die klaarblyklike verwarring betreffende die letterkundige styl.

> *En ná die twee-en-sestig sewetalle sal ’n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom...* Daniël 9:26.

Hierdie gedeelte van vers 26 berei die weg vir die gebeure met betrekking tot die sewentigste week. Ná die 62 weke (7 + 62 = 69ste week), dus na die 69ste week of tydens die sewentigste week, word die Messias *“uitgeroei”*/ doodgemaak, maar nie vir Homself nie, vir ons.





*Diagram 1.3*

> *En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.* Daniël 9:26-27.

Die struktuur is soos volg:

a) Die Messias uitgeroei.
b) Die Heiligdom vernietig.
b[1]) Die offerdiens beëindig.
a[1]) Die verwoester vernietig.

Vers 27 het 'n addisionele struktuur, naamlik *"Hy ... een week ... een week... Hy,"* wat weer eens die rol van die Messias benadruk. Ter opsomming kan daar dus gesê word dat die uitroeiing van die Messias die afskaffing van die offerstelsel sou meebring (dis in Hom vervul). Hy (Messias) sou ook Sy verbond met God se volk bevestig deur middel van Sy offerdood aan die kruis in die middel van die week (3½ jaar na 27 n.C.), die presiese tyd van Christus se dood.

Hierdie teksverse lig ook die konflik tussen Christus en Satan uit, wat deur sy volgelinge in 'n stryd gewikkel sal wees teen die Christendom tot aan die einde van tyd. Die belofte is egter dat die finale oorwinning aan Christus behoort en dat die verwoester sy verdiende straf aan die einde van tyd sal ontvang.

> *... hy (sal) slagoffer en spysoffer laat ophou...*
> Daniël 9:27.

Deur Sy sterwe aan die kruis het Christus veroorsaak of tot gevolg gehad dat die offerstelsel wat vorentoe na Hom toe gewys het, tot 'n einde kom. Paulus stel dit duideliker:

> *... want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.* 1 Korinthiërs 5:7.

Aangesien die Pasga na Christus gewys het, is dit nou in Sy dood vervul. Trouens, Paulus sê dat die hele offerstelsel afgeskaf is:

> *... en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael...* Kolossense 2:14.

Toe die luide uitroep, "*Dit is volbring!"* Christus se lippe verlaat het, was die priesters steeds in die tempel besig om offers te bring. Dit was die tyd van die aandoffers en die Pasga-lam, wat Christus verteenwoordig het, was op die punt om geslag te word:

> *... die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur...* Matthéüs 27:51.

Die offerstelsel het tot 'n einde gekom met Christus se kruisdood. Die voorhangsel, wat die twee vertrekke in die tempel (die Heilige en die Allerheiligste) geskei het, het met die dood van Christus *van bo na onder*

geskeur, wat dui op Goddelike optrede. Die offerandes was klaar; Christus se dood het ’n einde gemaak aan die offerstelsel.

’n Groot groep hervormers wat John Wycliffe, Martin Luther asook die wetenskaplike Isaac Newton insluit, verbind die sewentigste week met die Messias. Die oorblywende gedeelte van die sewe (7) jaar periode het in 34 n.C. met die steniging van Stephanus geëindig. (Sien Handelinge 7:59-8:4). Hierdie datum, 34 n.C., dui op die einde van die 70 weke of 490 jaar wat vir Israel bepaal is.

> *... om die goddeloosheid te voleindig en ... om die ongeregtigheid te versoen...* Daniël 9:24.

Van toe af moes die evangelie aan die heidene (of die wêreld) verkondig word deur individuele ambassadeurs uit elke nasie; en die einste Paulus wat ingestem het tot die steniging van Stephanus, het die apostel vir die heidene geword. Israel was nie meer die bewaarders van God se waarheid nie. As ons terugkeer na ons openingsteks, Daniël 8:14, “*Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word,”* merk ons dat 1844 n.C. die einde van die 2300-jaar tydperk gereken vanaf 457 v.C., aandui. (Sien diagram 1.4). Ons sal die reiniging van die heiligdom behandel in Hoofstuk 14, *’n Klip om jou Hoof op te Rus.*





*Diagram 1.4*

## Is Jesus God?

As Jesus God is, dan verdwyn al die ander aansprake op gelykheid en selfs oppergesag in die niet. Hierdie vraag meer as enige ander moet opgeklaar word ten einde die geldigheid van Sy aansprake te ondersteun:

> *En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook. Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het.* Johannes 5:17-18.

> *Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig. Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van dié werke stenig julle My? Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor ’n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat ’n mens is, Uself God maak.* Johannes 10:31-33.

Jesus het nie die Sabbatsgebod verbreek nie. Hy het net nie voldoen aan die menslike standaarde en wette daargestel deur die Jode om te verhoed dat hulle God se wet verbreek nie. Hierdie mensgemaakte verordeninge het ’n swaar las geplaas op diegene wat godvresend wou leef en het ’n juk des aanstoots geword wat geen mens kon verdra nie. Jesus het egter verklaar dat Hy en die Vader Een is. Verder, vind ons nêrens in die Nuwe Testament dat Jesus enigeen tereggewys het wat Hom aanbid het of wat Hom direk as God aangespreek het nie.

> *Daarop klim hulle in die skuit, en die wind het gaan lê. Toe kom die wat in die skuit was, en val voor Hom neer en sê: Waarlik, U is die Seun van God!* Matthéüs 14:32-33.

> *En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!* Johannes 20:28.

Aanbidding kom slegs God toe en selfs die engele kan nie op aanbidding aanspraak maak nie; nóg minder kan feilbare mense aanspraak maak op aanbidding van ’n ander geskape wese. Twee voorbeelde uit die Skrif illustreer hierdie punt duidelik.

Toe Johannes die Nuwe Jerusalem in visioen getoon is, het hy aan die voete van die engel-gids neergeval om hom te aanbid, maar die engel het hom tereggewys:

**1.** *Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.* Openbaring 22:9.

**2.** Toe die apostel Petrus die huis van Cornelius besoek het, was Cornelius so oorweldig dat hy aan die voete van Petrus neergeval het om hom te aanbid, maar Petrus sê vir hom:

> *Toe Petrus dan binnekom, het Cornelius hom tegemoet gegaan en aan sy voete neergeval en hom hulde bewys. Maar Petrus het hom opgerig en gesê: Staan op, ek is self ook maar 'n mens.* Handelinge 10:25-26.

Daar is sommige godsdiensgroepe wat die menslikheid van Jesus ontken en ander wat weer Sy Godheid ontken. Die Skrif bevestig egter duidelik Sy menslikheid sowel as Sy Godheid. Christus, volgens die Skrif, is die Skepper van alle dinge; Hy is die Verlosser en Herskepper en Hy is die Here oor alles. Die Naam Jesus beteken letterlik "Jahwe" (Jehova = "die een wat is"), die Verlosser. As Skepper, kan Hy ook aanspraak maak op eienaarskap. In Psalm 33 lees ons:

> *Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. Hy versamel die waters van die see soos 'n hoop; Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers. Laat die hele aarde vir die HERE vrees; laat al die bewoners van die wêreld vir Hom bedug wees; want Hý het gespreek, en dit was; Hý het gebied, en dit staan.* Psalm 33:6-9.

Die Nuwe Testament bevestig dat hierdie Skepper niemand anders is as Jesus Christus nie.

> *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*
> Johannes 1:1-3.

> *... want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.* Kolossense 1:16.

Jesus Christus is God. Die Griekse woord vir Here is *Kurios* en dit word gebruik in die sin van *“hy aan wie ’n persoon of goed behoort,”* en hierdie eienaar is God.

> *Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.* Handelinge 2:36.

> *... en (dat) elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.* Filippense 2:11.

Jesus het uitdruklik daarop aanspraak gemaak dat Hy God is en dat Hy die selfbestaande Een is wat alle dinge voorafgegaan het.

> *Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was,* ***is Ek.*** Johannes 8:58. (Klem bygevoeg.)

Die Griekse woord “*eimi”* wat hier vir *”Ek is”* gebruik word, beteken “*om te wees, om te bestaan”* en dit beklemtoon duidelik die waarheid dat Jesus God is.

> *Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.* Kolossense 2:9.

> *... maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ’n regverdige septer.* Hebreërs 1:8.

Die akkurate profesieë in die Skrif opgeteken met betrekking tot die eienskappe van die Messias is almal in Jesus vervul. Geen ander individu kan aanspraak maak op Jesus se messiasskap of Hom Sy koningskap

ontneem nie. Hy is die Vredevors en die Lam wat geslag is en in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik (Kolossense 2:9). Jesus het gesê:

> *Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*
> Matthéüs 28:18.

> *Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.* Johannes 10:9.

> *En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur, nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.* Johannes 3:14-18.

Die Skrif leer duidelik dat redding alleenlik in Jesus Christus te vinde is. In Handelinge staan geskryf:

> *En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.*
> Handelinge 4:12.

Alles is voorberei, die aansprake van Jesus is duidelik, tog, ten spyte hiervan, water die wêreld hierdie waarhede af ten einde almal tegemoet te kom in 'n finale sameswering teen die Woord. Hierdie groot konflik sal sy hoogtepunt bereik in die klimaks van die geskiedenis, met die wederkoms van Christus, wanneer die koninkryk aan Hom gegee sal word.

> *Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.* 1 Korinthiërs 15:24.

## VERWYSINGS

[1] Ahmed Deedat, 1983, *Christ in Islam*, The Islamic Propagation Centre, Durban.
[2] Josh McDowell, 1972, *Evidence that demands a Verdict*, Campus Crusade International, Arrowhead Springs.
[3] Translated from Coniectura in Opera, p. 934.
[4] Leathes, Rev. Stanley DD, *Old Testament Prophesy*, pp. 219, 220.
[5] Tanner, Rev. Joseph BA, *Daniel and the Revelation*, p. 38.

# 2

# ’N ADVOKAAT VIR ONS TYD

Die Nuwe Testament leer dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons die ewige lewe deur Hom deelagtig kan word.

> *Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte.* 1 Korinthiërs 15:3.

> *... sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Johannes 3:15.

Na watter geskrifte het Paulus verwys toe hy gesê het dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die geskrifte? Uiteraard het Hy verwys na die Ou Testament wat voorspel het dat Jesus sou sterf vir die sondes van die mensdom. Jesaja stel duidelik die smarte en lyding wat die Messias sou moes deurmaak om vir ons sondes versoening te bewerkstellig.

> *Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur*

> *God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.* Jesaja 53:3-6.

Wat is sonde en waarom het dit die lewe van die Seun van God gekos? Die Bybel het slegs een omskrywing vir sonde en dis te vinde in 1 Johannes 3:4.

> *Sonde is immers oortreding van die wet van God.* 1 Johannes 3:4 (ANV).

Sonde is die oortreding van die wet van God. Boonop vereis sonde straf en die straf vir sonde is die dood, maar in en deur Christus is daardie straf reeds betaal en kan ons die ewige lewe verkry.

> *Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.* Romeine 6:23.

Sonde veroorsaak verwydering tussen ons en God, en skeiding tussen ons en God beteken ons is verwyder van die Bron van die lewe, want God is die Begin en die Handhawer van die lewe.

> *... maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.* Jesaja 59:2.

Aangesien die hele mensdom die wet van God oortree het, het die hele mensdom 'n behoefte aan 'n Verlosser.

> *... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.* Romeine 3:23.

As redding ’n geskenk is, dan is verlossing deur genade, en my eie werke kan my nie red nie.

> *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God.*
> Efésiërs 2:8.

> *En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.”*
> Romeine 11:6.

Wonderlike nuus – ons word deur die genade van God gered deur die geloof in die Seun van God. Bevry dit ons van gehoorsaamheid aan God se wet, óf kraak dit die wet van God af?

> *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.*
> Romeine 3:31.

> *Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?* Romeine 6:14-16.

> *Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.* Romeine 7:12.

Eenvoudig gestel, sonde (die oortreding van God se wet) lei tot die dood (en hier praat ons nie van fisiese dood nie, maar die ewige dood). Maar genade verwyder nie die vereiste om God se wet te onderhou nie; inteendeel, dit bevestig eerder die wet. Die wet kan my nie red nie, maar dit kan my waarsku deur vir my te sê wat sonde is.

> *... aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.* Romeine 3:20.

Dit is deur genade dat ons gered, van sonde verlos, geregverdig, vernieu en geheilig word. Genade herstel die gebroke verhouding met God, maar die wet leer ons wat sonde is sodat ons dit deur die genade van God kan vermy. 'n Ware bekering sal die hart met dankbaarheid vul en die vernieude persoon sal weer eens in harmonie met die wet van God wil leef. Jesus het gesê:

> *As julle My liefhet, bewaar my gebooie.* Johannes 14:15.

> *As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.* Johannes 15:10.

> *Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.* 1 Johannes 5:3.

In Johannes 8 lees ons die verhaal van Maria Magdalena wat op heterdaad betrap was toe sy egbreuk gepleeg het. Sy het voor Jesus gestaan, deur die wet ter dood veroordeel.

> *En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreek betrap was, na Hom gebring. En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreek betrap; en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?* Johannes 8:3-5.

Die wet kon haar nie red nie, maar Jesus kon. Nie ‘n enkele een van haar beskuldigers was sondeloos nie en hulle het almal tekort geskiet aan die heerlikheid van God. Deur hul eie ongeregtigheid aangekla, het hulle een vir een die teenwoordigheid van Jesus verlaat en die bewende, skuldige, maar belydende Maria agtergelaat. Jesus het na haar toe gedraai en gesê:

> *En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel*

> *nie? En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.* Johannes 8:10-11.

Die veroordeelde sondares is vergewe en onder die genade geplaas: “*Ek veroordeel jou ook nie*,” maar sy was verplig om van daardie oomblik af die wet te onderhou: “*Gaan heen en sondig nie meer nie.”* Om deur genade gered te wees, vrywaar geen mens van die verpligting van gehoorsaamheid aan God se wet nie. Genade verwyder slegs die veroordeling van die wet, maar dit skaf nie die wet af nie.

> *Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.* Romeine 8:1.

Het u al ooit gewonder wat mense omtrent hul sondes gedoen het voordat die Seun van God op Golgota gekruisig is? Verlossing is gesentreerd in die kruis van Christus. Versoening vir ons sondes is deur middel van Christus se offer op Golgota. Hoe was versoening vir sondes in die Ou Testamentiese tye bewerkstellig? Was die verlossing van die mense van daardie tyd op ’n ander sisteem gebaseer, deurdat hulle onder die wet was en ons nou onder genade is? Dit glo diegene wat in die dispensasieleer glo, maar, soos ons gesien het, word almal verplig om God se wet te onderhou. Daarom moes verlossing vir diegene wat voor Christus geleef het ook deur middel van genade gewees het. Trouens, genade het van die begin af reeds bestaan.

> *Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE.* Génesis 6:8.

In 2 Petrus 2:5 word Noag ’n prediker van geregtigheid genoem, en geregtigheid is deur geloof in Jesus. Die Nuwe Testament maak dit baie duidelik dat alle verlossing deur Jesus Christus is. Daarom is Christus ook die Verlosser vir diegene wat voor die kruisiging geleef het, en die sterwe van die beloofde Messias was deur die offerandestelsel van die Ou Testament voorafgeskadu. Die evangelie is dus in die vorm van tipologie voorgestel, ’n voorstelling deur tipes en skaduwees van die verlossingsplan. Die offerlam van die Joodse stelsel het die Lam van God verteenwoordig wat die sonde van die wêreld wegneem. Dit verteenwoordig die belofte van die verwagte Messias wat sou wegdoen met die rekord van ons sondes deur middel van Sy offer en die ewige lewe in en deur Homself aan die boetvaardige sondaar sou skenk.

Die onskuldige wat die prys vir die skuldige betaal, word voorafgeskadu deur die offerstelsel van die Joodse heiligdom. Die bloed wat deur die lam gestort is, stel die bloed voor wat Christus sou stort. Paulus skryf, "*Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.*" Hebreërs 9:22.

Die Bybel leer dat daar verlossing deur Jesus is vanaf die sondeval tot en met Sy wederkoms. Adam en Eva was deur die bloed van die lam gered. Toe sonde die heilige paartjie se mantel van geregtigheid weggeneem en hul naak gelaat het, het God hul naaktheid met velklere bedek wat die mantel van geregtigheid voorstel wat Christus beskikbaar maak vir elke sondaar. Waar het die velle vandaan gekom? Die velklere moes van die eerste offerdiere kom wat geslag is om die Lam van God voor te stel wat vir hulle geslag sou word. Aangesien God hulle self geklee het met die velklere wat die belofte van herstelde geregtigheid voorstel, moes Hy aan hulle hierdie weg na verlossing verduidelik – die Messias wat sou kom om die prys van sonde te betaal, sodat hulle die ewige lewe kon beërwe.

> *En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.* Génesis 3:21.

Die verskil tussen vertroue op ons eie meriete vir verlossing en dié van die Messias wat sou kom, word in die verhaal van Kaïn en Abel gedemonstreer. Beide van hulle het offeraltare opgerig. Kaïn het 'n offer van slegs die opbrengs van die grond gebring, die vrug van sy hande-arbeid, wat nie God se goedkeuring weggedra het nie omdat Kaïn, deur slegs hierdie offer te bring, gewys het dat hy sy verlossing deur middel van sy eie werke wou bewerkstellig en nie deur die voorgeskrewe offer van 'n lam tot saligheid nie. Maar *"sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie,"* en verlossing is buite die mens, alleenlik in Christus te vinde. Abel se offer daarenteen, was wel 'n bloedoffer.

> *En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En die HERE het Abel en sy offer in genade aangesien.* Génesis 4:4.

Abel se offer is aangeneem aangesien sy offer op die komende Verlosser gedui het. Abel het dus begryp dat verlossing slegs verkry kan word deur geloof in die bloed van die Lam en sy getuienis staan steeds vandag.

> *Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes*

> *getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.* Hebreërs 11:4.

Abraham het die offerlam geslag, so ook al die patriarge. Deur die geskiedenis heen was die enigste weg tot verlossing deur die bloed van die lam en nooit deur werke nie. Toe die opdrag aan Abraham gegee is om sy seun Isak te offer, was dit ’n uitbeelding van die verlossingsplan – ’n teater in die kleine wat aan die wêreld God se metode om met sonde af te reken, getoon het. Die oomblik toe Isak geoffer sou word, het God die offerdier self voorsien – ’n voorspelling in tipe dat God Sy eniggebore Seun sou gee, net soos Abraham bereid was om sy eie seun te gee.

Abraham se bereidwilligheid om aan God se opdragte gehoorsaam te wees, toon ’n geloof wat berge kan versit. Hy het geweet dat God belowe het dat verlossing deur sy (Abraham) en Isak sy seun se saad sou kom. God het aan Abraham belowe dat sy nageslag deur Isak gebore sal word (Génesis 21:12). Hy het God vertrou en geglo dat selfs al sou hy vir Isak offer, sou God vir Isak uit die dood opwek ten einde Sy belofte aan Abraham na te kom (Hebreërs 11:17-19). Abraham het geweet dat God nooit sou lieg nie. Volgens Génesis 22:5 sê Abraham aan sy metgeselle:

> *Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom **ons** terug na julle toe.* Génesis 22:5 (ANV). (Klem bygevoeg.)

Het ons sulke onwrikbare geloof in die Woord van God? Geen wonder dat die Bybel volgens Galasiërs 3:9 sê dat die evangelie aan Abraham verkondig was nie. Geen wonder dat Christus na Abraham se geloof verwys het toe Hy sê:

> *Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly.* Johannes 8:56.

Dit was op die Berg Moria dat Abraham bereid was om sy geliefde seun te offer. Dit was op Berg Moria waar Salomo die tempel gebou het en waar die brandofferaltaar gestaan het. En dit was aan die noorde kant van die Berg Moria, by die plek wat Golgota genoem word, waar die Seun van God Sy lewe afgelê het.

Abraham is deur sy geloof in die Seun van God gered, maar dit het hom nie kwytgeskeld van die onderhouding van God se wet nie.

> *... omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het.* Génesis 26:5.

Die tempel, en voor dit die heiligdom, is die beste studiegids oor die verlossingsplan wat nog ooit aan die mens gegee is. Die lesse vervat in die simboliek en seremonies daarvan lei ons na ’n beter begrip van die verborgenheid van die verlossingsplan. Dáár, in tipes en skaduwees, leer ons van die rol van Christus, Sy aardse missie as die Lam van God, Sy rol as Hoëpriester en Advokaat vir die kinders van God, asook Sy rol as Regter en Koning. In die heiligdom word die groot waarhede van regverdiging deur geloof, heiliging en verheerliking ontvou. In die heiligdom leer ons meer van Jesus, Sy karakter, Sy hemelse regeringstelsel, asook van Sy hoop en doelwitte vir God se kinders. Wat ’n jammerte dat sommige die Ou Testament verwerp as van geen nut vir die hedendaagse mens en verkondig dat dit aan die ou dispensasie behoort sonder enige toepaslikheid vir diegene wat ná die kruis lewe. En tog sê die Nuwe Testament:

> *Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.* Romeine 15:4.

> *Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ’n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.* 1 Korinthiërs 10:11.

Indien ons die Ou Testament verwaarloos, gaan soveel van die seëninge verlore, asook die waarskuwings wat ons kon gehad het, indien ons maar ag geslaan het op die woorde van Paulus. Jesus self het getuig dat die Ou Testament van Hom getuig.

> *Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.* Johannes 5:39.

Jesus het nie na die aarde gekom om die Ou Testamentiese geskrifte te ontbind nie, maar om dit te volbring. Die eerste vyf boeke van die Bybel, die Tora, is deur Moses geskryf en dien as getuienis van die verlossingsplan.

Die profetiese boeke is geskryf om die kinders van God te herinner aan dié waarhede en om aan hulle hul plig teenoor God te ontvou. Die Psalms stel op sigself 'n miniatuur Bybel voor; hulle bevat die geskiedenis van God se volk. Hulle is profeties van aard en bevat ook liedere tot eer en verheerliking van God. Die Nuwe Testament is inderwaarheid die vervulling van alles wat in die Ou Testament vervat is. Jesus sê:

> *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.* Matthëüs 5:17-18.

Die Pentateug, of die eerste vyf boeke van Moses, openbaar aspekte van die Messias net soos die vier evangelies verskillende aspekte van Christus openbaar.

Génesis – Boek van oorspronge, die sondeval en die belofte van verlossing, Christus die Skepper, en die Beloofde Verlosser:
Exodus – Christus ons Heiligdom
Levitikus – Christus ons Offerande
Númeri – Christus ons Gids
Deuteronómium – Christus ons Vergoeding
Matthéüs – Christus die Koning
Markus – Christus die Dienskneg
Lukas – Christus die Man
Johannes – Christus die Goddelike

## Die Heiligdom

Op Berg Sinaï het Moses die wet van God sowel as die presiese instruksies aangaande die offerstelsel ontvang wat die basis van die godsdienstige seremonies van die Israeliete sou vorm. Beide stelle instruksies was **die wet** genoem, maar hulle het verskil in die opsig dat die Tien Gebooie sonde gedefinieer het, en die Seremoniële Wet het die oplossing tot die sonde probleem bevat. Die wet van Tien Gebooie was deur God geskryf en die seremoniële wet was deur Moses geskryf in 'n boek genaamd Die Boek van die Wet.

## *Die Wet van Tien Gebooie*

> *En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinaï, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God.* Exodus 31:18.

> *En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer.* Exodus 32:16.

Toe Moses teruggekeer het van sy gemeenskap met God op Berg Sinaï, vind hy dat die Israeliete vir hulle 'n goue kalf gemaak het en hy het die twee kliptafels stukkend gegooi. God het hom toe opdrag gegee om twee nuwe tafels uit klip te kap en God sou weereens die Tien Gebooie op dié tafels skryf. Bowendien, hierdie twee kliptafels moes binne-in die ark geplaas word wat God Moses beveel het om te maak.

> *In dié tyd het die HERE vir my gesê: Kap vir jou twee kliptafels soos die eerstes en klim op die berg na My toe; maak vir jou ook 'n ark van hout. En Ek sal op die tafels skrywe die woorde wat op die eerste tafels was, wat jy verbrysel het; en jy moet dit in die ark sit.* Deuteronómium 10:1-2.

Toe Moses die eerste twee kliptafels breek, het dit die verbreking van die wet deur God se volk gesimboliseer toe hulle die goue kalf aanbid het. Die wet het nie as gevolg daarvan verander nie; God het weer die wet op die twee kliptafels wat Moses gekap het, geskryf – dit simboliseer dat ons medewerkers saam met God moet wees in die onderhouding van Sy wet. Net in Sy krag kan ons die wet onderhou, maar ons moet in hierdie verband met God saamwerk.

## *Die Seremoniële Wet*

Hierdie wet van tipes en seremonies is deur Moses in 'n boek geskryf – die Boek van die Wet – en moes langs die ark geplaas word.





*Diagram 2.1 – Twee vertrekke en voorhof van die Heiligdom met meublement in die vorm van die kruis.*

> *En toe Moses die woorde van hierdie wet klaar in 'n boek geskryf het tot die einde toe, het Moses aan die Leviete wat die verbondsark van die HERE gedra het, bevel gegee en gesê: Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die* ***kant*** *van die verbondsark van die HERE julle God, dat dit daar* ***as getuie teen jou kan wees****.*
> Deuteronómium 31:24-26. (Klem bygevoeg.)

Hierdie twee stelle wette – die een moreel en die ander seremonieël – was dus heeltemal verskillend en het verskillende doele gedien. (sien Diagram 2.3).

1. Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
   *Matt. 4:10; Open. 19:10.*
2. My kinders, bewaar julleself van die afgode.
   *1 Joh. 5:21; Hand. 17:29.*
3. ... sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie.
   *1 Tim. 6:1.*
4. Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat.
   *Markus 2: 27-28.*
5. ... eer jou vader en moeder ...
   *Matt. 19:19; Efes. 6: 1-3.*
6. Jy mag nie doodslaan nie.
   *Rom. 13:9; Jak. 2:11.*
7. ... jy mag nie egbreek nie.
   *Matt. 19:18.*
8. ... jy mag nie steel nie ...
   *Rom. 13:9; Efes. 4:20.*
9. ... jy mag geen valse getuienis gee nie.
   *Rom. 13:9.*
10. Jy mag nie begeer nie.
    *Rom. 7:7.*

*Diagram 2.2*

Christus het gekom om die vereistes van die seremoniële wet te vervul deur die Lam te word wat geslag is vir die sondes van die wêreld. Hy vervul ook die vereistes van die wet van die Tien Gebooie deur volkome aan die bepalings daarvan gehoorsaam te wees. Ná die kruisiging is die wet van seremonies afgeskaf want dit het die kruis voorafgeskadu, maar die wet van Tien Gebooie het nie verander nie, nog minder is dit afgeskaf toe Christus gesterf het. Dieselfde wet is vandag steeds in die Nuwe Testament te vind (sien Diagram 2.2 hierbo).

## *Die Diens in die Heiligdom*

Hoe het die seremoniële wet die bediening van Christus voorafgeskadu? Die Heiligdom voorsien die antwoorde. Moses moes die tabernakel oprig presies volgens die plan wat God aan hom getoon het op die berg.

> *Ook moet hulle vir My ’n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.* Exodus 25:8.

> *... soos Moses ’n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.* Hebreërs 8:5.

Die aardse heiligdom en die volledige diens wat daarmee gepaard gaan, weerspieël die bediening van Jesus ter wille van ons. Dis ook ’n kopie of ’n nabootsing in die kleine van die veel groter bediening van Christus in die Hemelse Heiligdom waarvan die aardse heiligdom maar “…. *‘n beeld met die oog op die teenwoordige tyd... ”* was (Hebreërs 9:9). Die aardse was ’n voorbeeld van die hemelse.

> *... hulle wat ’n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses ’n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.* Hebreërs 8:5.

Christus het die hemelse heiligdom, wat nie deur ’n man opgerig is nie, na Sy opstanding en hemelvaart, betree.

> *Want Christus het nie ingegaan in ’n heiligdom met hande gemaak, ’n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn.* Hebreërs 9:24.

## KONTRAS TUSSEN DIE MORELE EN SEREMONIËLE WETTE

| ***MORELE WET*** | ***SEREMONIËLE WET*** |
|---|---|
| Koninklike wet van Vryheid genoem<br>*Jakobus 2:8,12.* | Genoem wet … met sy insettinge<br>*Efesiërs 2:15 / Kolossense 2:14; Heb. 9:10.* |
| Deur God self gespreek<br>*Deuteronómium 4:12.* | Deur Moses tot die volk gespreek<br>*Levitikus 1:1-3; Exodus 24:3.* |
| Beskrywe met die vinger van God<br>*Exodus 31:18, 32:16.* | Geskryf deur Moses in die Wetboek<br>*Deuteronómium 31:9, 24.* |
| In die Ark Geplaas<br>*1 Konings 8:9; Deut 10:1-5; Hebreërs 9:4*<br>*Exodus 40:20.* | Aan die Kant van Ark Geplaas<br>*Deuteronómium 31:24-26.* |
| Voor sonde was die wet<br>*1 Johannes 3:4, 8; Romeine 4:15; 5:13.* | Gegee na sonde ingetree het<br>*Hebreërs 5:1; 8:4.* |
| Doel om sonde te openbaar<br>Gee die kennis van sonde<br>*Romeine 3:20; 7:7.* | Doel – om herstel van sonde te wys<br>Gegee as gevolg van sonde<br>*Galasiërs 3:19; Lev. 6:1,6,7; John 1:29.* |
| Ewigdurend – Deur Evangelie Vasgelê<br>*Psalm 111:7, 8; Matthéüs 5:18; Romeine 3:31.* | Afgeskaf by die Kruis – Tydelik<br>*Kolossense 2:14-17.* |
| Sy gebooie is nie Swaar nie<br>*1 Johannes 5:3.* | Die mens vyandig gesind<br>*Kolossense 2:14-17.* |
| Oordeel alle Mense<br>*Jakobus 2:10-12.* | Oordeel Niemand nie<br>*Kolossense 2:14-17.* |
| Geestelik van Aard<br>*Romeine 7:14.* | Vleeslik van Aard<br>*Hebreërs 9:10.* |
| “Volmaak”, “Heilig”, “Regverdig en goed”<br>*Deut. 5:22; Psalm 19:8; Romeine 7:12.* | Onderworpe aan verandering, ”niks volkome gemaak nie”.<br>*Hebreërs 7:12, 18, 19.* |

*Diagram 2.3*

Die prys vir sonde is aan die kruis betaal. Geregtigheid het geskied, maar die bediening van Christus het nie dáár geëindig nie. Sonde bestaan steeds en sondaars het nog steeds toegang tot God deur Christus. Ons dien 'n verrese Heiland wat ons Hoëpriester, ons Advokaat, ons Regter en ons Koning is wat namens ons in die heiligdom daarbo intree.

> *... Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, 'n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie.* Hebreërs 8:1-2.

In die Ou Testamentiese tye was die verdediging van 'n beskuldigde van so 'n belangrike aard dat die regter geweier het om die taak aan 'n prokureur te delegeer. Hy het self as verdediger van die beskuldigde opgetree. Die *"Jewish Encyclopaedia"* verduidelik: "Prokureurs is onbekend in die Joodse regstelsel. Hul regstelsel vereis dat regters "na die kant van die beskuldigde toe moet neig en aan hom die voordeel van elke moontlike twyfel toelaat." Wat 'n stelsel! God self verdedig die beskuldigde en tree ook as regter in die saak op. Maar wie is die aanklaer? Openbaring 12:10 verwys na die duiwel as die aanklaer wat die mens dag en nag voor God aankla. Die duiwel hou ook 'n rekord van sonde en sy beskuldigings is pynlik akkuraat. Hoe kan ons hierdie beskuldigings dan te bowe kom?

> *En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.* Openbaring 12:11.

Wanneer ons die feit aanvaar dat Jesus in ons plek gesterf het, dan vind God die getuienis wat Hy benodig om ons vry te spreek. Waar pas die advokaat dan in die prentjie? In sekere omstandighede het die Joodse regter 'n advokaat aangestel om hom by te staan met die verdediging van die beskuldigde. Die *"Jewish Encyclopaedia"* sê dat 'n eggenoot sy vrou kon verteenwoordig ten einde die regter by te staan indien die uitspraak sy persoonlike belange geraak het. Hier het ons 'n pragtige parallel met die hemelse oordeel. Christus, die Bruidegom, het Sy kinders, Sy bruid, met Sy bloed gekoop. Hy dien as ons Advokaat wat deur die hof aangestel is om die Vader by te staan in Sy verdediging teen die aanklagte van die Satan en Hy verdedig ook Sy eie reg om aan ons verlossing te skenk en om ons

uiteindelik saam met Hom hemel toe te neem. Ons ewige verlossing hang nie af van hoe hopeloos ons is nie, maar van hoe voldoende Jesus se redding van die sondaar is.

> *My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.* 1 Johannes 2:1.

Wanneer die genadedeur sluit, sal Christus Sy middelaarsbediening staak, Sy koninklike kleed aantrek en na die aarde toe terugkeer as Koning van die konings om Sy bruid te ontmoet. In Daniël hoofstuk 7 word die groot oordeelstoneel beskryf wat plaasvind net vóór Christus se tweede koms waar Hy Sy koningskap ontvang. Vir Jesus om as Koning te kon kwalifiseer, moes Hy eers 'n Priester word en voordat Jesus 'n Priester kon word, moes Hy eers die Lam word wat vir die sonde van die wêreld geslag is:

> *Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.* Daniël 7:13-14.

Die hooftema van die boek Daniël is Jesus Christus, die Gekruisigde Lam, die Verrese Hoëpriester en die Komende Koning. Die goeie nuus is dat die oordeel ten gunste sal wees van diegene wat hulle met berouvolle hart tot Christus gekeer het, en wat by Hom pleit vir vergifnis vir hul sondes en 'n vernieude hart wat in harmonie met God leef.

> *... totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het.* Daniël 7:22.

## *Die Konstruksie van die Aardse Heiligdom*

Hebreërs 4:2, 6 leer dat die evangelie aan Israel verkondig is, maar dat hulle weens hulle ongeloof nie daarby baat gevind het nie. Die evangelie is aan hulle verkondig by wyse van die heiligdomdiens. Geen wonder die Psalmis skryf:

> *“Thy way, O God, is in the sanctuary.”*
> Psalms 77:13. KJV

[Die *King James Version* word aangehaal omdat die Afrikaans heeltemal verskil.]

> *“o God, u weg is in heiligheid.”*
> Psalm 77:13 (77:14). OAB

Die tabernakel self was tussen die mense (Númeri 1:51-53; 2:1-2, ANV), net soos Jesus tussen Sy mense kom woon het (Johannes 1:14).

Die heiligdom het bestaan uit ’n buitemuur van wit linne met een ingang (die deur) wat na die voorhof gelei het, wat ’n voorstelling van die aarde was. In die boek Openbaring lees ons dat die wit linne die geregtigheid van die heiliges verteenwoordig (Openbaring 19:8). Aangesien alle geregtigheid toegerekende geregtigheid is, stel die wit linne dan eintlik die geregtigheid van Christus voor. Wanneer ’n mens die voorhof binnekom, is die eerste item wat jy teekom, die brandofferaltaar waarop die offerlam geslag en verbrand is. Dit verteenwoordig die kruis van Golgota. Daar was ook die waskom wat met water gevul was vir die seremoniële was. Dit verteenwoordig die bad van die wedergeboorte.

Binne die heiligdom was daar twee vertrekke – die Heilige plek en die Allerheiligste Plek. Die deur het toelating tot die Heilige plek verleen en die voorhangsel het die Heilige plek van die Allerheiligste geskei (Exodus 26:33). Die meublement in die Heilige plek het bestaan uit die sewe-tak kandelaar, die tafel met toonbrode en die goue wierookaltaar. In die tweede vertrek, die Allerheiligste plek, was daar slegs een meubelstuk, die Verbondsark. Dit was ’n pragtige kis wat met suiwer goud bedek was. Aan beide kante was ’n goue engel, ‘n gérub wat beskut. In hierdie ark was die heiligste dokument wat God nog ooit aan die mensdom gegee het – die Tien Gebooie. Al die meublement van die heiligdom was in die vorm van ’n kruis gerangskik, ‘n voorstelling van die wyse waarop Jesus sou sterf.

## *Die Voorhof*

Die voorhof verteenwoordig die aarde. Dit is hier waar Christus vir die sonde van die wêreld geslag is. Wanneer ons met die ingang binnegaan, dan gaan ons binne deur Christus wat die deur tot verlossing is en ons word dan onmiddellik gekonfronteer deur die brandofferaltaar waar die offerlam geslag was, en dit stel Golgota voor. Die pilare in die heiligdom stel die verlostes voor (Openbaring 3:10) en die silwer voetstukke was gemaak uit die versoeningsgeld (’n halfsikkel), dieselfde bedrag vir beide die rykes sowel as die armes (Exodus 30:11-16). In Matthéüs 17:24-27 lees ons dat Christus hierdie versoeningsgeld vir twee persone betaal het, dus in tipe is dit Hy wat die prys vir ons sondes betaal het. Die wit linne wat die voorhof omring het, stel die geregtigheid van Christus voor wat ons bedek wanneer ons ingaan by die ingang om deur Hom geregverdig te word.

## *Die Brandofferaltaar*

Die brandofferaltaar stel Christus se offerdood voor. Dit was uit akasiahout gemaak (wat Christus se menslikheid voorstel omdat ons menslikheid hout, strooi of stoppels genoem word), bedek met brons (’n voorstelling van oorwinning deur lyding). Die traliewerk waarop die offer verbrand was, was een en ’n half el hoog wat dieselfde hoogte is as die versoendeksel van die Verbondsark. God se geregtigheid is so hoog soos Sy genade. Die brandofferaltaar het vier horings gehad waaraan die offerlam vasgebind was, ’n voorstelling van hoe ons aan Christus se krag gebind is.

## *Die Waskom*

Die waskom stel die bad van die wedergeboorte voor. Die waskom was geheel en al gemaak uit die brons spieëls van die vrouens. Om afstand te doen van die spieëls, is ’n voorstelling daarvan dat ons afstand doen van die wêreld en ons eie ydelheid inruil vir die geregtigheid van Christus. God se wet is ook die spieël (Jakobus 1:23, 25) waarin ons die weerkaatsing van Sy geregtigheid sien. Die waskom leer ons dat Christus ons nie net vergewe nie (die brandofferaltaar), maar dat Hy ons ook reinig van alle ongeregtigheid.

## *Die Heilige en die Allerheiligste Plek*

Die deur het toegang tot die Heilige plek verleen en die voorhangsel, tot die Allerheiligste plek. Die ingang, die deur en die voorhangsel is ’n voorstelling van die betreding van die drie aspekte van Christus se bediening. Al drie hierdie ingange het bestaan uit luukse geweefde tapisseries van wit (reinheid, Openbaring 19:8), skarlakenrooi (offerande, Openbaring 19:13), pers (ANV) purper (OAB) (koningskap, Johannes 19:2-3;) en blou (Numeri 15:37-40; OAB) garing wat die karakter en koningskap van Christus voorstel. Die oortreksels van die Heilige en die Allerheiligste plekke (van die buite- na die binnekant) het bestaan uit robbevelle (Christus se menslikheid wat Sy heerlikheid bedek), rooi gekleurde ramsvelle (Christus as offerande), wit bokhaar (Sy reinheid) en die binneste oftewel koninklike dekkleed gemaak uit dieselfde stof as dié van die ingang, deur en voorhangsel. Hierdie oortreksels verteenwoordig dus Christus as die nederige Heiland, die offer Heiland, die sondelose Heiland en die verhewe Heiland. Hy het gekom om die wêreld los te koop; die syfer vier stel die wêreld voor, en daarom is daar vier pilare vir die voorhangsel, vier dek-lae, vier kleure, en vier bestanddele in die toonbrode.

Iedere en elke detail was insiggewend. Die 48 planke van akasiahout en die 60 pilare (144 000 is ’n veelvoud van beide 48 en 60) wat in die konstruksie gebruik is, het gestaan op silwer voetstukke (wat van die versoeningsgeld gemaak is).

> *Want niemand kan ’n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.* 1 Korinthiërs 3:11.

Die vyf balke wat die struktuur aanmekaar hou (vyf aspekte wat die Christelike kerk in die eenheid van die Gees behou) verteenwoordig:

> *... en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. Dit is een liggaam geloof en een Gees, soos julle ook geroep is in* ***een hoop*** *van julle roeping;* ***een Here, een geloof, een doop, een God*** *en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.* Efésiërs 4:3-6. (Klem bygevoeg).

Die meublement in die Heilige plek – die kandelaar, die wierookaltaar en die tafel met die toonbrode – is almal verteenwoordigend van Christus.

Die kandelaar het die enigste lig in die Heiligdom verskaf en die olie wat gebruik was om dit brandend te hou, was simbolies van die werking van die Heilige Gees (1 Samuel 10:1, 6; 16:13). Jesus sê:

> *Ek is die lig van die wêreld.* Johannes 8:12.

Die tafel met die toonbrode het Jesus, die brood van die lewe, verteenwoordig:

> *Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.* Johannes 6:51.

Die wierookaltaar waarop 'n voortdurende vuur met reukwerk gebrand het (Exodus 30:1, 8) was 'n voorstelling van intree gebed. Die reukwerk het die Heiligdom deurtrek en dit dien as tipe van Christus se middelaarswerk namens ons by die Vader. Die bediening in die Heilige plek stel dus die bediening van heiliging voor, terwyl die bediening in die voorhof regverdiging voorgestel het.

In die Allerheiligste het die Verbondsark gestaan waarin die wet was wat God met Sy vinger geskryf het. Die hele heiligdomdiens was gebaseer op die feit dat die mens die heilige wet van God verbreek het en omdat hy dit verbreek het, was die mens onderhewig aan die dood. Slegs deur die versoening en bemiddeling van Christus kan die mens met God versoen word. In Christus is die genade van God geopenbaar. Dus, bokant die wet was die versoendeksel wat van suiwer goud gemaak is. Die Hebreeuse naam vir die versoendeksel was *"KAPPORETH"* wat beteken om uit te wis, en in Grieks was dit bekend as *"HILASTERION"* wat versoening beteken. Die versoendeksel is 'n simbool van Christus wat ons beskerm teen die nagevolge van 'n wet wat verbreek is.

Aan weerskante van die versoendeksel was gérubs wat met goud beslaan was. Die twee gérubs se gesigte was afwaarts gewend uit eerbied en respek vir God, Sy troon van genade en Sy ewige wet. Bokant die versoendeksel was die lig van God se teenwoordigheid, ook bekend as die *"Shekinah"* (God se heerlikheid). Die wet het bepaal dat die sondaar moes sterf, maar bokant die wet was die versoendeksel wat oorskadu is deur die teenwoordigheid van God. Genade en vergifnis is betoon wanneer die priester die bloed gesprinkel het op die voorhangsel (wat die Heiligdom in twee vertrekke verdeel het), voor die ark. Al hierdie dinge toon aan die mens, in dramatiese simboliek, God se verlossingsplan.

## *Die Offerandestelsel*

Daar was verskeie offerandes wat van die Israeliete vereis was soos vrywillige offers, sondoffers en reinigingsoffers. Nie al die offers wat gebring was, was diere-offers nie, maar oes- en graanoffers is ook ingesluit. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word slegs die bloedoffers in aanmerking geneem.

Eerstens was daar die daaglikse offers van ’n lam wat soggens en saans geoffer is. Dit verteenwoordig Christus met die aanvang van Sy aardse bediening toe Hy die aardse voorhof betree het as sondoffer. Tweedens was daar die wydingsoffer van ’n ram (Exodus 29:22), en hierdie volwasse manlike skaap verteenwoordig Christus aan die einde van Sy aardse bediening. Diens in die Heiligdom kon nie ’n aanvang neem alvorens die ram geoffer en die priester gesalf was nie (Exodus 40:9-15, 29). Op dieselfde wyse kon die bediening van Christus in die hemelse heiligdom nie ’n aanvang neem voordat Hy aan die kruis gesterf het nie.

Die daaglikse priesterlike bediening het by die brandofferaltaar en in die eerste vertrek, of Heilige plek, plaasgevind.

> *“En nadat hierdie dinge so ingerig was, het die priesters wel gedurig in die eerste tabernakel ingegaan om die dienste te vervul.”* Hebreërs 9:6.

Die hoëpriester verteenwoordig ook Christus wat tans vir ons in die hemelse heiligdom intree.

> *Terwyl ons dan ’n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.* Hebreërs 4:14.

> *Ons het so ’n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, ’n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ’n mens nie.* Hebreërs 8:1-2.

> *Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie,*

> *maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.* Hebreërs 9:11-12.

Levitikus 4 beskryf wat daar van 'n sondaar verwag was indien hy gesondig het.

> *En as iemand van die volk van die land in swakheid sondig, omdat hy enigiets doen wat die HERE verbied het, en hy skuldig word; of as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, dan moet hy as sy offer bring 'n bok sonder gebrek, 'n ooi, vir die sonde wat hy gedoen het; en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en die sondoffer slag op die plek van die brandoffer. Dan moet die priester van haar bloed met sy vinger neem en dit aan die horings van die brandofferaltaar stryk; maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgiet; en al die vet moet hy wegneem soos die vet van die dankoffer af weggeneem is, en die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as lieflike geur vir die HERE. So moet die priester dan vir hom versoening doen, en dit sal hom vergewe word.* Levítikus 4:27-31.

Die ritueel om belydenis oor die kop van die dier uit te spreek, was op sigself nie doeltreffend nie. Die sondaar moes in geloof vorentoe kyk na die koms van Christus as versoening vir sy sonde en hy moes ware berou hê en hom daarvan wegkeer. Die *"Jewish Encyclopaedia"* stel dit as volg:

> *Die plasing van die hande op die slagoffer se kop is 'n gewone ritueel waardeur die plaasvervanging en oordrag van sonde teweeggebring word. In elke offerande is daar die idee van plaasvervanging; die slagoffer neem die plek van die menslike sondaar.*

Deur die vergieting van die onskuldige bloed van die slagoffer is die sondaar herinner aan die onskuld van Christus wat sou kom. Die lam moes ook 'n lam sonder gebrek wees net soos Christus sonder enige skuld was, en die vergieting van onskuldige bloed moes 'n voortdurende aanmaning wees van die prys verbonde aan sonde.

> *Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.* Jesaja 53:5.

> *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.* 1 Johannes 1:9.

Nadat die bloed van die dier vergiet was, het die hoëpriester van hierdie bloed in die Heilige plek (eerste vertrek) ingedra en met sy vinger daarvan aan die horings van die wierookaltaar gesmeer. Soms was dit gesprinkel voor die voorhangsel waaragter die Verbondsark was wat die wet bevat het wat deur die sondaar oortree is. Die sonde is dus in tipe of simbool oorgedra van die boetvaardige sondaar na die heiligdom. Die boetvaardige sondaar het dan weggegaan, geregverdig en vergewe van sy sonde, maar deur die oordrag van die bloed is daar ’n rekord van sy vergewe sonde in die Heiligdom opgeteken.

Wat gebeur met hierdie rekord van die sonde? In Daniël 8 vind ons goeie nuus. God gaan die rekord van die sondes wat bely is, vernietig. Geen spoor daarvan sal in die hiernamaals te vinde wees nie. God se vergifnis is so volkome dat niemand die ewigheid sal deurbring as vergewe sondaars nie. Inteendeel, die vergewe sondaar sal behandel word asof hy of sy nog nooit gesondig het nie.

> *So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.* Psalm 103:12.

> *Want kyk, Ek skep nuwe hemele en ’n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.* Jesaja 65:17.

## *Christus ons Hoëpriester in die Hemelse Heiligdom*

Christus self was nie net die soenoffer nie, maar Hy was ook die Hoëpriester wat Homself as offerande aangebied het. Die boek Hebreërs stel dit heel duidelik:

*Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, 'n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie... Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.* Hebreërs 8:1-2, 6.

Hierdie teksverse wys dat Christus die hemel binne gegaan het, in die ware hemelse heiligdom of tabernakel, om vir ons as Middelaar en Hoëpriester op te tree. Méér nog, daar is slegs een Middelaar en dit is Jesus:

*Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.* 1 Timótheüs 2:5.

*... en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.* 1 Johannes 2:1.

Ulrich Zwingli (1481-1531) het die volgende getuienis gelewer aangaande sy geloof:

*Christus, die ewige Hoëpriester, is die enigste Middelaar tussen die mens en God. Ja, Christus, die enigste Middelaar, wat die voordele van Sy offer skenk aan almal wat in Hom glo.*

Die boek Openbaring lig die sluier en gee aan die mens 'n blik van Christus in die hemel as ons Middelaar – ons Hoëpriester:

*Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.* Openbaring 1:12-13.

*En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan*

> *hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.*
> Openbaring 8:3-4.

> *En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.* Openbaring 11:19.

Die boek Openbaring onthul die Seun van God in die hemel in Sy Hoëpriesterlike gewaad, waar Hy tussen die kandelaars besig is met Sy bediening. Ons sien die wierookaltaar en die intree gebede van die heiliges opstyg voor God. Ons let op die heilige Verbondsark in die Hemelse Tempel. Wat ’n wonderlike gedagte om te weet dat Christus daar in die hemel met Sy bediening besig is en dat Hy pleit dat Sy bloed genoegsaam is vir ons verlossing. In sy skrywe van sy liefde en bewondering vir die Verlosser van die mens, sê Martin Luther:

> *In Sy lewe, is Christus ’n voorbeeld wat ons wys hoe om te lewe; in Sy dood, is Hy ’n offerande, voldoende vir ons sondes; in Sy opstanding, ’n oorwinnaar; in Sy hemelvaart, ’n koning; in Sy bemiddeling, ’n Hoëpriester.*[1]

Die aardse hoëpriester wat in die heiligdom diens gedoen het, kon nie ook dien as lam nie, maar Christus kon wel. Ons leer baie aangaande die funksie van ons hemelse Hoëpriester deur die aardse patroon te bestudeer. Die kledingstukke van die priester het bestaan uit ’n soomlose wit onderkleed van suiwer linne wat die weergalose geregtigheid van Christus verteenwoordig en die skouerkleed van die priester assosieer hom met die ingang, die deur en die voorhangsel, sowel as die binneste tentseil van die heiligdom, almal simbole van Christus.

Op die borstas van oordeel was kosbare stene waarop die twaalf stamme van Israel gegraveer was en hierdie borstas is met goud aan die hoëpriester vasgemaak. Christus verbind Sy kinders aanmekaar en verbind hulle aan Homself met goue koorde. Wat ’n gedagte! Ons dien ’n barmhartige Verlosser wat ons naby Sy hart hou terwyl Hy vir ons intree.

## *Die Versoendag*

Die hoogtepunt van die heiligdomdiens was die jaarlikse fees van die Versoendag (Levitikus 23:27-29; 16:4-22). Die Versoendag was 'n plegtige fees en het die reiniging van die rekord van Israel se sondes uit die heiligdom uitgebeeld. Ná die reiniging van die heiligdom was daar geen rekord meer van sondes wat vergewe is nie en die voormalige sondaar het voor God gestaan asof hy nooit gesondig het nie. Die aardse reiniging van die heiligdom was 'n voorstelling van die reiniging van die hemelse heiligdom waar al die sondes wat deur die eeue heen deur God se kinders gepleeg is, uitgedelg sal wees. Laat ons eers die reiniging van die aardse heiligdom beskou:

> *So moet hy dan vir die heiligdom versoening doen vanweë die onreinhede van die kinders van Israel en vanweë hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; so moet hy dit ook doen vir die tent van samekoms wat by hulle te midde van hulle onreinhede woon.* Levítikus 16:16.

Eenmaal per jaar het die hoëpriester die Allerheiligste betree, maar nie alvorens hy versoening gedoen het vir sy eie sondes sowel as dié van die priesterdom nie. Op hierdie dag is twee bokke voor die hoëpriester gebring en die lot was gewerp. Een van die bokke was dan geoffer (die bok vir die HERE) en met die betreding van die Allerheiligste moes die priester wierook brand en die bloed van die offerande voor die Verbondsark sprinkel en op die Versoendeksel aanbring.

> *En hy moet die reukwerk op die vuur lê voor die aangesig van die HERE, dat die wolk van die reukwerk die versoendeksel wat op die Getuienis is, kan oordek, sodat hy nie sterwe nie.* Levítikus 16:13.

> *... hy moet [die bloed] sprinkel op die versoendeksel en voor die versoendeksel.* Levítikus 16:15.

Waarom? Omdat God se wet oortree is. Simbolies het die sprinkeling van die bloed op die Versoendeksel die rekord van sonde deur genade uitgewis. Christus se finale bediening in die hemelse Heiligdom kan alleenlik verstaan word in die lig van die groot Versoendag in die aardse heiligdom. Dis 'n boodskap van onpeilbare hoop wat aan ons duidelik maak dat die rekord van al ons sonde binnekort geheel en al uitgewis sal word.

> *Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie.* Hebreërs 9:23.

Die aardse rekord was gereinig deur die bloed van die HERE se bok, maar die hemelse rekord, deur die bloed van Jesus Christus.

> *So moet hy dan vir die heiligdom versoening doen vanweë die onreinhede van die kinders van Israel en vanweë hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; so moet hy dit ook doen vir die tent van samekoms wat by hulle te midde van hulle onreinhede woon.* Levítikus 16:16.

Soos die hoëpriester die heiligdom verlaat het, het hy die bloed op die goue altaar en die brandofferaltaar geplaas om sodoende vir die hele heiligdom versoening te doen. In tipe is al die opgetekende sondes van Israel vanuit die heiligdom gereinig. Hande was dan weer op die kop van die ander bok, die sondebok, gelê. Dié bok is dan die woestyn ingelei en losgelaat. In tipe is die rekord van sonde oorgeplaas op die sondebok wat Asasél of die duiwel genoem is. Asasél verteenwoordig dus die Satan wat oorspronklik verantwoordelik was vir sonde.

Let daarop dat die sondebok nie gedood is nie. Satan is dus nie die sondedraer in die opsig dat hy versoening vir die sonde doen nie, want sonder die vergieting van bloed is daar geen vergifnis van sondes nie (Hebreërs 9.22). Dit verteenwoordig slegs die oorplasing van skuld vir die sondes na die verantwoordelike party. Jesus is die enigste Een wat ons sondes gedra het en Wat daarvoor versoening bewerkstellig het deur die vergieting van Sy bloed, maar Hy was nie verantwoordelik vir ons sondes nie. Dis ook baie belangrik om daarop te let dat slegs die rekord van sondes wat bely is op die kop van Asasél geplaas word, en daarom is dit noodsaaklik dat ons sondes ons na die heiligdom vooruitgaan. Versoening kan nie bewerkstellig word vir sondes wat nie bely is nie en sondaars wat wetend weier om die geskenk van verlossing te aanvaar, sal die skuld vir hul eie sondes moet dra.

Ons moet in gedagte hou dat die reiniging wat op hierdie dag plaasgevind het ’n tipe is van die anti-tipiese reiniging van die hemelse Heiligdom wat sou begin aan die einde van die profesie van die 2300 aande en môres wat in die vorige hoofstuk bespreek is.

> *En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.* Daniël 8:14.

Die begindatum van hierdie profesie was die uitvaardiging van die dekreet deur Artasásta Longimanus in 457 v.C. om Jerusalem te herbou. Indien ons die 2300 aande en môres by hierdie datum tel, kom ons by 1844 uit. Die reiniging van die hemelse heiligdom het dus in 1844 begin, wat beteken dat Jesus in daardie jaar die Allerheiligste van die hemelse heiligdom betree het om te begin met die bediening van die anti-tipiese Versoendag. Omdat Christus se bediening in die hemelse heiligdom nie kon begin voor die gebeure op Golgota nie, want sonder Sy bloed kon hierdie bediening nie begin nie, volg dit dus dat Hy Sy bediening in die hemelse Heilige plek (die eerste vertrek) na Sy hemelvaart sou begin. Die enigste Bybelse verwysing na die aanvang van die volgende fase van Sy bediening (die reiniging van die heiligdom of die oordeel wat Sy wederkoms voorafgaan) is dít wat in Daniël 8 opgeteken is en dit bring ons by 1844 – die einde van die 2300 aande en môres profesie. Vir ’n meer breedvoerige bespreking rondom die gebeure op hierdie dag, (sien Hoofstuk 14, *’n Klip om jou Hoof op te Rus*).

Die Jode het die Versoendag met die Oordeelsdag geassosieer en die ritueel wat deur die hoëpriester uitgevoer is, het die reiniging van die heiligdom voorgestel – die uitwissing van die rekord van sondes en die finale verlossing van Israel. Dít het vooruit gewys na die tyd van die ondersoekende oordeel wat in die hemel sou plaasvind voor die terugkeer van Christus na die aarde om Sy kinders terug te koop. Voor die terugkeer van Christus moet daar ’n oordeel in die hemel plaasvind, want hoe anders sal Hy weet wie die goddeloses is om hulle van die regverdiges te skei? Hoe sal Hy anders weet wie Sy kinders is as daar nie so ’n oordeel is nie? ’n Jood wat nie aan die seremonie van die Versoendag deelgeneem het nie, is van sy volksgenote afgesny. Dit was ’n dag van verootmoediging (om die hart te ondersoek), ’n oordeelsdag, en dit was van kardinale belang om deel te wees van hierdie dag se gebeure.

> *Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. ’n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE ’n vuuroffer bring. En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is ’n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God. Want elkeen wat hom op*

> *daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word.* Levítikus 23:27-29.

Die woord “uitgeroei” wys na die erns van die Versoendag as ’n oordeelsdag. Vers 30 sê, “*Ook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié siel sal Ek uitroei onder sy volk uit.*” Hulle moes die dag hou soos hulle die Sabbatdag onderhou. Farrar, in sy boek *“The Early Days of Christianity”* op p. 238 skryf:

> *So verskriklik was die Versoendag dat ons in ’n Joodse boek van rituele meegedeel word dat selfs engele heen en weer hardloop en sê: “Waarlik, die oordeelsdag het aangebreek.”*

Aangesien God in die heiligdom slegs te doen het met sondes wat bely is, watter tipe lewens moet ons hier in die tyd van die anti-tipiese Versoendag uitleef? Ons moet die gewoonte aankweek om met God in gemeenskap te verkeer, ons moet God vra vir ’n nederige gees wat gewillig is om oortredings te bely en wat sal hunker na rein harte en verstande. Die oordeel is goeie nuus – daar is niks te vrees indien ons sondes ons vooruitgaan na die heiligdom nie.

> *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.* 1 Johannes 1:9.

> *Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.* Jesaja 1:18.

Die maatstaf vir die oordeel sal dan, net soos nou, dieselfde bly, naamlik, die wet van God.

> *Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.* Jakobus 2:12.

> *Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.* Prediker 12:13-14.

## *Die Jaarlikse Feeste Wys na Jesus*

In die seremoniële wet het die jaarlikse Joodse feeste almal baie belangrike gebeure in die bediening van Jesus verteenwoordig. Die Pasga (Nisan 14) het die kruisiging voorgestel. Die Fees van die Ongesuurde Brood (Nisan 15) stel die liggaam van Christus voor en was 'n simbool van Christus in die graf. Die Fees van die Oes (Nisan 16) stel die opstanding voor. Die Fees van die Weke (Sivan 6) stel Pinkster voor. Let daarop dat die eerste drie feeste die drie dae vanaf Christus se dood tot Sy opstanding voorstel en dit het gedui op Sy bediening met Sy eerste koms na die aarde.

Die daaropvolgende Joodse feeste het gedui op die tweede koms van Christus. Dit was die Dag van Trompette (Tishri 1) wat gedui het op die Tweede Adventbeweging en die aankondiging van die oordeel. Trompette is gebruik as simbool van oordeel (Openbaring 14:6-7; Joël 2:1). Die Versoendag (Tishri 10) het dan die pre-advent verteenwoordig, en die Fees van Tabernakels (Tishri 15) het die huis-toe gaan met die tweede advent verteenwoordig – sien Diagram 2.4.

***Die Pasga,*** die ***Fees van die Ongesuurde Brood,*** en die ***Fees van die Oes*** is op drie opeenvolgende dae gevier, verteenwoordigend van Christus se dood en opstanding.

> *In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pasga van die HERE.*
> Levítikus 23:5.

Paulus som dit alles op deur te sê:

> *... want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.* 1 Korinthiërs 5:7.

Christus se offer het die Pasga vervul en daardeur het Hy ons Pasga geword.

| **Pasga** | **Christus** |
|---|---|
| Lam sonder gebrek – *Ex. 12:5* | Christus sonder smet – *Heb. 9:14* |
| Geen been daarvan breek – *Ex. 12:46* | Geen bene gebreek – *Joh. 19:33, 36* |

> *Daarop het Jesus weer met ’n groot stem geroep en die gees gegee. En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur.* Matthéüs 27:50, 51.

Die voorhangsel wat die Heilige en die Allerheiligste plekke geskei het, was deur ’n Ongesiene Hand van bo na onder geskeur wat daarop wys dat God die Joodse seremoniële sisteem beëindig het. Versoening vir sondes kon nie langer deur middel van die offerstelsel verkry word nie. Tipe en anti-tipe het bymekaargekom, skaduwee het die werklike ontmoet in die liggaam van die Here Jesus Christus.

> *Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!* Johannes 1:29.

Johannes het in Openbaring na Christus verwys as:

> *... die Lam wat geslag is...* Openbaring 13:8.

*Was die wet nie aan die kruis vasgenael nie?*

Paulus skryf:

> *... en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael.* Kolossense 2:14.

Daar was slegs een wet wat *teen ons* was, in die sin dat dit aan ons getoon het dat ons oortreding daarvan die offer van die Seun van God vereis het ten einde geregtigheid te laat geskied, en daardie wet was die seremoniële wet. Deur middel van Sy eie offerande het Jesus die seremoniële wet vervul en dit uitgedelg. Sy offerande het die tipe vervul en voortaan is geen offerandes dus meer nodig nie.

> *Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die kant van die verbondsark van die HERE julle God, dat dit daar as getuie teen jou kan wees.* Deuteronómium 31:26.

Die wet wat teen ons was, was dus nie die morele wet nie, wat binne-in die ark en nie aan die kant daarvan geplaas is nie. Die morele wet was ook nie 'n wet van slawerny nie, maar 'n wet van vryheid (Jakobus 2:8, 12). Christus het, deur Sy dood, die deur vir sondaars oopgemaak sodat hulle die veroordeling van die morele wet, wat die dood was, kon vryspring, maar Hy het nie die morele wet weggeneem nie. (Sien Diagramme 2.2 en 2.3).

> *Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.* Romeine 6:23.

> *Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.* Romeine 8:1.

Indien die Pasga die offerdood van Christus verteenwoordig, dan verteenwoordig die Fees van Ongesuurde Brood Sy liggaam, en die Fees van die Oes, Sy glorieryke opstanding. Die Bybel vertel vir ons met Christus se sterwe en opstanding is die grafte geopen en sommige van die dode is saam met Hom opgewek.

> *... en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan. En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.* Matthéüs 27:52-53.

Hierdie persone wat opgewek was, is die eerstelinge van 'n veel groter siele-oes wat aan die einde van tyd opgewek sal word.

Die ***Fees van Weke*** het Pinkster verteenwoordig – of *"Pentecost"* in Engels. *"Penta"*, in Grieks, beteken vyftig en hierdie gebeurtenis herdenk die gee van die wet van die Tien Gebooie vyftig dae na die Pasga. Hulle het die voorskrifte ontvang wat getoon het hoe hulle as God se volk moes leef. Ná die dood van Christus, die ware Pasga, is die dissipels van Christus deur die Heilige Gees bemagtig om die verpersoonliking van die wet, naamlik Christus, aan die wêreld te predik.

Die ***Fees van Trompette***, die ***Versoendag*** en die ***Huttefees*** was Joodse feeste wat vooruit gewys het na gebeurtenisse wat verband hou met Christus se wederkoms. Die ***Fees van Trompette*** wys na die aankondiging van die pre-advent oordeel, wat noodwendig moet plaasvind na die afloop

van die 2300 aande en môres profesie van Daniël 8. Vir die vervulling van hierdie fees sal ons die gebeure wat net voor 1844 rondom hierdie verband plaasgevind het, moet bestudeer (dit sal bespreek word in Hoofstuk 14, *’n Klip om jou Hoof op te Rus*). Die Versoendag, soos ons reeds gesien het, verteenwoordig die reiniging van die hemelse heiligdom of die pre-advent oordeel (vir meer detail oor hierdie belangrike gebeurtenis (sien Hoofstuk 18, *Die Langverwagte Millennium van Vrede*). Die Huttefees was ’n vreugdevolle fees, ’n dag van groot blydskap, waarin die Israeliete hutte gemaak het van olyf-, denne-, mirte- en palmtakke, asook takke van dik bome (Nehemia 8:15) en hulle het die oes wat ingesamel is, gevier. Die oes is ’n voorstelling van die finale oes van die verlostes en die fees was verteenwoordigend van die vreugdevolle ontmoeting tydens die wederkoms en die siele-oes. (Sien Diagram 2.4 aan die einde van die hoofstuk vir ’n volledige verwysing na die feeste van die heiligdomsisteem.)

Die heiligdomsdiens is die evangelie in tipe en die Nuwe Testament is die evangelie in die werklikheid. Indien ons die heiligdom bestudeer, word ons gelei na ’n dieper kennis en begrip van die bediening van Christus. Die Bybel waarsku:

> *Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.* 2 Johannes 1:7.

> *Maar al sou ons of ’n engel uit die hemel julle ’n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ’n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle ’n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom ’n vervloeking wees!*
> Galasiërs 1:8, 9.

Hierdie is harde woorde en dit is derhalwe uiters belangrik dat ons Christus se bediening verstaan. Enigiemand wat hierdie bediening afkraak of dit verander, of selfs net die bediening vervang met enige ander metode van verlossing, ontken dat Christus die vervulling van al die tipes is. Dit is dieselfde as om te ontken dat Christus liggaamlik gekom het. Die Bybel waarsku inderdaad dat die Antichris sal kom en die bediening van Christus sal vervang met ’n ander sisteem. Ons moet derhalwe goed ingelig wees ten einde nie mislei te word nie. Ons word verder gewaarsku dat die misleiding so oorweldigend sal wees dat indien dit moontlik sou wees, selfs die

uitverkorenes mislei sou word (Matthéüs 24:24). Dit is hartseer dat dit blyk asof die moderne Christendom vasgesteek het by die kruis alleenlik, terwyl hulle die verdere bediening van Christus ignoreer en sodanig die werk van heiliging van geen waarde ag nie. Die Bybel sê uitdruklik:

> *Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.*
> Hebreërs 12:14.

Wie is die vyand wat die bediening van Christus van nul en gener waarde sal maak? Wie is dit wat 'n ander evangelie sal preek waarvan die benadering só subtiel is dat selfs die uitverkorenes mislei sou kon word? Verleiding is vernietigend en ten einde te slaag, moet die vyand dit baie goed kamoefleer. Inteendeel, die Bybel het veel te sê aangaande hierdie saak en, net omdat dit ongemaklik of polities nie korrek is om hierdie kwessies in ons tyd aan te spreek nie, is geen verskoning om die laaste boodskappe van waarskuwing te ignoreer nie. Ons moet die profesieë bestudeer:

> *En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte.* 2 Petrus 1:19.

In die hoofstukke wat hierop volg, sal ons poog om presies dit te doen en om die geheimenis rondom die Antichris en sy missie om Christus se bediening te vernietig, te ontrafel.

## VERWYSINGS

[1] *Religious Digest*, Desember 1941.

[2] Frank Breaden, *New Pictorial Aid for Bible Study,* Signs Publishing Co., Warburton,1987.





*Diagram 2.4 – Joodse Feeste in tipes en anti-tipes – een Joodse jaar wat die hele Christelike era verteenwoordig.*

# Die Groot Stryd Oor Waarheid

# 3

# NEWELS VAN DIE TYD

## *Identifisering van die Finale Rolspelers*

In Daniël Hoofstuk 2 vind ons ’n kort sinoptiese profesie van die gebeure wat sou ontvou vanaf die tyd van Daniël tot aan die einde van die aarde se geskiedenis. Hierdie profesie voorsien aan ons ‘n aantal sleutels wat ons in staat sal stel om die meer ingewikkelde profesieë wat betrekking het op die groot stryd tussen die magte van die lig en die duisternis, te ontsluit. Daaropvolgende profesieë in Daniël brei uit op hierdie basiese profesie, en die boek Openbaring kan slegs verstaan word aan die hand van die profesieë van Daniël. Ons moet begryp dat die simbole wat deur Daniël beskryf word dieselfde is as dié wat in Openbaring gebruik word. Die definisies van die simbole word grotendeels in die profesieë van Daniël gevind en saam vorm hierdie twee boeke dus ’n eenheid. Dit is geen wonder dat Jesus aanbeveel het dat die boeke van Daniël en Openbaring bestudeer word ten einde die profesieë wat op die eindtyd dui, te verstaan.

> *Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet...* Matthéüs 24:15.

> *Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.* Openbaring 1:3.

## Die Profesie van Daniël 2

Meer as 2500 jaar gelede het die koning van Babilon, Nebukadnésar II, 'n verstommende droom gehad en toe hy die volgende oggend wakker word, kon hy nie die inhoud van sy droom onthou nie, tog was hy bewus daarvan dat dit belangrik was. Nie een van sy raadgewers kon vir hom sê wat hy gedroom het nie, nog minder wat dit beteken, en hy het toe besluit om al die Babiloniese wyse manne om die lewe te bring. Volgens die Skrif sou Daniël en sy vriende wat ook opgelei is in die Babiloniese geheimenisse en gevolglik deel was van die groep wyse manne, self ook gedood moes word ingevolge die koninklike dekreet. Toe Daniël hiervan te hore kom, het hy die koning genader om namens al die wyse manne vir hulle in te tree. Na vurige gebed het God nie slegs die droom, maar ook die betekenis daarvan aan Daniël bekend gemaak en hy kon die koning nader en uitroep:

> *"Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit: Wat u betref, o koning, u gedagtes op u bed het opgestyg oor wat hierna sal gebeur, en die Openbaarder van die geheime het u bekend gemaak wat sal gebeur."* Daniël 2:28-29.

Hierdie droom is relevant ook vir ons tyd aangesien dit nie net gewys het op die tyd van koning Nebukadnésar nie, maar ook op die laaste dae.

> *U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref,*
>
> *(i) sy hoof was van goeie goud,*
> *(ii) sy bors en sy arms van silwer,*
> *(iii) sy buik en sy lendene van koper,*
> *(iv) sy bene van yster,*
> *(v) sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.* Daniël 2:31-33.

Namate Nebukadnésar sy droom herken, gaan Daniël voort:

> *U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.* Daniël 2:34-35.

Die profeet beskryf die opeenvolgende koninkryke wat op aarde sou ontstaan en wat beëindig sou word met die finale vernietiging van al die aardse koninkryke deur die klip wat sonder menslike inmenging losbreek. Die koninkryke wat beskryf word, is almal nou verwant aan God se volk, en die spanning tussen die heidense aardse magte en God se volk dien as tipologie vir die veel groter konflik wat aan die einde van tyd tussen hierdie twee magte op 'n wêreldwye skaal sal woed. Die koninkryke wat beskryf word, is opeenvolgend Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome.

## 1. DIE HOOF VAN GOUD – BABILON 605 v.C. – 539 v.C.

Nadat hy die droom beskryf het, gee Daniël die volgende uitleg daarvan:

> *"... U is die hoof van goud."* Daniël 2:38.

Nebukadnésar was die verpersoonliking van Babilon. Goud was 'n paslike simbool vir Babilon. Die geskiedkundige, Herodotus, beskryf die goue beeld van Marduk wat sit op 'n goue troon voor 'n goue tafel en 'n goue altaar. Plinius beskryf die gewaad van die priesters as deurvleg met goud. Neo-Babilon was 'n goue koninkryk vanaf 605 v.C. tot 539 v.C.

> *En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat*

> *yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis.*
> Daniël 2:39-40.

## 2. DIE BORS EN ARMS VAN SILWER – MEDO-PERSIË 539 v.C. – 331 v.C.

’n Sterrekundige tablet in die Berlynse Museum gee vir ons die presiese datum van die sewe-en-dertigste koninklike jaartal van Nebukadnésar II. Argeoloë kon die val van die Babiloniese Ryk voor die Medo-Persiese Ryk presies bepaal wat 29 Oktober 539 v.C. was:

> *En n*á *u sal daar ’n ander koninkryk opstaan, geringer as di*é *van u...* Daniël 2:39.

Die feit dat Daniël voorspel het dat Nebukadnésar se koninkryk tot ’n val sou kom, moes vir die monarg ’n geweldige skok gewees het. Die val van Babilon word in hoofstuk 5 van Daniël beskryf:

> *... u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.* Daniël 5:28.

Die Medo-Persiese koninkryk was ’n tweeledige koninkryk, maar Kores, die koning van Persië, het die twee koninkryke saamgesmee. Die twee arms van die beeld was dus ’n paslike simbool vir die mag. Medo-Persië was deur silwer verteenwoordig, net soos silwer deur die Persiese soldate gebruik was vir hul persoonlike versiering, en silwer ook die metaal is wat in hul monetêre stelsel gebruik was. Die profesie het egter ook voorspel dat hierdie koninkryk tot ’n val sou kom en deur ’n ander vervang sou word.

## 3. DIE BUIK EN LENDENE VAN KOPER – GRIEKELAND 331 v.C. – 168 v.C.

> *... 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers ...* Daniël 2:39.

Daniël 8:20, 21 wys dat Medo-Persië opgevolg is deur 'n derde koninkryk van brons of koper – Griekeland. Dit is egter meer korrek om na hierdie ryk te verwys as die Masedoniese of Hellenistiese ryk van Alexander die Grote en sy opvolgers. In drie groot veldslae het Alexander wat bekend was as die "Ou Wêreld" verswelg deur Persië te verslaan te Granicus (334 v.C.), Issus (333 v.C.) en Arbela (331 v.C.). Josephus, die Joodse geskiedskrywer tydens die eerste eeu, beskryf hierdie profesie van Daniël 2 as volg:

> *Maar hul koninkryk sal deur 'n ander koning van die weste, geklee in koper, vernietig word.*[1]

Brons was gebruik beide vir beskerming vir die liggaam asook vir gevegsbyle. Die Griekse soldate se spiespunte was ook van brons gemaak. Maar hierdie koninkryk sou ook deur 'n vierde koninkryk vervang word.

## 4. BENE VAN YSTER – ROME 168 v.C. tot 476 n.C.

Na Alexander se dood op die hoogtepunt van sy loopbaan het sy generaals die koninkryk onder hulself verdeel en hierdie verdeelde koninkryk het die slagoffer van Rome geword. Vanaf die tradisionele ontstaan van Rome in ongeveer 753 v.C. het sy verrys as 'n wêreldheerser. Rome het die Griekse magte in 168 v.C. by Pydna verslaan en so het die vierde koninkryk, so sterk soos yster, ontstaan. Die historikus, Gibbon, het die volgende kommentaar aangaande Rome gelewer:

> *"Die magte van die Romeinse Republiek, soms in 'n veldslag verslaan, altyd oorwinnaars in 'n oorlog, het met rasse skrede na die Eufraat, die Donau, die Ryn en die Oseaan opgeruk; en die beelde van goud, of silwer, of brons wat gedien het om die nasies en hul konings te verteenwoordig, is die een na die ander deur die yster monarg van Rome gebreek.*[2]

Die groot yster monargie van Rome was nie bedoel om vir ewig te bly bestaan nie. Vanaf 351 n.C. het barbaarse stamme aanvalle teen die Romeinse Ryk geloods totdat die laaste Romeinse keiser, Romulus Augustulus (die Dwerg Augustus) in 476 n.C. onttroon is. Dit was die aanvang van die verdeelde periode.

## 5. VOETE – DEELS VAN KLEI, DEELS VAN YSTER: VERDEELDE KONINKRYK – EUROPA TOT AAN DIE EINDE VAN TYD

Daniël beskryf die verdeelde koninkryk van Rome as volg:

> *En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was – dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.... 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees.* Daniël 2:41-42.

Na die val van Rome in 476 v.C. is die koninkryk in tien gedeeltes verdeel. Dit was die koninkryke van die Oos-Gote, Wes-Gote, Franke, Vandale, Sueve, Alemane, Anglo-Saksers, Herulers, Lombarde en die Boergondiërs. Die hedendaagse state van Frankryk, Engeland, Duitsland, Switserland, Italië, Portugal, Spanje en ander het met die verloop van tyd oor die eeue heen hul landsgrense verskuif en hulself in nasionale state en tale ingedeel.

Daniël het aangeteken dat die verdeelde koninkryke deels sterk en deels swak sou wees. Dit is inderdaad wat ons leer uit die geskiedenis van Europa, waarvan Duitsland by uitstek 'n voorbeeld is. Daar was vele pogings om die verdeelde Europa saam te snoer, en groot staatsmanne het probeer en gefaal. Louis XIV, Karel die Grote, Napoleon, Bismarck, Keiser Wilhelm, Adolf Hitler en selfs die hedendaagse Europese Gemeenskap is vername voorbeelde.

Buiten militêre mag het die nasies van Europa gepoog om verenig te word deur politieke alliansies en ondertrouery tussen die verskillende koninkryke.

> *Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het—hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.* Daniël 2:43.

Die *Afrikaanse Nuwe Vertaling* van die Bybel stel dit soos volg *"... daar sal ondertrouery onder die mense wees…"*, Dr. Moffatt sê*, "hulle sal ondertrou."* Vir politieke voordeel en ten einde hul bande te verstewig, het verskeie lede van die Europese koninklikes ondertrou. Ferdinand van Aragon het met Isabella van Castille getrou en sodoende hierdie twee gebiede as Spanje te verenig. Napoleon het, vir politieke eenheid, van Josephine geskei om met Marie Louise van Oostenryk te trou. As gevolg van die veelvuldige troues is dit geen wonder dat Koningin Victoria bekend staan as die Grootmoeder van Europa nie. Tog, ten spyte van al die huwelike om eenheid te bewerkstellig, het hulle nooit daarin geslaag nie. Daar sal wees, en daar was al, tydelike politieke, ekonomiese en ander verenigings in Europa, maar die verenigings self het nie die nasies as een saam gesmee nie. Die Bybel voorspel dat etniese konflik tot en met die einde sal voortduur.

In 1799 het Napoleon hom dit ten doel gestel om in Europa een heerser, een regskode, een appélhof en een geldstelsel daar te stel. Iemand het Napoleon meegedeel dat die Voorsienigheid hom nie sal toelaat om oor die hele wêreld te heers nie. Hy het na bewering gesê:

> *Voorsienigheid is aan die kant met die swaarste artillerie.*[3]

Swaar Junie-reëns het gekom en Napoleon se swaarste artillerie kon nie beweeg nie. Sy puik kavallerie het in 'n versonke pad gesneuwel en Wellington het hom in 1815 te Waterloo verslaan.

> *Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan ...* Daniël 2:44.

Ons wag op die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die mensdom – die omverwerping van al die politieke magte van hierdie planeet en die oprigting van 'n koninkryk wat nooit sal taan of vernietig word nie. Die ingryping in die sake van die mens deur die Koning van die konings en HERE van die here, is op hande. Hierdie bondige profesie wat handel oor die aardse koninkryke is pynlik akkuraat en lê die grondslag vir die gedetailleerde profesieë wat volg. Wie is die hoof rolspelers in die finale

konflik? Hoe sal die hele wêreld by hierdie konflik betrek word en wat is die misleidings waarvoor die kinders van God te staan sal kom? Is ons gereed vir die grootste skouspel in die geskiedenis van die heelal wanneer elke geheime ding geopenbaar sal word en die HERE diegene wat op Hom gewag het, sal red? Sal ons onder diegene wees wat tot die berge sal uitroep: "Val op ons," of sal ons behoort tot die groep wat uitroep: "Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos?"

> *Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.* Matthéüs 24:42.

## VERWYSINGS

[1] Josephus, *Jewish Antiquities*, Book X, Daniel, pp. 64, 65, aangehaal in "*The Great Histories*," Josephus, Washington Sq. Press, 1965.
[2] Edward Gibbon, *History of the Decline and Fall of the Roman Empire*, Vol. IV, p. 161.
[3] Gordon A. Craig, *Europe Since 1815*, p. 258.



I. HOOF VAN GOUD... ... BABILON – v.C. 605

II. BORS EN ARMS... VAN SILWER ... MEDO-PERSIË – v.C. 539

III. BUIK EN LENDENE... VAN BRONS ... GRIEKELAND – v.C. 331

IV. BENE VAN YSTER... ... ROME – v.C. 168

V. VOETE EN TONE... VAN YSTER EN KLEI ... VERDELING VAN EUROPA n.C. 476 TOT DIE EINDE

DIE OORGANG VAN MAG VAN EEN KONINKRYK
NA DIE ANDER WAS GELEIDELIK. DIE DATUMS
IS BLOOT AANWYSINGS OP DIE GESKIEDENISWEG

# 4

# DIE MAN AGTER DIE MASKER

## *Die Antichris Onthul*

In Daniël Hoofstuk 2 kry ons ‘n vooruitskouing van die geskiedenis. In profetiese visie sien Daniël hoe die eeue verbygaan en hy sien dat vier magtige ryke een na die ander op die wêreldtoneel verskyn. Die vierde ryk verteenwoordig Rome en die profeet sien in die finale fases van die wêreldgeskiedenis dat hierdie ryk verdeeld sal wees (’n mengsel van yster en klei) en dat dit geassosieer sal wees met tien komponente wat deur die tien tone van die beeld verteenwoordig word. In die tydperk van hierdie koninkryke sal die God van die hemele, voorgestel deur die rots wat losgebreek het sonder die toedoen van mensehande, die beeld vernietig, en die ewige koninkryk van God sal die plek van die gevalle afgodiese nasies inneem. Die profesie gee ’n breë blik op die historiese gebeure, is asemrowend akkuraat, maar gee nie veel besonderheid met betrekking tot die finale gebeure net voor die afsluiting van die aarde se geskiedenis nie. Die profesie van Daniël Hoofstuk 7 daarenteen brei uit op die hooftrekke van die eerste profesie. Dit loop parallel met Daniël 2, maar gebruik ander simbole en voorsien so ’n akkurate omskrywing van die hoof afvallige mag aan die einde van tyd, dat daar by die pligsgetroue Bybelstudent geen twyfel kan bestaan betreffende die identiteit van hierdie magtige sisteem wat dit waag om die slagordes van die lewende God uit te daag nie.

Daniël hoofstuk 2 is by wyse van ’n giasme (gekruiste woordskikking) verbind aan Daniël 7 deur die gebruik van die syfers een tot vier. Soortgelyk word Daniël 3 en 6 met mekaar verbind deur middel van die tema van vervolging en dit dien as tipe van die eindtyd vervolging. Daniël 4 en 5 is ook aan mekaar verbind aangesien beide hoofstukke handel oor die val van groot diktators en dit dien ook as simboliek vir die groot gebeure wat aan die einde van tyd sal plaasvind. Nebukadnésar val en word verneder deur sy kranksinnigheid toe hy soos ’n dier word en gras vreet, terwyl die ander diktator, Bélsasar, tot ’n val kom en vernietig word deur God se tussenkoms.

In Daniël hoofstuk 2 is dit die koning van Babilon self aan wie ’n visioen gegee word, maar God het die betekenis daarvan aan sy profeet Daniël bekend gemaak sodat die koning met die ware Skepper-God van die heelal kennis kon maak. Die visioen het betrekking op die opeenvolging van aardse politieke koninkryke deur die eeue heen wat ’n hoogtepunt in God se koninkryk bereik. Die visioen van Daniël 7 is egter ’n visioen wat God aan Sy profeet gegee het. Dit is ryk aan simboliek en buiten dat dit die opkoms en ondergang van die opeenvolgende aardse koninkryke herhaal, lê dit klem op die stryd tussen waarheid en dwaalleer, asook die identifikasie van die “man van sonde.” Die profetiese beginsel van uitbreiding op wat voorafgegaan het, kan in hierdie geval toegepas word. Die profesie van Daniël 7 is ’n herhaling van die profesie van Daniël 2, maar gaan dan voort om hierdie profesie verder uit te brei en om die finale gebeure met betrekking tot die opkoms en val van die Antichris uit te lig.

Die ryk Bybelse simboliek waarvan in hierdie profesie gebruik gemaak word, is die sleutel tot die ontrafeling daarvan en dit is noodsaaklik dat ons die betekenis van die simbole in hierdie profesie verstaan. Deur gebruik te maak van die beginsel dat die Bybel self die interpretasie moet verleen, sal die volgende bondige beskrywing van profetiese simbole ons in staat stel om hierdie groot profesie met gemak te kan ontrafel.

**Wind = oorlog**
(Jesaja 21:1-2; Sagaria 7:14; Jeremia 25:32; 49:36-37)

**Dier(e) = koning of koninkryk** (Daniël 7:17)

**Horing = koning of heerser** (Daniël 8:21)

**Waters (see) = nasies/volke** (Openbaring 17:15)

## Die Vier Diere van Daniël 7

In Daniël se droom sien hy hoe die vier winde van die hemel die groot see in beroering bring. Deur gebruik te maak van die Bybelse definisies van hierdie simbole, sien ’n mens dat daar oorlog en struweling tussen die nasies gaan heers.

> *... en vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander.* Daniël 7:3.

> *Die eerste was soos ’n leeu, en hy het vlerke van ’n arend gehad; ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgeruk is en dit van die grond af opgehef en soos ’n mens op twee voete neergesit is en daaraan ’n mensehart gegee is.* Daniël 7:4.

Die leeu word in die Bybel gebruik as simbool van gesag en mag. Dieselfde simbool is op Christus van toepassing wanneer daar na Hom verwys word as “*die leeu van die stam van Juda,”* maar dit is ook die simbool vir Babilon, die vernietiger van die nasies en setel van die afvallige godsdiens, wat poog om God se kinders na afgodery te lok. In Jeremia se profesieë oor die komende vernietiging van Jerusalem deur Babilon, maak hy ook gebruik van die simbool van die leeu om hierdie geweldige sterk mag uit te beeld.

> *’n Leeu het opgekom uit sy bos en ’n verderwer van nasies het weggetrek, uitgegaan uit sy plek om jou land ’n woesteny te maak; jou stede sal verwoes word, sonder inwoners.* Jeremia 4:7.

Die leeu het arendsvlerke, ’n verwysing na ’n verdere simbool vir Babilon. Argeologie het onthul dat ’n leeu met arendsvlerke ’n simbool was wat dikwels in Babiloniese ontwerpe en beeldhouwerk voorgekom het. Die arend was ’n universele simbool van die songod en die leeu-mag verkry dus sy mag vanaf hierdie heidense god. Die simbool van die man wat op twee voete staan, is ’n verwysing na die vereniging van die menslike element met hierdie mag om God uit te daag. Aangesien die godsdiens van Babilon die basis vorm van alle heidense godsdienste, is Babilon ’n toepaslike simbool vir die eindtyd sameswering van godsdienstige magte wat ’n alliansie aangaan teen God en Sy kinders. Hierdie sameswering sal gebeure aan die einde van tyd beheer en word in Daniël 2 deur die voete van yster en klei

voorgestel. In die laaste stadiums van die aarde se geskiedenis sal ’n mag soortgelyk aan Babilon weer eens gebeure op aarde beheer en ons sal die leeu-simbool wat met die Antichris-mag assosieer word, later weer in die boek Openbaring teëkom. Die volgende mag wat op die geskiedenistoneel verskyn, is dié van die Meders en die Perse.

> *En kyk, ’n ander dier, ’n tweede, het gelyk soos ’n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en s*ó *het hulle vir hom ges*ê*: Staan op, eet baie vleis.* Daniël 7:5.

Die mag wat Babilon opvolg, word hier deur ’n beer voorgestel. Die beer was aan sy een kant opgerig wat ’n verwysing is na die aanvanklike ongelykheid van die twee magte van die Medo-Persiese alliansie wat die Babiloniese ryk sou omverwerp. Die drie ribbes verwys waarskynlik na die drie belangrike veldtogte om beheer oor die Babiloniese ryk te bekom: die inval van Lydia, Egipte en Babilon self wat deur die magte van Kores die Grote oorwin is. Die volheid van die Bybelse tipologie wat in hierdie groot historiese gebeurtenis uitgebeeld word, dien as les vir die groot gebeure wat aan die einde van tyd sal ontvou. Babilon, die heerser oor nasies, die kop van goud, die setel van godsdienstige en politieke mag het oor die nasies regeer. Dit het Jerusalem vernietig en God se volk in ballingskap weggevoer. Die tyd het aangebreek vir hierdie mag om self vernietig te word en Kores was die een deur God uitverkies om hierdie grootse taak te volbring. Lank voor sy geboorte het die profeet Jesaja na Kores verwys as die gesalfde van God en hy het geprofeteer:

> *So s*ê *die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie.* Jesaja 45:1.

Dieselfde profeet, toe hy aangaande die Messias profeteer, het geskryf:

> *Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om ’n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ’n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis.* Jesaja 61:1.

Kores dien as ’n tipe van Christus. Hy sou die heerskappy van Babilon beëindig en die gevangenes vrylaat. Die dekreet wat deur Kores uitgereik was, was dat die Israeliete vrygelaat moes word, dat hulle na hul tuisland kon terugkeer sonder enige onkoste. Op dieselfde wyse sal Christus geestelike Babilon aan die einde van tyd omverwerp. Hy sal die gevangenes vrylaat deur hulle na hul hemelse Kanaan te neem en hul verlossing sal gratis wees.

Die Medo-Perse het tot die godsdienstige rituele en seremonies van die Babiloniërs bygevoeg en die kultus van Mithraïsme met sy sewe vlakke van inwyding het ‘n hoeksteen van sonaanbidding gevorm. Die struktuur van die kultus was hiërargies. Lede moes deur ’n reeks van sewe vlakke van inwyding gaan, elke vlak met sy eie simbool wat met ’n planeet verband gehou het. Van die laagste tot die hoogste was die vlakke *“Corax”* (’n raaf, onder Mercurius), *“Nymphus”* (manlike bruid, onder Venus), *“Miles”* (die soldaat, onder Mars), *“Leo”* (die leeu, onder Jupiter), *“Perses”* (die Persiër, onder Luna, die maan), *“Heliodromus”* (die son se koerier, onder Sol, die son), en laastens *“Pater”* (vader, onder Saturnus). Wanneer ’n ingewyde die hoogste vlak, *“Pater”* of vader bereik, kon hy die hoof van ’n gemeente word. Daar is veral twee aspekte van Mithraïstiese inwyding waarop gelet moet word. Eerstens, dit was moontlik vir ’n Mithraïstiese ingewyde om aan meer as een kultus te behoort, en tweedens, vrouens was nie as lede toegelaat nie.

Na die Meders en Perse het ’n derde mag verrys wat beheer oorgeneem het. Die geskiedenis leer ons dat die Grieke die Medo-Persiese Ryk opgevolg het:

> *Daarna het ek gesien, en kyk, daar was ’n ander een soos ’n luiperd, en dit het vier vlerke van ’n voël op sy rug gehad; ook het die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee.* Daniël 7:6.

In Daniël 8 lees ons in ’n verdere profesie omtrent die opvolging en aktiwiteite van hierdie aardse koninkryke dat *“Grecia”* (Griekeland) die Medo-Persiese Ryk omver sou gooi en dat dit uiteindelik in vier sub-koninkryke verdeel sou word alvorens dit voor die Romeinse Ryk sou swig. As gevolg van dié onderverdeling, het die luiperd-dier van Daniël 7 vier koppe en vier vlerke. Die simbool van die luiperd is ’n toepaslike simbool vir die koninkryk van *“Grecia”* in die lig van die spoed waarmee haar verowerings plaasgevind het. Die *“Grecia”* waarna in Daniël 8 verwys word, moet nie verwar word met die Griekeland van die klassieke periode wat die val van Persië voorafgegaan het nie, maar dit verwys na die semi-Grieks-Masedoniese Ryk van Alexander die Grote wat die opstande in die

stad-state van Griekeland en Thracië onderdruk en sodoende die "eerste koning" van Griekeland geword het. Alexander het homself as die opvolger van die Faraos verklaar en sy troepe het aan hom die status van 'n god verleen deur hom as god te aanbid. Dit was een van die hoofdoelwitte van Alexander om die Griekse kultuur en filosofie regdeur sy domein te versprei. Die godsdiens van Griekeland het baie verfyndhede, rituele en seremonies tot die aardse aanbiddingstelsel bygedra. Die Bacchus-kultus, die mitologieë van die oorloë van die gode en die aanbidding van vroulike godinne het 'n inherente deel van die samelewing geword.

Laastens het die Bybel voorspel dat 'n vierde ryk oor die aarde sal heers:

> *Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad.* Daniël 7:7.

Die vierde dier gaan alle beskrywing te bowe. Dit is skrikwekkend, vreesaanjaend en baie magtig. Dit sou die koninkryk wees wat die beker van God se grimmigheid sou vol maak. Alhoewel Rome verdeeld sou word, sou die yster volhard, selfs tot die tyd dat dit deur die klip vernietig sou word.

Die vier nasies wat die een na die ander opkom, stem dus ooreen met die komponente van die beeld in Daniël 2.

| | | |
|---|---|---|
| Hoof van goud | **BABILON** | Gevleuelde leeu (Daniël 7:4) |
| Bors en arms van silwer | **MEDO-PERSIË** | Beer en ribbes (Daniël 7:5) |
| Buik en lendene van brons | **GRIEKELAND** | Luiperd (Daniël 7:6) |
| Bene van yster | **ROME** | Verskriklike dier (Daniël 7:7) |

***Diagram 4.1*** *– Let op die parallelle tussen Daniël 2 en Daniël 7*

Gedurende die tydperk van die finale mag, Rome, sal die finale konfrontasie tussen die kinders van God en diegene wat hul lojaliteit aan die vyand verklaar het, uitloop op die slag van Armageddon. Al wat nou oorbly, is dat ons moet vasstel waarom Rome die laaste mag is wat oor die aarde heers en waarom dit Rome is wat God se verdraagsaamheid teenoor sonde sou uitput. Wat is dit omtrent Rome wat aandring op totale vernietiging

en watter verfynings van die valse godsdiensstelsels sou uitroep vir God se wraak wat "ongemeng ingeskink is" (Openbaring 14:10) – dit wil sê, oordeel sonder genade?

Alhoewel die diere en die metale op mekaar volg, word die hele beeld (insluitend die kop van goud, die bors en arms van silwer en die lendene van koper) vernietig wanneer die klip die voete tref. Die Medo-Perse het Babilon verower, maar die Babiloniese aanbiddingsisteem was nie vernietig nie, dit is bloot aangepas. Soortgelyk, toe die Grieke die Medo-Persiese Ryk verower het, het die name van die gode verander maar die stelsel van aanbidding het hoofsaaklik onveranderd gebly, en dieselfde gode is later in Rome aanbid onder 'n ander dekmantel. Die finale afvallige mag wat wêreldgebeure sal beheer, sal derhalwe aspekte en verfynings van al die godsdienstige stelsels vanuit die geskiedenis inkorporeer. Diesulkes sal só bedek en vermom wees om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei.

Na aanleiding van die volgorde van Daniël 2 verteenwoordig die skrikwekkende dier van Daniël 7 Rome, en alhoewel dit in tien dele verdeel is, is dit steeds Rome wat tot aan die einde van tyd sal regeer. Die metaal verander nie, dit word slegs deur klei geskei en die voete het tien tone wat ekwivalent is aan die tien horings van Daniël 7. Volgens die profesie is die tien horings tien koninkryke wat sal ontstaan uit hierdie koninkryk.

> *En die tien horings – uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan...* Daniël 7:24.

Die tien koninkryke, wat ontstaan uit Rome na dié se magsafname, is dieselfde as wat deur die tien tone van die beeld van Daniël 2 verteenwoordig word, en stel dus die Oos-Gote, Wes-Gote, Franke, Vandale, die Sueve, die Alemane, die Anglo-Saksers, Herulers, Lombarde en die Boergondiërs voor (sien diagram 4.2). Terwyl Daniël die tien horings waarneem, ontstaan daar tussen hulle nog 'n horing.

> *Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was* oë *soos mens-*oë*, en 'n mond wat groot dinge spreek.*
> Daniël 7:8.





***Diagram 4.2*** *– Verdeling van die Wes Romeinse Ryk*[1]

In hierdie teksvers is daar weer die verwysing na ’n man, net soos in die geval van die verwysing na ’n man wat geassosieer was met die leeu met arendsvlerke wat Babilon verteenwoordig. Dit is Babilon wat die antieke wêreld met haar aanbiddingsisteem mislei het (wat die tipe verteenwoordig) en die klein horingmag sal oor dieselfde elemente as Babilon beskik, maar op ’n wêreldwye skaal (wat die antitipe voorstel). Dít is die mag wat God sal belaster en groot woorde teen die Allerhoogste sal spreek en wat die nasies aan die einde van tyd sal mislei. ’n Voetnota in die Douay-Vertaling van die Bybel (die Rooms-Katolieke Bybel) sê met betrekking tot vers 8:

> *Dit word algemeen aan Antichris toegeskryf.*

Die klein horingmag, soos ons sal sien, groei en word groter as al die ander horings en moet eerder gesien word as ’n mag wat van ’n klein tot ’n groot mag aanwas. Omrede die klein horing die Antichris verteenwoordig, is dit van kardinale belang dat hierdie mag korrek geïdentifiseer word. Ons metode van interpretasie moet wees dat die Skrif die Skrif moet uitlê. Dis ook belangrik om daarop te let dat “anti” twee betekenisse in Grieks het. Dit kan beteken “om teen iets te wees” of dit kan ook beteken “om in die plek van iets te wees” en in 75% van die gevalle waar dit gebruik word, verwys dit na “om in die plek van iets te wees” eerder as “om teen iets te wees.” Daar is uiters presiese kenmerke van hierdie horingmag en **elkeen** daarvan **moet** betrekking op die mag hê ten einde ’n akkurate identifikasie moontlik te maak.

## Die Antichris Geïdentifiseer

### 1. Dit ontstaan vanuit die vierde dier

Die beskrywing van die klein horingmag hou verband met die vierde dier. Dít is baie belangrik aangesien daar baie is wat ’n preteristiese (wat glo dat die profesie reeds vervul is) siening het omtrent die Antichris, wat graag die Antichris wil verbind met Antiochus Epiphanes IV, ’n Griekse koning wat die Jode vervolg en die tempel ontheilig het. Dit sal egter nie by die profesie inpas nie, aangesien die Antichris uit die vierde dier, wat Rome is, moet ontstaan.

## 2. Dit kom "tussen" die tien horings op

> *Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek.*
> Daniël 7:8.

Let daarop dat die klein horinkie tussen die tien ontstaan het. Dit impliseer dat die tien horings alreeds bestaan en steeds bly bestaan het toe die horinkie sy verskyning gemaak het.

## 3. Dit het opgekom "ná" die tien horings gevestig was

> *En die tien horings – uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan ...*
> Daniël 7:24. (Klem bygevoeg).

Die ontstaan van hierdie klein horingmag moet dus gesoek word ná die onderverdeling van Rome in tien magte, wat beteken dat sy ontstaan na 476 n.C. moes plaasgevind het. Hierdie mag het 'n klein begin gehad en het só gegroei dat dit later onwrikbaar gevestig geraak het en as 'n "horing" kon kwalifiseer wat aandui op 'n koning of 'n koninkryk.

## 4. Dit sou "drie ... horings ... ontwortel"

> *... en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel...* Daniel 7:8.

Drie van die tien koninkryke sou onder aansporing van die klein horinkie vernietig word. Aangesien die horinkie sy verskyning gemaak het ná die onderverdeling van Rome in tien verskillende state (na 476 n.C.), maar vóór die vernietiging van drie van hulle (omdat dit tussen die tien ontstaan), het ons 'n besliste tydvak vir die opkoms van die Antichris mag. Die Herulers, Vandale en Oos-Gote is uitgewis teen die jaar 538 n.C., met die gevolg dat hierdie mag sy ontstaan tussen 476 n.C. en 538 n.C. moes hê.

## 5. Dit was "groter as ... die ander"

> *... sy gestalte groter was as van die ander.* Daniël 7:20.

Die mag wat deur die klein horinkie uitgebeeld word, was groter as die van die ander state. Dit impliseer 'n posisie van hoër politieke gesag. Alhoewel dit gegroei het vanaf 'n klein begin, sou dit groter word as al die ander magte.

## 6. Dit sou "verskillend wees" van al die ander

> *... hý sal verskillend wees van die voriges...* Daniël 7:24.

As 'n horing 'n koning of koninkryk voorstel, moet die klein horinkie ook 'n koning of koninkryk voorstel wat verskillend van die vorige horings is, wat sekulêre koninkryke was. Die presiese wyse waarop die klein horinkie van die ander verskil het, kan van al sy kenmerke, wat later bespreek word, afgelei word.

## 7. Hierdie horing het "… oë soos mens-oë en ... sal woorde spreek teen die Allerhoogste ..."

> *... kyk, in hierdie horing was o*ë *soos mens-o*ë*, en 'n mond wat groot dinge spreek. En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste...* Daniël 7:8, 25.

Ons het reeds die verwysing na die man en sy verbintenis met Babilon bespreek. Die klein horingmag is 'n man wat teen God opstaan en groot woorde teen God sal spreek. Dit verwys na 'n sisteem wat God direk trotseer en homself in opposisie tot God opstel. In antieke Babilon was na die koning van Babilon verwys as die hoof van goud. Alle mag was in die koning gesetel. Sy woord was wet en hy was beskou as 'n god. Soortgelyk, in die groot anti-tipe sal al die mag weer eens gesetel wees in een man wat, as die spreekbuis vir die sisteem, namens die sisteem godslasterlike woorde sal spreek en vir homself 'n status toeëien wat geen sterflike mens toekom nie. Die Bybel gee 'n omskrywing van "godslastering" in die Nuwe Testament. In die evangelies lees 'n mens dat die Jode Jesus twee keer wou stenig oor godslastering.

> *... Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe. En sommige van die skrifgeleerdes het by hulleself gesê: Hierdie man praat godslasterlik.* Matthéüs 9:2-3.

> *Seun, jou sondes is jou vergewe! En sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en in hulle harte geredeneer: Waarom praat hierdie man so godslasterlik? Wie kan sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?* Markus 2:5-7.

> *Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak.* Johannes 10:33.

Anders as Jesus, wat die Seun van God is en derhalwe sondes *kan* vergewe, *eien* die klein horingmag hom die reg toe om sondes te kan vergewe en dan het hy ook die vermetelheid om vir homself aanspraak op God se posisie te maak. Paulus, in sy briewe aan die Thessalonicense, bevestig hierdie kwessie rakende die Antichris.

> *... die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.* 2 Thessalonicense 2:4.

## 8. Dit voer "oorlog ... met die heiliges"

> *Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin.* Daniël 7:21.

Die klein horingmag sou dus 'n vervolgingsmag wees wat teen God se kinders oorlog sou voer en sukses teen hulle sou behaal.

## 9. Dit sal "probeer om tye en wet te verander"

> *... hy sal probeer om tye en wet te verander...*
> Daniël 7:25.

Oor watter tye en wette veral sou God besorg wees? Dit moet sekerlik verwys na wette wat God self daargestel het en tye wat Hy self ingestel het. Die wet wat regdeur die Bybel uittroon, is die Tien Gebooie. Die verandering aan die tye en die wette moet dus verwys na die poging om met God se wet self te peuter en die peutery met tye wat deur God ingestel is.

## 10. Die heiliges sal in sy hand oorgegee word vir ’n tyd en tye en die helfte van ’n tyd. Daniël 7:25

Ten einde hierdie tydsprofesie te verstaan, is dit noodsaaklik om die Bybelse betekenis van profetiese tyd te verstaan. Ons sal later profesie behandel, maar op hierdie stadium is dit nodig om te sê dat hierdie mag oor God se kinders sal heers en hulle vir ’n spesifieke tyd sal vervolg.

## 11. Dit sal die hele aarde verslind

> S*ó* *het hy ges*ê*: Die vierde dier – die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel.* Daniël 7:23.

Hierdie profesie is gemaak met die oog op Rome. Maar heidense Rome het egter nie hierdie profesie tot op die letter vervul nie. Soos in die sesde identifiserende kenmerk uitgebeeld word, is die klein horingmag daardie komponent wat uit die Romeinse Ryk ontstaan en van al die ander verskil het, en dit is hierdie *verskillende* mag wat uiteindelik die hele wêreld sou verslind. Dié profesie voorspel dat die klein horinkie mag verkry oor al die konings van die aarde, ‘n verwysing na al die politieke magte wat aan die einde van tyd bestaan.

## 12. Dit sal heers tot die koms van die Oue van Dae

> *... totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het.* Daniël 7:22.

Hierdie is een van die mees grondige profesieë omtrent die Antichris. Die Antichris sou opkom vóór 538 n.C. (die finale datum vir die vernietiging van drie van die tien aanvanklike koninkryke wat uit die Romeinse Ryk ontstaan het) en sou heers tot die koms van die Oue van Dae – 'n verwysing na Christus se wederkoms. Geen individu kon dus die profesie vervul nie, en slegs 'n mag kon so 'n lang lewensduur behaal. Aangesien dit identifiseer word as 'n horing, of 'n koning of koninkryk volgens die Bybelse definisie, beteken dit dat ons hier te doen het met 'n koninkryk en sy heersers wat reeds vir meer as eenduisend vyfhonderd jaar heers.

## 13. Die heerskappy sal hom ontneem word

> *Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig.*
> Daniël 7:26.

Die goeie nuus is dat God sal oorwin. Wanneer Christus terugkeer, sal hierdie mag vernietig word en God sal Sy koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie en waarin daar nooit weer enige vervolging sal wees nie. Daar sal geen siekte meer wees nie en God sal alle trane afdroog.

So tragies en skokkend as wat dit mag blyk, is daar slegs een mag wat aan al die vereistes vir identifikasie voldoen. Voordat ons verder gaan en na die detail kyk, is dit nodig dat ons besef dat die Bybel nie na individue verwys nie, maar na 'n stelsel wat al vir meer as eenduisend vyfhonderd jaar lank aanspraak maak op die mag om mense se gewetens te beheer. Verder, vir 'n vasgestelde tyd het hierdie stelsel die mag gehad om sy dekrete af te dwing en om diégene wat verkies om aan God en Sy Woord, eerder as die mens, gehoorsaam te wees, te vervolg. Christus het vir die mensdom gesterf en almal het toegang tot die genade van God deur Hom. Die Bybel praat hier van 'n mag wat sy posisie misbruik, wat homself in die plek van God stel terwyl hy dink dat hy eintlik God se plek inneem. Individue is aan God verantwoordelik om te wandel in die lig wat hul ontvang. Deur die sisteem te veroordeel is God nie besig om individue binne die sisteem te veroordeel wat wandel volgens die lig wat hul het, en wat verlang om in 'n verhouding met Hom wil wees nie. Tragies is daar net een sisteem wat kwalifiseer in terme van kenmerke en vereistes wat in Daniël hoofstuk 7 gegee word, en dis die pousdom. Alvorens hierdie gevolgtrekking verwerp word, sou ek aanbeveel dat elke persoon die Skrif biddend ondersoek en vir God vra vir leiding en om dan, soos Paulus, die volgende vraag te vra:

> *En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here,* ***wat wil U hê moet ek doen?*** *En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen.* Handelinge 9:6. (Klem bygevoeg.)

## Die Antichris Ontmasker

### 1. Dit ontstaan uit die vierde dier

Pouslike Rome het uit die as van Heidense Rome ontstaan. Die geskiedkundige, C.C. Eckhardt, sê:

> *Nadat die Romeinse Ryk gedisintegreer het en dié se plek deur 'n aantal onbeskaafde en barbaarse koninkryke ingeneem is, het die Rooms-Katolieke Kerk nie net onafhanklik van die staat geword betreffende godsdienstige sake nie, maar ook in sekulêre sake die bo-toon gevoer.*[24]

Alle geskiedkundiges stem saam dat pouslike Rome uit die puinhope van antieke heidense Rome ontstaan het. Thomas Hobbes, 'n Engelse geskiedkundige, sê:

> *Indien 'n mens die oorspronklike van hierdie grootse geestelike gesag in oënskou neem, sal hy maklik insien dat die pousdom niks anders as die spook van die afgestorwe Romeinse Ryk is nie, wat gekroond op die graf daarvan sit.*[25]

### 2. Dit kom "tussen" die tien horings op

Die Antichris sou tussen die ander tien horings opkom en groei van 'n klein mag tot een wat uiteindelik groter as al die ander magte sou word. Dit is inderdaad waar ten opsigte van die pousdom. Na die aanvanklike samesmelting van die Christendom met die heidense gelowe van dié tyd, het die Biskop van Rome se mag toegeneem terwyl die keisers van die Romeinse Ryk hom ondersteun het.

Konstantyn was die eerste keiser wat die Christendom aanvaar het, maar hy het homself met 'n blote skyn van Christelikheid omgewe. In die jaar 533 n.C. het die keiser Justinianus 'n dekreet uitgevaardig dat die Biskop van Rome die geestelike leier van die Christelike wêreld is.

Ten einde as 'n horing te kwalifiseer, moet hierdie mag aan die kenmerke van 'n koninkryk voldoen, wat wel van toepassing is op die Vatikaan, wat tot vandag nog 'n onafhanklike staat is. Dit het ook ontstaan tussen die magte (of horings) van gevalle Rome. Die Europa wat ons vandag ken, is die oorblyfsel van die horings van Rome.

## 3. Dit kom op "ná" die tien horings gevestig is

Die Rooms-Katolieke Kerk se mag het toegeneem nadat Konstantyn Christenskap aanvaar het, maar dit het nie sekulêre sake beheer totdat Justinianus se dekreet in werking getree het nie. Die mag van die Biskop van Rome het algaande toegeneem en pouslike gesag in sekulêre aangeleenthede het sy ontstaan na die verdeling van Rome deur die Barbare in 476 n.C. gehad. Die *"American Catholic Quarterly Review"*, April 1911, sê: (vertaal)

> *Lank gelede toe Rome as gevolg van die verwaarlosing deur die Westerse keisers aan die genade van barbaarse hordes oorgelaat is, het die Romeine hul na die een figuur gewend vir hulp en beskerming en hom gevra om oor hulle te heers... en sodoende... het die wêreldse soewereiniteit van die pouse sy begin gehad. So het die plaasvervanger van Christus nederig die troon van Caesar bestyg en die septer opgeneem waarvoor die keisers en konings van Europa deur soveel eeue heen in eerbied sou neerbuig.*

'n Aanhaling uit *"The Papal Monarchy"* sê die volgende: (vertaal)

> *Die "Pax Romana" het tot 'n einde gekom. Daar is universele verwarring. Maar wanneer 'n biskop 'n oudiënsie hou, beskerm godsdiens dít wat van die antieke orde oorbly. 'n Nuwe Rome styg stadig bokant die horison uit. Dit is die erfgenaam van godsdiens, die keiser is nie meer nie ... maar die "Pontifex Maximus" hou stand... Hy is nou die plaasvervanger vir Christus*

> *wat die ou beskawing aan die stamme van die noorde bied. Hy bekeer hulle tot sy geloofsformulier en hulle dien hom as hul vader en opperste regter. Dít is die pouslike monargie wat in sy oorheersing en in sy agteruitgang die geskiedenis van Europa vir 'n duisend jaar oorskadu.*[2]

## 4. Dit sou drie horings ontwortel

Slegs die pousdom voldoen aan die beskrywing van die ontworteling van die drie Romeinse verdelings. Dit staan in die geskiedenisboeke bekend as die Ariaanse geskil, omdat die drie koninkryke wat nie die pouslike siening omtrent Christus se Goddelikheid aanvaar het nie, letterlik ontwortel en genadeloos uitgewis is. Alhoewel die leerstelling van Christus se Goddelikheid korrek was, was die metode wat toegepas is om die kwessie te hanteer nie in die Gees van Christus nie. Die Herulers is in 493 n.C. geheel en al uiteen verdryf, die Vandale in 534 n.C. en die Oos-Gote in 538 n.C. Hierdie oorwinnings het die hand van die pousdom versterk en het gehelp met die vestiging daarvan teen die jaar 538 n.C., in welke jaar die biskop van Rome die pouslike troon bestyg het onder beskerming van die Romeinse generaal Belisarius. Die datum vir die vestiging van pouslike Rome as 'n onafhanklike mag kan dus vasgestel word op 538 n.C.

## 5. Dit sou groter word as al die ander

> *... sy gestalte groter was as van die ander.* Daniël 7:20.

Die term *"... sy gestalte groter was as van die ander"* verwys na die groter mag wat die pousdom uitgeoefen het in die sake van Europa in vergelyking met enige van die ander magte. Vanaf 800 n.C. toe Charlemagne sy kroon van die pous ontvang het, sou die pousdom homself die mag toeëien om oor konings en nasies te heers. Die "Vernedering van Canossa" word in Sint Pieter uitgebeeld toe Henry IV, die koning van Duitsland, in 1077 vir drie dae as boetvaardige in die sneeu gestaan en wag het voordat 'n oudiënsie met Pous Gregory VII aan hom toegestaan is. Net so ook het koning John van Engeland in 1213 naak op 'n koue marmer vloer gestaan en wag om tot die teenwoordigheid van die pous toegelaat te word ten einde om verskoning te vra. Let op die getuienis van die Katolieke ampsdraer:

> *Die stedehouer van die Vleesgeworde Seun van God, Gesalfde Hoëpriester en Opperste Aardse Heerser, (die pous) het op sy regstoel gesit om onpartydig tussen nasie en nasie, tussen mens en prins en tussen heerser en onderdaan te oordeel.*[3]

Luther het geskryf:

> *Dit is 'n vreeslike ding om die man wat homself as Christus se plaasvervanger aangestel het, waar te neem, terwyl hy 'n prag en praal ten toon stel wat geen keiser kan ewenaar nie ... Hy is, so sê hulle, die Here van die wêreld; maar Christus self het gesê "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie." Kan die magsgebiede van 'n plaasvervanger dié van sy Meester oorskry?*[4]

Die pousdom het dit nog altyd as sy reg beskou om in die sake van state in te meng. Lande is deur middel van pouslike dekrete onderverdeel en konings is deur pouslike dekrete op die troon geplaas en onttroon.

## 6. Dit "verskil" van die ander

Die pousdom het verskil van die heidense koninkryke wat dit voorafgegaan het, want dit was nie slegs 'n politieke mag nie, maar ook 'n godsdienstig-politieke mag. Met betrekking tot die politieke aspek van die pousdom, is dit 'n erkende staat. Die setel daarvan is die Vatikaan met 'n tradisionele wag en sy eie posdiens. Die Vatikaan is die kleinste staat ter wêreld en dit strek oor slegs 100 akker, maar het een van die sterkste diplomatieke korpse ter wêreld. Pouslike afgevaardigdes is in die hoofstede van die wêreld en al hierdie lande het op hul beurt weer hul afgevaardigdes in die Vatikaan. Die pous is nie net hoof van die kerk nie, maar ook staatshoof van die pouslike staat – die Vatikaan.

## 7. Dit het "oë soos mens-oë en sal woorde spreek teen die Allerhoogste" Daniël 7:8, 25

> *... kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek... En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste...* Daniël 7:8, 25.

Het die pousdom enige uitstaande kenmerke met betrekking tot sy godsdienstig-politiese stelsel van bestuur? Ja, dit het. Een van die Roomse Pous se titels is die Latynse "*Episcopus Episcoporium*" wat beteken "Toesighouer van Toesighouers." Wanneer na die klein horinkie verwys word, is dit opvallend dat dit met 'n mens vergelyk word. Dieselfde simbool was ook op Babilon (leeu) toegepas:

> *... soos 'n mens ... en daaraan 'n mensehart gegee is.*
> Daniël 7:4.

Pouslike mag is gesetel in een man, 'n sisteem wat ultramontanisme (oordrewe pousgesindheid) genoem word. Tydens die Konsilie van Trent is ultramontanisme verskans in sy huidige vorm, waardeur pouslike dekrete beskou word as dekrete van God self. Die leerstelling van pouslike onfeilbaarheid het hierdie konsep verder uitgebrei en dit het aan die pouse 'n magsposisie verleen wat slegs God toekom. In Openbaring 13 word dieselfde sisteem as wat in Daniël beskryf word, weer binne die profetiese gesigsveld geplaas en aanvullend tot sommige van die kenmerke wat in Daniël 7 beskryf word, word die getal 666, "die getal van 'n mens," aan die pousdom toegeskryf. (In Hoofstuk 7, *Twee Diere Raak Bevriend* sal hierdie onderwerp in meer detail bespreek word.) Johannes Calvyn het van die pousdom gesê:

> *Sy koninkryk sal bestaan uit die praat van groot woorde, of lasterings, teen die Allerhoogste.*[5]

Dit is 'n godslasterende mag. Geen ander mag op aarde het dit nog gewaag om aansprake te maak soos dié van die pousdom nie. Die Rooms-Katolieke Konsilie van Trent het verklaar:

> *Ons bepaal dat die Heilige Apostoliese Stoel en die Roomse pous mag oor die hele wêreld het.*[6]

'n Ander waaghalsige aanspraak kom uit die mond van Pous Leo XIII:

> *Ons neem op aarde die plek van die Allerhoogste God in.*[7]

Die *"Catholic National"* van Julie 1895 sê:

> *Die pous is nie alleenlik die verteenwoordiger van Jesus Christus nie, maar hy is Jesus Christus self, verskuil onder 'n vleeslike dekmantel.*

’n Paar verdere voorbeelde van die aansprake met betrekkking tot hul posisie op aarde is die volgende:

> *Die pous is van so ’n groot waardigheid en so verhewe dat hy nie slegs ’n man is nie, maar inderwaarheid God en die plaasvervanger van God is ... Hy is insgelyks die goddelike monarg en oppermagtige keiser, en koning van die konings ... Sodat, indien dit moontlik was dat engele in die geloof sou struikel of gedagtes strydig met die geloof sou hê, die pous hulle kan oordeel en ekskommunikeer.*[8]

Kardinaal Bellarmine sê:

> *Al die name wat in die Skrif van toepassing op Christus is, deur middel waarvan dit vasgestel kan word dat hy oor die kerk is, al hierdie name word vir die pous aangewend.*[9]

> *Ons bepaal dat die Heilige Apostoliese Stoel en die Roomse pous mag oor die hele wêreld het.*[10]

Alhoewel die Bybel dit só duidelik stel dat dit godslasterlik is om daarop aanspraak te maak dat ’n mens sonde kan vergewe, maak die *“Catholic Encyclopedia”* tog die volgende stelling met betrekking tot pouslike gesag:

> *Hierdie geregtelike gesag sal selfs die mag om sonde te vergewe, insluit.*[11]

In die *“Catechism of the Catholic Religion”* (Kategismus van die Katolieke Godsdiens) word die vraag gestel:

> **VRAAG**: Vergewe die priester werklik die sonde of verklaar hy slegs dat die sonde vergewe is?
>
> **ANTWOORD**: Die priester vergewe werklik die sonde kragtens die mag wat deur Jesus Christus aan hom verleen is.”[12]

In (Waardigheid en Pligte van die Priester) word daar verklaar:

> *Die priester het die mag van die sleutels of die mag om die sondaars uit die hel te verlos, om hulle waardig vir die paradys te maak, en om hulle te verander van Satan se slawe tot kinders van God. En God self is verplig om die oordeel van sy priesters te eerbiedig,* óf *om nie te vergewe nie* ó*f om te vergewe... Wanneer Michael na 'n sterwende Christen toe kom wat sy hulp ingeroep het, kan die heilige aartsengel die duiwels verjaag, maar hy kan nie sy kli*ë*nt van die kettings wat hom bind, bevry totdat 'n priester aan hom kwytskelding verleen het nie.*[13]

Die pousdom verklaar nie net dat dit die plek van God inneem nie, maar eien homself wederregtelik die mag van God toe, asook Sy goddelike mag om die mens se sonde te vergewe. Hierdie is godslastering in die hoogste graad.

## 8. Dit sal "oorlog voer teen God se kinders"

Dit is 'n historiese feit dat die groot oorloë van Europa op grond van godsdiens plaasgevind het. Die Protestante van Europa was onophoudelik vervolg deur Rome. Europa was gedompel in die Dertig-jaar Oorlog sowel as die Honderd-jaar Oorlog met die uitsluitlike doel om die Protestantse Hervorming te vernietig. Die Waldense, die Albigense en die Hugenote was almal meedoënloos vervolg en die Inkwisisie het bevel gegee dat die wreedste moontlike straf deur die prinse van Europa uitgevoer moes word teen diegene wat geweier het om voor die oppergesag van Rome die knie te buig. In 1200 n.C. het Pous Innocent III aan die koning van Frankryk bevel gegee om die Albigense uit te roei omdat hulle geweier het om die pouslike leringe te aanvaar en die Bybel as die primêre Woord van God beskou het. Volgens die geskiedkundiges D'Aubigné en Wylie is daar meer as 'n miljoen van hierdie onskuldige mense in 'n enkele veldtog gedood. Johannes Calvyn skryf in 'n brief aan Keiser Charles V:

> *Ek ontken dat die Heilige Stoel ... die plaasvervanger vir Christus is, wat deur sy optrede bewys dat hy die Antichris is deur sy meedo*ë*nlose vervolging van die evangelie.*[14]

Die bekende Katoliek, Thomas Aquinas, het gesê dat veroordeelde ketters net so sekerlik as ander kriminele gedood word omdat hulle oneg is. In ’n Katolieke tydskrif lees ons:

> *Julle kan nie enige goddelikheid in ons siele aanwakker deur kermende verslae oor Katolieke gruweldade nie... Ons het nog nooit ‘n enkele reël geskryf ter verontskuldiging of versagting van die Inkwisisie nie. Ons het nog nooit gedink dat dit nodig was om dit te verdedig nie.*[15]

Die kerk geskiedkundige Philip Schaff sê:

> *Sover ons kennis strek, het die pouse nooit ’n woord in protes gerep oor die afskuwelikhede wat deur die Spaanse Tribunale beoefen is nie.*[16]

Die geskiedkundige Leeky sê:

> *Die Kerk van Rome het meer onskuldige bloed gestort as enige ander instansie wat ooit onder die mensdom bestaan het.*[17]

## 9. Die klein horinkie sal “probeer om tye en wet te verander”

Het die pouslike gesag enige poging aangewend om die wet van God te wysig en om met die vasgestelde tye te peuter? Die antwoord is inderdaad “ja.” Enige Katolieke kategismus sal aandui dat God se wet deur die pousdom verander is. ’n Vergelyking hiervan met die Bybel sal aandui dat daar met die Tien Gebooie gepeuter is. Die tweede gebod, wat na beelde en afgode verwys, is afwesig in die Katolieke kategismus. En om te vergoed vir die verlies van hierdie gebod is die tiende gebod in twee verdeel. Die vierde gebod wat die Sabbatdag behels (die enigste gebod wat met tyd verband hou) word, volgens die kategismus, die derde gebod, en die aanbiddingsdag is deur pouslike dekreet na die eerste dag van die week oorgeplaas (Saterdag na Sondag). Die bekende pousgesinde debatvoerder Dr. Eck het, toe hy vir Luther in 1553 ontmoet, gesê:

> *Daar is geen melding van die afskaffing van die Sabbat en die instelling van Sondag in die evangelies of in die geskrifte van Paulus – of in die hele Bybel nie; derhalwe is dié verandering teweeggebring deurdat die apostoliese kerk dit ingestel het sonder enige Skriftelike grondslag.*[18]

*"Catholic World"* sê:

> *Die kerk het die heidense filosofie geneem en dít die skild van geloof teen die ongelowige gemaak. Sy het die heidense Sondag geneem en dit die Christelike Sondag gemaak. Daar is in der waarheid iets vorstelik, iets koninkliks omtrent die son, wat dit 'n gepaste simbool vir Jesus, die Son van geregtigheid, maak. Gevolglik blyk dit dat die kerk in hierdie lande gesê het "Behou die ou heidense naam, dit sal gewyd, geheilig bly." En sodoende het die heidense Sondag, aan Balder toegewy, die Christelike Sondag geword, heilig vir Jesus.*[19]

Die *"Catholic Mirror"*, 23 September 1893 sê:

> *Die Christelike Sabbat is daarom tot vandag toe die erkende afstammeling van die Katolieke Kerk, as 'n eggenote van die Heilige Gees, sonder 'n woord van teregwysing vanaf die Protestantse wêreld.*

Vader Enright, *"Sentinel"*, Junie 1893 sê:

> *Die Bybel sê, "Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig." Die Katolieke Kerk sê, "Nee! Deur my goddelike mag het ek die Sabbatdag afgeskaf en bevel gegee om die eerste dag van die week te heilig, en sowaar, die hele beskaafde wêreld kniel in eerbiedige gehoorsaamheid aan die gebod van die Heilige Katolieke Kerk."*

*"Catechismus Romanus",* 1867, Hoofstuk 3, haal Pous Pius in 1566 aan:

> *Dit het die kerk van God behaag dat die godsdienstige viering van die Sabbatdag oorgeplaas word na die dag van die Here (Sondag).*

Pouslike Rome het dus met die wet van God gepeuter en het die verordeninge verander alhoewel die Bybel oor God verklaar:

> *"Want Ek, die HERE, het nie verander nie..."*
> Maleági 3:6.

## 10. Die heiliges "sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd."

> *... en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.* Daniël 7:25.

"Tyd" is een jaar en die periode wat as tyd en tye en die helfte van 'n tyd beskryf word, is dus 'n drie en 'n half jaar periode. Sommige van die moderne Bybelvertalings vertaal die teks as "drie en 'n half jaar." Vir verdere bevestiging vir hierdie tydsperiode kan 'n mens na Openbaring 12:14 gaan kyk waar dieselfde uitdrukking, naamlik "tyd en tye en die helfte van 'n tyd," gebruik word. In ander teksverse egter word dieselfde gebeurtenis anders uitgedruk en hierdie parallelisme gee ons groter duidelikheid aangaande die betrokke tydsbestek. In Openbaring 12:6 word dieselfde gebeurtenis weergegee as "duisend-twee-honderd-en-sestig dae," dit is 1260 profetiese dae, of drie en 'n half profetiese jare. In Bybelse profesie verteenwoordig 'n dag 'n tydperk van een jaar. In Númeri 14:34 staan geskrywe:

> *Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word.* (Lees ook Esegiël 4:6.)

*"Vir elke dag een jaar"* – 1260 dae word derhalwe 1260 jaar. Die woord wat hier vir "tyd" gebruik word, is die Aramese woord *"IDDAN"* wat 'n profetiese jaar bestaande uit 360 dae beteken. "Tyd en tye en die helfte van 'n tyd" verwys derhalwe na drie en 'n half profetiese jare bestaande uit 1260 profetiese dae. Dit word uitgelig in die parallelisme van die profesie in Openbaring waar die drie en 'n half jaar-periode gelykgestel word aan 1260 profetiese dae, oftewel 1260 letterlike jare. Ter opsomming kan ons dus sê:

| | | |
|---|---|---|
| ’N TYD (Een jaar) | = | 360 DAE *(Joodse jaar)* |
| EN TYE** | = | 720 DAE |
| EN DIE HELFTE VAN ’N TYD | = | 180 DAE |
| Totaal | = | 1260 DAE/JARE |

**In die *“Revised Standard Version”*-Vertaling van die Bybel word hierdie periode weergegee as *“two times”,* oftewel “twee tye”.

Die pousdom sou vir die periode van 1260 jaar die oorhand verkry en die heiliges vervolg. Die wetlik erkende heerskappy van die pousdom het in 538 n.C. ’n aanvang geneem toe Keiser Justinianus die Biskop van Rome verhef het tot Hoof van alle Kerke. Dit staan bekend as die Edik van Justinianus. Wanneer ons 1260 jaar by 538 n.C. voeg, kom ons by 1798 uit, die jaar waarin die pous deur die Franse generaal Berthier, onder Napoleon, gevange geneem is. Napoleon het oënskynlik die pousdom probeer verpletter en agtien maande later het die pous in ballingskap te Valence in Frankryk gesterf. Hierdie optrede het die pouslike gesag om dekrete af te dwing tot ’n einde gebring.

In die moderne wêreld sal dit vir menige mense ’n skok wees dat die Bybel die pousdom as die Antichris identifiseer. Die pousdom het homself in die plek van Jesus Christus op aarde gestel en het verklaar dat hy by magte is om as middelaar tussen God en die mens op te tree. Die groot hervormers was eendragtig in hul erkenning dat pouslike Rome die Antichris mag is en die Hervorming was die gevolg van hierdie erkenning. Deur van Rome af te skei, is die Bybel weer aan die mensdom beskikbaar gestel en baie hervormers was bereid om eerder te sterf as om die heilige bladsye van die Skrif te misken. Maar die Bybel voorspel ook dat dieselfde mag sal voortgaan om te heers tot aan die einde en weer sy dekrete in teenstelling met die voorskrifte van God sal afdwing.

## 11. Dit sal die hele aarde verslind

Pouslike Rome sal aan die einde van tyd weer eens dieselfde oppermag op internasionale skaal ontvang as wat dit tydens die Middeleeue gehad het oor die nasies van Europa. Hierdie verstommende profesie word huidiglik tot op die letter vervul, en in die diplomatieke wandelgange en deur middel van resolusies wat deur wêreld beheerliggame aangeneem word, sal die pouslike standaarde en dekrete weer eens deur die nasies as wet aanvaar word. Wêreldleiers het Rome reeds die erkenning waarna sy gesmag het, gegee

en het haar as die "morele supermag" toegeroep. Hulle het Rome erkenning gegee vir die val van kommunisme, en godsdiensliggame is besig om die pouslike oppergesag in godsdienstige sake te aanvaar. Die kwessies wat hierby betrokke is, is kolossaal en dit sal in latere hoofstukke bespreek word.

## 12. Dit sal heers tot die Oue van Dae kom

Die pouslike oorheersing tydens die Middeleeue was in 1798 tydelike onderdruk toe Napoleon Rome binnegeval het, en die pous gevange geneem en in ballingskap geplaas is. Rome het sy soewereiniteit verloor, maar het dit in 1929 herwin toe Mussolini die pouslike state aan die pousdom teruggegee het. Die Bybel voorspel dat die klein horinkie weer eens sal uitstyg en die oppermag wat dit tydens die Middeleeue geniet het, sal bereik. (Die vervulling van hierdie profesie sal in Hoofstuk 7, *Twee Diere Raak Bevriend* bespreek word).

Die feit dat die klein horingmag tot en met die koms van die Oue van Dae sou bestaan, maak dit onmoontlik vir die algemeen aanvaarde siening dat Antiochus Epiphanes, 'n koning van die Seleukiede Dinastie van Griekeland wat die tempel te Jerusalem ontheilig het, die Antichris kon wees. Hierdie algemeen aanvaarde siening van preteriste word verder onmoontlik gemaak omdat Jesus, Paulus en Johannes na die Antichris verwys het as 'n toekomstige mag. Slegs die pousdom voldoen aan die tydperk wat in Daniël 7 gegee word.

## 13. Die heerskappy sal hom ontneem word.

> *Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig.*
> Daniël 7:26.

Die klip sal die voete van die beeld (iets wat soos die werklike lyk, maar slegs 'n illusie is) tref en al die koninkryke met hul aardse vertoon en gewaande geestelike magte sal verpletter word met die koms van die HERE van die leërskare. Misleiding sal tot 'n einde kom en Jesus verklaar:

> *Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.* Matthéüs 24:35.

> *Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is... Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak...* 2 Thessalonicense 2:3-4, 7-8.

Paulus sê *"eers moet die afval* (van die kerk) *kom."* Dit beteken dat die kerk in geloofsversaking sal verval voor "daardie dag," wat die wederkoms van Christus is. Die "seun van die verderf" is 'n "teëstander" van God en eien onregmatiglik God se posisie aan homself toe. Hy, as God, sit instede van God in die tempel van God en gee voor dat hy God is. Dít is die Antichris, die een in die plek van die ware Christus.

Paulus sê dat die "verborgenheid van die ongeregtigheid" reeds in sý tyd aan die werk was en dat dit sou groei tot volle openbaring voor die wederkoms van die Here. Die geskiedkundige, Philip Schaff, lewer die volgende kommentaar oor die afvalligheid van die kerk:

> *Geen kerk... in die Christendom het ooit so laag gedaal as die Latynse Kerk in die tiende eeu nie.*[20]

Wie sit in die tempel van God en gee voor dat hy God is? Die bekende Franse hervormer, Johannes Calvyn, het die Antichris geïdentifiseer. Hy skryf in 1536:

> *Daniël en Paulus het voorspel dat die Antichris in die tempel van God sal sit... Ons bevestig dat dit die pous is... Sommige mense dink ons is te kras en te krities wanneer ons die Roomse pous die "Antichris" noem, maar diegene wat hierdie standpunt huldig, dink nie daaraan dat hulle dieselfde klag van aanmatiging teen Paulus, vir wat ons aanhaal, inbring nie.*[21]

Martin Luther het ook die Antichris geïdentifiseer na aanleiding van sy studies van die sendbrief van Paulus aan die Thessalonicense, en die profetiese boeke van Daniël en Openbaring. In 1520 skryf Luther aan sy goeie vriend Spalatin:

> *Ek is vir alle praktiese doeleindes in 'n hoek gedryf en kan beswaarlik langer twyfel dat die pous werklik die Antichris is... want alles stem so presies ooreen met wat sy leefwyse, handelinge, woorde en gebooie aangaan.*[22]

Calvyn en Luther was nie die enigste kerkleiers wat die Antichris ontdek het nie. 'n Hele klomp hervormers soos Thomas Cranmer, John Wycliffe, John Huss, Jerome, Savonarola, John Knox en John Melanchthon het almal die pousdom as die Antichris geïdentifiseer. Luther het ronduit erken:

> *Ons is nie die eerste wat die pousdom as die koninkryk van die Antichris interpreteer het nie... Hy (John Purvey in 1390 n.C.) het korrek en waarlik die pous as die "Antichris" verklaar want hy is... inderdaad 'n getuie, vooraf deur God voorbeskik om ons leerstelling te bevestig.*[23]

Die identiteit van die Antichris was duidelik aan die hervormers bekend. Hulle het dit selfs in klip bokant die Ratshaus te Nürnberg uitgekap sodat toekomstige geslagte dit nie sal vergeet nie. Dieselfde pouslike gesag sal homself weer in die laaste stadiums van die aardse geskiedenis openbaar en as ons nie deur die subtiliteit van hierdie mag meegesleur wil word nie, moet ons gegrond wees op die Skrif, en glo in "een Here, een Koning, die Koning van die konings, die HERE van die here, Jesus Christus ons Verlosser."





***Diagram 4.3** – Tydlyn wat die 1260 dae (jaar) pouslike oppergesag toon*





*Diagramme 4.4 & 4.5 – Nürnberg, Duitsland, was in 1524 die eerste stad om die beginsels van die Reformasie aan te neem. Sodat die wêreld nooit sou vergeet hoekom hulle "Sola Scriptura" en "Sola Gratia" gekies het nie, het hulle hierdie beeldhouwerke bokant die deure van die Ratshaus (Stadsaal) uitgekap. Hier (bo links) is die gevleuelde leeu langs Nebukadnésar, wat sy koninkryk as Babilon identifiseer en (bo regs) die beer met die drie ribbes in sy mond langs Kores, wat hierdie koninkryk as Medo-Persië identifiseer. Links onder sien ons duidelik die luiperd met vier koppe langs Alexander wat hierdie koninkryk as Griekeland identifiseer en so ook onder regs die vreeslike dier met die tien horings langs Julius Caesar wat hierdie ryk as die Romeinse Ryk identifiseer. Op een van die tien horings kan die pouslike kroon gesien word wat die pousdom as die klein horingmag identifiseer. Selfs in 1524 was die kennis met betrekking tot die identiteit van die Antichris bekend vir almal wat dit gesoek het.*



## VERWYSINGS

[1] Frank Breaden, *New Pictorial Aid for Bible Study*, Signs Publishing Co., 1987.
[2] *The Papal Monarchy*, pp. 45-46 deur W.F. Barry.
[3] Henry Kardinaal Manning, *The Temporal Power of the Vicar of Christ*, (1862), p. 46.
[4] D'Aubigné, *History of the Reformation*, Boek 6, Hoofstuk 3.
[5] *Institutes*, Vol. 2, p. 410.
[6] *The Most Holy Councils*, Vol. XIII, kolom 1167.
[7] *The Great Encyclical Letters of Pope Leo XIII*, Encyclical Letter, 20 Junie 1894.
[8] "Extracts from Ferraris' Ecclesiastical Dictionary," Artikel oor die Pous.
[9] "On the Authority of Councils," Vol. 2, p. 266.
[10] "The Most Holy Councils," Vol. 13, kol. 1167.
[11] *Catholic Encyclopedia*, Vol. 12, article "Pope," p. 265.
[12] *Catechism of the Catholic Religion*, by Joseph deHarbe, p. 279.
[13] *Dignity and Duty of the Priest*, (1927), pp. 27, 31, Redakteur E. Grimm.
[14] *Tracts Relating to the Reformation*, Vol. 1, pp. 219, 220.
[15] *Western Watchman*, 21 November 1912.
[16] Philip Schaff, *History of the Christian Church*, Vol 5, p. 539.
[17] *History of Nationalism in Europe*, Vol.2, p. 32, 1910 Uitgawe.
[18] *Enchiridion*, pp. 78, 79.
[19] *Catholic World*, Maart 1894, p. 809.
[20] Philip Schaff, *History of the Christian Church*, Vol. 4, p. 280.
[21] L.E. Froom, *Prophetic Faith of our Fathers*, Vol. 2, p. 437.
[22] Martin Luther, *Schriften*, Vol. 214, kol. 234.
[23] Martin Luther, *Commentarius in Apocalypsin*, Purvey, Reprint preface.
[24] Carl Conrad Eckhardt, *The Papacy and World Affairs*, Chicago: The University of Chicago Press, 1937, p. 1.
[25] *Leviathan*, p. 457.

# 5

# DIE MISDAAD VAN DIE EEUE

Volgens Levitikus 26 het God sy volk, Israel aangespreek om in sy weë te wandel en dan gaan Hy voort om die seëninge op te noem wat voortvloei uit gehoorsaamheid, asook die rampe wat sou volg indien hulle sou besluit om hul rug op Hom te keer. In die groot stryd tussen goed en kwaad is daar slegs twee kante – dié wat hulself plaas onder die heidense vaandel van die Satan en diegene wat hulself plaas onder die bloedbevlekte vaandel van Prins Immanuel. Paganisme is die Satan se antwoord op die evangelie. Dit streel die sintuie, is tasbaar en omdat dit 'n sisteem van verlossing deur werke is, vind dit byval by die gevalle mensdom. Om verrukking te sien, te voel, aan te raak, te doen en te ervaar, dít is alles dinge wat vir die mens se psige werklik is, en as gevolg hiervan is paganisme so aanloklik en gevaarlik. Die inleiding tot God se lys van seëninge en rampe wat in Levitikus opgeteken is, lui as volg:

> *Julle mag vir julle geen afgode maak nie; en 'n gesnede beeld of 'n klippilaar mag julle vir julle nie oprig nie en 'n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die HERE julle God. My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE.* Levitikus 26:1-2.

Ten eerste is daar die waarskuwing teen afgodery en dan die vermaning om God se Sabbatte te onderhou en om eerbied vir Sy heiligdom te betoon. Afgodery is in direkte teenstelling met hierdie verordeninge van God. Die Sabbat van die Tien Gebooie en die sabbatte van die seremoniële wet het die kinders van God onderskei van al die ander nasies en het hulle aan God verbind as Sy verbondsvolk. God noem die Sabbat van die Tien Gebooie 'n ewige teken tussen hulle en Hom, want Hy is die Een wat hulle heilig (Exodus 31:17). Die heiligdom het die weg na redding aangewys by wyse van die bloed van die Lam en nie deur werke nie. Die heiligdom leer ook dat redding buite onsself te vinde is. Dit is 'n gawe van God en dit kan slegs deur Jesus Christus bekom word. Wat 'n verootmoedigende gedagte vir die onvernieude gemoed.

Die Tien Gebooie weerspieël God se karakter. Die eerste vier gebooie het betrekking op die mens se verhouding met God. Die laaste ses het betrekking op die mens se verhouding met sy medemens. Wanneer die gebooie individueel beskou word, is daar onafwendbare logika vir elkeen. Dit is duidelik waarom ons nie moord mag pleeg nie of nie vir mekaar mag lieg nie of nie van mekaar mag steel nie. Om te begeer wat aan jou naaste behoort, het al baie weemoed in die geskiedenis van die mens tot gevolg gehad.

Die Sabbatsgebod verskil van die res. Daar is absoluut geen logika omtrent hierdie gebod nie. Daar is geen spesifieke rede waarom 'n mens die sewende dag Sabbat moet onderhou nie anders as die feit dat God dit spesifiek beveel het. Meer as enige ander gebod is die Sabbat dus 'n toets van geloof. Die Sabbatsgebod bevat elemente wat nie in een van die ander gebooie voorkom nie. Dit dui die Naam van die Wetgewer aan (God of YHWH), Sy magsgebied (hemel en aarde), en Sy titel (Skepper). Hierdie drie komponente omvat wat bekend staan as 'n seël en verleen gesag aan die wet. Die Tien Gebooie verkry hul geldigheid slegs van die koninklike seël van die Skepper-God wat in die Sabbatsgebod omvat is.

> *Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die* ***HERE*** *(Naam)* ***die hemel en die aarde*** *(magsgebied)* ***gemaak*** *(Skepper), die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.*
>
> Exodus 20:8-11. (Klem bygevoeg.)

In antieke tye was daar van konings vereis dat hulle hul wette en dekrete deur middel van ’n koninklike seël bekragtig (Daniël 6:8; 1 Konings 21:8). Sonder ’n koninklike seël kon geen wet geldig wees nie. Bowendien, selfs met so ’n koninklike seël was ’n wet slegs geldig in die jurisdiksie van daardie koning. (Kanadese wette sal nie in Switserland geldig wees nie. Dekrete wat deur ’n president van een land uitgevaardig word, sal nie van toepassing wees in enige ander land nie.) Derhalwe kan daar gesê word dat geen wet op enige plek sonder ’n seël geldig sal wees nie. Net so die Tien Gebooie.

Ten einde die betekenis van die Sabbat te verstaan, moet ons na die ontstaan daarvan gaan kyk. Die Sabbat is met die skepping ingestel (Génesis 2:1-3). Dit was dus nie ’n Joodse instelling nie, maar ’n instelling wat sy ontstaan gehad het in die bakermat (met die skepping van die mens). In die Sabbatsgebod dien die Sabbat as herinnering aan die skeppingsdaad van God. En in Deuteronómium 5:15 dien die Sabbat as ‘n teken van God se verlossingsdaad:

> *En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland ’n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur ’n sterke hand en ’n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou.*

Alle mense is slawe van die sonde, en God in Jesus Christus het ons uit die sonde uitgelei deur ’n sterke hand en ’n uitgestrekte arm. Die Sabbat dien dus as ’n voortdurende herinnering aan God se verlossingsdaad. Die Bybel leer ons dat Christus self die Skepper is (Efésiërs 3:9, Kolossense 1:16, Hebreërs 1:2). Die Sabbat was ’n toets van gehoorsaamheid (Exodus 16:4-5) en ’n gedenkteken wat vir ewig sal staan (Exodus 31:16-17).

Die belangrikheid van die Sabbat as ’n toets kan nie oorskat word nie. God kon enige gedenkteken vir Sy verlossingsdaad gekies het, maar Hy het verkies om ’n gedenkteken te kies wat in tyd vasgelê is. Tyd kan nie uitgewis of geëlimineer word op dieselfde wyse as wat ’n fisiese gedenkteken, soos byvoorbeeld ’n stad of heilige plek, uitgewis kan word nie.

As Christus, die Skepper, self die Sabbat ingestel het vir die mens (Markus 2:27), dan kan ’n mens wel vra waarom Hy dit sou verander? Jesus het die Sabbatdag inderwaarheid getrou onderhou. Hy het selfs die Sabbatdag gebruik om Sy sending na die aarde aan te kondig (Lukas 4:16, 18-19; Johannes 9:14; Matthéüs 12:8, 12; Lukas 13:14-17). Volgens Jesaja 42:21 voorspel die profeet dat die Messias sou kom om die wet te verheerlik,

nie om dit af te skaf of van nul en gener waarde te maak nie. En in Matthéüs 24:20 verwys Jesus na die Sabbat met betrekking tot toekomstige geslagte. Die dissipels van Jesus het ook die Sabbatdag onderhou (Handelinge 13:14, 42; 16:13; 17:1-2; 18:3-4, 11). Christene, vasberade om te bewys dat die Sabbat oorgeplaas is van Saterdag na Sondag, gebruik agt teksverse in die Bybel om hierdie siening te regverdig. Hierdie verse is:

## Eerste Teksvers:

> *En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.* Matthéüs 28:1.

Dit was ná die opstanding neergepen en inspirasie maak geen melding van ’n verandering van die Sabbatdag nie.

Die Nuwe Afrikaanse Bybel (1983) vertaal die teksvers as volg:

> *Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.*

Waar die Ou Afrikaanse Bybel (1953) dit as *“eerste dag van die week”* het, word dit in die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) vertaal as *“Sondagmôre.”*

’n Geskiedkundige rekord van die feit dat die twee Marias teen ongeveer sonop op Sondag die graf besoek het, is Matthéüs se enigste getuienis. Twee dae word hier genoem. Aan die een word ’n heilige titel gegee, “laat ná die sabbat,“ en aan die ander, ’n numeriese waarde, naamlik “die eerste dag van die week.” Let ook daarop dat die eerste dag nie begin het vóór “ná die sabbat“ nie. Aangesien beide die Sabbat en Sondag (eerste dag van die week) in hierdie teksvers genoem word, waarom het Matthéüs nie die oorplasing van Saterdag die Sabbat na Sondag die eerste dag van die week as ’n heilige kerklike gebruik hier in verband gebring nie?

Sondagsheiliging ontbreek hier en dit word nie in die verse wat die vers onder bespreking voorafgaan of dié wat daarop volg, verduidelik nie. Maria het inderwaarheid nie Jesus se liggaam op die Sabbat versorg nie, omdat sy volgens die gebod op daardie dag gerus het.

> *Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die sabbat gerus volgens die gebod.* Lukas 23:56.

## Tweede Teksvers:

> *En toe die sabbat verby was, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf. En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf.* Markus 16:1-2.

Markus se weergawe was, volgens sommige geleerdes, ongeveer tien jaar na die opstanding weergegee. Markus verwys na dieselfde gebeurtenis as dié wat deur Matthéüs beskryf is en hy stem met Matthéüs saam dat die Sabbat verby was. Weer eens het ons Bybelse bewys dat die Sabbat en die "eerste dag" twee verskillende en aparte dae is. Volgens hierdie teksvers koppel Markus beslis geen heiligheid aan die eerste dag van die week nie. Hierdie intieme volgelinge van Jesus het op Sondag na die graf gegaan om te werk – die gebruiklike balseming van die liggaam van die gekruisigde Christus. Hulle was bewus dat daar geen heiligheid aan dié dag verbonde was nie en hulle was gereed om 'n baie onaangename taak uit te voer.

## Derde Teksvers:

> *En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdaléna, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het.* Markus 16:9.

Dié teksvers verklaar dat Christus *"vroeg op die eerste dag van die week"* opgestaan het, maar geen woord word gerep dat Sondag van toe af die nuwe Christelike Sabbat sou wees nie.

## Vierde Teksvers:

> *En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek. En die vroue wat saam met Hom van Galiléa gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe sy liggaam neergelê was. Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die sabbat gerus volgens die gebod. En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was.* Lukas 23:54, 56; 24:1.

Christus is op Goeie Vrydag in die namiddag gekruisig voordat die son onder gegaan het en dit "*was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek.*"

Vrydag was die *"dag van voorbereiding"* genoem wat voorbereiding vir die Sabbat impliseer. Die Sabbat breek aan met sonsondergang (Levitikus 23:32). Die Sabbat is gevier vanaf Vrydagaand tot Saterdagaand. By die skepping reeds het God die berekening van die dae vanaf sononder tot sononder vasgestel. Ons lees in Génesis 1:5, 8:

> *En dit was aand en dit was môre, die eerste dag... En dit was aand en dit was môre, die tweede dag.*

## Vyfde Teksvers:

> *En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was.*
> Johannes 20:1.

Ons is almal bewus daarvan dat die evangelies van Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes elkeen parallele weergawes van Christus se werk op aarde gee. Dit is die rede vir die herhalings in die vyf teksverse hierbo aangehaal. Niks word daarin gesê van Sondagsheiliging nie, niks wat voorstel dat Sondag as die Sabbat onderhou moet word nie.

## Sesde Teksvers:

> *En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: "Vrede vir julle!"* Johannes 20:19.

Die teksvers noem niks daarvan dat die dissipels 'n byeenkoms gehou het ter verering van Christus se opstanding nie. Inderwaarheid het hulle, volgens Lukas se verslag, die opstanding as *"onsinnige praatjies"* beskou *"en hulle het hul nie geglo nie"*. (Lukas 24:11).

> *En dit was Maria Magdaléna en Johanna en Maria, die moeder van Jakobus, en die ander vroue saam met hulle wat dit aan die apostels vertel het. En hul woorde het vir hulle na onsinnige praatjies gelyk, en hulle het hul nie geglo nie.* Lukas 24:10-11.

Dit word duidelik in Johannes 20:19 gestel dat *"die deure gesluit was,"* nie omdat die dissipels 'n byeenkoms gehou, of die opstanding gevier het nie, maar *"uit vrees vir die Jode."* Hulle het vir die Joodse vervolgers weggekruip. Hulle het "*uit vrees"* byeengekom, nie om te aanbid nie. Terwyl dit waar is dat Christus op Paassondag uit die graf opgestaan het, is daar geen bewys vir die onderhouding van Sondag ter ere van die opstanding nie. Die Bybel leer dat die ***doop*** die gedenkteken van Christus se opstanding is – nie Sondag nie.

> *... waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red ... deur die opstanding van Jesus Christus.* 1 Petrus 3:21.
> (Sien ook Romeine 6:3-4; Kolossense 2:12.)

## Sewende Teksvers:

Terwyl Lukas in die boek Handelinge soveel as vier-en-tagtig keer melding gemaak het van dienste op die Sabbat, is daar slegs een "eerste dag" teksvers in Handelinge en dit steun ook nie Sondagsheiliging nie. Die teksvers lui:

> *En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe.*
> Handelinge 20:7.

In die *New English Bible* word die tyd van hierdie byeenkoms geïdentifiseer:

> *"... the disciples came together to break bread, on the* ***Saturday night****..."* Acts 20:7. (Klem bygevoeg.)

> *... het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe.* Hand. 20:7.

Dit wil sê, "… die dissipels het bymekaar gekom om brood te breek, op die **Saterdagaand** …" (Klem bygevoeg.)

'n Aandbyeenkoms wat op die eerste dag van die week plaasvind, word aangeteken. Dit beteken dat, aangesien die Sabbat met sonsondergang geëindig het (die Sabbat strek van sonsondergang Vrydagaand tot sonsondergang Saterdagaand soos reeds gemeld), die eerste dag van die week aangebreek het volgens Bybelse tydsberekening. Die *New English Bible* stel hierdie teksvers in hedendaagse taal en gebruik die woorde "op die Saterdagaand." Dit is opgeteken dat Paulus sy rede gerek het tot middernag op Saterdag. Vers 8 lees as volg:

> *En daar was baie lampe in die bovertrek waar hulle vergader het.*

Paulus het die hele dag lank by hulle gekuier en klaarblyklik het hulle vir hom oorreed om daardie nag oor te bly en om hulle verder toe te spreek. Vers 11 van die hoofstuk lees:

> *... hy het nog lank met hulle gepraat,* ***tot dagbreek,*** *en daarna vertrek.* *(ANV)* (Klem bygevoeg.)

Paulus het nie op die Sondag aangebly soos 'n mens sou dink, as die Sondag heilig was nie. Dit was inderdaad eers ná die Sabbat dat die dissipels bymekaargekom het om brood te breek (om 'n maaltyd saam te nuttig) en Paulus hulle toegespreek het tot dagbreek toe (Sondagoggend). Daarna het hy op 'n lang reis te voet vertrek. In hierdie geval het hy byna dertig

kilometer ver vanaf Troas na Assus toe gereis waar hy aangesluit het by die res van die sendelinge aan boord van hul skip. Op dieselfde dag het hulle na Mitiléne gegaan – 'n afstand van vyf-en-sestig kilometer, en al hierdie reise is op Sondag onderneem (Handelinge 20:13-14). Die teksvers ondersteun dus Sabbatsheiliging eerder as Sondagsheiliging. Die feit dat hulle op Sondag saam brood gebreek het, word dikwels gebruik ter ondersteuning van Sondag as aanbiddingsdag. Maar hierdie argument kan nie gebruik word nie, aangesien die dissipels elke dag van die week byeengekom het om saam brood te breek.

> *En **dag vir dag** het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet.* Handelinge 2:46. (Klem bygevoeg.)

Deelname aan die nagmaal is nie beperk tot Sondag nie:

> *Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.* 1 Korinthiërs 11:26.

## Agtste Teksvers:

> *Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.* 1 Korinthiërs 16:1-2.

Paulus verwys hier na tiendes en offergawes wat opsy gesit moes word vir God se werk. Dit moes op die eerste dag van die week geskied. Net soos in die res van die wêreld, het die arbeider sy loon aan die einde van die werksweek (Vrydag) ontvang. Paulus het die heiligheid van die Sabbat so hoog geag dat hy voorgestel het dat die berekening van tiendes en offergawes nie in die periode van die voorbereiding vir die Sabbat of op die Sabbat moes plaasvind nie. Hy het voorgestel dat hierdie werk liewer op die eerste dag van die week moet plaasvind sodat dit nie in die week wat voorlê op minder belangrike items uitgegee word nie. Eerder as om afbreuk te doen aan die Sabbat, steun hierdie teksvers ook weer eens die Sabbat.

## Verwysings na die Dag van die HERE

Teksverse wat dikwels aangehaal word ter ondersteuning van Sondag as die Sabbat, maar wat tog nie na Sondag (die eerste dag) verwys nie, is:

> *Ek was in die Gees op die dag van die Here...* Openbaring 1:10.

> *Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.* Markus 2:28.

As Christus die HERE van die Sabbat is, dan is die Sabbat gevolglik die dag van die HERE. Die gebod verwys daarna as: *"die sabbat van die HERE jou God"* – Exodus 20:10; sien ook Jesaja 58:13.

Die oorspronklike Sabbat, Saterdag, is die dag van die Here. Maar in 'n poging om Sondagsheiliging te bevorder, het Biskop Sylvester in 325 n.C. die term "dag van die Here" toegepas op Sondag sonder enige Bybelse magtiging daarvoor.

Die enigste ander teksvers wat na die *"dag van die Here"* verwys, is dit wat in die boek van die profeet Jesaja gevind word, waar na die Sabbat verwys word as die heilige dag van die HERE (Jesaja 58:13).

## Kolossense 2 en die Sabbat

Die onderhouding van die sewende dag Sabbat word deur moderne teoloë gekritiseer op grond van Paulus se geskrifte in die boek Kolossense. In Kolossense 2:11-17 vermaan Paulus Christus se volgelinge om nie 'n wettiese godsdiens na te volg nie. Hy verwys na die skuldbrief wat aan die kruis genael is met die finale aanmaning:

> *Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.* Kolossense 2:16-17.

Die skuldbrief met sy insettinge verwys na die seremoniële of skadu-wette wat gewys het na Christus se bediening. (Sien Hoofstuk 2, *'n Advokaat vir ons Tyd*). Die sabbatte waarna in vers 16 verwys word, word genoem tesame met

kos, drank en feeste wat nie een in die Morele Wet voorkom nie. Paulus sê derhalwe dat die seremoniële wet met al die spesiale sabbatte hul vervulling in Christus gevind het. Hulle is bloot *"'n skaduwee ... van die toekomstige dinge"* (Christus) soos hy dit in vers 17 stel. Die Sabbat van die Tien Gebooie is 'n gedenkteken vir die skepping en verlossing, en is nie 'n skaduwee van toekomstige dinge nie. Christus het nie die wet afgeskaf nie. Inteendeel sê Hy:

> *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.* Matthéüs 5:17.

> *As julle My liefhet, bewaar my gebooie.*
> Johannes 14:15.

Die Bybel leer ons dat God nie verander nie.

> *Want Ek, die HERE, het nie verander nie.* Maleági 3:6.

Soos 'n mens duidelik uit Diagram 5.1 kan sien, is God se wet 'n afbeeldsel van Sy karakter. Dit kan net so min verander as wat die ewige God self kan verander.

## VERGELYKING VAN GOD MET SY WET[1]

| GOD | SY WET |
|---|---|
| God is Geestelik – *Johannes 4:24* | Sy wet is Geestelik – *Romeine 7:14* |
| God is Liefde – *1 Johannes 4:8* | Sy wet is Liefde – *Matthéüs 22:37–40* |
| God is Waarheid – *Johannes 14:6* | Sy wet is Waarheid – *Psalm 119:142* |
| God is Geregtigheid – *1 Korinthiërs 1:30* | Sy wet is Geregtigheid – *Psalm 119:172* |
| God is Heilig – *Jesaja 6:3* | Sy wet is Heilig – *Romeine 7:12* |
| God is Volmaak – *Matthéüs 5:48* | Sy wet is Volmaak – *Psalm 19:8* |
| God is Ewig – *Psalm 29:10* | Sy wet is Ewig – *Psalm 111:7-8* |
| God is Goed – *Lukas 18:19* | Sy wet is Goed – *Romeine 7:12* |
| God is Regverdig – *Deut. 32:4* | Sy wet is Regverdig – *Romeine 7:12* |
| God is Rein – *1 Johannes 3:3* | Sy wet is Rein – *Psalm 19:9* |
| God is Onveranderlik – *Jakobus 1:17* | Sy wet is Onveranderlik – *Matthéüs 5:18* |

*Diagram 5.1*

## Jesus en die Sabbat

Het Jesus die wet of die Sabbat gewysig? Nee. Hy het Sy Vader se gebooie onderhou, want Hy sê:

> *As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.* Johannes 15:10.

Volgens Lukas 4:16 het Jesus die Sabbat onderhou:

> *Toe kom Hy in Násaret ... en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.*

In Sy verwysing na die val van Jerusalem in 70 n.C. het Hy ook aangedui dat die Sabbatdag vir minstens veertig jaar na die kruis sou geldig wees, met die woorde:

> *En bid dat julle vlug (uit die stad uit) nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.* Matthéüs 24:20.

## Die Dissipels en die Sabbat

Die dissipels en die volgelinge van Christus is niks geleer aangaande die verandering van die Sabbat van Saterdag na Sondag nie, want ook hulle het Saterdag onderhou ingevolge die bepalings van die gebod. Lukas 23:55-56 lees:

> *En die vroue wat saam met Hom van Galiléa gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe sy liggaam neergelê was. Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die sabbat gerus volgens die gebod.*

Soos ons in Hoofstuk 2 gesien het, word die hele morele wet van God in die Nuwe Testament weergegee. (Sien Diagram 2.2 op bladsy 44.)

> *Het Paulus of die apostels die Sabbatdag verander van Saterdag na Sondag?*

In die boek van Handelinge in die geïnspireerde Woord van God het Lukas meer as vier-en-tagtig gevalle opgeteken waar die Sabbat deur Paulus en sy metgeselle onderhou is, soos voorheen vermeld. Ons let eerstens op in Handelinge 13:14:

> *Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochíë in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit.*

Hierdie gebeurtenis was in 45 n.C., veertien jaar na die opstanding, en Paulus en sy metgeselle het nog steeds die Sabbat onderhou. Hy het nie sinagoge toe gegaan om net vir die Jode te preek nie, want verse 42 en 44 voeg die volgende by:

> *En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord wat gespreek sou word, te hoor.*

Die heidene het ook die Sabbat saam met Paulus onderhou en hulle het die *"woord van God"* gehoor. Geen aanduiding van 'n verandering kan gevind word nie. Buiten dat hulle in die sinagoges aanbid het, het hulle ook *"op die sabbatdag ... uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier... "* (Handelinge 16:13). Dit was twee-en-twintig jaar na die opstanding, in 53 n.C.

As ons verder lees, kom ons by Handelinge 17:2:

> *En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte.*

En laastens:

> *En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.*
> Handelinge 18:1, 4.

Vers 11 voeg die volgende by:

> *En hy het daar gebly 'n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer.*

Aangesien hierdie periode 'n totaal van agt-en-sewentig weke beslaan (Paulus het op agt-en-sewentig Sabbatte gepreek) en indien dit by die bogenoemde getel word, gee dit 'n totaal van vier-en-tagtig Sabbatte waarvan die Skrif melding maak dat Paulus en sy metgeselle op die Sabbat aanbid het.

Saterdag, die sewende dag Sabbat word geleer en aanbeveel aan Christene regdeur die Skrif, terwyl daar nie een teksvers in die hele Bybel is wat Sondagsheiligheid leer nie. As die Sabbat nie deur God of Christus of die apostels verander is nie, wie het dit verander? Ons moet buite die Bybel gaan soek vir die verandering van Saterdag na Sondag.

## Pouslike Gesag en die Verandering van die Sabbat na Sondag

Die pousdom is die een organisasie wat daarop aanspraak maak dat hy verantwoordelik is vir die verandering van die Sabbat na Sondag. Die Rooms-Katolieke priester, Vader T. Enright, C. SS. R. van *"Redemptor College"*, sê in *"The American Sentinel"*:

> *Ek het herhaalde male die bedrag van $1 000 aan enigiemand aangebied wat vir my uit die Bybel alleen kan bewys dat ek gebonde is om Sondag heilig te hou. Dit is 'n wet van die Heilige Rooms-Katolieke Kerk alleen. Die Bybel sê: "Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig hou." Die Rooms-Katolieke Kerk sê, "Nee – deur my goddelike mag stel ek die Sabbatdag ter syde en beveel jou om die eerste dag van die week heilig te hou." En kyk! Die hele beskaafde wêreld kniel in eerbiedige gehoorsaamheid voor die gebod van die Rooms-Katolieke Kerk.*[2]

James Kardinaal Gibbons het verklaar:

> *Jy kan die Bybel van Génesis tot Openbaring lees en jy sal nie een enkele reël vind wat die heiliging*

> *van die Sondag magtig nie. Die Skrifte beveel die godsdienstige onderhouding van Saterdag, 'n dag wat ons (Katolieke) nooit heilig nie.*[3]

> *Sondag is 'n Katolieke instelling en sy onderhouding kan slegs op Katolieke beginsels verdedig word... Van die begin tot die einde van die Skrif is daar nie een enkele paragraaf wat volmag verleen aan die oorplasing van die weeklikse openbare aanbidding van die laaste dag van die week na die eerste nie.*[4]

> *Die Katolieke-Kerk het meer as 1000 jaar voor die bestaan van 'n Protestant, uit krag van haar goddelike sending die dag VERANDER van Saterdag na Sondag.*[5]

In die *"New Jersey News"* van 18 Maart 1903 plaas Vader Brady 'n artikel waarin hy sê:

> *Dit is goed om die Presbiteriane, Metodiste en al die ander Christene daaraan te herinner dat die Bybel nêrens hulle onderhouding van Sondag ondersteun nie. Sondag is 'n instelling van die Rooms-Katolieke Kerk en diegene wat daardie dag onderhou, onderhou 'n gebod van die Katolieke Kerk.*

*"The Catholic Virginian"* van 3 Oktober 1917 maak die volgende verklaring:

> *Nêrens in die Bybel vind ons dat Christus of die apostels beveel het dat die Sabbat verander moet word van Saterdag na Sondag nie... Vandag onderhou die meeste Christene Sondag, want dit is aan ons deur die Kerk (Roomse) gegee, buite die Bybel.*

*"The Catechism of the Catholic Doctrine"* verklaar:

> *Vraag:* Watter dag is die Sabbatdag?
> *Antwoord*: Saterdag is die Sabbatdag.

> *Vraag*: Waarom onderhou ons Sondag in plaas van Saterdag?
> *Antwoord*: Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag, want die Rooms-Katolieke Kerk het in die Konsilie van Laodicea (336 n.C.) die plegtigheid van Saterdag oorgeplaas na Sondag.[6]

Op 25 Januarie 1910 het hierdie kategismus die "apostoliese seën" van Pous Pius XI ontvang. In Oos-Afrika word die kategeet gevra:

> *Vraag*: Wat is die derde gebod?
> *Antwoord*: Die derde gebod is "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig."
> *Vraag*: Wat word ons deur die derde gebod beveel?
> *Antwoord*: Deur die derde gebod word ons beveel om Sondag heilig te hou.[7]

In 'n afskrif van *"The New Revised Baltimore Catechism"* lees ons:

> *Die vroeë Kerk het die aanbiddingsdag van Saterdag na Sondag verander deur die gesag wat daaraan verleen is deur Christus. Die Nuwe Testament maak geen melding daarvan dat die apostels die aanbiddingsdag verander het nie, maar ons weet dit uit tradisies.*[8]

Wat presies is ons outoriteit – die Bybel of Tradisie? Wat het Christus aangaande die kwessie te sê gehad?

> *Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering? So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.* Matthéüs 15:3, 6, 9.

Aangesien die Sabbatsgebod die een is wat die gesag van die Wetgewer benadruk, is dit betekenisvol dat dit juis hierdie gebod is wat verander is. Deur die verandering van die Sabbat is daar dan ook 'n verandering in die gesag van die wetgewer. 'n Ander dag verleen die gesag aan 'n ander entiteit. God is dus nie die Opperheerser nie, maar die plaasvervanger,

die vervalser gryp hierdie posisie vir homself. ’n Ander god op aarde het gepoog om die ware God te vervang.

Agter die pouslike gesag moet daar dus selfs ‘n hoër gesag wees, die owerste van die mag van die lug wat in heidense tradisies onder die simbool van die son aanbid is. Hy was die verskuilde een, die god agter die skerms. Sondag was die dag wat aan die son toegewy is vir aanbidding. Johannes verwys daarna as die aanbidding van duiwels.

> *Sondag... so genoem omdat hierdie dag in antieke tye opgedra was aan die son, of aan die aanbidding daarvan.*[9]

> *Sondag... so genoem omdat dit opgedra was aan die aanbidding van die son.*[10]

> *Sondag (“Dies Solis” van die Romeinse kalender, “dag van die son,” opgedra aan die son), die eerste dag van die week.*[11]

Hieronder is ’n Joodse gesag:

> *Die dag wat die heidene in die algemeen opgedra het aan die aanbidding van en eerbetoning aan hulle hoofgod, die son, wat volgens ons berekening die eerste dag van die week is.*[12]

> *Die mees antieke Germane was heidene en hulle het hul eerste dag van die week vir die son toegeëien met die uitsluitlike doel van aanbidding van die son, as gevolg waarvan daardie dag steeds in die Engelse taal die naam “Sunday” behou het.* [13]

In die *“Cyclopedia of Biblical, Theological & Ecclesiastical Literature”* sê dit:

> *Daar moet bely word dat daar geen wet in die Nuwe Testament is met betrekking tot die heiliging van die eerste dag nie.*[14]

Deur die invloed van Mithraïsme (Persiese sonaanbidding) in die Romeinse Ryk en die heidense fees van Sondag, het die suiwer kerk van Christus weldra afvallig geword. Selfs in die tyd van die apostels het die groot afvalligheid reeds begin ontwikkel. Paulus skryf:

> *Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk...* 2 Thessalonicense 2:7.

Hy verklaar weer:

> *Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan.* Handelinge 20:29-30.

Hierdie afwyking van die geloof sal verbreed en groei en sal groot afmetings aanneem, sê die apostel. 'n Groot afvalligheid of geloofsversaking sal uiteindelik die "mens van sonde" openbaar.

> *Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.* 2 Thessalonicense 2:3-4.

Sondag, as Christelike rusdag, het egter weinige voortuitgang getoon tot die tyd van Konstantyn die Grote in die 4de eeu. Konstantyn was keiser van Rome vanaf 306 n.C. tot 337 n.C. Een van die merkwaardigste seëpoorte is tot sy eer opgerig en staan naby die Colosseum in Rome. Hy was 'n sonaanbidder tydens die vroeë jare van sy heerskappy. Later het hy verklaar dat hy hom tot die Christendom bekeer het, maar in sy hart het hy 'n sonaanbidder gebly. Edward Gibbon, in sy *"Decline and Fall of the Roman Empire",* sê:

> *Die son was algemeen verheerlik as Konstantyn se onoorwinlike gids en beskermer.*[15]

Konstantyn het in 321 n.C. die vroegste Sondagwetgewing in die geskiedenis afgekondig. Dit lees as volg:

> *Op die eerbiedwaardige dag van die son moet die magistrate en mense wat in die stede woon, rus en alle werksplekke moet gesluit wees. Die mense in die platteland wat by die landbou betrokke is, mag egter vrylik en wettiglik voortgaan met hul bedrywighede, want dit gebeur gereeld dat 'n ander dag nie so geskik is om graan te saai of om wingerde aan te plant nie: sodat deur die verwaarlosing van die juiste oomblik vir sulke bedrywighede die oorvloedige hemelse gifte nie verlore gaan nie.*[16]

Die *"Encyclopaedia Britannica"* (11de uitgawe) onder die hoof "Sondag" maak die volgende stelling:

> *Die vroegste erkenning vir die onderhouding van Sondag as wetsvereiste is 'n edik van Konstantyn in 321 n.C. wat vereis het dat alle geregshowe, dorpsbewoners en besighede op Sondae moes rus ("venerabili die solis"), met 'n uitsondering vir diegene wat betrokke was by landbou-bedrywighede.*

*"Chamber's Encyclopaedia"* lees as volg:

> *Die eerste wet hetsy kerklik of burgerlik, waardeur die Sabbatsonderhouding vir daardie dag (Sondag) ingestel is, is ongetwyfeld die edik van Konstantyn in 321 n.C.*[17]

Na hierdie aanvanklike wetgewing het keisers en pouse in die daaropvolgende eeue ander wette by hierdie wet van Konstantyn gevoeg ten einde Sondagsaanbidding te verstewig.

Wat egter as 'n heidense gebruik ontstaan het, het as 'n Christelike voorskrif geëindig. Kort op die hakke van die Edik van Konstantyn het die Kerkkonsilie van Laodicea (ongeveer 364 n.C.) gevolg:

*Christene sal nie Judaïseer en op Saterdag (Sabbat) ledig wees nie, maar sal op daardie dag werk; maar aan die dag van die HERE sal hulle spesiale eer betoon en as Christene, sal hulle indien moontlik, geen werk op daardie dag verrig nie. Maar indien daar gevind word dat hulle wel Judaïseer, sal hulle afgesny word van Christus.*[18]

## Protestantse Getuienis:

*Die gedagte van 'n formele vervanging (van die eerste vir die sewende dag)... en die oorplasing daarna, dalk in 'n vergeestelike vorm, van die Sabbatsvereiste ingestel deur middel van die ... vierde gebod, het hoegenaamd geen grondslag nie; nie in die Heilige Skrif nie en ook nie in die antieke Christendom nie.*[19]

Augustus Neander, bekende kerkgeskiedkundige, sê:

*Die fees van Sondag, soos alle ander feeste, was altyd slegs 'n menslike verordening, en dit was ver van die doelstelling van die apostels om 'n Goddelike gebod daarvoor in te stel; ver van hulle en ver van die vroeë apostoliese kerk om die Sabbatswette na Sondag oor te plaas.*[20]

*Daar was nooit enige verandering van die Sabbat vanaf Saterdag na Sondag nie. Daar is op geen plek in die Bybel enige aanduiding van so 'n verandering nie.*[21]

## Die Kongregasionaliste se Getuienis:

*Dit is heel duidelik dat dit nie saak maak hoe streng en heilig ons Sondag deurbring nie, ons onderhou nie die Sabbat nie... Die Sabbat is gegrond op 'n spesifieke Goddelike Gebod. Ons kan geen soortgelyke gebod*

> *pleit ter verpligting van Sondagsonderhouding nie... Daar is nie 'n enkele sin in die Nuwe Testament wat te kenne gee dat ons vir ons enige straf op die hals sal haal deur die sogenaamde heiligheid van Sondag te skend nie.*[22]

> *Die huidige siening dat Christus en Sy apostels gesaghebbend die sewende dag met die eerste vervang het, is geheel en al sonder enige gesag in die Nuwe Testament.*[23]

## Die Baptiste se Getuienis:

Dr. Edward T. Hiscox, outeur van die *"Baptist Manual"*:

> *Daar was en is 'n gebod om die Sabbat heilig te hou, maar daardie Sabbat was nie Sondag nie... Daar sal egter gesê word, en dit met 'n mate van triomf, dat die Sabbat van die sewende na die eerste dag van die week oorgeplaas is... Waar kan die bewys van sodanige transaksie verkry word? Nie in die Nuwe Testament nie, hoegenaamd nie. Daar is geen Skrifbewys vir die verandering van die Sabbats-instelling van die sewende na die eerste dag van die week nie.*

In 'n referaat wat tydens 'n New Yorkse Ministeriële Konferensie voorgelees is op 13 September 1893, gaan Dr. Hiscox voort:

> *Natuurlik weet ek goed dat Sondag in die vroeë Christenkerk as godsdienstige dag ingestel is, soos ons van die Christen Vaders en ander bronne leer; maar wat 'n jammerte dat dit gebrandmerk kom met die merk van paganisme en gedoop met die naam van die songod, toe dit deur die afvallige pousdom aangeneem en bekragtig is, en aan Protestantisme as heilige erfenis nagelaat is.*

## Die Lutherane se Getuienis:

> *"Die onderhouding van die dag van die HERE (Sondag) is gegrond, nie op enige opdrag van God nie, maar op die gesag van die kerk."*[24]

## Die Metodiste se Getuienis:

> *Dis waar dat daar geen besliste opdrag is om babas te doop nie ... en daar is ook geen opdrag om die eerste dag van die week te heilig nie.*[25]

> *Neem die kwessie van Sondag ... daar is geen teksvers wat Christene beveel om daardie dag te onderhou of om die Joodse Sabbat na daardie dag oor te plaas nie.*[26]

## Die Episkopale se Getuienis:

> *Is daar enige opdrag in die Nuwe Testament om die dag van weeklikse rus oor te plaas van Saterdag na Sondag? Geen.*[27]

Biskop Seymour skryf:

> *Ons het die verandering van die sewende dag na die eerste dag bewerkstellig, van Saterdag na Sondag, op gesag van die een heilige Katolieke en apostoliese kerk van Christus.*[28]

## Die Presbiteriane se Getuienis:

> *'n Verandering van die dag om te heilig, vanaf die laaste dag van die week na die eerste. Daar is geen rekord, geen uitdruklike gebod wat die verandering magtig nie.*[29]

> *Die Christelike Sabbat (Sondag) is nie in die Skrif nie en was nie in die antieke kerk die Sabbat genoem nie.*[30]

## Die Kerk van Christus se Getuienis:

> *Ek glo nie dat die dag van die HERE in die plek van die Joodse Sabbat gekom het nie, of dat die Sabbat verander was van die sewende na die eerste dag nie.*[31]

David Lipscomb, redakteur van die *"Gospel Advocate"* sê:

> *Die vraag kom op: Wat onderhou jy? Die Sabbat? Indien wel, is ons Sewendedag Adventiste vriende korrek. God het geen ander dag as die sewende dag gemagtig om as Sabbat onderhou te word nie. Hy het nooit die Sabbat van die sewende na die eerste dag van die week verander nie.*[32]

> *Indien dit op ons bindend is, dan is ons verplig om dit op daardie dag te onderhou en nie 'n ander nie.*[33]

## DIE WET VAN GOD

***SOOS DEUR JEHOVA GEGEE***

**I**

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

**II**

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek die Here jou God, is ‘n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierdie geslag van die wat My haat; en ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

**III**

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

**IV**

Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.

**V**

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

**VI**

Jy mag nie doodslaan nie.

**VII**

Jy mag nie egbreek nie.

**VIII**

Jy mag nie steel nie.

**IX**

Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

**X**

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. *(Exodus 20:3-17)*

## DIE WET VAN GOD

***SOOS DEUR DIE MENS VERANDER***

**I**
Ek is die Here jou God: jy mag geen ander gode voor
My aangesig hê nie.

**II**
Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie.

**III**
Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig.

**IV**
Eer jou vader en jou moeder.

**V**
Jy mag nie doodslaan nie.

**VI**
Jy mag nie egbreek nie.

**VII**
Jy mag nie steel nie.

**VIII**
Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

**IX**
Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie.

**X**
Jy mag nie jou naaste se goed begeer nie.

***Butler se Kategismus, bl. 28***

*Diagram 5.2*

## Die Anglikane se Getuienis:

> *Baie mense dink dat Sondag die Sabbat is, maar in nóg die Nuwe Testament nóg die Ou Testament is daar enigiets wat suggereer dat ons enige gesag het om die onderhouding van die sewende dag oor te plaas na die eerste nie. Die Sabbat was en is Saterdag en nie Sondag nie, en as dit bindend op ons was, dan behoort ons dit op daardie dag te onderhou, en op geen ander nie.*[33]

Met al hierdie Protestantse getuienis, is dit nie verbasend nie dat die Rooms-Katolieke Kerk kan verklaar:

> *Die Christelike Sabbat is derhalwe tot op hierdie dag die erkende nageslag van die Rooms-Katolieke Kerk as die eggenote van die Heilige Gees, sonder 'n woord van veroordeling van die Protestantse wêreld.*[34]

## VERWYSINGS


[1] Revelation Seminars, Bewysstuk #2, Les 11.
[2] *The American Sentinel,* (N.Y.), 1 Junie 1893, p. 173.
[3] *The Faith of our Fathers,* (110de uitgawe), p. 89.
[4] *Catholic Press,* (Sydney Australië), 25 Augustus 1900.
[5] *Catholic Mirror*, 23 September 1893.
[6] Aanhaling van Eerwaarde Peter Geiermann, "*The Converts' Catechism of Catholic Doctrine*," p. 50.
[7] *The Catechism Simply Explained*, Canon Cafferata, Nuwe Hersiende Uitgawe 1959, p. 84.
[8] *The New Revised Baltimore Catechism* (1949) deur Eerwaarde F.J. Connell, C.SS.R., p.139.
[9] *Webster's International Dictionary*, 19de uitgawe.
[10] *McClintock and Strong's Biblical and Theological Encyclopaedia*, "Sunday".
[11] *Schaff-Herza Encyclopaedia*, „"Sunday".
[12] *Jenning's Antiquities*, boek 3, hoofstuk 3.
[13] *Verstegan's Antiquities*, p. 10.

[14] McClintock and Strong, *Cyclopedia of Biblical, Theological and Ecclesiastical Literature*, vol. 9, p. 196.
[15] *Decline and Fall of the Roman Empire*, hoofstuk 20, par. 3.
[16] (Uitgereik op 7 Maart, met Crispus en Konstantyn wat elk vir 'n tweede keer konsuls was) – Codex Justinianus, lib. 3, tit. 12,3: vertaal deur Philip Schaff, D.D., *History of the Christian Church, (*sewe volume uitgawe, 1902), Vol. 111, p. 380.
[17] *Chamber's Encyclopedia* (1982 uitgawe), Vol. VIII, p. 401, "Sabbath".
[18] *A History of the Church Councils*, Eerwaarde Charles Joseph Hefele, D.D. (R.C.), vanaf 326 tot 429 (Vol. II, p. 316), Edenburg: T. and T. Clark, 1896.
[19] Smith and Cheatham, *A Dictionary of Christian Antiquities*, "Sabbath".
[20] *The History of the Christian Religion and Church*, Rose se vertaling, p. 186.
[21] *First-Day Observance*, pp. 17, 19.
[22] Dr. R.W. Dale, *The Ten Commandments*, pp. 100, 101.
[23] Dr. Lyman Abbott (Kongregasionalis) in *Christian Union*, 19 Januarie 1882.
[24] Die "Augsburg Confession" aangehaal in *Catholic Sabbath Manual*, deel 2, afdeling 10.
[25] *M.E. Theological Compendium*, p. 103.
[26] Harris Franklin Rall, *Christian Advocate*, 2 Julie 1942.
[27] *Manual of Christian Doctrine*, p. 127.
[28] *Why We Keep Sunday?* p. 28.
[29] N.L. Rice, D.D., *The Christian Sabbath*, p. 60.
[30] *Dwight's Theology*, Volume 4, p. 401.
[31] Alexander Campbell, *Washington Reporter*, 8 Oktober 1821.
[32] Lipscomb and Sewell, *Questions Answered*, pp. 558, 559.
[33] Eerwaarde Lionel Beere, Anglican All-Saints Church, Ponsonby, Nieu-Seeland, in *Church and People*, 1 September 1947.
[34] *The Catholic Mirror*, 23 September 1893.

# 6

# DIE GROOT STRYD

## *Die Stryd om die Oppergesag oor God se Volk*

"Die uitsig oor die aarde vanaf die maan het my gefassineer," het Frank Borman, 'n lid van die driemanskap wat die eerste vlug om die maan voltooi het, gesê:

> *Dit was moeilik om te dink dat daardie klein dingetjie (die aarde) oor soveel probleme, soveel frustrasies beskik het; onkeerbare nasionalistiese belange, hongersnode, oorloë, pessiektes is nie sigbaar vanaf daardie afstand nie.*[1]

Frank Borman het 'n planeet in opstand waargeneem. Maar wat is die oorsprong van die rebellie? Wie was die rebel?

Die geskiedenis van die ellende van die mensdom het begin by 'n uitgelese, majestueuse wese met stralende glans genaamd Lucifer, die môrester, die seun van die dageraad. Maar soos die môrester vir slegs 'n kort tydjie op sy helderste skyn, om dan deur die dagbreek versluier te word, so het hierdie verruklike ster vir slegs 'n tydperk helder geskyn om dan uitgedoof te word in totale duisternis.

Lucifer, 'n helder skitterende engel, het in die hemel 'n verhewe posisie beklee. "*Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat* (die troon van God) *beskut.*" Hy was "*vol wysheid en volmaak in skoonheid.*" Hy het klaarblyklik 'n pragtige stem gehad en kon heel moontlik die hemelkore gelei het. (Eségiël 28:12-14).

*Het God die duiwel geskep?*

Eségiël gaan voort met sy grafiese beskrywing in vers 15:

> *Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is...*

Hier leer ons dat Lucifer ’n geskape wese is. Hy was volmaak geskape. God het nie die duiwel geskape nie; Hy het Lucifer geskep. Net soos God nie vrot appels geskep het nie. Hy het goeie appels geskep om geëet te word wanneer hulle ryp is. So ook het God graan gemaak, maar die mens maak daarvan whiskey nadat hy dit wat God geskape het, bederf het.

> *Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.*

## Vryheid van Keuse

Hier is die oorsprong van sonde – in die stigter – Lucifer. Hy was volmaak tot daar ongeregtigheid in hom gevind is. God het dit nie in hom geplaas nie – Lucifer het dit ontwikkel. Waarom het dit in hom ontstaan? Kon God nie die engele en mense gemaak het sodat hulle nie kon sondig nie?

Natuurlik kon Hy. Hy het die sterre so gemaak dat hulle in hul wentelbane bly. God het egter nie die engele en mense as outomate geskape nie, maar as wesens met vrye keuse. Hy het hulle die vryheid gegee om self te kan kies. Hulle kon óf gehoorsaam óf ongehoorsaam wees. Lucifer het hierdie geleentheid gehad om gehoorsaam te wees of om te rebelleer. Hy het verkies om te rebelleer. Ons het dieselfde keuse.

> *... kies dan vir julle vandag wie julle wil dien...*
> Josua 24:15.

## Die Ontwikkeling van Sonde

*“Dit is sinneloos om te soek na die wyse, tyd en die aard van die val van die engele,”* sê die Franse hervormer Johannes Calvyn.[2]

Om 'n rede vir sonde te gee, sou wees om dit te verskoon, en om sonde te verskoon, sou wees om dit te verdedig. Die Bybel gee voldoende beskrywing van hoe die sonde in Lucifer ontwikkel het.

> *Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans.*
> Eségiël 28:17.

Hy was trots op sy skoonheid. Dit het na sy kop gegaan en hy het eiesinnig geword. So het die saad van die sonde ontkiem. Stukkie vir stukkie het Lucifer die begeerte na selfverheffing gekoester. Hy het die "eie-ek"-probleem ontwikkel. Die Bybel sê:

> *En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!* Jesaja 14:13-14.

## *Waarom het God nie vir Lucifer vernietig nie?*

Indien Lucifer onmiddellik uitgewis sou word, sou die res van die skepping God uit vrees eerder as uit liefde gedien het. Die invloed van die verleier sou nie geheel en al vernietig gewees het nie, nóg sou die gees van rebellie totaal uitgewis gewees het. Vir die welsyn van die hele skepping deur die eindelose eeue heen, moes Lucifer sy beginsels ten volle ontwikkel sodat sy aanklagte teen die Goddelike regering deur alle geskape wesens in die regte lig gesien kon word, en sodat die geregtigheid en genade van God en die onveranderlikheid van Sy wet vir ewig bo enige verdenking geplaas kon word. Sonde moes sy gang gaan sodat die afgryslikheid daarvan geheel en al verafsku kon word; maar die sonde *sal* uiteindelik finaal uitgewis word tesame met die aanstigter daarvan.

> *... daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde ... en (jy) sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.* Eségiël 28:18-19.

## Vors van hierdie Planeet

Vol van hoogmoed vanweë sy skoonheid het Lucifer onmin, misnoeë en ontevredenheid onder die engele aangewakker wat tot openlike rebellie gelei het. Dis iets wat nooit vantevore in die heelal geken was nie. Dit was 'n nuwe element, vreemd, geheimsinnig, onverklaarbaar. Daar was oorlog in die hemel.

> *Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.* Openbaring 12:7-9.

Die twee groot teenstanders wat hier genoem word, is Mígael en die draak. Ons weet wie die draak is; dit is die gevalle engel Lucifer of Satan, want Openbaring 12:9 identifiseer hom.

> *... die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei...*

Wie is Mígael? Omdat Hy ook bekend staan as die Aartsengel glo sommige dat hy 'n engel met die dieselfde rang as Lucifer was, maar die Bybel laat ons verstaan dat die posisie wat Lucifer beklee het, deur Gabriël oorgeneem is. Die naam Mígael word genoem in Daniël, Judas en Openbaring en elke keer is dit in die konteks van die groot stryd teen Lucifer, met Mígael wat die engelemag aanvoer. Die benaming "aartsengel" verwys hier na meer as die hoogste engel, dit verwys na die leier van die engele. Die naam Mígael beteken "Hy wat is soos God," en slegs Christus kwalifiseer vir daardie posisie. Wie sou met Satan in 'n woordestryd getree het oor die liggaam van Moses (Judas 9) anders as Christus self? Die stem van die aartsengel wat die dode uit die grafte roep met die wederkoms van Christus kan slegs die stem van Christus self wees.

> *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.* 1 Thessalonicense 4:16.
> (*Stem van die Seun van die mens...* Johannes 5:27-28)

Christus is die Skepper van alle dinge en is derhalwe die Een wat die wêrelde, die engelemag en die mens geskape het.

> *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.*
> Johannes 1:1, 3, 10, 14.

> *... tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.* 1 Korinthiërs 8:6.

In die Ou Testament word Christus *"die Engel van die HERE"* of *"die Engel van Sy aangesig"* genoem, en *"julle vors"* en Mígael is die Heerser oor God se kinders.

> *... julle vors Mígael…* Daniël 10:21.

> *En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree...* Daniël 12:1.

> *... die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het...*
> Génesis 48:16.

> *... verskyn die Engel van die HERE aan hom in 'n vuurvlam…* Exodus 3:2.

> *Want Hy het gesê: Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle 'n Heiland geword. In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos...* Jesaja 63:8-9.

Slegs Christus kan daarop aanspraak maak om oor Sy volk te heers, hulle te red en te verlos. Génesis 48:16 verwys na die engel wat *"my uit elke teëspoed verlos het."* Slegs Christus het enigiemand uit alle boosheid verlos. Daar word ook na Hom verwys as die leërowerste van die HERE. Volgens Josua 5:13-14 ontmoet Josua die leërowerste van die HERE en val neer en aanbid hom. Alleenlik God, en nie engele nie, mag aanbid word (Openbaring 22:8-9). Toe God hierdie wêreld met al sy skepsele, die mens inkluis, geskape het,

> *Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed.* Génesis 1:31.

God is nie die Skepper van sonde nie, maar Hy was gewillig om die gevolge daarvan te dra. Die groot stryd wat in die heelal heers is tussen die Skepper van alle dinge en Satan, die gérub wat beskut het, wat in opstand teen God gekom het omdat hy homself beskou het as gelykstaande aan Christus met betrekking tot Sy heerlikheid, en geweier het om onderdanig te wees aan Sy gesag en regering.

Nadat hy uit die hemel gewerp is, het Satan sy aandag op die nuut-geskape aarde toegespits. Toe Eva van Adam se sy af weggedwaal het en deur Satan gekonfronteer was, was sy verlei om te glo dat 'n kennis van goed en kwaad haar in staat sou stel om soos God te wees en dat sy daardeur nie die gevolge van die sonde, naamlik die dood, sou dra nie. Sonde is die oortreding van die wet ("*Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God*." 1 Johannes 3:4, ANV) en die wet is die grondslag van God se regering in die hemel. Satan het Eva in versoeking gebring om die wet van God te verbreek deur God se posisie te begeer. Hierdie planeet gaan sedertdien gebuk onder die gevolge van daardie sonde. Deur aan Satan gehoorsaam te wees, het Adam en Eva onderworpe aan sy regering geword.

> *... want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf.* 2 Petrus 2:19 (ANV).

> *... is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is.* Romeine 6:16 (ANV).

Satan het nou sy wederregtelik toegeëiende rol voluit gespeel as "god van hierdie wêreld" (2 Korinthiërs 4:4), "owerste van hierdie wêreld" (Johannes 12:31), prins van hierdie planeet, "die owerste van die mag van die lug"

(Efésiërs 2:2), en "die owerste van die duiwels" (Matthéüs 12:24). Martin Luther het gesê:

> *Die boosheid van die duiwel op hierdie planeet is so groot dat geen mens dit kan begryp nie. Om so boos te wees dat jy jou genot en vreugde slegs uit ander se ongeluk put: in hul voortdurende honger, dors, ellende en nypende tekorte, in die veroorsaking van niks anders as bloedvergieting en verraad nie, veral in die lewens van diegene wat geen kwaad gedoen het of sou doen nie, dit is die helse en onversadigbare woede en haat van die ellendige duiwel.*[2]

Die Skrif sê:

> *Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.* Johannes 8:44.

Sy hoogmoed het afguns tot gevolg gehad, en sy afguns op sy beurt het weer in haat ontaard. Sy haat vir Christus is so verterend dat hy uiteindelik die Seun van God op Golgota vermoor het. Sy haat vir diegene wat deur Christus losgekoop is, blaas die vlamme van pyn en droefheid in hierdie wêreld aan. Diegene wat vir Christus liefhet en Hom dien, is die vyande van Satan. Gelukkig ken hulle die woorde van Christus:

> *Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.* Johannes 16:33.

Met al die bewyse van die sinnelose haat, oorlog en bloedvergieting op die aarde, is daar steeds mense wat ontken dat Satan bestaan. Die persoon wat nie in die bestaan van die duiwel glo nie, is egter alreeds bedrieg.

> *Die mediese tradisie en bygeloof is die bronne van die gedagte dat Satan na ons toe kom in die gedaante van 'n verskriklike monster met 'n afskuwelike uitdrukking,*

> *gepaardgaande met hoewe, horings, 'n drie-tandvurk, met 'n weerhaak-stert en asem van vuur. Hierdie spook van die oningeligtes en bygelowiges het geen feitelike werklikheid nie, geen basis in die Skrif nie, en is die bron van bespotting in die oë van intelligente en beskaafde mense. Hierdie uiters verwronge en absurde indruk van Satan is op sigself bewys van die vernuf en lis van die bedrieër.*[3]

Die duiwel is geen teologies-abstrakte begrip, een of ander psigiese trauma of geestesafwyking nie. Die duiwel is 'n persoonlike wese wat in staat is om die niksvermoedende mens aan te val. Hy het 'n persoonlike ontmoeting met Christus gehad waar Christus vir hom gesê het: *"Gaan weg agter My, Satan!"* (Matthéüs 16:23). Johannes skryf: *"die Satan* (het) *in hom* (Judas Iskáriot) *ingevaar"* (Johannes 13:27), en Judas het sy Here verraai. Die vraag is aan Ananías gestel *"... waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg...?"* (Handelinge 5:3). Ons word meegedeel dat die Satan hierdie planeet in besit geneem het:

> *Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.*
> Job 1:7.

> *... julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.*
> 1 Petrus 5:8.

Die Satan is 'n verleier wat selfs wonderwerke kan verrig om sy doel te bereik (1 Timótheüs 2:14; Openbaring 16:14), hy kan homself in 'n engel van die lig verander (2 Korinthiërs 11:14), hy is 'n mag wat oorlog voer teen God se kinders (Efésiërs 6:12), hy is die aanklaer van die broeders (Openbaring 12:10), hy teister die kinders van God (Job 2:7), vervolg en maak hulle dood (Johannes 8:44).

Die enigste manier om hom te weerstaan, is om *"die swaard van die Gees – dit is die woord van God"* (Efésiërs 6:17) op te neem. Christus het in die woestyn van versoeking aan Satan gesê: *"Daar is geskrywe."* Dit is die moeite werd om die beloftes van God nou in die geheue vas te lê. Die voorbeelde van die profete en apostels van ouds is 'n bemoediging vir die gelowiges.

*... weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.*
Jakobus 4:7.

*En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis...*
Openbaring 12:11.

In die groot stryd tussen Christus en Satan was die mens nooit bedoel om aan sy eie lot oorgelaat te word nie. God het 'n plan gehad en het verkies om die gevolge van die sonde op Homself te neem. Hy sou sonde word vir die mens en die smaad van die kruis dra sodat diegene wat in Hom glo, gered kan word. Die wapentuig van God se kinders sou nie wêrelds wees nie, maar die swaard van die Gees, wat die Woord van God is. Satan weer, het nog altyd gepoog om die gewete te oorheers en deur middel van sy agente op aarde voer hy 'n meedoënlose stryd deurdat hy van die wreedste metodes gebruik maak om die kinders van God van Christus af weg te rokkel.

Openbaring 12 gee 'n bondige beskrywing van die konflik tussen Satan en Christus en Sy Nuwe Testamentiese kerk tot aan die einde van tyd. Die eerste tonele skets Satan se pogings om vir Christus met Sy geboorte te vernietig om sodoende die verlossingsplan in die wiele te ry, gevolg deur die kruisiging, die pogings deur Satan om die Nuwe Testamentiese kerk te vernietig, en uiteindelik sy pogings om die oorblyfsel uit te roei. Die simbool wat gebruik word om die kerk van Christus te beskryf, is dié van 'n rein vrou, terwyl die draak vir Satan en sy magte beskryf.

*En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre; en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.* Openbaring 12:1-5.

Voordat ons met die studie voortgaan, moet ons eers uitvind wie verteenwoordig word deur die vrou met die son, maan en sterre.

> *... en soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees.* Jesaja 62:5.

Paulus het die Korinthiërs die bruid van Christus genoem.

> *Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel.*
> 2 Korinthiërs 11:2.

Wat 'n raak beskrywing van die kerk van Christus! Sy het nie met die wêreld hoereer nie, haar leerstellings is suiwer. Die son, maan en sterre stel die hemelse lig voor wat haar belig.

Die vrou is verwagtend en staan op die punt om geboorte te skenk, en later lees ons dat sy geboorte aan 'n seun geskenk het.

> *En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.* Openbaring 12:5.

Hierdie kan slegs Jesus wees, aangesien dit Hy is wat oor die nasies sal heers en dit is Hy wat opgevaar het na die hemel. Psalm 2:7-9 sê:

> *Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.*

Die kind was niemand anders as God self nie:

> *Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouers, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors ...* Jesaja 9:5.

Die Katolieke Kerk leer dat hierdie vrou wat met die son bekleed was, Maria is ten tye van die geboorte van Jesus. Hierdie vertolking skep egter probleme omdat die vrou later deur die draak vervolg word, die wildernis in vlug en daar versorg word vir 1260 dae (wat dieselfde periode is waartydens die klein horing die volk van God sou vervolg soos beskryf in Daniël 7) en dan laastens voer die draak oorlog teen die oorblyfsel van haar saad. Duidelik verwys hierdie simbool na die getroue volgelinge van God (waarvan Maria 'n lid was). In die volgende toneel word die teëstander ingebring.

> *En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.*
> Openbaring 12:3-4 .

Ons weet uit vers 9 dat die draak Satan is, maar Satan werk deur middel van wêreldse agentskappe om sy doel te bereik. Die draak het ook tien horings, wat ons herinner aan die vierde dier van Daniël 7, wat Rome voorgestel het. Satan het deur heidense Rome gewerk om Jesus te vernietig. Dit was 'n Romeinse beampte wat Hom ter dood veroordeel het, Romeinse soldate wat Hom gekruisig en Sy graf bewaak het en 'n Romeinse seël wat Sy graf verseël het. Met Sy geboorte het Herodus *gepoog* om die pasgebore Koning te vernietig deur die wrede dekreet uit te vaardig dat alle babaseuntjies gedood moes word, maar *Rome* het Hom gekruisig. Maar in plaas daarvan dat Christus hierdeur verslaan is, het dit die grootste oorwinning wat die heelal nog ooit aanskou het, tot gevolg gehad, omdat Christus, die sondelose Een, uit die graf uit opgestaan het. Geen Romeinse seël kon Hom weerhou nie en Satan het die stryd verloor.

> *Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.*
> Openbaring 12:10.

Satan se klaarblyklike oorwinning by die kruis sou sy grootste nederlaag wees. Nie by magte om Christus te mislei nie, en met die besef dat sy eie lot vir ewig verseël is, het hy hom voorgeneem om almal wat in die verdienste van die verrese Heiland geglo het, uit te delg. Hy het die kerk van God meedoënloos vervolg deur gebruik te maak van die staat, eerstens in die gedaante van heidense Rome en later in die gedaante van pouslike Rome, maar:

> *... hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.*
> Openbaring 12:11.

Die geskiedenis leer ons hoe ongenaakbaar Rome in haar vervolging van God se kinders was. Die Colosseum, waar 'n geraamde 80 000 Christene aan die brand gesteek of deur leeus verskeur is, getuig van die feit dat bykans drie miljoen Christene 'n marteldood gesterf het gedurende die eerste twee en 'n half eeue nadat Christus opgevaar het na die hemel. Die keisers van Rome was meedoënloos in hul wreedheid teenoor die nuwe bekeerlinge, en vir monsters soos Nero en die keiser Marcus Aurelius was dit vermaak om nuwe metodes uit te dink om Christene te dood. Geskiedkundiges vertel dat Marcus Aurelius die bene van sy slagoffers aan twee perde vasgemaak en gekyk het hoe hulle uitmekaar geskeur is.

Nadat Rome die Christelike geloof aangeneem en dit tot staatsgeloof verklaar het, het dinge nie verbeter nie, maar eerder vererger. Eerstens het 'n subtiele kompromie selftevredenheid tot gevolg gehad, toe dít nie werk nie is die vervolgingsvure weer aangesteek. Toe Konstantyn die nuwe geloof aanneem, het hy dit gedoen met die gedagte om die ou heidense geloof met die Christendom te vermeng. In sy boek, *"A Short History of the Early Church",* vertel Harry R. Boer wat gebeur wanneer staat en kerk saamsmelt.

> *Die toename in heilige dae, die verheerliking van die heiliges, martelare en relieke en die waarde wat aan pelgrimstogte en heilige plekke geheg word, verskuif dikwels die ware geestelike aangeleenthede op die agtergrond.* p. 42.

F.J. Foakes-Jackson beskryf in sy boek *"History of the Christian Church"* die doelwitte van Konstantyn:

> *In sy handeling met die kerk was dit sy oogmerk om dit wat vir die mense in die heidendom tot dusver aanloklik was, geleidelik na die Christendom oor te plaas.* p. 286.

Trouens, Konstantyn was die eerste om Sondagwette in 321 n.C. uit te vaardig en hy het sodoende die voortsetting van die onderhouding van die heidense aanbiddingsdag in stryd met God se wet, afgedwing. Die Duitse geskiedkundige, H.G. Heggtveit, beskryf die kompromis as volg:

> *Konstantyn het onverpoosd gewerk om die aanhangers van die ou en die nuwe gelowe in een geloof saam te smelt. Al sy wette en streke is gemik op die samesmelting van die gelowe. Hy wou op enige moontlike wyse 'n gelouterde heidendom en getemperde Christendom saamsmelt.*

Met betrekking tot die Sondagwette verklaar Heggtveit:

> *Sy opdrag dat die "Dag van die Son" 'n algemene rusdag moes wees, was kenmerkend van sy standpunt... Van al sy vermenging en samesmelting van die Christendom en paganisme is daar niks wat meer deursigtig is as sy afvaardiging van Sondagwette nie. Die Christene het hul Christus aanbid en die heidene hul songod; volgens die Keiser se mening was beide godsdienste se voorwerpe van aanbidding in wese dieselfde.*

Harry Boer in sy geskiedkundige boek, *"A Short History of the Early Church",* maak die volgende stelling:

> *Hy (Konstantyn) het Sondag op sy tradisionele paganistiese naam genoem – Dag van die Son, nie die Sabbat of die dag van die HERE nie. Heidene kon dit gevolglik aanvaar. Christene het aan die natuurlike son 'n nuwe betekenis gegee deur aan Christus, die Son van Geregtigheid, te dink. Konstantyn en latere keisers, sowel as die kerkkonsilies, het addisionele Sondagwetgewing afgekondig. Dit was egter Konstantyn se dekreet van 321 n.C. wat die grondslag*

> *gelê het vir algemene aanvaarding van Sondag as 'n rusdag.* p. 143.

In reaksie hierop het diegene wat aan God en Sy Woord getrou wou bly, gevlug na verlate plekke sodat hulle God kon aanbid in ooreenstemming met hul gewete. In Openbaring 12:6 lees ons:

> *En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.*

Hierdie was die tydperk van vervolging voorspel deur die profeet Daniël met betrekking tot die klein horinkie, wat ons reeds as die Antichris of pouslike Rome geïdentifiseer het. (Sien Hoofstuk 4, *Die Man agter die Masker*). Die kerk wat 'n kompromis met die heidendom aangegaan het, het die vervolger geword. Heidense Rome is deur pouslike Rome vervang.

> *En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.* Openbaring 12:13-14.

Die kerk het gevlug na die aarde se afgeleë plekke en gedurende die tydperk van pouslike oorheersing is God se Woord aan die lewe gehou deur klein groepies gelowiges soos die Waldense wat die Sabbat van die vierde gebod eerder as die heidense Sondag, onderhou het en verkies het om eerder te sterf as om hul geloof in Christus en die Skrif te verloën. Hulle is van bergspitse afgegooi, hul kinders se koppe is teen rotse verpletter en sommige was lewend veras. Die kerk (die vrou) het na afgeleë plekke in die Alpe gevlug om so die vervolging deur die draak vry te spring, en in die Piedmont valleie in Noord-Italië het honderde duisende van hulle 'n martelaarsdood gesterf as gevolg van hul geloof.

Die kerk in die wildernis het die vlam van die waarheid brandend gehou. Hulle het die Skrif gekoester en toe die Woord van God deur die Hervorming versprei word, het Rome meer intensiewe pogings aangewend om diegene wat nie haar leerstellings wou aanvaar nie, te vernietig. Die geskiedenis is ryk aan gruweldade wat teen die Protestante gepleeg is, die oorloë wat daarop gemik was om hulle uit te roei, die massamoorde wat

plaasgevind het en die werk van die Inkwisisie wat gelei het tot die marteling en dood aan die brandstapels van duisende. Toe dit blyk dat vervolging nie die werk van die Hervorming kon keer nie, is ’n meer subtiele strategie in werking gestel en die Kontrahervorming begin onder leiding van die Jesuiëte (sien Hoofstuk 11, *Die ‘Gees’ van Eenheid*). Tragies het hierdie die vrug van kompromie gedra soos in die dae van Konstantyn, en die kerk in die wildernis het weer eens ’n kerk geword wat in vrede met Rome was. Die Bybel voorspel egter dat na die 1260 dae, na 1798 (sien Hoofstuk 4, *Die Man agter die Masker*), daar ’n oorblyfsel sal opstaan wat die draak woedend sal maak omdat hulle Jesus in gehoorsaamheid aan Sy gebooie navolg.

> *En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.* Openbaring 12:17.

Soos in die vorige hoofstuk gesien, sal die twee diere van Openbaring 13 verenig in hul vervolging van hierdie oorblyfsel, en dekrete (sien Hoofstuk 8, *Die Merk van die Dier*) sal uitgevaardig word om die pouslike leerstellings af te dwing. Die groot stryd sal eindig wanneer die finale afvalligheid teen God se regering sal verklaar dat God se wet van nul en gener waarde is, en dekrete sal uitvaardig dat God se kinders, wat weier om aan die mens in plaas van God gehoorsaam te wees, vernietig moet word.

> *Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.* Openbaring 14:12.

Dié lydsaamheid sal beloon word wanneer Jesus as Koning van die konings en HERE van die here terugkeer om diegene wat geduldig op Hom gewag het, na hul wonings te neem wat Hy vir hulle voorberei het.

## VERWYSINGS

[1] *Scope,* 7 Februarie 1969, Byvoegsel, p.11.
[2] Evald Plass, *What Luther Says,* Vol. 1, p. 394.
[3] Carlyle B. Haynes, *Satan, his Origin, Work and Destiny,* p. 5.
[4] Philip Schaff, *History of the Christian Church,* Vol. 7, p. 336.

# 7

# TWEE DIERE RAAK BEVRIEND

***Voorbereiding vir die Finale Konflik***

*En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word...*

Openbaring 13:1, 8, 11, 12, 16.

In Openbaring 13 word twee diere beskryf wat wêreldgebeure tydens die eindtyd sal oorheers. Die eerste dier kom uit die see uit op en die tweede dier, uit die aarde. Die tweede dier bewys eer aan die eerste dier deur almal wat die aarde bewoon, te beveel om die eerste dier te aanbid en sodoende ontvang hulle die merk van die dier. Weer eens, deur die toepassing van die Bybelse uitleg van die simbole wat in hierdie groot profesie gebruik word, kan ons die geheimenisse daarvan ontrafel.

Die kern simbole is diere, koppe, horings, die see, draak en die aarde. Soos in hooftrekke beskryf (in Hoofstukke 3 & 4, *Newels van die Tyd* en *Die Man agter die Masker*), is ’n *“dier”* ’n koning of ’n koninkryk (Daniël 7:17) en die twee *diere* van Openbaring 13 verteenwoordig dus twee koninkryke of twee politieke magte wat die wêreld in die laaste dae sal oorheers. Die eerste dier het uit die *see* opgekom, verteenwoordigend van die nasies, menigtes, volkere en konings soos beskryf in Openbaring 17:15. In teenstelling met die eerste dier, kom die tweede dier uit die *aarde* op wat dus die teenoorgestelde van nasies, menigtes, volkere en konings is; daarom moet dit ontstaan in wêreldgebiede waar nasies, menigtes, volkere en konings nie gevestig is nie.

Die eerste dier het tien horings, wat ons herinner aan die vierde dier in Daniël 7, waar daar verwys word na Rome met haar tien horings. Die sewe koppe van die eerste dier verteenwoordig historiese tydperke, maar die syfer sewe is ook die Goddelike syfer wat daarop dui dat hierdie dier aanspraak maak op goddelikheid. Die kenmerke van die dier word verder beskryf en ons sien hier die ooreenkomste met die klein horingmag van Daniël 7 – die kenmerke van beide is dieselfde. Hulle moet gesien word as een en dieselfde en ons het hier te doen met Rome in sy pouslike gedaante (sien Hoofstuk 4, *Die Man agter die Masker*). Hierdie dier het luiperd-, beer- en leeu-eienskappe wat ons weer eens uit Daniël herken. Die volgorde waarin dié drie diere in Openbaring verskyn, is die teenoorgestelde van hoe hulle in Daniël verskyn. Die rede daarvoor is dat Daniël vooruit gekyk het, terwyl Johannes teruggekyk het.

> *... en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.* Openbaring 13:2.

Die draak is geïdentifiseer as Satan in Openbaring 12:9.

Die klein horingmag van Daniël 7 het die volgende karaktereienskappe gemeen met die eerste dier van Openbaring 13:

- *Spreek groot woorde en godslasteringe* (vers 5).
- *Voer oorlog teen die heiliges* (vers 7).
- *Oorwin die heiliges* (vers 7).
- *Is sterker as sy tydgenote en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie* (vers 7).
- *Aan hom is gesag gegee om vir twee-en-veertig maande lank (1260 dae) voort te gaan* (vers 5).

Johannes se visioen loop parallel met dié van Daniël 7, en die beeldspraak en die eienskappe van die dier wat uit die see opkom, word direk verbind met die klein horingmag. Die beeldspraak is egter uitgebrei deurdat die dier ook komponente bevat van die leeu, die beer, die luiperd en die vreeslike tien-horing dier, wat ook simbole is van die koninkryke van Babilon en Medo-Persië, Griekeland en Rome. Daar is ’n bepaalde rede hiervoor, aangesien die Kerk van Rome sisteme van aanbidding en regeringsvorme van die antieke koninkryke in haar eie sisteem opgeneem het. Die absolute mag van die heersende monarg, die onfeilbaarheid van sy dekrete, die algehele onderdanigheid van sy beamptes, die hiërargie van sy elite en die veelvuldige geheime organisasies wat die kerk se mag absoluut maak, is almal oorgeërf van die koninkryke van ouds. Rome behou ook baie van die kerkgebruike en priesterlike gewaad van die beer; die drie-vlakkige kroon wat deur die pous gedra word, uit suiwer goud vervaardig, is van Persiese oorsprong – “Koning van die Hemel en die Aarde en van die Onderwêreld,” asook die kerkgebruike en titels van Mithraïsme. Die kerkgebruike en seremonies wat terugdateer na die Griekse en Babiloniese tydperke vorm die basis vir die meeste liturgieë, feeste en grootse seremonies wat deur die Rooms-Katolieke Kerk gevier word. Selfs die titels wat deur hedendaagse pouse gebruik word, is dieselfde as dít wat gebruik was in die vroeë heidense gelowe en deur die monarge, wat as verteenwoordigers van die gode en selfs as gode gesien is.

Soos die mag van heidense Rome afgeneem het, so het die mag van pouslike Rome gegroei aangesien die kerk meer en meer mag en invloed bekom het. Toe Keiser Konstantyn oënskynlik Christendom aanvaar het en die heidendom en Christendom ineengevloei het, het Rome die godsdienstige hoofstad van die wêreld geword. *“Abbott’s Roman History”* verklaar op bladsy 236:

> *Die oorplasing van die keiser se woning na Konstantinopel was ’n tragiese slag vir die aansien van Rome en ten tye daarvan sou ’n mens haar*

> *spoedige agteruitgang kon voorspel het. Maar die ontwikkeling van die Kerk en die toenemende mag van die Biskop van Rome het haar 'n nuwe toekoms verseker en haar weer die hoofstad gemaak – hierdie keer die godsdienstige hoofstad – van die wêreld.*

Vanaf 538 n.C. toe die keiser Justinianus 'n dekreet uitgevaardig het dat die pous die oppermag in godsdienstige sake is, het die pous die mantel as Verteenwoordiger van Jesus Christus op aarde aangeneem. Toe Konstantyn sy setel na Konstantinopel verskuif het, het die pouse die mag van die Romeinse Keisers oorgeëërf – hul prestige en selfs hul titels. Die mees betekenisvol van hierdie titels was *"Pontifex Maximus"* – 'n heidense titel vir "Brugbouer tussen Hemel en Aarde." Verder het die Roomse geestelikes ook dieselfde gewaad as die priesters van Dagon, die visgod, gedra. Die viskop biskopsmus, gedra deur die priesters en pouse, is ook dieselfde as die antieke mus wat deur die Babiloniese priesterdom gebruik is. Die sleutels van die heidense manlike en vroulike gode het eweneens 'n simbool van die pousdom geword. Selfs sy staf, 'n simbool van die slang, is deur die antieke keisers vanaf Babiloniese, deur Egiptiese en tot in Romeinse tye, gedra. Die sleutels het die "sleutels van Petrus" geword en die staf het die herder se staf geword, en sodoende is die heidense simbole verchristelik en hulle het Christelike simbole geword.

> *Die pousdom is maar die skim van die Romeinse Ryk wat gekroond op haar graf sit.*[1]

Die simbool van die twee-en-veertig maande waartydens die dier heerskappy sal uitoefen (Openbaring 13:5) is dieselfde periode as vir die klein horinkie van Daniël 12:7. Die klein horinkie sal vir 'n "tyd, tye en die helfte van 'n tyd" heers. Tyd, tye en die helfte van 'n tyd, twee-en-veertig maande en 1260 dae beskryf dieselfde tydperiode in verskillende vorme weergegee. Dit kan uit die Hebreeuse parallelisme afgelei word. In Openbaring 11:2-3 is die parallelisme van 'n heidense mag wat die heilige stad vir twee-en-veertig maande sal vertrap, maar dat God se getuies tydens daardie eenduisend tweehonderd en sestig dae sal getuig en profeteer, dus word die eenduisend tweehonderd en sestig dae gelykgestel aan die twee-en-veertig maande. Ons vind 'n verdere voorbeeld in Openbaring 12:6 waar die vrou na die woestyn vlug en daar vir eenduisend tweehonderd en sestig dae lank versorg is. Aangesien die vrou 'n kerk verteenwoordig, verteenwoordig hierdie die kerk wat in afgeleë plekke van die wêreld versorg is gedurende

die tydperk van pouslike oppermag. Die teksvers wat parallel is hieraan word gevind in Openbaring 12:14 waar die vrou weer die woestyn invlug om dáár versorg te word vir ’n tyd en tye en ’n halwe tyd, en dus word die eenduisend tweehonderd en sestig dae hier gelykgestel aan ’n tyd en tye en ’n halwe tyd. Die Bybel meld hierdie profetiese tydperk sewe maal en in elke geval verwys dit na die pousdom. Dit het in 538 n.C. begin en in 1798 geëindig toe die pousdom skynbaar ’n dodelike wond opgedoen het. (Vir ’n gedetailleerde bespreking van hierdie periode van 1260 jaar, (sien Hoofstuk 4, *Die Man agter die Masker*).

Tydens die periode van die pouslike oppergesag, het die pouse meer mag as selfs die keisers van Rome gehad. Die geskiedkundige, Gibbon, sê dat Pous Innocent III ’n groter wêreldgesag was as enige keiser wat oor die Ryk geheers het. Konings het hul krone aan die voete van die pous neergelê sodat hy hulle kon kroon. Hulle het die pous se pantoffel gesoen om hul onderdanigheid te betoon. Enige koning wat gerebelleer het, is onttroon. Koning John van Engeland is een so ’n voorbeeld en hy is deur die pous geëkskommunikeer. Die enigste manier waardeur hy op die troon herstel kon word, was om vir ’n dag en ’n nag nakend op ’n koue marmerblad te lê. Die koning het aan die vereiste voldoen. Henry IV, Keiser van Duitsland, moes vir vier dae lank in die reën en sneeu staan voordat die pous hom ’n onderhoud toegestaan het. Die pous was die oppermag oor alle volke en nasies.

Volgens Openbaring 13 blyk dit dat die dier vanuit die see ’n dodelike wond opdoen, maar die voorspelling is gemaak dat die wond sou genees, en dat die hele wêreld verwonderd agter die dier sou aanloop en die dier sou aanbid.

> *En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?*
> Openbaring 13:3-4.

In die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* van die Bybel (1983) lees hierdie teksvers as volg:

> *Dit het gelyk asof hy aan een van sy koppe dodelik gewond was, maar die dodelike wond het genees, en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan geloop.*

Die wond is 'n skynwond, maar kom nietemin eg voor. Ons sal later (in Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*) merk dat die dier deel vorm van 'n trilogie (drie-voudige mag) wat die laaste groot konfederasie teen God uitmaak en wat Babilon genoem word in die Bybel. Hierdie anti-tipiese Babilon bestaan uit drie komponente: die Dier, die Draak en die Valse Profeet wat die ware Drie-eenheid namaak. Die dier, oftewel die pousdom, maak daarop aanspraak dat hy die verteenwoordiger van Christus is, hy vereis gehoorsaamheid van die hele wêreld en ondervind ook 'n valse dood en opstanding. Aan die einde van tyd sal die mag van die herrese pousdom so groot wees dat niemand dit sal waag om daarteen oorlog te voer nie en die dodelike wond sal genees.

Pouslike oppermag tydens die Middeleeue het in die jaar 1798 geëindig, presies 1260 jaar nadat die pousdom as Christelike oppermag in 538 n.C. ingestel is deur middel van die dekreet van Justinianus. In 1798 neem Napoleon se generaal, Generaal Berthier, die pous gevange en hy word in ballingskap weggevoer. Die moord van 'n Fransman in Rome in 1798 het aan die Franse die verskoning wat hulle gesoek het, verleen om die ewige stad te beset. Daar was werklik geglo en aanvaar dat die era van pouslike mag vir ewig tot 'n einde gekom het, maar die profesie sê:

> *... sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.*
> Openbaring 13:3.

Aangesien dit gelyk het asof die pousdom haar politieke status kwyt was na die inhegtenisname van die pous in 1798, is die dier (wat 'n koninkryk of politieke mag verteenwoordig) vir alle praktiese doeleindes, tot niet. Dit kon slegs as die dier herrys indien dit weer eens lewensvatbare politieke status kon bekom. In 1929 het Mussolini en Gaspari 'n akkoord onderteken in terme waarvan die pous onderneem het om die steun van sy eie politieke party aan Mussolini te verleen in ruil vir die terugbesorging en erkenning van sy pouslike setel en mag. Vanaf 1929 is die politieke status van die Vatikaan weer ingestel en die skynbare wond kon genees. Sedertdien het die mag en invloed van die pousdom se groei wêreldwye afmetings aangeneem, veral gedurende die laaste jare van die vorige millennium. Pous Johannes Paulus II het staatshoofde van regoor die wêreld ontvang en hy op sy beurt weer, het baie lande besoek. Sy status as 'n wêreldleier het astronomies gegroei en Bill Clinton, 'n vorige president van die Verenigde State van Amerika, het die pous tydens sy besoek aan St. Louis bedank vir sy pogings om die wêreld van die gruwels van 'n kernoorlog te red en vir sy pogings om miljoene vanuit politieke onderdrukking te bevry.

Buiten die politieke eerbetuigings het kerkleiers van feitlik alle godsdiensgroepe aan hom hulde betoon. Die pous word deesdae as die opperhoof van die godsdienstige wêreld erken en tydens die konsilie van Assisi het leiers van alle geloofsoortuigings hom as die oppergesag in geestelike sake erken. Godsdiensleiers van alle geloofsoortuigings het dikwels ontmoet om eenheid van geloof te bespreek en net voor die einde van die vorige millennium is vergaderings by die Verenigde Nasies deur godsdiensleiers bygewoon waartydens dié leiers onderneem het om saam te werk om godsdiens-struwelinge tot ’n einde te bring. In die Christelike wêreld is dit die beplande doelwit van die ekumeniese beweging om die pous se gesag te herstel en Pous Johannes Paulus II het die verklaring uitgereik dat dit noodsaaklik is vir alle kerkgenootskappe om die pouslike gesag te aanvaar voordat eenheid bereik kan word.

Op ’n gedenkplaat buite die pous se Lateraanse Kerk in Rome waar hy (Pous Johannes Paulus II) in 1978 gekroon is, vind ons die volgende woorde: “*Ecclesium Mater” –* Moeder van die Kerke. Die kloof tussen die wêreld se 1,2 biljoen Rooms-Katolieke en die 350 miljoen Protestante is voortdurend besig om te vernou. Rome het egter nie een van haar leerstellings in dié proses gewysig nie. Tog lyk dit of baie van die Hervormde Kerke toustaan om eer aan Rome te betoon. (Sien Hoofstuk 11, *Die ‘Gees’ van Eenheid*).

Rome was nog altyd ’n geestelike sowel as ‘n sekulêre mag wat staat en kerk gekombineer het. Sy was ook in staat om enige wette toe te pas volgens haar begeerte. Gedurende die Middeleeue, toe Rome die gesag gehad het, het sy verklaar:

> *Die Kerk mag deur die Goddelike mag, die eiendom van ketters konfiskeer, hulle in die gevangenis werp en hulle tot die vlamme verdoem.*

Hierdie verklaring benadruk die mag wat Rome uitgeoefen het en wel weer op aarde sal uitoefen. In een van sy pouslike sendbriewe, *“Dies Domini”* van 7 Mei 1998, het Pous Johannes Paulus II gevra vir siviele wetgewing om die onderhouding van Sondag te ondersteun, alhoewel die heiliging van Sondag slegs op pouslike gesag berus.

> *Wanneer sy deur die eeue heen wette gemaak het in verband met Sondagsrus, (109) het die Kerk bo alles die werk van diensknegte en werkers in gedagte gehad, beslis nie omdat hierdie arbeid enigsins*

> *minderwaardig was in vergelyking met die geestelike vereistes vir Sondagsviering nie, maar eerder omdat dit groter beheermaatreëls benodig om hul las te verlig en dus om almal in staat te stel om die Dag van die HERE heilig te hou. In hierdie saak het my voorganger, Pous Leo XIII, in sy pouslike sendbrief, 'Rerum Novarum', verwys na Sondagsrus as 'n werker se reg wat deur die Staat gewaarborg moet word... Daarom, so ook in die besondere omstandighede van ons tyd, sal Christene uiteraard daarna streef om te verseker dat siviele wetgewing hul reg om Sondag heilig te hou, respekteer.* "DIES DOMINI"

In 'n verdere Apostoliese sendbrief, *"AD TUENDAM FIDEM"*, uitgereik op 18 Mei 1998, gebruik die pous die term "ketter" vir die eerste maal sedert die herstel van die wond en hy waarsku ongehoorsame lede van die kudde dat hulle gestraf sal word indien hulle nie pouslike gesag in alle kwessies in verband met leerstellings aanvaar nie.

> *Can 1436 § 1. Wie ookal ontken of enige waarheid in twyfel trek wat met goddelike en katolieke geloof geglo moet word, of die Christelike geloof in sy geheel verwerp en nie tot besinning kom nadat hy wettiglik gewaarsku is nie, moet as 'n* ***ketter*** *of 'n afvallige deur middel van ekskommunikasie gestraf word; verder kan 'n lid van die kerklike ampsdraers aan ander strawwe onderwerp word wat nie afsetting uitsluit nie. 2. Buiten sulke gevalle, wie ookal 'n voorgeskrewe leerstelling verwerp wat duidelik deur die pous of die Kollegium van Biskoppe wat hul outentieke leergesag uitoefen, voorgehou word as 'n sienswyse wat gehuldig moet word, of 'n ander leerstelling aanvaar wat deur hulle as onjuis verwerp is, en nie tot besinning kom nadat hulle wettiglik gewaarsku is nie, moet met 'n toepaslike sanksie gestraf word.* "AD TUENDAM FIDEM"

Net soos in die Bybel voorspel is, begin Rome ongemerk en slinks, weer eens met voorbereidings om haar dekrete af te dwing. In die geheime plekke van haar indrukwekkende geboue en in die raadsale van die wetgewers van die wêreld se politieke magte word voorbereidings getref vir die finale

konfrontasie tussen diegene wat hul skaar by die Prins van die Duisternis en die wat sal staan onder die bloedbevlekte banier van Prins Emmanuel.

In Daniël 7 en in Openbaring 13:5 word verklaar dat die dier-mag 'n godslasterlike mag sal wees. Pous Leo het gespog:

> *Op aarde neem ons die plek van God Almagtig in. God self is gebonde om Hom aan die oordeel van Sy priesters te onderwerp om te vergewe of nie te vergewe nie. Die uitspraak van die priester word vooraf gegaan en God onderskryf dit.*[2]

Nie een van hierdie verklarings is in die onlangse verlede, sedert Vatikaan II, teruggetrek nie.

> *Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?* Romeine 6:16.

'n Finale eienskap van die see-dier is dat dit 'n nommer het en hierdie nommer is die van 'n mens.

> *Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig (666).* Openbaring 13:18.

Moderne vertolkings van hierdie profesie pas hierdie 666 toe op 'n rekenaar in Brussels. Hiermee wil hulle te kenne gee dat hierdie syfer verteenwoordigend is van elke burger op aarde wat aan die nuwe ekonomiese beleid van die nuwe wêreldorde onderdanig moet wees. Die vrae wat ons onsself moet vra, is: Is dit hierdie rekenaar wat die heiliges gedurende die 1260 jaar vervolg het? Het dit te kenne gegee dat dit God is? Asook, maak dit daarop aanspraak dat dit sondes kan vergewe? Die teksvers stel dit duidelik dat dit 'n getal van 'n mens is, maar ook dié van die dier. Is die getal 666 van toepassing op die pousdom en is dit die getal van 'n mens wat dit in verband bring met die "mens van sonde" soos opgeteken in die Skrif?

Een van die amptelike titels van die pous is "*Vicarius Filii Dei"* – Plaasvervanger vir die Seun van God. Dít word bevestig in die pouslike kerkreëls wat gedurende die afgelope jare afgekondig is.

Latynse syfers het numeriese waardes en die titel *"Vicarius Filii Dei"* se somtotaal is 666 (V = 5; I = 1; C = 100; U = 5; L = 50; D = 500). Griekse letters het ook numeriese waardes. As die amptelike titels van die Roomse Kerk in beide haar sekulêre en godsdienstige hoedanigheid beskou word, dan is die syfer 666 weer eens prominent. Die titel *"Italika Ekklésia"* (I = 10; T = 300; A = 1; L = 30; I = 10; K = 20; A = 1; E = 5; K = 20; K = 20; L = 30; É = 8; S = 200; I = 10; A = 1) wat beteken "Italiaanse Kerk" se somtotaal is 666. Die Griekse titel *"Hélatiné Basileia"* (H = 0; É = 8; L = 30; A = 1; T = 300; I = 10; N = 50; É = 8; B = 2; A = 1; S = 200; I = 10; L = 30; E = 5; I = 10; A = 1) wat "Die Latynse Koninkryk" beteken se somtotaal is ook 666, en so ook die titel *"Dux Clerici"* (D = 500, U = 5, X = 10, C = 100, L = 50, E = 0, R = 0, I = 1) wat "Hoof van die geestelikes beteken, en *"Lateinos"* (L = 30, A = 1, T = 300, E = 5, I = 10, N = 50, O = 70, S = 200) wat beteken "man wat Latyn praat."

Die eerste dier van Openbaring 13 is nou geïdentifiseer en nou moet die tweede dier, wat saam met die eerste een sal werk en wat die hele wêreld sal dwing om aan die eerste dier eer te betoon, ook geïdentifiseer word. Watter politieke mag sal op aarde verrys met genoeg mag om die hele wêreld te dwing en wat sou sy verwantskap met Rome wees?

Die teksvers wat op die oorgangspunt lê tussen die beskrywings van die twee diere, is Openbaring 13:10 en dit lees as volg:

> *As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word.*

Die teksvers is insiggewend aangesien dit dien as 'n baken wat die tyd aandui wanneer die tweede dier sou verrys, want vers 11 begin met die woorde: *"Toe het ek 'n ander dier gesien wat uit die aarde uit kom."* (Nuwe Afrikaanse Bybel – 1983).

In 1798 is die eerste dier gevange geneem en deur die swaard "gedood." Johannes het gesien dat die tweede dier gedurende hierdie tyd opkom. Dit kom nie op uit die see ('n menigte volke) nie, maar uit die aarde, in 'n gebied wat nie voorheen deur groot nasies, menigtes, volke en tale bewoon was nie. Daar is slegs een nasie op aarde wat voldoen aan die vereistes vermeld in die tweede helfte van Openbaring 13. Die mag wat beskryf word, sou 'n magtige nasie moes word ten einde die gesag,

soos voorspel, oor al die nasies van die wêreld uit te oefen. Dié mag sou die karaktereienskappe van ’n lam besit, maar sou praat soos ’n draak. Dit beteken dat hierdie mag Christelike eienskappe moet hê, maar dat dit daardie eienskappe sal versaak ten gunste van die eienskappe van die draak. Ons weet dat die draak Satan verteenwoordig wat die kinders van God deur middel van die kerk vervolg het gedurende die Middeleeue. Op ’n soortgelyke wyse sal die tweede dier ook die kinders van God vervolg wat nie die leringe van die eerste dier aanvaar nie deur selfs ’n doodsdekreet teen hulle uit te vaardig.

Slegs die Verenigde State van Amerika voldoen aan al die genoemde vereistes. Die Amerikaanse vryheidsoorlog het in 1776 op 4 Julie geëindig. Die Amerikaanse grondwet is in 1789 opgestel. Amerika is amptelik deur Frankryk (toe die magtigste nasie in Europa) as onafhanklike staat erken; in 1798 het Frankryk ook die *“Statue of Liberty”* aan Amerika geskenk.

So het die land wat die mag en invloed van die eerste dier beëindig het, die botoon gevoer en ’n belangrike rol gespeel in die erkenning van die nuwe nasie wat verklaar het dat sy kerk en staat sou skei. Die grondwet van die nuwe staat het volkome geloofsvryheid aan sy burgers verleen.

> *Die Kongres sal geen wette aangaande die vestiging van godsdiens of wat die vrye beoefening daarvan inperk, uitvaardig nie. Geen godsdiens kriterium sal ooit toegepas word om geskiktheid vir enige openbare amp of pos te bepaal nie.*

Die Verenigde State van Amerika pas die beskrywing van die dier met twee horings in vers 11 wat soos ’n lam lyk. Dit begin soos ’n lam en sal later praat soos ’n draak.

Hordes vervolgde Christene het weggevlug van die terreur en beproewinge van die Europese onderdrukking, en ’n nuwe tuiste en beter lewe in die Nuwe Wêreld van Noord Amerika gaan soek.

Daar is geen twyfel dat hierdie dier Amerika is nie. Dit sal egter meer militant word met die verloop van tyd. Vers 12 waarsku dat hierdie dier al die mag van die eerste dier voor hom sal uitoefen. Gevolglik kan ’n mens vervolging te wagte wees wanneer kerk en staat (verteenwoordig deur die twee horings van hierdie dier) weer eens in die laaste dae sal verenig, want vers 12 gaan voort deur ons te waarsku dat die VSA almal wat op die aarde is, sal verplig om die pouslike mag (die eerste dier) te aanbid, en dit kan slegs geskied deur die afdwinging van die pousdom se leerstellings.

> *En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.* Openbaring 13:12.

Dit beteken dat pouslike leerstellings as wetgewing uitgevaardig moet word anders sou die gereg nie die mag hê om dit af te dwing nie. Dit sou dus beteken dat die grondwet van die VSA geïgnoreer of gewysig sal moet word, aangesien dit die uitvaardiging van godsdienswette verbied. Op een of ander wyse moet die algemene gevoel van die bevolking só deur die godsdienstige liggame beïnvloed word dat hulle sulke wette sal toelaat en sal vra dat die grondwet gewysig of selfs opgeskort moet word.

Amerika is besig om die polisieman van die wêreld te word soos sy betrokke raak in alle dele van die wêreld – alles in die naam van geregtigheid en vryheid. Met die val van die Sowjetunie is daar geen ander mag wat die nodige hulpbronne het om hierdie rol te vervul nie, en deur haar eie erkenning, is Amerika die enigste wêreld supermoondheid wat op aarde oorbly.

Die vraag bly egter, hoe kerk en staat sal verenig ten einde hierdie profesie tot vervulling te bring. Verse 13-14 voorsien 'n moontlike oplossing vir hierdie kwessie:

> *Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.* Openbaring 13:13-14.

Wat beteken dit dat vuur uit die hemel sal neerdaal? Die Verenigde State van Amerika het beslis die vermoë om vuur uit die hemel te laat neerdaal in 'n militêre konteks, maar miskien het hierdie woorde ook 'n geestelike betekenis. Toe Elía die kinders van Israel voor die keuse gestel het om tussen die hemelse God en Baal te kies, sou die kwessie beslis word deur die god wat vuur uit die hemel sou laat reën op die offerande en ons weet dat dit God was wat Sy mag by daardie geleentheid vertoon het deur vuur uit die hemel te laat neerdaal sodat daar geen twyfel was oor wie die ware God was nie. Daar is ook geen twyfel dat Satan by daardie geleentheid

vuur uit die hemel sou wou laat neerdaal nie, maar sy mag was deur God ingeperk. Aan die einde van tyd sal daar weer 'n keuse wees wat gemaak moet word, miskien sal vuur neerdaal uit die hemel, maar die teksvers sê dat dit 'n vuur van misleiding sal wees en dus nie van God afkomstig kan wees nie. Indien dit die geval is, wat sal verhoed dat die kinders van God mislei word? Dit kan sekerlik slegs wees deur 'n onomwonde "so sê die HERE." Toe Satan vir Christus probeer mislei het deur die Skrif verkeerdelik toe te pas, het Jesus hom geantwoord: "Daar staan geskrywe." Christus het alles in Sy Woord duidelik gemaak en dit is nie nodig vir Hom om die waarheid daarvan te bewys nie. As die mens nie die duidelike stellings in die Woord van God wil glo nie, sal Christus hulle nie dwing nie.

Daar is ook 'n ander moontlikheid wat lig op hierdie teksvers kan werp aangaande die vuur wat uit die hemel sal neerdaal om die aardsbewoners te mislei. Vuur in die Skrif verwys na die Heilige Gees. In Handelinge hoofstuk 2 is daar 'n beskrywing van die gebeure tydens Pinkster. Soos die dissipels saam gebid het, het vlamme van vuur op hulle neergedaal; dit was die uitstorting van die Heilige Gees wat hulle sou bemagtig om die evangelie met goddelike krag uit te dra. Is dit moontlik dat die vuur wat uit die hemel sal kom gedurende die finale fase van die aarde se geskiedenis, die uitstorting van 'n valse heilige gees kan wees wat die mensdom sal oortuig om eerder die leuen as die waarheid te glo? Is dit moontlik dat godsdiens- en politieke-leiers só deur die manifestasie van die "Gees" meegevoer sal wees, dat wanneer hulle die wonderwerke sien wat verrig word, hulle oortuig sal wees dat dit deur God se mag geskied? Deur hul sintuie mislei, sal hulle gesamentlik op so 'n wyse optree dat die profesieë vervul sal word.

Ten einde godsdiens dogma af te dwing, moet die kerk en staat weer eens verenig. In die Verenigde State is die Christelike koalisie juis vir hierdie doel gestig en alhoewel dit nie meer in daardie vorm bestaan nie, word dieselfde ideale deur baie politici vooropgestel. Ten einde mislei te wees, moet die mens glo dat hy iets reg doen, terwyl dit eintlik verkeerd is. Christus het nooit enigiemand gedwing nie, maar Hy het Sy liefde vir die mensdom gedemonstreer deur Sy gewilligheid om vir die gevalle mens te sterf. Daarteenoor was dit nog altyd die beleid van die bedrieër om die mens te dwing om aan hom onderdanig te wees. Tragies voorspel Openbaring 13 dat, soos in die geval van die Middeleeue, godsdienstige onverdraagsaamheid weer eens sy haatlike kop sal uitsteek. In die naam van vrede en orde sal wetgewing in verband met morele sake uitgevaardig word, aangevuur deur godsdienstige ywer, en onder hierdie kwessies sal ook dáárdie wees wat hul ontstaan by geen ander as die pousdom het nie.

Die Verenigde State en die Vatikaan werk alreeds saam aan gemeenskaplike doelwitte. In 1982 was daar ‘n privaat byeenkoms tussen die pous en President Ronald Reagan en kort daarna is ’n Amerikaanse afvaardiging na die Vatikaan gestuur. Vorige Amerikaanse presidente het gepoog om dit reg te kry maar hul pogings was telkens as ongrondwetlik afgeskiet. President Reagan het dit egter gedoen sonder om die kwessie na die Kongres of Senaat te verwys.

> *In reaksie op kommer geopper deur die Vatikaan het die Reagan administrasie ingestem om sy beleid ten opsigte van buitelandse hulpverlening te wysig ten einde te voldoen aan die kerk se lering oor geboortebeperking.*[3]

Evangeliese magte het die vermoë om die rigting van die Verenigde State van Amerika te beïnvloed. Hulle het nou die politieke gewig om hul doelwitte te bereik en wanneer dit in plek is, sal alles gereed wees vir die vervulling van die finale gebeure soos in Openbaring 13 beskryf. Die presiese aard van die wetgewing wat uitgevaardig gaan word en die merk van die dier sal breedvoerig in Hoofstukke 8 & 11, *Die Merk van die Dier* en *Die ‘Gees’ van Eenheid* bespreek word.

## VERWYSINGS

1 *Stanley’s History*, p. 40.

2 St. Alphonsus de Liguori, *Dignities and Duties of the Priests,* New York: Benziger Brothers, 1888, pp. 27, 28.

3 *Liberty Magazine,* 1980.

# Die Laaste Groot Konflik tussen Waarheid en Dwaalleer

# 8

# DIE MERK VAN DIE DIER

***Die Finale Toets***

Die boek van Openbaring beskryf die finale konflik tussen Christus en Satan en hierdie konflik is ’n konflik oor gesag. Ons sien in Openbaring 12 dat die draak oorlog voer teen diegene wat die gebooie van God onderhou en die getuienis van Jesus Christus het (Openbaring 12:17). Daar is dus twee kwessies wat die vyand in besonder sal teiken in die finale konflik, naamlik *“die Gebooie van God”* en *“die Getuienis van Jesus Christus.”* Ons sal die getuienis later behandel (sien Hoofstuk 15, *God se Leidende Gawe*) maar die wet van God is die kwessie wat die gesag en regering van God raak. In Openbaring 11:19 lees ons:

> *En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.* Openbaring 11:19.

Die profeet Johannes vestig ons aandag daarop dat die kwessies in die finale groot stryd sal draai om die wet van God. Die vyand gaan God se gesag in twyfel trek en gaan probeer om sy eie gesagsteken op te rig. Openbaring 13 identifiseer die magte wat betrokke sal wees by die finale uitdaging tot God

se gesag en ons het gesien dat Pouslike Rome en die Verenigde State van Amerika die sentrale rol in hierdie konflik sal speel. Dit is noemenswaardig dat Pouslike Rome met die mond van 'n leeu gepraat het wat, volgens Daniël se profesie, Babilon verteenwoordig het. Met ander woorde, daar sal 'n Babiloniese komponent in die pousdom wees, veral met betrekking tot sy uitsprake.

Die geskiedenis leer ons dat tydens die val van Babilon haar priesterdom na Pérgamus in Klein Asië gevlug het, en daar is die Babiloniese godsdiens met al sy rites en rituele sowel as sy hiërargie in stand gehou. Die laaste biskop-koning van Pérgamus, Koning Attalus, het sy titel (*"Pontifex Maximus"*), asook die struktuur van die Babiloniese priesterdom en hulle priesterlike gewaad aan Rome bemaak.[1] Aanvanklik het slegs die heidense hoëpriester van Rome hierdie titel gebruik, maar toe heidense Rome val, is dié titel na die pous oorgedra. En die heel eerste ding wat jou opval as jy Sint Pieter binnekom, is die Babiloniese titel, *"Pontifex Maximus"*, en hierdie titel is ook te sien by die ingang tot die Vatikaan en op elke pouslike standbeeld. Dit is interessant dat die standbeeld van Pous Gregory XIII hierdie titel aandui, maar dit is ook bo-op die draak, en volgens Openbaring 13 is dit die draak wat mag gee aan die dier wat uit die see opkom, naamlik die pousdom. In 'n spesiale sin is die Roomse Biskop dus die woordvoerder van die draak en dit is deur middel van die pousdom, die erfgenaam van die Romeinse Ryk, dat die draak sy gesag uitoefen.

> *Nadat Keiser Konstantyn Rome in 330 n.C. verlaat het om Konstantinopel, die huidige Istanboel, sy nuwe hoofstad te maak, het heidense Rome haar mag en troon na pouslike Rome oorgedra. Kardinaal Henry Edward Manning van Engeland sê dat die verlating van Rome die "bevryding" van die pouse was. Met die verloop van tyd, sê hy, "het die pouse hulself alleen bevind; die enigste bron van orde, vrede, wet en veiligheid" in westelike Rome.*[2]

Die Roomse biskop maak daarop aanspraak dat hy spesiale magte betreffende beide morele en siviele sake het, en dat hy selfs gesag kan uitoefen oor die voorskrifte van God. Die Romeinse pouslike dekrete verklaar:

> *"Hy kan uitsprake lewer en vonnisse oplê in teenstelling met die regte van nasies, die wet van God en die mens... Hy kan homself bevry van die opdragte*

> *van die apostels, aangesien hy hul meerdere is, en van die reëls van die Ou Testament." Hy verklaar verder dat "die pous die mag het om tye te verander, om wette af te skaf en om van alle dinge af te sien, selfs die voorskrifte van Christus."*[3]

'n Verdere verklaring om hierdie punt te staaf, is die volgende:

> *Die wil van die pous staan vir redelikheid. Hy kan wette ophef; hy kan dit wat verkeerd is, reg maak deur wette te korrigeer en te verander.*[4]

As, soos ons gesien het, die gebooie van God en derhalwe die regering van God die teiken van Satan se woede is, dan is dit ook uiteraard so dat hierdie sogenaamde magte van die pousdom in die finale konflik tussen goed en kwaad aangewend sal word en sal uitloop op die afdwinging van die merk van die dier op alle mense op aarde. Die waarskuwings aangaande die merk van die dier is van die ernstigste waarskuwings vervat in die Bybel en dit is noodsaaklik dat dit sorgvuldig uitgelê word ten einde die betekenis te ontrafel.

> *En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.* Openbaring 13:16-17.

> *En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.*
> Openbaring 14:9-11.

Die merkteken van die dier dra daarmee saam die grootste straf wat God ooit oor die mens uitgespreek het. Dit is die straf van ewige verwydering van God se teenwoordigheid. Die merkteken van die dier moet dus 'n kwessie van kardinale belang wees en aangesien God die hart en karakter van die mens deursoek, moet die kwessie verband hou met die mens se verhouding met God. Dit is verstommend hoeveel teorieë daar is oor die merkteken van die dier, wat wissel van rekenaar-gedrewe identifikasies tot rekenaarskyfies wat ingeplant word, nie een waarvan enigsins te doen het met die mens se karakter, persoonlike verhouding met God of onderwerping aan die heerskappy van God nie. Die dier is in sommige van die interpretasies van hierdie profesieë vergelyk met 'n bose individu of 'n groot rekenaar iewers wat al die inligting van die mensdom bevat. Al hierdie kwessies mag nuttig wees om beheer oor toegang tot hulpbronne toe te pas en om die mens se bewegings dop te hou, maar dit kan nie die merkteken van die dier wees nie, want die dier verwys na die pousdom soos ons uit ons studie van die twee diere van Openbaring 13 vasgestel het. Indien ons die merkteken van die dier gaan identifiseer, dan moet ons dit doen binne die raamwerk van die groot stryd en hoe dit die verlossingsplan beïnvloed. Dit is deur sonde (die verbreking van God se wet, 1 Johannes 3:4) dat daar skeiding tussen God en die mens gekom het, en hierdie rebellie teen Sy heerskappy het die gevolge meegebring wat die mensdom ervaar.

> *... maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.*
> Jesaja 59:2.

> *Want die loon van die sonde is die dood...*
> Romeine 6:23.

Geregtigheid vereis dat die straf vir die sonde betaal moet word en Christus het hierdie vereistes vervul deur die prys self te betaal. Deur middel van hierdie offerande kon daar meer oorvloedige genade wees en die gebroke verhouding tussen God en die mens kon herstel word. Die vernieude hart is een wat:

> *... die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.*
> Openbaring 14:12.

> *Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in*

> *hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.* Hebreërs 8:10.

'n Herstelde verhouding veronderstel 'n lewe wat weer eens in volkome eenstemmigheid met God se verordeninge is. *"Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie."* 1 Johannes 2:4. As skeiding die gevolg is van sonde, dan moet die merkteken van die dier ook verwys na sonde, aangesien dit die enigste oorsaak is van die skeiding. As sonde die oortreding van God se wet is (1 Joh. 3:4), dan, soos in die begin, moet die  inale oorsaak vir ewige skeiding gesoek word in die verbreking van God se wet.

Die dier en sy getal is (in Hoofstuk 7, *Twee Diere Raak Bevriend*) geïdentifiseer. Openbaring 13 leer dat die merk deur die beeld van die dier afgedwing sal word. 'n Beeld is iets wat die eienskappe van die oorspronklike het, soos 'n spieëlbeeld. Die eerste dier van Openbaring 13 (die Rooms-Katolieke sisteem) was 'n mag wat die staatshulpbronne aangewend het ten einde haar leerstellings af te dwing, selfs al was hierdie leerstellings in stryd met God se Woord. Volgens Openbaring 13 word die beeld in die tweede dier ontwikkel, wat geïdentifiseer is as die Verenigde State van Amerika. Die Verenigde State van Amerika is die supermoondheid in die wêreld en sal insgelyks die mag van die staat aanwend om godsdienstige leerstellings af te dwing, al is dit in stryd met die Skrif. Indien die Verenigde State van Amerika al die gesag wat die pousdom het, sou uitoefen, en almal sou dwing om die pousdom te aanbid, dan sal dit tot gevolg hê dat Amerika sal word soos Rome was gedurende die 1260-jaar periode, toe sy haar leerstellings by wyse van die wet en vervolging afgedwing het. Die Verenigde State van Amerika sal egter pouslike wetgewing afkondig en die toepassing daarvan wêreldwyd afdwing. Deur soos Rome te word, deur die vorming van 'n band tussen kerk en staat, en deur die mag van die staat te gebruik om sulke wette af te dwing, sal die Verenigde State van Amerika 'n beeld van die dier maak, 'n stelsel wat soos die oorspronklike is, of 'n spieëlbeeld van die oorspronklike. Hierdie godsdienspolitieke reus sal dan die merk van die eerste dier afdwing.

Die wyse waarop die merkteken afgedwing sal word, is, volgens die Skrif, deur eerstens ekonomiese sanksies toe te pas op enige organisasie of individu wat onwillig is om die merkteken te aanvaar.

> *... sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het... en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig.*
> Openbaring 13:17-18.

’n Merk is iets wat een ding van ’n ander onderskei. ‘n Merk van ’n godsdienstige mag sal dan een of ander uitsonderlike geloofsoortuiging wees wat dit van die ander onderskei. Die beste manier om daardie merk van die Rooms-Katolieke Kerk vas te stel is om haar leringe direk te raadpleeg. Kardinaal Gibbons verklaar dat Sondagsonderhouding die merk is van die Rooms-Katolieke gesag.

> *Natuurlik sê die Katolieke Kerk dat die verandering haar optrede was. Dit kon nie anders wees nie, aangesien niemand in daardie tyd sou gedroom het om enigiets te doen betreffende geestelike, kerklike of godsdienstige sake sonder haar nie. Hierdie handeling is die* ***merk*** *van haar kerklike gesag en mag in godsdienstige kwessies.”* [5] (Klem bygevoeg.) .

> *Die son was die vooraanstaande god in die heidendom... Die son het tans in Persië en ander lande aanbidders... Daar is inderwaarheid iets vorsteliks, koninklik omtrent die son wat dit ’n gepaste embleem van Jesus maak, die Son van Geregtigheid. Gevolglik wil dit voorkom asof die kerk in daardie lande gesê het: “Behou daardie ou, heidense naam. Dit sal toegewyd, geseënd bly.” En sodoende het die heidense Sondag, opgedra aan Balder, die Christen Sondag geword, geheilig aan Jesus.*[6]

Sondagsaanbidding het geen Skriftelike gesag nie en berus uitsluitlike op tradisie. Protestante het altyd vereis dat die Bybel en slegs die Bybel die standaard in hul godsdienstige oortuigings moet wees. Om hierdie uitdagings die hoof te bied het die Rooms-Katolieke Kerk die Konsilie van Trent belê in 1545 en verklaar dat tradisie bo die Skrif verhewe is. Die Aartsbiskop van Reggio het in ’n toespraak aangaande hierdie kwessie volgehou dat bewys vir tradisie wat Skriftelike gesag vooruitgaan, gevind kan word in die verandering van die Sabbat na Sondag.

*Die kerk het Sabbat verander na Sondag, nie deur 'n opdrag van Christus nie, maar deur haar eie gesag.*[7]

*Tradisie en nie die Skrif nie is die rots waarop die Kerk van Christus gebou is.*[8]

Protestante wat Sondag as die aanbiddingsdag onderhou, eer die *merk* van Rooms-Katolisisme. Rooms-Katolieke verklaar:

*Die Christen Sabbat is daarom tot hierdie dag toe die erkende nageslag van die Rooms-Katolieke Kerk, as die eggenote van die Heilige Gees, sonder enige woord van veroordeling van die Protestantse wêreld.*[9]

*Sondag is ons merk van gesag... die kerk is verhewe bo die Bybel en hierdie oorplasing van Sabbatsonderhouding is bewys daarvan.*[10]

*Vraag: Het jy enige ander manier om te bewys dat die kerk die mag het om voorgeskrewe feestye in te stel?*

*Antwoord: As sy nie daardie mag gehad het nie, sou sy nie dit kon doen waarmee al die moderne godsdienstiges met haar eens is nie, sy kon nie die onderhouding van Sondag, die eerste dag van die week, in die plek stel van die onderhouding van Saterdag, die sewende dag nie, 'n verandering waarvoor daar geen Skrifbewys is nie.*[11]

*Jy sal vir my sê dat Saterdag die Joodse Sabbat was, maar dat die Christen Sabbat verander is na Sondag. Verander? Maar deur wie? Wie het die mag om 'n uitdruklike gebod van die Almagtige God te verander? Nadat God gespreek en gesê het, "Julle sal die sewende dag heilig hou," wie sal dit durf waag om te sê: Nee, julle mag werk en enige wêreldse bedrywighede op die sewende dag uitvoer, maar julle sal die eerste dag in die plek daarvan heilig hou? Hierdie is 'n uiters belangrike vraag wat ek nie weet hoe jy dit kan antwoord nie. Jy is 'n Protestant en julle bely dat julle*

> *net die Bybel en die Bybel alleen navolg; en tog, in so 'n belangrike kwessie as die onderhouding van een dag van die sewe as 'n heilige dag, gaan julle die duidelike lering van die Bybel teen deur 'n ander dag in die plek te stel van wat Hy julle beveel het. Die gebod om die sewende dag heilig te hou is een van die Tien Gebooie; julle glo dat die ander nege steeds bindend is; wie het julle die reg gegee om met die vierde te peuter? As julle beginselvas wou wees met betrekking tot jul eie beginsels, as julle werklik die Bybel en slegs die Bybel gevolg het, sou julle een of ander gedeelte van die Nuwe Testament moes toon waar hierdie vierde gebod uitdruklik gewysig is.*[12]

Waarom is die Sabbatsgebod so tersake op God se wet, en waarom is die onderhouding van een besondere dag so belangrik?

Die antwoord lê in die bewoording van die gebod wat die seël van God bevat.

Die Sabbatsgebod is nie slegs die hart van die Tien Gebooie nie, maar dit is die seël van die gebooie. Verwyder dit en die gebooie het geen gesag of amptelike seël nie.




'n Seël bevat drie elemente:
- die naam van die outeur van die wet,
- sy ampstitel, en
- die naam van die gebied waaroor hy mag uitoefen.




Slegs die vierde gebod bevat hierdie drie elemente naamlik:
- "YHWH" God (die Naam van God)
- Skepper (sy ampstitel of Sy posbenaming)
- Die hemel en die aarde (Sy magsgebied)

Verwyder hierdie gebod en enige navolger van enige geloof kan die ander nege onderskryf. 'n Verandering aan die seël beteken 'n verandering van heerskappy, dit impliseer 'n nuwe mag met die nodige gesag om wette in te stel. Gehoorsaamheid aan nuwe wette, bekragtig deur die seël van gesag,

behels onderdanigheid aan daardie gesag. Dit is nog altyd Satan se doelwit – om sy gesag bo dié van God se troon te stel. Deur aanspraak te maak op gesag as wetgewer, en deur die afdwinging van sy seël in stryd met die seël van God, verskuif Satan die magsposisie vanaf God af na hom. Gehoorsaamheid aan sy seël (of merk) van gesag beteken onderdanigheid aan sy regering in stryd met God se gesag. Dit is uiterste afvalligheid. Wanneer die mensdom hom aan hierdie vals seël onderwerp en dit openlik bely deur die uitvaardiging van wette vir die onderhouding van Sondag, dan het die mensdom hom ten volle aan die regering van Satan onderwerp. Totdat sodanige wette uitgevaardig word, is die vryheid om te kies steeds tot die mens se beskikking. Die merk van die dier lei slegs tot algehele verwydering van God wanneer die mens gedwing word om te besluit aan wie hy of sy kies om gehoorsaam te wees. As hulle God kies, dan is die straf vervolging. As hulle besluit om die menslike gesag na te volg, dan is die straf verwydering van God. Almal sal hierdie keuse moet maak.

Regdeur die Skrif word die Sabbat van God met die grootste agting behandel.

> *En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is.* Eségiël 20:20.

> *Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.* Matthéüs 5:18.

> *Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering?* Matthéüs 15:3.

> *Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.* Matthéüs 15:9.

> *Maar Hy antwoord en sê: Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word.* Matthéüs 15:13.

> *Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien...* Josua 24:15.

Die Kerk van Rome verklaar dat Sondag haar merk van gesag is. Verder verklaar sy dat dit haar reg is om wette met betrekking tot morele kwessies te maak en dat regerings haar verordeninge moet onderskryf. Dis nie slegs 'n reg wat sy haarself gedurende die Middeleeue toegeëien het nie, maar dis 'n reg wat sy haar selfs vandag toeëien. Die amptelike *"Catechism of the Catholic Church" (Kategismus van die Katolieke Kerk)* wat deur Pous Johannes Paulus II goedgekeur is, het die volgende aangaande hierdie kwessie te sê:

> *Die Kerk, die pilaar en skans van die waarheid, het van Christus en die apostels die opdrag ontvang om die reddende evangelie te verkondig... Aan die Kerk behoort die reg om altyd en orals morele beginsels af te kondig, insluitend dié wat verband hou met die sosiale orde en om oordeel te vel aangaande enige sake betreffende die mensdom in dié mate dat dit vereis word deur die fundamentele regte van die mens of die redding van sy siel* [13]

Volgens hierdie Kategismus, word morele aangeleenthede deur die Tien Gebooie voorgeskryf, maar nie die Tien Gebooie soos in die Bybel opgeteken nie, maar die Tien Gebooie soos gedefinieer deur Augustinus, die Katolieke kerkvader.

> *Sedert Sint Augustinus, het die Tien Gebooie 'n dominante plek in die kategismus van doopkandidate en die gelowiges ingeneem... Die kategismusse van die Kerk het dikwels Christelike moraliteit vertolk deur die orde van die Tien Gebooie te volg. Die indeling en die rangskikking van die Tien Gebooie het gevarieer met die verloop van die geskiedenis. Die huidige kategismus volg die indeling van die Gebooie soos deur Augustinus vasgestel wat tradisioneel in die Rooms-Katolieke Kerk geword het.*[14]

Wat 'n verstommende belydenis! Nie die Tien Gebooie soos dit in die Bybel voorkom nie, maar soos omskryf deur Augustinus, vorm die basis vir Katolieke moraliteit. Aangesien Sondag ook die merk van die Rooms-Katolieke Kerk se gesag is, volg dit dat hierdie merk lynreg in stryd met die verklaarde wil van God staan en dat enige kompromie met betrekking

tot hierdie saak nie moontlik is nie. Sondagsaanbidding kan slegs op gronde van Katolieke beginsels verdedig word. Die Katolieke Kerk het die volgende oor die kwessie te sê:

> *Sondag is 'n Katolieke instelling en die aansprake om dit te onderhou, kan slegs op grond van Katolieke beginsels verdedig word... Van die begin tot aan die einde van die Skrif is daar nie 'n enkele teksvers wat die oorplasing van weeklikse openbare aanbidding van die laaste dag van die week na die eerste regverdig nie.*[15]

> *Die Christelike Sabbat is derhalwe tot hierdie dag toe die erkende nageslag van die Katolieke Kerk, as eggenote van die Heilige Gees, sonder 'n woord van teregwysing van die Protestantse wêreld.*[16]

> *As Protestante die Bybel wil volg, behoort hulle God op die Sabbatdag te aanbid. Deur die Sondag te onderhou, volg hulle 'n wet van die Katolieke Kerk.*[17]

> *Protestantisme, deur hul verwerping van die Rooms-Katolieke Kerk, het geen goeie redes vir hul Sondag-teorie nie en behoort hulle ooreenkomstig logika Saterdag as die Sabbat te onderhou.*[18]

> *Rede en gesonde verstand vereis die aanvaarding van een van die twee alternatiewe: óf Protestantisme en die onderhouding van Saterdag, óf Katolisisme en die onderhouding van Sondag. Kompromie is onmoontlik.*[19]

'n Mens sou dink dat sommige van hierdie stellings verouderd is en dat Rome nie die kwessie in ons tyd met soveel ywer sou najaag nie. Maar indien die afdwinging van die merk van die dier egter 'n realiteit moet word, dan kan 'n mens verwag dat hierdie twispunt in intensiteit sal toeneem en dat daar 'n aanvraag sal wees vir wetgewing wat Sondagsaanbidding sal afdwing. Dit is presies wat Pous Johannes Paulus II gedoen het kort voor die aanvang van die nuwe millennium. Die Kerk het ook streng wette aangaande gehoorsaamheid in haar kanon (kanonieke boeke) ingevoer wat algehele gehoorsaamheid aan die pous voorskryf aangaande sake van

leerstellings. Eienaardig genoeg, woorde soos *ketter* en *straf* wat in die pouslike omsendbriewe gebruik word, herinner 'n mens aan die vervolgings in die tyd van die Inkwisisie. In sy pouslike omsendbrief ten opsigte van Sondagsheiligheid, vra die pous herhaaldelik dat Sondagswetgewing deurgevoer moet word om dit af te dwing.

> *Die rusdag 64 ... Slegs in die vierde eeu het die siviele wet van die Romeinse Ryk die weeklikse herhaling erken en bepaal dat die regters, die mense in die stede en verskillende besighede nie op "die dag van die son" mag werk nie. (107) Christene was verheug om te merk dat die struikelblokke wat soms die onderhouding van die Dag van die HERE 'n heldedaad gemaak het, uit die weg geruim is. Hulle kon hulself nou toewy aan gemeenskaplike gebed sonder enige hindernis. (108)* ***Dit sou derhalwe verkeerd wees om hierdie wetgewing oor die ritme van die week as slegs 'n historiese omstandigheid te sien met geen spesiale betekenis vir die Kerk, en wat sy eenvoudig ter syde kon stel nie.*** *Selfs na die val van die Ryk het die konsilies nie opgehou om aan te dring op die reëlings aangaande rus op Sondae nie ...*
> *Wanneer sy deur die loop van die eeue wette met betrekking tot Sondag gemaak het, (109) het die Kerk bo alles die werk van die knegte en arbeiders in gedagte gehad, beslis nie omdat hierdie werk as van minder belang beskou was in vergelyking met die geestelike vereistes van Sondagsonderhouding nie, maar eerder omdat dit meer regulering vereis het om die las ligter te maak en om almal sodoende 'n geleentheid te gun om die Dag van die HERE heilig te hou. In verband met hierdie saak het my voorganger, Pous Leo XIII, in sy omsendbrief* Rerum Novarum *gepraat van Sondagsrus as 'n werker se reg wat deur die Staat gewaarborg moet word...* ***Daarom ook in die spesifieke omstandighede van ons tyd sal Christene natuurlik streef om te verseker dat siviele wette hul plig om Sondag heilig te hou, respekteer.*** [20] (Klem bygevoeg.)

Hierdie pouslike omsendbrief het daartoe aanleiding gegee dat die *"Sunday Times"* van Londen geskryf het: *"Pous begin met kruistog om Sondag te red,"* 5 Julie 1998.

Net 'n paar dae nadat die opdrag op 18 Mei 1998 uitgereik is oor die onderhouding van Sondag, het die Vatikaan haar apostoliese sendbrief *"AD TUENDAM FIDEM"* uitgereik, waardeur sekere norme in die Kode van Kerklike Wet en in die Kode van die Kerkreëls van die Oostelike Kerke ingesluit word, wat sommige sterk uitlatings maak met betrekking tot onderdanigheid aan die pous in verband met doktrinale kwessies.

> *Can 1436 § 1. Wie ookal enige waarheid wat met goddelike en algemeen geloof geglo moet word, ontken of in twyfel trek, of die Christelike geloof in sy geheel verwerp of misken en nie tot besinning kom nadat hy wettiglik gewaarsku is nie, moet as 'n* ***ketter*** *of afvallige deur middel van ekskommunikasie* ***gestraf*** *word; 'n lid van die kerklike ampsdraers kan aan ander strawwe onderwerp word wat nie afsetting uitsluit nie.*
> *§ 2. Buiten sulke gevalle, wie ookal 'n leerstelling wat duidelik deur die pous of die Kollegium van Biskoppe wat hul leergesag uitoefen, voorgestel is om onderhou te word, verwerp of 'n ander leerstelling aanvaar wat deur hulle as onjuis verwerp is en nie tot besinning kom nadat hy of sy wettiglik gewaarsku is nie, moet met 'n* ***toepaslike sanksie gestraf word****.*
> *5. Ons beveel dat alles wat deur Ons in hierdie Apostoliese Brief afgekondig is "motu proprio" gegrond en geldig is en ons beveel dat dit ingesluit word in die algemene wet van die Rooms-Katolieke Kerk, dit is in die Kode van die Kanonieke (Kerklike) Wet en in die Kode van die Kerkreëls van die Oostelike Kerke onderskeidelik, presies soos hierbo uiteengesit ten spyte daarvan dat dit strydig met enigiets mag wees. Geteken te Rome, Sint Pieter, 18 Mei 1998 in die twintigste jaar van Ons Pontifikaat.*[21] (Klem bygevoeg.)

Wie ookal enige waarheid wat met goddelike en algemene geloof geglo moet word, ontken of in twyfel trek, sal as ketter gebrandmerk word? Strafbaar met 'n gepaste vonnis? Dit klink inderdaad onheilspellend en herinner 'n

mens aan die tyd toe ketters 'n gepaste vonnis vir hul oortreding opgelê is. Die vonnis was natuurlik die dood. Die Bybel sê dat die geskiedenis hom sal herhaal en net soos weiering om Sondag te onderhou ekonomiese maatreëls en uiteindelik die dood in die Middeleeue tot gevolg gehad het, so sal dieselfde gebeur net voor die sluiting van die genadedeur. Hierdie keer sal die dekreet egter universeel in omvang wees en die hele wêreld sal moet besluit tussen trou aan God of trou aan die mens. Hierna sal daar, volgens Daniël en Johannes, 'n tyd van verdrukking wees soos nog nooit vantevore nie.

Met verwysing na die vernietiging van Jerusalem en die gebeure net voor die tweede koms van Christus, het Jesus gewaarsku oor die gruwel van die verwoesting. Dit waarvan Jesus en Daniël gepraat het, skakel in by wat Johannes die Openbaarder gesien het. Die vernietiging van Jerusalem dien as 'n tipe van wat dwarsdeur die wêreld sal gebeur en as ons ag slaan op die waarskuwings in die Bybel, dan sal God Sy getroue volgelinge beskerm, soos Hy belowe het.

> *Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet.*
> Matthéüs 24:15.

Wat is hierdie "gruwel" wat die verwoesting aanbring? In Lukas 21:20 vind ons die antwoord.

> *En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is.*
> Lukas 21:20.

Hierdie parallelle teksvers deel ons mee dat daar na die Romeinse legioene verwys is as die gruwel wat verwoes. Daar is dus na heidense Rome as die gruwel verwys en ons weet dat die Vredevors deur hierdie mag gekruisig is. Boonop het hulle ook die kinders van God vervolg en hulle genadeloos probeer uitwis. Hul godsdiens was ook 'n gruwel. Hulle het nie slegs die keiser aanbid nie, maar hulle het ook in 321 n.C. 'n valse aanbiddingsdag op die wêreld afgedwing. Die Romeine het 'n priesterlike stelsel gevolg waarvolgens priesters bonatuurlike magte uitgeoefen het – dit word ook in die Bybel 'n gruwel genoem.

’n Verdere rede om na Rome te verwys as die gruwel wat die verwoesting aanbring, is die afgodiese aard van hulle godsdiens. Hulle het ’n panteon (heidense verering van alle afgode beoefen) waaronder die vroulike godin ’n prominente rol gespeel het. Die Romeinse godin Diana, wat die Grieke Artemis genoem het, is aanbid as die hoofgodin in die panteon van Romeinse godinne. 2 Konings 23:13 en Jesaja 44:19 verwys na afgodediens as ’n gruwel.

Aangesien Jesus na twee tydvakke in die geskiedenis van Sy volk verwys, kan die term *“gruwel van die verwoesting”* nie slegs na heidense Rome verwys nie, maar dit moet ook van toepassing wees op pouslike Rome wat hierdie wandade aan die einde van tyd sal herhaal. Met ander woorde, toe Jesus verwys het na heidense Rome wat God se kinders vervolg en Jerusalem letterlik verwoes het, praat Hy van ’n tipe waarvan pouslike Rome die antitipe is. Pouslike Rome is dus ook ’n gruwelike sisteem, ’n vals godsdiens wat geestelike Jerusalem, God se volk wêreldwyd, vervolg. Soos die keisers van ouds, besit die pous kerklike sowel as sekulêre magte en die verering van afgode word vervang deur Maria en die heiliges, wat almal by magte is om namens die mensdom in te tree.

Ten einde die antitipiese vervulling van Jesus se profesie in Matthéüs 24 te verstaan, is dit nodig om die tipe, die letterlike vernietiging van Jerusalem toe die Romeinse leër Jerusalem omsingel het, te bestudeer. Die geskiedenis leer ons dat toe Cestius Gallus in Oktober 66 n.C. by Jerusalem opgedaag het, hy ’n gedeelte van die muur vernietig het wat die stad beskerm, maar nadat die Joodse verdedigers na die tempel gevlug het vir veiligheid, het hy skielik sonder enige rede onttrek en na Antiochië teruggekeer, volgens Josephus, die Joodse geskiedskrywer. Sy besluit was egter rampspoedig want die Joodse weerstandsvegters wat die rûens bokant die noordelike bergpas beman het, het daarin geslaag om bykans sesduisend Romeinse soldate dood te maak. Hierdie tussenpose het die Christene wat op die woorde van Jesus ag geslaan het, die geleentheid gebied om uit Jerusalem te vlug.

> *Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid*

> *dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.* Matthéüs 24:15-20 .

Waarom maak Jesus hier melding van die winter en die Sabbat? Alles wat Jesus gesê het, was belangrik en ons kan dus aanneem dat die Sabbat kwessie prominent sal wees aan die einde van tyd. Ons sal ook moet vlug van die komende vervolging deur Rome, die gruwel wat verwoes.

Die Sabbat is die simbool van rus in Jesus se voltooide werk op Golgota en die geskiedenis deel ons mee dat God die gebede van die Christene wat in 70 n.C. in Jerusalem gewoon het, verhoor het. Hulle het in November uit Jerusalem gevlug, net voor die winter en dit was ’n Woensdag. Hulle het ’n kolonie by Pella, suid-oos van die See van Galilea, gestig en nie een van daardie vroeë Christene wat die profetiese woord van Jesus aangeneem het, het gesterf nie. Op dieselfde wyse sal die mense wat leef aan die einde van tyd wanneer die merk van die dier afgekondig word, die geleentheid gegun word om na afgeleë plekke te vlug soos die vroeë Christene in Jerusalem, en God belowe beskerming gedurende hierdie tye.

> *Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir ’n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan.* Jesaja 26:20.

> *Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien.* Psalm 91:7-8.

As ons die profesieë ignoreer, sal ons uiteindelik omkom soos die ongehoorsame Jode in die jaar 70 n.C. omgekom het. In die lente van daardie jaar het duisende Jode na Jerusalem gestroom om die Pasga te vier. Skielik was die stad deur die Romeine omring wat hul nederlaag van 66 n.C. kom wreek het. Die inskripsies op die Titus-boog in Rome vertel dat Titus die stad beleër het nadat die Jode binne-in die stad vergader het. Soos die beleëring voortgeduur het, het siektes, vullis en hongersnood hul tol begin eis en te midde van die paniek, het drie bendegroepe tot die afgryse bygedra deur hul mede-Jode te terroriseer deur wreedaardig te kompeteer vir beheer oor die kwynende voorrade. Die geskiedskrywer Josephus het selfs opgeteken dat moeders hul babas geëet het.

Ten spyte van Titus se bevel om die tempel te bewaar, is die pragtige tempel-kompleks afgebrand en vernietig soos Jesus voorspel het. Nie een steen is op die ander gelaat nie want, in hulle soektog na gesmelte goud, het die Romeinse soldate elke steen omgekeer. Al wat oorgebly het van die oorspronklike Jerusalem van Christus se tyd is die Klaagmuur wat deel van die buitehof van die tempel gevorm het.

Tweehonderd en vyftigduisend Jode het in Jerusalem in 70 n.C. omgekom. Nadat die Romeine die stad verower het, het hulle varke op die altaar geoffer uit veragting vir die Jode en hulle het ook heidense Romeinse vaandels daar aanbid. Sewe en negentigduisend mans, vrouens en kinders was gevange geneem en talle ander was as slawe gestuur na Egipte en ander lande. Moses het die gevolge van ongehoorsaamheid voorspel.

> *Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.* Deuteronómium 28:15.

> *En hulle sal jou in benoudheid bring in al jou poorte totdat jou hoë en versterkte mure val waarop jy in jou hele land vertrou het; ja, hulle sal jou in benoudheid bring in al jou poorte in jou hele land wat die HERE jou God jou gegee het. En jy sal die vrug van jou liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat die HERE jou God jou gegee het, in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou benoud sal maak.* Deuteronómium 28:52-53.

God het Sy kinders vertel presies watter seëninge hulle sou toekom indien hulle gehoorsaam sou wees en watter vloeke hulle sal tref as hulle ongehoorsaam is. Die keuse was hulle s'n. God se wet was nie bedoel as middel om die ongehoorsames te straf nie, maar die gevolge van ongehoorsaamheid was selftoegedien. God vra nie dat Sy wet onderhou moet word ten einde gered te word nie, maar die wet is gegee om diegene wat teruggekoop is, teen onheil te beskerm. Gehoorsaamheid aan die wet van God is 'n uitdrukking van liefde; dit is die wyse waarop ons 'n vriendskap met Hom kan ontwikkel.

> *As julle My liefhet, bewaar my gebooie.*
> Johannes 14:15.

Wat Jesus vir die vroeë dissipels vertel het, vertel hy ook aan ons. Rome sal weer eens God se kinders vervolg en ons moet in die tekens van die tyd sien dat die tweede koms van Jesus nader is as ooit tevore. Wanneer ons die profetiese woord bestudeer, sal ons ontdek waar ons tans in die stroming van tyd is. Dit is later as wat ons dink. Dit is tyd dat ons wakker skrik uit ons slaap en gereedmaak vir die wederkoms van Jesus.

Die merk van die dier is die laaste toets van gehoorsaamheid. Dit sal bepaal wie ten alle koste getrou sal bly aan die voorskrifte van Jesus en wie onder die vaandel van die Satan sal ressorteer. Die onderhouding van die Sabbat is die grootste teken aan die wêreld dat ons glo dat God ons Skepper en Redder is. Dit is die teken dat ons Sy gesag, en alleenlik Sy gesag, in ons lewens erken in terme van godsdienstige sake. In ons tyd sal enigeen wat die Sabbat onderhou aan bespotting onderworpe wees. Die vraag mag wel gevra word: "Hoe kan 'n mens die sewende-dag Sabbat wat die ses-dag skeppingsweek herdenk, onderhou wanneer die res van die wêreld evolusionêre beginsels onderskryf?" Die vraag kan ook gevra word hoe die hele wêreld verkeerd kan wees, veral gesien in die lig van die wondertekens onder diegene wat Sondag onderhou, en slegs 'n handjievol sogenaamde dwepers reg kan wees. Dit sal moedigheid neem om aan God se kant te staan. Dis nie 'n kwessie van 'n dag nie. Die kwessie is die erkenning van die algehele heerskappy van God waarvan die dag slegs 'n teken is.

> *En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.*
>
> Openbaring 14:9-11.

## VERWYSINGS

[1] Roy Allen Anderson, *Unfolding the Revelation*, Pacific Press Publishing Association.
[2] *The Temporal Power of the Vicar of Jesus Christ*, p. 27.
[3] Decretal, de Translat, Episco, Cap.
[4] Pope Nicholas, Dist. 96, Quoted in *Facts for the Times*, pp. 55, 56, 1893.
[5] Uittreksel uit 'n brief geskryf deur die Kansellier van Kardinaal Gibbons; 11 November 1895.
[6] *The Catholic World*, Maart 1894, p. 809.
[7] *Canon and Tradition*, by Holtzman.
[8] Catholic Doctrine as defined by the Council of Trent, by Nampon.
[9] *The Catholic Mirror*, 23 September 1893.
[10] *The Catholic Record*, 1 September 1923.
[11] *A Doctrinal Catechism*, Stephen Keenan.
[12] *Library of Christian Doctrine*, pp. 3, 4.
[13] Moral Life and Magisterium of the Church, 2032, *The Catechism of the Catholic Church.*
[14] *The Catechism of the Catholic Church*, 2065, 2066.
[15] Catholic Press (Sydney) 25 Augustus 1900.
[16] *The Catholic Mirror*, 23 September 1893.
[17] Albert Smith, Kansellier van die Aartsbisdom van Baltimore, antwoorde namens die Kardinaal in 'n brief van 10 Februarie, 1920.
[18] John Gilmary Shea, in *The American Catholic Quarterly Review*, Januarie 1883.
[19] *The Catholic Mirror*, 23 Desember 1893.
[20] Apostoliese Brief *"Dies Domini"* van Pous Johannes Paulus II aan die Biskoppe, ampsdraers en gelowiges van die Katolieke Kerk betreffende die onderhouding van die dag van die Here, (18 Mei 1998).
[21] *Ad tuendam fidem*, 18 Mei 1998.

# 9

# DIE WYN VAN BABILON

***Die Afvallige Wêreldgeloof***

Die naam Babilon is afgelei van BAB-ILU – "die toegangspoort na die gode" en in 'n sin beteken dit dus 'n toegangsmiddel tot die gode, iets wat teenstrydig is met God se voorgeskrewe reddingsplan. Hierdie toegang word deur die sisteem verleen en nie deur geloof in Jesus Christus nie. Dis 'n sisteem waar verlossing deur geloof vervang word met verlossing deur werke. Om tot die verwarring by te dra (wat ook in die naam Babilon impliseer word), het die Babiloniërs geglo in 'n panteon van afgode wat dus voorsiening gemaak het vir meer as een verlosser, wat dan ook die bediening van Jesus van nul en gener waarde maak.

Die Babiloniese sisteem van aanbidding was nog altyd 'n valstrik vir God se kinders, aangesien dit meer in lyn is met die menslike natuur om staat te maak op verlossing deur middel van werke eerder as verlossing deur genade. Heel van die begin af het hierdie twee sisteme van aanbidding in konfrontasie teenoor mekaar gestaan. Die verhaal van Kaïn en Abel illustreer hierdie punt. Abel het aan die goddelike instruksies gehoor gegee en het 'n lam sonder smet ('n simbool van Christus) as sy offer gebring. Kaïn, aan die ander kant, het die vrug van sy arbeid as offer gebring. Toe Abel se offer deur God aanvaar is, het Kaïn se woede ontvlam en sedert hierdie eerste konfrontasie tussen die twee godsdienstige sisteme brand die vure van godsdienstige onverdraagsaamheid en vervolging op hierdie planeet.

Antieke Babilon dien as die tipe van ’n veel groter eindtyd konfederasie van godsdienstige afvalligheid en onverdraagsaamheid wat sal poog om die gewete van die mens te beheer net voor die afsluiting van die aarde se geskiedenis. Volgens die Skrifte was Antieke Babilon die trots van die Chaldeërs – dit was groter en meer indrukwekkend as enige van die antieke stede en was die middelpunt van antieke aanbidding. Babilon het sy hoogtepunt van mag en glorie onder Nebukadnésar bereik en antieke inskripsies wat op kleitablette gemaak is, vertel die verhaal van hoe sy pa (Nabopolasser) en hy die antieke toring van Babel, die verpersoonliking van redding deur werke, gerestoureer het.

> *In daardie tyd het Marduk my opdrag gegee om die toring van Babel te bou, wat met die verloop van tyd verswak het en in ’n toestand van verval verkeer het; hy het my beveel om die basis daarvan aan die bors van die Onderwêreld te grondves terwyl sy torings na die hemele moet reik.* – Nabopolasser.

> *Dat die boonste punt van E-temen-an-ki tot aan die hemel reik, het ek my hand aan geslaan.*
> – Nebukadnésar.

Dit is geen wonder dat God voorspel het dat die groot stad sal val en nooit weer bewoon sal word nie. Ongeveer 300 jaar voor Babilon se vernietiging deur Ahasvéros, het die profeet Jesaja voorspel:

> *So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het. Mense sal daar in ewigheid nie woon nie, en dit sal van geslag tot geslag nie bewoon word nie; en die Arabier sal daar geen tent opslaan nie, en geen herders sal hulle vee daar laat lê en rus nie.* Jesaja 13:19-20.

Ten spyte van hierdie profesie, was daar pogings om Babilon te herbou. Alexander die Grote het gepoog om die toring van Babel tot sy vorige glorie te herstel en om in 330 n.C. die stad sy hoofstad te maak, maar hy het gesterf voordat hy dit kon vermag. In die moderne geskiedenis het Saddam Hussein van Irak ook probeer om Babilon te herstel – ’n werk wat hy in die

1980's begin het. Hy het 60 miljoen bakstene in die proses gebruik en het sy naam ongeveer elke drie meters laat ingraveer sodat die nageslag hom sou onthou. Dit lyk egter asof hy die profesie van Jesaja gelees het aangesien sy restorasie pogings nie daarop gemik was om die stad te herbewoon nie, want hy het sy paleis aan die ander kant van die Eufraatrivier laat bou. Babilon, die groot stad waarna daar in die boek Openbaring verwys word, kan derhalwe nie die letterlike stad wees nie, aangesien daardie stad nooit weer bewoon sou word nie. Dit verwys dus na die antitipiese Babilon wat 'n veel groter vervulling moet wees van alles waarvoor antieke Babilon gestaan het. Net soos antieke Babilon tot 'n val gekom het, so sal die eindtyd-konfederasie ook tot 'n val kom omdat sy, net soos in die antieke tyd, al die mense van die wyn van haar valse leerstellings laat drink het.

Die tweede engel se boodskap van Openbaring 14:8 lees as volg:

> *En 'n ander engel het gevolg en gesê: "Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery."*

Ten einde hierdie boodskap te verstaan, is dit noodsaaklik dat 'n mens die moderne Babilon moet identifiseer. Verskeie verse in Openbaring waarsku teen Babilon en vermaan God se volk om uit Babilon uit te kom. Boonop word die boodskap van Openbaring 14:8 in Openbaring 18:2 herhaal, met 'n veel kragtiger aanmaning wat die geestelike verval van die sisteem weergee.

> *En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: "Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls."*

Die *"onreine en haatlike voëls"* moet 'n verwysing wees na die valse heilige gees wat mag aan die sisteem sal verleen en wat mense sal laat glo dat hulle in God se krag werk, terwyl dit 'n misleiding is wat hom voordoen as waarheid. In vers 4 hoor Johannes 'n ander stem uit die hemel wat sê:

> *Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.*
> Openbaring 18:4.

God sou nie Sy kinders vermaan om uit Babilon te kom as dit vir hulle onmoontlik sou wees om Babilon te herken nie. Gedurende die vroeë Christelike eeue het Joodse en Christelike literatuur na die stad van Rome verwys as Babilon. 1 Petrus 5:13 verwys ook na Rome as Babilon, aangesien Petrus hierdie woorde neergepen het terwyl hy in Rome was en die letterlike Babilon nie meer bestaan het nie.

> *Die mede-uitverkorene in Babilon en Markus, my seun, groet julle.* 1 Petrus 5:13.

Rooms-Katolieke erken ook die assosiasie:

> *"Babilon," vanwaar Petrus sy eerste sendbrief skryf, word deur die geleerde kommentators, Christen sowel as Katoliek, gesien as verwysend na Rome – die woord Babilon synde simbolies van die korrupsie wat geheers het in die stad van die keisers.*[1]

Boonop, die beskrywing wat in die boek Openbaring gegee word, identifiseer duidelik die eienskappe van die Roomse Kerk, wat sinoniem is met dié van Babilon. As gevolg van die afvalligheid van die Kerk van Rome het die meeste Protestante van die Hervorming en post-Hervormings-tydperk daarna verwys as geestelike Babilon, die groot vyand van God se kinders. Die vrou wat op die dier sit, het volgens Openbaring 17 ook al die kenmerke van Rome. Rome pas inderdaad dieselfde simboliek op haarself toe as wat in hierdie hoofstuk genoem word.

> *En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE.*
> Openbaring 17:4-5.

Volgens die Bybel verteenwoordig die simbool van ’n vrou die kerk.

> *Die mooie en die verwénde verdelg Ek – die dogter van Sion.* Jeremia 6:2.

Jesaja, die profeet, brei die simbool van die vrou uit om ’n bruid in te sluit. Die rein bruid verteenwoordig die rein of onvervalste kerk:

> *Want soos ’n jonkman ’n jongedogter trou, so sal jou kinders jou trou; en soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees.* Jesaja 62:5.

Hosea beskryf die eenheid van God en Sy kinders op die volgende wyse:

> *En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken.* Hosea 2:19.

In die Nuwe Testament word dieselfde simboliek toegepas:

> *... want ek het julle aan een man verbind, om julle as ’n reine maagd aan Christus voor te stel.* 2 Korinthiërs 11:2. (Sien ook Efésiërs 5:22-25; Openbaring 19:7-8.)

Babilon word in Openbaring 17:5 beskryf as die “**moeder van die hoere”** (afvallige godsdienstige sisteme of kerke), “**Verborgenheid**” en moeder van die “**gruwels van die aarde.**” Dis duidelik dat as die kinders van God die rein vrou is wat getrou aan haar man is, dan is Babilon die teenoorgestelde van hierdie simbool. Babilon is daardie sisteem van aanbidding wat ontrou is aan God, ‘n verborge godsdiens wat gruwels beoefen en ander so leer. Die hoerdogters van Rome moet derhalwe daardie kerke verteenwoordig wat haar valse leerstellings navolg en hulself dus aan haar mag onderwerp, of selfs erger, wat amptelik die Roomse leierskap as gesaghebbend aanvaar.

Maak Rome aanspraak daarop dat sy die moeder is van al die kerke? Ja, inderdaad. By die ingang tot die St. Johannes Lateraanse kerk in Rome is daar ’n enorme inskripsie in Latyn (*“SACROS LATERAN ECCLES OMNIVM VRBIS ET ORBIS ECCLESIARVM MATER ET CAPVT”*) wat na vertaling lees:

*Heilige Lateraanse Kerk, Kerkmoeder en hoof van al die kerke van die stad en van die wêreld.*

Die Kategismus van die Katolieke kerk noem dié kerk:

*Die Kerk, Moeder en Leraar (Onderwyser).*[2]

In September 2000 het die Vatikaan 'n verklaring uitgereik getiteld *"Dominus Iesus"* waarin Kardinaal Ratzinger gesê het:

*Dit moet altyd duidelik wees dat die een heilige, Katolieke en apostolies universele kerk nie die suster is nie, maar die moeder van al die kerke.*[3]

Die "*Washington Post"* het die volgende met betrekking tot hierdie verklaring gesê:

*'n Nuwe Vatikaanse uitspraak is vandag uitgereik wat verklaar dat alle individue volle verlossing van aardse sonde kan verkry slegs deur die geestelike genade van die Katolieke Kerk en dat ander gelowe – insluitend Protestantse Christene – tekortkominge het wat hul navolgers in 'n 'gevaarlik onvoldoende posisie' plaas in die soeke na verlossing. Die doel, volgens 'n hooggeplaaste Vatikaanbeampte, is om die 'sogenaamde teologie van godsdienstige pluralisme' wat voorstel dat Katolieke in God se oë op dieselfde vlak is as byvoorbeeld Jode, Moslems en Hindoes, te bestry.*[4]

Rome is derhalwe die een instelling op aarde wat op die titel "Moeder" aanspraak maak, maar wat van die ander kenmerke wat in Openbaring 17 genoem word? Sy word 'n groot stad genoem, 'n vrou met 'n goue beker, haar kleure is skarlaken en purper, en sy is met goud en kosbare stene en pêrels versier en sy sit op sewe heuwels en op haar voorkop is 'n verborgenheid geskryf.

Die woord "Vatikaan" beteken letterlik "Voorspellende Slang" en is afkomstig van *Vatis* = Voorspeller en *Can* = Slang. Die Vatikaan en *Sint Pieter se Basilika* is bo-op die antieke heidense terrein genaamd *vaticanus*

*mons* of v*aticanus collis* wat beteken *heuwel* of *berg van profesie,* opgerig. Muntstukke wat in die Vatikaan gemunt word, dra dikwels die inskripsie *"CITTÁ DEL VATICANO"* wat *Stad van Profesie* beteken. Die kerk van Rome pas dus die titel "Stad" op haar struktuur toe en soos gesien sal word, maak sy aanspraak op al die ander kenmerke ook. Op die muntstuk hieronder wat in 1963 gemunt is, word Pous Paulus VI tesame met sy titel *"Pontifex Maximus"* uitgebeeld en die inskripsie op die keersy lees *"CITTÁ DEL VATICANO"*. Die volle titel van die Vatikaan Staat is *"STATO DELLA CITTÁ DEL VATICANO"* wat die kombinasie is van kerk en staat. Daar is ook 'n vrou op die keersy van die muntstuk en aan haar voete is haar titel, *"FIDES"*, wat *geloof* beteken. Die vrou is simbolies van die Rooms-Katolieke geloof of die Rooms-Katolieke Kerk wat aanspraak maak op gesag oor al die regerings op aarde.

> *En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.*
> Openbaring 17:18




*Diagram 9.1*

Beweer Rome dat sy beheer het oor al die regerings van die aarde? Sekerlik. Die Jesuïtiese eed (soos opgeteken in die Rekord van die Kongres van die Verenigde State van Amerika – *"House Bill" 523, 1913*) sluit die volgende stelling in:

> *... uit hoofde van die sleutels wat bind en ontbind, aan Sy Heiligheid gegee deur my Redder Jesus Christus, het hy die mag om ketterse konings, prinse, state, Statebonde en regerings, almal synde onwettig sonder sy heilige bevestiging, af te sit en hulle mag gerus vernietig word.*

Die vrou (*"Fides"*) met die goue beker in die hand is 'n algemene simbool in Rooms-Katolieke beeldhouwerk en skilderye en geen ander Christengenootskap het homself aldus uitgebeeld nie. Volgens Openbaring 17 is die beker vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery wat afvallige dogma en leerstellings verteenwoordig wat sy aan al die nasies gegee het om te drink. Hierdie onbybelse leerstellings was deur die hervormers blootgelê tydens die Hervorming, maar helaas, die Protestantse kerke van vandag is gewillig om hul leerstellings wat verskil van dié van Rome tersyde te stel ten einde Christelike eenheid te bewerkstellig. Eenheid wat egter verkry word deur die waarheid op te offer, staan op 'n fondament van sand en sal meegesleur word in stormagtige tye. Laat ons dus nou kortliks kyk na die hoofleerstellings wat die hervormers bevraagteken het en wat tydens die Konsilie van Trent deur Rome herbevestig is. Hierdie Konsilie was saamgeroep deur Pous Paulus III tussen 1545-1563 en het in drie sittings byeengekom; Protestante was tydens die tweede sitting teenwoordig.

> *LEERSTELLINGS HERBEVESTIG: transsubstansiasie, regverdigmaking deur geloof en werke, die Middeleeuse mis is bevestig, die sewe sakramente is bevestig, seksuele onthouding is gehandhaaf, die leerstelling van die vagevuur is gehandhaaf, die aflate was herbevestig, pouslike mag is uitgebrei deur aan die pous die gesag te gee beide om die dekrete van die Konsilie af te dwing en te vereis dat kerkampsdraers aan hom gehoorsaam is*.[5]

**Transsubstansiasie** is die leerstelling wat daarop aanspraak maak dat Jesus by elke mis weer geoffer word:

> *Wonderbaarlike waardigheid van die priesters, in hul hande, soos in die baarmoeder van die geseënde maagd Maria, word die Seun van God vleeslik. Aanskou die mag van die priester! Die tong van die priester skep God uit 'n stukkie brood, en dit is meer as om die wêreld te skep.*[6]

> *Kanon 1: Indien enigeen ontken dat die sakrament van die mees Heilige Nagmaal die ware en wesentlike liggaam en bloed tesame met die siel en goddelikheid*

> *van onse Here Jesus Christus en gevolglik die algehele Christus vervat, maar sê dat Hy daarin is slegs as 'n teken of voorstelling of mag, laat hom 'n gruwel wees.*[7]

Die Bybel verklaar egter duidelik:

> *Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.* Hebreërs 10:14.

**Genade** kan slegs verkry word deur middel van Christus se verdienste, en **sakramente** kan nie bydra tot 'n mens se verlossing nie. Indien die belydende Christen deur Christus se een offer geregverdig word, dan sal dit tot gevolg hê dat die leerstelling van die vagevuur geen Bybelse grondslag het nie. Inderwaarheid ontken die Katolieke leerstellings Christus se bediening en vervang dit met verlossing deur middel van die sisteem. Die pous word die opperleier, die priester word die een wat oortredings vergewe en Maria word die tussenganger tussen die mens en God. 'n Paar Katolieke stellings ter illustrasie van hierdie punt volg:

> *Die priester het die mag van die sleutels of die mag om sondaars uit die hel te verlos, om hulle waardig te maak vir die hemel, en om hulle te verander van slawe van Satan na kinders van God. En God self is verplig om Hom by die oordeel van Sy priesters te berus en te vergewe of nie te vergewe nie.*[8]
>
> *Die Suiwering of die* ***Vagevuur****: 1030 Almal wat in God se genade en vriendskap sterf, maar nog onvolkome gereinig is, is inderdaad van hul ewige verlossing verseker; maar na die dood ondergaan hulle suiwering ten einde heiligheid te verkry wat nodig is om sodoende die hemel binne te kan gaan.*[9]

Die Rooms-Katolieke Kerk het **Maria** verhoog tot die status van tussenganger, advokaat en mede-redder van die mens wat direk teenstrydig is met die Skrif. In 1854 het Pous Pius IX vir Maria "vlekkeloos" verklaar, en in 1951 het Pous Pius XII die leerstelling van die Liggaamlike Maria hemelvaart gedefinieer en afgedwing, en het hy dus vir Maria in 'n posisie geplaas om op te tree as tussenganger en middelares om sodoende die lang lys aansprake van die Katolieke heiliges te ondersteun.

> *Die sondaar wat dit durf waag om direk tot Christus te gaan, gaan met angs en ongerustheid oor Sy toorn; maar laat hom slegs gebruik maak van die bemiddeling van Maria met haar Seun en dit is vir haar slegs nodig om die borste wat Hom gesoog het vir Hom te wys en dan is Sy toorn onmiddellik gestil.*[10]

Verklarings deur Katolieke heiliges oor Maria:

> *... Hy val en is verlore wie nie toegang tot Maria het nie. Maria word die hek tot die hemel genoem omdat niemand daar kan ingaan tensy hulle deur haar gaan nie. Die weg tot verlossing is slegs oop vir die wat deur Maria gaan... Die verlossing van almal hang af of hulle deur Maria uitverkore is en beskerm word. Hy wat deur Maria beskerm word, sal gered word; hy wie nie is nie, is verlore... Ons redding hang van u af... God sal ons nie red sonder die bemiddeling van Maria nie...*[11]

In Katolieke leerstellings neem Maria die plek van Jesus in. In stede daarvan dat die gelowiges kyk na Jesus, die begin en voleinder van hul geloof, kyk hulle na Maria. In Maria vind hulle toegang tot God, in haar is die Kerk volkome heilig, in haar leer hulle gehoorsaamheid aan God, en so gaan die lys voort. Nie een van hierdie leerstellings het enige rugsteuning in die Skrif nie; inderwaarheid leer die Skrif die teenoorgestelde. Maria neem die plek van God in en sy self word as godin behandel, 'n leerstelling wat die Katolieke Kerk nie onwillig is om te glo, as ons haar hedendaagse verklarings betreffende hierdie aangeleentheid bestudeer nie. In artikel 829 van *"The Catechism of the Catholic Church"* word verklaar:

> *Maar terwyl die Kerk in die Geseënde Maagd alreeds volmaaktheid bereik het waardeur sy sonder vlek of rimpel bestaan, streef die gelowiges steeds om sonde te oorwin en om in heiligheid toe te neem. En so draai hulle hul oë na Maria: in haar, is die Kerk reeds die "volkome heilige."*

Maria – Eskatologiese Ikoon van die Kerk. Artikel 972 van *"The Catechism of the Catholic Church"* verklaar:

> *Verwysend na die kerk, haar oorsprong, missie en toekoms, kan ons geen beter antwoord vind as om na Maria te kyk nie. In haar aanskou ons wat die Kerk reeds is in haar verborgenheid op haar eie 'pelgrimsreis van geloof,' en met haar sal sy in die tuisland wees aan die einde van die reis. Daar in die teenwoordigheid van die 'heerlikheid van die Allerheiligste en Onverdeelde Drie-eenheid,' 'in die samesyn van al die heiliges,' word die Kerk ingewag deur die een wie sy vereer as Moeder van haar Here en as haar eie moeder. Intussen is die Moeder, in die heerlikheid wat sy in liggaam en gees in die hemel besit, die beeld en oorsprong van die Kerk soos dit vervolmaak sal word in die wêreld wat moet kom. Net so straal haar lig uit op die aarde, totdat die dag van die HERE sal kom, 'n teken van vaste hoop en vertroosting vir die pelgrims van God.*

Titels wat in ons tyd aan Maria toegedig word, soos gevind in die boek, *"The Thunder of Justice"*:

> *Profetes van Hierdie Laaste Tye, Die Maagdelike Bevrugting, Moeder van die Kerk, Maria as die nuwe Eva, Koningin van die Hemel en Aarde/ Koningin van Vrede, Die Hemelvaart, Koningin van die 'Heilige Rosekrans,' Koningin en Moeder van Gesinne, Maria as Mede-Verlosser, Middelares, Advokaat, Ons Dame van al die Nasies, Ark van die Nuwe Verbond, Moeder van die Tweede Advent.*

Die titel Mede-Verlosser, Middelares en Advokaat in besonder behoort ernstige teenkanting teweeg te bring, aangesien dit so duidelik die eenvoudigste leerstellings van die Skrif weerspreek. Die Bybel leer duidelik dat daar slegs een Verlosser, Middelaar en Advokaat vir die kinders van God is, naamlik die mens Jesus Christus.

> *Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.* 1 Timótheüs 2:5.
>
> *Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het.* Lukas 1:68.
>
> *So sê die HERE, die Verlosser van Israel, sy Heilige, aan die diep veragte, aan Hom wat 'n afsku is by die volk, 'n Kneg van die heersers: Konings sal dit sien en opstaan, vorste, en hulle sal hul neerbuig ter wille van die HERE wat getrou is, van die Heilige van Israel wat U uitverkies het.* Jesaja 49:7.
>
> *My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.* 1 Johannes 2:1.

En tog, ten spyte hiervan is die Rooms-Katolieke Kerk bereid om Maria in die plek van Jesus Christus te plaas; dus ontneem hulle Christus Sy rol as Middelaar. In die boek *"The Thunder of Justice",* oor die rol en visioenêre uitsprake van Maria, word die volgende stelling gemaak wat aandui dat die Kerk die hoogste vlak van goedkeuring aan hierdie titel verleen:

> *Die Dame van al die Nasies het 'n "finale Mariaanse dogma" voorspel wat Ons Dame "Mede-Verlosser, Middelares en Advokaat" verklaar, wat die Mariaanse teologie opsom en verduidelik en wat Ons Dame "bekroon." Hierdie verskynsels word tans deur die Kerk ondersoek. Kardinaal Ratzinger het skynbaar aan die siener geskryf dat daar geen teologiese hindernis bestaan vir die moontlike proklamasie van hierdie leerstelling nie np. 53-54.*

Nog meer verbasend is die gewilligheid van die Rooms-Katolieke Kerk om hierdie lering aangaande Maria tot die uiterste te voer en om Maria as godin en deel van die Godheid te erken. Hierdie lering is reeds heimlik ingevoer en is in effek niks anders as heidense godinaanbidding nie. In hierdie verband het die *"Kronen Zeitung"* van 30 Augustus 1997 'n artikel in Duitsland

gepubliseer onder die opskrif "*Miljoene Amerikaanse Katolieke wil 'n 'goddelike' Maagd Maria hê.*" Volgens hierdie artikel en 'n verwysing na *"Newsweek"* is daar agter die skerms onderhandelinge te dien effekte met die Vatikaan aan die gang en is Kardinaal John O'Connor en Pous Johannes Paulus II, volgens die artikel, nie teen die idee gekant nie.

Rooms-Katolieke leringe blyk vasbeslote te wees om die rol van Jesus in die redding van siele af te skaal en om Hom ten beste op dieselfde vlak as enige ander stigters van aardse godsdienstige stelsels te plaas. Jesus is óf God, en as sodanig die enigste Een in die hemel of op die aarde wie ons kan verlos, óf Hy is nie. 'n Kompromis betreffende hierdie saak is onmoontlik en dit maak geen saak hoe 'n mens die reëls verbuig om die aspirasies van alle groepe te pas nie. Die Bybel stel dit duidelik:

> *En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.*
> Handelinge 4:12.

Ten spyte hiervan, ten einde die doelwit van godsdienstige eenheid te verkry, leer die Rooms-Katolieke Kerk anders. Ná Vatikaan II is die Jesuïet Karl Rahner opdrag gegee om rekonsiliasie met Rome vir al die kerke en gelowe te bewerkstellig onder die dekmantel dat verlossing in alle gelowe gevind kan word op voorwaarde dat hulle die oppermag van Rome erken. Ten einde hierdie doelwit te bereik, sou die rol van Christus verminder moes word. Hierdie nuwe afvallige lering is kort daarna in die wêreld se institute vir hoër onderwys ingestel en die Katolieke teoloë en geleerdes het hierdie idee met alle mag versprei. Paul Knitter, Professor van Teologie aan die Xavier Universiteit en voormalige leerling van Paul Rahner by die *"Pontifical Gregorian"* Universiteit in Rome, het 'n boek geskryf getiteld *"No Other Name? A critical survey of Christian attitudes toward world religions"* waarin hy die idee propageer dat Jesus Christus inderdaad nie die enigste weg tot verlossing is nie. Leonard Swidler, redakteur van die boek, *"Journal of Ecumenical Studies",* skryf daarin:

> *Paul Knitter kyk eerlik na die strikvraag van wat die toegewyde Christelike gelowige teologies doen in die lig van groeiende bewyse, vakkundig sowel as uit persoonlike ondervinding, dat daar ander maniere is om 'n volle outentieke lewe te volg, anders as die Christelike weg. Kan iemand "gered" word, dit wil sê,*

> *'n waarlik menslike lewe lei deur enige ander naam as dié van Jesus Christus? Knitter se antwoord is dat 'n mens wel "gered" kan word "deur 'n ander naam" en hy gaan dan voort om te wys hoe hierdie versekering ten volle teologies versoenbaar is met volkome Christelike toewyding. Hierdie is kreatiewe teologie van die eerste rang. Dit is teologie gedoen op die enigste manier waarop dit deesdae gedoen kan word: in dialoog met ander gelowe en met 'n mens se eie Christelike tradisie…*

Hierdie is inderdaad kreatiewe teologie, maar dit is nie Bybelse teologie nie. Let op hoe die definisie van verlossing gewysig is na: "(om) 'n waarlik menslike lewe (te) lei" voordat 'n mens die Skrifte genoegsaam kan verbuig om alle wêreldsienings te akkommodeer sodat die teologie van ekumenisme ingelui kan word: "*op die enigste manier waarop dit deesdae gedoen kan word.*"

Baie van die Katolieke leerstellings word deur geskrifte van die Gnostici en die **Apokriewe** onderskraag. (Die Apokriewe is boeke wat die Katolieke kerk as kanoniek beskou en wat in Katolieke Bybels opgeneem is. Hulle is gebaseer op mistisisme en bevat kwansuis die geheime leerstellings – die verborge dinge – wat blootgelê word aan diegene wat verlig is.) Betreffende die *Apokriewe* het die Konsilie van Trent verklaar:

> *Wie ookal nie hierdie boeke of gedeeltes daarvan wil aanvaar as heilig en kanoniek soos hulle algemeen in die Rooms-Katolieke Kerk gelees word nie, en in die ou Latynse Vulgaat bevat word, of wetend en opsetlik die voornoemde tradisie verag, laat hom vervloek wees.* – Konsilie van Trent, vierde sessie.

Hierdie geskrifte was nooit beskou as deel van die kanon nie, aangesien hulle duidelik die Skrif weerspreek soos in die volgende paar voorbeelde gesien sal word:

**Towenary:**

> Tobias 6:4-8 ... *Sny die vis oop en neem die hart en lewer en gal .... as 'n duiwel of bose gees iemand kwel, moet dit voor die man of vrou gerook word en die persoon sal nie langer gekwel word nie. Wat die gal aanbetref, as*

*die mens wit skille oor sy oë het, is dit goed om die oë daarmee te bestryk en hy sal gesond word.*

Die **Bybelse teregwysing** hierteen is te vinde in Markus 16:17 en Handelinge 16:18:

> *En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek.* Markus 16:17.

> *... maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan.* Handelinge 16:18.

**Verlossing deur Werke:**

Tobias 12:9 *Want aalmoese sal van die dood red en sal alle sonde uitwis.*

**Bybelse teregwysing: ...** *omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos.* 1 Petrus 1:18-19.

**Gebede vir die dode:**

2 Makkabeërs 12:43-46 ... *Want as hy nie gehoop het dat hulle wat verslaan is weer sal opstaan nie dan was dit oorbodig en tevergeefs om vir die dooies te bid ... daarop het hy vir die dooies versoening gedoen sodat hulle van sonde verlos kon word.*

**Bybelse teregwysing***:* *Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.* 1 Johannes 1:7.

Die ruimte ontbreek vir 'n omvattende bespreking oor die vertalingsverskille tussen die verskeie Bybels, maar die feit bly egter dat daardie vertalings wat grootliks staatmaak op die Katolieke dokumente baie problematies is in van hulle weergawes. 'n Paar voorbeelde uit die Vulgaat en vertalings wat op die Vulgaat baseer is, baan die weg vir aanbidding van relieke en bevraagteken die standaard van God se inspirasie.

## Foute in die VULGAAT:

**2 Timótheüs 3:16:** "*Die hele Skrif is deur God ingegee…*"
**Douay Vertaling**: "*Elk van God ingegewe Skrifwoord is ook nuttig…*"

**Hebreërs 11:21**: "*… en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf.*"
**Vulgaat:** "*Jakob het die knop van sy staf aanbid.*"

**Openbaring 22:14**: "*Salig is die wat sy gebooie doen…*"
**Vertaal uit die *"Codex Vaticanus"***: *"Geseënd is dié wat hulle klere was…"*

Ten einde die standpunt van die hervormers teen te staan, het die Rooms-Katolieke Kerk 'n teen-hervorming van stapel gestuur waarvan die Jesuïtiese Orde aan die spits gestaan het. Die leerstelling van **Futurisme** en **Preterisme** wat onderskeidelik in 1585 en 1604 deur Ribera en Alcázar, twee Jesuïtiese priesters, gepubliseer is, het die Hervorming se posisie aangaande die Antichris herdefinieer en die klem verskuif na die Griekse koning Antiochus Epiphanes IV en na een of ander toekomstige tiran wat die Jode sou vervolg. Die lering van **Hoër Kritiek** wat deur Katolieke teoloë Richard Simon en Dr. Alexander Geddes in 1678 begin is, het die kern uit die Skrif geruk en het die duidelikste onderrig met betrekking tot die geskiedenis en oorspronge bevraagteken. Die geskrifte van Moses is na die mitologiese ryk gerelegeer en geloof is in die stof neergewerp. Jesus het 'n ernstige teregwysing gehad vir diegene wat die geldigheid van die Skrif bevraagteken het:

> *Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?*
> Johannes 5:46-47.

Die Rooms-Katolieke Kerk het amptelik die **skeppingsverhaal** ontken en dit na die ashoop gerelegeer. ’n Artikel deur Nic van Oudtshoorn het verskyn in *“The Sunday Times”* van 6 Desember 1987, onder die opskrif “*Génesis is ‘Onsin’*... Die Rooms-Katolieke Kerk het amptelik die letterlike vertolking van die Skepping volgens Génesis afgemaak as ‘louter onsin.’” Die amptelike verklaring ten opsigte van hierdie lering deur Pous Johannes Paulus II is in die internasionale pers aangekondig en *“Time”* tydskrif se opskrif was: “*Vatikaan se Denkwyse Evolueer*... Die pous het sy goedkeuring aan die natuurlike keuring verleen hoewel die mens se siel buite bereik van die wetenskap is.” Selfs meer verstommend was die verklaring deur die Jesuïet, Consolmagno, wat tydens ’n onderhoud met die tydskrif *“Elm Street”* in 1999 in hul hoofartikel getiteld (“*En die hemel en die natuur sing*” gereageer het op die vraag: *“Is julle ouens nie almal Skeppingsgelowiges nie?”* deur te sê die skeppingsleer is) “*’n 19de eeuse kettery. Die Kerkvaders van ouds het beter geweet as om die Bybel so te interpreteer.”*

Die Rooms-Katolieke Kerk het in die verlede gepoog om die verspreiding en die lees van die Woord van God te verbied. Die Skrif was inderwaarheid gelys onder die “Indeks van Verbode Boeke” deur Pous Paulus IV in 1599 en Aartsbiskop Adolfus het in 1462 die drukkers-ondernemings van Gutenberg en Schoeffer tot niet gemaak ten einde die sirkulasie van die Skrif stop te sit.[12]

Toe die verbanning van die Bybel nie die Woord tot swye kon bring nie, is die Woord van nul en gener waarde gemaak deur middel van die leringe van hoër kritiek of deur staat te maak op die gesag van **“Tradisie”** oor die Skrif. Tradisie word gebruik om die menigte kerkleerstellings toe te smeer wat direk in stryd is met die Skrif se “so sê die HERE.” Rome het nie hierdie standpunt laat vaar nie, want selfs na Vatikaan II sê sy:

> *Die feit dat die Skrif en Tradisie bymekaar hoort, verklaar twee reëls wat die weg aanwys wat die kerk volg in die benadering van God se openbaring. Die eerste van hierdie reëls is duidelik in Vatikaan II uiteengesit deur hierdie woorde: Dit volg na aanleiding van wat gesê is dat die Kerk nie al haar kennis put alleenlik uit wat God deur die Heilige Skrif geopenbaar het nie. Dit is waarom beide (Skrif en Tradisie) aangeneem en gerespekteer moet word met gelyke mates van toegeneentheid en eer... Tweedens, die onbreekbare band tussen die Skrif en Tradisie*

> *verklaar die feit dat vir Katolieke, Tradisie die konteks is waarbinne die Skrif verklaar moet word net soos Tradisie self verstaan en uitgeleef moet word met verwysing na die Skrif.* [13]

**Pouslike onfeilbaarheid** en absolute gesag is ’n verdere kwessie wat deur die hervormers bevraagteken is. Vader Bonaventure Hinwood, segsman vir die Katolieke Kerk, bevestig hierdie leerstelling as volg:

> *... Dit is duidelik dat die Kerk nie kan dwaal in die uitvoering van hierdie diens teenoor goddelike openbaring nie. Maar as die pous die middelpunt en waarborg is vir hierdie eenheid, en as hy volle gesag het in kwessies van geloof en morele waardes, dan kan hy gevolglik ook nie die kerk in dwalingsaangeleenthede betreffende goddelike openbaring lei nie... Daar is net een liggaam wat die opper-apostoliese gesag het in die kerk en dit is die Kollegium van Biskoppe in eenheid met sy hoof, die pous. Wanneer ookal die pous volle gebruik van sy mag maak as sigbare hoof van die kerk, dan tree hy op as die hoof van die Apostoliese Kollegium. Dit is waarom Vatikaan I daarop aangedring het dat wanneer die pous sy opper-leringsgesag uitoefen, word hy teen dwaling beskerm deur dieselfde onfeilbaarheid wat Christus vir Sy Kerk nagelaat het. Die Kardinale wys die nuwe pous aan. Met die nuwe pous se aanvaarding van hierdie aanwysing, ontvang hy direk van Christus al die nodige mag wat noodsaaklik is vir die uitvoering van die pouslike bediening. Hierdie magte sluit die charisma van onfeilbaarheid in.* [14]

Dit is soortgelyk aan die gelykstelling van die pous met God, wat inderwaarheid ’n aanspraak is wat die pouse reeds gemaak het, en synde onfeilbaar, kan dit nie teruggetrek word nie. Pous Boniface VIII het in sy Pouslike *“BUL UNAM SANCTAM”* verklaar:

> *Die Roomse pous oordeel alle mense, maar word self deur geeneen geoordeel nie. Ons verklaar, benadruk, definieer en kondig aan: Om aan die Roomse pous*

> *onderdanig te wees is vir elke mens noodsaaklik vir verlossing ... dit wat ten opsigte van Christus gesê is: "Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp" mag wel aan my toegedig word ... Ek het die gesag van die Koning van die konings. Ek is alles en bo alles sodat God self en ek, die plaasvervanger van God, 'n eenheid is en ek kan alle dinge doen wat God kan doen. Hoe kan julle my takseer anders as dat ek God is?*

Wanneer ons sulke verklarings lees, kom die Bybelse waarskuwing by ons op:

> *Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.* 2 Thessalonicense 2:3-4.

Ten spyte van hierdie waarskuwing is daar baie wat diep drink van die wyn van Babilon. Die valse leerstellings van Rome het al die godsdiens-sisteme van die aarde deurtrek en die Protestantse Kerke is dikwels op die voorgrond, nie net met betrekking tot die aanvaarding van hierdie leerstellings nie, maar ook die verkondiging daarvan in hul teologiese kweekskole en kerke. As voorbeeld kan 'n mens noem dat feitlik die hele Christelike wêreld alreeds óf **Preterisme** (die leerstelling dat die Antichris reeds gekom het) óf **Futurisme** (die leerstellings dat die Antichris nog moet kom) aanvaar het. Die leerstelling van die **onsterflikheid van die siel** is een van die mees misleidende leerstellings wat deur Rome verkondig word. Hierdie leerstelling het die sluise oopgemaak vir valse leerstellings om die kerk binne te kom en het die weg gebaan vir **Spiritisme** en valse manifestasies waardeur die bewoners van die aarde in die laaste dae mislei sal word (sien Hoofstuk 10, *Die Mistieke Doderyk*). Deur hierdie leerstellings te aanvaar, of gewillig te gewees het om 'n kompromis daaroor aan te gaan, of erger nog, die pouslike oppergesag te aanvaar, het Protestantisme geval en deel geword van Babilon.

Daar was 'n tyd toe Protestantisme die moed gehad het om te sê dat die klein horing van Daniël 7 die pousdom, die Antichris is. Hulle het dit selfs in klip gegraveer bokant die ingang tot die Rathaus in Nürnberg (sien Diagramme 4.4 en 4.5, bl 108), maar vandag swyg hulle. Daar was 'n tyd

toe Protestante geglo het dat God die aarde in ses letterlike dae geskape het, maar hulle het verander en, net soos Rome, die evolusieteorie aanvaar. Die meerderheid van Protestantse kerke het ook die verhale van die skepping en die vloed wat in die eerste elf hoofstukke van Génesis opgeteken is, verwerp en hulle noem dit mites. Toe die waarheid van God se heilige Sabbat aan die Protestantse kerke en hul leiers gebring is, het hulle dit verwerp en vasgekleef aan die tradisie van Sondagsaanbidding, 'n tradisie van die Rooms-Katolieke Kerk. Deur die eeue heen het die kerke voortdurend die waarheid van God se Sabbat verwerp. Nietemin, ten spyte van die verwerping van die Sabbat deur die amptelike kerke, het God 'n spesiale uitnodiging vir Sy eerlike, opregte kinders in Babilon. God wil nie hê dat hierdie opregte en eerlike kinders in hierdie gevalle toestand van Babilon moet bly voortleef nie en daarom roep Hy hulle in Openbaring 18:4:

> "*... Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie*."

Die finale konfederasie van Babilon onder die leierskap van die pous sal uit drie komponente bestaan, naamlik die draak, die dier en die valse profeet (Openbaring 16:13, 19).

> *En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn.*
> Openbaring 16:19.

> *En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God.* Openbaring 16:13-14.

Antieke Babilon dien as tipe van die moderne Babilon. Net soos die waarskuwing om van die tipiese Babilon af te skei, so sal die waarskuwing aan die einde van tyd vir die antitipiese Babilon wees:

> *Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe; kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir die HERE: Hy gee hom sy verdiende loon. Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword.*
> Jeremia 51:6-7.

'n Reël in tipologie is dat die antitipe altyd groter is as die tipe. Byvoorbeeld, die lam in die offerandestelsel was 'n tipe van Jesus, dus is Jesus die groot antitipe (in die plek van die tipe). Natuurlik verteenwoordig Jesus die vervulling van die lam wat geslag is; Hy is veel groter as die lam, en aangesien Hy die belofte van verlossing wat deur die lam voorgestel word, vervul, het die offerstelsel met Jesus geëindig. Op dieselfde wyse was Jerusalem 'n tipe van die Nuwe Jerusalem, die tuiste van al die verlostes van alle tye. Sommige moderne vertalings van die Bybel verbreek hierdie reël deur die antitipe gelyk te stel aan die tipe. Byvoorbeeld – hulle wag dat die letterlike Jerusalem die hoofstad van die Here se koninkryk gaan word, terwyl die Bybel dit baie duidelik stel dat die Nuwe Jerusalem uit die hemel sal neerdaal, geklee soos 'n bruid wat vir haar bruidegom versier is en dat dit 'n stad is wat nie deur mense gebou is nie, maar deur God (Openbaring 21:2, 10). Op dieselfde wyse kan geestelike Babilon nie sy vervulling in die ashope van antieke Babilon vind nie, selfs al sou die stad herbou word, maar dit verteenwoordig die groter wêreldwye afvalligheid. Die drie komponente van Babilon verteenwoordig Satan se namaaksel sisteem van aanbidding en sy namaaksel drie-eenheid.

Die draak is geïdentifiseer as Satan en verteenwoordig die verskuilde god, 'n namaaksel van God die Vader. Sy werke onder die mens neem dus die vorm aan van 'n verskuilde, onsigbare gedaante, en sy mag word geopenbaar deur spiritisme in al sy vorms. Demoniese magte sit natuurlik agter al drie hierdie komponente van Babilon, maar in spiritisme verskuil Satan homself. Die moderne New Age-beweging is een van die manifestasies van die draak-komponent. Die dier verteenwoordig die valse seun wat as die eweknie van Jesus Christus uitgebeeld word. Die dier is alreeds geïdentifiseer as Katolisisme wat daarop aanspraak maak dat sy die aardse verteenwoordiger van Christus is. Net soos Christus 'n dodelike wond aan die kruis opgedoen het, so het die dier ook 'n dodelike wond opgedoen, tog het hy bly leef. Net soos Jesus Christus opgewek is uit die dode, so is die dier se dodelik wond genees. Net soos alle eer Jesus Christus toekom, so sal die hele wêreld agter die dier aanloop en aan hom die eer

betoon. Net soos elke knie voor Jesus sal buig, so vereis die pous vandag erkenning van sy oppergesag.

Die finale komponent van Babilon is die valse profeet wat dus die valse heilige gees moet verteenwoordig. Dit is die valse profeet wat groot wonderwerke, tekens en wonders verrig (Openbaring 19:20) en volgens Openbaring 13 is hulle ook verbind met die tweede dier wat ons as die Verenigde State van Amerika geïdentifiseer het. Protestantse Amerika is vandag die land wat herlewingsbewegings en die Pinkstervorm van aanbidding na ander wêrelddele uitvoer. In sommige moderne Christelike sirkels word die Heilige Gees as vroulik beskou en dit is insiggewend dat in die antieke godsdienste, soos in Katolisisme, die wonderwerkende mag van die gode grotendeels in die vroulike godinne soos Rhea, Isjtar, Astarte, Isis, en nou Maria in Katolisisme, gemanifesteer is. "Manifestasies van die Gees" is ook baie algemeen in die Protestantse wêreld, maar dié Gees lei tot eenheid met Rome. Toe Christus vir eenheid in Sy kerk gebid het, het Hy nie gebid vir eenheid in afvalligheid nie, maar altyd vir eenheid in waarheid. Die gevalle Protestantse kerke wat hulle aan Rome verbind deur die oppergesag van die pous te aanvaar, word deel van Babilon en vorm derhalwe hierdie derde komponent van die eindtyd-Babilon, die finale konfederasie om die gesag van God en Sy wet uit te daag (sien Hoofstuk 11, *Die 'Gees' van Eenheid*). Die draak-komponent sal later verder bespreek word in die *New Age-beweging en die Maitreya,* en die valse profeet sal bespreek word in *Vreemde Vuur*.

Die beskrywing van die vrou (kerk) in Openbaring 17, pas by al die aspekte van Rome. Buiten dat sy *"in haar hand 'n goue beker gehad (het), vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery"* meld Openbaring 17:1 dat sy *"op die baie waters sit"* en vers 4 sê *"die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels."* Water verteenwoordig die nasies van die wêreld:

> *En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.*
> Openbaring 17:15.

Die kerk, verteenwoordig deur die vrou, moet derhalwe 'n Universele Kerk wees. Die woord "Katoliek" beteken "Universeel." So maak die Rooms-Katolieke Kerk aanspraak daarop dat sy die Universele of Wêreldwye Kerk is en, soos ons gesien het, beweer sy dat sy gesag het oor al die nasies.

> *En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.*
> Openbaring 17:18.

Die kleur van haar kleed, 'n kenmerkende skakering van helder oranje-rooi wat amptelik deur die Kerk as "skarlaken" bestempel word, word gereeld deur die Kardinale van die Rooms-Katolieke Kerk gedra. Priesters van die Katolieke Kerk dra rooi gewade op Goeie Vrydag, Palmsondag, Pinkster, Verjaardagfeeste van die Apostels en Evangeliste en die Feeste van die Martelaars. Hulle dra pers gewade gedurende die Vastyd, Advent en by begrafnisse, alhoewel ander kleure opsioneel is op sommige van hierdie dae. Ander goedgekeurde kleure is wit, groen, swart, ligrooi en goud. 'n Besoek aan die Vatikaan sal bevestig dat ongekende rykdom op die ikone van Katolisisme uitgestort word. Goud en edelgesteentes en pêrels tooi die beelde van Maria en die heiliges en die amptelike gewade van die pouse wat op spesiale dae gedra word, is ryker aan goud en juweliersware as enige aardse kroon. Die waarde van die goue tiara (drievlakkige kroon) wat in die Vatikaan Museum tentoongestel word en deur die pous gedra word tydens sy inwyding, gaan 'n mens se verstand te bowe. Die rykdom en skatte wat op die pragtige geboue van die Rooms-Katolieke Kerk verkwis word, is ook onbeskryflik.

Op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: *"**Verborgenheid**, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde"* (Openbaring 17:5). Pas Rome die term "verborgenheid" op haar instelling en leerstellings toe? Inderdaad. (Klem bygevoeg.)

Pous Johannes Paulus II het verwys na die "verborgenheid van die Kerk" in 'n vrystelling van die Vatikaan Informasie Diens (17 September 1997). "Verborgenheid" is ook die term wat deur die Rooms-Katolieke Kerk gebruik word om te verwys na die Mis, of die transsubstansiasie van die brood en wyn na die liggaam en bloed van Christus. In die liturgie van die mis verwys die priester na die "Verborgenheid van die Geloof." Die Katolieke bidsnoer word ook met die verborgenhede van die geloof geassosieer. Daar is vyftien dekades van gebed (150 resitasies) en tydens elkeen van hierdie dekades word een van die "verborgenhede" van die kerk in herinnering gebring. Die Vyftien Verborgenhede van die Bidsnoer word in drie groepe verdeel: die Vreugdevolle, die Verdrietige en die Glorieryke. Die vyf Vreugdevolle Verborgenhede is: die *Verborgenheid* van die Mariaboodskap, die *Verborgenheid* van die Besoek, die *Verborgenheid* van die Geboorte van die HERE, die *Verborgenheid* van die Voordrag in die Tempel en die *Verborgenheid* van die Ontdekking van Jesus in die

Tempel. Die vyf Verborgenhede van die Verdrietige is die *Verborgenheid* van die Sielesmart in die Tuin, die *Verborgenheid* van die Geseling by die Pilaar, die *Verborgenheid* van die Doringkroon, die *Verborgenheid* van Jesus wat die Kruis dra en die *Verborgenheid* van die Kruisiging. Die vyf Verborgenhede van die Glorieryke is: die *Verborgenheid* van die Opstanding, die *Verborgenheid* van die Hemelvaart van ons Heiland, die *Verborgenheid* van die Uitstorting van die Heilige Gees, die *Verborgenheid* van die Mariahemelvaart en die *Verborgenheid* van die Kroning van die Geseënde Maagd as Koningin van die Hemel. 'n Verdere beskrywing van die vrou in Openbaring 17 lees as volg:

> *En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.*
> Openbaring 17:6.

Soos bespreek in Hoofstuk 4, *Die Man Agter die Masker,* het Rome beslis diegene vervolg wat deur al die eeue heen getrou aan die Woord van God vasgehou het as hul enigste bron van inspirasie. Baie van die groot hervormers is vir hul geloof gemartel en miljoene het gesterf in die godsdienstige oorloë wat namens die pousdom geveg is, asook in die vure van die Inkwisisie. Die vrou van Openbaring 17 sit op sewe heuwels of berge:

> *Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit.*
> Openbaring 17:9.

Daar is meer as een interpretasie vir hierdie teksvers, maar in 'n letterlike sin staan Rome ook bekend as die Stad van Sewe Heuwels of Sewe Berge. Die sewe heuwels is Capitoline, Quirinal, Viminal, Esquiline, Celian (Coelian), Aventine en Palatine. Heuwels of hoogtes het in die antieke tye gedien as plekke vir aanbidding en offerandes. Die gode wat aanbid is in hierdie plekke was manifestasies van die songod wat androgenies was deurdat hy/sy hom/haar in die manlike of vroulike vorm kon manifesteer. Boonop was hierdie aanbiddingsvorm gebaseer op verlossing deur werke, maar dit het 'n redder of valse Messias ingesluit, asook tussengangers van beide geslagte. 'n Verdere rede waarom die eindtydse godsdienskonfederasie onder die leiding van die pousdom Babilon genoem word, is omdat die Babiloniese aanbiddingstelsel bewaar is in die verborgenhede, soos dit ook bewaar is in godsdienste soos Boeddhisme, Hindoeïsme, Aardsgodsdienste en selfs in Islam.

## Die Heidense Sisteem van Sonaanbidding

Die Babiloniese sisteem van sonaanbidding word wesenlik tot vandag toe nog gehandhaaf. Die Chaldeërs van ouds het ’n panteon van manlike en vroulike afgode gehad wat die songod verteenwoordig het. Daar was grootliks drie aspekte verbonde aan hierdie sisteem van sonaanbidding wat die vader, die moeder en die seun verteenwoordig. Hierdie was die god Bel of Merodach, Ninus die seun wat ook aanbid was as Tammus, en die vroulike godin Rhea wat ook aanbid was as Isjtar, Astarte of Beltis wat die moeder verteenwoordig. Daar is ook na haar verwys as die koningin van die hemel en die “woede-demper.” Moeder en kind-aanbidding het die basis vir die antieke godsdienste gevorm en in die onderskeie godsdienste van die wêreld is dieselfde sisteem voortgesit, maar onder verskeie name. In Egipte is hulle aanbid as Isis en Osiris of Horus, in Indië as Isi en Iswara, in China en Japan as die moeder godin Shing-moo met kind, in Griekeland as Ceres of Irene en Plutus, in Rome as Fortuna en Jupiter-puer, of Venus en Adurnis en in Skandinawië as Frigga en Balder. Die moeder en kind was in Babilon aanbid as Isjtar en Tammus en in Fenisië as Astarte en Baal. Die kind was aanbid as beide die eggenoot en seun van die moedergodin.

Die seun of dan die manlike komponent van die moeder-kind gode is die namaaksel van die Verlosser, en dus die valse Jesus Christus. Al die titels wat op Jesus betrekking het, was ook gebruik vir die kind in die antieke godsdienste. Voorbeelde daarvan: daar is na Zoroaster verwys as die “saad” van die vrou, na Mitras (die Persiese songod) as die Verlosser, Dionysus as die sondedraer, Bacchus as die wynstok, Vishnu as die slagofferman, Osiris as die koning van die konings.

Dié aanbiddingsisteem het sy oorsprong in die legende van Nimrod en sy vrou Semiramis. Nimrod was ’n afvallige en het teen God gerebelleer, soos sy vader Kus. Nimrod is uiteindelik vir sy boosheid doodgemaak en volgens die antieke patriargale stelsel, was dele van sy liggaam na verskeie stede toe gestuur as ‘n waarskuwing. Sy vrou, Semiramis, het gevlug, maar het die gerug versprei dat hy opgevaar het na die hemel waar hy en die son ’n eenheid gevorm het. Toe Semiramis later aan ’n seun geboorte geskenk het, het sy beweer dat hy ’n reïnkarnasie van haar vergoddelikte man was en dat hy teruggekeer het as Verlosser van die mensdom. Sy is later vergoddelik as die koningin van die hemel, die moeder van god wat na die hemel opgevaar het. In die verskillende kulture is dieselfde basiese afgode onder verskillende name aanbid.

| | **NIMROD, die HERE van die HEMEL** | **Tammus, die SEUN of die MESSIAS** | **SEMIRAMIS, die Koningin van die HEMEL** |
|---|---|---|---|
| Israeliete | Baal | Tammus | Ashtoreth |
| Fenisiërs | El | Bacchus | Astarte |
| Babilon | Belus | Tammus | Rhea, Isjtar |
| Assirië | Ninus | Hercules | Beltis |
| Griekeland | Zeus | Dionysus | Afrodite |
| Rome | Jupiter | Attis | Cybele, Diana |
| Egipte | Ra | Osiris, Horus | Isis, Hathor |
| Indië | Vishnu | Krisjna | Isi, Devaki |
| China | Pan-Ku | Yi | Heng-O, Matsoopo |
| Meksiko | Teotl | Quetzalcoatl | Coattlicue |
| Skandinawië | Odin | Balder | Frigg, Freyda |

*Diagram 9.2*

Sonaanbidding word dikwels gesien as primitief, maar dis inderdaad 'n gesofistikeerde, ontsagwekkende sisteem van aanbidding wat die sintuie streel en die brein gevange neem met sy spoggerige seremonies. Hierdie sisteem van aanbidding is deur alle geslagte laat voortbestaan en in ons tyd vorm dit die basis van al die Aardsgodsdienste, Boeddhisme, Hindoeïsme en Katolisisme. In die verborgenhede van Katolisisme bereik sonaanbidding sy hoogste vorm. Die name van die gode het verander, maar die aanbiddingsisteem is dieselfde.

Soos die songod (Nimrod) in die water van die rivier (Eufraat) neergedaal het, so het die gereïnkarneerde seun in die water van die baarmoeder neergedaal om as verlosser aanbid te word. Die siklus van die son verteenwoordig die antieke siklus van die son wat opkom (Brahma), die son op sy middaghoogte (Siva) en die son wat ondergaan (Vishnu). Snags rus die son in die baarmoeder van die oseaan in die duisternis van die onderwêreld (wat die dood en lyding van die songod verteenwoordig). As god van die see (Poseidon, Neptunus), was hy ook aanbid as die visgod Dagon (Dag = vis; On = die naam van die songod soos hy in Egipte genoem is) wat ook in die water van die baarmoeder neergedaal het om weer eens gebore te word. Die mees prominente aanbiddingsvorm in Babilon was opgedra aan Dagon, later bekend as Igtis, of die vis. In die tyd van die

Chaldeërs was die hoof van die kerk die verteenwoordiger van Dagon, en hy was beskou as onfeilbaar en was aangespreek as "U Heiligheid." Nasies wat deur Babilon verower was, moes die ring en pantoffels van die Babiloniese god-koning soen. Tot vandag toe maak die Dalai Lama van Boeddhisme sowel as die pous aanspraak op dieselfde magte en titels. Ook die gewade van die heidendom, die vismyter en togas van priesters van Dagon, word deur die Katolieke biskoppe, kardinale en pouse gedra.

Die pousdom eien hom die reg van apostoliese opvolging toe en maak daarop aanspraak dat hierdie sisteem van aanbidding deur tradisie aan hom oorgelewer is, en tog is hierdie tradisies juis die tradisies van Babilon en het dit niks met die leringe van Jesus te doen nie. Rooms-Katolieke leerstellings soos kinderdoop, besprinkeling van babas tydens die doopplegtigheid, leringe aangaande die dood en onsterflikheid, gebede tot die afgestorwenes en ikone, gebede vol herhalings deur die gebruik van bidsnoere, leerstellings aangaande vergifnis van sonde, leringe aangaande die hel, die mis en Sondagsaanbidding is almal leerstellings wat direk afgelei is vanuit antieke Babilon. Toe Konstantyn paganisme en Christendom verenig het, is die deur wawyd oopgegooi vir valse leerstellings wat die kerk binnegesluip het, en hulle is stelselmatig in die sisteem ingevoer.

| **Valse leerstellings** | **Datum** |
|---|---|
| Sondag | 321 – 364 n.C. Konsilie van Laodicië |
| Aanbidding van Relieke | 337 n.C. |
| Bidsnoer | 366 n.C. |
| Mis | 394 n.C. |
| Ewige Marteling | 590 n.C. |
| Aflate | 799 n.C. |
| Aanbidding van Maria | 850 n.C. |
| Biegstoel | 1198 n.C. |
| Die Bybel verbode | 1299 n.C. |
| Kinderdoop | 1311 n.C. |
| Tradisie bo die Skrif | 1563 n.C.[11] (herbevestig) |
| Transubstansiasie | 1563 n.C. (herbevestig) |
| Vagevuur | 1563 n.C. (herbevestig) |
| Regverdigmaking deur Geloof en Werke | 1563 n.C. (herbevestig) |
| Aflate | 1563 n.C. (herbevestig) |
| Futurisme | 1585 n.C. |
| Preterisme | 1604 n.C. |

| **Valse leerstellings** | **Datum** |
|---|---|
| Onbevlekte Ontvangenis | 1854 n.C. |
| Pouslike Onfeilbaarheid | 1870 n.C. |
| Pous as Soewereine Heerser | 1929 n.C. |
| Hemelvaart van Maria | 1951 n.C. |
| Maria as Middelares | Hangend in afwagting van finale verklaring deur Vatikaan |

> S*oos die opeenvolgende lae van die aarde mekaar bedek, so het die kerk laag na laag van vervalsings en fabrikasies die kerk ingevoer.*[15]

Die kerkgeskiedkundige Philip Schaff skryf:

> *Geen kerk ... in die Christendom het ooit so laag gesink as die Latynse Kerk in die tiende eeu nie.*[16]

In die Rooms-Katolieke mis is die *hostie,* (die ronde nagmaalsbroodjie) afgelei van 'n Latynse woord, *"hostia"*, wat "slagoffer" of "offerande" beteken. Dit is rond omdat dit 'n simbool van die son is. Dit word gewoonlik tydens seremoniële misse in 'n sekelvormige houer (monstrans) geplaas, 'n simbool van die son wat neerdaal in die baarmoeder van die godin. Sommige van dié monstranse het die letters "SFS" ingegraveer wat in die verborgenhede 666 beteken aangesien S die sesde letter van antieke Griekse alfabet was en F die sesde letter van ons huidige alfabet. Die ronde skyf in die sekelmaan is 'n simbool van antieke Babilon en word gevind in al die antieke godsdienste. In Katolieke katedrale is hierdie simbole baie prominent en dikwels word die moeder en kind in 'n sirkel binne die sekelmaan uitgebeeld. Die hergeboorte van die songod was in die Babiloniese tyd gevier deur die eet van ronde brood en was algemeen in die aanbidding van Mithraïsme en Osiris-aanbidding, en is dieselfde as wat tans in Katolisisme beoefen word. Die geskiedkundige, Biskop, sê:

> *Die ronde skyfie (hostie) waarvan die rondheid so belangrik is in die Roomse Verborgenheid, is net nog 'n voorbeeld van Baal of die son.*[17]

Die son in die sekel was ook uitgebeeld as ’n ster in die antieke gelowe en hierdie simbool word ook in Islam gebruik om dié geloof te verteenwoordig. Die Islamitiese geloof verskil nie veel van Katolisisme nie. Islam is ook ’n sisteem van verlossing deur werke. Die gebruik om eer te betoon aan relieke is diep in Islamitiese tradisie verskans met die verering van baie Bybelse profete soos Elía en Johannes die Doper. Soos in die geval van Katolisisme word hierdie vereerde dode in “heilige plekke” van aanbidding gehuisves; voorbeelde sluit in die oorskot van Mohammed in Mekka, en die hoof van Johannes die Doper in die Omayyad Moskee in Damaskus, Sirië. Dit is betekenisvol dat Aartsbiskop Isodore Battikha in Maart 2001 aangekondig het dat hierdie moskee die middelpunt sou wees van die eerste pouslike besoek ooit aan ’n moskee. Islam, soos Katolisisme, moedig pelgrimstogte na heilige plekke aan, beide beoefen herhalende gebede en gebruik bidsnoere om hulle deur die proses te lei, en beide beskou Maria as die vernaamste vrou in die hemel. Boonop is Islamitiese kuns deurtrek van die antieke tradisies van sonaanbidding met die mistieke voëls van die son wat ’n algemene kenmerk vorm.

Die pouslike titel *“Pontifex Maximus”* kan in verskillende vorme teruggevoer word na die antieke Chaldeërs se pouse. Toe Medo-Persië vir Babilon verower het, het die Babiloniese godsdiens behoue gebly, maar na ’n opstand van die priesterdom, was die priesters van Babilon deur die Medo-Perse uitgedryf. Hulle het hul toe in Pergamus gaan vestig en hul titels en gewade saam met hulle geneem. Die laaste pous-koning van Pergamus was Attalus III wat sy titel aan die keiser van Rome bemaak het in 133 v.C. In die jaar 375 n.C. het Keiser Gratian die titel geweier en in die jaar 431 n.C. was die titel oorgeneem deur Damaskus, biskop van Rome. Die hedendaagse kollegium van kardinale met die pous aan die hoof is identies aan die kollegium van pouse met die *“Pontifex Maximus”* aan die hoof daarvan. Die sleutels is nie Petrus se sleutels nie, maar dateer uit die Babiloniese tydperk omdat dit veronderstel was dat hierdie verteenwoordiger van God die mag het om die hemel en die hel te ontsluit. ’n Stelling omtrent die pous se posisie kan gevind word in *“The Papal Monarchy”*:

> *Die Pax Romana het ophou bestaan, dit is universele verwarring, maar wanneer ’n biskop oudiënsies verleen, beskerm die godsdiens alles wat oorgebly het van die antieke bedeling. Die keiser bestaan nie meer nie, maar die “Pontifex Maximus” bly bestaan. Hy is die plaasvervanger van Christus wat die antieke beskawing aan die stamme van die Noorde aanbied.*

> *Hy bekeer hulle tot sy geloof en hulle dien hom as vader en opper-regter.*[18]

Paganistiese Sondagsaanbidding is, deur hul eie erkenning, ook deur paganisme aan hul voorgestel en dit word deur standaard woordeboek-definisies bevestig.

> *Die kerk het die heidense filosofie geneem en dit die skild van geloof teen die heidene gemaak. Sy het die heidense Sondag geneem en dit die Christelike Sondag gemaak. Daar is, inderwaarheid, iets koninklik omtrent die son wat dit 'n paslike simbool vir Jesus, die Son van geregtigheid, maak. Daarom blyk dit dat die kerk in hierdie lande sou gesê het 'behou die ou heidense naam. Dit sal geseënd en geheilig bly.' En so het die paganistiese Sondag, aan Balder toegewy, die Christelike Sondag geword, geheilig aan Jesus.*[19]

> Sondag – so genoem aangesien hierdie dag in antieke tye aan die son gewy was of aan die aanbidding daarvan. Die eerste dag van die week. [20]

Heidense priesters was selibaat, hul kruin was geskeer, en hulle het die mag ontvang om vir die lewendes en die dode te offer. Dieselfde mag is aan Rooms-Katolieke priesters gegee. As priesters wat selibaat was, is hulle toegewy aan die moeder godin of Maria, die Middelares. In 1854, het die pousdom verklaar dat Maria rein (onbevlek) is en in 1951 het hulle verklaar dat sy opgevaar het na die hemel en as koningin van die hemel gekroon is. Sedert 1951 is die algehele sisteem van Babiloniese aanbidding, met Maria wat die rol van Middelares ingeneem het, nou ten volle in die Rooms-Katolieke Kerk vasgelê. Die godin in die antieke gelowe was aanbid as die lewe-gewer en versorger en as sodanig, is dié geloof deurdring met seksuele ondertone. Die borste van die godin vorm 'n belangrike deel van die godin-kultus; godinne word dikwels uitgebeeld met baie borste om die wêreld te voed. Selfs die songod was gevind waar hy aan haar borste drink en hy was as sodanig uitgebeeld waar hy aan haar borste drink of hy was voorgestel deur sy simbool, die slang wat voedsel vind aan die borste van die godin.

In Betlehem, Israel, is daar die bekende "Melkgrot" ("Milk Grotto") waar, volgens Katolieke oorlewering, Maria melk uit haar borste gestort het

terwyl sy die baba Jesus gevoed het. Hierdie melk het blykbaar teen die mure van die grot gespuit en dit het wit merke gelaat wat tot vandag toe steeds vereer word as ’n plek vir ’n pelgrimstog vir genesing en vrugbaarheid. Dieselfde basiese kultusaanbidding word vandag in ’n ander gedaante beoefen. Falliese simbole, sowel as simbole van vroulikheid en goddelike seksuele omgang, was algemeen in antieke tempels (soos hulle in moderne tempels ook is, veral in Indië) en is ewe algemeen in Rooms-Katolieke katedrale. Bykans al die simbole van sonaanbidding is teenwoordig in die hedendaagse Rooms-Katolieke katedrale. Sint Pieter se katedraal in Rome het een van die grootste versamelings van heidense simbole in die wêreld. Die hoof-altaar in Sint Pieter (Bernini se afdak) het simbole van die slang, son- en maanaanbidding, manlike sowel as vroulike sonstraalvorms, en op die altaar is Pous Joane (die enigste vroulike pous in die geskiedenis) in barensnood uitgebeeld, verteenwoordigend van die geboorte van die songod.

Ander simbole van sonaanbidding wat in Katolisisme gevind word, sluit die sonwiel in wat terugdateer na die tyd van die Chaldeërs en wat op feitlik alle katedrale gevind word. Die Plein van Sint Pieter se Basilika in Rome bestaan uit die grootste sonwiel in die wêreld. Die plein is sirkelvormig en die wiel het agt speke. Boonop is daar op Sint Pietersplein ’n wiel binne ’n wiel wat ’n namaaksel is van die mobiele troon van God soos deur die profeet Eségiël beskryf. As sodanig verteenwoordig dit die troon van die draak wat aan die dier sy setel en groot gesag gee. In die middel van die plein is daar ’n obelisk wat weer eens ’n falliese simbool is, gewy aan sonaanbidding. Die Vatikaan is gebou op die heuwel waar die tempel van Janus, die songod, gestaan het. Langs Sint Johannes Lateraan, die kerk waar die pous gekroon word en vanwaar hy onfeilbaar spreek, is daar ’n obelisk van Tutmoses III, wat toegewy was aan Reharakti, die songod. Tutmoses IV het dié obelisk in die tempel van Amun te Karnak (Luxor) geplaas. Hierdie heidense simbool van sonaanbidding is opgerig langs Sint Johannes Lateraan.

Daar is veel meer simbole van sonaanbidding wat in Katolisisme gebruik word soos ligkranse, verskeie heidense kruise, weerligstrale, handseine van kultusse wat die son aanbid, drietandvurke, fleur-de-lis, sestigtallige driehoeke met die oog van Hathor, koptiese skulpe wat in paganisme gedien het as ’n simbool van die kosmos, astrologiese tekens, aardbolle as simbole van heerskappy van die heelal (heidense gode het, net soos Katolieke ikone, die aardbol gedra en die grootste aardbol in die wêreld is bo-op die Sint Pieter se Basilika in Rome), heilige harte soos in baie sonkultusse gebruik is, heilige diere (baie van hulle mitologiese diere soos

drake, die slang, die eenhoring en die feniks), vrugbaarheidsimbole soos dennebolle (heidense gode het die dennebol op die herderstaf gedra soos die pouse van vandag nog doen), heilige bome (simbool van die lydende en herrese songod) en bidsnoere vir herhaalde gebede selfs al leer die Bybel:

> *En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.* Matthéüs 6:7.

## Heidense Feeste en Tradisies

Al die antieke feeste wat op sonaanbidding betrekking het, is deur die pousdom in Christendom ingevoer. Selfs die antieke metodes van aanbidding is subtiel ingevoer en vermom as Christelike praktyke. Die praktyk is nog meer wydverspreid met die meeste feeste, volksverhale en sport wat gebaseer is op die aanbidding van die son. Die kaartspele wat ons speel, is gebaseer op die kosmiese rituele van sonaanbidding – daar is 52 kaarte in 'n pak (52 weke in 'n jaar), daar is vier stelle (vier seisoene of vier hoeke van die aarde), twaalf prentkaarte (twaalf huise van die son), 36 genommerde kaarte (36 kamers in die kosmiese huise op die son se weg) en die A (Alpha) of aas is die hoogste kaart, maar tel ook as een (wat die laagste kaart is) en dus die Alpha en die Omega voorstel.

Die dae van die week is gewy aan songode en die getal sewe word met die oog van Osiris en die sewe strale van Mithra geassosieer soos hulle verskyn op baie heidense gode en godinne. In hierdie verband verteenwoordig die *"Statue of Liberty"* die vroulike vorm van die songodin, aangesien sy die sewe strale van Mithra op haar kop het en sy dra die fakkel, 'n simbool van die ligdraer, Lucifer. Die sewe sonstrale wat uit Mithra se ligkrans uitstraal, simboliseer sy oorwinning oor die magte van die duisternis.

> *Maandag is die maan se dag en met die assimilasie van die Anglo-Saksiese en Skandinawiese paganistiese gode is Tyr, een van die oudste gode uit Noorse mitologie, met Mars geïdentifiseer en dus het ons Tys dagr, of Dinsdag (Tuesday); Woensdag (Wednesday of Wodnesdag) is afgelei van Woden, ook bekend as Odin; en Thor, die god van donder van die vroeëre Germaanse*

*volke het sinoniem geword met Donderdag aangesien hy ook gesien is as die Romeinse god Jupiter; Vrydag (Friday) is vernoem na Frigg, die vrou van Odin en die moeder van 'n ander paganistiese god, Balder. Die dag van Saturnus of Saterdag (Saturday) is gevolg deur Sondag, die dag van rus en ontspanning soos dit vandag gevier word.*

*Die Romeine het die sewe planete met die son se strale geïdentifiseer wat van Mithra se ligkrans afkomstig is en het dus die heiligheid van die getal sewe verhoog tot die vlak van ander gunstige getalle soos die son se een oog van Waarheid en Geregtigheid, die twee horisonne, die drie wêrelde en die vier rigtings.*

*Die hoof van die "Statue of Liberty" is versier met Mithra se sewe strale en die vlam wat sy vashou, is ook 'n sonsimbool.*[21]

## *Sport*

Die dra van die fakkel tydens die Olimpiese spele is 'n simbool van die son. Sport was vanaf antieke tye geassosieer met sonaanbidding en die simboliek wat by hedendaagse spele gebruik word, is weer eens 'n uitbeelding van die oorwinnings van die songode. Die son, maan en ander planete wat bokant die Barcelona spele (1992) gesweef het, het ons herinner dat die son se assosiasie met sport die Griekse gode Herakles en Apollo voorafgegaan het soos duidelik blyk uit die epiese verhaal van die Sumeriese held Gilgamesh.

*Die Sumeriese Gilgameshverhaal is in wigskrif (cuneiform) tablette afgeëts en beskryf hoe die sporttoerusting – 'n stok en 'n ring of bal – wat Gilgamesh uit 'n ontwortelde boom uitgekerf het, in die onderwêreld beland het, nadat hy sy mense begin onderdruk het met herhaaldelike atletiek-kompetisies en hoe dit uiteindelik die songod was wat 'n gat in die grond gemaak het ten einde die toerusting weer te bekom. Die Olimpiese vlam wat die atleet dra om*

> *die son se sikliese beweging te verteenwoordig deur die 'Olimpiade,' die vier-jaar periode tot die volgende spele, is ook verwant aan die son se ritmiese siklus... Die spele, eerste in Griekeland gevier, was seremoniële kompetisies ter ere aan Zeus. Om 'n doel aan te teken met die sonbal was gelykstaande aan die oorwinning van die lig oor die duisternis, goed oor kwaad... Die bal is 'n sonsimbool in alle sportsoorte soos sokker, hokkie, basketbal, en krieket... Bofbal is aan die son verwant in die sonwyser vorm en patroon van die veld, sowel as die reëls van die spel en die puntetelling. Soos met alle sportsoorte, beliggaam bofbal ook die son se seisoenale siklusse, baie soos die antieke seremoniële kompetisies gehou is as 'n deel van die vrugbaarheidsrites.*[22]

## *Godsdienstige Feeste*

Katolisisme het al die kenmerke van Mithraïsme. In die geheime genootskappe en rituele van die verborgenhede kan die ingewyde lid aan 'n hele klomp genootskappe behoort en so vorder in die tog om bo uit te kom. Die inwydingseremonies van Vrymesselary, vele kultusorganisasies, en die ordes van Katolisisme het baie dinge in gemeen. Byvoorbeeld, die dood en opstanding van die songod word gesimboliseer deur in 'n doodskis te lê en dan opgeroep te word in die ritueel van wedergeboorte. Daarna kan 'n mens opgang maak totdat hy die range van die hoër ingewydes bereik. Boonop kan Katolieke priesters en ingewydes aan verskillende ordes binne dieselfde sisteem behoort. Katolisisme het baie van die heidense sonaanbiddings-terreine oorgeneem en Christelike name daaraan gegee. Byvoorbeeld, die songod Helios wat in 'n heidense graf in 1574 onder die Sint Pieter se Basilika in die Vatikaan ontdek is, staan nou as *"Christo Sole"* bekend.

Die Katolieke Basilika van San Clemente in Rome is versier met son motiewe en was oorspronklik 'n tweede-eeuse Mithra tempel. In Mithraïsme was die volgorde van inwyding as volg:

> *Die struktuur van die kultus was hiërargies. Lede het deur 'n reeks van sewe grade gevorder, en elke graad het 'n spesiale simbool en beskermende planeet gehad.*

> *Van die laagste tot die hoogste was hierdie grade Corax (raaf onder Mercurius), Nymphus ('n versonne naam wat manlike bruid beteken, onder Venus), Miles (die soldaat, onder Mars), Leo (die leeu, onder Jupiter), Perses (die Persiër, onder Luna – die maan), Heliodromus (die Son se koerier, onder Sol, die son) en laastens, Pater (vader, onder Saturnus). Diegene wat die hoogste rang, Pater, bereik het, kon die hoof van die gemeente word. Omdat Mithraea so klein was, was nuwe gemeentes op 'n gereelde basis gestig wanneer een of meer lede die hoogste rang bereik het. Twee aspekte van die Mithraïstiese ontgroening bied belangrike insig in die kultus. Eerstens was dit moontlik vir 'n Mithraïstiese ingewyde om aan meer as een kultus te behoort, en tweedens, vroue was nie toegelaat om lede te word nie.*[23]

Dit is opmerklik dat Katolieke kloosters en katedrale dikwels op heidense aanbiddingsterreine en grotte opgerig was, en hul koepels verteenwoordig die sonkoepels van heidense sonaanbiddingskulture. Gedaantes van Maria en Katolieke heiliges word meestal geassosieer met grotte. In die Shinto-kultuur kom die songodin Amaterasu uit die grot te voorskyn en in hul Shinto rituele dans, genaamd Takachiho-Kagura, kom sy tevoorskyn met haar gesig wit geverf soos 'n mens dit in baie heidense inisiasie-seremonies vind. In Katolisisme verskyn Maria uit die grot (Lourdes) en die grot of spelonk is die plek waar 'n mens Katolieke ikone sal vind, of in tuine (die gode was gode van die tuine en die bome) of in die kelders van katedrale en kloosters.

Sondeure is 'n verdere eienskap van sonaanbidding. Hulle verteenwoordig die Poort van Hemelse Gode of die universele sondeur van die lewe en die dood. Hierdie deure maak 'n belangrike deel van sonaanbiddingsrituele uit, veral tydens die aanvang van heilige dae en eras. Hulle is steeds in gebruik en word deesdae in Oosterse gelowe eerbiedig as heilig, en in Katolisisme vorm hulle 'n belangrike deel van hul rituele. Die Vatikaan het so 'n "Heilige Deur" wat die pous tydens jubileums oopmaak, en op Nuwejaarsdag seën hy verskeie heilige deure op verskeie plekke. Spesiale Katolieke feeste val ook saam met heidense heilige dae en word in een of ander vorm deur die meeste kulture gevier.

## Kersfees

Die 25ste Desember, wat as kersfees gevier word, is die herdenkingsdag van die geboorte van die songod. Die geboorte van Osiris is op hierdie dag gevier wat die geboorte was van die ongebore son. Toe Nimrod vernietig is, was hy gesimboliseer deur die boom wat afgekap is. Tot vandag toe word sy wedergeboorte gevier as die nuwe tak (kersboom) wat uitspruit uit die afgesaagde stomp, as gevolg van die lewe wat geskenk was deur die mag van die slang. In Engeland word kersfees gevier deur die Joelblok (Yule log) in die vuur te gooi wat die vernietiging van Nimrod voorstel, en die kersboom is die simbool van die tak wat uitgeloop het. Die boom is dan versier, wat die wedergeboorte van die songod simboliseer. Die antieke gebruik om die geboorte van die songod te vier deur middel van die denneboom word in die meeste antieke gelowe gevind, selfs dié van die antieke Indiaanse kulture van Suid-Amerika. Die offerdiere op hierdie dag was die onrein diere, soos die vark en die gans. Beide hierdie diere vorm die hoofmaal op kersdag in Europese lande, die gans op die Europese vasteland en die vark (gammon) in Brittanje. Verskillende voëls het soms die gans vervang, soos verskillende bome die denneboom vervang het indien dié nie geredelik beskikbaar was nie.

Die geboorte van Osiris het saamgeval met die dag van die somer en winter sonkeerpunt, afhangend van die halfrond, en op hierdie dag het die songod deur die hemelruim gereis in sy strydwa. Die songod Helios het deur die hemelruim gereis in sy sonstrydwa wat deur perde getrek was, soos uitgebeeld word in die groot fontein van Versailles. In die Hindoe-kultuur is dit die Sûrya en sy sonstrydwa wat deur perde getrek en deur sy koetsier Aruna gedryf word, wat deur die lugruim reis, en in ander kulture word die strydwa deur ander diere, soos die bok (Zeus) of die rendier getrek. Dieselfde heidense praktyk word tot vandag toe hooggeag en het feitlik daarin geslaag om Jesus Christus as die hoofkenmerk van kersfees te vervang. Op die 25ste Desember ry kersvader deur die lugruim in sy strydwa wat deur rendiere gesleep word. Walt Disney het hom meer aanvaarbaar gemaak met sy vriendelike, bolvormige voorkoms, maar hy het steeds dieselfde eienskappe as die antieke songode.

> *Die oorsprong van kersvader: 4de eeu: Historiese getuienis dui daarop dat Sint Niklaas nooit as mens bestaan het nie. Hy was eerder 'n verchristelikte weergawe van verskeie heidense see-gode – die Griekse god Poseidon, die Romeinse god Neptunus, en*

> *die Teutoniese god Hold Nickar. In die vroeë eeue van die Christelike kerk is baie heidense gode en godinne vermenslik en omgeskakel na Christelike heiliges. Toe die kerk die persoon van Sint Niklaas geskep het, het hulle hom Poseidon se titel "die Matroos" gegee. Hulle het sy laaste naam uit Nickar geskep. Verskeie tempels van Poseidon het tempels van Sint Niklaas geword.*[24]

Die teologie van kersvader is ook in ooreenstemming met hierdie denkwyse aangesien kersvader, soos die meeste kinders geleer word, eienskappe van God het.

1. Hy is feitlik alomteenwoordig. Hy kan honderde miljoene huishoudings in een nag besoek.

2. Hy is alwetend. Hy monitor elke kind; hy is alsiende en alwetend; hy weet wanneer hulle soet of stout is; hy kan geskenke maak vir honderde miljoene kinders en lewer dit in een nag af – die regte geskenk vir elke kind.

3. Hy is net goed en geregtig. Hy oordeel watter kinders goeie gedrag getoon het en vergoed hulle dienooreenkomstig. Stout kinders word oorgesien of ontvang 'n stuk steenkool.

4. Hy is nimmereindigend.

## ***Maria-Boodskap*** *("Lady Day")*

Maria-Boodskap (*"Lady Day"*) is 'n Katolieke fees wat op 25 Maart gevier word. Dit was in antieke tye 'n fees ter ere van die godin Cybele.

## ***Paasfees en Vastyd*** *(Lent)*

Paasfees is op daardie dag gevier ter ere van die godin *Isjtar,* vandaar die Engelse naam van *"Easter"*. Die veertig dae van vas is om die dood en opstanding van *"Tammus"* te vier. ('n Veertig dae vas is ook 'n kenmerk van Islam.) Vastyd (Lent) is in die Katolieke kalender ingevoer deur Hormisdas, biskop van Rome in 519 n.C. Ten einde die Paasfees in die Rooms-Katolieke kalender in te voer, is die datums deur Dionysius verander, sodat Paasfees een maand later as die Joodse fees *"Pash",* gevier is. Dit was om dit in ooreenstemming te bring met die antieke heidense feesdatums, en die nuwe datum vir Paasfees is met mag afgedwing. Op hierdie dag het die antieke mense vure aangesteek en koeke vir die koningin van die hemel gebak, met die ewe antieke gebruik om dit te versier met 'n heidense gelykbenige kruis in 'n sirkel wat die son voorgestel het. Tot vandag toe is die *"hot cross bun"* 'n paaslekkerny. Die eier is ook 'n heidense simbool wat wedergeboorte voorstel en versierde eiers was op hierdie dag geëet as deel van tradisie. Israel van ouds was reeds betower deur die godsdiens van antieke Babilon. In Jeremia 17:18 word ons gewaarsku:

> *Die kinders maak hout bymekaar, en die vaders steek die vuur aan, en die vroue knie deeg om koeke te maak vir die hemelkoningin en vir ander gode drankoffers uit te giet om My te terg.* Jeremia 7:18.

> *Die kerkgeskiedkundige, Socrates, skryf die invoering van Paasfees in die kerk toe aan voortsetting van 'n antieke gebruik, net soos baie ander gewoontes gevestig was.*[25]

> *Die Paasfees vuur is op die berge aangesteek... dit is 'n gewoonte van heidense oorsprong. Die kerk het hierdie onderhouding in die Paasfees seremonie aangeneem.*[26]

## *Die Fees van die Geboorte van St. Johannes*

Dit is ’n Rooms-Katolieke fees wat op 24 Junie gevier word en dit verteenwoordig die somer sonkeerpunt. In antieke tye was dit die fees van Bel of Tammus en dit is gevier deur te spring deur die vuur of om ’n toring van hout te brand, ’n praktyk wat steeds in sommige lande behoue bly en waarteen God die mens waarsku:

> *Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie.* Deuteronómium 18:10.

Babilon is inderdaad ’n gepaste simbool vir die afvallige sisteem wat in die eindtyd die finale afvalligheid teen God en Sy wet sal inlui.

> *Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi.* Génesis 11:9.

Die nuwe wêreldorde is ’n poging om ’n vorm van die toring van Babel te herskep en om weer eens al die nasies in afvalligheid teen God te verenig. Babel beteken verwarring en ons leer dat die konings van die aarde met Babilon sal hoereer. (Openbaring 17:2).

Enigeen wat die gesag van die biskop van Rome aanvaar, erken die gesag van die koning van Babel, of dit ’n regering of godsdienstige sisteem is. As sodanig word hulle onderdane van Babilon en bewys eer aan haar eerder as aan God. Dit is ons keuse.

## VERWYSINGS

[1] *Faith of our Fathers*, James Cardinal Gibbons, 1980, p. 87.
[2] *Catechism of the Catholic Church*, Artikel 3, 2030.
[3] Cardinal Ratzinger, "*Dominus Iesus*," 9/4/2000.
[4] R. Jeffrey Smith, Washington Post Foreign Service, Woensdag, 6 September 2000, p. A13, ROME, 5 September.
[5] *History of Christianity*, p. 410.
[6] *Eucharist Meditations*, p. 111.
[7] Konsilie van Trent, sessie 13, Hoofstuk VIII, geratifiseer deur Vatikaan II.
[8] *Dignity and Duty of the Priest*, Redakteur E. Grimm, 1927, p.27.
[9] 1994 Catechism of the Catholic Church, 1030.
[10] Catholic Layman, Julie 1856.
[11] Dave Hunt, *A Woman Rides the Beast,* p. 438.
[12] *The Huguenots*, p. 7.
[13] *More Answers to Your Questions*: Bonaventure Hinwood.
[14] *Ibid*.
[15] *The Pope and the Council*, p. 117.
[16] *History of the Christian Church*, Vol. 4, p. 280.
[17] Babylon Mystery Religion Ancient and Modern, p. 129.
[18] W.F. Barry, *The Papal Monarchy*, pp. 45, 46.
[19] *Catholic World*, Maart 1894, p. 809.
[20] Webster's Dictionary, 1929 uitgawe.
[21] The sun in myth and art, UNESCO, p. 90.
[22] The sun in myth and art, UNESCO, pp. 87, 88.
[23] *Mithraism*, Alison Griffith.
[24] Barbara G. Walker, *The Woman's Encyclopedia of Myths and Secrets*, Harper & Row (1983), pp. 725, 726.
[25] *Encyclopaedia Britannica*, Vol. VII, p. 614.
[26] *The Catholic Encyclopedia*, Artikel "Easter".

# Paganisme en die "Nuwe Wêreldgodsdiens"

Die Nuwe Wêreldgodsdiens sal al die wêreldgodsdienste verenig, maar om dit te bereik, moet al die godsdienste eenheid vind in dit wat hulle in gemeen het, en in hulle leierskap. Die Vatikaan II Raad het die deur vir hierdie groot wêreldwye ekumeniese beweging oopgemaak, en net die Vatikaan het die statuur en middele om hierdie proses te voltooi. Die groot godsdienste van die wêreld kan almal hulle oorsponge in die godsdienstige sisteem van Babilon, naspoor, en die mees perfekte moderne ewebeeld daarvan is die Roomse Katolieke Sisteem (sien Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*). Die boek van Openbaring voorspel dat Katolisisme die Christendom met paganism gaan verenig, om sodoende die finale afvalligheid tot stand te bring. Die Christelike godsdiens sal met die godsdiens van Babilon vervang word. Maria ('n vervanging van die heidense Isis) sal vereer word en vir die Christenwêreld sal die "Kosmiese Christus" of heidense Maitreya die plek van Jesus Christus inneem (sien Hoofstuk 13, *Die New Age-beweging*). Die antieke Osiriskultus sal in die vorm van 'n herlewing van Mithraïsme weer die dominerende godsdiens van die wêreld word. Hieronder volg 'n geïllustreerde prentgids van die antieke godsdiens en die moderne ewebeeld daaarvan.

**sonsimbool**



**halfmaan**



**maangodin**



*Die geboorte van die son*

*Die sonskyf in die halfmaan soos in Babilon, Mesopotamië en Egipte aanbid*



*'n Simbool van Dagon*



*'n Simbool van Dagon soos in Hindoeïsme gesien. (Britse Museum Londen)*



*Die priesters van Dagon (Osiris) het vis biskophoede gedra en heilige water in Babilon gebruik (Pergamon Museum Berlyn)*

Die pousdom word gekenmerk deur dieselfde kopversiersels en gebruik dieselfde simbole.



*Die biskopshoed van Osiris*



*Die biskopshoed van Pous Johannes Paulus II*



*Die biskopshoed (myter) van Katolieke biskoppe*

Die ronde hostie is 'n simbool van die son. Let op dat die sonsimbool in die eerwaardige hostie in die halfmaan monstrans ('n simbool van die maangodin) geplaas word gedurende die mis.







**Die dennebol, 'n vrugbaarheidsimbool,** was in heidense godsdienste vereer en word vandag nog gebruik. Paganistiese gode van Babilon, Egipte, Griekeland en Rome was met hierdie simbool geassosieer, en die gode se stawwe was dikwels met die dennebol versier. Die hoëpriesters van die heidendom het ook hierdie simbool gebruik om hulle met die vrugbaarheidskultusse te identifiseer.




*Die dennebol in die hand van 'n Babiloniese gevleuelde gérub en die dennebol op die staf van Osiris*



*Die dennebol in die vierkant van die Vatikaanstad met twee poue wat ook 'n simbool van die heidense god is*



*Die dennebol op die staf van die pous identifiseer hom as die hoëpriester van die heidendom*

Die gesig van **Apollo** en ander **sonaanbiddingsimbole op Bernini se dak** en op die koepel in die Vatikaan






Heidense sonaanbiddingsimbole in die argitektuur en kuns van die katolieke katedrale



*'n Deur in die kapel van Sint Ignatius in San Francisco wat die pou, feniks, draakvis, perd met 'n horing, heidense tulband en staf en die letter P met gekruisde vere ('n 666-simbool wat ook in Vrymesselary gebruik word)*



*Oorspronklike drievoudige ying-yang met die sonblasé op vloer van katolieke katedraal in Londen*



*Oorspronklike drievoudige ying-yang met die sonblasé op plafon van katolieke katedraal in Duitsland*



*Stygende feniks in katolieke katedraal in Duitsland*



*(links) In die Londense katedraal styg Feniks op uit die as ('n simbool van die heropstanding van die songod; let op na die swart en wit vierkante, simbool van die goed en kwaad wat ook in Vrymesselary gebruik word).*



*(bo) Die god Pan as "standbeeld van Dawid" (let op die panfluit); werklike uitbeelding van Pan*

*(regs) Janus die tweekoppige een*





*(links) Die draakvoël en die bok (simbole van Lucifer) op dieselfde katedraal*



*(links) Ying-yang op 'n deur van 'n katolieke katedraal in Duitsland*



*(bo) Die simbool van Hermes in 'n Jesuïtiese kerk in Duitsland*

**Maria** en die **Madonna en kind** vervang die antieke aanbidding van Isis en Horus. Maria word die koningin van die hemel en die bemiddelares, net soos die heidense godinne.



*Isis*



*(links) Heidense godin wat die slang troetel – sy staan op die slang se kop*



*(regs) Maria op die slang in die kerk in Betlehem*



*in Katolisisme*



*in Hindoeïsme*



*in Boeddhisme*



*in antieke Egipte*



*in die Hittitiese godsdiens*



*In die Meksikaanse Indiese godsdiens met die Dame van Guadalupe as hedendaagse manifestasie*

Die heidense godinne was ook in die **vrugbaarheidskultusse** aanbid en Maria ontvang soortgelyke verering vandag. Die volgende prente toon die melkgrot in Betlehem waar vroue deesdae vrugbaarheidseëninge gaan soek.










*Die wit kolle teen die mure van die grot is glo bewaarde melk wat uit die borste van Maria gespuit het tot teen die mure soos sy die baba Jesus versorg het*

Maria neem ook die plek van die heidense godinne as hemelkoningin.



*(links) Op hierdie beeld in 'n katolieke kerk in Duitsland word Maria as hemelkoningin gekroon deur God die Vader en die Seun, terwyl sterflinge haar vereer*



*(bo) Maria word deur engele gekroon terwyl God die Seun toekyk*



*Maria word deur Pous Johannes Paulus II gekroon*





*Haar beeld word deur die pous en die dissipels vereer*



*(links) Maria word die nuwe bemiddelaar deurdat sy die merke van die kruisiging dra en die kroon van dorings deur Jesus self op haar oorgeplaas is. (prent in klooster in Rome)*

In heidense kulture was die gode en godinne gewoonlik in grotte en in woude aanbid. Antieke hoogtes was ook geassosieer met offerandes aan die gode, en grot-altare was dikwels met hierdie hoogtes geassosieer. In hedendaagse Katolisisme word die verering van Maria ook met **grotte, woude en antieke hoogtes** geassosieer.




*Maria in 'n grot in 'n katolieke klooster in Duitsland*



*Die pous bid in die grot by Lourdes*



*Maria neem die plek van Jesus, en die kruis is die verskuilde uitbeelding van Lucifer se sogenaamde oorwinning oor Christus. In hierdie kruis, in 'n katolieke kerk in Duitsland word die verborge betekenis daarvan duidelik omdat dit die gebreekte kruis is, soos in die vredesteken gebruik word. Die gebreekte kruis word ook in Satanisme in 'n onderstebo vorm gebruik. Indien die kruis omgedraai sou word, dan sou Jesus onderstebo op Satan se simbool hang.*



*Die standbeeld van Maria word hier as 'n baken in Saydanaya in Sirië gesien, waar daar 'n klooster van Maria op 'n ou heidense hoogte, saam met die oorspronklike heidense grotheiligdomme gebou is.*

*Die Saydanaya klooster en die heidense aanbiddingsgrot wat met die swart ysterdeur verseël is.* ***Drievoudige boë*** *was algemeen in heidense aanbidding en word ook in Maria verering gebruik, soos gesien kan word in die grot- en bostonele in die vorige prente hierbo.*




In die Saydanaya klooster is daar ’n ikoon (gewyde portret) van Maria met Jesus wat glo deur die Apostel Lukas geskilder was. Die ikoon huil oliedruppels en een van die gestorte oliedruppels het blykbaar die beeld van Maria gevorm, en word tot vandag toe vereer.



*Kopie van die ikoon*



*Geslote beeld wat deur die oliedruppel gevorm is*



*Vergroting van dieselfde beeld*

Die **verering of raadpleging van die dode** word deur die Skrif verbied:

> *Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat ’n gees van ’n afgestorwene vra of ’n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here ’n gruwel, en om hierdie gruwels ontwil verdryf die Here jou God hulle voor jou uit.* Deuteronómium 18:10–12

Enigeen wat ook in aanraking met ’n dooie persoon of ’n graf gekom het, was as onrein beskou en kon nie in die tempel aanbid het nie:

> *En elkeen wat in die oop veld aan iemand raak wat deur die swaard verslaan is, of aan ’n dooie of aan ’n mens se doodsbeen of aan ’n graf, sal sewe dae lank onrein wees.* Númeri 19:16

> *Verder het die Here vir Moses gesê: Spreek met die priesters, die seuns van Aäron, en sê vir hulle: Aan ’n dooie moet ’n priester hom nie verontreinig onder sy volksgenote nie;* Levítikus 21:1

Osiris was die god van die dooies. In heidense aanbidding was die dooies vereer en in aanbiddingsplekke begrawe. Die God van Israel is egter die God van die lewendes en nie van die dooies nie, en dit is hoekom God so streng onderskeid gemaak het tussen Israel en die heidense aanbiddingsgewoontes. In katolisisme word die aanbidding van die dooies voortgesit in die verering van die heiliges, en Katolieke en Anglikaanse kerke is heilige plekke vir die dooies. Feit is, die mis word vir die lewendes en die dooies as 'n offer aangebied en kan nie voortgaan as daar nie 'n relikwie (oorblyfsel) van die dode is wat met die altaar geassosieer word nie. Dit is heidense kommunikasie met die dode, wat die Bybel streng verbied.



*'n Graf in die Katedraal van Sint Auburns in Engeland*



*Oorblyfsel van 'n heilige onder die altaar van die Katolieke katedraal in Londen*



*(links) Ingang na die graf onder die altaar van 'n Katolieke Kerk in Duitsland*



*(regs) 'n Vergroting van die graf*



*(links) Die gebeendere van monnike in 'n klooster in Rome*



*(regs) Die heiligdom van die hoof van Johannes die Doper in die Omayad Moskee in Damaskus*

Protestantisme was altyd trots op hulle Bybelgebaseerde erfenis van *"Sola Scripture"* en *"Sola Gracia"* – die Bybel alleen en verlossing deur genade alleen. Die teenreformasie het egter daarin geslaag om die pilare van Protestantisme te laat tuimel, en deur die ekumeniese beweging het versoening met en onderwerping aan Rome 'n werklikheid geword. Nêrens word dit duideliker gesien as in veranderinge wat in die Sint Paulus se Katedraal in Londen aangebring is nie. Hierdie Protestante katedraal is herbou in die vorm van die Vatikaan om sodoende eenwording met Rome te weerspieël, alhoewel daar buitekant die katedraal 'n standbeeld van John Wesley is, wat nog herinner aan die Protestantse erfenis.

**Sint Paulus:**




*Sint Paulus se nuwe ontwerp om die Vatikaan na te volg*




*Modelle van die ou en die nuwe Sint Paulus se Katedraal*



*Standbeeld van Wesley buite die katedraal*




*Simbole van katolisisme binne die katedraal (Petrus met die sleutels aan die hek wat die altaar omring, en die Vrymesselaars se simbole van die oog van Osiris en die kompas en stel vierkant op die plafon, wat simbole van heidense sonaanbidding is)*

Binne die katedraal word heidense kultiese simbole op die mure, plafon en op die standbeelde uitgebeeld. Net 'n paar van die mees duidelike simbole kan hier gesien word.



*(links en regs) Die hoofaltaar van Sint Paulus is 'n weergawe van Bernini se altaar in Rome*







*Die hoofvloer van Sint Paulus is 'n weergawe van die sonaanbiddingsimbole van die Vatikaan, en is sirkelvormig met sonbeelde en swart en wit Vrymesselaarpatrone*

Beelde van die son, maan en sterre (heidense simbole van die hoofgode – manlik en vroulik), en Kultiese Vrymesselaar-seshoekige heksagone, vyfhoekige sterre en driehoeke binne sirkels versier die vloere. Die poue rondom die vierkant en driehoek binne 'n sirkel is ook simbole van die songod of Lucifer.











In die grafkelder onder die katedraal is daar grafte en uitstallings van priestergewade en ander items met die heidense inskripsies IHS (*Isis Horus Seb*) daarop, en is omring deur sonvlamme asook borduurwerk van mitiese voëls wat hulle kleintjies met hulle eie vleis voer – alles simbole van Osiris-aanbidding.












Die pous is die **hedendaagse hoëpriester** van die antieke heidense godsdiens (sien Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*). Hy het dieselfde titel, dra dieselfde klere en beoefen dieselfde **heidense rituele** wat in heidense kulture beoefen was. Die heidense hoëpriester was die een wat die **sondeur** oopgemaak het om toegang tot die siele van die afgestorwenes te gee. Dieselfde praktyk word deur die pous beoefen:



*Gevleuelde sondeur op 'n Hindoe-moskee*



*(links) Die pous maak die "heilige deur" aan die begin van die jubeljaar oop.*

*(regs) Die sonpilaar buite die Panteon in Rome word deur die olifant of die bul van die Ooste gedra ('n simbool van die songod)*





*Die Panteon aan die binnekant*



*Die pouslike titel "Pontifex Maximus" op die vloer van die Vatikaan is dieselfde heidense titel wat van die Babiloniese priesterorde afkomstig is (let op na die leeu met die arendsvlerke, die simbool van Babilon)*



*Die pouslike kroon wat uit drie dele bestaan*

*Die pouslike kroon het sy oorsprong in die heidendom soos gesien kan word in die Babiloniese gevleuelde bul-gerub wat ook 'n drievoudige kroon dra (Britse Museum)*



Die kultiese **handtekens** wat in Boeddhisme (Britse Museum) en deur die pous gebruik word, kom ook van die heidendom af.







**Ligkranse:**

*Die ligkrans wat hier op 'n katolieke figuur (Katolieke Katedraal Londen) gesien word, en die slang-biskopstaf kom ook van die heidendom af.*





*(beide prente links) Die ligkranse kan ook hier in Boeddhisme en Hindoeïsme gesien word (Britse Museum in Londen)*

'n Assiriese  koning (Britse Museum, Londen) met 'n Maltese kruis om sy nek en omring met heidense simbole van sonaanbidding: die sonwiel, die kompas, die halfmaan met sonskyf, die sonskyf en drieledige tiara wat almal simbole van die pous is, is hier te sien in die wiel wat deel vorm van 'n katolieke altaar, en die wiel-binne-'n-wiel (die troon van die songod) in die Vatikaanvierkant saam met die son-obelisk ('n simbool van die fallus – manlike geslagsorgaan).











Die **gevleuelde draak** was die simbool van heidense Rome, en katolisisme het dit ook sy eie gemaak. Openbaring 13 sê vir ons dat die draak die pous sy setel van outoriteit gee. Hier kan die heidense Romeinse kroon en die draak op die pous se kroon in die Vatikaanmuseum gesien word. Vatis = waarsêer, "kaan" = slang, Vatikaan = waarsêerslang.





Rome is vandag die verpersoonliking van die antieke Babiloniese godsdiens en God roep Sy volk om uit hierdie sisteem uit te kom. In Openbaring hoofstuk 18 lees ons:

> *En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike*

*voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.*

Openbaring 18:1–5

# 10

# DIE MISTIEKE DODERYK

Een van die mees bedrieglike leerstellings van Babilon is dié van die onsterflikheid van die siel. Hierdie leerstelling, meer as enige ander, het die weg gebaan vir bedrieglike leerstellings aangaande die hiernamaals, en dit het die godsdienstige wêreld deurtrek met valse beloftes en aansprake. Hierdie leerstelling belowe boonop veelvuldige keuses wat 'n mens kan maak in verband met sy redding en veelvuldige geleenthede ten einde gered te word. Spiritisme, reïnkarnasie en nekromansie (die aanbidding en raadpleging van afgestorwenes) is slegs moontlik in die lig van hierdie leerstelling. Die Woord van God is baie duidelik aangaande hierdie kwessie. Geeneen van hierdie leerstellings of praktyke moes deur God se kinders geduld word nie, omdat hulle almal geanker is in 'n valse begrip van die dood.

Die teenoorgestelde van die lewe is die dood. Die studie van die lewe is een van die groot temas van die moderne wetenskaplike strewe. Wetenskaplikes kan die prosesse van die lewe beskryf, maar is nie by magte om die oorsprong daarvan vas te stel of te dupliseer nie. Definisies van die lewe sluit in die funksies van lewende organismes, maar dit kan nie akkuraat beskryf word nie anders as in negatiewe terme soos bv. 'n "toestand van nie-dood." Net so het die term "dood" soortgelyke beperkinge en dooie voorwerpe of organismes kan slegs beskryf word as "nie-lewend." Die oorsprong van die lewe en die dood bly egter 'n raaisel en wetenskaplikes kom slegs met spekulatiewe antwoorde vorendag. Die Skrif inteendeel,

kom met duidelike, onomstootlike antwoorde, nie slegs in verband met die oorsprong van die lewe nie, maar ook wat die oorsprong en die toestand van die dood betref.

Volgens die skeppingsverhaal het die mens die gawe van die lewe van God ontvang:

> *En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die* ***asem van die lewe*** *geblaas. So het dan die mens 'n lewende* ***siel*** *geword.*
> Génesis 2:7. (Klem bygevoeg.)

God het dus die mens uit die stof van die aarde geformeer en daarna het Hy die asem van die lewe in sy neus geblaas. Hierdie eenheid het toe 'n lewende siel geword.

Die Hebreeuse woord vir *"asem"* in Génesis 2:7 is *"neshamah"* of die lewe-gewende beginsel. Die asem is gelykstaande aan die lewe self (Jesaja 2:22). 'n Ander Hebreeuse woord wat 28 keer as asem vertaal is, is *"rûach"* wat ook "wind," "temperament," of "Gees" kan beteken. Dit is 237 maal as "Gees" vertaal. In Génesis 2:7 is dit die asem van die lewe wat van God afkomstig is wat aan die lewelose stof die lewe gee en dit in 'n lewende siel omskep. Die Hebreeuse woord vir "siel" is *"nephesh"* en beide die terme *"rûach"* en *"nephesh"* is meermale verkeerdelik toegepas ten einde doktrinale posisies te regverdig wat nie-Skriftelik is nie. Beide die begrippe van siel en gees word gebruik om geestelike entiteite te omskryf wat onafhanklik van die liggaam kan voortbestaan. Die meeste godsdienste in die wêreld verkondig inderdaad dat die dood slegs 'n oorgang is van die een bewustelike toestand na die volgende. Hulle stel voor dat die fisiese mens wel onderworpe is aan die dood, maar dat die "siel" aanhou lewe en dat dit inderdaad onsterflik is. Volgens hierdie leerstelling is die siel 'n aparte entiteit en dit woon in die liggaam van die lewende mens. Om die kwessie meer verwarrend te maak, glo die meeste Christelike genootskappe dat hierdie tweeledigheid slegs in mense voorkom, en dat diere nie siele het nie.

Die teks van Génesis 2:7 stel dit duidelik dat God in die mens wat Hy gevorm het die "asem van die lewe" geblaas het en die mens 'n lewende siel *geword het*. Hy het nie 'n siel *ontvang* nie; hy het een *geword*. Die Afrikaanse Nuwe Vertaling van die Bybel sê dat "die mens 'n lewende wese geword het." Van die 1700 verwysings na siel en gees in die Bybel word nie eenmaal daarna verwys as onsterflik, onverganklik of ewig nie. Slegs God besit onsterflikheid (1 Timótheüs 1:17; 6:16). Die leerstelling van die onsterflikheid van die siel is 'n leerstelling van valse hoop wat die

boodskap van die dood ignoreer. Meer nog, indien die mens aanhou lewe, al is dit in ’n veranderde toestand, dan is daar geen behoefte aan ’n Verlosser of inderdaad die versoenende dood van Christus nie. Christus het gesterf om die lewe terug te gee aan diegene wat dit deur die sonde verloor het. Job korreleer die gebruik van asem en gees en sê:

> *... want my asem is nog heeltemal in my, en die lewensasem van God is in my neus.* Job 27:3.

Moses sê dat die asem van die lewe in Adam se neus was, terwyl Job na beide terme verwys en sê, die “lewensasem” *“rûach”* van God “is in my neus.” Gevolglik word die Hebreeuse woorde *“neshamah”* en *“rûach”* hier in ‘n soortgelyke konteks gebruik – naamlik vir die lewe self! Volgens die Skrif het alle lewende wesens op dieselfde wyse lewe van God ontvang en is almal aan dieselfde lot onderworpe.

> *En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel... al die vlees waar ’n lewensgees in was...* Génesis 2:19; 7:15.

Beide die mens sowel as die diere:

> *... het dieselfde asem, en ’n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie.* Prediker 3:19.

Aangesien die mens en die dier dieselfde asem het, sterf hulle op dieselfde wyse.

> *Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die vee-diere: ... soos die een sterwe, so sterwe die ander.* Prediker 3:19.

Beide die mens en die diere is uit die stof van die aarde gevorm. Hulle keer dus terug na stof wanneer hulle sterf; presies die teenoorgestelde van hul skepping.

> *Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.*
> Génesis 3:19.

Die tweede ding wat met die afsterwe van die mens gebeur, is dat die gees of lewensasem na God terugkeer:

> *... en die gees (sal) na God terugkeer wat dit gegee het.* Prediker 12:7.

Die mens was nooit bedoel om te sterf nie, maar die dood het as gevolg van sonde ingetree.

> *Want die loon van die sonde is die dood...*
> Romeine 6:23.

As die dood "nie-lewe" is, beteken dit bloot dat God die lewe ("*rûach*," gees, asem) wat Hy vergun het op voorwaarde van gehoorsaamheid, teruggeneem het en die mens se bestaan kom tot 'n einde as gevolg daarvan. Dit is die lewe wat God gegee het wat na Hom toe terugkeer en nie 'n veranderde weergawe van die mens in die vorm van 'n gees nie. Toe God gesê het die mens "sal sekerlik sterwe" (Génesis 2:17) indien hy God se opdragte oortree, het Hy bedoel dat die mens sal ophou om te lewe en dat hy tot stof sal terugkeer. In teenstelling met 'n bewustelike staat, is die dood die finale staat van "geen lewe nie" of onbewustelikheid en dit word so in die Skrif beskryf.

> *Sy gees gaan uit, hy keer terug na die aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.*
> Psalm 146:4. (NAV)

> *Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie.* Prediker 9:5.

Die dode is onbewus van wat op die aarde aangaan – hulle weet niks nie. Die volgende teksverse sê:

> *Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn.* Prediker 9:6.

> *Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?* Psalm 6:6.

Ook hul gevoelens gaan tot niet:

> *Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die HERE nie loof nie.* Psalm 115:17.

Die toestand van onbewustelikheid word as ’n slaap beskryf. Job sê:

> *... so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul* ***slaap*** *opgewek nie.* Job 14:12.
> (Klem bygevoeg.)

Die mens lê in die stof van die aarde tot die opstanding aan die einde van tyd. Dan, en slegs dan, word hy opgewek en uit sy slaap wakker gemaak. Dawid vra die Here dat hy nie *“in die dood inslaap nie.”* (Psalm 13:4)

## Die Opwekking van Lasarus

Hierdie punt word verder geïllustreer in die verhaal van die opwekking van Lasarus. Terwyl Hy met Sy dissipels gesels aangaande Lasarus, sê Jesus:

> *Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak. Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. En toe sê Jesus vir hulle duidelik: Lasarus is dood.* Johannes 11:11-14 .

Die dissipels was verward en het gedink dat Christus die natuurlike slaap bedoel het, maar Hy het die slaap van die dood bedoel. Vers 17 van dieselfde hoofstuk sê:

> *Toe Jesus dan gekom het, het Hy gevind dat hy al vier dae in die graf was.*

Terwyl Hy met Martha praat, poog Hy om haar te troos deur te sê:

> *Jou broer sal opstaan. Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag.* Johannes 11:23-24.

Martha het geweet dat Lasarus slegs met die opstandingsdag in die lewe teruggeroep sou word. Jesus het deur die opwekking van Lasarus gedemonstreer dat Hy die Een is wat die dode kon opwek volgens Sy stelling:

> *... Ek is die opstanding en die lewe...* Johannes 11:25.

Die Skrif in beide die Ou en Nuwe Testament is baie duidelik oor hierdie kwessie. Die dode sal in die lewe teruggeroep word op die laaste dag (1 Korinthiërs 15:51-55; Job 19:25-26; Job 14:10-15; Psalm 17:15; Daniël 12:13). Daar sal aparte opstandings wees vir die regverdiges en die goddeloses. Johannes 5:28-29 sê:

> *Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*
> Johannes 5:28-29

> *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.* 1 Thessalonicense 4:16.

> *En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.*
> Openbaring 20:5.

Dieselfde stem wat vir Lasarus uit die graf geroep het, sal op die laaste dag van die aarde se geskiedenis gehoor word, wanneer Hy die dode roep uit hul slaap in die grafte van die aarde. Christus sal die regverdige dode, of "die wat in Christus gesterf het," herskep en in hulle die asem van die ewige lewe blaas en hulle sal die hemel binnegaan. Openbaring 20:6:

> *Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding.*

Die goddelose dode bly in die stof van die aarde om ná die Millennium, in die opstanding van die goddeloses, opgewek te word. (Sien Hoofstukke 18 & 17, *Die Langverwagte Millennium van Vrede* en *Die Komende Klimaks van die Eeue*). Toe Jesus vir Lasarus uit die graf geroep het,

> *... het Hy met 'n groot stem geroep: Lasarus, kom uit!*
> Johannes 11:43.

Hierdie stem het die dooie Lasarus uit die dood opgewek. *"En die oorledene het uitgekom"* en Jesus sê vir hulle:

> *... Maak hom los en laat hom gaan.* Johannes 11:44.

Hoegenaamd niks word vermeld wat gedurende daardie vier dae wat Lasarus in die graf was, gebeur het nie. Christus lewer geen kommentaar nie en so ook nie Martha en Lasarus self nie. Die feit was natuurlik dat daar niks was waarop kommentaar gelewer kon word aangaande wat gebeur het nadat hy gesterf het nie, of aangaande die doderyk nie, bloot omdat hy die slaap van die dood ondervind het wat 'n toestand van algehele stilte en vergetelheid is.

## Spiritisme

Indien die dode in 'n toestand van onbewustelikheid of slaap is en die opstanding afwag, hoe verduidelik 'n mens die klaarblyklike kommunikasie met die dode wat so algemeen is in moderne godsdiensbewegings van vandag en die verlede? Die aanbidding van die voorvaders is algemeen in baie kulture, veral in die Afrika-kulture. Die New Age-beweging beweer dat hulle kommunikeer met geesteswesens. In Bybelse tye, is daar die verhaal van Koning Saul, wat die heks van Endor geraadpleeg het en veronderstel was om met Samuel, wat al geruime tyd oorlede was, te kommunikeer. Hierdie kwessies moet opgeklaar word.

Eerstens moet gevra word of die dode met die lewendes kan kommunikeer en of hulle na hul huise kan terugkeer om daar te spook. Ons

het in die vorige gedeelte gesien dat die dode niks weet nie (Prediker 9:5) en dat met die intree van die dood "sy planne gedaan" is (Psalm 146:4). Job gee die versekering:

> *Die wolk verdwyn en gaan heen – so kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie. Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie, en sy plek sal hom nie meer ken nie.* Job 7:9-10.

Hy sê voorts:

> *Sy kinders kom in eer, maar hy word dit nie gewaar nie; en hulle word gering, maar hy let nie op hulle nie.* Job 14:21.

Salomo skryf aangaande die dode:

> *Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie.* Prediker 9:6.

God het die raadpleging van spiritiste en kommunikasie met die dode verbied en die doodstraf bepaal vir diegene wat hierdie gebod oortree (Exodus 22:18; Levitikus 19:31; 20:6, 27; Deut. 18:9-14; 2 Konings 21:6; 23:24; Jeremia 27:9-10). God het die riglyne vir kommunikasie met Hom duidelik uitgespel. Hy kommunikeer deur middel van Sy Woord en deur Sy profete.

> *Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.* Jesaja 8:20.

Die Skrif (die wet) is die geïnspireerde Woord van God (2 Petrus 1:20-21; 2 Timótheüs 3:16; Johannes 10:35; Matthéüs 24:35; Lukas 24:44; Psalm 119:89, 100-101) en die getuienis is die gees van profesie (Openbaring 19:10).

As die geeste wat die spiritiste of mediums oproep nie die geeste van die dode is nie, dan moet hulle geeste van demone wees wat die mens mislei en hom van sy verlossing beroof. God vermaan deur Sy profeet Jesaja:

> *En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?* Jesaja 8:19.

## Saul se Ontmoeting met Samuel

'n Gedeelte in die Bybel wat dikwels gebruik word om kommunikasie met die dode te ondersteun, is 1 Samuel 28:3-25, waarvolgens Saul die heks van Endor raadpleeg wat kwansuis vir Samuel oproep om die koning van raad te bedien. Die koning was self deur geeste gepla en het deur sy eie optrede die konneksie met God verbreek (vers 15). Saul het egter onthou dat al Samuel se voorspellings met betrekking tot sy lewe vervul is. In sy toestand van paniek het hy gevra dat Samuel hom moet raad gee. In vers 14 vra hy die medium "Hoe is sy voorkoms?" wat aandui dat hy nie self vir Samuel gesien het nie. Die gees het ook vir Saul getart deur vir hom te sê dat sy kroon aan sy mededinger gegee sou word. Die boodskappe van die gees het nie visioenêre vermoëns geverg nie. Dawid was alreeds gesalf en Israel het hulle nie voor die HERE verootmoedig nie, wat dit meer waarskynlik gemaak het dat hulle deur die Filistyne oorwin sou word. Aangesien die dode geen bewustheid het nie, is dit duidelik dat die gees van Samuel nie met Saul gekommunikeer het nie. Volgens die Skrif kan die Satan met die mens kommunikeer en homself as 'n engel van die lig voordoen (Matthéüs 4:1-11; 2 Korinthiërs 11:14).

## Hedendaagse Spiritisme

Telkens as God kragtig gewerk het om die mensdom na Hom terug te roep, het Satan die boodskap nagemaak met wonderwerkende krag.

> *Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang.* 1 Timótheüs 4:1.

Die hedendaagse manifestasies van spiritisme het in 1848 begin met die Fox susters toe hulle ’n geheimsinnige geklop in die huis van ’n boer genaamd Fox in Hydesville, New York ondervind het. Vanuit hierdie nederige begin het spiritisme gegroei tot ’n wêreldwye beweging met sy moderne dryfkrag gesetel in die New Age-beweging.

Selfs die vroeë spiritistiese leiers het erken dat hul kommunikasie met Satan self was. In *“Spritten”,* ’n Noorweegse spiritismeblad, word die volgende stelling gemaak:

> *Spiritisme is die slang in die Paradys wat aan die mensdom die geleentheid bied om te eet van die boom van die kennis van goed en kwaad.*[1]

Moses Hull, ’n vooraanstaande spiritisme dosent uit daardie vroeë dae, maak die volgende stelling:

> *’n Waarheidliewende Slang... In antwoord op die vraag, “Vir wie moet ons dan glo – God of Satan?” antwoord ek, “Die feite is dat in elke Bybelse geval ons geloof in Satan geregverdig word; hy was altyd betroubaar en dis meer as wat van die ander een gesê kan word... Dit was nie die duiwel nie, maar God wat die fout in die Tuin van Eden gemaak het... Dit was God en nie die duiwel nie, wat die moordenaar van die begin af was.”*[2]

Hierdie Godslasterlike stelling openbaar die ware aard van spiritisme.

## Die Leerstelling van die Hel en die Vagevuur

Die leerstellings van die hel en die vagevuur is van heidense afkoms en is deur die Rooms-Katolieke kerkvaders in die Christelike geloof ingevoer. Kardinaal Gibbons skryf aangaande die vagevuur:

> *Daar bestaan in die volgende lewe ’n staat van tydelike straf toebedeel aan diegene wat nie God se geregtigheid bevredig het vir sondes wat reeds vergewe is nie. Die*

> *bestaan van die vagevuur impliseer natuurlik ook die gepaardgaande dogma, naamlik om vir die dode te bid.*[3]

Die hel word in die algemeen gedefinieer as ’n plek of toestand waar diegene wat in vyandskap met God gesterf het, ewige pyniging ondergaan, terwyl die siele van die regverdiges met hul dood hemel toe gaan.

Die Hebreeuse woord “*she’ol”* en die Griekse *”Hades” wor*d beide as “hel” vertaal en verwys na die wêreld van die dode. Die Griekse woord “*geenna”* dui op ’n hel van straf deur verbranding. Die Bybelse terminologie word dikwels in ’n metaforiese sin gebruik en verwarring kan ontstaan of die term verwys na ’n plek of ‘n toestand waarin die dode hulself bevind.

Die Griekse woord *“geenna”* word 12 keer in die Nuwe Testament gebruik en is afgelei van die Hebreeuse woord *“Ge Hinnom”* die *“Vallei van Hinnom”* waar heidense rituele van offerandes en die verbranding van kinders vir Moloch beoefen was. Jeremia noem hierdie vallei “Moorddal.” Die Vallei van Hinnom of Gehenna het ’n plek geword vir die verbranding van vullis en met die ontwikkeling van die leringe van ’n brandende hel waar die bose gestraf word, het die vallei gedien as ’n tipe van die vure van die laaste dae.

In die Bergpredikasie verwys Jesus drie maal na *“geena.”* Hy waarsku die Fariseërs van die verdoemenis of *“geena.”* Die aard en die uitwerking van die vuur word in die Bybel beskryf as die “onuitbluslike vuur” (Markus 9:43-48; Lukas 3:17) of die “ewige vuur” (Matthéüs 25:41). Hierdie vuur reinig die aarde (2 Petrus 3:10-12; Lukas 3:17) na die tweede opstanding (Openbaring 20:5).

Die woord “ewige” *“aiónios”* word gebruik om die lot van die regverdiges sowel as die bose te beskryf. As die loon van die sonde die dood is (Romeine 6:23), dan is die straf van die goddeloses die ewige dood. Die finale uitwerking van die vuur is ewigdurend, maar nie die vuur self nie. Hierdie beginsel word duidelik gedemonstreer in die gebruik van die konsep “ewigdurend” in die Skrif. Jeremia profeteer dat God ’n vuur in Jerusalem sal aansteek wat “nie uitgeblus sal word nie.” Toe Nebukadnésar Jerusalem vernietig het, was die stad tot op die grond toe afgebrand en die vuur kon nie geblus word nie totdat dit die stad vernietig het; tog brand daardie vuur nie meer vandag nie. Soortgelyk lees ons in Judas 1:7:

> *... soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.*

Daar word ook na die kwessie verwys in 2 Petrus 2:5-6. Die vure brand lankal nie meer nie, maar die gevolge van die vure is ewigdurend.

Die leerstelling dat die goddelose dode vir ewig en ewig gepynig word, is afstootlik en teenstrydig met die karakter van God wat oneindige liefde vir die gevalle mensdom gedemonstreer het met die offer van Sy Seun. Paganistiese sienings het die Joodse geleerdes beïnvloed in hul denke met betrekking tot die hiernamaals. Josephus het geglo dat die dode óf hemel óf hel toe gaan terwyl hulle die opstanding afwag. Die regverdiges is 'n plek aangewys wat die "boesem van Abraham" genoem is terwyl die goddelose deur 'n diep afgrond van hulle geskei is en ingeperk was tot 'n plek waar hulle die vure van die hel kon hoor en sien. Hierdie sienings is teenstrydig met die duidelike leringe van die Skrif: *"die dooies weet glad niks nie."* (Prediker 9:5)

Net so hang hedendaagse Christelike geleerdes die leerstellings aan van 'n onmiddellike hiernamaals óf in die hemel óf in die hel, en as bewys daarvoor haal hulle 'n aantal Bybeltekste aan, in besonder Jesus se belofte aan die dief aan die kruis en die gelykenis van die ryk man en Lasarus, wat met hulle dood onderskeidelik na die hel en "Abraham se boesem" gegaan het. Hierdie tekste moet verduidelik word indien hul leringe in ooreenstemming moet wees met wat die res van die Bybel sê aangaande die toestand van die dode.

Nêrens in die Skrif is daar 'n doktrinale lering van 'n onmiddellike hiernamaals nie. Die Lasarus wat Jesus uit die dood opgewek het, het beslis nie hemel toe of na "Abraham se boesem" gegaan met sy afsterwe nie. Die Nuwe Testamentiese lering hieromtrent is duidelik. Tydens Pinkster sê Petrus:

> *Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe...* ***Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie.****..*
>
> Handelinge 2:29, 34. (Klem bygevoeg.)

## Die Dief aan die Kruis

Het die dief aan die kruis nie hemel toe gegaan met sy dood nie? Hy het Christus as volg aangespreek:

> *... Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.*
> Lukas 23:42.

Hy het uitgesien na ’n toekomstige gebeurtenis en gevra dat aan hom gedink moet word in die dag van finale afrekening. Hy het uitgesien na die wederkoms. Matthéüs 16:28 verwys na Christus wat “in Sy koninkryk” sal kom en in Johannes 14:3 sê Christus self “Ek (kom) weer.” Jesus se antwoord aan die dief aan die kruis was:

> *... Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.* Lukas 23:43.

Was die dief “vandag” op Vrydagmiddag of -aand saam met Christus in die hemel? Die antwoord is nee, aangesien Christus self teen daardie tyd nog nie eens opgevaar het hemel toe nie, soos Hy op die Sondagoggend getuig het:

> *... Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie...* Johannes 20:17.

As Christus teen die Sondagoggend (opstandingsmôre) nog nie opgevaar het hemel toe nie, dan het die dief ook nie.

Die rede vir hierdie verwarring moet gesoek word in die feit dat die oorspronklike Nuwe Testament in Griekse skrif was waar die woorde inmekaar gevloei het sonder spasies of punte of verse soos ons dit nou het. Dit was eers na 1557 dat vers-indelings tot die Bybelse geskrifte ingevoeg is. Die korrekte plasing van die komma in Lukas 23:43 is belangrik ten einde die teksvers te verstaan. Indien die komma na die woord “vandag” geplaas word, lees die teks as volg:

> *Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees.*

Daar heers dan harmonie tussen hierdie teksvers en die verklaring in Johannes 20:17 dat Jesus nog nie opgevaar het hemel toe nie. Die dief het bloot die belofte ontvang op die dag toe hy gekruisig is dat hy wel in die hemel sal wees wanneer die Here Sy koninkryk vestig.

Verskeie Bybels plaas die komma in hierdie posisie om die regte perspektief daaraan te verleen. Hulle is die *"Lamson Version",* die *"Emphasized Bible", (*deur Joseph B. Rotheram van die dissipels van Christus*),* en die *"New World Translation of the Christian Greek Scriptures"* (Jehovahsgetuies). Die Metodiste kommentaar deur Adam Clarke bespreek ook die verkeerde posisie van die komma.

## **Lasarus en die Hel** *(Lukas 16:19-31)*

Die standpunt word dikwels ingeneem dat Jesus se lering in hierdie tekste letterlik opgeneem moet word. Die taalgebruik en die agtergrond daarvan is egter hoogs figuurlik en die verhaal moet as 'n gelykenis beskou word. Feitlik elke toneel in die verhaal weerspreek die leringe van die Skrif en die gelykenis is derhalwe bedoel om geestelike waarhede oor te dra aan die leiers van Israel. Die Joodse volk was deur God begunstig as die bewaarders van Sy waarheid. Hulle moes dien as 'n lig aan die heidene, en moes die heiden-nasies lei na die enigste Bron van lewende waters. Om hierdie rede is hulle geplaas op die kruispad tussen die groot nasies en die handelsroetes van daardie tyd. In plaas daarvan dat hulle hul missie vervul, het hulle onverdraagsaam en selfgesentreerd geword en aanspraak gemaak op redding alleenlik vir hulself. Terwyl hulle trots op hul eksklusiwiteit was, het hulle nietemin van die heidense leringe betreffende die hiernamaals aangeneem, maar altyd met die voorbehoud dat hul status hulle kwalifiseer vir die hemel. Jesus het die huigelary van hierdie sienings tereggewys, en in die verhaal van die ryk man en Lasarus breek Hy weg van die tradisie van hierdie wêreldbeskouing.

In die gelykenis verteenwoordig die ryk man die Joodse volk wat ryk was aan geestelike waarhede en die arm man verteenwoordig die heidene. Die ryk man was *"beklee"* met kennis van die Koning van die konings (purper is die koninklike kleur) (Lukas 16:19), en met die vermoë om geregtigheid te bekom (wit linne – Openbaring 19:8). Die heiden was oortrek met swere wat sonde verteenwoordig (Jesaja 1:6), maar geen oplossing is hom gebied vir sy toestand nie. In werklikheid was selfs die krummels wat van die geestelike tafel van die ryk man afgeval het, hom verbied. Jesus het weggebreek van die tradisie van hierdie Joodse denke in

sy omgang met die Kanaänitiese vrou (Matthéüs 15:21-28) wat ook gevra het vir die krummels van die *"tafel van (die) base."* In hierdie ontmoeting word honde ook gemeld en dit dien as 'n verdere tipe van die heidene of diegene wat nie deur God begunstig word nie. Selfs Jesus se dissipels het Hom versoek om die vrou weg te stuur en daardeur het hulle getoon in welke mate die leringe van die Skrifgeleerdes hulle oordeel beïnvloed het.

Soos die gelykenis ontvou, gooi Jesus die siening van die Joodse leiers omver deur die ryk man in die *"hel"* te plaas en die arm man in die *"boesem van Abraham."* Die hele hoofstuk 23 van Matthéüs betreur die bekrompe sienings van die Skrifgeleerdes en die Fariseërs, en voorsien die antwoorde waarom die toestand van die ryk man en Lasarus omgeruil skyn te wees. Jesus laat die les by Sy dissipels inslaan dat die status van 'n persoon nie 'n waarborg van verlossing is nie. Die pad word dus vir die dissipels voorberei om van die tradisies weg te breek en die evangelie kragtig aan die Jode sowel as die heidene te preek. Selfsug het aan die wortel van die Joodse oortuigings gelê, maar God vereis dat eiewaan afgelê moet word en *"jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

Die vertroue op herkoms is die volgende punt wat in die gelykenis aangespreek word. Die Jode het daarop aanspraak gemaak dat Abraham hul vader is (Johannes 8:39), maar in die gelykenis kon "Vader Abraham" die ryk man nie help nie. Die Nuwe Testament verklaar dat diegene wat in Jesus is, Abraham se saad is (Galásiërs 3:29) en Christus het gekom om die gewondes en gebroke van hart te genees. Slegs diegene wat hulle geestelike armoedigheid en hul afhanklikheid van Christus besef, kan Christus se seëninge deelagtig word. In die Saligsprekinge (Matthéüs 5:1-12) is dit die armes van gees, dié wat treur, wat sagmoedig is, wat 'n honger en dors na geregtigheid het, wat gevul kan word en genade kan ontvang. Met ander woorde, 'n mens moet jou eie geestelike armoede erken, berou hê oor jou sonde, en 'n verandering van karakter ondergaan met 'n verlange om met die geregtigheid van Christus gevul te word.

Leringe wat op tradisie gebou is, word soos volg deur Jesus aangespreek. In Matthéüs 15:1-9, waarsku Jesus die skrifgeleerdes en Fariseërs dat hulle die Woord van God van nul en gener waarde maak deur hul tradisies. In die gelykenis van die ryk man en Lasarus is daar geen geleentheid vir 'n tweede kans na die dood nie. 'n Groot kloof word gevestig, en die ryk man se versoek dat sy broers gewaarsku moet word, word afgekeur. Die rede wat gegee is, is dat hulle Moses en die profete, of die Woord van God tot hul beskikking het. Indien ons nie die leringe van die Skrif aanvaar nie, dan sal selfs 'n boodskap vanuit die doderyk nutteloos vir ons redding wees.

Elke toneel, soos dit in die gelykenis ontvou, dra 'n geestelike waarheid oor in teenstelling met die geestesingesteldheid van die Joodse leiers. Die hedendaagse neiging om die gelykenis as letterlik te beskou ten einde die leringe van die hel te ondersteun, doen afbreuk aan die doel van die verhaal en maak die pragtige boodskap daarin tot niet.

Volgens die Bybel is die dood dus 'n toestand van onbewustelike slaap. Dit beteken egter nie dat daar nie wel 'n rekord in die hemel bestaan van die slapende heiliges nie. God het 'n akkurate rekord van ons wese, ons eie natuur, en wanneer Hy die slapende heiliges oproep, sal hulle opstaan met onverganklike liggame en met die karakters wat hulle onder leiding van Sy heiligmakende krag ontwikkel het. Die Bybelse rekord van die dood is ver van verontrustend; inteendeel, dit is gerusstellend. Ons voorvaders hou nie elke fout van ons dop nie en hulle voel nie die pyn van ons verkeerde keuses nie. Hulle is salig onbewus van die ontplooiing van gebeure terwyl hulle slaap tot die opstandingsdag. As ons deur hierdie Bybelse waarhede versterk word, dan sal die verleidende mag van valse wonderwerke en spookgestaltes geen houvas op ons hê nie en ons sal dan beter voorbereid wees om in die laaste dae staande te bly.

## VERWYSINGS

[1] *Spritten*, 15 Desember 1889, p. 2.
[2] *Facts of Faith*, SPA, p. 208.
[3] *Faith of Our Fathers*, p. 247, 248.

# 11

# DIE ‘GEES’ VAN EENHEID

Ons leef in ’n tydperk waarin daar ’n ongekende strewe na eenheid en eenvormigheid van geloofsdenke is. Daar word beweer dat alle mense dieselfde God aanbid en dat verdraagsaamheid teenoor verskillende geloofsoortuiginge noodsaaklik is vir vrede onder alle mense en volke met verskeie oortuigings. Christus het per slot van rekening gebid vir eenheid en dit blyk asof daar eers eenheid moet kom alvorens daar enige sprake van werklike vrede op hierdie twisgierige planeet van ons kan kom. Jesus het in Sy Hoëpriesterlike gebed gebid:

> *En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het,* ***sodat hulle een kan wees****, net soos Ons een is.* Johannes 17:22. (Klem bygevoeg.)

Watter tipe eenheid het Hy in gedagte gehad? Was dit ‘n eenheid van die wêreld sodat wêreldvrede uiteindelik bereik kon word? Het Hy nie gesê:

> *Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.* Matthéüs 10:34.

Jesus het nooit fisiese geweld voorgestaan nie en die swaard wat Hy in gedagte gehad het, moet dus die swaard van die Gees wees, wat die Woord van God is:

> *En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God.* Efésiërs 6:17.

Die geestelike geveg wat sou plaasvind, sou die geveg oor die Woord van God wees. Met dié stelling in gedagte, kan 'n mens met nuwe oë na Jesus se gebed vir eenheid kyk. Eerstens is dit duidelik dat Jesus nie gebid het vir wêreldeenheid nie, maar eerder vir Woordgebaseerde eenheid:

> *Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My* ***uit die wêreld*** *gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en* ***hulle het u woord bewaar****. Ek bid vir hulle;* ***Ek bid nie vir die wêreld nie****, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort... Ek het hulle* ***U woord*** *gegee, en* ***die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie****, net soos Ek nie van die wêreld is nie.* ***Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid****.*
> Johannes 17:6, 9, 14, 17. (Klem bygevoeg.)

Die evangelie van Jesus Christus is pragtig in die eenvoud daarvan, maar dit vereis wel die oorgawe van die hart aan Sy heiligende mag. Daar kan slegs een Jesus wees en dit is die Woord wat vlees geword het. Die ware kan slegs van die valse onderskei word gebaseer op die Woord.

> *Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval.*
> 2 Korinthiërs 11:2-4.

Buiten dat die Woord die sleutelbestanddeel is vir ware eenheid, moet daar ook vrugte wees in ooreenstemming met die Woord.

> *Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.*
> Titus 2:11-14.

Die kinders van God het opregte belydenis van sonde nodig. Hulle moet aan die norme van die Woord voldoen en moet nie 'n kompromis aangaan om aan wêreldse standaarde te voldoen nie. Hulle moet saamstaan in nederigheid en sagmoedigheid van gees. Waar daar onreg is, moet dit gekorrigeer word. Hulle moet dwalendes sagkens aanspreek, wetend wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie ook val nie. Hulle moet mekaar ondersteun en onderhou. God kan en sal deur middel van 'n gehoorsame kerk werk.

Ware Christelikheid en Christelike eenheid is derhalwe op die Woord gebaseer *"U woord is die waarheid"*, en sulke eenheid, volgens Christus se woorde, sal haat eerder as vrede tot gevolg hê. In die lig hiervan, hoe moet 'n mens aan die een kant die strewe na Christelike eenheid in die ekumeniese beweging vertolk, en aan die ander kant die breër doelwit van eenheid van godsdienste wat op 'n een wêreldgeloof uitloop? Hierdie eenheid kan alleenlik bereik word ten koste van die waarheid en moet deur middel van kompromis bereik word. Vir die ekumeniesgesinde teoloog, is eenheid ten alle koste die dryfveer agter sy godsdienstige strewe. As die Woord nie eenheid kan bewerkstellig nie, dan moet eenheid op ander kriteria gebaseer word wat die plek daarvan kan inneem, en vir die Christelike wêreld ressorteer hierdie kriteria hoofsaaklik onder twee kategorieë:

1. **Dogmatiese eenheid** is die basis waarop baie teoloë poog om eenheid te bereik. Die dogmas bind hulle, wat die kerkvaders gesê het, die sakramente, die liturgieë en die sosiale interaksies.

2. **Ervaringseenheid** waar dit wat ’n mens ondervind en voel – die beweging van die Gees en die tekens en wonders – die samebindende faktor word. Die ondervinding is normatief. Hierdie tipe van eenheid kan Bybelse, doktrinale sowel as kulturele grense oorskry en kan uiteenlopende geloofsoortuigings saambind in ’n gemeenskaplike verbintenis van lofprysing. Die vraag is egter, hoe weet ’n mens watter “Gees” lei, veral gesien in die lig van die waarskuwing aangaande die misleidings van die laaste dae:

*En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie... Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.* Matthéüs 24:4, 24.

## Christelike Eenheid en die Ekumeniese Beweging

Hoe kan die gees van ekumenisme in ooreenstemming gebring word met die Hervorming se standpunt aangaande die pousdom en die leerstellings van die Rooms-Katolieke Kerk?

Die Hervorming het sy afskeiding van Rome gebaseer op die Woord van God en het die evangelie van Jesus Christus tot die beskikking van die gewone mens gestel. Die strewe van die Hervormers was om die Woord van God beskikbaar te maak vir almal wat op soek was na kennis aangaande die verlossingsplan. Die vrylike beskikbaarheid van die Skrif het die leerstellings en oppergesag van Rome uitgedaag, en het die waarhede herstel wat deur eeue se onderdrukking van godsdiensvryheid verlore gegaan het. Dit is nie hier die doel om die vorige hoofstukke aangaande die pouslike leerstellings te herhaal nie, maar ’n bondige opsomming is nodig om die agtergrond te skets vir die gebeure aangaande die herstel van verlore “Christelike eenheid.”

Die Hervorming het baie Bybelse waarhede wat verlore gegaan of onderdruk was, na hul regmatige posisie herstel. Die hervormers het duidelik die pouslike sisteem geïdentifiseer as die sisteem van die Antichris. In die twaalfde eeu het die Waldense duidelike getuienis betreffende die Antichris gegee, wat hulle beweer het in die kerk regeer. Joachim was egter een van die eerstes om die profesie aangaande die Antichris te interpreteer.

Wycliffe, Jerome, Luther, Knox, Calvyn, Baxter en die ander leiers van die Hervorming was verenig met betrekking tot die identiteit van die Antichris. H. Grattan Guinness sê:

> *En die standpunte van die Hervormers was deur duisende, selfs honderde duisende gedeel. Dit is deur prinse en die mense aangeneem. Deur hulle invloed het nasies hul alliansie aan die valse priesters van Rome afgesweer. In die reaksie wat gevolg het, het dit gelyk asof al die magte van die hel losgebreek het... Tog het die Hervorming onoorwonne en onoorwinbaar bly staan. Die Woord van God het dit omhoog gehou....* [1]

| **VERLORE WAARHEDE HERSTEL** | | | |
|---|---|---|---|
| 1370 n.C. | John Wycliffe | Bybel beskikbaar | |
| 16de eeu | Martin Luther<br>Johannes Calvyn | Geloof<br>Gratis Genade<br>God se Wet<br>Bybelse Doop | Lutherane<br>Presbiteriane<br>Anabaptiste |
| 17de eeu | John Smyth<br>John James | Bybelse Doop<br>Sabbat | Baptiste<br>7de dag Baptiste |
| 18de eeu | John Wesley | Wet en Genade<br>Bekering<br>Heiligmaking | Metodiste |
| 19de eeu | | Bybelse Profesie | Adventbeweging<br>Sendingbeweging |

*Diagram 11.1*

Selfs die voorwoord van die ou *King James* Bybel verwys na die pousdom as die man van sonde en waarsku teen die boosaardigheid van wat dit "pouslike persone" noem.

Betreffende die Antichris (die Griekse betekenis van die woord "anti" is "in die plek van") sê die Bybel:

> *Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.*
> 2 Thessalonicense 2:3-4.

Sulke stellings was deur die pousdom gemaak toe Pous Boniface VIII in sy Bul *"Unum Sanctum"* gesê het:

> *Die Roomse pous oordeel alle mense, maar word self deur niemand geoordeel nie. Ons verklaar, beweer, definieer en kondig aan: Om aan die Roomse pous onderdanig te wees is vir alle wesens nodig ten einde gered te word... dit wat van Christus gesê is dat "alles aan Hom onderwerp is," kan wel van my gespreek wees... Ek het die gesag van die Koning van die konings. Ek is alles en bo alles, sodat God self en ek, die plaasvervanger van God, dieselfde maaksels is en ek is by magte om alles te kan doen wat God kan doen. Wat kan julle dan van my maak anders as God?*

Pous Leo XIII het ook in sy pouslike omsendbriewe beweer dat hy God is en dit is interessant dat *"Time"* tydskrif ten tye van die sluipmoordpoging op die lewe van Pous Johannes Paulus II die volgende geskryf het: "Dit is soos om vir God te skiet." [2]

Rome was nie gewillig om 'n kompromie met die hervormers aan te gaan aangaande kwessies van leerstellings nie, en Pous Paulus II het die Konsilie van Trent, wat in drie sessies tussen 1545 en 1563 ontmoet het, byeen geroep. Protestante was teenwoordig gedurende die tweede sitting. Die konsilie het die meeste van die leerstellings wat deur die hervormers betwis is, herbevestig, insluitend:

1. Transsubstansiasie
2. Regverdigmaking deur geloof en werke
3. Die Middeleeuse mis
4. Die sewe sakramente
5. Die Selibaat

6. Die leerstelling van die vagevuur
7. Aflate
8. Die uitbreiding van die pouslike gesag deur aan hom die mag te verleen om die dekrete van die konsilie af te dwing en om te vereis dat kerkbeamptes sal belowe om aan hom gehoorsaam te wees.[3]

> *Die Konsilie van Trent (1545) wat deur Pous Paulus II byeengeroep is om die Hervorming teen te staan en om die Rooms-Katolieke Kerk se posisie oor leerstellings uit te klaar, het, inplaas daarvan dat dit die kerk hervorm, die kerk se posisie aangaande die leerstellings en onderrig wat vir die Hervormers so afskuwelik was, verskans. Die konsilie het die kerk se standpunt oor die leringe van transsubstansiasie (wesensverandering), geloof en werke, die mis, die sewe sakramente, die selibaat, die vagevuur en aflate herbevestig, en die mag van die pous uitgebrei.*[4]

## Die Kontrareformasie

Ten spyte daarvan dat die hervormde kerke van Rooms-Katolisisme afgeskei het, voorspel die Skrif dat aan die einde van tyd die hele wêreld verwonderd agter die dier sal aanloop. Dit sluit die hedendaagse kerke in. Die Hervorming sal tot stilstand kom en die beginsels wat tot die afskeiding van Rome gelei het, sal nie langer as struikelblokke gesien word nie. Soos in Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon* bespreek is, beskou Rome haarself as die moeder van alle kerke en haar strewe is om die terugkeer van al haar afgeskeide kinders teweeg te bring.

### *Preterisme en Futurisme*

Ten einde die uitdaging en die ontmaskering van die pous as die Antichris en die pous as "die seun van die verderf" teen te staan, is die Jesuïete opgeroep om die hervormers se leringe teen te staan, en hier tree twee Jesuïtiese geleerdes na vore. Hulle is Alcázar en Ribera en hulle het die Preterisme- en Futurisme-stelsels van die uitleg van profesie ontwikkel.

Die Preterisme interpretasie plaas alle profesieë aangaande die Antichris in die verlede (vervolgers buite die Joodse en Christelike godsdiens) en Futurisme plaas hulle in die toekoms – ná die Christlike dispensasie en die geheime wegraping. Ribera het sy Futurisme-sienings in 1585 gepubliseer.

Volgens die Futurisme-siening sou die Antichris uit die stam van Dan ontstaan en hy sou sy verskyning na die geheime wegraping maak. Hy sou die tempel herbou, die Christelike geloof afskaf, voorgee dat hy God is en dan die hele wêreld verower binne die tydsbestek van drie en ‘n half jaar. Verder leer Futurisme dat in plaas daarvan dat Hy met die wolke en met groot mag en heerlikheid sal kom, ons Verlosser in die geheim sal kom en Sy kerk stilletjies wegneem – ’n lering wat in stryd is met dié van die apostels.

> *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.* 1 Thessalonicense 4:16-17.

Die apostels het daarna verwys dat die gees van die Antichris reeds in hul tyd aan die werk was en dat hy aan die einde van tyd ten volle geopenbaar sal word. Daar kan geen sprake wees dat ons na die Antichrismag verwys as iets of iemand in die verlede nie. Jesus, in Matthéüs 24, praat van hierdie groot afvalligheid as ’n toekomstige gebeurtenis en nie iets in die verlede nie.

In die negentiende eeu het die Protestantse wêreld, beginnend by die Anglikaanse priester, Samuel R. Maitland, die Futurisme lering aanvaar en daarin ’n geleentheid gesien om die vyandigheid met Rome te staak.

Die profetiese vertolking van Futurisme was verder opgeskerp toe, volgens S.P. Tregelles, dispensasionalisme ontstaan het in ‘n “uitlating” tydens die praat in tale in Edward Irving se kerk in Engeland. Die Futuristiese dispensasionalistiese metode van profetiese interpretasie word vandag deur die meeste kerke aanvaar en is die vorm van interpretasie wat in die Scofield (verwysings) Bybel gebruik word. [7] Dispensasionalisme is ‘n produk van Futurisme en dit leer dat die geskiedenis in sewe verskillende dispensasies verdeel is:

**MENSDOM**

| Onskuld-koninkryk | Gewete | Regering | Belofte | Wet | Genade | Millennium |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Voor Ewigheid Sonde (Eden) | Antedilu-viaanse beskawing | Na-dilu-viaanse periode | Abraham tot die Exodus | Levitiese bestel | Kerk-periode | Tydperk van Vrede |

*Diagram 11.2*

Gedurende die dispensasie van die Millennium Koninkryk sal die Jode die evangelie verkondig ná die wegraping van die Christene. Die Jode sal deur die Antichris onderdruk word en die sigbare verskyning van Christus sal hulle aan die einde van sewe jaar red. Volgens die Futuriste is die kerk bemoeid met genade en die Jode met die Koninkryk. Die Here se gebed "Laat U koninkryk kom" kan derhalwe geen betekenis vir die Christen hê nie. Vervolgens laat Scofield geen kontinuïteit toe tussen die Ou Testamentiese gelowige en die Nuwe Testamentiese kerk nie. Nie eens Christus het met ons gepraat nie (omdat Hy onder die ou dispensasie geleer het); slegs die sendbriewe spreek tot ons.

Die meeste mense wat dispensasionalisme onderskryf, is Kalviniste met 'n diepgewortelde geloof in predestinasie (uitverkiesingsleer). Volgens hierdie leringe het die mens so ver in sonde verval dat dit vir hom onmoontlik is om vir homself keuses te maak. Verlossing is derhalwe nie voorwaardelik nie, maar onvoorwaardelik en 'n mens is uitverkies óf tot die ewige lewe óf tot die ewige verderf. Alle beloftes in die Skrif is ook onvoorwaardelik en die Jode was God se uitverkore volk, of hulle dit so sou wou hê of nie.

Dít is nie 'n Bybelse lering nie: dit vernietig die mens se vryheid van keuse, verplaas hom na die posisie van 'n pion en maak God se lering aangaande die evangelie tot niet. Dié lering is duidelik 'n skending van die Bybelse lering van voorwaardelikheid (Exodus 19:5-6; Deuteronómium 28:1, 15; Jeremia 18:7-10; en baie ander teksverse in beide die Ou en Nuwe Testament). Dit is die lering van uitverkiesing wat die weg gebaan het vir die aanvaarding van dispensasionalisme deur die Calvinistiese kerke. Sonder die uitlating tydens die spreek in tale in Irving se kerk sou hierdie sisteem van interpretasie nooit ontstaan het nie, want niemand wat die Bybel alleen (*"sola scriptura")* as bron sien, sou dit aanvaar het nie. Die Skrif waarsku teen verleidende leringe van duiwels. Paulus skryf:

> *Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang.* 1 Timótheüs 4:1.

Paulus raai almal aan om die Woord van God hul standaard te maak en om in harmonie met die leringe van Christus te kom ten einde onsself teen verleidedende leerstellings te beskerm:

> *En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring.* Efésiërs 4:11-14.

## *Hoër Kritiek en Rasionalisme*

'n Verdere aanval op die Protestantse leerstellings is in 1678 ingestel deur die Rooms-Katolieke geleerdes, Richard Simon en Dr. Alexander Geddes, in terme waarvan die meeste van die Bybelse verhale rondom die vloed, die maagdelike geboorte en die opstanding afgemaak is as mites. Hoër kritiek en Duitse rasionalisme het die fundamentele geloofsoortuigings in Bybelse waarhede vernietig, en ongelukkig het geleerdes van die hervormde kerke hierdie leringe aangeneem. Gevolglik is daar feitlik geen Protestantse kerk wat nie amptelik die leringe van Darwinisme betreffende oorspronge aangeneem het nie.

'n Verdere kloof tussen Protestantisme en die Katolisisme moes plaasgevind het toe Pous Pius IX in 1854 die Onbevlekte Ontvangenis van Maria afgekondig het en daardeur die grondslag gelê het vir die verering van Maria. Hy het ook tradisie verhef as synde van meer waarde as die Skrif. (Hy het by geleentheid 'n Biskop wat met hom verskil het, berispe met die woorde: *"Tradisie, ek is tradisie."*) In 1869 het hy die Vatikaan I konsilie belê.

## *Vatikaan I*

Die hoogtepunt van pouslike mag onder Pius IX is bereik met die opening van Vatikaan I toe die pousgesindes onder Jesuïtiese leierskap 'n groot oorwinning behaal het en die resultaat van hierdie oorwinning was die publikasie op 13 Julie 1870 van die lering van Pouslike Onfeilbaarheid.

Pous Pius IX het ook 'n pouslike sendbrief uitgereik getiteld *"Syllabus Errorum"* (Lys van Dwalinge) wat die liberale teologie verwerp het, en ook die Bybelgenootskap en verspreiders van die Skrif verdoem het as draers van ongeloof en kettery. Verder het die pous 'n sterk aanval geloods op die skeiding tussen kerk en staat.[6]

Martin Luther, Johannes Calvyn, John Knox, John Wesley en ander hervormers was deur God verkies om 'n groot werk te verrig, maar ongelukkig was die kerk wat na elkeen van hulle verrys het, en wat verlore Bybelse waarhede heringestel het, nie gewillig om vir ander verlore waarhede te soek of om ook dít wat deur andere ontdek is, by hul geloofsformulier in te sluit nie. John Robinson som dit op met die volgende woorde waarmee hy die kerkvaders beskuldig het:

> *Indien God enigiets aan julle sou openbaar op enige wyse deur Sy dienaars, wees net so bereid om dit aan te neem as wat julle sou wees om enige waarheid van my bediening aan te neem; want ek is vol vertroue dat die HERE nog meer waarheid en lig het om uit Sy Heilige Woord te openbaar. Wat my aangaan, kan ek die toestand van die Gereformeerde kerke wat tot 'n punt in die godsdiens gekom het en wat tans nie verder wil gaan as die instrument van hul hervorming nie, nie genoegsaam betreur nie. Die Lutherane kan nie oortuig word om verder te gaan as wat Luther sê nie; ... en die Kalviniste, sien julle, steek vas waar hulle deur daardie groot man van God gelaat is, wat tog nie alle dinge gesien het nie. Dit is 'n ellende wat betreur moet word; want alhoewel hulle brandende en skynende ligte in hul tyd was, het hulle tog nie in die volheid van God se plan ingedring nie, maar as hulle nou sou leef, sou hulle bereid wees om met dieselfde toegewydheid verdere lig aan te gryp as dié wat hulle aanvanklik ontvang het... Ek pleit by julle om versigtig te wees en dit wat julle as waarheid ontvang, te vergelyk en op te*

> *weeg met ander geskrifte van waarheid voordat julle dit aanvaar; want dis nie moontlik dat 'n Christen uit so 'n digte antichristelike duisternis kom en dat die volle volmaaktheid van kennis onmiddellik te voorskyn sal kom nie.*[7]

Die voortdurende verwerping van waarheid kan die Heilige Gees, wie se taak dit is om ons in die "hele waarheid" te lei, bedroef en wegkeer:

> *Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.*
> Johannes 16:13.

Hoe hartseer dat, behalwe vir die pousdom wat die valse leringe nagevolg het, die Protestantse kerke self ook van die wyn van Babilon begin drink het deurdat hulle nie al die verlore waarhede aanvaar het nie.

Die Sondagdwaling word deur feitlik al die Protestantse kerke nagevolg. Die kinderdoop word beoefen en daar is Protestantse kerke wat die vagevuur verkondig. Die profesieë van Daniël en Openbaring word verwerp. So sê Dr. R. L. Elson (Presbiteriaan):

> *Wat vandag benodig word, is om die Hervorming, wat sy klimaks in die sestiende eeu deur die bediening van Luther, Calvyn en Knox bereik het, te voltooi.*

## Vereniging met Rome

Voor 1960 was die Rooms-Katolieke Kerk deur vele met agterdog bejeën en die idees van die Hervormers was nog nie heeltemal uitgewis uit die gedagtes van die meeste Protestante nie. Verder is daar steeds geglo dat Rome se gesindheid was dat verlossing slegs in die Rooms-Katolieke Kerk te vinde is. Die hervormde kerke het egter in die rigting van ekumenisme beweeg en in 1948 is die Wêreldraad van Kerke gestig, en feitlik al die Protestantse kerke word ingesluit, maar die Ortodokse en Katolieke kerke word uitgesluit.

## *Die Impak van Vatikaan II*

Pous Pius IX het in 1950 die leerstelling van die Liggaamlike Hemelvaart van die Geseënde Maria geformuleer en afgedwing, wat die skeiding tussen die Katolieke en die Protestante nog verder moes vergroot het, oor die kwessie van leerstellings. Sy opvolger, Pous Johannes XXII, het Vatikaan II byeengeroep en dáár is nie ’n enkele geloofstelling van die Rooms-Katolieke Kerk herroep of gewysig nie. In 1962 word verklaar dat verlossing nie net tot Rooms-Katolieke beperk was nie, maar dat dit voortaan tot almal wat volgens hul gewetes leef, beskikbaar sou wees.

Die teoloog wat die meeste met die pro-Vatikaanse standpunt geassosieer was, is die Jesuïet, Karl Rahner. Rahner onderskryf die tradisionele Katolieke lering en die aanspraak daarvan op universele waarheid, en hy verklaar aan die een kant dat redding deur Christus en die kerk verkry kan word, maar aan die ander kant glo hy dat daar kinders van God buite die Rooms-Katolieke Kerk en ander kerke te vinde is, om sodoende die hele mensdom in te sluit.[8]

Die beginsels van die ekumeniese beweging is tydens Vatikaan II uiteengesit en daar is verklaar dat die hoofdoelwit van die hele ekumeniese beweging was om erkenning van die oppergesag van die Biskop van Rome tot gevolg te hê. Ten einde die kerke in staat te stel om te verenig, moes al die kerke die oppergesag van die pousdom erken. Pous Johannes Paulus II het in September 1995 ’n soortgelyke verklaring uitgereik waarin hy daarop aanspraak gemaak het dat erkenning van die oppergesag van die pous noodsaaklik was vir kerkeenheid. Die hoofopskrif in die Katolieke koerant, *“Southern Cross”,* van September 1995 lees as volg:

> *Vir eenheid moet alle kerke pouslike gesag aanvaar.*

*“The Catechism of the Catholic Church”* verklaar ook:

> *Christus het van die begin af eenheid aan Sy kerk verleen. Hierdie eenheid, glo ons, bestaan in die Rooms-Katolieke Kerk as iets wat sy nooit kan verloor nie en ons hoop dat dit sal aanhou om toe te neem tot aan die einde van tyd.* Artikel 820.

> *Die finale oogmerk van ekumenisme, soos Katolieke dit sien, is eenheid in geloof, aanbidding, en die erkenning van die opperste geestelike gesag van die Biskop van Rome.* Priester J. Cornell.

Vir die Rooms-Katolieke Kerk is hierdie eenheid wat bereik moet word, nie net van toepassing op die afgestigte Hervormingskerke nie, maar dit sluit al die mense van die wêreld in:

> *Alle mense is geroepe tot hierdie katolieke eenheid van die kinders van God... En daartoe, op verskillende maniere, behoort of word beveel: die Katolieke gelowiges, andere wat in Christus glo en ten laaste die hele mensdom, geroep deur God se verlossingsgenade.*
> Artikel 836, *"*Catechism of the Catholic Church".

Dit is verbasend om te sien hoe vinnig die wêreldgemeenskap van kerke die idee van die wêreldwye oppergesag van die pous aanvaar het. Voor Vatikaan II was daar nog 'n merkbare kloof tussen Katolieke en Protestante, maar stappe in die rigting van dialoog tussen die Hervormde kerke was reeds in aanvang. Teen 1958 het die Wêreldraad van Kerke (WRK) en die Internasionale Sendingsraad (ISR) magte saamgesnoer en in 1961 was die Ortodokse kerke sowel as sommige Pinksterkerke ook verteenwoordig by die sitting van die raad. In 1963 het die *"All-Africa Church Conference"* besluit:

> *Kerkeenheid is 'n Eenheid wat ons onderling soek, tussen ons en die onafhanklike kerke en tussen ons en die Rooms-Katolieke Kerk.*

*"Time"*-tydskrif van 25 November 1966 verklaar dat die splinternuwe Lutheraanse Raad in die Verenigde State van Amerika vriendelike groete gestuur het aan die Washington-vergadering van Rooms-Katolieke. Dit het gedien as "bewys dat die gees van eenheid wederkerig is." 'n Lutheraanse teoloog het Protestante aangeraai om hul aandag te vestig op 'n terugkeer na hul kerklike tuisland – die Rooms-Katolieke Kerk. In 1969 het die pous die hoofkwartier van die Wêreldraad van Kerke (WRK) besoek en *"Time"*-tydskrif van 20 Junie 1969 berig dat hierdie "die werklike geleentheid van die reis was." Tydens die 1968 Uppsala byeenkoms van die WRK het die Rooms-Katolieke Kerk waarnemers gestuur en weer tydens die 1975 byeenkoms in Nairobi.

In 1975 is hierdie groeiende vennootskap tussen Protestantisme en Katolisisme gedemonstreer deur die uitreiking van 'n gemeenskaplike kategismus. Hierdie 720-bladsy boek bied alomvattende verklarings van die Christelike geloof en, volgens die redakteurs, is dit geskryf om:

> *... te help verseker dat Christene saamwerk binne hul eie gemeenskappe in die gemeenskaplike groei van die kerke tot daardie eenheid in verskeidenheid wat die doel van alle ekumeniese strewe is.*

Die dokument moedig baie kompromieë aan en ignoreer basiese Bybelse beginsels sonder negatiewe gevolge. Die volgende is 'n paar uittreksels ter illustrasie van hierdie punt:

**1.** Die morele beginsels vervat in die Tien Gebooie en ook in die Bergpredikasie *"word grotendeels deur hul tyd en kulturele omgewings bepaal."*

**2.** Baie Nuwe Testamentiese gedeeltes word beskryf as interpretasie eerder as historiese gebeure en sommige van Jesus se verklarings was *"in Jesus se mond gelê"* deur Sy apostels; gesegdes wat "*die historiese Jesus nooit geuiter het nie*."

**3.** Onderwerpe soos die fisiese opstanding van Jesus word beskou as 'n "*permanente probleem*" vir die hedendaagse mens, *"vol hindernisse:"*

> *Dié boodskap moet herinterpreteer word op 'n meer betekenisvolle manier, aangesien Jesus se opstanding uit die dood 'n konsep is wat geformuleer is 'in Joodse apokaliptiese taal' wat amper geen verband in ons moderne sosio-kulturele konteks het nie.*

Het die Rooms-Katolieke Kerk moontlik haar gesindheid verander en nou nader aan die Protestantse geloof beweeg? Die Vatikaan II Konsilie het nie een leerstelling betreffende geloof gewysig nie, en sedertdien is die Vatikaan meer ongenaakbaar in sy beleid aangaande die behoud van tradisionele Katolieke lering.

Pous Johannes Paulus II het die *"Vergadering van Inkwisisie"* heringestel, 'n nuwe naam vir die organisasie van die Inkwisisie, onder leiding van die Duits-gebore Kardinaal Joseph Ratzinger. Die pous het streng tugmeesters tot die hiërargie aangestel en verklaar dat hy nie in beheer is van 'n demokrasie nie – "dit is 'n instelling wat deur Jesus Christus regeer word, 'n teokrasie" wat natuurlik deur Sy plaasvervanger, die pous beheer word. Ook het hy 'n pouslike sendbrief uitgereik, *"'n Suiwering van Onheil",* waarin Katolieke leerstellings streng ondersteun word. Ten spyte

hiervan, het hy sy vertroue uitgespreek dat die ekumeniese beweging daarin sal slaag om die kerke weer eens te verenig. Pous Johannes Paulus II skryf in sy boek *"Crossing the Threshold of Hope"*:

> *Pous John XXIII wat deur God beïndruk was om die konsilie byeen te roep, het gesê: 'Dit wat ons as gelowiges in Christus skei, is veel minder as dit wat ons verenig.' In hierdie verklaring vind ons die hart van die ekumeniese denkwyse... Teen die jaar 2000 moet ons meer verenig wees, meer bereid om op die weg van eenheid te beweeg waarvoor Christus op die vooraand van sy lyding gebid het. Hierdie eenheid is baie kosbaar. In 'n sekere sin is die toekoms van die wêreld in die weegskaal.* Bladsye 146, 151.

Vatikaan II benadruk die belangrikheid van die Sondagbyeenkoms in Katolisisme en deur ekstrapolasie, in die hele wêreld. Vatikaan II dokumente verklaar:

> *Verder behoort enige poging om Sondag 'n ware 'dag van vreugde en rus van werk' te maak, aangemoedig te word... vier die Mis elke Sondag, vanaf die begin van hulle Christenwording 'moet Sondag as die oorspronklike feesdag aangebied word' waarop hulle byeenkom om die Woord van God te hoor en aan die Verborgenheid van die Pasga deel te neem.*[9]

Buiten dat Sondag die eerste dag van die week is, kan geen Bybelgelowige die Mis vier en deelneem aan die Verborgenheid van die Pasga nie, aangesien dit van heidense oorsprong is. Boonop is die Katolieke idee van Sondag in lynregte teenstelling met die Protestantse konsep van aanbidding, aangesien dit 'n dag is wat op tradisie gebaseer is, die "dag van die son," en opgedra aan die verering van Maria soos duidelik deur Pous Johannes Paulus II in sy pouslike omsendbrief *"Dies Domini"* gestel word:

> *"DIES DIERUM": Sondag: die Middeleeuse Fees wat die betekenis van tyd openbaar... die geestelike en pastorale volheid van Sondag, soos dit aan ons deur tradisie oorlewer is, is werklik groot... Dit is betekenisvol dat die kategismus van die Rooms-*

> *Katolieke Kerk ons leer dat die Sondags-vieringe van die Dag van die HERE en Sy Mis die kern van die kerklewe is... Soos hulle luister na die woord wat in die Sondagbyeenkoms oorgelewer word, kyk die gelowiges na die Maagd Maria, en leer hulle van haar om dit in hul harte te bêre en te oordink (vergelyk Lukas 2:19). Met Maria, leer hulle om aan die voet van die Kruis te staan, en om Christus aan die Vader te offer en om daarmee saam hul eie lewens te offer. Met Maria, ondervind hulle die vreugde van die Opstanding en maak hulle die woorde van die "Magnificat" (Maria se lofsang) wat die onuitputlike gawe van Goddelike genade in die meedoënlose vloei van die tyd besing, hul eie: "En sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees." (Lukas 1:50). Van Sondag tot Sondag wandel die pelgrims in die voetspore van Maria, en haar moederlike bemiddeling verleen spesiale krag en vurigheid aan die gebed wat uit die kerk tot die Allerheiligste Drie-Eenheid opstyg.*

Hoe ver verwyderd is dit nie van die eenvoudigheid van Christus nie. En tog lyk dit asof Protestantisme geheel en al onbewus is van die geloofs-kompromis waarmee hulle te doen sal kry wanneer hulle die pouslike gesag en die vereniging van kerke en gelowe onder sy leierskap aanvaar. Hoe ver het die Protestantse Kerke reeds in die rigting van eenheid beweeg?

## *Die Anglikaanse Kerk*

In 1966 het Aartsbiskop Dr. Michael Ramsey die hereniging van die Anglikaanse en Rooms-Katolieke Kerke voorspel. Sy opvolger, Dr. Donald Coggan, het verklaar dat in so 'n eenheid die pous die oppergesag sal hê. In 1969 het die gemeenskaplike Anglikaanse/Rooms-Katolieke Kommissie die doktrinale verskille in leerstellings ondersoek en in 1977 die volgende verklaring uitgereik:

> *Dit blyk gepas te wees dat in enige toekomstige eenheid, 'n universele oppergesag, soos wat beskryf is, in die Heilige See gesetel behoort te wees.* [10]

In 1989 het die Anglikaanse Aartsbiskop van Kantelberg, sy Edele Robert Runcie na Rome toe gegaan en Christene aangemoedig om die pous se oppergesag as geestelike leier in heroorweging te neem. Hy het ’n ring gedra wat aan een van sy voorgangers deur Pous Paulus VI geskenk is, en hy het Pous Johannes Paulus II ingelig:

> *... dit was ’n simbool nie veel verskillend van ’n verloofring nie.*[11]

Die opvolger van Robert Runcie is Michael Carey. Carey is ’n toegewyde ekumenis en voorsitter van die belangrike Geloof en Orde Adviesgroep, wat gemoeid is met kwessies oor kerkleerstellings. Volgens *“Time”* tydskrif was hy nou verbonde aan die charismatiese beweging wat die praat in tale beoefen. Hy het sy gemeentelede aangemoedig om bedevaartplekke vir Maria te besoek en hy het die letterlike interpretasie van Bybelse gebeure soos die skepping en die vloed, verwerp. Hy het hom in die openbaar uitgespreek ten gunste van die hereniging met Rome.

In Junie 1999 het die Anglikaanse en Rooms-Katolieke Kerke ’n gesamentlike verklaring uitgereik getiteld “Die Gawe van Gesag.” *“The Daily Telegraph”* het in Junie 1999 hierop gereageer met die opskrif:

> ***Kerke stem saam dat die pous oppergesag het.*** *Die gesamentlike dokument verklaar dat die pous erken moet word as die oppergesag in die Christelike wêreld en het hom beskryf as ‘n ‘gawe wat ontvang moet word deur al die kerke.’ Die kommissie het bevind dat die Biskop van Rome ’n ‘spesifieke bediening het aangaande die onderskeidingsvermoë met betrekking tot waarheid’ en het aanvaar dat slegs die pous die morele gesag het om die verskillende Christelike genootskappe te verenig.* (Klem bygevoeg.)

Met hierdie verklaring het die Anglikaanse Kerk haar Protestantse herkoms verloën en haar aan die pouslike hiërargie onderwerp. Indien, soos ons gesien het (in Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*), Rome die duidelike hoof van die eindtyd Babilon is, kan daar geen ander afleiding gemaak word as dat die Anglikaanse Kerk haarself amptelik deel van Babilon gemaak het nie.

## *Die Lutherse Kerk*

Eerwaarde Dr. Carl E. Braaten het gesê:

> *As Luther vandag hier was sou hy 'n ander deuntjie gesing het, veral as hy moes geweet het dat sy hervorming op die lange duur soveel buite-egtelike nasate tot gevolg sou hê.*

Die bekende Dr. Alexander Campbell het gesê:

> *Die aanbiddingsinstansies wat nou dwarsdeur die Christendom in werking is, omhul en verbind deur hul onderskeie omvangryke geloofsbelydenisse en hul kerklike grondwette, is nie kerke van Jesus Christus nie, maar die buite-egtelike dogters van die moeder van hoere – die Kerk van Rome.*

Die Rooms-Katolieke en die Lutherane het gemeenskaplike misse gehou en in 1974 het die VS Lutherse-Rooms-Katolieke Dialoog in die Verenigde State van Amerika die *Pouslike Oppergesag en die Universele Kerk: Lutherane en Katolieke in Gesprek, 1974* (Minneapolis: Augsburg Press) gepubliseer.

Op 31 Desember 1994 verskyn 'n skok-artikel met die opskrif – *Duitsland se oproep: Vergewe Luther* in *"The Telegraph"* van Londen. In 1995 het die Lutherane 'n afvaardiging na Rome gestuur en koerant artikels verskyn in Duitsland en Engeland wat verklaar dat die Protestantse kerke vergifnis vir die Hervorming van Rome verlang. In 1998 het die Rooms-Katolieke Kerk en die *"Lutheran World Federation"* hul *"Gesamentlike Verklaring met betrekking tot die Lering van Regverdigmaking"* uitgereik en die wêreldse pers het dit aangeprys as die bylegging van die onenigheid. Die sinode van die Lutherse Kerk *"Evangelische Kirche"* het ook die resolusie aanvaar dat die pous nie langer as die Antichris beskou behoort te word nie.

By die hoof Lutherse Katedraal *"Der Dom"* in Berlyn, hou Katolieke en Lutherane gesamentlike mis. Dienste word alternatiewelik deur Lutherse en Rooms-Katolieke teoloë aangebied. Prente van Maria is heringestel en die ritueel van die aansteek van die kerse vir gunste van die maagd is weer eens algemene praktyk. Hoe hartseer dat die Lutherse Kerk dieselfde weg as die Anglikaanse Kerk gevolg het.

## *Die Presbiteriane, Kongregasionaliste en Metodiste*

In Suid-Afrika is hierdie kerke in samesprekings om weer eens met die Anglikaanse Kerk te verenig terwyl laasgenoemde besig is om die hand van Rome aan te gryp.[12] In 1969, tydens die besoek van Pous Paulus aan die hoofkwartier van die Wêreldraad van Kerke, het die Presbiteriaan, Eugene Carson Blake, die algemene sekretaris van die Wêreldraad, die historiese belangrikheid van die besoek in sy toespraak erken, en vir die pous gesê dat sy besoek *"aan die hele wêreld verkondig dat die ekumeniese beweging al wyer en dieper vloei na die eenheid en vernuwing van Christus se kerk."*

Biskop Stanley Mogoba, voorsitter van die Metodiste Kerk in Suid-Afrika, het gesê die groot uitdaging wat die verskillende kerke in die gesig staar, is om met een profetiese stem tot die Staat te spreek. Hy het gesê dat 'n sterk gemeenskaplike band nog tussen die kerke bestaan.[13]

## *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*

Dr. Bam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die volgende stelling gemaak:

> *Die tyd is ryp, nou meer as ooit tevore, om te kyk na wat ons gemeen het en nie net slegs na wat ons skei nie.*

Die vermoorde Professor Heyns, voormalige hoof van die Sinode, het hom hierin ondersteun. Pastoor Justice du Plessis, bekend as mnr. Pinkster en voormalige leier van die Wêreldraad van Charismatiese Kerke, het ook die kerke aangemoedig om kragte met die Rooms-Katolieke Kerk te snoer.

In Suid-Afrika het die ekumeniese beweging sedertdien vordering gemaak en buiten die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, is die Kerk-alliansie van Suid-Afrika (KASA) in Junie 1988 gestig met die uitsluitlike doel om kerkeenheid aan te moedig en om as die gewete van die regering te dien. In hul nuusbrief van 1 Januarie 1990 skryf hulle:

> *Die tyd het aangebreek vir die kinders van God in Suid-Afrika om te besef dat hulle almal – ten spyte van verskille in denominasies, taal en kultuur – 'n deel is van die liggaam van Christus in hierdie pragtige land.*

Wat veroorsaak hierdie vlaag van hereniging? *"The Argus"* van 12 Augustus 1972 onder die opskrif *"Charismatiese Vlaag van Eenheid onder Suid-Afrikaanse Kerke"* skryf:

> *Kerklui het in hierdie week aangekondig dat 'n ongekende gees van eenheid tussen Rooms-Katolieke, Protestantse en Pinkster kerke in Suid-Afrika besig is om uit te brei. Hier voor ons deur was daar 'n oorweldigende reaksie van Rooms-Katolieke en Anglikane wat ons stoutste verwagtinge oortref het. Skielik het daar 'n oop deur verskyn waar lede vanuit die twee verskillende pole – die Pinkster en Ortodokse Kerke – mekaar kan vind.*

## *Die Ortodokse Kerk*

Beide die Russiese en Griekse Ortodokse kerke het breedvoerige ekumeniese samesprekings met Rome gevoer en die patriarge van hierdie kerke het versoening met Rome gesoek. Pous Johannes Paulus II het Turkye besoek en 'n toespraak in die Ortodokse Kerk gemaak waarin hy gesinspeel het op die oppergesag van die pousdom sonder 'n woord van teregwysing van die patriarg. In Mei van 2001 het hy Griekeland besoek op sy beroemde "In die voetstappe van Paulus"-kruistog om sy gees van versoening aan die wêreld te toon.

Verhoudings met die Russiese Ortodokse Kerk is ook genormaliseer. Na die ineenstorting van die Sowjetunie is 'n nuwe patriarg as die hoof van die Russiese Ortodokse Kerk gekies – 'n ou vyand van Rooms-Katolisisme. Die nuwe patriarg was, tot almal se verbasing, nie 'n Rus nie en hy het ook sterk bande met die ekumeniese beweging gehad. *"Time"* tydskrif het berig:

> *Die pous mag dalk nie meer Italiaans wees nie, maar dit is vanselfsprekend dat die patriarg van Moskou en die hele Rusland 'n Rus moet wees. Dit wil sê, tot verlede week toe nog 'n onbreekbare reël gebreek is in die Sowjetunie. By die skitterende vergulde Drie-eenheid – Sint Sergius Abdy in Zagorsk, is die Estlander van Duitse afkoms, Metropolitan Aleksy van Leningrad, as patriarg van Moskou verkies.*

Die artikel gaan voort deur te sê dat die keuse van 'n anti-Katolieke prelaat seine van 'n anti-Katolieke aard na die Vatikaan sou stuur.

> *Die bereisde Aleksy, in kontras, is 'n ywerige en toegewyde ekumenis wat vir 22 jaar lank as president van die Konferensie van Europese Kerke gedien het, 'n Ortodokse en Protestantse liggaam verbonde aan die vasteland.*

Na hierdie onheilspellende gebeure het Pous Johannes Paulus II hom beroep op die Jesuïtiese orde om oorsig te hou oor gebeure in Rusland en om persoonlik aandag te gee aan die heropleiding van priesters vir hierdie opdrag. Dit was aangeteken in 'n artikel getitel *"Making up with the Jesuits"* in *"Time"* tydskrif, 10 Desember, 1990.

## *Amerikaanse Evangeliese Kerke*

Billy Graham was waarskynlik die grootste hedendaagse Protestantse evangelis. Tog het selfs hy 'n ondersteuner geword van die ekumeniese beweging wat eenheid met Rome najaag. *"The Religious News Service"* van 13 Januarie 1981 het berig:

> *Pous Johannes Paulus II was vir twee ure lank saam met Eerwaarde Billy Graham, die wêreld se bekendste Protestantse evangelis, in gesprek.*

*"The Star"* van 26 Junie 1979 haal Billy Graham aan dat die pous byna 'n evangelis is. Hy het die pous geprys omdat hy godsdienstige ontwaking wêreldwyd aangemoedig het. Toe hy sy eregraad van die Rooms-Katolieke Belmont Kollege ontvang, het Billy Graham die gehoor meegedeel, *"Die evangelie wat gelei het tot die stigting van hierdie kollege is dieselfde evangelie wat ek vandag verkondig."*

Die Evangeliesgesindes in die Verenigde State van Amerika het hereniging met Rome aanvaar. Nege-en-dertig vooraanstaande evangeliese Protestante en Rooms-Katolieke het mekaar as Christene bevestig en onderneem om konflik tussen die groepe te verminder. 'n Vyf-en-twintigblad dokument is deur sulke invloedryke leiers soos Charles Colson, Pat Robertson, John Cardinal O'Connor van die *"Southern Baptist's Home Mission Board"*, sowel as ander gesiene aartsbiskoppe, biskoppe en geleerdes, onderteken.

Die opstellers van die dokument het Katoliek Richard John Neuhaus (die hoof van die *"Institute on Religion and Public Life"*), Charles Colson (stigter van *"Prison Fellowship"*), Katoliek George Weigel (direkteur van die *"Ethics and Policy Centre"*) en Kent Hill (president van *"Eastern Nazarene Kollege"*) ingesluit. Die dokument aanvaar dat Protestante en Katolieke wat Christus as Heer en Verlosser aanneem, mede-Christene is en as sodanig, lede van die een kerk van Christus. Dit erken ook:

> *Ons gemeenskaplike en kerklike verwyderings is diep en van lange duur en hulle mag dalk nooit versoen word aan hierdie kant van die ewigheid nie.*

Nietemin belowe hulle om saam te werk vir Christus. Daar word ook 'n beroep gemaak vir die versterking van die vertrouensverhouding. Robert Schuller het na bewering gesê:

> *Dit het tyd geword dat ons Protestante na die Heilige Vader in Rome toe gaan en hom vra hoe ons huis toe kan kom.*[14]

*"The Chattanooga Free Press"* het 'n verstommende opsomming van stellings deur die Episkopale Kerk berig:

> *Toe die Hoogeerwaarde Randolph Adler, Aartsbiskop van die* "International Communion of the Charismatic Episcopal Church" *onlangs in Chattanooga gepraat het, was diegene wat hom gehoor het, geskok... Hy het 'n boodskap van die mislukking van Protestantisme en die naderende vernietiging daarvan, gelewer… "God se kerk is Katoliek!" het hy verklaar. "Dit was aan die begin Katoliek en dit sal tot aan die einde Katoliek wees." Dr. Ben Ohnson, 'n professor te* "Columbia Theological Seminary"*: "Ons sien die einde van Protestantisme soos ons dit ken ..." Dr. John Hall van die* "United Church of Canada"*: "Ons is getuies van die vernietiging van Protestantisme."*[15]

Deur beginsels prys te gee en kompromieë met betrekking tot geloof en leerstellings aan te gaan, het Protestantisme die deur oopgemaak vir 'n vloedgolf van euwels. Gelykvormigheid met die wêreld, spiritisme, die

raadpleging van die dode en voorvaderlike aanbidding het deel geword van die godsdienstige ervaring. Tydens die 1961 WRK-sitting in New Dehli was die slagspreuk: *"Die kerk moet bekeer word tot die wêreld van vandag"* en in 1966 het die WRK die resolusie aanvaar van *"Eenheid van alle Mense."* Tydens die WRK se Sewende Sitting in Canberra, Australië, gehou vanaf 7 tot 20 Februarie 1991, was die tema "*Kom Heilige Gees – Vernu die Hele Skepping."* Me. Chung Hyung Kyung, 'n teologiese professor en leraar van die Presbiteriaanse Kerk in Suid-Korea, het die tweede beleidsrede gelewer. Sy het op die verhoog aangekom al dansend saam met twee Australiese inboorlingmans in lendedoeke geklee, en sestien Koreaanse mans met ghonge, dromme en baniere. Sy het die gehoor uitgenooi *"om op heilige grond saam met my te wees deur jul skoene uit te trek terwyl ons dans om die weg van die gees te berei."* Toe, met brandende kerse weerskante van haar, het sy die geeste van afgestorwenes opgeroep deur die name van 'n gedrukte lys af te lees. Onder die afgestorwenes het sy Hagar, Uría, manlike babas deur Herodes gedood, Joan of Arc, Joodse mense in die gaskamers gedood, Mahatma Gandhi, Steve Biko, Martin Luther King Jr., Malcolm X en laastens *"die gees van die Bevryder, ons broer Jesus, gemartel en gedood aan die kruis."* Sy het toe die lys verbrand en die as daarvan in die lug gestrooi.

Tydens die vyfde *"Christian Parapsychology"* konferensie (beskermhere sluit die Aartsbiskop van York, Dr. David Hope, in) by die *"Christ Church College"*, Canterbury, was oproepe gemaak om séances te hou in die kerke om afgestorwe ateïste in hul geestelike oorgang by te staan.[16]

## *Rome en Wêreldgodsdienste*

Dis nie net Christene wat met Rome moet verenig nie, maar al die gelowe moet die pous as geestelike leier van die wêreld erken. Die Vatikaan het dit herhaaldelik benadruk dat die pous gesien moet word as die "vader van die hele menslike familie." Malachi Martin het aangaande Pous Johannes Paulus II geskryf:

> *Want in die finale analise, maak Pous Johannes Paulus II, as die Plaasvervanger van Christus, daarop aanspraak om die laaste oordeelshof te wees oor die vereniging van state as 'n gemeenskap.*[17]

In 1986 is 'n vergadering van wêreldgodsdienste in Assisi gehou waartydens die pous as gasheer opgetree het. Die vergadering was wêreldwyd

gebeeldsend en aldaar teenwoordig was leiers van Protestantse, Ortodokse, Anglikaanse, Joodse, Islamitiese, Boeddhistiese, en Hindoe-gelowe, sowel as leiers van die meeste ander kleinere godsdiens-organisasies. By hierdie vergadering en daaropvolgendes "in die gees van Assisi" is die pous die woordvoerder en sentrale figuur. Hierdie jaarlikse forum word met groot vertoon gevier en leiers van alle gelowe maak geen geheim van hul solidariteit met die pous nie. 'n Verdere forum is die Parlement van Wêreldgelowe, wat die tema voorstaan dat alle gelowe dieselfde God dien. Dit is merkwaardig dat die Verenigde Nasies die forum is waar baie van die hoëvlak samesprekings plaasvind en dat die pous hierdie forum gebruik het as verteenwoordiger van al die gelowe van die wêreld.

Ná die gebeure met betrekking tot die Golfkrisis (oorlog) het Israel diplomatieke betrekkinge met die Roomse Heilige See gesluit. Die langdurige vyandighede tussen Rome en die Joodse geloof is kwessies van die verlede. In sy boek *"Crossing the Threshold of Hope"* verklaar Pous Johannes Paulus II dat dit altyd sy doel was om bande met Israel aan te knoop. Hy verklaar ook in sy boek dat tydens samesprekings een van die Joodse leiers die Kerk van Rome bedank het vir alles wat die kerk vir God gedoen het in die afgelope tweeduisend jaar. Tydens die pous se 1999 besoek aan die Verenigde State van Amerika, het Rabbi Robert Jacobs die pous geloof omdat hy die eerste pous was om Judaïsme te erken.

Die sigbare betrekkinge tussen Islam en Katolisisme is ook merkwaardig. By die geleentheid van die pous se Mei 2001 besoek aan Sirië het *"Reuters International Press"* onderskeiding verleen aan die volgende berig:

> *DAMASKUS (Reuters) – Pous Johannes Paulus II het Sondag geskiedenis gemaak deur die eerste pous te wees om 'n moskee te betree, en hy het Christene en Moslems aangemoedig om mekaar vir die verlede te vergewe. Hy het binne die Groot Umayyad moskee, 'n manjifieke huldeblyk aan Siriese geskiedenis gelewer, hy het onder andere gesê dat godsdienstige oortuiging nog nooit geweld geregverdig het nie. "Nooit weer gemeenskappe in konflik," het hy gesê in die moskee, wat 'n gedenkteken ter ere van Sint Johannes die Doper insluit. Buite is die graf van Saladin, wat die Kruisvaarders uit die Ooste uit verdryf het. Die pous, wat 'n ommekeer teweeggebring het in betrekkinge met die Jode deur Rome se sinagoge in 1985 te besoek, het voorts gesê dat dit nou tyd geword het vir 'n nuwe begin*

> *ook met Islam. "Vir al die tye dat Moslems en Christene mekaar beledig het, moet ons die Allerhoogste om vergifnis vra en ook vir mekaar vergifnis aanbied," het hy in sy toespraak voor Moslemleiers wat die Grand Mufti van Sirië ingesluit het, gesê. "Beter wedersydse verstandhouding sal sekerlik lei… tot 'n nuwe wyse om ons twee gelowe aan te bied, nie in opposisie soos te dikwels in die verlede gebeur het nie, maar in vennootskap tot voordeel van die mensdom." Die pous, uit respek vir die Moslemgeloof, het sy skoene uitgetrek voordat hy die aanbiddingsplek betree het onder luide applous en handegeklap van talle mense wat buite gewag het. "Hierdie is groot geskiedkundige oomblikke. Die pous... betree die moskee" het die Siriese staatstelevisie se aankondiger gesê. "Dit is die ontmoeting van Islam en die Christendom." Die oproep vir wedersydse vergifnis was die voortsetting van 'n tema wat op Vrydag begin is in Griekeland, waar die pous God se vergifnis versoek het vir die onregte wat deur Katolieke gepleeg is teen die Ortodokse gelowiges gedurende die afgelope 1000 jaar.*

Die pous is die wêreld se hoogste godsdienstige gesag. Hierdie status het hy egter nie bekom op die basis van waarheid nie, maar op die basis van kompromie. Boonop is die godsdienstige beginsels en leerstellings van die pousdom 'n herlewing van die heidense sonaanbidding (sien Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*) en dit verteenwoordig die stelsel waarna die Bybel verwys as Babilon van die eindtyd. Bondgenootskap met Rome en onderwerping aan sy gesag maak 'n mens deel van Babilon. Deur sy leierskap te erken, aanvaar en erken 'n mens ook sy leerstellings:

> *Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?* Romeine 6:16

Dit is duidelik dat Protestantisme, deur eie erkenning, na die Moeder Kerk teruggekeer het en dat die ander wêreldgelowe ook in 'n bondgenootskap met haar is. Die Bybel waarsku teen hierdie drievoudige bondgenoodskap

van die draak, die dier en die valse profeet. Die valse profeet is 'n komponent van Babilon wat valse tekens en wonders sal voortbring waardeur die mensdom mislei sal word om die dier te volg en sy merk te ontvang:

> *En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.* Openbaring 19:20.

Minagting van die waarheid is gevaarlik en laat die deur oop vir misleiding:

> *Hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.* 2 Thessalonicense 2:9-12.

God versoek of mislei niemand nie en daarom verwys die dwaling daarna dat God die mens toelaat om vir homself te besluit. God laat toe dat die duiwel mense mislei en bedrieg omdat Hy hulle genoegsame instruksies en geleentheid gegee het om die waarheid te aanvaar. God sal uiteindelik die oorwinnaar wees wanneer Hy geestelike Babilon, wat die nasies mislei het, finaal vernietig:

> *En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van die bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei.* Openbaring 18:23.

Ekumenisme is net nog 'n beweging in die rigting van die oprigting van 'n super-kerk, Babilon die Grote, wat uiteindelik diegene sal vervolg wat hulle nie aan haar gesag onderwerp nie. Hoe waar is die woorde van John Knox in 1547 met verwysing na die pousdom:

> *Vlug van Babel af as jy nie deel wil hê aan haar vernietiging nie.*[18]

Die tweede engel se boodskap verklaar:

> *Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.* Openbaring 14:8.

Openbaring 18 herhaal die boodskap van die tweede engel met die bykomende waarskuwing om uit haar uit te gaan:

> *Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls... En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.* Openbaring 18:2, 4.

Die tweede engel se boodskap is 'n boodskap om uit Babilon uit te gaan, waarteenoor die ekumeniese beweging 'n boodskap het van vereniging met Babilon. Kompromie is onmoontlik. God roep 'n volk om standpunt in te neem vir Sy waarheid. Daar is slegs drie definisies van waarheid in die Skrif: Jesus is die Waarheid, Sy Woord is die Waarheid en Sy Wet is die Waarheid (Johannes 14:6, 17:17, Psalm 119:142). God is besig om 'n volk bymekaar te maak. Die hervormers was gewillig om hul lewens af te lê vir dit wat hulle geglo het. Hulle het die profesieë bestudeer en duidelik die pous as die Antichris identifiseer. Laat ons nie die profete verwerp en mag die volgende woorde van Jesus nie op ons van toepassing wees nie:

> *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!* Matthéüs 23:37.

## VERWYSINGS


[1] *Romanism and the Reformation.*
[2] *Time Magazine*, 25 Mei 1981, p. 12.
[3] *The History of Christianity*, p. 410.
[4] *The History of Christianity*, p. 410.
[5] D.F. Neufield, *Ministry*, Julie, 1978.
[6] *The History of Christianity*, pp. 505-507.
[7] *Martyn*, Vol. V, p. 70.
[8] *The History of Christianity*, p. 608.
[9] *Documents of Vatican II*, p. 117.
[10] *London Church Times*, 21 Januarie 1977.
[11] *Time Magazine*, 16 Oktober 1989.
[12] *Protestant Reveille*, 1ste Kwartaal, 1977.
[13] *Die Bürger*, 27 Januarie, 1990.
[14] Texe Marrs: *All Fall Down.*
[15] Chattanooga Free Press, Redakteur se nota, 10 Mei, 1997.
[16] *The Times*, Maandag, 28 Augustus 2000.
[17] *The Keys of This Blood*, pp. 374, 375.
[18] *Der Reformator Schottlands.*

# 12

# VREEMDE VUUR

Waarom was die teen-hervorming so suksesvol? Hoe is dit moontlik dat die Hervorming en alles wat dit verteenwoordig, so maklik eenkant toe geskuif kan word? Die Bybel gee duidelik sy eie antwoord. Dwaling en misleiding het 'n groot rol gespeel. Die gees van eenheid wat die kerke beheer, is op emosies gebaseer eerder as waarheid, en dit sal sorgvuldige studie verg ten einde die waarheid van die leuen te onderskei. Om die leuen te openbaar, is 'n pynlike ondervinding; dit is nie die voorneme om hier enige geloof te verkleineer nie, maar aangesien daar siele op die spel is, is dit noodsaaklik dat ons die Skrif bestudeer en streef om in harmonie daarmee te wees.

Voor Vatikaan II was die meeste Protestante lugtig vir Rome, maar Vatikaan II het dit verander. In werklike terme het Vatikaan II nie die posisie van Rome gewysig nie, maar die indruk van Rome is verander. Die vraag is: hoe is dit bereik? Die enigste manier om mense weg te lok van leerstellige kwessies is om hulle bloot te stel aan belewenis-godsdiens. Daarom het Vatikaan II riglyne en voorskrifte uitgereik aangaande die aanbiddingstyl wat deur die kerke aanvaar moes word. Voortaan moes die kerkgemeenskap meer kerkdienste bywoon en meer deelname hê aan aanbiddingsprosedures. Daar moes 'n verskuiwing plaasvind weg van tradisionele preke en meer gekonsentreer word op die lees van Psalms en uittreksels uit die evangelies. Populêre musiek moes in die dienstye ingebring word en fisiese bewegings van die gemeente tydens sang moes aangemoedig word. Moderne musiekinstrumente moes tydens die dienste

gebruik word en gewilde liedere moes die meer tradisionele liedere vervang. Die aanbiddingstyl moes aangepas word om by die kulture van die nasies aan te pas. Die Liturgiese gedeelte van die Vatikaan II-dokument, Volume I, kan as volg opgesom word:

> *Maak die kerke gewoond aan fees-terminologie en die feeskonsep. Elke funksie van die kerk word 'n viering... Maak die kerke daaraan gewoond om 'n vernieude styl van feestelike diens te aanvaar... Onderdrukking van inhibisies... Baie fisiese gebare, liggaamshoudings en –bewegings. Sorg dat sang en musiek-vieringsdienste die mees effektiewe vierings is. Gebruik gewilde godsdienstige liedere en bring musiek in wat by die verskillende kulture en temperamente van die mense pas.*[1]

In die Vatikaan II dokument verklaar die gedeelte oor Musiek in die Liturgie:

> *Ten einde die getroues toe te laat om meer gewillig aktief deel te neem en met groter voordeel, is dit paslik dat die formaat van die viering en die graad van deelname so veel as moontlik gevarieer word na gelang van die plegtigheid van die dag en die aard van die gemeente wat teenwoordig is... Die deelname in die Viering moet innerlik wees, maar aan die ander kant ook uiterlik, met ander woorde, om die innerlike deelname deur gebare en liggaamshoudings uit te beeld. Deur uitroepe, response en sang.*[2]

Emosionaliteit is 'n integrale deel van hierdie tipe aanbidding. Dis nie dat daar iets verkeerd is met emosies nie, maar dit is wanneer emosies die plek van waarheid en rasionele denke inneem dat hulle nie vertrou kan word nie. *Die Kategismus van die Rooms-Katolieke Kerk* voeg by die bogenoemde stellings van Vatikaan II die volgende:

> *1157. Sang en musiek vervul hul funksie as tekens op 'n wyse met meer betekenis wanneer dit saam gebruik word ... met dié liturgiese aksie volgens drie hoofkriteria: die skoonheid in gebed uitgebeeld, eenvormige deelname van die gemeente op bestemde tye, en die gewyde karakter van die viering. Op hierdie*

> *wyse neem hulle deel in die doel van die liturgiese woorde en aksies: die eer van God en die heiliging van die getroues: 'Hoe het ek net nie geween nie, diep geraak deur jou gesange, liedere en die stemme wat deur jou kerk weerklink het! Watter emosie het ek nie daardeur ervaar nie! Die geluide het in my ore gevloei, en het die waarheid in my hart gevestig. 'n Gevoel van toewyding het deur my gestroom en trane het teen my wange afgerol – trane wat my goed gedoen het.' 1158. Die harmonie van die tekens (sang, musiek, woorde en gebare/aksies) is al hoe meer effektief en belonend wanneer dit uiting vind in die kulturele rykheid van die kinders van God wat feesvier.*[3]

Die woord "viering" word oor en oor in hierdie dokumente herhaal en emosionaliteit het 'n hoë prioriteit. Die gevaar is dat liturgie (kerk-formaat en aktiwiteite anders as die prediking van die Woord) so alomvattend kan word dat dit die Woord van God vervang. Sang, responsiewe lesings, musiek en lofprysingsaktiwiteit kan die plek van Woord-gebaseerde godsdiens inneem en sodoende 'n vorm van godsaligheid tot gevolg kan hê sonder die voeding van die Hemelse Brood.

In dieselfde dekade wat Vatikaan II ekumeniese denke verander het, het die Christelike kerke 'n dramatiese 'herlewing' beleef. Die Charismatiese beweging, wat sy eerste verskyning teen die eeuwisseling (laat 1890's en vroeë 1900's) gemaak het, het soos 'n veldbrand deur die Verenigde State van Amerika en die res van die wêreld versprei. Die Pinkster-beweging het egter steeds die Rooms-Katolieke Kerk met agterdog bejeën, aangesien hulle nie met hierdie gees van vernuwing geseën was nie. Teen 1965 skryf Erwin Prange egter:

> *... ek het onlangs 'n Rooms-Katolieke, Episkopale en die Lutherse afsondering besoek... ek is oortuig dat die basiese betekenis van die charismatiese vernuwing die hereniging van die kerke is.*[4]

In 1967 het die fakulteit en studente van die Katolieke Notre Dame Universiteit in Pittsburgh, Pennsilvanië (onder beheer van die Heilige Vadersgees) gebid vir die gawe van die 'Heilige Gees' en tydens een van hul byeenkomste het honderde van die navolgers van die Katolieke geloof ontvang waarvoor hulle gevra het, en die Katolieke Charismatiese beweging is gebore.

Pous Paulus VI het aanvanklik onder druk verkeer om die charismatiese beweging binne die Rooms-Katolieke Kerk te veroordeel, maar in 1975, tydens ’n massa-byeenkoms van 25 000 mense (waarvan 10 000 buitelanders was) te *Sint Pietersplein* in Rome, het Pous Paulus VI die geestelike ontwaking aangeprys. Die joernaal *“Christianity Today”* berig op 6 Junie 1975:

> *Biskoppe, aartsbiskoppe en kardinale het gesukkel om hul musse in hul plek te hou soos hulle in vervoering gesing en gedans, mekaar omhels en hul arms opgelig het na die hemel. Pous Paulus VI se toespraak was deurspek met uitroepe van ekstase.*

Sedert die stigting van die Charismatiese beweging binne die Rooms-Katolieke Kerk, het die Protestante en Ortodokse Kerke hul houding jeens die Katolieke verander na een van aanvaarding. Colin Buchanan skryf:

> *Die opkoms van die Kerk van Rome as vennoot in die ekumeniese besprekings, en die impak van die charismatiese beweging, het die ekumeniese verhouding totaal verander.*[5]

David du Plessis het in die vroeë 1950’s gedink dat God hom, as sekretaris van die Pinkster Wêreld Konferensie, geroep het om met die Wêreldraad van Kerke kontak te maak. Daaropvolgend het hy ’n leiersrol in ekumeniese sirkels gespeel. Sedert die 1960’s was die indringing van die Pinksterbeweging in ouer Protestantse en Ortodokse denominasies, dramaties van aard. James Dunn skryf:

> *Die aanvaarding van Pentekostalisme deur die leiers van die Wêreldraad dui die eerste keer aan dat die meer tradisionele Christendom in opregtheid hierdie meer entoesiastiese vorm van geloof en aanbidding verwelkom het as ’n ware en belangrike uitdrukking van Christelikheid. Voorheen was sulke vorms van die Christenskap óf vervolg óf slegs in staat om te groei buite die georganiseerde kerk. Nou het die charismatiese kerk baie van die keerwalle en mistastings aan beide kante, afgebreek. Dit het versprei*

> *oor al die tradisionele stande van die samelewing en geestelikheid, en die Katolieke Pentekostalisme in besonder, het 'n kaliber van geleerdheid en respek vir outoriteit, die sakramente en tradisies wat voorheen in die klassieke Pentekostalisme ontbreek het, ingetrek... baie leiers van nasionale kerke het verskuif van 'n omsigtige 'Geen kommentaar' na die siening dat die Charismatiese beweging die beste hoop op herlewing was vir die kerk in die laaste dekades van hierdie eeu.*[6]

Dit is interessant om daarop te let dat Katolieke Pentekostalisme gelei het tot 'n groter mate van ontsag vir pouslike gesag, verhoogde verheerliking ten opsigte van Maria en verskansing van Katolieke leerstellings. Die herlewing en fenomenale groei van die kerk in die laaste paar dekades is, volgens Padilla, deel van 'n veel breër herlewing van godsdiens wat regoor die wêreld plaasvind.

> *Bewys van hierdie herlewing sluit onder andere in die wyse waarop okkultisme en Asiatiese gelowe begin floreer het in die Weste, die herlewing van Islam in sommige gebiede in Afrika, Maleisië en Pakistan, tesame met die oplewing van Boeddhisme in Thailand, Viëtnam, Kambodja, Burma en Sri Lanka, van Hindoeïsme in Indië en Shintoïsme in Japan en die vitaliteit van Spiritisme in Brasilië en van Sokka Gakkai in Japan.*[7]

Professor Hollenweger van *Birmingham* Universiteit sê:

> *Die Charismatiese beweging het 'n enorme potensiaal gehad om vertroue te wen en om die wantroue wat tussen die strydende groepe bestaan, te vernietig om sodoende 'n platform daar te stel waardeur mense openlike en eerlik kon gesels sonder om gepolariseer te word... deur Rooms-Katolieke en Protestante bymekaar uit te bring, het die Charismatiese beweging alreeds 'wonderwerke' verrig.*[8]

Pentekostalisme het oor die wêreld versprei soos 'n veldbrand en teen 1996 het godsdiensverslae oor hierdie verskynsel die volgende daaroor te sê gehad:

> *Tienduisend Charismate en Pentekostaliste het gebid, gesing, gedans, hande geklap en gejuig onder die gemeenskaplike band van die Heilige Gees tydens 'n vier-dag ekumeniese konvensie verlede somer... Bykans die helfte van die deelnemers aan die kongres oor die Heilige Gees en Wêreld Evangelisasie wat gedurende 26 tot 29 Julie in Orlando, Florida gehou is, was Katolieke... 'Die Heilige Gees wil die muur tussen Katolieke en die Protestante afbreek,' het Vinson Synan, Teologiese Dekaan van Pat Robertson se Regent Universiteit en Voorsitter van die Kongres, gesê.*[9]

Aangesien die Heilige Gees in alle waarheid lei, kan daar geen kompromis met die leuen wees nie. Daarom is dit van kardinale belang dat ons die funksie van die Heilige Gees sorgvuldig moet bestudeer, sowel as hierdie verskynsels soos buitengewone genesings en die praat in tale wat aan die Gees toegeskryf word. Voldoen die Pentekostalisme beweging aan die Bybelse kriteria met betrekking tot die manifestasies van die Gees?

## Die Charismatiese Beweging en die Gawes van die Gees

Charismatiese Kerke onderskryf grootliks die Futuristiese dispensasionalistiese siening van profetiese interpretasie, en die gawes van die Gees speel 'n groot rol in hul aanbidding, veral die gawe van praat in tale, wat in baie charismatiese groepe benadruk word. Die gawe van tale word inderwaarheid dikwels beskou as 'n spesiale manifestasie van die werking van die Heilige Gees in 'n mens se lewe en dit word opreg nagestreef. Buitengewone manifestasies van hierdie ondervindings kan tesame met ander manifestasies ondervind word soos *"neer te slaan in die Gees,"* en dít kan gekoppel word aan genesingsondervindings. Duisende gelowiges en ongelowiges word na genesingseremonies gelok en hulle kan hierdie mag ervaar, selfs al het hulle geen sodanige vorige godsdienstige ondervinding gehad nie en al kom hulle uit 'n ateïstiese agtergrond. Dit is waar dat lewens dikwels deur hierdie ondervindings verander word en dat alkoholiste en

dwelmverslaafdes van sulke dienste kan wegstap as ‘nuwe mense.’ Dit lei tot meer en meer bekerings en dit is die rede vir die snelle groei van die beweging.

Wat is die Bybelse kriteria vir die werking van die Heilige Gees en hoe vergelyk dit met wat in die charismatiese beweging aan die gebeur is?

## Die Heilige Gees in die Skrif

Jesus het aan Sy dissipels gesê:

> *As julle My liefhet, bewaar my gebooie. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ’n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.* Johannes 14:15-17.

Liefde vir God dra vrugte van gehoorsaamheid. *“As julle my liefhet, bewaar my gebooie.”* Die Heilige Gees is beloof aan diegene wat in harmonie met God se Woord wil leef, en die Gees vertroos en openbaar waarheid aan hulle. God wil graag die hele mensdom red, maar die mens moet in die lig wandel wat aan hom openbaar is, en aanvaar dat verlossing in Jesus Christus gesetel is:

> *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Johannes 3:16.

> *Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.* 1 Johannes 1:7.

Weer eens is daar die voorwaardelike aspek verbonde aan verlossing wat na vore tree: “’as’ ons in die lig wandel.” Die Heilige Gees wat die mens vir diens voorberei, word geskenk op voorwaarde van gehoorsaamheid:

> *En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het* ***aan die wat Hom gehoorsaam is****.* Handelinge 5:32. (Klem bygevoeg.)

Bekering beteken om weg te draai, om nie verder die lewe te lei wat 'n mens voorheen gelei het nie, om weg te keer van die sonde, wat die oortreding van die wet is. Ten einde deur God gebruik te word en met die Heilige Gees gevul te word, moet die mens eers oortuig word van sy sondigheid en sy behoefte vir verlossing, en hierdie oortuiging word dan ook deur die werkinge van die Heilige Gees teweeggebring:

> *Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel.* Johannes 16:7-8.

Ons moet bewus wees van ons sondige toestand sodat ons die oplossing vir die probleem kan soek in die enigste Een wat ons van ons sonde kan red en met Sy geregtigheid beklee ten einde nie in die finale oordeel te kom nie. Dit is die evangelie in 'n neutedop. Hoe verbasend dat die gewilde leringe van vandag hierdie vereiste tot niet wil maak en in die plek daarvan word 'n ander evangelie van populêre humanisme geleer in terme waarvan dit nie nodig is vir die mens se eiewaarde om van sonde oortuig te wees nie. In teenstelling met die eenvoudige lering van die Skrif, sê Robert Schuller die volgende:

> *Ek glo nie dat enigiets in die naam van Christus of onder die banier van Christendom gedoen is wat meer vernietigend vir die menslike persoonlikheid blyk te wees nie en derhalwe meer teenproduktief vir Evangelisasie as die kru, onbeskofte en onchristelike strategie om mense van hul verlore en sondige staat bewus te maak.*[10]

Ons moet weet wat verkeerd is alvorens ons dit kan herstel deur Sy krag, ten einde tot die gehoorsaamheidsverhouding terug te keer. Christus versterk ons teen versoekings:

> *Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword.* Hebreërs 5:8-9

> *Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as 'n slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.* 1 Samuel 15:22.

Die Heilige Gees sal ons leer en herinner aan die Woord van God sodat ons effektiewe voorbeelde en getuies vir Hom kan wees:

> *... maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.* Johannes 14:26.

Die gawes van die Gees was dus gegee om ons terug te bring in 'n harmonieuse verhouding met God en om die evangelie uit te dra:

1. *Die Heilige Gees sal individue bring tot belydenis van sonde en hulle lei tot 'n voller en beter begrip van die waarheid omtrent God en Jesus Christus.* (Lukas 24:46-49; Johannes 14:16; Handelinge 4).

2. *Die vervulling is om tot voordeel te strek van diegene wat die kerk ingebring word deur die evangelie se getuienis.* (Johannes 17:20; Handeling 2:38, 39, 46, 47).

3. *Die gawe van tale was gegee om die evangelie aan die verskillende taalgroepe oor te dra.* (Handelinge 2:2-11, 43). *In beide Handeling 2 en Handelinge 19 merk ons dat die tale en profesie verwant is en beide dien dus om die evangelie oor te dra.*

4. *Die gawes was gegee om eenheid binne die kerk te bewerkstellig.* 1 Korinthiërs 12:18-27.

5. *In die lys van die geestelike gawes (Romeine 12: 6-8; 1 Korinthiërs 12:8, 28-31; Efesiërs 4:11) is dit slegs die gawe van profesie (om die evangelie uit te dra) wat in al vier gevalle genoem word, en die gawe van tale word slegs een keer gemeld in 1 Korinthiërs – waar dit laaste op die lys is.*

## Die Geskiedkundige WAARHEID van Spreek in Tale

Ekstatiese taalgebruik was 'n algemene gebruik in die heidense tempels. Dit was goed gegrond in antieke Byblos (1100 v.C.), en Plato (429 – 347 n.C.) noem dit as 'n verskynsel in sy tyd. Plato meld dat 'n persoon onder goddelike invloed uitsprake, gepaardgaande met visioene ontvang het, wat nie deur die ontvanger verstaan was nie en deur uitlêers vertolk moes word. Hierdie uitsprake het soms gepaard gegaan met die fisiese genesing van die omstanders. Virgil (70 – 19 v.C.) sê dat die Sibilliene priesteres, wanneer in gebed, haar gees met dié van Apollo verenig het en dan in vreemde tale gepraat het.[11]

Glossolalia word gedurende die vroeë kerkperiode vermeld, en Irenaeus (114 – 202 n.C.) spreek hom uit in sy werk, *"Against Heresies",* teen die misbruik van die profetiese gawe wat dikwels lei tot hewige emosies en verlies van sedelikheid. In die vroeë tye was die gawe van tale gesien as die gawe om die evangelie in 'n vreemde taal bekend te maak. Origen (185 – 254 n.C.) skryf van Paulus se gawe van tale wat hy in 1 Korinthiers 14:18 noem, dat dit die gebruik van bekende tale is ten einde die evangelie aan ander oor te dra. Hy skryf:

> *Aangesien enigiemand die kennis van tale kan ontvang, nie vir homself nie, maar ten behoewe van hulle tot wie die evangelie oorgedra word, word hy skuldenaar aan almal wie se taal God aan hom duidelik gemaak het.*

Teen die vierde eeu is daar geen rekord van glossolalia in die kerk nie. Die hervormers het geglo dat tale verwys na bekende tale. Luther verwys daarna dat om te vertaal die gawe is om vanaf een bekende taal na 'n ander

bekende taal te vertaal. Calvyn se studie oor tale is ook alomvattend en in lyn met die hervormers se siening.[12] Wesley het ook geglo dat tale slegs buitelandse tale is.

Die Moderne glossolalia het sy oorsprong by die volgelinge van Edward Irving, 1792 – 1834. Gedurende die jare van die Burgeroorlog, het godsdienstige emosies hoog geloop en was die "Innerlike Lig van die Gees" beskou as die opperste standaard, wat die Bybel onderdanig aan die uitinge van die Gees gemaak het. Die Bybel leer egter duidelik dat die Woord die standaard is waarvolgens die waarheid beoordeel moet word en dat die Gees in harmonie daarmee moet wees. Hierdie beweging het geglo dat die "Tydperk van die Wet" verloop het en die "Tydperk van die Gees" aangebreek het. Geloof het 'n saak van gevoel, mag en genot geword en verskillende vertolkings van die evangelies, soos die dispensasieleer, het die kerk binnegesluip.

Supernaturalisme (die leer aangaande die bonatuurlike) het die belangrikste geword en het bo die logika en die wil uitgestyg. Hierdie predikers beskryf in hul dagboeke hoe hulle sou sing en dans en ekstatiese uitinge sou maak terwyl hulle onder die invloed van die Gees was. George Tarter skryf:

> *Ek was op die mees aangename wyse meegevoer en was gedwing om singend en fluitend te lê; en dan om tussen een uur en tweeuur uit my bed uit op te staan om te dans. En so het ek aangehou om te sing en te dans vir twee ure lank volgens die horlosie... en die rede dat ek gekyk het hoe lank ek sing is omdat ek (oorval met vreugde) gesing het "crie ha ha tall; toll lall derab la loll; la dero tall derall tall toll dero tall aroll atoll loll loll dero" op so 'n wyse het ek uitgebars... ek het daarna verlang dat my broeder wat saam met my gelê het, bo-op my moet lê, en hy het, om te kyk of ek nog ruk en ek het soveel beweeg dat hy my nie kon kry om stil te lê nie... ek het hom geskud asof hy in 'n wiegie was.*[13]

Toe Irving se volgelinge in Engeland glossolalia ervaar het, het die Mormone onder Joseph Smith in die Verenigde State van Amerika ook in vreemde tale begin praat:

> *Vader Smith sou een of ander ongeletterde broeder roep om op te staan en in tale in die naam van Jesus Christus te praat. Die bevel is gegee... staan op jou voete en maak 'n geluid, gaan voort en maak geluide van een of ander aard en die HERE sal 'n taal of uiting daarvan maak.*[14]

Brigham Young het ook in vreemde tale gepraat en het sy eie boodskap vertolk. [15]

Die moderne Pinksterbeweging het uit die "*Holiness Movement*" van die laat negentiende eeu ontstaan. Die *"Kentucky Revival"* (Kentucky Herlewing) was gekenmerk deur 'n gevallery, rukkings, rollery, heen en weer gehardloop, gekerm, applous, heilige gelag en blaf-oefeninge. Dieselfde manifestasies word ook ondervind in die heidense godsdienstige rituele en voorvaderlike-aanbidding. In Voodoo rituele en baie Afrika rituele, het die slaan van dromme 'n tipe van hipnose tot gevolg wat die "mindere god" in staat stel om beheer van die persoon oor te neem en hierdie gebeurtenis gaan gepaard met ekstatiese taalgebruik. In sommige rituele word dwelmmiddels gebruik om individue by te staan om 'n staat van veranderde bewustheid te bereik wat nodig is vir die manifestasies. Hoe, in die lig van die voorafgaande, onderskei 'n mens tussen die ware gawe van die Gees en die vals gawes van die gees? Te meer, gesien in die lig van die waarskuwings aangaande die vals manifestasies van die "Gees" aan die einde van tyd, is die enigste veilige uitweg sekerlik om die Skrif te bestudeer. Die "Krag van God" is 'n tema wat sentraal tot die charismatiese herlewing is. In hul geskrifte en verslae verwys hul dikwels na hulself as "Mense met Mag." In sy boek *"In His Presence"* van E.W. Kenyon gee hy ons 'n blik op wat dit beteken. Hy skryf:

> *Om te weet dat die nederlaag reeds aan hom toegedien is deur ons Plaasvervanger, en tot ons krediet aangewend is sodat in die rekords van die hemelse hooggeregshof van die heelal, ons die meesters van Satan is, en dat Satan erken dat in die naam van Jesus, ons sy meesters is – wanneer die hart dit weet soos die liggaam hitte en koue ken, dan is geloof onnodig... Ons weet dat God self vir Satan en al sy mag onder ons voete plaas en ons word deur die Vader en deur Satan beskou as meesters van die heerskappy van die duisternis... Ons neem Jesus se plek in... Hy het gekom*

> *om die werke van die vyand te vernietig. Ons voltooi daardie werk wat Hy begin het... Jy is 'n oorwinnaar; Hy het jou een gemaak; raak daaraan gewoond, sodat jy die rol kan vertolk.*[16]

Hierdie is 'n halwe waarheid aangesien slegs Christus hierdie oorwinning kan behaal. Die mag behoort slegs aan Hom en slegs deur Hom word dit in Sy kinders gemanifesteer. Die Skrif verklaar dat Christus hierdie oorwinnaar sal wees en dat die vernietiging van Satan sal plaasvind nadat Christus hierdie oorwinning behaal het:

> *"Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het."* 1 Korinthiërs 15:25.

> *... Wat is die mens, dat U aan hom dink... hom oor die werke van u hande aanstel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie; maar ons sien Hom, naamlik Jesus...* Hebre*ërs 2:6*-9.

> *En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen.* Romeine 16:20.

*"Spoedig"* verwys na die tyd wanneer die stryd by die wederkoms van Christus beëindig sal word. Kenyon gaan voort met sy analise:

> *Hy het ons gemaak om saam met Hom in die hemele te sit; dus sit ons verteenwordigend op die troon saam met God... As die hoof verheerlik word, dan word die liggaam ook verheerlik... As Hy al die magte van die duisternis oorwin het en hul verlam en gebroke gelaat het voor Hy uit die dood uit opgestaan het, dan is dit asof ons daardie groot werk vermag het... Daardie gesag en vermoë behoort aan die gelowige... Die herskape mens is bonatuurlik... Hy is supermens.*[17]

Voordat ons ons plek op die troon kan inneem, is daar 'n werk van oorwinning wat ons moet doen:

> *<u>Aan hom wat oorwin</u>, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.*
> Openbaring 3:21. (Klem bygevoeg.)

Dis duidelik dat daar ’n klemverskuiwing plaasgevind het vanaf Christus na die gelowiges en dit kan die deur oopmaak vir groter en steeds groter manifestasies van die “Gees” ten einde die siel tevrede te stel. Dit het inderdaad ook al gebeur en tydens die aand van 20 Januarie 1994, toe ’n gemeente van ongeveer 450 persone bymekaargekom het by die klein *“Vineyard”*-Kerk in Toronto, Kanada, het hulle in onbeheersde gelag uitgebars. Hierdie soort van aanbidding het binne maande na al die kerke regoor die wêreld versprei, selfs sover as die Tjeggiese Republiek, Kambodja en Indonesië. In Brittanje alleen het 3500 kerke “in die HERE gelag.” Die “gelag in die HERE”-verskynsel het gelei tot ’n staat van ‘dronkenskap’ waartydens uitwendige fisiese manifestasies algemeen was. Dronkenskap, gebewery, diepe gesnik sowel as genesings is algemeen by sulke byeenkomste. Hierdie gebeure is geprys as die groot uitstorting van die Gees, en tog waarsku die Bybel:

> *Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan.*
> 1 Korinthiërs 14:40.

Aangesien die Bybel waarsku dat die finale verheerliking van die man van sonde moontlik gemaak sal word deur vals tekens en wonders, moet die charismatiese herlewing aan ’n sorgvuldige ondersoek onderwerp word, omdat hierdie beweging een van die maniere is waardeur die mure tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestante afgebreek word:

> *... en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak. Hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo…* 2 Thessalonicense 2:8-11.

Dit moet weer eens benadruk word dat kragtige misleiding deur God "gestuur word" in die sin dat Hy dit nie verhoed nie. Dit is Sy toelatende wil, aangesien Hy niemand versoek nie:

> *Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as hy die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort. Moenie dwaal nie, my geliefde broeders. Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.*
> Jakobus 1:13-17.

Tekens en wonders kom voor oor alle godsdienstige grense; dit wissel van melk-drinkende ikone in Hindoeïsme, manifestasies van ligte in Boeddhisme, verskynings en hemelse geskrifte in Islam, tot tekens tydens die Mis-bediening, verskynings en fisiese manifestasies in Katolisisme.

In Rooms-Katolieke Kerke en gebiede is daar 'n sterk oplewing van tekens en wonders. Beelde huil bloed, olie of trane; Mis-wonderwerke vind plaas (hosties – sakramentele brood – wat in vlees en bloed verander); verskynings van Maria kom al hoe meer voor en profete en stigmatiste (mense wat die merke van Jesus se kruisiging aan hul liggame het) word 'n prominente verskynsel in Katolieke kerke. Sommige van hierdie verstommende gebeure is onlangs in die boek *"The Thunder of Justice"* (met 'n voorwoord deur die bekende Katolieke teoloog Malachi Martin wat dus aan die boek amptelike goedkeuring verleen) uitgelig. In hierdie publikasie bevestig "Maria" die prominensie van die pousdom en sy bevestig ook dat die groot gebeure van die laaste dae op hande is. Die posisie van Maria en haar rol in die verlossingsplan word baie prominent gemaak, soos gesien kan word in die verskillende titels wat aan haar toegedig word:

### Titels van Maria in ons Tyd

Profetes van hierdie Laaste Tye
Die Onbevlekte Ontvangenis
Moeder Van die Kerk

Maria as die Nuwe Eva
Koningin van die Hemel en die Aarde / Koningin van Vrede
Die Hemelvaart
Koningin van die Heilige Rosekrans
Koningin en Moeder van Families
Maria as Mede-Verlosser, Middelares en Advokaat
Ons Dame van alle Nasies
Verbondsark van die Nuwe Verbond
Moeder van die Wederkoms

Die titels van *Mede-Verlosser, Middelares* en *Advokaat* maak dit duidelik dat hierdie verskynings nie van die troon van God afkomstig is nie en die Bybel is baie duidelik wat dit betref, aangesien dit nie in harmonie met die Woord van God is nie:

> *Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.* Jesaja 8:20.

Maria-verskynings kom inderdaad meer gereeld en wêreldwyd voor en interessant genoeg, heel dikwels hou hulle verband met glossolalia en gepraat in tale. In hierdie verband het *"CNN News Flash"* (Maandag, 19 Desember 1996 om 9:12 vm.) berig dat die beeld van die Maagd Maria op die voorste venster van 'n gebou in Florida voorgekom het. Dit het op TV die reënbooggekleurde verskynsel op die venster gebeeldsend, met Maria wat die baba Jesus vashou, soos dikwels op Katolieke katedrale uitgebeeld word. Die berig het gesê: "Dit was angswekkend om te aanskou. Massas, met rosekrans en kruis in die hand, het voor die gebou aangesluit in aanbidding van hierdie verskynsel, terwyl andere weer in vervoering van tale en glossolalia uitgebreek het."

## Pinkster en Praat in Tale

Jesus het die dissipels belowe dat hulle krag van Bo sal ontvang wat hulle sou toerus vir die werk van die evangelie:

> *... hierdie tekens (sal) volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek.* Markus 16:17.

> *En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.* Lukas 24:49.

Die Griekse woord vir krag is *"dunamis,"* wat krag of bevoegdheid of vaardigheid beteken. Hierdie bevoegdheid moes vir 'n doel aangewend word en hulle het dit met Pinkster ontvang toe die Heilige Gees hulle daarmee gevul het. Ons lees in Handelinge 2:

> *En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.* Handeling 2:4.

Hierdie bemagtigingsgawes was gegee met Pinkster, 50 dae na die Pasga. Pinkster was die herdenking van die gee van die wet wat die voorwaardes van die verbondsverhouding tussen God en Israel uitgespel het. Na die offer van die ware Pasga-lam, Jesus Christus, is die kinders van God nou bemagtig om die evangelie uit te dra. Die gebeurtenis het die dissipels omskep van angsvolle gelowiges in ware soldate van Christus en hulle het die evangelie met krag verkondig. Toegewyde Jode van elke nasie was teenwoordig toe die gawe van tale aan die dissipels gegee is:

> *En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle <u>in sy eie taal spreek.</u>*
> Handelinge 2:6. (Klem bygevoeg.)

> *En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?* Handelinge 2:8.

Handelinge 2 openbaar dat 17 tale in Jerusalem verteenwoordig was en al die mense het gehoor hoe hulle in hul eie taal aangespreek word (Grieks *"idios dialektos"*), hul eie moedertaal *"waarin ons gebore is."* Dit impliseer meer as net om die taal te kan praat, dit het selfs die atmosfeer van die kulturele agtergrond ondervind. Nadat dit die multinasionale aard van die luisteraars herbevestig het, verklaar die Bybel ook waaroor hulle gepraat het – die wonderlike werke van God.

> *Kretense en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie taal (Grieks "hemeteros glossa" = in ons tale) oor die groot dade van God spreek.* Handelinge 2:11.

Die gebeurtenis het die profesie van Jesaja 56:3-6 tot vervulling gebring, waar God belowe het dat nie slegs Israel in 'n verbondsverhouding met Hom sal staan nie, maar mense van alle nasies wat Hom sou gehoorsaam en Sy Sabbatte sou eer en Sy verbond sou onderhou:

> *En laat die uitlander wat hom by die HERE aangesluit het, nie spreek en sê: Die HERE sal my gewis afskei van sy volk nie; en laat die ontmande nie sê: Kyk, ek is 'n droë boom nie. Want so sê die HERE aan die ontmandes wat my sabbatte hou en verkies wat My behaag en vashou aan my verbond: Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie. En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees – elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.*
> Jesaja 56:3-7.

Die gawe van tale was derhalwe duidelik 'n gawe van kommunikasie; die dissipels kon kommunikeer in die tale van die ander nasies, en die gawe was bedoel om die verspreiding van die evangelie te bevorder aan al diegene wat voorheen deur die Jode daarvan uitgesluit was. Toe Petrus in Handelinge 10 die visioen ontvang het, van die laken wat met allerhande (onrein) diere gevul was, het hy gewonder wat die doel daarvan was toe hy geroep is na die huis van Cornelius, wat nie 'n Jood was nie en deur Jode as onrein beskou was. Die visioen is aan Petrus gegee om aan hom te toon dat hy geen mens as onrein mag beskou nie:

> *En hy sê vir hulle: Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie.* Handelinge 10:28.

Terwyl Petrus met die mans gepraat het, is die Heilige Gees op hulle uitgestort en hulle het die gawe van tale op dieselfde manier as die dissipels ontvang. Daar was dus geen verskil in die wyse waarop die gawe in die Jode sowel as die heidene gemanifesteer is nie.

> *En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek: Niemand kan tog die water keer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?* Handelinge 10:45-47.

Die gawe van tale was nie altyd onder die gawes wat deur die Gees gegee is nie, want dit is God wat bepaal wie watter gawe ontvang.

## Hoe die Gawes Werk

> *En wat die geestelike gawes betref broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie. Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die stomme afgode net soos julle ook al gelei is.* 1 Korinthiërs 12:1-2.

Aangesien die heidendom grotendeels 'n ervaringsgodsdiens is van rituele en herhalings van aksies, was daar nie veel bewussynsfunksies by betrokke nie; 'n mens het gedoen wat die ritueel voorgeskryf het. Paulus wil egter hê dat die nuut-bekeerde Christene die funksie van die gawes van die Gees moet verstaan. In die heidendom het die mens die guns van verskillende gode opgesoek na gelang van die omstandighede betreffende 'n versoek. Paulus wil dit duidelik maak dat daar verskillende gawes is, maar dat hulle almal gegee word deur dieselfde Gees van God. Verder word die gawes so

verdeel dat die liggaam as 'n geheel daardeur bevoordeel word – nie almal ontvang dieselfde gawes nie.

Daar is verskillende gawes, maar dieselfde Gees. So is daar ook 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dieselfde HERE. Daar is ook verskillende werkinge, maar dis dieselfde God wat alles in almal bewerk. Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat vir almal voordelig is:

> *Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.*
> 1 Korinthiërs 12:8-10.

Die gawes word ook uitgedeel soos God dit wil, en nie soos die mens dit wil nie:

> *Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil. Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.* 1 Korinthiërs 12:11-12.

Gesien in die lig van hierdie teksverse, is dit nie vir die mens om aan God voor te skryf watter gawe hy of sy graag sou wou ontvang nie. Dis duidelik dat die gawe van tale aan sommiges gegee was en nie aan ander nie en dis nie die mens se prerogatief om God se arm in hierdie verband te draai nie, nog minder om die spreek van tale as toets te bepaal van aanvaarding van die persoon deur God. Die liggaam vorm 'n harmonieuse geheel en nie een gedeelte daarvan is van groter belang as die ander nie. God besluit wie wat doen:

> *Maar nou het **God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het**.... En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir*

> *die voete: Ek het julle nie nodig nie...* ***En God het*** *sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale. Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie? Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê?* 1 Korinthiërs 12:18, 21, 28-30.

Die onderliggende beginsel wat deurskemer in alles wat God vir Sy kinders gee, is liefde. Die liefde styg bo alles uit en is nooit selfsugtig nie. Die gawes van God is derhalwe nie vir selfsugtige doeleindes geskenk nie, maar word gegee sodat almal daardeur bevoordeel kan word. Om ander te bevoordeel is soos 'n twee-snydende swaard en as ons ander se voordeel soek, sal ons self ook bevredig word. Die beginsel van liefde sal lei tot ootmoedigheid en nie na eie-belang nie:

> *Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n leidende simbaal geword. En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie. Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie.* 1 Korinthiërs 13:1-5.

Om die beginsels van 1 Korinthiërs op te som, kan ons dus sê:

1. *Aanbidding is nie redeloos nie* – 1 Korinthiërs 12:1-3.
2. *Die beginsel van bruikbaarheid vir die hele liggaam van Christus* – 1 Korinthiërs 12:7.

3. *Daar is 'n eenheid en tog verskeidenheid van gawes* – 1 Korinthiërs 12:10.
4. *God deel die gawes uit* – 1 Korinthiërs 12:11.
5. *Daar is gelykheid en inter-afhanklikheid* – 1 Korinthiërs 12:12-23.
6. *Die beginsel van onbaatsugtige liefde geld vir alle gawes* – 1 Korinthiërs 13.
7. *Die Krag van God stel die vermoë daar ten einde die evangelie te versprei* – Romeine 1:16.

## Om Paulus se Sendbrief aan die Korinthiërs te verstaan

Paulus se eerste sendbrief aan die gemeente te Korinte is nie so eenvoudig as wat dit met die eerste opslag blyk te wees nie, en vereis sorgvuldige teksverklaring ten einde die verskillende elemente te ontrafel. Die brief bevat verwysings na verskillende dokumente en getuienisse, waarvan nie een beskikbaar is vir die leser nie. Al die inligting moet dus verkry word uit dit wat beskikbaar is. Hierdie elemente sluit in:

a) Paulus se eerste verlore brief aan die Korinthiërs waaraan hy hulle herinner.
b) Die brief van die Korinthiërs aan Paulus wat ook nie tot die beskikking van die leser is nie.
c) Chloë se mondelingse getuienis teenoor Paulus wat die toestand van die kerk aangaan.
d) Aanhalings uit die geskrifte en "kennis" van daardie tyd.

Die betrokke verwysings na hierdie komponente van die sendbrief is:

1. *Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie.* 1 Korinthiërs 5:9.

2. *Met betrekking tot die dinge waaroor julle aan my geskryf het.* 1 Korinthiërs 7:1.

3. *Want dit is aan my deur die huisgenote Chloë bekend gemaak aangaande julle, my broeders, dat daar twiste onder julle is.* 1 Korinthiërs 1:11.

4. *Die voedsel is vir die maag, en die maag is vir die voedsel, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam.* 1 Korinthiërs 6:13.

Paulus was 'n goed belese intellektualis van sy dag en hy haal aan uit Philo, Epicurus, Menander en ook pre-Gnostiese denkers. 'n Verdere voorbeeld van Paulus se analise van die denkwyse van sy tyd word in 1 Korinthiërs 15:32-33 gevind:

> *As ek in Éfese op menslike wyse met wilde diere geveg het, watter voordeel was dit vir my? As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons! Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes.* 1 Korinthiërs 15:32-33.

Paulus se argument maak slegs sin wanneer ons die aanhalings sien, eerstens van Epikurus – "Laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!" [hierdie is beslis nie Paulus se opinie nie, dit is Epikurus wat praat!] en tweedens Menander – "Slegte gesprekke bederf goeie sedes" [hiermee sou Paulus saamstem]. [18]

Paulus pak die elemente van die brief wat die Korinthiërs aan hom geskryf het, een vir een aan. Hulle was beïnvloed deur die denke en filosofie van hul tyd en hy moes hul wanopvattings regstel. Die Epikuriaanse gesegde hierbo genoem, is 'n sprekende voorbeeld. Aangesien die filosowe van die tyd ook in die onsterflikheid van die siel geglo het, het hulle geredeneer dat die liggaam bloot 'n houer was vir die veel belangriker siel, wat dit gehuisves het. Hulle het verder geredeneer dat as gevolg van die onbelangrikheid van die fisiese liggaam, maak dit nie saak wat 'n mens eet of drink nie, want die liggaam word in elk geval verwerp. Die Korinthiërs moes iets in hierdie verband aan Paulus geskryf het in hul brief aan hom, en Paulus, nadat hy hulle aangehaal het, wys hulle daarop dat hy geensins saamstem met die sentimente wat hulle uitgespreek het nie: *"**Maar**" God sal die een sowel as die ander tot niet maak,* en *die liggaam is nie vir hoerery nie, **maar** vir die HERE en die HERE vir die liggaam.* (Klem bygevoeg.)

In hierdie eerste brief aan die Korinthiërs behandel Paulus 'n aantal baie delikate kwessies. Die kerk het afgedwaal en van die dringende kwelpunte moes reggestel word. Vals leerstellings en wanpraktyke het ingesluip en Paulus spreek derhalwe sy misnoeë daaroor uit. Die brief is

dus 'n brief van teregwysing en dit is verrassend dat baie hierdie brief van teregwysing gebruik het om leerstellings te regverdig, wat eintlik deur Paulus veroordeel word. 'n Kort samevatting van die kwessies waarmee Paulus ontevrede was en waaroor hy die Korinthiërs aangespreek en tereggewys het, volg, alvorens sy hantering van spreek in tale bespreek word.

> *... **dat daar twiste onder julle is.** Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Céfas, en ek van Christus. **Is Christus verdeel**? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop?*
> 1 Korinthiërs 1:11-13 (Klem bygevoeg.)

> *... omdat julle **nog vleeslik is**; want aangesien **daar onder julle jaloersheid** en **twis** en **tweedrag** is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie? Want as die een sê: Ek is van Paulus; en die ander: Ek van Apollos – is julle nie vleeslik nie?*
> 1 Korinthiërs 3: 3-4. (Klem bygevoeg.)

> *Daarom het ek Timótheüs, wat my geliefde en getroue seun in die Here is, na julle gestuur. **Hy sal julle herinner aan my handelwyse in Christus**, soos ek oral in elke gemeente leer. Maar **sommige het opgeblase geword**, asof ek nie na julle sou kom nie.*
> 1 Korinthiërs 4:17-18 (Klem bygevoeg.)

> *'n Mens hoor waarlik **van hoerery onder julle**, en hoerery van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie bekend is nie: dat iemand die vrou van sy vader het. En **tog is julle opgeblase** in plaas dat julle liewer getreur het, sodat hy wat hierdie daad gedoen het, kan verwyder word onder julle uit.*
> 1 Korinthiërs 5:1-2. (Klem bygevoeg.)

> *Maar gaan **die een broeder met die ander na die regbank**, en dit voor ongelowiges? Dan is dit al **werklik 'n gebrek onder julle**, dat julle regsake met*

> *mekaar het. Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle jul nie liewer berowe nie? Maar* ***julle doen onreg*** *en pleeg roof, en dit aan broeders.*
> 1 Korinthiërs 6:6-8 (Klem bygevoeg.)

> *Want as julle eet, gebruik elkeen eers sy eie ete; en die* ***een het honger*** *en die* ***ander is dronk****. Het julle dan geen huise om in te eet en te drink nie? Of* ***verag julle die gemeente van God,*** *en maak julle dié beskaamd wat nie het nie? Wat sal ek vir julle sê? Sal ek julle prys?* ***Hierin prys ek julle nie.***
> 1 Korinthiërs 11:21-22. (Klem bygevoeg.)

Een van die klassieke wanopvattings oor Paulus is dat hy anti-vrouens en anti-huwelik was. Niks kan verder van die waarheid af wees nie. Paulus praat met deernis van die vroue wat sy bediening ondersteun het en hy het nooit gesê dat dit nié goed is vir ’n man om ’n vrou aan te raak nie. Dit was die Korinthiërs, in hul brief aan Paulus, wat dit gesê het. Dit was ook een van die elemente van verwarrende filosofieë in die kerk te Korinte. Aan die een kant was daar die groep wat geglo het dat dit nie saak maak wat ’n mens met die liggaam aanvang nie en aan die ander kant was daar weer diegene wat gesê het dat toewyding aan God beteken dat ’n mens seksuele omgang met vrouens selfs in die huwelik moet vermy. Dis ’n idee van selibaatgeloftes wat uit die heidense godsdiens ingevoer is. Nadat hy uit die brief van die Korinthiërs aangehaal het, gebruik hy die woord “maar” wat sy afkeur met hul stelling aandui. Hy gaan dan voort om die teenoorgestelde te sê as wat hulle brief te kenne gee:

> *Met betrekking tot die dinge* ***waaroor julle aan my geskryf het****–“dit is goed vir ’n man om ’n vrou nie aan te raak nie.”* ***Maar*** *vanweë die hoerery moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir ’n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.*
> 1 Korinthiërs 7:1-3, 5. (Klem bygevoeg.)

## 1 Korinthiërs 14 – Die Aanspreek van Praat in Tale

Nadat hy die kwessie van die algemene foute binne die kerk te Korinte aangespreek het, die aard en die toestaan van Geestelike gawes en die beginsel van onbaatsugtige liefde as sentrale tema van toepassing op alle Christelike ondernemings, is Paulus nou gereed om die kwessie van die misbruik van die gawe van tale wat onder die Korinthiërs voorgekom het, aan te spreek. Die hoofstuk is geskryf as 'n teenstellende parallelisme, wat beteken dat die kwessie aangespreek word in 'n parallelle formaat van positiewes en negatiewes, of as teenstrydige idees. Die eksegese van 1 Korinthiërs 14, sowel as die boek van Korinthiërs as 'n geheel wat hier weergee word, is deur P. Gey van Pittius uiteengesit. Die volle analise daarvan sal binnekort in boekvorm uitgegee word.[18] Vir die doel van hierdie bespreking sal ons slegs na die basiese struktuur van die hoofstuk kyk.

Ons het nie al die besonderhede van die vrae uit die Korintiërs se brief wat Paulus beantwoord nie. Verder het ons ook nie die volle besonderhede van die afleidings en idees waarop hulle denke gebou is nie. Ons moet derhalwe aflei van die styl en die dialoog self of Paulus saamstem of nie, met die sentimente wat hulle uitdruk. Om Paulus se argumente te volg, moet ons in gedagte hou dat ons 'n stelling het wat deur 'n kontrasterende stelling opgevolg word. Paulus gebruik ook die voegwoord "maar" of 'n soortgelyke een, om aan te dui dat hy nie met die voorafgaande stelling saamstem nie.

## INDELING VAN 1 KORINTHIËRS 14

| | |
|---|---|
| HOE DIT BEHOORT TE WEES | *Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer.*<br>1 Korinthiërs 14:1. |

Die liefde skryf voor dat die evangelie gepredik moet word. Nie almal is profete wat visioene van God af ontvang nie en aangesien slegs 'n paar deur God as profete geroepe is, beteken die woord "profeteer" in hierdie vers om namens iemand te praat soos om te preek of om die evangelie uit te dra.

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede.* 1 Korinthiërs 14:2.

Paulus haal 'n gesegde of afleiding van die Korinthiërs aan. Die Bybel het slegs een vertolking vir tale en dit word in Handelinge 2 uitgespel waar dit gedefinieer word as die gawe van tale. Paulus stem nie met hierdie stelling saam nie en dis duidelik uit sy gebruik van die voegwoord "maar."

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> *Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging.*
> 1 Korinthiërs 14:3.

As mense nie verstaan wat gesê word nie, dan is hul prediking van geen waarde vir andere nie en dit oortree die onbaatsugtige beginsel van die liefde. Profeteer, en preek die evangelie sodat ander daardeur opgehef en vertroos mag word.

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *Hy wat in 'n taal spreek, stig homself.*
> 1 Korinthiërs 14:4a.

Diegene wat vir hulself in tale praat, oortree die beginsel van liefde. Die liefde soek nie sy eie belang nie en Paulus keur dit nie goed nie, soos gesien kan word uit die woord "maar." Die prediking van die evangelie is opbouend vir die kerk en spreek dus namens God.

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> *... maar hy wat profeteer, stig die gemeente.* 1 Korinthiërs 14:4b.

Praat almal in tale? Natuurlik nie, aangesien Paulus alreeds verduidelik het dat God die gawes uitdeel soos Hy wil en nie soos die mens wil nie.

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *Ek wens dat julle almal in tale spreek.*
> 1 Korinthiërs 14:5a.

As God die gawes uitdeel en almal nie dieselfde gawes ontvang nie, waarom sê Paulus dat hy wens almal kon in tale praat. Paulus sê nie dat almal in tale moet spreek nie of so wens nie. Dit was waarskynlik in elk geval 'n Korinthiese kettery. In dieselfde woorde sê Paulus ook hier dat hy nie die ware gawe van tale afkeur nie. As God aan iemand 'n gawe gee, dan wil Hy hê dat daardie persoon die gawe moet hê! Paulus stem egter nie met die Korinthiërs saam soos wat hulle wil hê nie. Dit kan nogmaals gesien word in die gebruik van die voegwoord "maar." Bowendien, die teenstellige rangskikking van stellings in die argument, help ons om die stelling in die korrekte perspektief te plaas, aangesien die negatiewe opgevolg word deur die positiewe.

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> *... maar nog liewer dat julle profeteer. Want hy wat profeteer, is groter as hy wat in tale spreek, of hy moet dit uitlê, sodat die gemeente stigting kan ontvang.*
> 1 Korinthiërs 14:5b.

"Maar nog liewer" wys die werklike bedoeling. Geen gawe is groter as die ander nie (1 Korinthiërs 14:4, 26) en die doel van die gawes is om die evangelie te verkondig. Die woord "uitlê" kan ook twee ander betekenisse hê en beide word in die Skrif gebruik. Die eerste is "vertaal" en die ander is om "uiteen te sit" of "te verduidelik." Dis ook opmerklik dat die individu self die uitlegging sal moet gee (vertaal of verduidelik).

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *Maar nou, broeders, as ek na julle kom en in tale spreek, tot watter nut sal ek vir julle wees?*
> 1 Korinthiërs 14:6a.

Paulus sê dat dit van geen waarde sal wees om in tale te praat as niemand voordeel daaruit sou trek nie en sy volgende stelling word weer eens gevolg deur 'n negatiewe voegwoord "as."

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> *... as ek nie met julle spreek òf deur 'n openbaring, òf deur kennis, òf deur profesie, òf deur lering nie? ... So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente. Daarom moet hy wat in 'n taal spreek, bid dat hy dit kan uitlê.*
> 1 Korinthiërs 14:6b, 12-13.

Nuttige inligting om die kerk op te bou, is wat nodig is en iemand moet daardie inligting deur middel van 'n taal kan oordra en dit kan uitlê. Daar moes twee probleme betreffende die "tale" in die Korinthiese kerk gewees het. Eerstens, die verkeerde gebruik van die korrekte gawe (die mense was opgeblase deur hul gawe en het dit verkeerdelik gebruik) en tweedens, die gebruik van onsamehangende uitlatings wat niemand geestelik kon opbou en dus geen voordeel vir die kerk ingehou het nie.

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar.*
> 1 Korinthiërs 14:14.

Paulus stem nie met die stelling saam nie soos weer uit sy volgende stelling gesien kan word en hy haal dus aan uit die filosofieë van sy tyd. "Hoe staan die saak dan" wys dat hy nie saamstem met die vorige stelling nie. Vers 15 is sy opinie en vers 16 brei daarop uit.

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> *Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing. Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?*
> 1 Korinthiërs 14:15-16.

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *Want jy dank wel goed, maar die ander een word nie gestig nie.*
> 1 Korinthiërs 14:17.

Sonder die opbouing van andere strek alle dankseggings in ander tale niemand tot voordeel nie.

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> *Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal; maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tienduisend woorde in 'n taal.*
> 1 Korinthiërs 14:18-19.

Paulus is dankbaar vir sy eie gawe van tale (nie onbekende tale nie. Die woord "onbekende" is nié in die oorspronklike teks nie), maar hy wil dit nie misbruik nie.

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *Broeders, moenie kinders wees in die verstand nie, maar wees kinders in die boosheid en wees volwassenes in die verstand.*
> 1 Korinthiërs 14:20.

Paulus herinner hulle aan sy vorige uitleg:

> *"Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê."*
> 1 Korinthiërs 13:11.

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> *In die wet is geskrywe: Ek sal deur mense van ander tale en deur ander lippe tot hierdie volk spreek, en ook so sal hulle na My nie luister nie, sê die Here. Die tale is dus 'n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges; die profesie egter is nie vir die ongelowiges nie, maar vir die gelowiges.*
> 1 Korinthiërs 14:21-22.

Die vermoë om in tale te kan praat is 'n gawe om ongelowiges van ander nasies te bereik. Om te profeteer of te preek is van waarde vir diegene wat glo. As die gawe van spreek in tale vir gelowiges was, sou dit nie die beginsel van onbaatsugtige liefde bevredig nie.

HOE DIT **NIE** MOET WEES NIE

> *As die hele gemeente dan saam vergader het en hulle sou almal in tale spreek en daar kom onkundiges of ongelowiges binne, sal hulle nie sê dat julle kranksinnig is nie?*
> 1 Korinthiërs 14:23.

'n Verwarring van tale van enige aard sal tot nadeel van die evangelie strek en sal ongelowiges eerder afskrik as na die waarheid toe lei. Onsamehangende uitinge sal vir niemand tot enige waarde strek nie. Die negatiewe voegwoord "maar" benadruk weer eens die korrekte wyse waarop aanbid moet word.

HOE DIT BEHOORT TE WEES

> ***Maar*** *as almal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n onkundige binnekom, dan word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel; en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is.*
> 1 Korinthiërs 14:24-25.

Die aanhoor van betekenisvolle woorde sal die siel oortuig en sal dit lei tot ware bekering.

**OPSOMMING**

*Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging –* ***laat alles tot stigting geskied.*** *En as iemand in 'n "taal" spreek, "laat dit dan wees" twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê. Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek. Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel. Maar as daar iets geopenbaar is aan 'n ander wat daar sit, laat die eerste swyg. Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word. En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe.*

1 Korinthiërs 14:26-32.

Hierdie is die voorskrif vir behoorlike kerk-orde. In die kerk behoort daar aktiwiteite te wees wat tot geestelike opbouing lei. In 'n veeltalige byeenkoms is die spreek in tale toelaatbaar, indien dit op 'n ordelike wyse geskied met behoorlike vertalings daarvan. Onverstaanbare uitinge is in stryd met die Gees van God, aangesien God nie 'n gawe sal skenk wat nie tot voordeel van andere is nie. Dit is teenstrydig met Sy natuur van onselfsugtige liefde. Die verskynsel van in tale praat is huidiglik 'n wêreldwye verskynsel,[19] maar die feit dat dit so 'n groot aanhang het, beteken nie dat dit in harmonie met die Skrif is nie:

> *... want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges.*
>
> 1 Korinthiërs 14:33.

> *... sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring.*
>
> Efesiërs 4:14.

## VERWYSINGS


[1] Lloyd & Leola Rosenvold, *Adventist Carnivals*, p. 116.
[2] *Documents of Vatican II*, pp. 83, 84.
[3] *Catechism of the Catholic Church*, Artikels 1157, 1158.
[4] Erwin Prange, *Voice*, April 1965, p.7.
[5] *The History of Christianity*, p. 636.
[6] Struik Christian Books, *The History of Christianity*, pp. 621, 622.
[7] *Ibid*, pp. 621, 622.
[8] Desember 1975, *Dimensions.*
[9] Winter 1996, National and International Religion Report, *Signswatch.*
[10] March 18, 1985, *Time Magazine.*
[11] *Great Books of the Western World*, Vol. 3, pp. 6-7.
[12] *Commentary on the Epistle of Paul the Apostle to the Corinthians*, Vol. 1, p. 403.
[13] V.N. Olsen, *The Gift of Tongues – A study of historical theology to the 18th century. In The charismatic movement – A report of the special committee meeting in camp Cumby-Gay, Georgia, 4 tot 9* Januarie 1973.
[14] C.B. Cutten, *Speaking in Tongues*, p. 71.
[15] *History of the Church of Jesus Christ of Latter Day Saints.*
[16] E.W. Kenyon, *In His Presence*, p. 92.
[17] E.W. Kenyon, *In His Presence*, p. 93.
[18] *Dividing Fire*, In Druk, P. Gey van Pittius.
[19] Hasel, *Speaking in tongues.*

# 13

# DIE NEW AGE-BEWEGING EN DIE MAITREYA

Die term "New Age" is ontleen aan astrologie. Die sodiak wat sy oorsprong in antieke Babilon het, bestaan uit twaalf tekens en dit neem ongeveer 25 000 jaar vir ons sonnestelsel om deur hierdie sterretekens te beweeg.

Die New Age-beweging leer hoofsaaklik dat die mensdom besig is om 'n era van verligtheid binne te beweeg. Die Tydperk van *"Pisces"* (visse), met sy klem op formele godsdiens, sal deur die Tydperk van *"Aquarius"* vervang word – dis die Tydperk van Verligtheid. Elke tydperk is veronderstel om vir 'n periode van twee duisend jaar te duur en elk het sy eie sodiakteken en planetêre krag:

> *Wanneer 'n oorgang plaasvind van een tydperk na die volgende en dus van een teken na 'n ander, neem sekere Meesters, wat dalk vir eeue lank besig was om hulle vir hul amp voor te berei deur meditasie en studie, die werk oor om die nuwe siklus te inspireer. Vir byna tweeduisend jaar was die aarde onder die wateragtige teken van "Pisces" wat deur "Neptunus" beheer*

> *word, waarvan die hoofeienskappe die totstandkoming van die Christendom en die oorwinning oor die oseaan was. Nou dat die nuwe siklus 'n aanvang geneem het, beïnvloed Aquarius, 'n lugagtige teken, die mens se denke langs wetenskaplike weë in elke rigting, veral om die lugruim te verower.*[1]

In die Tydperk van Verligtheid sal die mensdom 'n nuwe geboorte ervaar deur geïnisieer te word in 'n hoër staat van bewustheid wat die godheid in die mens reflekteer. Hoofsaaklik impliseer die leerstellings van die New Age-beweging dat die mens inherent goddelik is in 'n panteïstiese sin. Verder word daar geïmpliseer dat die materiële menslike element geleidelik ontwikkel het oor opeenvolgende lewens, en dat die geestes-element onsterflik is en vanaf die begin van tyd saam met God bestaan.

Volgens die New Age-filosofie vind die verandering van een fase na die volgende plaas deur die bemiddeling van die "Verligtes" wat die wysheid van die eeue versamel het. Wêreldgebeure word deur Opgevaarde Meesters beheer wat van tyd tot tyd inmeng in sake op aarde. Die New Age verwag die Maitreya, of die Christus, wat die mensdom tydens sy wedergeboorte sal bystaan. Vir die Christene sal hy as Christus verskyn, vir die Hindoes as die Krisjna, vir Islam as die Imam Mahdi, en vir die Ooste as die Bodhi-sattva. Sy amp is dít van Wêreldleraar en hy het toesig oor die lotsbestemming van die groot godsdienste.

Die Opgevaarde Meesters, wat deur aardse kanale spreek, beweer dat hulle die mensdom al vir duisende jare lank beïnvloed het en met elke millennium is daar 'n verandering in hul benadering. Daar word geleer dat daar hoofsaaklik nege wêreldleraars of -meesters is wat die oorgang van die tydperke deur die eeue heen beïnvloed het en dat talle geestelike wesens meegehelp het om die mensdom tot by die Tydperk van Verligtheid te bring. Hierdie Verligtes kan bestaan in 'n eteriese vorm of as inkarnasies. Die nege meesters is:

**Die Meester Hilarion** beweer dat hy Paulus in 'n vorige inkarnasie was. Volgens die New Age-binnekring handhaaf hy 'n Kretensiese liggaam en bring hy baie van sy tyd in Egipte deur. **Die Meester Morya** is 'n Rajput-prins wat in Shigatse woon en in 'n vorige inkarnasie Akbar se liggaam beset het. **Die Meester Koot Hoomi Lal Singh** wat van Kasjmirse oorsprong is en wat beweer dat hy in een van sy vorige reïnkarnasies Pythagoras was, woon ook in Shigatse. **Die Meester Jesus** wie se vorige inkarnasies Josua, die seun van Nun, en Jesus van Násaret insluit, woon vermom iewers in die Heilige Land. Volgens die New Age-filosofie het "Die Meester Jesus"

nie ten behoewe van homself opgetree toe hy hier op aarde as Jesus van Násaret was nie, maar dat hy toe oorskadu was ('n vorm van besetting) deur die Maitreya, of deur die Christus. **Die Venesiese Meester** wat beweer dat hy die reïnkarnasie van die skilder Paul Veronese was. **Die Meester Mahachohan** se plig is om te bepaal of daar enige teenstrydige magte in die ruimte is en om, indien nodig, dié magte teë te werk. **Die Meester Serapis** is bekend vir sy werk met Deva Evolusie en sy woonplek mag nie bekend gemaak word nie.

Die nege sogenaamde Grotes wat die siklusse van die mensdom geïnspireer het, is glo so gevorderd in hul denke en benadering dat hul leringe veronderstel is om soos musiek op die mens se ore te val:

> *Die gesamentlike note van hierdie nege Grotes skep koorde van harmonieuse klank in die hemel, tog binne die aura van die aarde vir dié se ondersteuning. Hy wat geleer het om hierdie verruklike musiek te hoor, het dit gedoen deur eers te luister na die noot van sy eie Meester, op die binneste vlakke en tydens meditasie. Streef na Hom Wat jy voel jou eie Meester is as jy hier op aarde daardie noot wil hoor, al is dit aanvanklik vaag, die noot wat uiteindelik jou hart met Syne sal harmoniseer.*[2]

Daar is ook ander Opgevaarde Meesters wat vir die New Age belangrik is. Elkeen het 'n spesiale boodskap vir 'n spesifieke tydperk of situasie. Die leringe van die New Age-beweging is deurweek met Oosterse mistisisme en okkultisme. Dit vorm deel van die herlewing van die antieke Babiloniese hiërargie waarin die towenaars, astroloë en die mistici saam met die Chaldese priesters gewerk het in godsdienstige sake en sake van die staat. Toe Nebukadnésar sy droom gehad het, het hy hierdie "wyse manne" geraadpleeg om 'n interpretasie te bekom:

> *Toe het die koning bevel gegee om die geleerdes en die besweerders en die towenaars en die Chaldeërs te roep, om vir die koning sy droom uit te lê. Toe hulle kom en voor die koning gaan staan…* Daniël 2:2.

Hierdie sisteem van heidense hiërargie was nie slegs beperk tot Babilon nie, maar was die alomvattende sisteem van die meeste heidense kulture. Dit geval die mens om 'n godsdiens te hê wat met mistisisme deurdrenk

is en om waarsêers en fortuinvertellers te hê wat die onbekende bekend maak. Hierdie bedrieglike sisteem het selfs die geledere van die Israeliete binnegesluip en die denkwyse het hul eie godsdiens besmet. Dit het die profeet Jeremia genoop om sy volk te waarsku:

> *Júlle moet dan nie luister na julle profete en na julle waarsêers en na julle dromers en na julle goëlaars en na julle towenaars nie, wat met julle spreek en sê: Julle sal die koning van Babel nie dien nie.* Jeremia 27:9.

Die Tydperk van Verligtheid waarin ons tans leef, sal nog blyk ’n periode van groot geestelik donkerte te wees. Dieselfde stelsel bestaan vandag nog onder moderne dekmantels. Regerings raadpleeg mediums en astroloë en selfs die mees gerespekteerde politici van die dag maak gebruik van dieselfde lys van konsultante – net soos die koning van Babilon gedoen het.

Die Bybel leer dat die loon van die sonde die dood is en dat God dit in die tuin van Eden baie duidelik gemaak het, dat indien Adam en Eva die wet van God oortree, hulle die gevolge van hul oortreding sou moes dra, en die gevolge was dat hulle hul onsterflikheid sou verbeur. Dit was die slang wat vir Eva mislei het om die wet van God te oortree deur van die verbode vrug te eet. Die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad was ’n toets van gehoorsaamheid vir die Edense paartjie. Daar was geen deug in die onthouding van die boom self nie. Die deugsaamheid het bestaan in gehoorsaamheid aan God se vereistes.

Volgens die Bybelse beskrywing het Satan God se doel bevraagteken, met die plasing van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad in die middel van die tuin:

> *Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?* Génesis 3:1.

In haar antwoord aan die slang (die slang synde die middel waardeur die Satan gepraat het), maak Eva dit heel duidelik dat sy ten volle verstaan het wat God gesê het:

> *En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van al die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.* Génesis 3:2-3.

Satan antwoord haar met die eerste twee leuens wat teenoor die mens geuiter is naamlik: *"Julle sal gewis nie sterwe nie"* en *"Julle (sal) soos God ... wees"*:

> *Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.* Génesis 3:4-5.

Die tweeledige leuens betreffende die mens se onsterflikheid en ingebore goddelikheid was nog altyd deur al die eeue heen Satan se grondslag vir sy valse godsdiens. Dit is deur hierdie twee leuens dat Satan die belangrikheid om verlossing in Jesus te soek uit die mens se gedagtes kan uitwis. Met onsterflikheid het ons nie Christus nodig om dit wat ons nie verloor het, terug te kry nie. Beklee met goddelikheid, is ons Sy gelyke, en ons is in staat om onsself te verlos. Met hierdie meesterstuk van Satan word die verlossingsplan van nul en gener waarde. Die sukses wat hy in Eden behaal het, is 'n sukses wat hy deur al die eeue heen geniet het, en veral in die eindtyd sal sy strategie wat hy met groot sukses in Eden toegepas het, gebruik word om die oorgrote meerderheid van die mensdom te mislei voor die groot en deurlugtige dag van die HERE. Die Bybelse beskrywing toon aan ons dat dit Satan se karakter is wat na die mensdom oorgedra is:

> *Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gaan gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.* Génesis 3:6.

Deur te begeer om soos God te wees, is dit nie net die tiende gebod wat verbreek word nie, maar ook die eerste. Om God se posisie te begeer en om te begeer om jouself in God se plek te stel, sal uiteindelik daartoe lei dat jy al die gebooie verbreek en dus daardeur die wet van God van nul en gener waarde maak. Dit is dubbel en dwars in die geskiedenis van die mensdom bewys.

Die onvervalste leringe van die Skrif staan soos 'n verskansing teen die sataniese misleidings, maar met verloop van tyd is die groot waarhede onder die puin van die valse leerstellings begrawe. Die twintigste eeu, in vele opsigte 'n tydvak van groot vooruitgang en wetenskaplike wonders, is ook die eeu van verskriklike geestelike verval. Profeties leef ons in die laaste dae van die finale konflik tussen die evangelie van Jesus Christus en Satan, en die New Age-beweging is Satan se meesterplan om die waarheid teë te werk.

Die moderne New Age het sy oorsprong in spiritisme en kommunikasie met geesteswesens. Aangesien die Bybel leer dat die dode in 'n staat van onbewustheid is (sien Hoofstuk 10, *Die Mistieke Doderyk)* moet hierdie geesteswesens demoniese magte verteenwoordig wat hulle voordoen as mense. Die Bybel leer inderdaad dat in die laaste dae mense die leringe van duiwels sal bestudeer, en ons moet hoegenaamd nie met die demoniese magte deurmekaar raak nie.

> *Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang.* 1 Timótheüs 4:1.

> *Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.*
> 1 Korinthiërs 10:20-21.

'n Meer verfynde vorm van spiritisme wat neig om Christelike konsepte te kombineer, is 'n kenmerk van die New Age-teologie wat in die middel van die negentiende eeu begin het. Die stigter van die "*Christian Science*"-beweging, Mary Baker Eddy, was een van die eerstes wat andere geleer het van die onsterflikheid van die siel en die ingebore goddelikheid van die mens. In haar boek, "*Science and Health with a Key to the Scripture,"* word die eeue-oue beginsels van gnostisisme, panteïsme, Hindoeïsme en dualisme weer eens met Christelike konsepte vermeng. Die tweeledige leuens wat Satan in die Tuin van Eden gespreek het, word in haar werke herhaal. 'n Paar stellings uit haar boek is genoeg om die punt te illustreer:

> *Boosheid ken geen realiteit nie. Dit is nog mens, plek of ding, maar dit is slegs 'n geloof, 'n illusie van materiële aard.*[3]

> *Laat ons onthou dat die harmonieuse en onsterflike mens van altyd af bestaan het.*[4]

> *Die dood. 'n Illusie, die leuen van lewe in materie… Enige materiële bewys van die dood is vals, want dit weerspreek die geestelike feit van bestaan.*[5]

> *Man en vrou as mede-bestaande vir ewig saam met God reflekteer in verheerlikte gelykheid die ewige Vader-Moeder God.*[6]

> *Siel is die goddelike beginsel van die mens en pleeg nooit sonde nie, daarom die onsterflikheid van die siel.*[7]

Die **Mormone** het soortgelyke konsepte. Die Mormoonse "*Doctrine of Covenants"* verklaar:

> *Jy was ook in die begin by die Vader. Die mens was in die begin by God. Intelligensie, of die lig van waarheid, was nie geskape of gemaak nie, nog minder kan dit wees.*

Brigham Young, die bekende Mormoonse leier, het na berig word, gesê:

> *Die duiwel het die waarheid gepraat aangaande die Godheid. Ek blameer nie vir moeder Eva nie. Vir niks sou ek wou hê dat Eva die vrug nie moes eet nie. Deur die gawe van sonde kan die mensdom godheid bereik.*

Moderne New Age mediums en boeke benadruk dieselfde konsep: Virginia Essene, 'n hedendaagse medium, verklaar dat "Jesus" deur haar gesê het:

> *Die dood is die skepping van die mens en nie God nie. Dit is die eenvoudige waarheid.*

Die voorloper van die New Age-beweging is die *"Hindu Reformation Movement"* (1830-1870). 'n Sentrale lering van hierdie beweging is Bahti – die lering dat die goddelike natuur genader kan word deur gerigte meditasie, konsentrasie en visualisering. Hindoe ghoeroes is onder die beheer van 'n geheime organisasie genaamd Visha Hindu Parishad. Sulke groepe sluit in Rama Krishna, Vedanta-bewegings, Hare Krishna, ISKON, 3HO, die Teosofiese Vereniging en baie Joga groepe. Hulle verklaarde doelwit is om alle godsdienste te verenig. Die geskiedenis van hierdie afvalligheid kan teruggevoer word na Babilon en is deur al die eeue heen volgehou. In die tyd van Christus het die Esseners okkultiese leringe aangehang, en later is hulle ingelyf by 'n broederbond genaamd Soefi. Diegene wat in beheer van hierdie mistieke organisasies is, staan bekend as die Meesters van Wysheid. Huidiglik is die *"Great White Brotherhood"* met sy hoofkwartiere in Tibet, die bron waarna die meeste okkultiese organisasies teruggevoer kan word, insluitend die *Orde van die Rosekruis, Ordo Templi Orientis, Die Beierse Illuminati* en selfs die *Jesuiëte*. Volgens 'n bekende okkultis, Elizabeth van Buren, word die *"Great White Brotherhood"* gelei deur Sanat Kumara (Sanat is 'n herrangskikking van die letters in die woord "Satan").

Simbole wat deur die New Age-beweging gebruik word, is hoofsaaklik dieselfde as dié wat deur die Jesuïtiese Orde en die Vrymesselaars gebruik word en hul oorsprong kan teruggevoer word na Babilon en Egipte. Vrymesselary gebruik die akroniem "Solomon" en "Solomon's Temple" om aanvaarbaarheid aan hul rituele te verleen, maar hierdie rituele is egter wesenlik dieselfde as wat in alle paganistiese geheime organisasies gevind word. Sol-om-on is die name van die songod in Latyn, Oosterse mistisisme en antieke Egiptiese mistisisme. Die "wedergebore" ondervinding van Vrymesselary en baie ander geheime organisasies en godsdienstige liggame kan nie gelykgestel word aan die Bybelse konsep van bekering nie, omdat hulle rituele behels soos om in 'n doodskis te lê en om dan weer deur 'n meester opgewek te word tot 'n lewe van verligtheid. Verder is die tempel rituele presies dit wat God Sy volk beveel het om nie na te volg nie, aangesien hulle betrekking het op die verheerliking van hemelliggame. Tempel terminologie, Mithraïsme, Oosterse godsdienste en die hedendaagse Christendom is almal op gelyke grondslag in die New Age en word in die konteks van die antieke Babiloniese geheimenisse geplaas – die nuwe godsdiens vir die New Age. Hulle eie geskrifte illustreer hierdie punt:

> *… die twee pilare van Jagin en Boas... het ontstaan ongeveer agtduisend jaar gelede. Toe kom Taurus, die Bul, waarin Mitra gekom het as die wêreldleraar*

> *wat die Geheimenisse van Mitra ingestel het met 'n (klaarblyklike) aanbidding van die Bul. Volgende was Aries, die Ram, wat die aanvang van die Joodse dispensasie ingelui het wat belangrik is vir die Jode en ongelukkig van belang vir die Christelike geloof, maar van geen belang is vir die ongekende miljoene in die ander dele van die wêreld nie; gedurende hierdie siklus het Boeddha gekom, Shri Krishna en Sankaracharva; uiteindelik het ons die Tydperk van Pisces die Visse, wat vir ons die Christus gebring het. Die opeenvolging van die Geheimenisse wat elkeen van die tekens van die sodiak vergestalt, sal vir ons deur die Christus verklaar word.*[8]

Op pad na die finale Wêreldgeloof is 'n voorbereidingswerk gedoen deur 'n aantal mistici om die weg te baan vir die aanvaarding van hierdie denkrigting. Die moderne Teosofie-Beweging is versprei grotendeels deur die pogings van Helen Petrovna Blavatsky wat by Koot Hoomi, een van die Meesters, gebly het, en wat bevorderlik was vir die bekendstelling van die antieke okkultiese idees aan die Westerse beskawing. Blavatsky se boek, *"The Secret Doctrine",* bevat baie materiaal wat gekanaliseer is, en die tweeledige leuens van Eden word weer eens herhaal.

Die Hoëpriesteres van die moderne New Age-beweging is ongetwyfeld Alice A. Bailey (1880-1949) wat boodskappe ontvang het van die Tibetaanse Meester Djwal Khul, ook bekend as D.K., wat 'n leerling van Koot Hoomi was. Haar bekende werke sluit in *"Problems of Humanity"* en *"The Reappearance of Christ"*. Hierdie geskrifte moes die wêreld voorberei vir 'n een-wêreldregering, een-wêreldgodsdiens en universele aanvaarding van die Christus (Satan wat hom voordoen as 'n engel van die lig). Djwal Khul beweer dat diegene wat met hom geassosieer is, hom deur die amp van Alice A. Bailey sal herken. Hy beweer verder:

> *Ek is 'n broer van jou wat 'n bietjie langer as die gemiddelde student op die Weg gereis het en derhalwe aan meer verantwoordelikhede blootgestel is. Ek is een wat deur stoei en veg sy pad gebaan het na 'n groter mate van lig as die aspirant wat hierdie artikel sal lees, en ek moet derhalwe as voortplanter van die lig optree, ongeag die gevolge. Ek is nie 'n ou man nie, sover as wat ouderdom onder die leraars gereken*

> *word, en tog is ek nie jonk en onervare nie. My werk is om andere te leer en om die kennis van die Tydlose Wysheid te versprei, waar ek ookal 'n reaksie kan vind, en ek doen dit al jare lank.*[9]

Die kern van sy boodskap was dat die New Age se mistieke idees gekamoefleer word deur die uiterlike simbole van gelukbringers en talismans, asook sulke New Age konsepte soos astrologie, numerologie, kleurterapie, kaartlesings, handlesery, die krag van piramides, natuurlike genesings en eko-bewustheid, uiteindelik al die godsdienste sou infiltreer, en aangevuur deur die aanvaarding van die tweeledige leuens van onsterflikheid en ingebore goddelikheid, sal almal later die vals Christus aanvaar wat die wêreld tydens 'n millennium van vrede sal lei.

Djwal Khul het sy volgelinge opdrag gegee om hierdie leerstellings deur elke denkbare kanaal te versprei – die media, die vermaaklikheidswêreld, skole en ander instansies van onderwys en geneeskunde – en dat dit na 1975 'n aanvang moes neem. Geheime organisasies soos die Vrymesselaars, die Illuminati en diegene verwant aan godsdienstige organisasies, sou die ekonomieë van die wêreld infiltreer en die groot godsdienstige bewegings gereedmaak vir eenwording met aanvaarding van die Biskop van Rome as die opper godsdienstige gesag van die 20ste eeu. Inligting oor hoe hierdie doel bereik gaan word, sou deur die Meesters deur uitgekose individue gekanaliseer word, wat regerings op hoogte sou hou en sou toelaat vir die beplanning van strategieë. Die wêreld word voorberei vir die finale konflik tussen Christus en Satan.

Die groot Katolieke visioenêr, Don Bosco, het in 1862 voorspel dat die pous daarin sou slaag om die "evangelie"-skip te anker tussen die tweeling pilare van die geloof teen die einde van die twintigste eeu. Die tweeling pilare wat hy in gedagte gehad het, is dié van die Nagmaal en die verering van Maria. Die hostie van die nagmaal is die simbool van 'n verslane Christus (Christus word oor en oor geoffer) en Maria is die simbool van die songod of die groot vroulike verpersoonliking van daardie god, Isis, Artemis, Venus, Astarte of wat 'n mens haar ookal mag noem. In die New Age denke is die godin-konsep (die groot moeder aarde) ook baie prominent. New Age voorstander en sielkundige Ken Wilber skryf:

> *Die groot godin Kali van Indië wanneer sy in haar hoogste vorm as die vrou van Shiva gesien word, is die volmaakte voorbeeld van die assimilasie van die ou Groot Moeder beeld in 'n nuwe en hoër liggaam*

> *van die Groot Godin mitologie... wat dien as werklike offer in die bewustheid, nie 'n plaasvervangende offer in bloed nie... Die "Sondeval" was 'n evolusionêre vooruitgang en volmaakte groei, maar dit was as 'n val ondervind omdat dit noodwendig gepaard gegaan het met 'n verhoogde skuldgevoel, kwesbaarheid en kennis van sterflikheid en oneindigheid... Deur die eet van die Boom van Kennis het mans en vrouens nie slegs bewus geword van hul reeds sterflike en begrensde toestande nie, hulle het ook bewus geword dat hulle dié van Eden se onderbewustheid moes verlaat en begin met die werklike lewe van hul ware self... Hulle is nie uit die Tuin van Eden uitgedryf nie; hulle het grootgeword en self uitgestap. (Terloops, vir hierdie dapper stap moet 'n mens vir Eva bedank en haar nie blameer nie).*[10]

In kontras hiermee het die Bybel sy eie pilare van geloof wat op 'n heel ander fondasie gegrond is, naamlik gehoorsaamheid aan God en geloof in Jesus Christus:

> *Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.* Openbaring 14:12.

Die finale stryd vir oppergesag is 'n stryd vir die verstand; geen wonder dat die vermaaklikheids- en mediawêreld 'n prima teiken sou wees vir die bekendstelling van die New Age-filosofie nie. Die groot Hollywood vermaaklikheidsterre van die 20ste eeu was 'n prima teiken en vandag weet ons dat die Meesters spreek deur verskeie kanale ('n hedendaagse naam vir 'n spiritistiese medium) en as hul kliënte het hulle prominente sterre van die musiek- en teaterwêreld soos Ramtha wat deur J.Z. Knight praat met Shirley Maclaine, Burt Reynolds, Clint Eastwood, Richard Chamberlain, die oorlede Joan Hackett, Shelley Fabares, Mike Farrell, Linda Evans en vele ander. Shirley Maclaine is nou verbonde aan 'n Indiese Joga deskundige genaamd Bikram wat onder sy kliënte ook Michael Jackson en Quincy Jones getel het. Die akteur Richard Gere het verbintenisse met Tibet en Patrick Duffy en Tina Turner is oortuigde Boeddhiste wat New Age-ideologieë aanhang.

Dit is deur hierdie rolmodelle dat die sienswyse van die 20ste eeu se generasie in ooreenstemming gebring moet word met die New Age-konsepte. 'n Verdere metode is rekenaar-tegnologie. Rekenaarspeletjies en

sagteware word grotendeels vervaardig deur organisasies wat die oogmerke van okkultisme bevorder. Die rekenaarspeletjie Hexen het 'n okkultiese ondertoon wat die spot dryf met die boek van Openbaring, met helde wat juis dié trilogie vorm wat in Openbaring as Babilon geïdentifiseer word. Okkultiese speletjies van hierdie aard is 'n prominente kenmerk van die New Age en die bekendstelling van Hexen was selfs beplan om saam te val met Duiwelsnag (Halloween), 31 Oktober 1994.

Een van die eerste ware openbare advertensies vir die New Age was bekendgestel deur die musiekblyspel *"Hair"* waar die temalied die New Age-konsep deur middel van die volgende woorde bekendstel:

> Wanneer die maan in die sewende huis is
> En Jupiter met Mars oplyn -
> Dan sal vrede die planete rig,
> En liefde die sterre lei,
> Dit is die opkoms van die Tydperk van *"Aquarius"*;
> Harmonie en Begrip,
> Simpatie en Vertroue in oorvloed,
> Geen valsheid of skeiding meer,
> Goue lewe, drome van visioene,
> Mistieke kristal openbaring,
> En die verstand se ware bevryding,
> *"Aquarius! Aquarius! Aquarius!"*

Die konsepte van reïnkarnasie, lewe na die dood en die terugkeer van geeste na hierdie aarde is deel van die vermaaklikheidswêreld. Afgestorwe sterre word vereer en as gode aanbid (Elvis Presley) en wonderwerke word aan ander toegeskryf (Michael Landon). Hedendaagse TV-vertonings is vol van na-doodse ondervindings, tweede kans-teologie, kommunikasie met engele, engele wat mense word en verhoudings met vrouens het, en so gaan die lys aan en aan. Die wêreld glo werklik die tweeledige leuens van Eden.

Westerse denke was oop vir Oosterse mistisisme en dis maar 'n kort sprong van die aanbidding van die dode tot die aanbidding van die lewendes. Oosterse ghoeroes soos Sri Sathya Sai Baba in Ashram word aanbid as "Almagtige God" en bedevaartplekke word in Westerse stede en huise tot sy eer opgerig. Die Duitse volk in besonder is baie ontvanklik vir die aanbidding van Sai Baba. Sy boodskap weer eens is: "Jy moet jou naaste liefhê, vrede, en God is in ons almal." Dit is die valse millennium lering van vrede en veiligheid.

Vir die intellektuele, vind die New Age-teologie sy hedendaagse realisering in die geskrifte van Helen Schucman, ’n sielkundige van die psigiatriese departement te Columbia Universiteit. Nadat sy haar aanvanklik teen die onhoorbare stem van ’n Opgevaarde Meester verset het, het sy uiteindelik ingestem om die groot New Age boek vir die moderne mistikus te skryf – ’n onderwyshandleiding van hoe om goddelikheid te bereik en om soos Christus te word, in staat om alles te doen wat Hy gedoen het. Die geskrif staan bekend as *“A Course in Miracles”*. In haar eie woorde beskryf sy die ondervinding as volg:

> *Toe ek aanvankllik vir hierdie taak genader is, het die vraag aanhoudend by my opgekom: “Maar waarom ek? Waarom ek, wanneer daar so baie ander goeie mense beskikbaar is?” En die antwoord kom, ter sagte ondersteuning, “Want jy wil die ware ek ken, is gewillig om te dien en jy het aan my toestemming verleen om jou lewe binne te kom.” Oor en oor is aan my vertel dat, omdat hierdie ’n planeet van wilsvryheid is, moet almal van ons vra om die geestelikes te ontvang – ons moet deur ons persoonlike keuse instem om saam te werk.*[11]

Die euwel wat in hierdie teks verskuil is, is onbeskryflik. Dit speel op die ego van die mens, en Satan gebruik subtiele leuens om die mens te dwing om met sy skemas saam te werk. Dit is egter verblydend dat selfs Satan weet dat die mens geskape is met vryheid van keuse en as ons die regte kant in die groot konflik kies, het hy geen reg om ons gedagtes te beheer nie.

Deur middel van hierdie gekanaliseerde werk word die mensdom deur ’n reeks lesse in die okkultiese denkwyse geïnisieer. Elke les begin met ’n monotone gesang wat die aparte bestaan van die liggaam en die siel bevestig. “*Ek is nie ’n liggaam nie, ek is vry.*” Die tweeledige leuens dat daar geen dood is nie en dat ons oor ingebore goddelikheid beskik, word aanhoudend herhaal:

> *Daar is geen dood nie, want die Seun van God is soos Sy Vader. Niks wat jy doen, kan die Ewige Liefde verander nie. Vergeet van jou drome van sonde en skuldgevoelens, en kom saam met my om deel te hê in die opstanding van God se Seun. En bring saam met jou al diegene wat Hy na jou toe gestuur het om vir hulle om te gee soos ek vir jou omgee.*[12]

’n Verdere verklaring is: “Ek roep God se Naam aan en ook my eie.” Daardeur maak die mens homself gelyk aan God:

> *Die Naam van God is my Verlossing*
> *Van elke gedagte van euwel en sonde*
> *Omdat dit myne is sowel as Syne is.*[13]

Dit is Satan se strategie om die gedagtes weg te lei van sonde en belydenis sodat verlossing oorbodig sou word. Dieselfde leuens wat in die New Age-teologie verskuil is, vind hul toegang tot die sogenaamde Christelike kerke van ons tyd. Na die 1000ste televisie-uitsending van sy *“Hour of Power”*, is Dr. Robert Schuler gelukgewens deur Moeder Theresa, Billy Graham, C. Scott King (weduwee van Martin Luther King), al die lewende presidente van die Verenigde State van Amerika sowel as vermaaklikheidster, Sammy Davis Jr. Schuler het die volgende gesê:

> *Ek glo dat die verantwoordelikheid vir hierdie tydperk is om geloof positief te maak. (Hierdie het nie veel betekenis vir julle eenheidsmense nie, julle is positief), maar ek praat van groepe wat nie positief is nie, selfs diegene wat ons fundamentaliste noem wat altyd te doen het met woorde soos sonde, verlossing, bekering, skuldgevoel en daardie tipe van ding. Ek is besig met hierdie mense. Wat nodig is, is dat ons woorde wat in die verlede slegs negatiewe konnotasies gehad het, as positief beskou.* ***Daar is geen groter skade wat gedoen kan word as om na die verlore, sondige toestand van die mens te verwys nie.*** (Klem bygevoeg.)

Indien sonde nie langer ’n kwessie is nie, het ons beslis nie ’n Verlosser nodig nie. Die groot godsdienste van die wêreld is bedrieg om ‘n namaaksel te aanvaar. In die Rooms-Katolieke Kerk word die New Age openlik verkondig deur die liberale Katolieke Kerk, wat reïnkarnasie en die wette van karma leer, en verwys na die Christelikheid van *die* Christus eerder as Jesus Christus. Katolieke priesters neem openlik die Zen Boeddhistiese idees aan. Moeder Theresa was ’n groot voorstander van New Age-ideologieë. Sy was ’n ondersteuner van die eenheids-idee, en het die konsep dat alle godsdienste na verlossing lei, aangeneem. Die tema van die groot wêreldwye oorlewings-gemeenskaps-konferensie in Oxford, Engeland was:

> *Ons moet die etiese en die praktiese, die politikus en die priester, die heilige en die sekulêre laat saamsmelt.*

Teenwoordig by hierdie vergadering was die Aartsbiskop van Kantelberg, Robert Runcie, Katolieke Kardinaal Franz König, die Dalai Lama sowel as senior Katolieke, en Moslem, Joodse, Hindoe, Sikh, Sjinto, Zoroastriese Jain en Hopi godsdienste. Hulle was besig om "*'n nuwe vennootskap te vorm in antwoord op 'n wêreldwye krisis."* Dit staan op rekord dat Moeder Theresa gesê het:

> *O, ek hoop ek is besig om te bekeer. Ek bedoel nie wat julle dink nie... As ons van aangesig tot aangesig met God kom, neem ons Hom in ons lewens aan, dan is ons besig om te bekeer. Ons word 'n beter Hindoe, 'n beter Moslem, 'n beter Katoliek, 'n beter wat ons ookal is. Watter benadering sou ek gebruik? Vir my, natuurlik, sal dit 'n Katolieke een wees, vir jou mag dit dalk Hindoe wees, vir iemand anders Boeddhisties, volgens die persoon se gewete.* ***Wat God ookal in jou gedagtes is, moet jy aanvaar.*** (Klem bygevoeg.)

So 'n evangelie verwerp die evangelie van Jesus Christus. Die moderne Christendom het 'n vorm van okkultisme geword, oënskynlik onbevoeg om die leerstellings van die Bybel te onderskei van die leerstellings van demone. Geen wonder nie dat amptelike versoeke deur kerkleiers in Engeland gerig word om séances in kerke te hou, sonder enige teenkanting van die kerklike hiërargie. Kerkleiers ondersteun openlik okkultisme. In die geval van die Harry Potter boeke durf geen kerkleier enigiets negatief sê nie, aangesien die boeke skynbaar die kinders goeie waardes leer. Het die mens okkultiese temas nodig om kinders goeie waardes te leer? Een van die mees aangehaalde ondersteuners van die Potter boeke is *"Christianity Today"* se kolumnis, Charles Colson, wat in sy 2 November 2000, radioprogram, *"Breakpoint",* opgemerk het Harry Potter en sy vriende *"ontwikkel moed, lojaliteit en 'n bereidwilligheid om opofferings vir mekaar te maak – selfs ten koste van hul eie lewens. Nie slegte lesse in 'n self-gesentreerde wêreld nie."*

New Age-teologie wag vir die Christus om terug te keer, maar hierdie Christus is nie Jesus Christus nie. Hierdie Christus is die sogenaamde "wêreldleraar" wie se leringe nie in ooreenstemming met die Bybel is nie, en wat homself voordoen as Christus, en as Jesus Christus deurgaan. Die

New Age-teoloog, Matthew Fox, beskryf die kenmerke van hierdie New Age Christus-beweging soos volg:

> *Hierdie boek handel oor die gewyde en ons respons daartoe: eerbied. Die gewyde wat? Die gewyde alles. Die gewyde skepping: sterre, sterrestelsels, walvisse, grond, water, bome, mense, gedagtes, liggame, beelde, die heilige alomteenwoordigheid van die Goddelike Een in alle dinge. Die Westerse term vir hierdie beeld van God wat in alle dinge teenwoordig is, is "die Kosmiese Christus" ... Watter skepsel durf ontken dat dit 'n onsterflike diamant is? 'n Oorspronklike seën, 'n beeld van die Goddelike Een? Dit is my ondervinding dat dit slegs die menslike spesie is wat durf om sy goddelikheid te ontken, wat durf om die Kosmiese Christus te ontken.*[14]

Die sentiment hier uitgespreek is dieselfde as dié van die slang in Eden. Die mens is goddelik en die Kosmiese Christus is die opperste manifestasie van hierdie idee. Matthew Fox skryf die historiese Jesus uit die manuskrip van wêreldgebeure en vervang Hom met die Kosmiese Christus:

> *As my stelling korrek is, dan is dit tyd om weg te beweeg van die soeke na die historiese Jesus, na die soektog na die Kosmiese Christus; dit sal help om die verwronge godsdiens en vals-mistieke beweging van ons tyd wat algemeen bekend staan as fundamentalisme en soms Christo-fascisme genoem, te versag ... In hierdie boek doen ek 'n beroep vir die aftakeling van liberale godsdiens en die herstigting van geloof as 'n mistieke, profetiese, kosmologiese wêreldsiening – 'n transformasie en vernuwing, nie slegs 'n reformasie of herskommeling van 'n afgematte agenda nie... Dit benodig die tipe vernuwing waarvan Johannes XXIII gedroom het toe hy sy revolusie in die Vatikaan in die 1960's geloods het. Miskien sal 'n nuwe "ekumeniese raad" in ons leeftyd te voorskyn kom. Hierdie een sal diep ekumenies wees en sal die wysheid van al die wêreld se godsdienste byeenroep.*[15]

Baie interessant, daar word na Christene wat in die Bybel glo, as fasciste verwys, en dit blyk asof niks in die weg moet staan van die een-wêreldgodsdiens wat deur Vatikaan II voorgestaan word nie. Volgens Matthew Fox, sal hierdie Kosmiese Christus dinge laat gebeur en sal hy die godsdiens en geestelike ingesteldheid van die mense verander:

> *Hierdie Kosmiese Christus sal dinge laat gebeur, 'n hartsverandering teweegbring, 'n verandering van kultuur, 'n verandering van gebruike. Hierdie Kosmiese Christus sal (die mens) lei na diepe seksualiteit, diepe kommunikasie tussen jonk en oud; diepe kreatiwiteit in lewenstyle, werk en geleerdheid; diepe aanbidding; diepe ekumenisme en interaksies tussen al die godsdienste op die planeet.*[16]

Aangesien Matthew Fox se wortels diep in Rooms-Katolisisme gegrond is, bevorder hy ook die tweeling pilare van Katolisisme, die Eucharistie en verering van die vroulike godheid.

> *Die Eucharistie... daar is 'n belofte van moederlike eros (Grieks vir passievolle liefde) hierin... Godsdiens wat die moederlike onderdruk en verdraai sal ook die antieke tradisie van God as Moeder onderdruk, asook die godin in elke persoon.*[17]

Heidense aanbidding, veral die aanbidding wat gepaardgaan met die vroulike god, was 'n vorm van vrugbaarsheidskultus. Die taal van die bogenoemde aanhaling bind die oer-oue paganistiese ideologieë netjies saam. New Age-leringe is direk in stryd met Bybelse leringe:

> Die Bybel leer dat Jesus die Seun van God is.
> New Age leer dat Jesus een van die Meesters is.
>
> Die Bybel leer dat ons deur genade gered word.
> New Age leer dat ons goddelikheid deur werke verkry.
>
> Die Bybel leer dat Jesus die enigste weg tot redding is (verlossing buite die mens self).
> New Age leer dat 'n mens Christus-bewustheid binne jouself moet laat ontwaak.

Die Bybel leer dat Lucifer die duiwel is.
New Age leer dat Lucifer (die ligdraer) die ware seun van God is.

Die Bybel leer dat 'n mens God moet aanbid.
New Age leer dat 'n mens die skepping moet aanbid

Die Bybel leer dat die mens geskape is.
New Age leer dat die fisiese mens ge-evolueer het en dat die geestelike mens nog altyd bestaan het.

Die Bybel leer dat God nie deel van die skepping is nie.
New Age leer dat God deel van die skepping is (panteïsme).

Die Bybel leer heropstanding.
New Age leer reïnkarnasie.

Die Bybel leer dat die Woord waarheid is.
New Age leer dat die waarheid binne die mens is.

Die Bybel leer dat ons moet wag vir die wederkoms van Christus wat vir almal sigbaar sal wees. Sy wederkoms in heerlikheid is die salige hoop.
New Age wag vir die Maitreya (toekomstige Boeddha) wat bystand sal verleen met die oprigting van 'n een-wêreldregering, -geldstelsel en -godsdiens.

Die Bybel leer die mens om van sonde weg te draai.
New Age leer die mens om van onkunde weg te draai, want daar is geen sonde nie.

Die Bybel leer heiligmaking deur Jesus Christus.
New Age leer die ontdekking van ons eie goddelikheid.

Die nuwe geloof is aards-gesentreerd en hierdie tipe van godsdiens was in Babilon beoefen. Dit is ervaringsgodsdiens wat fokus op toestande van geesvervoering, drome, visioene, waarsêery, spiritisme, toorkuns, heksery, gelukbringers, amulette, sonnestilstand-rites, slangaanbidding, en selfs die sogenaamde heilige seksrituele.

Die godsdienstige magte van die wêreld soek eenheid. Deur middel van die ekumeniese beweging, verenig kerke op gemeenskaplike doktrinale kwessies, en die finale doel van alle ekumenisme is die aanvaarding van die Biskop van Rome as die opperste godsdienstige leier. Die groot Oosterse gelowe soos Boeddhisme het alreeds daardie gesag erken toe Pous Johannes Paulus II namens al die gelowe gepraat het tydens die vyftigste herdenking van die Verenigde Nasies. Die Verenigde Nasies is die weg na eenheid soos sy Hindoe Kapelaan Sri Chimnoy bevestig het:

> *Die Verenigde Nasies is die weg, die weg na eenheid, wat sal lei tot die Opperste Eenheid. Dis soos 'n rivier wat vloei na die bron, die Uiterste Bron. Maar die dag sal aanbreek wanneer die visie van die Verenigde Nasies die wêreld sal red. En wanneer die realiteit van die Verenigde Nasies begin vrugte dra, dan sal die asem van onsterflikheid 'n lewende werklikheid op aarde word.*[18]

Verskuil tussen die edel agendas is die geheime agendas vir die oprigting van 'n een-wêreldregering met 'n een-wêreldgodsdiens. Soos *"Time"* tydskrif in sy gedenk-artikel van 6 November 1995 dit stel: *"Almal tesame nou: Ons Is die Wêreld."* Die New Age-beweging het die weg gebaan vir hierdie finale misleiding wat die aarde in Satan se kamp sal invee, naamlik die vals wederkoms van Christus.

In 1982 het Benjamin Crème van die Tara Sentrum-organisasie volblad advertensies in hoof dagblaaie wêreldwyd geplaas en verklaar, "*Die Christus is Nou Hier:*"

> *Besielde Christelike kerke waarin nuwe lewe geblaas is sowel as Vrymesselaar-losies sal gebruik word om massa planetêre inisiasies uit te voer.*[19]

Sedertdien het hy die kanaal geword wat deur die Christus oorskadu word (beset) wat sy koms onder die mensdom aankondig. In sy boek, *"The Reappearance of the Christ and the Masters of Wisdom",* is gekanaliseerde inligting vrygestel oor die verskyning van die Christus (Maitreya) wat op hande is:

> *Baie van julle sal My binnekort sien. Deel met julle broeders hierdie vreugdevolle verwagting en sê vir hulle Maitreya, hul Vriend, hulle Broeder, hulle Leermeester van ouds, het gekom.*[20]

> *... die nodigheid vir oorlog is verby... die menslike instink is om te lewe en lief te hê... haat kom as gevolg van skeiding... die Wet van God lewe in die mens en is fundamenteel tot sy natuur. Al hierdie dinge sal ek julle wys. Werk saam met My en bewys dat dít die waarheid is. Ek is die draer van God se Liefde. Ek is die Administrateur van God se Wil. Die Lig van God leef in My en daardie Lig laat ek op jou skyn. Groei daarin, my vriende, en skyn met die heerlikheid van God. My plan is om Myself op so 'n wyse te openbaar dat inderdaad weinig nou sal weet wie ek is.*[21]

Verenigde afvalligheid teen God was altyd Satan se strategie. Hy het dit in Babilon probeer en God het die volke geskei. Hy sal dieselfde weer in die eindtyd probeer en sy strategie sal wees om hulle almal te verenig onder Satan se valse morele kode, soos gemanifesteer deur die veranderde wet van God wat deur die pousdom in die wêreld geplaas is. Toe hy gevra is aangaande die rol van die pous in Rome, het Maitreya geantwoord:

> *Die Meester Jesus sal die troon van Sint Pieter in Rome oorneem en die ware apostoliese opvolging sal 'n aanvang neem. Hierdie gebeurtenis is nou op hande, en sal volg op die Verklaring van die Christus. Dit kan wel wees dat die huidige pous die laaste een is.*[22]

'n Verdere nota wat by hierdie aanhaling gevoeg is in Januarie 1979, lees as volg:

> *Die afsterwe van Pous Paulus VI en die skielike afsterwe van Pous Johannes Paulus na een maand as pous, maak dit waarskynlik dat die huidige pous, Pous Johannes Paulus II die laaste sal wees.*[23]

In April 1995 het Benjamin Creme, terwyl hy deur die Christus oorskadu was, in Zurich, Switserland aangekondig dat die "Meester Jesus" sy setel na Rome verskuif het. Die Maitreya is besig om die "Meester Jesus" as lokmiddel te gebruik. Hy verhoog nietemin die pouslike setel tot so 'n verhewe magsposisie dat hy homself met die beginsels daarvan vereenselwig. Hy maak daarop aanspraak dat die wet van God eie is aan

die mens se natuur en dat hy, die Maitreya, die Administrateur van God se wil is. So, die wet wat hy dus wil afdwing moet dan die pouslike weergawe van die Tien Gebooie wees. Die gebod wat gesag aan die wet van God verleen, is die Sabbatgebod wat die handtekening van die Wetgewer bevat. Die pousdom, wat die vierde gebod gewysig het en dit met 'n valse sabbat vervang het, wat volgens hom die merk van sy gesag is, sal verhoog word volgens Openbaring 13, deur sy merk op al die nasies af te dwing. (Sien Hoofstuk 8, *Die Merk van die Dier*). Dit is duidelik dat die Maitreya homself by hierdie valse wet wat in Rome ontstaan het, sal skaar. Mariaanse visioenêre en Mariaanse gedaantes het dieselfde beweringe gemaak; hierdie magte is besig om in harmonie saam te werk.

Die gebeure net voor die werklike koms van Christus moet in berekening gebring word deur die valse Christus, en dis merkwaardig dat Satan regdeur sy leringe verwys na die gebeure deur Jesus voorspel met betrekking tot die einde van die wêreld. Hy stel die valse leerstelling oor die millennium koninkryk van vrede op die aarde bekend, en verklaar dat baie hom sal aanvaar. Dit is veral waar in die lig van die feit dat hy sy verskyning sal maak slegs nadat verskeie ander valse christusse hulle verskynings in die wêreld gemaak het. Oral in die wêreld is daar mense wat daarop aanspraak maak dat hulle die Messias is, maar wanneer die Maitreya verskyn, gebeur daar wonderwerke. Benjamin Creme maak daarop aanspraak dat die Maitreya in al die hoofsentra van die wêreld verskyn het, dat baie hom gesien het, en dat genesings met hierdie verskynings gepaardgegaan het. In Europa is waterbronne deur die Maitreya geseën en hulle het as 'n bron van genesing gedien.

In nog 'n gekanaliseerde boek van die hedendaagse New Age-tydperk, *"New Teachings for an Awakening Humanity",* geskryf deur die Christus, verklaar dit:

> *Diegene wat glo in dit waarvan ek praat, moet van nou af die feit van die Christus, van die Wêreld-Leraar, bevestig; bevestig die feit van die Hiërargie, en die feit van die naderende wederkoms in die wêreld van die Christus en die Hiërargie. As ons dit glo, is dit wat ons moet doen, want daar is 'n baie beknopte tydskedule betrokke by hierdie voorbereidingswerk. Die tyd van nou tot die wederkoms van die Christus is inderdaad baie kort. Onlangs is dit ingekort sodat die Christus feitlik in die wêreld is – so naby is sy wederkoms. Die eerste vyf Meesters kom hierdie jaar na die wêreld.*

> *Natuurlik sal hulle hulself nie verklaar nie, maar hul werk sal hierdie jaar in die vyf Sentra begin.*[24]

Die Bybel sê dat die duiwel weet dat hy min tyd het en dat hy vol woede is (Openbaring 12:12). Die namaaksel moet altyd die egte voorafgaan en as Satan weet dat die tydskedule beknop is, dan moet die koms van Christus in die wolke, sigbaar vir almal, inderdaad naby wees. Verdere leringe van die Maitreya bevestig dat hy dieselfde slang is wat in Eden gepraat het.

> *Soos julle op die aarde leer om die leringe van ons Skepper uit te oefen, so sal julle die hoër geleentheid verdien wat op jul wag ten tye van wat julle die dood noem. Die doel van enige kerk, "ashram", (godsdiens-sentrum) tempel, katedraal of plek van gebed en meditasie is om die liefde van God bo alle dinge te leer. Dit is nie om een wêreldleraar of kombinasie van hulle te verafgod nie. Dit is om hulle leringe tot so 'n mate te verstaan en waardeer dat julle dit sal uitoefen. Dat julle dit sal uitleef. Hierdie wederkerige liefdevolle optrede bring vrede en hou dit staande. As julle my wil vereer, is dit jul liefdevolle gedrag wat jul liefde sal betoon, nie jul onderdanige en eerbiedige gebruik van my naam nie. Julle vernedering wat nie opgevolg word deur alledaagse toepassings nie, is waardeloos. As julle my liefhet vir my voorbeeld, volg dit na. Versprei liefde en vrede. Dis al wat julle moet doen. Liefde vir my word bewys deur jul gedrag, nie deur spoggerige geboue of duur organisasies nie. Hierdie dinge trek dikwels die aandag af van die liefde se ware missie. As julle my of enige wêreldleraar liefhet, vereer ons deur jul optrede in jul daaglikse wandel.*[25]

In hierdie verklaring sien ons duidelik dat die hart van die evangelie uitgeruk is. Dit is jammer dat hierdie einste sentimente deur vandag se kerke weerspieël word, waar die liefde van God benadruk word, maar die krag daarvan word verloën. Min onderskeid word getref tussen goed en kwaad, maar die liefde word gepredik as stroperige sentimentaliteit. Die Bybel word nie meer in ag geneem nie, maar die eie-ek is belangrik. Juis hieroor maak hierdie Christus die volgende verklaring:

> *Dan moet elkeen van julle daagliks in jul diepste wese mediteer om die nodige gereedskap van kommunikasie te smee waarop julle, nie net 'n klein uitgesoekte groepie nie, geregtig is. Deur meditasie kan julle God se gebooie meer geredelik uitleef,* ***wees veral lief vir God... wees lief vir God met julle hele hart, verstand en siel... en julle broers en susters soos julself****. Daarom, deur die krag van God en vele ander mede-wêreldleraars wat my in hierdie New Age-poging bystaan, roep ek die heilige krag van God binne-in julle op om hierdie boodskap te hoor en om julle te bring na die Goue Era as 'n helder en skynende voorbeeld van die nuwe lewe wat almal kan meemaak deur bereidwilligheid om die liefde wat ons aanbied, te aanvaar. God se glimlag rus op ons gemeenskaplike geleentheid en toegewyde strewe.*[26] (Klem bygevoeg.)

Let op dat die leuen van goddelikheid binne elke individu wéér herhaal word. Verder word die Bybel in die volgende verklaring gerelegeer na 'n sekondêre posisie, terwyl Christus na die Skrif verwys het as die bron van alle waarheid. Die liefdeskomponent word heeltemal buite verband geruk en vervang die leringe van die Bybel:

> *Is my boodskap aan almal in die godsdiensberoepe op hierdie planeet duidelik? Julle enigste verantwoordelikheid is om die kinders van God weer huis toe te bring. Doen dit deur elkeen in kontak te stel met sy innerlike leraar, die Heilige Gees, en die siel wat bekend is met sy lewensdoel en bloudruk deur God ontwerp. Bemoedig, inspireer en voed die siele wat leiding soek deur hulle voortdurend terug te draai na die Vader/Moeder, bekeer hulle innerlik. Teologie is gewoonlik nutteloos en argumente aangaande die Skrif is verkwiste energie. Neem slegs die tema van liefde en leef dit uit. Kanaliseer jul energie in die struktuur, die werk van die wêreld waar dit vrug sal dra. Enigiets minder is 'n swak reaksie op God se boodskap.*[27]

Die liefde van God vir die mensdom is nie gedemonstreer deurdat Hy ons sonde verskoon het nie. Dit is deur God gedemonstreer deur die feit dat Hy

met Sy eie lewe betaal het vir die mens se ongeregtigheid. Christus se dood is nie 'n verskoning vir sonde nie, maar 'n oproep tot bekering, en 'n nuwe lewe in Christus waarin ons vermaan word: "*Gaan en sondig nie meer nie.*" Die tema van genotsugtigheid vermeng met die valse evangelie van liefde blyk duidelik in die volgende verklaring van die Christus:

> *Ek, die Christus, wêreldleraar, roep hiermee alle opregte persone op die planeet aarde om 'n liefhebber van God te word... 'n Liefhebber van jul planeet aarde... 'n liefhebber van julself en alle lewende dinge reg deur die heelal. Hierdie planeet het vrywilligers nodig vir 'n liefdeskorps om saam te snoer in 'n band van samehorige en langdurige strewe. Sal julle by ons van die hemel wat jul bystand vra, aansluit? Sal julle daagliks mediteer en jul liefde weekliks deel met andere wat mediteer? Sal julle een word met God? Indien wel, deur die mag en gesag van my rol as julle wêreldleraar, skenk ek dan aan julle die volle samewerking van die hemel in jul verantwoordelikhede as gesante van wêreld- en universele vrede. Weet dat julle voortaan nooit alleen sal wees nie en dat 'n addisionele persoonlike gids of leraar tot jul beskikking gestel sal word wanneer julle meditatiewe kommunikasie-sisteem weer met die hemel verbind is.*[28]

Ten slotte, die tema van die verdrukking en die millennium word na vore gebring, nie as waarskuwing om die hart vir die komende Christus gereed te maak, soos in die Skrif geopenbaar nie, maar as 'n tydperk van groei, wat lei tot die geboorte van 'n hoër bewustheid. Soos deur hierdie Christus verklaar:

> *Selfs al word die tydperk wat die "Verdrukking" genoem word, gesien as 'n soort van einde, het ek julle vertel dat daar geen einde in die Gees is nie, dus moet julle nie verwag om 'n ondervinding mee te maak wat die lewe totaal beëindig nie. Onthou altyd dat God uitbrei... uitbrei... uitbrei en dus so ook die sterregroepe en die heelalle en die sterrestelsels... my geliefdes, so ook ek en julle. Moet julle nie bekommer oor hoe dit begin het nie en wat God is nie. God blaas of "strek" Sy asem uit en Hy sal ons almal met Sy uitaseming*

> *huis toe blaas (*dit is die konsep van Brahma uit- en inasemhaling – 'n Vediese konsep) *om ons geestelike feesmaal te geniet. Vertrou net dat daar 'n plan met groot belofte en vreugde is vir dié wat dit kies. Vertrou. Glo. Sonder vertroue verkeer julle in gevaar.*[29]

'n Verdere verklaring aangaande die millennium is die volgende:

> *Julle nader nou hierdie Goue Era van die duisend jaar van vrede, my geliefdes; dra dus sorg dat jul geboortereg in orde is deur die enigste paspoort wat benodig word, daar te stel – julle bewys dat julle lig is en dat lig dít is wat julle verkies. Julle tye van meditasie sal hierdie kommunikasie-verbinding van lig en hoër energie-vibrasie opbou, wat julle nooit kan faal as die bande eers gesmee is nie.*[30]

Die kontras van hierdie stelling met die Bybelse lering aangaande die millennium is duidelik. (Sien Hoofstuk 18, *Die Langverwagte Millennium van Vrede.*) Hoe jammer dat die Christelike denominasies van die wêreld hierdie lering van demone verkondig eerder as die Bybelse weergawe wat almal tot bekering roep voor die groot en deurlugtige dag van die HERE.

Op die 11 Junie 1988 het die Maitreya sy eerste openbare verskyning gemaak. Hy het verskyn by die geloofsgenesingsentrum van Suster Mary Akatsa. Suster Akatsa het hom voorgestel as Jesus Christus. (Foto's is beskikbaar met vriendelike vergunning van *"Share International"*. Amsterdam, Holland.) Sedertdien was die verskynings van die Christus meer en meer veelvuldig en verskeie mense beweer dat hulle hom op televisie in die Verenigde State van Amerika en Australië gesien het, waar honderde kykers sy verskynings, wat met wonderwerke en genesings gepaard gegaan het, op televisie waargeneem het.

Prominente New Age-mense is nie meer sku om openlik te verklaar aan watter kant hulle hulself skaar nie, of selfs wie "Die Christus" werklik is nie. David Spangler, mede-direkteur en segsman vir die "*Findhorn Community*" in Noord Skotland het die volgende gesê:

> *Die ware lig van Lucifer kan nie gesien word deur verdriet, deur donkerte, deur verwerping nie. Die ware lig van hierdie groot wese kan alleenlik herken word wanneer 'n mens se eie oë met die lig van die*

> *Christus kan sien, die lig van die innerlike son. Lucifer werk binne elkeen van ons om ons te vervolmaak... elkeen van ons word op een of ander wyse tot by die punt gebring wat ek noem "Luciferiese inwyding"... Lucifer kom om ons die finale gawe van heelheid te skenk.*[31]

Hierdie tekens toon aan ons dat die tyd op hande is vir die finale misleiding, Satan wat hom voordoen as 'n engel van die lig. Die ware uitstorting van die Heilige Gees moet voor die deur wees. Jesus Christus sal Sy werk nie met minder mag beëindig as waarmee Hy dit begin het nie. Die ware koms van Christus is op hande. Ons word versoek om uit Babilon uit te kom en ons af te skei van die bose vlammesee van mense wat hul sal skaar by die valse prins van hierdie w*ê*reld om God se wet van nul en gener waarde te maak.

## VERWYSINGS


[1] *Through the Eyes of the Masters – Meditations and Portraits,* David Anrias.
[2] *Ibid.*
[3] Mary Baker Eddy, *Science and Health with a Key to the Scripture,* p. 71.
[4] *Ibid.,* p. 302.
[5] *Ibid.,* p. 584.
[6] *Ibid.,* p. 516.
[7] *Ibid.,* p. 480.
[8] *The Teachings of Christ,* p. 127.
[9] Published August 1934, Statement by D.K., *Prophecies by D.K.*
[10] Ken Wilber, *Up from Eden.*
[11] Helen Shucman, *A Course in Miracles.*
[12] *Ibid.*
[13] *Ibid.*
[14] Matthew Fox, *Harper San Francisco, The Coming of the Cosmic Christ,* p. 8.
[15] *Ibid.,* p. 7.
[16] *Ibid.,* p. 8.
[17] *Ibid.,* p. 31.
[18] *Share International Magazine 4,* No. 3, Maart 1985: 15-16.
[19] C. Cumbey, *Hidden Dangers of the Rainbow,* p. 140.
[20] Benjamin Creme, *The Reappearance of Christ and the Masters of Wisdom.*
[21] *Ibid.*
[22] *Ibid.*
[23] *Ibid.*
[24] *The Christ, New Teachings for an Awakening Humanity.*
[25] *Ibid.*
[26] *Ibid.*
[27] *Ibid.*
[28] *Ibid.*
[29] *Ibid.*
[30] *Ibid.*
[31] D. Spangler, *Reflections of the Christ.*

# Ontsnap uit die Doolhof van Dwaalleer

# 14

# ’N KLIP OM JOU HOOF OP TE RUS

Het God ’n beweging om die gees van Babilon teen te werk? As, soos ons reeds gesien het, Babilon die groot eindtyd bondgenootskap van godsdienstige magte teen God se regering uitmaak, wie sal dan God se saak stel? Die hartseer feit is dat die oorgrote meerderheid mense mislei sal wees deur die mag en prag van die vrou wat op die skarlakenrooi dier ry. Die vrou, versier met goud en kosbare stene en pêrels (Openbaring 17:4), verteenwoordig Rome, soos ons reeds gesien het. (Sien Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*). Hierdie gewaad wat sy dra, stem ooreen met dié van die antieke hoëpriester, wat beteken dat sy haar die Hoëpriesterlike rol van Christus wederregtelik toegeëien het en haarself in Sy plek plaas. Die leerstellings van Rome het die kulture van die wêreld deurdrenk en die godsdienstige stelsels het gewillig haar leierskap aanvaar. Die Hoëpriesterlike bediening van Jesus is van kardinale belang vir die wêreld en terwyl Babilon verwerklik word, kondig God ook die finale waarskuwing en uitnodiging aan om ons terug te roep tot ’n verbondsverhouding met Hom.

Deur die eeue heen het God ’n volk gehad deur wie Hy by voorkeur Sy waarheid bekend gemaak het. Dit was God se plan dat alle mense – elke nasie, stam en taal – sou deel hê in Sy genade. In Sy goddelike plan van herstel, het Hy gevalle mense gekies om medewerkers saam met Hom te

wees om hierdie doel te verwesenlik. God het nog altyd getroue volgelinge gehad wat sou bly staan vir die waarheid en geregtigheid, selfs in die aangesig van groot teenstand. Voor die vloed het Henog met God gewandel, en getroue Noag het die vader geword van die na-vloedse mensdom, toe hy en sy gesin die enigste oorblyfsel was wat gered was uit die vernietiging van die destydse afvallige wêreld.

Na die vloed is aan die patriarg Abraham die belofte gemaak dat die ganse mensdom deur sy saad geseënd sal wees (Génesis 12:2). Die Messiaanse profesie sou verwesenlik word deur Isak en Jakob, wie se naam na Israel verander is nadat hy met God geworstel het vir Goddelike vergifnis en seën (Génesis 32:28). "Israel" het die naam van Jakob se nakomelinge geword – die uitverkore volk volgens die verbond tussen God en Abraham, hulle voorvader (Génesis 15:18; Psalm 105:9-10).

## Die Israel van God

### *a) Israel van die Ou Verbond*

Daar is vandag baie verwarring aangaande die kwessie wie die Israel van God is. Baie denominasies soek vir die vervulling van God se beloftes aan ou Israel in hedendaagse Israel. Hulle verwag die herstel van Israel en hedendaagse Israel in Palestina word gesien as 'n integrale deel van hierdie proses. Daar moet in gedagte gehou word dat "Israel" nie die natuurlike naam van Jakob is nie, maar dat dit deur God aan hom gegee was ter erkenning van 'n geestelike oorwinning toe hy die oorhand gekry het teen God en vergifnis verkry het vir die sondes van sy verlede. Jakob het met die Engel geworstel en het geweier om Hom te laat gaan alvorens hy die versekering ontvang het van die hemelse seën wat die kwytskelding van die sondes van sy verlede tot gevolg sou hê. Jakob het geseëvier en het die seën ontvang, sy hart is vernieu en hy kon sy broer Esau in die oë kyk met die wete dat God met hom is. Die naamsverandering was insiggewend van 'n verandering in sy karakter, van "verdringer of bedrieër" na "God worstel." Insig in die verhouding tussen letterlike Israel en God se verbondsvolk is van kardinale belang as ons wil onderskei wie God se ligdraers in die hedendaagse tyd is.

Na die uittog uit Egipte het God 'n formele verbond met die volk van Israel aangegaan (Exodus 19:1-8). Israel sou 'n koninkryk van priesters en 'n heilige volk wees (Exodus 19:6) en hulle moes die lig uitdra aan al die

nasies op aarde (Jesaja 60:1-3). Die verbondsbeloftes wat aan antieke Israel gemaak is, was onderhewig aan gehoorsaamheid:

> *As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.* Exodus 19:5.

Die beloftes was onderhewig aan *“as.”* Die letterlike troon van Israel was altyd onderhewig aan gehoorsaamheid, en beide Dawid en Salomo was ingelig aangaande hierdie kwessie:

> *... sodat die HERE Sy woord mag vervul wat Hy oor my gespreek het, naamlik: As jou seuns ag gee op hulle weg deur voor my aangesig getrou te wandel met hulle hele hart en met hulle hele siel, dan sal daar nie vir jou ’n man op die troon van Israel ontbreek nie.*
> 1 Konings 2:4.

Hierdie belofte word herhaal in 1 Konings 9:5-7:

> *... dan sal Ek die troon van jou koningskap oor Israel vir ewig bevestig, soos Ek jou vader Dawid beloof het deur te sê: Daar sal vir jou nooit ’n man ontbreek op die troon van Israel nie. As julle en julle kinders ooit van My afvallig word en my gebooie, my insettinge wat Ek julle voorgehou het, nie onderhou nie, maar ander gode gaan dien en voor hulle neerbuig, dan sal Ek Israel uit die land uitroei wat Ek hulle gegee het, en die huis wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek van my aangesig wegwerp, sodat Israel ’n spreekwoord en ’n spotlied sal word onder al die volke.*
> 1 Konings 9:5-7.

Deuteronómium 28:1-14 bevat ’n lys van die wonderlikste seëninge wat ooit oor enige nasie of volk uitgespreek is. Weer eens is die beloftes onderhewig aan gehoorsaamheid:

> *En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.*
> Deuteronómium 28:2.

Israel het egter nie ag geslaan op hierdie vermaning nie en het meer korrup geword as die nasies rondom hulle (2 Konings 17:6-23). Net die stamme van Juda en Benjamin was vir ’n ruk gespaar en die ander stamme is in ballingskap weggevoer deur die koning van Assirië en het uit die geskiedenis verdwyn, alhoewel sommige mense glo dat hulle die nasies van Brittanje en hul afstammelinge, insluitend die Verenigde State van Amerika, uitmaak. Sonder lojaliteit aan God kon die beloftes nie vervul word nie en een en ’n halwe eeu later word selfs Juda uit die beloofde land uitgepluk en in die Neo-Babiloniese Ryk versprei.

Nietemin, sommige het aan God getrou gebly, selfs in die aangesig van hierdie ramp soos blyk uit die verhale van Daniël en sy vriende wat bereid was om eerder te sterf as om aan God ongehoorsaam te wees. Deur die profeet Jeremia het God ‘n spesifieke tydperk vergun vir bekering en besinning en Hy het belowe dat hulle sou terugkeer na hulle land na 70 jaar van ballingskap (Jeremia 31:10-14; Jesaja 43:1-13). Hulle moes die tempel herbou; die tydsprofesieë van Daniël het die koms van die Messias voorspel en hulle het die geleentheid gehad om getuies vir die nasies te wees (Miga 4:1-4; 5:2-6; Sagaría 8:20-23). Weer eens is al hierdie beloftes onderworpe aan gehoorsaamheid (Sagaría 6:15). Hoe hartseer dat die volk die Messias verwerp en daardeur sy verbondsrol en – beloftes verbeur het. Deur vir Jesus te verwerp, is Israel woes gelaat:

> *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ’n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!* Matthéüs 23:37-39.

## *b) Israel van die Nuwe Verbond*

Toe die Joodse volk die Messias verwerp het, moes die evangelie na die heidene gaan en almal wat in die naam van Jesus glo, sou die geestelike afstammelinge van Abraham word (Galásiërs 3:16; Romeine 4:16; Romeine 9:3, 8):

> *En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.* Galásiërs 3:29.

Die apostel Paulus praat van Christene as die “Israel van God” (Galásiërs 6:16) en die “besnydenis” (Filippense 3:3). Die koninkryk van God en die verbondsbeloftes wat daarmee gepaard gaan, moes van die Jode weggeneem en oorgeplaas word op geestelike Israel – diegene wat Christus sou toelaat om hulle te hervorm, om hul karakters te verander soos in die geval van Jakob van ouds:

> *Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ’n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.* Matthéüs 21:43-44.

Jesus het nie per toeval twaalf dissipels gekies nie. Net soos die twaalf patriarge die stigters van Israel van ouds was, so is hierdie twaalf manne die fondamentstene van die nuwe Israel aan wie die HERE die koninkryk belowe het (Matthéüs 19:28; Lukas 22:30). Die daaropvolgende keuse van sewentig andere is gebaseer op die keuse van 70 ouderlinge deur Moses in antieke Israel (Númeri 11:16). Die ware Israel van God is ’n oorblyfsel wat uit genade verkies word (Romeine 11:5). Daar is ’n wonderlike kontinuïteit tussen die ou en die nuwe Israel van God. In Romeine 11:17-24 praat Paulus van die olyfboom wat Israel voorstel. Die takke (die Jode) was afgebreek as gevolg van ongeloof en die wilde olyftakke (die Heidene) is ingeënt om deel te hê aan die voedingskrag van die boom. Die natuurlike takke kon weer op die boom ingeënt word indien hulle die voorwaardes sou aanvaar. God is geen aannemer van individue of nasies nie. Almal wat hulle tot Hom wend, sal aangeneem word (Handelinge 10:34-35):

> *Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.* Romeine 10:12.

> *Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus.* Galásiërs 3:26.

Die nuwe Israel is die erfgenaam van God se verbondsbeloftes. Diegene wat vir Christus aangeneem het, het ‘n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk wat aan God behoort, geword. (Vergelyk 1 Petrus 2:9-10 met Exodus 19:5-6.) Hulle was uitverkies om God se wonderbaarlike lig aan die wêreld te openbaar (1 Petrus 2:9; Matthéüs 28:19-20; Efésiërs 3:10).

Die mensdom het ’n dringende behoefte aan verlossing. God verlang om te vergewe en te reinig (Johannes 3:16; 1 Timótheüs 2:4). Voortaan was dit die rol van die kerk om die evangelie aan die wêreld uit te dra.

## Geestelike Afval en Hervorming

Dis ’n hartseer feit van die geskiedenis dat, soos Israel van ouds, geestelike Israel ook morele verval ondervind het en hulle gewend het tot die aanbidding van ander gode. Die beginsels van heidense sonaanbidding het hul weg na die kerk gevind en is onder leiding van die Roomse kerk tot so ’n posisie verhef dat hulle die evangelie van Christus sou naboots. (Sien Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*).

Dwarsdeur die tydperk van geestelike verval was daar mense wat hardnekkig aan die Woord van God vasgeklou het, maar hulle was meedoënloos vervolg vir hul geloof. Onder hulle was die Waldense wat, nadat hulle hul na die Alpe onttrek het as gevolg van vervolging, volkome van die Rooms-Katolieke Kerk afgeskei het. Die werk van Vigilantius Leo, wat die vele valse leerstellings en praktyke wat deur die Roomse Kerk aangeneem is, heftig teengestaan het, het as lig vir baie gelowiges gedien.

Die Waldense het ’n oorblyfsel gevorm wat die lig van God se Woord lewend gehou het gedurende ’n tydperk van verskriklike geestelike afval. Vir hul geloof is hulle genadeloos uitgemoor deur Katolieke leiers in ’n reeks veldtogte wat teen hulle gelei is, veral dié deur D’Oppede in 1544, die Markies de Pianesse in 1655 en Gabriel van Savoy in 1686.

Die lig van die waarheid wat deur die Waldense en Albigense versprei is, het die grondslag gelê vir die Hervorming. In Engeland was John Wycliffe die boodskapper van die Hervorming, en Huss en Jerome, verkwik deur sy geskrifte, het die vaandel van Hervorming in Bohemië laat wapper. Huss is op 6 Julie 1415 op die brandstapel tereggestel en Jerome op 30 Mei 1416, maar die Hervorming het vorentoe gebeur ten spyte van vervolging. Een vir een het die groot hervormers waarhede van onskatbare waarde oopgevlek wat vir jare onder die puin van valse leerstellings en

bygeloof verborge gelê het. Regverdiging deur die geloof en die eens-vir-almal versoeningsdood van Jesus Christus en Sy algenoegsame Priesterlike middelaarskap was die hoekstene van die Hervormers se geloof.

Baie onbybelse leringe, soos die verheerliking van heiliges en relieke, die mis, die vagevuur, selibaat, die veelvuldige sakramente en geloof in tradisie eerder as die Woord van God, was ter syde gestel. Die Protestantse hervormers was feitlik eendragtig in hul identifikasie van die pouslike sisteem as die “man van sonde” en hy was gelykgestel aan die *“klein horing”* van Daniël hoofstuk 7.

Martin Luther was een van die mees prominente hervormers wat deur God gebruik was om die wêreld uit die duisternis uit te roep. Hy het baie lig ontvang, maar die volkome werk van restorasie was nie aan hom alleenlik toevertrou nie. Andere het gevolg en aan elkeen van hulle is ’n gedeelte van die waarheid toevertrou, wat alles tesame ’n hoofweg vir die evangelie sou gebaan het. Maar in plaas daarvan het die opvolgers van Luther, Calvyn, Knox en Wesley en ander groot hervormers, dikwels nie veel verder gevorder op die weg van die lig van die evangelie as hul voorgangers nie. Hulle sou dit wat hulle geglo het saamvat in ’n geloofsbeleidenis tot dié mate dat enige addisionele lig wat nie by hierdie geloofsbeleidenis inpas nie, uitgesluit is. In plaas daarvan om ’n weg te baan vir die gesamentlike waarheid, het die Hervorming ’n klomp denominasies tot gevolg gehad, elkeen met aspekte van die waarheid, met uitsluiting van die algehele waarheid. Satan het weer eens ’n oorwinning behaal. Vasgevang in die hok van geloofsbeleidenisse het Protestantisme self verval in ’n vormgodsdiens en teoretiese teologie wat die vlam van die Hervorming uitgedoof het en die weg gebaan het vir universele afvalligheid. Die huidige golf van samewerking tussen die kerke is nie gebaseer op kwessies van evangelie nie, maar op sosiale kwessies, dus is daar niks wat die “Hervormde Kerke” van Rome skei nie. Die doel van die Hervorming, die onthulling van die evangelie, is weer eens ingeperk.

## Die Finale Hervorming (Die Laat Reën)

God sal die werk op die aarde nie afsluit met minder mag as waarmee Hy dit begin het nie. Deur die simbole van die vroeë en laat reëns het God stortreëns van seën belowe wat die oes sou laat ryp word. Net soos God se mag met Pinkster manifesteer is toe die kerk heel aan die begin bemagtig is om die evangelie na die wêreld uit te dra, net so sal God se mag weer eens gemanifesteer word wanneer die kerk sy getuienis afgehandel het. Die

simbole van die vroeë en laat reën (Hosea 6:3; Joël 2:23, 28-32; Handelinge 2:16-21) verteenwoordig nie net die uitstorting van die Heilige Gees op die kerk nie, maar ook op die individue wat die kerk uitmaak. Elke individu moet ook 'n vroeë en laat reën ondervinding meemaak. Die vroeë reën verteenwoordig die wedergeboorte, terwyl die laat reën bedoel is om die karakter in ooreenstemming met dié van Christus te bring. Dit verwys ook na regverdiging en heiliging, of "ons in Christus" en "Christus in ons" (Johannes 14:20):

> *... aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.* Kolossense 1:27.

Aan die einde van tyd sal God 'n volk hê wat Hom en Sy waarheid sal verteenwoordig voor 'n afvallige wêreld. Soos in die dae van die dissipels sal die waarheid seëvier – die laat reën sal sy werk doen om God se oes te verwerklik.

## Tyd van die Einde

Die ***tyd van die einde*** moet nie verwar word met die ***einde van tyd*** nie. Die sinsnede *"tyd van die einde"* word vyf maal in Daniël hoofstukke 8-12 gebruik en verwys na 'n periode voor die wederkoms van Christus. Daar is ook 'n definitiewe vasgestelde tyd wanneer daardie periode 'n aanvang sal neem (Daniël 11:35). In Daniël 7:25 verwys die profeet na die 1260-jaar periode van pouslike oorheersing en in Daniël 12:6-7 word dieselfde periode vermeld (tyd, tye en die helfte van 'n tyd) met betrekking tot die tyd van die einde. Met die voltooiing van die 1260-jaar periode van die pouslike oorheersing in 1798, het die tyd van die einde aangebreek. Die groot waarhede aangaande die bediening van Christus was gedurende die tyd van pouslike oorheersing vertrap (Daniël 8:11), maar hierdie waarhede sou heringestel word.

Die profeet Daniël self het nie die visioen van die herstel van die heiligdom aan die einde van die 2300-dae periode verstaan nie, ook het hy nie die gebeure ten volle verstaan wat aan die einde van tyd sou ontvou nie. Die rede daarvoor was dat die profesie verseël was tot die einde van tyd (Daniël 8:17, 26; 12:9):

*En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder*. Daniël 12:4.

In Hebreeus word die bepalende lidwoord gebruik saam met die woord “kennis” wat aandui dat dit die kennis van die boek van Daniël self is wat sal vermeerder gedurende die tyd van die einde. Dit is belangrik om daarop te let dat dit slegs die wyses en geeneen van die goddeloses sal wees wat gelei sal word om die profesieë te verstaan nie. Die wyses sal ook vele na geregtigheid lei (Daniël 12:3).

Bybelse wysheid kom van ’n verhouding met God wat op vertroue en gehoorsaamheid gebou is en kan nie met die wêreldse wysheid vergelyk word nie. In Psalm 119 lees ons:

*U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing*. Psalm 119:98-99.

Wysheid word met die wet van God en die Woord van God assosieer. Insig kom van gehoorsaamheid aan God se wet (Psalm 119:100, 104) en aan die getuienis, die Woord van God deur al die eeue heen deur die profete geopenbaar (Psalm 119:125, 130, 144). As die waarheid herstel moes word, dan is kennis en insig van die Bybelse konsep van waarheid noodsaaklik. Drie definisies van waarheid word gegee:

*Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie*. Johannes 14:6.

*Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid*. Johannes 17:17.

*U, o HERE, is naby, en al U gebooie is waarheid.* Psalm 119:151.

Die waarheid wat herstel is, bevat al hierdie elemente. Dit is Christus-gesentreerd, Woord-gesentreerd, en behels gehoorsaamheid aan God se wet. Jesus self het die volgende uitgewys:

*As julle My liefhet, bewaar my gebooie.* Johannes 14:15.

Aan die tyd van die einde moet daar dus ’n beweging wees om alle dinge te herstel en om die verseëlde profesieë van die boek van Daniël te ontsluit. Die geskiedenis bevestig dat daar om en by die jaar 1798 ’n groot oplewing van belangstelling in die Skrif, gepaard met ywer vir sendingwerk, ontstaan het. In 1795 is die "*London Missionary Society*" georganiseer en ’n jaar later volg die "*New York Missionary Society,*" die eerste in Amerika. Die groot Bybelgenootskappe van die wêreld was ook gestig tydens die periode vanaf 1798 tot 1844 wat die afsluiting is van die 2300-jaar profesie. Verwant aan hierdie oplewing en belangstelling, is daar talle gesondheids- en matigheidsverenigings gestig, en teen 1807 het William Metcalf selfs die vegetariese en geheelonthouers "*Society of Bible Christians of Philadelphia*" gestig. Dit is opmerklik dat hierdie tyd die periode is wat geassosieer word met die groot tegnologiese vooruitgang van ons tyd.

Die eerste stoomenjin is in 1769 gepatenteer en dit het die weg gebaan vir stoombote (1807-1810) en die spoorweë (1825). Die evangelie moes versprei word na "die hele wêreld" en God het toegesien dat die nodige middele om hierdie doel te bereik ook beskikbaar sou wees. In die musiekwêreld was die groot Bybeltemas ’n prominente bron van inspirasie met Händel se "Messias" wat fokus op die Koning van die konings en Haydn wat die "Skepping" in 1844 komponeer.

## Die Ontrafeling van Daniël se Profesie

Dit was gedurende hierdie periode van hernieude belangstelling in die Skrif dat ’n jong Baptiste boer by die naam William Miller (1782-1849) ’n reeks artikels in die Baptiste weekblad, *"Vermont Telegraph,"* gepubliseer het oor die profesieë van Daniël. Hy het ’n eenvoudige stel reëls gebruik om die groot temas van die profesie te ontrafel, naamlik:

a) Die Nuwe Testament is die verklaarder van die Ou Testament.
b) Die Skrif moet sy eie verklaarder wees.
c) Die simbolisme van tipe en antitipe.
d) Elke woord moet in oorweging gebring word.
e) Profesie vul profesie aan.

Sy studie van Daniël hoofstuk 8 het hom daartoe gelei om te glo dat die reiniging van die tempel, wat aan die einde van die 2300-jaar periode moes plaasvind, verwys het na die reiniging van die aarde van sonde. Hy het tot

die slotsom gekom dat Christus by die afsluiting van dié profetiese tyd na die aarde sou terugkeer, en deur die dag-vir-'n-jaar beginsel te gebruik, het hy bereken dat die gebeurtenis in 1843 sou plaasvind. Dit is dán dat die "geestelike heiligdom," die kerk, gereinig sou word.

Miller het die gewilde interpretasies van sy dag verwerp en het die ou Protestantse Christus-gesentreerde vertolking heringestel, waarvolgens Jesus se volgelinge as die kern van die eindtyd profesieë gesien is. Hy benadruk die pre-millenniale terugkeer van Jesus en, gebaseer op die tydsprofesie van Daniël 8, het hy uiteindelik 'n datum vir hierdie gebeurtenis vasgestel, naamlik 22 Oktober 1844. Gevolglik is hy tesame met ongeveer 100 000 andere uit hul kerke verban. Diegene wat gegelo het dat Christus se wederkoms op hande was, was afkomstig uit alle denominasies en het minstens 200 leraars van prominente Protestantse Kerke ingesluit.

Met die gelykenis van die tien maagde as agtergrond (Matthéüs 25:1-13) het hierdie boodskap begin bekend staan as die "middernagtelike geroep" – die terugkeer van die bruidegom. Daar was 'n terugkeer na primitiewe goddelikheid soos die verskillende groepe adventgelowiges die wederkoms van die Here afgewag het.

Die geskiedenis vertel ons dat Jesus nie in 1844 na die aarde toe teruggekeer het nie. Die mense wat gretig op Sy terugkeer gewag het, was erg teleurgesteld, 'n gebeurtenis wat bekend geword het as die "groot teleurstelling." Baie was ontnugter en het die beweging verlaat. Diegene wat aan hul ervaring vasgehou het, is bespot en belaglik gemaak.

Eenmaal vantevore in die geskiedenis van die kerk het hulle net so 'n groot teleurstelling meegemaak. Die volgelinge van Christus het met groot afwagting uitgesien na Sy kroning as die Messias in Jerusalem. Hulle het Hom toegejuig as hul koning en het palmtakke voor Sy voete neergegooi (Johannes 12:13), maar in plaas van 'n kroning, moes hulle 'n kruisiging aanskou. Hulle teleurstelling was eg en vele het hul geloof versaak. Selfs die dissipels was met vrees gevul en het hulself toegesluit "uit vrees vir die Jode" (Johannes 20:19). Op die pad na Emmaus het twee volgelinge van Jesus hierdie tragiese gebeure oordink (Lukas 24:13-53) toe Jesus by hulle aansluit....

> *En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.* Lukas 24:27.

Soos met die teleurstelling in die tyd van Christus, het die teleurstelling van 1844 gelei tot ywerige studie van die Skrif en die assimilasie van waarhede

wat deur die Hervorming ontbloot is. Diegene wat met die advent-beweging geassosieer was en na 1844 agtergebly het, het hulself beskou as die “oorblyfsel-kerk” of eenvoudig “die oorblyfsel.“ Die profesieë van Daniël was weer ondersoek en ’n klompie gelowiges het gevind dat die boeke van Hebreërs en Openbaring vol verwysings is na ’n heiligdom in die hemel. Die groot leerstelling van die heiligdom, sy tipe en antitipe (sien Hoofstuk 2, *’n Advokaat vir ons Tyd*) was herontdek en die rol van Jesus as ons Hoëpriester en Offerlam is toe teen hiérdie agtergrond verstaan. Die tipologie van die Joodse feeste en hul betekenis en vervulling is ook ontdek. Saam met hierdie enorme deurbraak in begrip het die besef gekom van dit waarvoor die Versoendag eintlik in tipe staan en wat die toepaslikheid daarvan is in terme van die reiniging van die hemelse heiligdom, of die aanvang van die oordeel in die hemel. Die standaard vir die oordeel, naamlik die wet en die belangrikheid daarvan in verhouding tot die verlossingsplan, is ook begryp. Die antieke muur van waarheid wat gedien het as die verskansing teen die bose was in aanbou soos Jesaja voorspel het:

> *En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fondamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak.* Jesaja 58:12.

Die wet en die Sabbat is herontdek en die verwantskap tussen die wet en genade is in die regte konteks geplaas. Die gebooie van God en geloof in Jesus Christus het die pilare geword waarop die geloof van die oorblyfsel gerus het.

In Openbaring 12 beskryf Johannes die kenmerke van die laaste geslag van gelowiges net voor die wederkoms van Christus:

> *En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.* Openbaring 12:17.

Uit die as van die Miller-beweging het die Sewendedag Adventiste Kerk tot stand gekom. Teen 1848 het ’n leerstellige platform bestaan wat al die groot waarhede geïnkorporeer het wat deur die Hervorming ontbloot is. Die basiese beginsels vir profetiese interpretasie in die nuutgestigte kerk was

die kumulatiewe profetiese insigte van die kerk deur al die eeue heen. Hulle het hervorming wat in die newels van tyd verlore gegaan het, aangeneem, koördineer en daarmee voortgegaan. Leerstellige bakens van die beweging was gegrond op Skriftelike lering  met betrekking tot:

1. Die wederkoms van Christus.
2. Die bindende aansprake van die sewende dag Sabbat.
3. Die derde engel se boodskap met betrekking tot die eerste en tweede engele se boodskappe.
4. Die bediening van Christus in die hemelse heiligdom.
5. Die nie-onsterflikheid van die siel.

## Op die Regte Tyd

Die oordeelsuur boodskap wat deur die Miller-beweging verkondig was, was nie die finale waarskuwingsboodskap nie, maar die aanvang van die “herstel van alle dinge.” In Openbaring 14 beskryf Johannes die oordeelsuur boodskap soos deur die engel in ’n groot stem aangekondig:

> *Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het*. Openbaring 14:7.

Die boodskap word egter deur twee ander opgevolg, naamlik die aankondiging van die val van Babilon en die waarskuwing teen ’n alliansie met die dier en sy beeld.

Die skorsing van adventgelowiges uit die gevestigde kerke het hierdie pioniers daartoe gelei om te glo dat die weiering van hierdie kerke om die waarskuwing van God te aanvaar, beteken het dat hulle in die oë van God verwerp was. Die weiering om lig aan te neem, lei tot duisternis (Jesaja 5:20; Jeremia 13:16), waarteenoor die aanvaarding van God se Woord lig meebring:

> *Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.* Psalm 119:130.

Hulle het hierdie val assosieer met die val van Babilon, soos deur die tweede engel aangekondig is (Openbaring 14:8). Dit was egter eers na die groot teleurstelling dat hulle begin het om die boodskap van die derde engel te verstaan.

Die derde engel se boodskap is die finale boodskap van waarskuwing gerig aan ’n afvallige wêreld. Dit is gevul met krag en diep geestelike waarhede. Soos die belangrikheid daarvan begin insink het, is die simboliek en profetiese belangrikheid van die hele boek van Openbaring ontvou. Die profesie van Openbaring 10, in besonder, was verbind aan die ontvouing van die boodskap en die ervaring van die adventgelowiges.

In Openbaring 10 word ’n magtige engel voorgestel met ’n geopende boekie in sy hand. Hy roep met ’n luide stem, soos wanneer ’n leeu brul (vers 3), en te midde van die geluid van sewe donderslae, hoor Johannes ’n stem wat sê:

> *Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie*. Openbaring 10:4.

’n Boek (of boekrol) wat oop is en ’n verwysing na inligting wat verseël is, kan slegs ’n verwysing wees na ’n verseëlde boek (of profesie) wat nou geopen of “onverseël” moet word. Die Skrif moet sy eie vertolker wees en in hierdie verband is dit slegs die profesie van Daniël (die 2300-dae profesie) wat ’n verseëlde profesie was en wat *“aan die tyd van die einde”* geopen sou word, of na die 1260-dae periode wat ons tot 1798 bring. Op presies die regte tyd (na 1798) het die Miller-beweging die oordeelsboodskap aangekondig na aanleiding van die ontrafeling van die profesie van Daniël. Die boodskap was soet, maar het verander in bittere teleurstelling toe Jesus nie in 1844 teruggekeer het nie.

Die 2300-dag profesie is die langste tydprofesie in die Bybel en geen verdere tydprofesie word daarna gegee nie. Die stelling deur die engel in Openbaring 10:6 *“dat daar geen tyd meer sal wees nie”* kan gesien word as ‘n verwysing na die profesie van Daniël wat ons bring tot aan die einde van profetiese tyd. Johannes word ook ‘n opdrag gegee om die boekrol te eet (vers 9) wat soet was in sy mond, maar bitter geword het in sy maag (vers 10). Om die boekrol te eet, is om dit te internaliseer, om dit jou eie te maak, om dit te verstaan:

> *Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die leërskare!* Jeremia 15:16.

Die soetheid was ’n vreugdevolle verwagting wat die insig in die Skrif teweeggebring het, terwyl die bitterheid die teleurstelling weerspieël het wat ondervind was as gevolg van die verkeerde toepassing daarvan. Die adventgelowiges het die terugkeer van Christus verwag – maar Hy het nie gekom nie. Hulle het gedink dat die laaste boodskap van waarskuwing reeds gegee was – maar dit was nie die geval nie. In Openbaring 10:11 word die instruksie gegee:

> *En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings.* Openbaring 10:11.

Die woord *“weer”* is belangrik. Hulle het gedink dat hulle klaar was met profesie, maar hulle moes weer profeteer. Bowendien moes die boodskap wat weer geprofeteer moes word ’n wêreldwye boodskap wees wat al die mense en nasies van die hele wêreld sou bereik.

Wat was die allerbelangrike boodskap wat God wou hê aan die hele wêreld verkondig moes word? Die Drie-engele boodskap opgeteken in Openbaring 14 waar die opdrag weer eens gegee word dat die boodskap moet uitgaan na die hele wêreld:

> *En ek het ’n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ’n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke.* Openbaring 14:6.

Op die regte tyd het God ’n volk opgerig wat uit alle denominasies gekom het (’n oorblyfsel) om die evangelie in sy volheid te verkondig – die “ewige evangelie” aan die hele wêreld. Dit is die oorblyfsel wat aan die einde van tyd deur die draak vervolg sal word, hulle...

> *... wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.* Openbaring 12:17.

Hier word die kenmerke van die oorblyfsel na vore gebring wat die woede van Satan ontketen, naamlik gehoorsaamheid aan God se gebooie en die getuienis van Jesus Christus. Die Hervorming het geloof herstel in die meriete van Jesus Christus as die enigste middel tot verlossing, maar die belangrikheid van die wet en gehoorsaamheid aan God, asook die betekenis van Jesus se Hoëpriesterlike bediening was grotendeels misverstaan. Die volheid van die evangelie en bediening van Jesus Christus, tesame met die profetiese reeks gebeurtenisse vanaf die sondeval tot die finale herstel, is waarhede wat verkondig moes word in die finale ure van die tydperk van genade deur die oorblyfsel wat reageer op die oproep van genade. As gevolg hiervan, is die getuienis van Jesus of die gees van profesie herstel om te help met die ontrafeling van die waarheid (sien Hoofstuk 15, *God se Leidende Gawe*):

> *En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie*.
> Openbaring 19:10.

## Die Sewendedag Adventiste Kerk (Die Elía wat moet kom)

Die kenmerke van die oorblyfsel is so duidelik in die Skrif uiteengesit dat dit moontlik behoort te wees om vas te stel wie daaraan voldoen. Ook moet daarop gelet word dat so 'n oorblyfsel sy geloofsbelydenis op die hele Skrif moet baseer, wat die opgetekende Woord van God is:

> *Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.* 2 Timótheüs 3:16.

In die lig van bykans wêreldwye afvalligheid wat volgens die Skrif aan die einde van tyd sal plaasvind, is dit ook logies dat die oorblyfsel 'n minderheid sal wees ten spyte van hul wêreldwye verteenwoordiging. Daar is net een beweging wat aan al die vereistes voldoen en dis die Sewendedag Adventiste Kerk wat op die wêreldtoneel verskyn het op presies die regte tyd om profesie te vervul. Slegs die Sewendedag Adventiste Kerk verkondig die Drie-engele boodskappe aan die hele wêreld en vir hierdie

doel is die Sewendedag Adventiste Kerk die enkel mees wydverspreide Protestantse denominasie in die wêreld. Bowendien, die Sewendedag Adventiste Kerk voer sy ontstaan terug na die ontseëling van die boekrol van Daniël en die groot adventontwaking. Die beweging verkondig die ewige evangelie “verlossing deur die bloed van die Lam en gehoorsaamheid aan Sy voorskrifte,” en wys na die Skepper van alle dinge as die enigste Een wat waardig is om aanbid te word. Die kerk bevestig amptelik die skeppingsverhaal as die enigste ware bron van oorsprong, en aangesien God se gedenkteken vir die skepping die sewende dag Sabbat is, poog hulle om die Sabbat te onderhou, en daardeur verleen hulle erkenning aan die Skepper se seël van gesag.

Terwyl die meeste denominasies anti-nomiane is (glo dat God se wet afgeskaf is), benadruk Adventiste die onveranderlikheid van die wet van die Tien Gebooie. In hierdie verband benadruk hulle ook dat niemand deur die onderhouding van die wet gered word nie:

> *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.*
> Efésiërs 2:8-9.

Maar die onderhouding van die wet is ’n gevolg van verlossing en ‘n uitdrukking van liefde vir God:

> *As julle My liefhet, bewaar my gebooie.* Johannes 14:15.

Adventisme verwerp die bykans universele aanvaarde leerstelling van die onsterflikheid van die siel en aanvaar die Bybelse leer van die opwekking van die dode (sien Hoofstuk 10, *Die Mistieke Doderyk*). Bo alles verhef Adventisme die Hoëpriesterlike bediening van Christus in die hemelse heiligdom met hierdie vertroue:

> *Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.*
> Hebreërs 7:25.

Hulle glo dat net Christus die Middelaar is tussen God en die mens, en deur Hom het die hele skepping ontstaan (Johannes 1:1-3; Kolossense 1:15; Hebreërs 1:1-3). Bowendien word die Woord van God, die Bybel, beskou as die enigste ware en ten volle openbaarde wil van God aan die mens.

Slegs die Sewendedag Adventiste Kerk voldoen aan al die kenmerke van God se oorblyfsel soos in die Skrif weergee. Satan mag een of twee van die kenmerke namaak, maar hy kan nie almal namaak nie. Die Adventiste Kerk:

1. Ontstaan op die regte tyd.
2. Verkondig die Drie-engele boodskappe.
3. Word wêreldwyd verteenwoordig.
4. Onderhou die gebooie van God (Openbaring 12:17; 14:12; 22:14).
5. Het die geloof van Jesus (Openbaring 14:12). Hulle het 'n Christus-gesentreerde geloof en glo deur geloof in God sal die gelowiges genade ontvang om te oorwin soos Christus oorwin het (1 Johannes 5:4; Openbaring 12:11; 1 Johannes 2:6; 3:3, 7).
6. Het die getuienis van Jesus (Openbaring 12:17) wat die gees van profesie is (Openbaring 19:10). (Sien Hoofstuk 15, *God se Leidende Gawe.*)

Die missie van die beweging is om die mens uit afvalligheid uit te roep en hulle aandag te vestig op die Lam van God, en getrouheid aan Sy gesag. Net soos God vir Israel uit Egipte, 'n land van afvalligheid, uitgeroep het, en hulle die woestyn ingebring het, net so roep God die eindtyd Israel, uit die nominale kerke, en bring hulle in die woestyn van die mense na 1844. Net soos God die wet en die Sabbat (Exodus 16:23-30; 20:1-17) aan Israel van ouds herstel het nadat Hy hulle uit Egipte geroep het, net so is die wet en die Sabbat herstel na 1844. Net soos God die beginsels van higiëne en gesonde lewe aan Israel van ouds herstel het (Exodus 15:26), net so verkondig Adventiste 'n boodskap van 'n gesonde lewenstyl en hulle glo dat, soos Jesus in Sy tyd na die siekes omgesien het, moet daar so na die fisiese behoeftes van die mense in ons tyd omgesien word saam met die verkondiging van die evangelie. Geen ander Protestantse Kerk het so 'n groot wêreldwye mediese bediening soos die Sewendedag Adventiste Kerk nie.

Volgens Matthéüs 17:11 het Jesus belowe dat Elía net voor die einde sou terugkeer om alle dinge te herstel:

> *Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel.*
>
> Matthéüs 17:11.

Volgens vers 12 verwys Hy na Elía wat reeds gekom het, maar wie se lering verwerp is. Dit is ’n verwysing na die prediking van Johannes die Doper wat Jesus identifiseer het as Elía (Matthéüs 11:14). Duidelik verwys die verwysing na Elía na die boodskap eerder as na die man. Daar is opvallende ooreenkomste tussen die boodskappe van Elía van ouds, Johannes die Doper en die Sewendedag Adventiste Kerk. Al drie roep die mensdom terug na gehoorsaamheid aan God en aanbidding van Hom *“wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.”* Daarbenewens is die boodskap van Johannes die Doper en die Sewendedag Adventiste Kerk ‘n boodskap van voorbereiding – om die weg voor te berei vir die koms van die HERE (Lukas 1:17).

In 1 Konings 16:31 word die verhaal vertel van die huwelik van koning Agab met Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs. Hierdie onwettige huwelik het gelei tot die instelling van Baäl- of sonaanbidding in Israel (2 Konings 23:5). Die gevolg was algehele afvalligheid onder die noordelike stamme en...

> *... hulle het al die gebooie van die HERE hulle God verlaat en vir hulle gegote beelde, twee kalwers, gemaak, ja, ’n heilige boomstam gemaak en gebuig voor die hele leër van die hemel en Baäl gedien.*
> 2 Konings 17:16.

Elía se missie was om die mense uit hul afvalligheid te roep en om die eenheid van Israel te herstel. Hy het persoonlik die gebroke offeraltaar bestaande uit twaalf stene wat die eenheid van Israel voorgestel het, herstel. Die offeraltaar was ’n simbool van verlossing deur genade, aangesien dit alleenlik deur die bloed van die Lam is waardeur ons verlos kan word (Levitikus 17:11).

Net soos Elía van ouds ’n voorloper was van die naderende oordeel van God in antieke Israel, so moet die eindtyd Elía ook ’n voorloper wees van die eindtyd oordeel van God:

> *Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel – insettinge en verordeninge. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.* Maleági 4:4-6.

Elía herstel die antieke bakens van gehoorsaamheid aan God en vertroue in Sy reddende genade. Net so moet die Sewendedag Adventiste Kerk ook die vertrapte wet en vertroue in Jesus se verdienste herstel. Soos Jesaja geprofeteer het:

> *En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fondamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak. As jy jou voet terughou van die sabbat–om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek.* Jesaja 58:12-14.

Die gebroke mure is ‘n verwysing na die wet van God. Die paaie verwys na die antieke paaie, die waarhede van die evangelie, wat in die stof vertrap is deur die indringing van paganisme. In hierdie eindtyd-profesie word die Sabbat uitgelig as die groot kloofbyl wat ‘n volk uit die wêreld sal kloof om ’n regte verhouding met God te herstel. Die Sabbat moet nie ’n las wees nie, maar ’n vreugde, ’n dag om God te verheerlik.

Die Drie-engele boodskappe is dit wat die tweede koms van Christus en die oes van die wêreld onmiddellik voorafgaan. Hulle berei die weg voor vir die wederkoms en roep ‘n volk uit die wêreld:

> *… hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.* Openbaring 14:12.

Die Joodse feeste het die gebeure wat hier aan die einde van tyd afspeel, voorafgeskadu. Die aankondiging van die wederkoms van Christus is die anti-tipe van die Fees van Trompette. Die aankondiging van die naderende oordeel is die anti-tipe van die Dag van Versoening, en die Fees van Tabernakels het die kinders van God se finale verlossing en terugkeer na die hemelse tuiste voorafgeskadu.

## Die Drie-engele Boodskappe

Die Drie-engele Boodskappe is die finale boodskappe van waarskuwing aan die wêreld. Met die afsluiting van hierdie boodskappe sal die genadedeur sluit en Christus sal terugkeer om Sy kinders te verlos. Die groot stryd tussen Christus en Satan bereik sy klimaks in die verkondiging van hierdie boodskappe en die volgelinge van Christus en van Satan sal in twee groepe verdeel word – diegene wat die Lam volg en diegene wat die dier volg. Die stryd sal fel wees en daar sal ’n tyd van verdrukking wees soos nooit vantevore nie (Daniël 12:1).

Dwarsdeur die boek van Openbaring word die twee kampe teenoor mekaar gestel en Satan beplan om selfs die verlossingsplan na te maak om, as dit moontlik is, selfs die uitverkorenes te mislei (Matthéüs 24:24). Deur middel van die dier (Rooms-Katolisisme) neem hy hom voor om die bediening van Christus na te maak (sien Hoofstuk 9, *Die Wyn van Babilon*) en hy stel ’n valse drie-eenheid daar om die wêreld te mislei. Slegs die ware Prins van die wêreld, naamlik Jesus Christus, kan ons red en van alle ongeregtigheid reinig:

> *... en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons lief gehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed.*
> Openbaring 1:5.

Christus en Sy volgelinge is by hierdie stryd betrokke en alhoewel Christus reeds die teenstander oorwin het, sal die stryd woed tot die wederkoms van Christus:

> *Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie*. Johannes 14:30.

Die vals prins, Satan, sal geoordeel en uitgewerp word:

> *… omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is*.
> Johannes 16:11.

Die tema van die boek van Openbaring is om die twee kante in teenstelling met mekaar te stel.

## Die Eerste Engel se Boodskap

> *En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.* Openbaring 14:6-7.

Die boodskap wat in die eerste engel se boodskap vervat is, is nie slegs 'n boodskap van oordeel nie, maar ook 'n boodskap van *"die wederoprigting van alle dinge."* Dit is die Elía-boodskap, die finale hervorming wat die oorblyfsel van geestelike Israel uit die wêreld sal kloof en 'n volk sal voorberei vir die koms van die HERE. Die engel word uitgebeeld as die boodskapper wat die ewige evangelie versprei na elke nasie. God maak gebruik van mense om medewerkers saam met Hom te wees in die verspreiding van die evangelie. Die engel is 'n simbool van die hemelse aard van die boodskap.

Die ewige evangelie is die groot tema van verlossing – verlos deur die bloed van die Lam. Hierdie evangelie het nog nooit verander nie. Ons eerste ouers het die les van verlossing deur genade geleer toe God hul naaktheid met 'n skaapvel toegemaak het – 'n simbool van Christus se geregtigheid wat hulle sou bedek. Abel het 'n lam as offer gebring want hy het die verlossingsplan verstaan, dat redding buite homself te vinde is in die meriete van die Lam wat geslag sou word vir die sondes van die wêreld. Kaïn het guns gesoek deur die werke van sy hande en sy offerande was nie aanneemlik vir God nie. Die twee groot klasse – verlossing deur genade en redding deur werke – was heel aan die begin gevestig. Abraham het die belangrikheid van die Lam verstaan toe God die verlossingsplan in die kleine laat afspeel het deur die patriarg se eie seun, Isak.

Isak was 'n simbool van God se Seun wat geoffer sou word, maar God het Sy eie offer voorsien – 'n ram, 'n simbool van Jesus wat vir die sondes van die wêreld sou sterf. Die Jode is by wyse van die seremoniële wet die beginsels van die verlossingsplan geleer, en dit was dieselfde beginsels wat vandag steeds geld – ons verlossing lê in die Lam wat geslag is. Die evangelie het nog nooit verander nie, maar Satan verdraai die evangelie om sy doel te bereik.

Die Lam was geslag omdat die wet nie gekompromitteer kon word nie. As die wet mee weggedoen kon word, sou dit nie vir Christus nodig gewees het om te sterf nie. Om deur genade gered te word, is geensins 'n vergunning om te sondig of die wet te oortree nie (1 Johannes 3:4):

> *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.* Romeine 3:31.

> *Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?* Romeine 6:2.

> *... omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.* Romeine 2:13.

Elke daad sal geoordeel word (2 Korinthiërs 5:10). God se genade is net so groot soos Sy geregtigheid:

> *Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.* Matthéüs 7:21.

Die evangelie rus op die tweeling pilare van die wet en genade. Satan weet dit en maak oorlog teen diegene wat hierdie tweeling pilare in die korrekte verhouding tot mekaar stel:

> *En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.* Openbaring 12:17.

In Israel van ouds het Satan die wet verheerlik en die Lam gekruisig terwyl geestelike Israel die Lam verheerlik en die wet kruisig. Moenie 'n fout maak nie – ons kan nie aanspraak maak op die meriete van Christus terwyl ons moedswillig aanhou sondig nie:

> *Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie.* Hebreërs 10:26.

Ons kan nie regverdiging aanvaar en heiliging verwerp nie. Sonder heiligheid sal nie een God sien nie. (Hebreërs 12:14).

Ons aanvaar heiliging op dieselfde wyse as wat ons regverdiging aangeneem het – deur geloof in Christus. Geen mens kan die wet in sy eie krag onderhou nie; dit is slegs deur Christus in ons dat gehoorsaamheid moontlik word. Heiliging is ’n groeiproses in Christus en nie ’n towerstaf nie. Deur blywende vertroue in God kan ons verdraaide sondige natuur oorwin word.

Sommige streef na volmaaktheid en sommige glo selfs dat hulle sondeloos is. Al sulke strewe is nutteloos, want slegs deur Christus in ons kan ons die oorwinning behaal. Deur onsself kan ons niks doen nie. (Johannes 15:5):

> *En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gegee het.* 1 Johannes 3:24.

> *Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie.* 2 Petrus 3:17.

> *Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.* 1 Korinthiërs 10:12.

Hoe nader ons aan Christus beweeg, hoe meer sal ons deur Sy skoonheid verootmoedig word en hoe minder verdienstelik sal ons in ons eie oë wees. Soos Jesaja van ouds, sal ons uitroep:

> *Wee my, ek is verlore! Want ek is ’n man onrein van lippe en woon onder ’n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien!* Jesaja 6:5.

Selfs die geliefde Johannes het aan die voete van Jesus neergeval soos een wat dood is toe Jesus in Sy heerlikheid aan hom verskyn het (Openbaring 1:17).

Die wet bevat geen elemente van selfsug nie. Daar sal geen selfsugtigheid in die hemel wees nie. Die atmosfeer van die hemel is deurtrek van onselfsugtigheid. Ware heiligmaking sal selfsug uit die siel uitwerp. Valse heiligmaking sal die eie ek verheerlik en ’n kritiese gees koester.

Die ewige evangelie wat deur die oorblyfsel verkondig sal word, sal die ware feite gee en die kwessies van die wet en genade in die regte perspektief stel:

> *Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.* Openbaring 14:7.

Die oorblyfsel sal die oordeel verkondig (sien Hoofstuk 18, *Die Langverwagte Millennium van Vrede*) en die Skepper verheerlik – die Een wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. Dit is die seël van God wat die teken is van Sy gesag. Dit kom ook in die Sabbatsgebod voor waar die klem nie alleenlik lê op God se gesag oor die heelal nie, maar ook Sy eienaarskap van die heelal.

Die Sabbat staan as gedenkteken vir die skepping en die oorblyfsel moet na God wys en Hom verheerlik. Dis merkwaardig dat aan die einde van die 2300-dae profesie in 1844, God ’n boodskap die wêreld ingestuur het om die wêreld aan sy oorsprong te herinner, terwyl Darwin se konsep van evolusie terselfdertyd (1844) vir die wêreld in gereedheid gebring is. In die wêreld van musiek verheerlik Haydn se *“Creation”* die Skepper.

Die eerste engel se boodskap maak ‘n oproep vir ‘n keuse tussen die waarheid en dwaalleer; tussen die bindende aansprake van die evangelie en gewilde humanisme; tussen die lediging van die eie ek tesame met vertroue in God, en selfverheerliking.

## Die Tweede Engel se Boodskap

> *En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.* Openbaring 14:8.

Babilon van ouds was gekant teen Jerusalem. Babilon het Jerusalem verlei en gemaak dat sy vreemde gode aanbid. Babilon van ouds het uiteindelik die hele Israel in ballingskap weggevoer en slegs 'n oorblyfsel het teruggekeer om die antieke ruïnes te herbou. God het 'n oordeel oor antieke Babilon uitgespreek.

> *Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword. Skielik het Babel geval en is verbreek. Huil oor hom; gaan haal balsem vir sy pyn! Miskien sal hy gesond word. Ons het aan Babel medisyne gegee, maar hy het nie gesond geword nie; verlaat hom en laat ons trek, elkeen na sy land; want sy strafgerig raak tot aan die hemel en verhef hom tot by die wolke.* Jeremia 51:7-9.

> Op soortgelyke wyse sal die anti-tipiese Babilon, die konfederasie van godsdienstige magte, die mensdom verlei en hulle gevange neem deur haar menigvuldige valse leerstellings (sien Hoofstukke 9, 11, 12 & 13, *Die Wyn van Babilon, Die 'Gees' van Eenheid, Vreemde Vuur* en *Die New Age-beweging en die Maitreya*). Dieselfde uitsprake as wat in Jeremia 51:8 oor antieke Babilon gemaak is, word gemaak in Openbaring 14:8. In Openbaring 18:1-5 is die oproep om Babilon te verlaat dieselfde as wat deur God in antieke tye gegee is (Jeremia 51:9). Babilon kan nie genees word nie. Sy het haar ore toegestop vir God se oproep en die oorblyfsel word uit haar uitgeroep. Haar strelende leerstellings van verlossing in sonde en selfverheerliking is waarlik leringe van duiwels. (1 Timótheüs 4:1).

| **CHRISTUS EN SY VOLK** | **SATAN EN SY VOLGELINGE** |
|---|---|
| Drie-eenheid van God die Vader, Seun en Heilige Gees<br>Alle mag is aan die Seun gegee. (*Hebreërs 1:8; Openbaring 6:2*). | Valse drie-eenheid van Draak, Dier en die Valse profeet<br>Mag is aan die Dier gegee. (*Openbaring 13:2*). |
| Sleutels van die Dood en die Doderyk. (*Openbaring 1:18*). | Sleutel van die put van die afgrond. (*Openbaring 9:1*). |
| Wie is aan God gelyk? (*Jesaja 40:18*).<br>Die Lam wat geslag is. (*Openbaring 13:8*). | Wie is aan die Dier gelyk? (*Openbaring 13:4*).<br>Een van sy koppe asof dodelik gewond. (*Openbaring 13:3*). |
| [Hy] wat is en wat was en wat kom. (*Openbaring 1:4*). | Die Dier wat was en nie is nie, alhoewel hy is. (*Openbaring 17:8*). |
| Toorn van die Lam. (*Open. 6:16*).<br>God se seël op voorhoof. (*Openbaring 7:2-3*). | Toorn van die duiwel. (*Openbaring 12:12*).<br>Dier se merk op voorhoof en hand. (*Openbaring 13:16,17*). |
| Die naam van God. (*Openbaring 14:1*).<br>Die stamme van Israel. (*Openbaring 7:4-8; 14:1-3; 1:4*). | Die naam van die dier. (*Openbaring 13:17*).<br>Die geslagte van die aarde. (*Openbaring 1:7*). |
| Leërs in die hemel. (*Openbaring 19:14*).<br>Oorlog teen Satan en sy volgelinge. (*Openbaring 12:7; 16:14; 19:11*).<br>Bruilofsmaal van die Lam. (*Openbaring 19:19*). | Leërs van die aarde. (*Open. 19:19*).<br>Oorlog teen Christus en Sy volk. (*Openbaring 12:17; 17:14; 20:8*)<br>Groot maaltyd van die voëls. (*Openbaring 19:17-20*). |
| Bruid van die Lam. (*Openbaring 21:9-10*).<br>Apostels van die Lam. (*Open.21:14*). | Hoer van Babilon. (*Openbaring 17:1, 5*).<br>Valse Apostels. (*Openbaring 2:2*). |
| Jerusalem – die gemeente van God. (*Openbaring 11:2; 14:20*). | Babilon – gemeente van Satan. (*Openbaring 14:8; 16:19*). |
| Skepper van hemel, aarde en see. (*Exodus 20:11; Génesis 2:3; Matthéüs 23:18*). | Dier uit die see, Dier uit die aarde, die Draak. (*Openbaring 13:1-2, 11-14; 12:9*). |

*Diagram 14.1*

> *En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.*
> Openbaring 18:1-5.

Die tweede engel kondig die val van Babilon aan, maar die luide roep om uit haar uit te kom my volk, volg eers later. God se volk is dus steeds in Babilon. Dit is Babilon wat verdoem is – 'n sisteem van godsdienstige strukture wat deur 'n sameswering in ooreenstemming gebring word teen Christus en Sy kinders – nie die individue nie.

Daar is twee oproepe om uit Babilon te kom. Net soos Jesus Sy bediening op aarde begin en beëindig het deur die tempel te reinig van ontheiliging, so is daar twee oproepe aan die kerke aan die einde van tyd. Die eerste hiervan was gemaak met die aanvang van die Adventbeweging in ongeveer 1844 en was grotendeels beperk tot die Verenigde State van Amerika, terwyl die finale oproep wêreldwyd sal wees en sy klimaks sal bereik met die luide geroep net vóór die sluiting van die genadedeur. Hierdie ondervinding sal gepaardgaan met die uitstorting van die laat reën.

## Die Derde Engel se Boodskap

> *En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God*

> *wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.* Openbaring 14:9-12.

Die derde engel se boodskap is die vreeslikste boodskap wat ooit aan die wêreld verkondig is. Dit waarsku teen die aanvaarding van die merk van die dier of die aanbidding van die dier of sy beeld (sien Hoofstuk 8, *Die Merk van die Dier*).

Die aanvaarding van die gesag van die valse godsdienstige stelsel bo dié van God, is dieselfde as om die dier-stelsel te aanbid in plaas van God. Die aanvaarding van die valse sabbat is ’n aanvaarding van die gesag van die dier in die plek van die gesag van God. Aangesien die dier sy mag van die Draak ontvang (Openbaring 13:2), is erkenning van dié gesag gelykstaande aan aanbidding van die Draak of Satan self:

> *En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer*?
> Openbaring 13:4.

Aanbidding van die sisteem beteken veel meer as om net die gesag te aanvaar. Dit beteken ook vereenselwiging met die beginsels van die sisteem. Die leerstelling van verlossing in sonde laat alle dinge toe en leer dat almal in Christus vry is om te doen wat hulle pas:

> *Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees*.
> Matthéüs 24:38-39.

Inderdaad:

> *Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig.*
> Eségiël 22:26.

Diegene wat in Christus is, sal hulle vereenselwig met die beginsels van Christus. Hulle sal streef na heiligheid en hulself afsonder van alles wat skeiding veroorsaak tussen hulle en Christus:

> *Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige. Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.* 2 Korinthiërs 6:14-18; 7:1.

> *Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*
> Romeine 12:1-2.

Die hele lewenstyl van gelowiges in Christus moet hierdie verhouding weerspieël. Babilon is in vyandskap met God en het ’n kompromisleer, maar om ‘n kompromie met sonde te sluit is onmoontlik, want God is ’n verterende vuur. (Hebreërs 12:29).

Die derde engel se boodskap is ’n boodskap van afskeiding van Babilon en haar beginsels. Dis ’n boodskap wat ons verhouding met Christus in sy regte perspektief stel, en dis ’n boodskap wat lewenstyl veranderinge teweegbring soos dit diegene betaam wat in die teenwoordigheid van ‘n heilige God wil staan.

Afskeiding van die wêreld beteken nie om in eensame afsondering te gaan woon nie. Ons moet in die wêreld werk soos wat Christus gewerk het, maar ons moet nie vasgevang word in die gebruike van die wêreld nie. Om standpunt in te neem vir die regte beginsels sal moed en standvastigheid verg, dikwels in die aangesig van kwaai teenstand, maar in Christus is dit moontlik om die wêreld te oorwin. Die gevolge van die drink van die wyn van Babilon word in die Woord van God uitgespel:

> *... sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam*.
> Openbaring 14:10

Die grimmigheid wat ongemeng uitgestort sal word, verwys na die grimmigheid sonder barmhartigheid, sonder genade:

> *As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God*. Hebreërs 10:28-31.

In antieke Israel is die vyande van God geheel en al vernietig (Deuteronómium 7:2; 20:16-18). Die valse profete wat Israel op 'n dwaalspoor gelei het, moes sonder enige genade gedood word (Deuteronómium 13:7-10). Hierdie tipologie is ook van toepassing op die vyand van God in die laaste dae:

> *... maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is – grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek; maar heerlikheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood eerste en ook vir die Griek. Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.* Romeine 2:8-11.

God se kinders het nie nodig om die oordeel te vrees nie, want:

> *Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.* 1 Johannes 4:18-19.

Diegene wat die merk van die dier aanvaar, word uitgebeeld in skerp kontras met diegene wat die seël van God ontvang. In Openbaring 7 sien Johannes die 144 000 wat die seël van God ontvang. Hulle het 'n aantal identifiserende kenmerke wat in Openbaring 14 weergee word. Eerstens is die Naam van die Lam en Sy Vader op hul voorhoofde geskryf (Openbaring 14:1). Tweedens, hulle is vrygekoop van die aarde (Openbaring 14:3). Hulle het hulself nie met vroue besoedel nie (Openbaring 14:4) en hulle is maagdelik rein (Openbaring 14:4). Daar is boonop geen bedrog in hul mond nie, hulle is sonder gebrek (Openbaring 14:5) en hulle volg die Lam waar Hy ook heengaan (Openbaring 14:4). Van belang hier is dat hulle in skerp kontras staan teenoor diegene wat die merk van die dier ontvang.

Die naam staan vir hul karakter. Hulle het 'n aandeel in die natuur en karakter van God en hulle weier om met vroue besoedel te word, wat beteken dat hulle weier om by afgodery betrokke te raak. Hulle bly rein en getrou aan Jesus. Die feit dat geen leuen in hul mond gevind is nie dui op 'n ondersoek na hul karakter. Maar daar word gevind dat hulle geregverdig voor God staan. Hulle is sonder blaam:

> *... om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.* Efésiërs 1:4. (Sien ook Filippense 2:15, Kolossense 1:22, 2 Petrus 3:11.)

Dis nie 'n boodskap van wettiesheid of volmaaktheid nie, aangesien ons sonder Jesus niks kan doen nie. Dit is 'n erkenning van die mag van Christus. Christus beeld Sy bruid uit as geklee in onbesmette wit, bedek met Sy geregtigheid. Niemand durf waag om te sê, "Ek is sondeloos" nie, maar Christus kan dit in Sy boek aanteken, want Sy vergifnis verwyder nie net die vlek van sonde nie, maar ook die rekord van die sonde. In die boek van Levitikus lees ons dat priesters slegs toegelaat was om met maagde te trou, 'n tipologie van Christus en Sy bruid. Die priesters was nie eens toegelaat om met kuis weduwees te trou, wat uit die aard van hul status, vorige verhoudings gehad het nie. Aangesien almal gesondig het en dit hulle aan die heerlikheid van God ontbreek, val almal in die kategorie dat ons vorige verhoudings met die bose gehad het. Om die vereistes van die tipologie te vervul, moet die vergifnis van God so volmaak wees dat selfs nie eens die rekord van die vorige ontrouheid van God se kinders sal agterbly nie. Slegs dan kan hulle kwalifiseer as maagdelik rein en sonder smet of blaam. Alle eer en heerlikheid kom God toe, en dit laat geen ruimte vir wettiesheid wat op ons eie meriete steun nie.

Is dit toevallig dat daar vandag slegs twee ware wêreldwye godsdienstige bewegings in die wêreld is – die Rooms-Katolieke Kerk en die Sewendedag Adventiste Kerk? Die Amerikaanse Bybelgenootskap en "*Church Missions*"-dokument lys die Sewendedag Adventiste Kerk as die enigste wêreldwye Protestantse denominasie in die wêreld. Die Katolieke Kerk vereis gehoorsaamheid aan haar sisteem en maak aanspraak op Sondag as haar merk van gesag, en die Sewendedag Adventiste Kerk verkondig gehoorsaamheid aan God en Hom alleen, en bevestig ingevolge die skrif die Sabbat as teken van gehoorsaamheid aan God. Soos Katolieke erken, is 'n kompromie onmoontlik:

> *Rede en gesonde verstand vereis die aanvaarding van die een of die ander van hierdie alternatiewe:* óf *Protestantisme en die onderhouding van die Sabbat, óf Katolisisme en die onderhouding van die Sondag. 'n Kompromis is onmoontlik.*[1]

Dit is 'n eenvoudige stryd van wil aan beide kante, 'n stryd om gesag. Pous Johannes Paulus II se pouslike sendbrief aangaande Sondagsaanbidding

roep die wêreld om daardie dag te eerbiedig. Die Sewendedag Adventiste Kerk waarsku die wêreld teen die aanvaarding van die merkteken van die dier. Hulle maak beswaar teen die wederregtelike toe-eiening van God se gesag. Dit is die resep vir die finale konflik. Soos die Rooms-Katolieke Kerk erken, het die Adventiste die gesag van die Skrif aan hulle kant in hierdie konfrontasie. Inderwaarheid spog hulle dat Protestante wat Sondag onderhou, aan hulle eer betoon:

> *U mag die Bybel lees van Génesis tot Openbaring en u sal nie een reël daarin vind wat Sondagsheiliging magtig nie. Die Skrif beveel die godsdienstige onderhouding van Saterdag. 'n Dag wat ons nooit heilig nie.*[2]

> *… die onderhouding van Sondag deur Protestante is 'n eer wat hulle, ten spyte van hulself, aan die gesag van die Katolieke Kerk betoon.*[3]

Die Katolieke Kerk erken openlik dat die Sewendedag Adventiste Kerk hier volgens die Skrif optree:

> *Die Adventiste is die enigste liggaam van Christene met die Bybel as hul leermeester, wat in die bladsye daarvan geen magtiging vind vir die verandering van die dag vanaf die sewende na die eerste nie. Vandaar hul benaming, "Sewendedagadventiste."*[4]

> *Die (Katolieke) Kerk het die onderhouding van die Sabbat na Sondag verander by wyse van die reg van die goddelike, onfeilbare gesag aan haar verleen deur haar Stigter, Jesus Christus. Die Protestante wat daarop aanspraak maak dat die Bybel hul enigste gids vir die geloof is, het geen magtiging vir die onderhouding van Sondag nie. In hierdie kwessie is die Sewendedag Adventiste Kerk die enigste konsekwente Protestante.*[5]

Die *“Saint Catherine Catholic Church Sentinel”* het die volgende aangaande die kwessie te sê:

> Die mense wat dink dat die Skrif die enigste gesag behoort te wees, moet logies Sewendedag Adventiste word en Saterdag heilig hou.[6]

Dit is ons keuse – die gebooie van God of die gebooie van mense. Diegene wat willens en wetens aan God ongehoorsaam is, sal aan God verantwoording moet doen:

> *Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.* Matthéüs 15:9.

Die finale konflik in die drama van die groot stryd tussen Christus en Satan gaan binnekort ontvou. Wanneer die mens voor die keuse geplaas word en die merk van die dier afgekondig is, dan sal die genadedeur sluit en Christus sal terugkeer. Die verlostes sal ’n *“nuwe lied ... voor die troon”* sing. Hul unieke ondervinding as diegene wat uit die groot verdrukking kom, sal hulle kwalifiseer om hierdie lied van lofprysing te sing aan die Lam van God wat van die grondlegging van die aarde af geslag is maar wat vir ewig lewe. Die keuse is duidelik: God verlang om ons te verlos. Hy wat nie Sy eie Seun gespaar het nie, wil aan ons alle dinge skenk. Vandag, as jy Sy stem hoor, moet nie jou hart verhard nie.

## VERWYSINGS

[1] 23 Desember 1893, *The Catholic Mirror.*

[2] Cardinal Gibbons, *The Faith of our Fathers* – 92nd ed. rev., Baltimore: John Murphy Company, p. 89.

[3] Monsignor Louis Segar, *Plain Talk about the Protestantism of Today,* p. 213.

[4] 9 September 1893, *The Catholic Mirror.*

[5] “The Question Box,” *The Catholic Universe Bulletin*, (14 Augustus 1942), p. 4.

[6] *The Saint Catherine Catholic Church Sentinel*, 21 Mei 1995, Volume 50, No. 22.

# 15

# GOD SE LEIDENDE GAWE

Toe God die antieke wêreld oor ’n komende oordeel gewaarsku het, het Hy van ‘n profeet gebruik gemaak. Noag was ’n prediker van geregtigheid (2 Petrus 2:5) en het genade in die oë van God gevind (Génesis 6:8). God het nog altyd profete gebruik om Sy kinders te waarsku en in die tyd van die eksodus het Hy Moses gebruik om Sy volk uit Egipte na Kanaän te lei. Moses was meer as ’n profeet, hy was ook die leier van die volk. Moses moes die volk voorberei om die Beloofde Land binne te gaan en hierdie groot gebeurtenis dien as tipe vir die finale byeenkoms van God se kinders en hul betreding van die hemelse Kanaän. Indien dit nodig geag was om van ’n profeet gebruik te maak vir die voorbereiding vir die aardse Kanaän, hoeveel te meer vir die hemelse Kanaän. Die Bybel voorspel dat die oorblyfsel oor die gees van profesie sal beskik en dat die herstel van hierdie gawe een van die kwessies sal wees waarteen Satan oorlog sal voer:

> *En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou*. Openbaring 12:17.

> *… Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.* Openbaring 19:10.

God se oorblyfsel moet derhalwe die gees van die profesie besit ten einde as die oorblyfsel te kwalifiseer en dit is nodig dat ons die gepaardgaande kwessies moet verstaan. Daar is niks wat gevaarliker vir Satan is as die duidelike openbaring van God se Woord nie. Die wyse om daarteen oorlog te voer, is om dit in minagting te bring of om dit na te maak. Daarom is dit van die uiterste belang dat ons die Bybelse kriteria vir die manifestasie van die gawe van profesie moet verstaan, en dat ons ook die redes verstaan waarom God hierdie gawe in die eerste plek skenk sodat ons nie deur Satan se misleidings meegesleur word nie.

## Sonde het Ons van God Geskei

Toe Adam en Eva gesondig het, was hul eerste reaksie om vir God weg te kruip:

> *En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God tussen die bome van die tuin.* Génesis 3:8.

Die rede waarom hul hulself versteek het, was omdat hulle hul naaktheid ontdek het. Toe God na Adam geroep het, het hy geantwoord:

> *… Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.* Génesis 3:10.

Adam en Eva het hul kleed van geregtigheid verloor en het in hul naakte toestand voor God gestaan. Sonde het ’n skeiding tussen God en die mens veroorsaak:

> *... maar julle ongeregtighede het ’n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.*
> Jesaja 59:2.

En slegs in Christus is ons met God versoen:

> *Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is*. Romeine 5:10.

Die boodskap van versoening is aan die kerk toevertrou – in die Ou Testamentiese kerk in tipe en aan die Nuwe Testamentiese kerk in werklikheid:

> *En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen*. 2 Korinthiërs 5:18-20.

In Christus is ons met God verenig, maar solank daar sonde bestaan, is kommunikasie van aangesig tot aangesig met God onmoontlik. Die glans van Sy heerlikheid sou ons vernietig.

Wanneer ookal God Homself aan die mens openbaar het, was dit óf in ’n droom of visioen, óf God het Sy heerlikheid verberg. Toe God met Israel vanaf die berg Sinai gepraat het, het Hy hulle gewaarsku dat hulle sou sterf indien hulle dit sou waag om te naby te kom. Die teenwoordigheid van God, alhoewel bedek in dik wolke, was so indrukwekkend dat die volk vir Moses gevra het om die woorde van God aan hulle oor te vertel uit vrees dat hulle sou sterf vanweë die stem van God (Exodus 20:19). Die profete van ouds het, selfs tydens ’n visioen, gevoel dat hulle in die teenwoordigheid van God sou sterf:

> *Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is ’n man onrein van lippe en woon onder ’n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien!* Jesaja 6:5.

En in die Nuwe Testamentiese tye het die situasie geensins verander nie. Toe Johannes vir Jesus in 'n visioen gesien het, het hy soos 'n dooie neergeval:

> *En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste.* Openbaring 1:17.

Eendag sal dit weer moontlik wees om in God se teenwoordigheid te staan en van aangesig tot aangesig met hom te gesels:

> *Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is*. 1 Korinthiërs 13:12.

Ons kommunikasie is tans belemmer, maar dit sal herstel word:

> *Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan*. 1 Korinthiërs 13:9-10.

## Hoe God Kommunikeer

Die grootste gawe aan die gevalle mens is die gawe van God se eie Seun:

> *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê*. Johannes 3:16.

Die grootste woorde ooit gespreek was Christus se woorde toe Hy onder die mensdom gewandel het. God het nie Sy kinders sonder lewenswoorde gelaat *voor* die inkarnasie van die Seun van God nie en nog minder het Hy hulle as wese agtergelaat *ná* die opstanding. Deur die eeue heen het God Sy wil aan Sy knegte, die profete, bekend gemaak:

> *Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.*
> Amos 3:7.

Hierdie profete het nie hul eie woord gespreek nie, maar het die wil van God aan die mensdom openbaar:

> *... want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.*
> 2 Petrus 1:21.

Profete, deur God uitgekies, is sedert die sondeval deur God gebruik.

> *... waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete.* Handelinge 3:21.

Henog is die eerste profeet wat in die Bybel genoem word:

> *En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle.* Judas 14.

Sedert Henog was daar talle profete, mans sowel as vroue. Sommige profete is deur God opdrag gegee om Sy woorde in 'n boekrol op te teken en sommige van hierdie geskrifte vorm deel van die Skrif. Ander profete en profetesse word in die Bybel genoem terwyl hul geskrifte nie in die kanon opgeneem is nie. Voorbeelde in die Ou Testamentiese tyd is Nathan, Gad, en Hulda die profetes (2 Samuel 7:2; 1 Samuel 22:5; 2 Konings 22:14). In die Nuwe Testamentiese tye was daar Simeon (Handelinge 13:1), Anna (Lukas 2:36), Agabus (Handelinge 11:28; 21:10), Barnabas (Handelinge 13:1) en Filippus se vier dogters (Handelinge 21:9). God het beide mans en vrouens gebruik om Sy wil aan die mense bekend te maak, en alhoewel nie al die profete se geskrifte of gesegdes in die Skrif opgeneem is nie, maak dit hul boodskappe nie minder belangrik nie, nog minder is daar enige rede om te argumenteer dat manlike profete enigsins verskil het van die vroulike met betrekking tot die profetiese gawe. Profetesse wat in die Bybel genoem word, sluit in Mirjam (Exodus 15:20), Hulda (2 Konings 22:14), Debora (Rigters 4:4), Anna (Lukas 2:36), en die vier dogters van Filippus (Handelinge 21:9).

## Die Profetiese Gawe

Indien God Sy bedoelings deur Sy knegte bekendmaak (Amos 3:7; Hosea 12:10) en Satan die boodskappe van God namaak deur middel van valse profete (1 Johannes 4:1), dan is dit van die uiterste belang dat ons die profete toets om te sien of die boodskap inderdaad vanaf God afkomstig is. Aan die een kant vermaan die Skrif ons:

> *Verag die profesieë nie.* 1 Thessalonicense 5:20.

en

> *Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees.* 2 Kronieke 20:20.

Terwyl daar aan die ander kant 'n waarskuwing teen valse profete is:

> *Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.* Matthéüs 24:24.

'n Profeet moet die toets kan deurstaan:

> *Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.* 1 Johannes 4:1.

Valse profete beweer ook dat hul drome gehad het en visioene gesien het en die Skrif moet dus kriteria voorsien waardeur 'n mens die betroubaarheid van die profeet se uitsprake kan toets.

Die gawe van profesie is een van die gawes wat aan die kinders van God gegee word ten einde die integriteit van die kerk deur die eeue heen te bewaar. Aan die profete van ouds is waarskuwings- en teregwysingsboodskappe gegee sowel as visioene en drome van die toekoms en gebeure van die verlede om die kinders van God op die regte weg te hou. Die profete was as 't ware die oë van die kerk. Die geestelike liggaam, die kerk, word met die menslike liggaam vergelyk:

> *Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.* 1 Korinthiërs 12:12.

Net soos die mens se liggaam 'n hoogs georganiseerde struktuur is waar al die komponente as 'n eenheid funksioneer, so ook vorm die kinders van God 'n eenheid met verskillende komponente. Onder die gawes wat Christus aan die kerk gegee het, speel die gawe van profesie 'n prominente rol. Nie almal ontvang dieselfde gawes nie:

> *Want ek wens dat alle mense soos ek was; maar elkeen het sy eie genadegawe van God, die een so en die ander weer anders.* 1 Korinthiërs 7:7.

Die gawes word geskenk ten einde die mens te versterk vir diens (Romeine 1:11) en dit is onherroeplik (Romeine 11:29) maar onderworpe aan gehoorsaamheid (1 Konings 13). Die gawes kan as volg opgesom word:

**DIE HOOFKATEGORIEË VAN DIE GAWES SLUIT IN:**

*Efésiërs 4:11; 1 Korinthi*ërs 12:28-*31;*
*Romeine 12:4-8; 1 Korinthiërs 12:4-11*

1. **Apostels** – *om uitgestuur te word, 'n boodskapper of ambassadeur* – Buiten die twaalf apostels, word die term ook by vele geleenthede ten opsigte van Paulus gebruik (*1 Korinthiërs 9:1-2; Romeine 1:1*), Barnabas (*Handelinge 14:14*) en selfs Jesus (*Hebreërs 3:1*).

2. **Profeet** – *een wat deur God beroep is* – 'n Profeet kan spreek van die verlede, die hede en van toekomstige gebeure. Om te profeteer, kan ook beteken om geïnspireerde woorde te uiter.

3. **Evangelis** – *'n aankondiger van goeie tydings* – Die term word gebruik ten opsigte van Filippus (*Handelinge 21:8*) en Timótheüs (*2 Timótheüs 4:5*).

4. **Herder** – *iemand wat lei, wat oppas, wat 'n kudde versorg.*

5. **Leraar** – die vermoë om ander te leer is 'n gawe van God, om ander mense na Christus te lei (byvoorbeeld *Handelinge 18:24-28*).

6. **Wonderwerke** – God het wonderwerke deur sommige van Sy dienaars verrig om geloof te versterk.

7. **Genesing** – God is besorgd oor die geestelike sowel as fisiese behoeftes van Sy kinders. Die gawe van genesing het nog altyd 'n integrale deel van die bediening uitgemaak, maar was ook al 'n twispunt omdat sommige persone aanmatiging in die plek van geloof gestel het met betrekking tot die saak.

8. **Hulpverlening** – die evangelie is 'n twee-snydende swaard. Deur aan andere hulp te verleen, kan almal opgehef word.

9. **Administrasie** – die gawe van administrasie is bedoel om die kerk optimaal te laat funksioneer.

10. **Tale en uitlegging** – Hierdie gawe is bespreek in Hoofstuk 12 – *Vreemde Vuur*.

11. **Barmhartigheid** – *om na die behoeftes van ander om te sien en medelyde te betoon met die gebrokenes van hart* – byvoorbeeld Jakobus 1:27; Jesaja 61:1.

12. **Wysheid.**

13. **Kennis.**

14. **Geloof** – Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. *Hebreërs 11:6.*

15. **Onderskeiding.**

16. **Gasvryheid** – *1 Timótheüs 3:2.*

Van al die gawes is die **liefde** die grootste en God sal dit in almal saai wat Sy roepstem aanneem. Al hierdie gawes dien ’n gemeenskaplike doel:

> *... om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus.* Efésiërs 4:12.

## Die Rol van die Profeet

Deur al die eeue heen het die profetiese gawe altyd nog ’n prominente posisie in die kerk van God gehad en dit het ’n belangrike rol gespeel om te verhoed dat God se kinders wegdwaal van die pad van die waarheid. Waarheid is ewig en die Nuwe Testamentiese kerk is gevestig op hierdie waarheid wat die waarheid insluit wat deur die Ou Testamentiese profete verkondig is. Gedurende die Donker Eeue is die waarheid op die grond neergewerp en die wet van God is deur die pouslike gesag gewysig. Aangesien die profeet Jeremia verklaar het dat visioene eindig wanneer daar geen wet meer is nie (*Klaagliedere 2:9,* ANV); kon die profetiese gawe nie tydens hierdie periode funksioneer nie:

> *... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ’n heilige tempel in die Here.* Efésiërs 2:20-21.

In Nuwe Testamentiese tye is die gawe van profesie net so prominent as wat dit in die Ou Testamentiese tye was, en dit bied steeds woorde van aanmoediging, waarskuwing en teregwysing van God.

Dit was deur middel van die profete dat die nuutgevonde Christelike kerk sy sendinguitreik begin het (Handelinge 13:1; 16:6-10) en profete het die veiligheid van die gelowiges verseker deur hulle te waarsku teen naderende gevare soos hongersnood (Handelinge 11:27-30), en ook persoonlike gevare vir diegene wat die evangelie versprei het. Boonop het die profete leerstellings en praktyke bevestig (Handelinge 15:1-15) en profete het die kerk aangemoedig en versterk:

> *En Judas en Silas, wat self ook profete was, het die broeders met baie woorde bemoedig en versterk.* Handelinge 15:32.

Die gawe van profesie sal bly tot aan die einde van tyd, tot die dag dat die HERE weer in Sy heerlikheid sal kom:

> *... sodat julle in geen enkele genadegawe agterstaan nie, terwyl julle wag op die openbaring van onse Here Jesus Christus.* 1 Korinthiërs 1:7.

In die lig van Christus se waarskuwing teen valse profete en die aanmaning in 1 Johannes 4:1: *"...stel die geeste op die proef,"* is dit van kardinale belang dat ons onderskei tussen die ware en die valse:

> *Verag die profesieë nie. Beproef alle dinge; behou die goeie.* 1 Thessalonicense 5:20-21.

## Die Toets van Profete

Die Bybel verskaf 'n reeks toetse wat van toepassing is op profete om vas te stel of hulle ware profete is aldan nie. Indien van die toetse in isolasie toegepas word, is dit moontlik om van hulle na te maak, maar gesamentlik verskaf hulle 'n ondeurdringbare versperring vir valse profete. Valse profete kan die Skrif aanhaal of selfs sien hoe van hul profesieë vervul word, maar hulle kan steeds valse profete wees wat op subtiele wyse elke geleentheid benut om God se kinders op 'n dwaalspoor te lei. 'n Profeet van God moet aan al die Bybelse kriteria voldoen, wat as volg opgesom kan word:

**1)** 'n Ware profeet se boodskap sal volkome in harmonie wees met die Woord van God en God se wet.

> *Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.* Jesaja 8:20.

Die meeste hedendaagse profete faal hierdie toets. 'n Profeet kan nie dit wat God in Sy Woord openbaar het, weerspreek nie, en al die voorskrifte van die wet is bindend:

> *Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.* Jakobus 2:10.

Wanneer die wet nie onderhou word nie, word die gawe van profesie onttrek:

> *... daar is geen onderwysing nie, en haar profete ontvang geen gesig van die HERE nie.* Klaagliedere 2:9.

**2)** 'n Ware profeet se voorspellings moet bewaarheid word:

> *Die profeet wat profeteer van vrede – as die woord van die profeet uitkom, sal die profeet bekend word wat die HERE waarlik gestuur het.* Jeremia 28:9.

> *... as die profeet in die Naam van die HERE spreek, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die HERE nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; jy mag vir hom nie bang wees nie.* Deuteronómium 18:22.

'n Woord van waarskuwing is hier gepas. 'n Profeet se voorspellings mag bewaarheid word en hy/sy mag selfs wonderwerke verrig om jou te oortuig van die egtheid van die profesie – tog mag dit vals wees:

> *As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop – wat jy nie geken het nie – en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang.* Deuteronómium 13:1-4.

Tekens en wonders is geen toets vir egtheid nie. Soos in die bogenoemde Skriftelike voorbeeld is die profeet se woorde nie in harmonie met die wet van God nie. Satan sal wondere verrig in die laaste dae om baie te mislei (Openbaring 16:14).

**3)** ’n Ware profeet profeteer ten einde die kerk te stig en van raad te bedien en gee onderrig in godsdienstige aangeleenthede:

> *Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging. Hy wat in ’n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente.* 1 Korinthiërs 14:3-4.

> *Maar Ek is die HERE jou God van Egipteland af, Ek sal jou weer in tente laat woon soos in die dae van die huttefees. Ek het ook tot die profete gespreek, en Ek het gesigte vermenigvuldig en deur middel van die profete gelykenisse voorgedra.* Hosea 12:10-11.

’n Ware profeet sal nie vlei nie en sal sonde nie verskoon nie (oortreding van die wet – 1 Johannes 3:4).

**4)** ’n Ware profeet sal Christus verheerlik as die Seun van God en die Verlosser van die mens:

> *Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword… Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom, en hy in God.* 1 Johannes 4:12, 15.

Toe Jesus, na Sy opstanding, die Skrif vir Sy dissipels uiteengesit het, het Hy aan hulle die profetiese verklarings wat op Hom betrekking het, openbaar:

> *En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.* Lukas 24:27.

Weer eens ’n woord van waarskuwing betrefende hierdie toets – baie valse profete sal in die laaste oordeel vir Jesus sê:

> *“Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?”* Matthéüs 7:22.

Die HERE sal hulle egter nie as Syne herken nie aangesien hulle ongeregtigheid bedryf het (Grieks: *“anomia”* – teen die wet van God). Dit blyk asof hulle die toets geslaag het, maar hulle faal wat die wet betref.

**5)** Die ware profeet sal met gesag praat:

> *... want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.* Matthéüs 7:29.

Jesus is die opperste voorbeeld en Hy het van die dinge gepraat wat Hy by die Vader gesien en gehoor het (Johannes 8:26, 28, 38). ’n Profeet sal eweneens dié dinge wat deur God aan hom openbaar is, met gesag openbaar.

**6)** Die ware profeet sal goeie vrugte dra:

> *So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.*
> Matthéüs 7:20.

Hierdie toets is oortuigend. Leef die profeet in harmonie met die wil van God en word die lewens van diegene wat hy/sy aanraak, verander sodat hulle ook goddelike lewens lei? Weer eens ’n woord van waarskuwing – niemand is sonder sonde nie en dit ontbreek almal aan die heerlikheid van God:

> *Elía was ’n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.* Jakobus 5:17.

Alhoewel Elía soortgelyke foute en passies as ons gehad het, het hy tog daarna gestreef om ’n goddelike lewe te lei en die vrug van sy arbeid getuig daarvan dat hy ’n ware profeet van God was.

**7)** Die ware profeet, wanneer hy/sy in visioen is, sal fisiese tekens daarvan openbaar.

a) Terwyl hy/sy in visioen is, sal die profeet se oë oop wees:

> *Die hoorder van die woorde van God spreek, hy wat die gesigte van die Almagtige sien, wat neerval en geopende oë het.* Númeri 24:4.

Twee wysers is hier van belang: eerstens, die profeet val neer op die grond en tweedens, sy/haar oë is wawyd oop. (Die 1953-Vertaling van die Afrikaanse Bybel maak hierdie twee punte baie duidelik. In die nuwer vertalings word hierdie twee punte nie so duidelik uitgelig nie.) :

Die Nuwe Afrikaans Bybel (1983) vertaal hierdie teksvers as volg:

> *... die openbaring aan een wat die woorde van God hoor, wat sien wat die Almagtige hom laat sien, wat in gebed neerval, en sy oë word geopen.*
> Numeri 24:4. *(*1983-Vertaling).

Ons sien hier dat die *"neerval en geopende oë"* verlore gegaan het en dit word gestel as *"in gebed neerval en sy oë word geopen."* Dit kan dus in 'n geestelike eerder as 'n letterlike konteks geïnterpreteer word.

In Daniël 10 word die fisiese toestand van die profeet Daniël, terwyl hy in visioen is, as volg beskryf:

> *En ek, Daniël, alleen het die gesig gesien, maar die manne wat saam met my was, het die gesig nie gesien nie; nogtans het 'n groot skrik hulle oorval, sodat hulle gevlug het om hulle te verberg. Toe het ék alleen oorgebly en hierdie groot gesig gesien, en geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur het aan my verander en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie. En ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, het ek bewusteloos op my aangesig, met my aangesig op die aarde, geval.*
> Daniël 10:7-9.

Daniël het *"geen krag"* gehad nie en hy moes op die grond neergeval het aangesien hy met sy *"aangesig op die aarde geval"* het. Die profeet bly egter nie in hierdie hulpelose toestand op die grond nie, maar hy word deur God opgehef terwyl hy steeds in visioen is:

> *En kyk, 'n hand het my aangeraak en my op my knieë en op die handpalms waggelend laat opstaan. En hy het vir my gesê: Daniël, geliefde man, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek, en gaan staan op jou staanplek, want ek is nou na jou gestuur. En terwyl hy hierdie woord met my spreek, het ek bewende gaan staan.* Daniël 10:10-11.

Terwyl hy/sy in visioen is, sal die profeet geen asem in hom/haar hê nie en ook geen krag van sy eie nie:

> *En kyk, een wat soos 'n mens gelyk het, het my lippe aangeraak. Toe het ek my mond oopgemaak en gespreek en aan hom wat teenoor my staan, gesê: My heer, deur die gesig het krampe my oorval en het ek geen krag oorgehou nie. En hoe kan so 'n geringe kneg van my heer met so 'n heer van my spreek? Wat my aangaan, bestaan daar nou geen krag in my nie, en geen asem het in my oorgebly nie.* Daniël 10:16-17

Let daarop dat Daniël vanweë die visioen geen krag gehad het nie. Hy word deur God aangeraak en hy praat, alhoewel daar geen asem in hom is nie. Weer eens word die kwessie van Daniël wat *"geen asem"* het nie, gering geag in die nuwe vertaling. Ook hier maak die nuwer vertalings hierdie gedeelte onduidelik deur 'n interpretasie eerder as 'n letterlike vertaling te gee. In die 1983-Vertaling van die Afrikaanse Bybel lees hierdie teksvers soos volg:

> *Hoe kan ek, u dienaar, met iemand soos u praat, Meneer! My kragte het ingegee, ek kan skaars nog asemhaal.* Daniël 10:17.

*"Ek kan skaars asemhaal"* dra nie dieselfde boodskap oor as *"geen asem het in my oorgebly nie."* Daniël word deur God versterk:

> *Toe het die een wat soos 'n mens gelyk het, my weer aangeraak en my versterk.* Daniël 10:18.

Geen melding word gemaak van die herstelling van sy asemhaling terwyl hy in visioen was nie. Tydens die visioen word die profeet deur God aan die lewe gehou. Ter opsomming, 'n profeet is in visioen wanneer:

i) Hy/sy verswak neerval.
ii) Hy/sy deur God opgehef en versterk word.
iii) Sy/haar oë wawyd oop is tydens die visioen.
iv) Hy/sy nie asemhaal nie, alhoewel hy/sy praat.

Hierdie is tekens wat nie geredelik nagemaak kan word nie. Inteendeel, die hedendaagse sogenaamde sieners val neer met hul oë toe en hulle haal asem, want slegs God kan die lewe onderhou al is daar geen asem nie.

## Die Gawe van Profesie in die Tyd van die Einde

Een van die identifiserende kenmerke van die oorblyfsel van God is die gees van profesie:

> *En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.* Openbaring 12:17.

Die oorblyfsel onderhou die gebooie van God en die wet word derhalwe in sy volheid herstel. Aangesien God se profete in harmonie met Sy wet moet leef en praat, kan die ware gawe van profesie slegs gemanifesteer word indien die wet 'n integrale deel vorm van die teologie van die profeet. Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie:

> *En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.* Openbaring 19:10.

Die Skrif leer dat diegene wat die koms van die Here afwag in geen gawe sal kortskiet nie, en Christus waarsku teen valse profete in die laaste dae wat sal neig om God se kinders te mislei. Aangesien ons ook vermaan word om die geeste op die proef te stel en om vas te hou aan dit wat goed is, is dit net so belangrik dat ons die kriteria wat voorsien is, gebruik om die profete van ons tyd op die proef te stel.

Na die dood van die apostels het profete aansien in baie sirkels geniet tot ongeveer 300 n.C.,[1] maar die afname van geestelikheid in die kerk en die gevolglike afvalligheid, het gelei tot die afname van beide die teenwoordigheid en die gawes van die Heilige Gees. Terselfdertyd het valse profete veroorsaak dat daar ’n verlies aan vertroue was in die gawe van profesie. Die afname van die profetiese gawe gedurende sekere tydperke in die kerkgeskiedenis het nie beteken dat God die gawe permanent onttrek het nie. Die Bybel dui aan dat soos die einde nader kom, hierdie gawe weer teenwoordig sal wees om die kerk in die moeilike tye by te staan. In werklikheid, dui dit op ’n verhoogde aktiwiteit van hierdie gawe. Die kerk van die Middeleeue het God se wet nietig gemaak deur die Tien Gebooie te wysig en dit het effektiewelik die profetiese gawe gedwarsboom:

> *Haar poorte het in die grond gesink, Hy het haar grendels te gronde gerig en verbreek; haar koning en haar vorste is onder die heidene; daar is geen onderwysing nie, en haar profete ontvang geen gesig van die HERE nie.* Klaagliedere 2:9.

Voor die eerste koms van Christus het God die gawe van profesie aan Johannes die Doper gegee ten einde die weg vir Sy koms voor te berei. Soortgelyk moet die profetiese gawe weer herstel word voor die wederkoms sodat almal die geleentheid kan hê om voor te berei om hul Verlosser te ontmoet.

Christus noem die opkoms van valse profete as een van die tekens dat Sy wederkoms naby is! (Matthéüs 24:11, 24). Indien daar geen ware profete gedurende die tyd van die einde sou wees nie, sou Christus gewaarsku het teen enigiemand wat verklaar dat hy dié gawe het. Sy waarskuwing teen valse profete impliseer dat daar ware profete ook sal wees.

Die profeet Joël het ’n spesiale uitstorting van die profetiese gawe voorspel – net voor die wederkoms van Christus:

> *En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet. En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom.* Joël 2:28-31.

Tydens Pinkster was daar ’n merkwaardige manifestasie van die Gees gesien. Petrus het Joël se profesie aangehaal en daarop gewys dat God sulke seëninge belowe het (Handelinge 2:2-21). Joël se profesie het egter nie sy volle vervulling tydens Pinkster bereik nie, aangesien *“die groot en deurlugtige dag van die HERE”* verwys na Christus se wederkoms.

Pinkster was dus ’n voorsmaak van die volle manifestasie van die Gees vóór die Tweede Advent. Soos Palestina se vroeë reën wat gedurende die herfs geval het kort nadat die lande gesaai is, is die uitstorting van die Heilige Gees tydens Pinkster ooreenstemmend met die vroeë geestelike reën wat die nuutgevonde kerk moes voed. Die algehele en finale vervulling van Joël se profesie stem ooreen met die laat reëns, wat gedurende die lente val en die graan laat ryp word vir die oes (Joël 2:23). So sal dan ook die finale uitstorting van God se Gees plaasvind net voor die wederkoms – ná die voorspelde tekens in die son, maan en sterre (Matthéüs 24:29; Openbaring 6:12-17; Joël 2:31).

Soos die laat reëns sal hierdie finale uitstorting van die Gees die oes van die aarde laat ryp word (Matthéüs 13:30, 39), en *“elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word.”* (Joël 2:32).

Die volgelinge van Miller, en later die Adventiste, het ’n vervulling van die profesie betreffende tekens in die son en maan beleef tydens die sonsverduistering van die onverklaarde donker dag van New England op 19 Mei 1780 toe daar ’n ongeëwenaarde duisternis oor groot gedeeltes van New England plaasgevind het, met die maan wat die daaropvolgende nag so rooi soos bloed was. Op 13 November 1833 het die wêreld die grootste meteoriese gebeurtenis in opgetekende geskiedenis beleef toe meteoriete die hemele verlig het en teen ’n geraamde 200 000 per uur geval het. Aangesien hierdie gebeure plaasgevind het met betrekking tot die ontsluiting van die 2300-dae profesie is dit verstaanbaar dat hulle verbind moet word met profesieë in verband met die laaste dae.

Gedurende hierdie periode vind daar 'n oplewing in profetiese aansprake plaas en baie bewegings ontstaan wat deur profete gestig is. Dit was nog altyd Satan se strategie om ware kwessies te verwar deur die skepping van talle middele om die aandag af te lei sodat die waarheid verlore sal raak in die moeras van valse profesieë. God het nog altyd profete gebruik om sy kinders te onderskraag en om hulle te lei na 'n voller insig in Sy waarheid. 'n Profeet was nooit veronderstel om 'n nuwe beweging te begin en om volgelinge te versamel op grond van nuwe lig wat teenstrydig is met dít wat reeds openbaar is nie. Nietemin het daar baie sulke bewegings ontstaan in die tydperk voor en net na 1844. Voorbeelde is:

1) Die Mormoonse beweging gelei deur hul profeet Joseph Smith (1805–1844) wat beweer het dat hy baie openbarings van God ontvang het. Sommige van hierdie openbarings het gelei tot afstootlike praktyke soos doping vir die dode en veelwywery. Joseph Smith is in 1844 vermoor deur 'n bende mense terwyl hy verhoorafwagtend was juis om hierdie redes.

2) Die *Shakers* wat prominent was gedurende hierdie periode en wat hul profeet, Ann Lee gevolg het. Sy het verklaar dat sy Christus in vroulike gedaante is. Hulle het geglo in die dualistiese (Vader-Moeder) persoonlikheid van God en het 'n kommunale lewenswyse gevolg waarvan spiritisme 'n integrale deel gevorm het.

3) Moderne spiritisme het in 1848 met die Fox susters begin en het kommunikasie met die dode nieumodies gemaak. (Sien Hoofstuk 10, *Die Mistieke Doderyk.*)

4) Die moderne *New Age-beweging* voer sy oorsprong terug na vele sogenaamde profete wat ook gedurende hierdie beslissende tydperk ontstaan het. (Sien Hoofstuk 13, *Die New Age-beweging en die Maitreya.*)

Al hierdie bewegings is gebaseer op openbarings wat die Woord van God afskaf of wysig om sodoende in hul eie behoeftes te voldoen, maar God verander nie:

> *Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Volgens Sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees.* Jakobus 1:17-18.

## ’n Profeet vir die Oorblyfsel

Na die groot teleurstelling van 1844 was baie van diegene wat in die wederkoms van Christus geglo het, ontnugter en bereid om hul geloof te versaak. Net voor 1844 het twee mans soortgelyke visioene ontvang oor die Advent. Die eerste was William Foy, ’n lid van die *"Freewill Baptist Church,"* wat besig was om te studeer ter voorbereiding vir die bediening. In 1842 te Boston het hy die vergoeding van die gelowiges en die straf van die goddeloses gesien, en die groot tonele van die oordeel in drie stappe – die boeke van optekening in die hemel, die koms van Christus en die vergoeding van die gelowiges, in daardie volgorde – sien afspeel. Foy het hierdie visioene aan gehore oorgedra, maar toe hy ’n derde visioen ontvang, wat hy nie verstaan het nie, het hy sy openbare diens gestaak.

Hazen Foss het ook ’n visioen met betrekking tot die ondervinding van die Adventgelowiges ontvang, maar het geweier om dit openbaar te maak na die groot teleurstelling wat hom diep getref het.

Kort na hierdie periode is ’n jong dogter genaamd Ellen Harmon ’n visioen gegee wat verwys na die probleme van die Adventgelowiges. Hierdie visioen is in Desember 1844 aan haar gegee, twee maande ná die groot teleurstelling. Die visioen het nie die redes verskaf vir die groot teleurstelling nie, maar dit het vertroosting gebied en groter insig in die gebeure soos hulle plaasgevind het en nog sou ontvou. Die gebeure wat deur die visioen gedek is, toon Adventiste op reis na die stad op ’n smal weg met die helder lig van die "middernagtelike geroep" agter hulle en die pad is verlig tot aan sy einde sodat hulle nie sou struikel nie. Diegene wat hulle oë op Jesus vestig, sou nie struikel nie, maar sou die stad, die Nuwe Jerusalem, binnegaan. Sy het die gebeure rondom die wederkoms en die verseëling van die 144 000, die hemelvaart na die Nuwe Jerusalem en die beloning van die gelowiges gesien.[2]

Toe Ellen Harmon vroeg in 1845 van haar eerste visioen verslag gedoen het, was Hazen Foss teenwoordig en hy was oorweldig omdat die visioen dieselfde was as dit wat hy ontvang het, maar geweier het om openbaar te maak.

Vanaf 1844 toe Ellen Harmon 17 jaar oud was, tot 1915 toe sy oorlede is, het sy meer as 2000 opgetekende visioene gehad. Gedurende hierdie tyd het sy in Amerika, Europa en Australië gewoon en gewerk. Haar werk is dikwels met skeptisisme en bespotting bejeën, veral omdat sy ’n vrou was en nie veel formele skoolopleiding gehad het nie, as gevolg van ’n ongeluk in haar jeug wat haar daarna gedeeltelik verswak het. Op nege-jarige ouderdom is Ellen ernstig beseer deur ‘n klip wat deur ’n klasmaat gegooi is terwyl Ellen na skool op pad huistoe was. Sy was vir drie weke bewusteloos en daar was gevrees dat sy nooit sou herstel nie. Na haar aanvanklike herstel, is sy terug skool toe, maar het nooit verby die vroeë grade gevorder nie. Ellen was ’n lid van die Metodiste Kerk en is op 26 Junie 1842 gedoop. Sy was ’n ywerige Bybelstudent en nadat sy byeenkomste van William Miller en sy medewerkers bygewoon het, was sy beïndruk met die boodskap wat sy gehoor het.

Na die groot teleurstelling, wat haar ook erg affekteer het, is sy deur God gekies om haar eerste visioen te ontvang en sy deel haar reaksie soos volg:

> *Nadat ek die visioen gehad en God my lig gegee het, het Hy my beveel om dit oor te dra... maar ek het daarvan weggedeins. Ek was jonk en het gedink dat hulle dit nie van my sou aanvaar nie.*[3]

Op 30 Augustus 1846 is Ellen Harmon getroud met James White, ’n jong Adventiste prediker, en hulle het vier seuns gehad naamlik Henry, Edson, William en Herbert. Na die dood van haar man op 6 Augustus 1881, het Ellen vir nog 34 jaar alleen gewerk waartydens van die mees insiggewende geskrifte aangaande die Woord van God deur haar neergepen is. Haar bediening en visioene het:

1) Die kerk beskerm teen fanatiese invloede en die indringing van onbybelse leerstellings.

2) Die pilare van die Advent-geloof vasgelê deur die resultate van toegewyde Bybelstudies deur ’n groot groep van Adventiste gelowiges te bevestig of te korrigeer. Hierdie pilare het die rol van die Wet van God, die Sabbat, die Heiligdom, die Wederkoms van Christus, die Drie-engele boodskappe en die

identiteit en rol van Babilon in die groot stryd tussen Christus en Satan ingesluit.

3) Kerkorde gevestig en die bediening oor die verkondiging van die finale boodskap van hoop en waarskuwing, die Drie-engele boodskappe, gerig.

4) ’n Uitgewersonderneming opgerig en daartoe bygedra dat dit uitbrei tot ’n wêreldwye bediening.

5) Die regterhand van die bediening, ‘n wêreldwye gesondheidsboodskap wat erken dat die mens fisiese sowel as geestelike behoeftes het, opgerig.

Ten spyte van haar fisiese tengerigheid en swakte wat dit vir haar onmoontlik gemaak het om te skryf, het Ellen White een van die mees produktiefste skrywers van die moderne tyd geword. Geen ander vrou het soveel godsdienstige boeke geskryf en uitgegee as Ellen White nie. Talle boeke, tydskrif-artikels, traktate en pamflette sowel as briewe het uit haar pen gevloei. Haar geskrifte dek ’n wye veld van kwessies wat strek van doktrinale praktyke tot die Christelike lewenswyse, dieet en gesondheid, ouersorg en –leiding, opvoedkunde, die mediese bediening en die verduideliking van Bybelse profesieë en historiese gebeure. Hierdie merkwaardige ommekeer was, volgens haar, moontlik gemaak deur die direkte ingryping van God. Nadat sy beveel is om die dinge neer te pen wat sy in visioene gesien het, het sy gevoel dat dit ’n onmoontlike versoek is. Sy beskryf die ondervinding soos volg:

> *Die HERE het gesê: “Skryf die dinge neer wat ek jou sal gee.” En ek het met hierdie werk begin toe ek nog jonk was. My hand wat as gevolg van gestremdheid swak was en gebewe het, het tot bedaring gekom sodra ek die pen in my hand geneem het, en sedert die eerste geskrifte was ek in staat om te skryf. God het my die vermoë gegee om te kan skryf... Die regterhand het skaars enige pyn gevoel. Dit raak nooit moeg nie. Dit bewe selde.*[4]

Sy vertel soos volg van haar gevoelens:

> *Ek het geween en gesê, "Onmoontlik, onmoontlik." Die woorde het gekom, "Niks is by God onmoontlik nie." Die poging is aangewend en my hand het begin om die dinge neer te skryf wat aan my gegee is.*[5]

## Die Kardinale Vraag:

### *Was Ellen G. White 'n Profeet van God of was sy 'n Bedrieër?*

Daar is niks erger as misleiding nie; tog is misleiding Satan se grootste wapen.

> *Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.* Efésiërs 5:6.

Aan die ander kant word ons vermaan om ag te slaan op die woorde van die profete (2 Petrus 1:19). Die enigste weg uit hierdie dilemma is om die profeet te toets aan die hand van Bybelse kriteria. As sy waarlik 'n profeet van God was, dan moet al die kriteria van toepassing wees. Indien dit wel so is, dan weet ons:

> *En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.* 2 Petrus 1:19-21.

## Die Toepassing van die Toets op Ellen White

### *1) Het sy die Woord van God en die Wet van God verhef?*

**Die Woord van God – die Bybel** – Sy het geskryf:

> *Die heilige Skrif moet aanvaar word as die gesaghebbende, onfeilbare openbaring van Sy wil. Die Bybel is die standaard vir die karakter, die openbaarder van leerstellings en die toets van ondervinding.*[6]

Haar geskrifte waarna kollektief verwys word as die Gees van Profesie, was nooit bedoel om nuwe lig te gee nie, maar dit was altyd bedoel om lig te werp op die groter lig, naamlik die Skrif:

> *Min aandag word aan die Bybel geskenk en die HERE het 'n geringer lig gegee om mans en vrouens na die groter lig te lei.*[7]

> *Die geskrewe getuienisse is nie daar om nuwe lig te gee nie, maar om die waarhede van inspirasie wat reeds voorheen gegee is, duidelik op die hart te lê. Die mens se plig teenoor God en sy medemens is duidelik in God se Woord uitgespel; maar slegs 'n paar van julle is gehoorsaam aan die lig wat gegee is. Addisionele waarheid word nie openbaar nie; maar God het deur die Getuienisse die groot waarhede wat ons reeds ontvang het, vereenvoudig en het op Sy eie verkose wyse dit voor die mense gelê sodat hulle kan wakker word en hulle verstand daarmee beïndruk, sodat almal sonder 'n verskoning sal wees... Die Getuienisse is nie bedoel om die Woord van God te verkleineer nie, maar om dit te verheerlik en om die gedagtes soontoe te trek sodat die pragtige eenvoud van die waarhede daarin almal mag beïndruk.*[8]

Aan diegene wat die Woord van God kritiseer, het sy geskryf:

> *Hou vas aan jul Bybel met alles net soos dit daarin staan en hou op met jul kritiek met betrekking tot die geldigheid daarvan, en nie een van julle sal verlore gaan nie.*[9]

Die Bybel is bedoel om die enigste geloofsbelydenis te wees:

> *Die Bybel en slegs die Bybel is ons geloofsbelydenis, die enigste band van eenheid... Die Woord van God is onfeilbaar... verhoog die banier met die inskrif, die Bybel, ons maatstaf van geloof en dissipline.*[10]

Net soos die groot hervormers het Ellen White die Bybelse banier opgehef teen valse leerstellings en praktyke. Sy skryf:

> *Soos die duisternis digter word en die dwalings toeneem, moet ons 'n meer grondige kennis van die waarheid opdoen, en bereid wees om uit die Skrif die waarheid van ons posisie te verdedig.*[11]

> *Ons moet verskans staan agter die skerm van die waarhede van die Skrif. Die skuilplek van die waarheid is die enigste skuilplek waaronder ons veilig kan staan.*[12]

Haar posisie met betrekking tot die Woord van God is dieselfde as dit wat deur die Protestante van die begin af ingeneem is. Protestante het altyd die aanspraak van die Room-Katolieke Kerk verwerp dat tradisie sowel as die Skrif geloof moet bepaal. Die *"Westminster Confession"* benadruk hierdie punt:

> *Die Opper-Regter, deur wie alle teenstrydighede van godsdiens bepaal moet word, en alle dekrete van konsilies, opinies van skrywers, leerstellings van mense, en privaat geeste beoordeel moet word, en in wie se oordeel ons moet berus, kan geen ander wees nie as die Heilige Gees wat deur die Skrif tot ons spreek. En tog, nieteenstaande ons volle oortuiging en*

> *versekering van die onfeilbare waarheid en goddelike gesag daarvan, is dit van die innerlike werking van die Heilige Gees wat deur en met die Woord in ons harte getuig.*[13]

Ellen G. White erken duidelik die rol van die Heilige Gees in die uitleg van die Skrif soos in die *"Westminster Confession"* weergegee. Sy skryf:

> *Ons kan die Woord van God slegs begryp deur die verligting van die Gees deur Wie die Skrif gegee was.*[14]
>
> *Die feit dat God Sy wil aan die mens deur Sy Woord bekend gemaak het, het nie die voortdurende teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees oorbodig gemaak nie. Inteendeel, die Gees is deur ons Verlosser belowe om die Woord aan Sy dienaars duidelik te maak en om die leringe daarvan op te helder en toe te pas.*[15]
>
> *Wonderbare voorligting sal nie gegee word afgesien van die Woord nie, nóg sal dit die plek daarvan inneem.*[16]

## Die Wet van God

Ellen White het herhaaldelik die bindende vereistes van die Wet van God uitgewys. Joseph Bates, 'n Adventiste pionier, het aan Ellen White die Sabbat van die vierde gebod bekendgestel en alhoewel sy aanvanklik skepties daaroor was, het sy en haar man die Skrif bestudeer en hulle was oortuig van die siening dat die Sabbat net so bindend is as die ander nege gebooie. Op Sabbat, 3 April 1847, is Ellen White 'n visioen gegee wat die bindende aard van die Tien Gebooie en die Sabbat bevestig. Met betrekking tot die Wet van God, skryf sy:

> *Maar dit is altyd Satan se doel om die Wet van God van nul en gener waarde te maak en om die ware betekenis van die verlossingsplan te verdraai. Dus het hy vorendag gekom met die valsheid dat die offer van Christus aan die kruis van Golgota bedoel was om die mens kwyt te skeld van die verpligting om God se*

> *gebooie na te kom. Hy het op die wêreld die misleiding heimlik ingebring dat God Sy grondwet afgeskaf het, sy morele standaard weggewerp het en dat Hy Sy heilige en volmaakte Wet ongeldig verklaar het. Indien Hy dit sou gedoen het, teen watter enorme koste sou dit vir die Hemel gewees het! In plaas daarvan dat dit die afskaffing van God se wet verkondig, verkondig die kruis van Golgota in donderklanke die onveranderlike en ewige aard daarvan.*[17]

Soortgelyk het sy verklaar dat dit die plig van die kinders van God is om andere in te lig aangaande die profesieë en die Wet van God:

> *Bied hulle dan die profesieë aan; wys aan hulle die reinheid en die bindende vereistes van die Wet van God. Nie een jota of titteltjie van hierdie wet mag sy gesag verloor nie, maar dit is bindend op elke mens tot aan die einde van tyd.*[18]

Die geskrifte van Ellen White is gebaseer op die dubbele pilare van geloof in die verdienste van Jesus Christus en gehoorsaamheid aan Sy regverdige Wet. Jesus het gesê: *"As julle my liefhet, bewaar my gebooie"* (Johannes 14:15), en in haar geskrifte word die verwantskap tussen die wet en genade baie duidelik uiteengesit. Nooit dra sy 'n wettiese siening van die wet van God oor nie en nooit verkleineer sy die aansprake daarvan nie. Nooit maak sy daarop aanspraak dat die wet reddende meriete het nie. Ons word uit genade en genade alleen gered, maar 'n gevolg van verlossing is dat 'n mens deur die verdienste van Jesus Christus weer eens in die regte verhouding met God gebring word, en dit sluit die onderhouding van Sy Wet in. Sy skryf:

> *Kan die mensdom nie sien dat Christus onteer word deur die verkleinering van die wet nie? Waarom het Hy na hierdie wêreld gekom om te ly en te sterf as die wet nie op die mensdom bindend is nie? Wie kon duideliker praat as Hy in verband met die onveranderlikheid van die wet? Hy het gekom om lig en onsterflikheid aan die lig te bring deur die wet te verhef en dit eerwaardig te maak. Waar kan hulle gevind word wat die bindende vereistes van die wet van God duideliker en kragtiger verkondig as juis Christus toe Hy hier op die aarde was?* [19]

*In die voorlegging van die bindende vereistes van die wet het 'n menigte versuim om die oneindige liefde van Christus uit te beeld. Diegene wat sulke groot waarhede, sulke gewigte hervormings het om aan die mense voor te lê, het nog nie 'n besef van die waarde van die soenoffer as 'n uitdrukking van God se groot liefde vir die mens nie. Liefde vir Jesus en die liefde van Jesus vir sondaars is weggelaat uit die godsdienstige ondervinding van diegene aan wie die opdrag gegee is om die evangelie te predik, en die eie ek is verheerlik in plaas van die Verlosser van die mensdom. Die wet moet aan die oortreders daarvan voorgelê word, nie as iets afsonderlik van God nie, maar eerder as 'n beeld van Sy gedagtes en karakter. Net soos die sonlig nie van die son geskei kan word nie, net so kan God se wet nie behoorlik aan die mensdom voorgelê word sonder die goddelike Skrywer nie. Die boodskapper moet kan sê: "In die wet is God se wil; kom kyk self dat die wet is wat Paulus daarvan verklaar het, 'heilig en regverdig en goed.'" Dit keur die sonde af, veroordeel die sondaar, maar dit toon aan hom sy behoefte aan Christus, by Wie daar oorvloedige genade en goedheid en waarheid is. Alhoewel die wet nie die straf vir die sonde kan wegneem nie, maar die sondaar vir sy volle skuld aankla, het Christus oorvloedige vergifnis belowe aan almal wat hulle bekeer en glo in Sy genade. Die liefde van God word oorvloediglik aangebied aan die berouvolle, gelowige mens. Die brandmerk van sonde op die siel kan net deur die bloed van die soenoffer uitgewis word. Niks minder as die offer van Hom wat een was met die Vader is vereis nie. Die arbeid van Christus – Sy lewe, Sy vernedering, dood en bemiddeling vir die verlore mensdom – verhoog die wet en maak dit eerwaardig.*[20]

*Dit is vir die mens onmoontlik om in sy eie selfstandige krag die natuurlike neiging tot sonde te bowe te kom. Daar is geen reddende krag in die wet om die oortreder van die wet te red nie en tog sal geen mens wat lig ontvang het in verband met die bindende aansprake*

> *van die wet vrygestel word van gehoorsaamheid deur die groot Wetgewer omdat dit ongerieflik is om God se gebooie te onderhou omdat dit die mens se gewildheid of sy wêreldse belange sou skaad. In die oordeel sal die wet gesien word as die toets van karakter. Dit is Satan se vasgestelde doel om die mensdom vandag te mislei soos hy vir Eva in Eden mislei het, en om hulle te lei om God se Wet te verontagsaam en om iets anders as God te aanvaar, iets onafhanklik van God, iets wat teen God is.*[21]

Die Sabbat van die vierde gebod vorm 'n integrale deel van die Wet van God en is vandag net so bindend as toe God dit geseën en geheilig het na Sy aardse skeppingswerk. Om die Sabbat te verander, is om die bindende aanspraak van God se wet te ontken en dit sou 'n profeet wat so 'n verandering verkondig, diskwalifiseer:

> *Dit is die werk waartoe ons geroepe is. Vanaf die kansels van die populêre kerke word dit verkondig dat die eerste dag van die week die Sabbat van God is; maar God het ons die lig gegee wat ons wys dat die vierde gebod van die Tien Gebooie nog net so bindend is as die ander nege gebooie. Dit is ons werk om aan ons kinders duidelik te maak dat die eerste dag van die week nie die Sabbat is nie en dat die onderhouding daarvan, nadat ons die lig ontvang het oor die ware Sabbat, afgodery is en 'n duidelike oortreding van die wet van God.*[22]

Ellen White voldoen aan al die vereistes vir die eerste Bybelse toets vir egtheid. Sy het die Woord en die Wet van God verhef.

### *2) Het haar voorspellings waar geword?*

Die meeste van die voorspellings wat Ellen White gemaak het, het betrekking op Bybelse profesie wat in die laaste dae vervul moet word. Sy het baie oor gebeure geskryf soos hulle sou ontvou en het ook sommige persoonlike waarskuwings uitgereik oor rampe wat die inwoners van die aarde sou tref. Sy het breedvoerig geskryf oor gesondheidsaangeleenthede en het

verstommende voorspellings in hierdie verband gemaak wat haar tyd ver vooruit was. Die meeste daarvan word inderdaad vandag eers bewaarheid.

In 1902 het sy gewaarsku dat stede om die baai-area van Kalifornië ’n ramp sou beleef. Sy het geskryf:

> *Nie lank van nou af nie sal hierdie stede die oordeel van God beleef. San Francisco en Oakland is besig om soos Sodom en Gomorra te word en die HERE sal hulle in Sy toorn besoek.*[23]

Diegene wat op Ellen White se waarskuwing ag geslaan het, het die area verlaat en sodoende die aardbewing van 18 April 1906 wat die voorgenoemde stede verwoes het, vermy! In 1890, terwyl daar vrede was, het sy geskryf:

> *Die storm kom... Ons sal probleme aan alle kante sien. Duisende skepe sal in die dieptes van die see gewerp word. Vlote sal onder gaan en daar sal miljoene slagoffers wees.*[24]

In 1904 skryf sy:

> *Daar sal binnekort groot probleme onder die nasies ontstaan – probleme wat nie sal ophou totdat Jesus kom nie.*[25]

Die wêreld het sedertdien twee wêreldoorloë beleef en talle skermutselings. Huidiglik is dit ’n tragiese feit dat daar meer as 200 oorloë tussen etniese volke dwarsoor die aarde woed, wat lei tot wat genoem word “etniese suiwering.” Buiten hierdie globale waarskuwings het sy ’n aantal persoonlike voorspellings gemaak oor individuele kerklede wat geweier het om God se raad aan te neem. Ook hierdie was almal na die letter vervul.

Wat die stigting van die gesondheidsbediening aangaan, het Ellen White vele visioene ontvang met presiese instruksies aangaande wat ’n gesonde lewenstyl behels. Die inligting wat openbaar is, was haar tyd ver voor, en meestal teenstrydig met die sienswyses van die wetenskaplikes van haar tyd, en haar voorspellings oor toekomstige gesondheidsrisiko’s ontvou vandag eers teen ‘n verstommende tempo.

Die gesondheidsboodskap was bedoel om die mensdom uit die moeras van verkeerde idees aangaande die kwessie van gesondheid te lig

en om ‘n versperring teen siektes daar te stel. Die gesondheidsboodskap was meer as dit, dit was ook bestem om ons voor te berei ten einde die spanning en geestelike oorlogvoering wat vir die tyd van die einde voorspel is, te weerstaan. Dit is God se bedoeling om deur middel van die gesondheidsboodskap die mensdom stap vir stap terug te lei na die oorspronklike lewenstyl wat God vir die mens bedoel het.

Toe God die Israeliete deur Sy profeet Moses uit Egipte geroep het en hulle na Kanaän gelei het, het Hy ook die lewenstyl en dieet van Sy kinders gewysig sodat hulle voorbereid sou wees op die strafheid van hierdie ondervinding. Baie van hulle was ontevrede en het in opstand gekom teen God se plan en hulle het terugverlang na die vleispotte van Egipte. Diegene wat rebelleer het, het hul rug op God gekeer en deur hul eie keuse hul verhouding met hul Skepper verbreek. Toe God Sy oorblyfsel uit die slawerny van sonde geroep het om hulle vir die reis na die hemelse Kanaän voor te berei, het Hy eweneens ’n profeet gebruik om Sy wil aan die mensdom bekend te maak. In Sy wysheid het God die inligting wat Sy kinders fisies en geestelik vir die reis sou voorberei, voorsien en dit staan ons vry om Sy raad aan te neem of te ignoreer.

Ellen White was self baie tengerig en sieklik toe sy haar eerste visioene oor gesondheid ontvang het, maar deur die aanvaarding van die advies aan haar gegee, is haar gesondheid gaandeweg herstel en sy het tot op ’n gevorderde ouderdom geleef. Die nodige ruimte vir ’n gedetailleerde bespreking oor haar gesondheidsraad ontbreek, maar ’n paar kwessies is noemenswaardig. Reeds in 1864 toe die mediese wêreld onbewus was van die gevare van tabak en dit inderdaad dikwels voorgeskryf het as ’n kuur of voorsorgmaatreël teen sekere longkwale, het Ellen White geskryf:

> *Tabak is ’n gif van die mees misleidende en dodelike tipe, met ’n stimulerende, dan ‘n verlammende invloed op die senuwees van die liggaam. Dit is des te gevaarliker omdat die effek daarvan so stadig is en aanvanklik word dit skaars waargeneem. Menigte mense het slagoffers geword van tabak se giftige invloed.*[26]

Eers in 1957 het ’n komitee bestaande uit wetenskaplikes aangestel deur die *“American Cancer Society”* en die *“American Heart Society”* tot die slotsom gekom dat rook ’n veroorsakende faktor was vir longkanker. Sy gee raad aan geneeshere oor hoe hulle die kwessie van rook moet beskou, en skryf:

> *Die geneesheer moet 'n streng onthoudende mens wees. Die fisiese siektes van die mensdom is talloos en hy moet siektes in alle verskillende vorms behandel. Hy weet dat baie van die lyding wat hy wil verlig, die resultaat is van onmatige en ander vorme van selfsugtige bevrediging. Hy word geroep om jong manne en manne in die fleur van hul lewens sowel as bejaardes te behandel, wat die kwale oor hulself gebring het deur die gebruik van narkotiese tabak.* [27]

Die feit dat Ellen White tabak 'n narkotikum noem, is verbasend, aangesien die narkotiese effek van tabak eers onlangs vasgestel is. Gegewe hierdie feit en die huidige kennis dat die gebruik van tabak die erkende voorloper is in die ontwikkeling van die behoefte aan sterker stimulante soos dwelms, waarvoor die jeug veral vatbaar is, is dit inderdaad verstommend dat sy in haar tyd oor hierdie kwessies geskryf het.

> *Die gebruik van tabak en sterk drank het grotendeels te doen met die toename in siektes en misdaad. Tabak is 'n stadige, bedrieglike, maar mees dodelike gif en die gebruik daarvan veroorsaak eindelose skade... Seuns begin tabak al op vroeë ouderdom gebruik. Die gewoonte aldus gevorm, wanneer die liggaam en gees veral vatbaar is vir sy effek, ondermyn die fisiese krag en bederf die sedes.*[28]

Gegewe die Bybelse lering dat die liggaam die tempel van die Heilige Gees is, en dat ons vermaan word om ons liggame as lewende, heilige offers te bewaar:

> *Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer–dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.* Romeine 12:1-2.

Dit sluit die vermyding van skadelike stowwe in, en die volgende stelling kan in hierdie lig gesien word:

> *Die mens kan veel meer vir God en sy medemens doen as hy energiek en gesond is as wanneer hy aan siektes en pyn ly. Die gebruik van tabak, die drink van sterk drank en verkeerde eetgewoontes veroorsaak siektes en pyn wat 'n mens ongeskik maak vir dit waarvoor hy in die wêreld gebruik kon word.*[29]

Ellen White het gewaarsku dat die gebruik van diereprodukte in die dieet skadelik was en dat die gebruik daarvan nog meer skadelik sou word soos die tyd aanstap. Die volgende verklarings, so teenstrydig met die sienswyses van haar tyd, is 'n bondige opsomming van wat sy oor die kwessie geskryf het:

> *Die vleisdieet is 'n ernstige vraagstuk. Sou die mens leef van die vleis van dooie diere? Die antwoord, gebaseer op die lig wat God gegee het, is Nee, beslis nee. Gesondheidshervormings-instellings behoort die mense oor hierdie kwessie in te lig. Dokters wat daarop aanspraak maak dat hulle die menslike liggaam verstaan, moet nie hul pasiënte aanmoedig om van die vleis van dooie diere te leef nie. Hulle behoort die toename in siektes in die diereryk uit te wys. Inspekteurs getuig dat daar baie min diere is wat vry is van siektes. Die gewoonte om grotendeels vleis te eet kan allerlei siektes tot gevolg hê, naamlik kankers, gewasse, kliersiektes, tuberkulose en veelvuldige ander soortgelyke siektes.*[30]

Hierdie raad word nou eers deur die wetenskaplikes bevestig. Die skakel tussen die eet van vleis en die vermelde siektes is goed gedokumenteer. Wêreldwyd, en in my eie laboratorium, is hierdie skakel sonder twyfel bevestig.[31] Vegetariese gemeenskappe het 'n veel laer ouderdoms-spesifieke relatiewe risiko om die genoemde siektes op te doen as omnivoor-gemeenskappe. Ellen White het ook gewaarsku dat die tyd sal aanbreek dat, ter wille van gesondheid, 'n mens sal moet wegdoen met alle diereprodukte insluitend melk en eiers. Sy het egter nooit 'n fanatiese standpunt voorgestaan oor hierdie saak nie en het selfs gewaarsku dat omstandighede in ag geneem moet word wanneer die armes wat nie altyd

toegang tot alternatiewe voedselsoorte het nie, van raad bedien word. In 1901 skryf sy:

> *Ons sien dat beeste erg siek word, die aarde self is siek en ons weet dat die tyd sal aanbreek wanneer dit nie die beste sal wees om melkprodukte en eiers te gebruik nie. Maar daardie tyd het nog nie aangebreek nie. Ons weet wel dat wanneer daardie tyd aanbreek, die HERE in ons behoeftes sal voorsien. Die vraag word gevra, en dit beteken baie vir alle betrokkenes: "Sal God 'n tafel voorberei in die wildernis?" Ek dink dat die antwoord gegee kan word, Ja, God sal kos vir Sy kinders voorsien.*[32]

In 1902 het Ellen White gesê dat die tyd om melk en eiers prys te gee nog nie aangebreek het nie en mense moet derhalwe met omsigtigheid optree:

> *Melk, eiers en botter moet nie gesien word as vleis nie. In sommige gevalle is die gebruik van eiers voordelig. Die tyd het nog nie aangebreek om te sê dat die gebruik van melk en eiers geheel en al gestaak moet word nie. Daar is arm gesinne wie se dieet hoofsaaklik bestaan uit brood en melk. Hulle het min vrugte en kan nie bekostig om neute te koop nie. In die aanbieding van gesondheidshervorming, soos in alle ander evangeliewerk, moet ons die mense ontmoet waar hulle is. Totdat ons hulle kan leer hoe om gesondheidskosse voor te berei wat smaaklik, voedsaam en nie duur is nie, is ons nie by magte om die mees gevorderde voorstelle met betrekking tot die gesondheidshervorming dieet aan te bied nie.*[33]

Sy het gesê dat God die weg sal voorberei vir die vervanging van skadelike voedsel met gesonder alternatiewe. Die voorspelling is vervul met die bekendstelling van nuwe kultivars, soos die sojaboon en sy byprodukte, sowel as die uitbreiding van die handels- en kommunikasie-roetes:

> *In alle wêrelddele sal voorsiening gemaak word om melk en eiers te vervang. En die HERE sal ons laat weet wanneer die tyd aangebreek het om hierdie produkte*

> *te laat vaar. Dis Sy begeerte dat almal moet voel dat hulle 'n liefdevolle hemelse Vader het wat hulle sal lei met betrekking tot alle dinge. Die HERE sal die nodige vaardigheid in voedselkunde aan Sy kinders in al die wêrelddele gee en Hy sal hulle leer hoe om die aarde se produkte te gebruik vir die onderhouding van die lewe.*[34]

Die tyd sal egter aanbreek dat hierdie items uit die dieet uitgeskakel moet word:

> *Binnekort sal botter nie aanbeveel word nie en na 'n rukkie sal melk heeltemal prysgegee moet word, want siektes in diere neem toe in verhouding met die boosheid van die mens. Die tyd sal aanbreek dat dit nie veilig sal wees om eiers, melk, room of botter te gebruik nie.*[35]

In ons tyd is hierdie voorspellings bewaarheid op 'n manier wat wetenskaplikes en die algemene publiek verstom het, en inderdaad selfs regerings is paniekbevange oor die moderne vloed van siektes wat die boerderybedryf oorval het. In Brittanje moes die hele beesbevolking uitgewis word in die lig van BSE (malkoei-siekte). Die hoender- en eierbedryf is platgeslaan onder die toenemende groei in oordraagbare en aansteeklike siektes wat deur bakterieë soos *Salmonella* veroorsaak word en regerings word gedwing om wetgewing daar te stel om die verkope van rou eiers in restaurante te verbied.

Die moderne veeteeltbedryf het nuwe antibiotika-bestande bakterieë opgelewer wat wêreldwye epidemies van voedselvergiftiging tot gevolg kan hê na aanleiding van die inname van diereprodukte. Die uitbreek van voedselvergiftiging is nie meer beperk net tot lande of instellings met lae higiëne nie, maar het universeel geword, soos die vernietigende uitbreek van *E. Coli* in Japan in 1996.

Die voorspellings deur Ellen White gemaak met betrekking tot politieke, persoonlike, godsdienstige en gesondheidskwessies is so akkuraat vervul dat sy beslis voldoen aan die profetiese kriterium dat 'n profeet se voorspellings bewaarheid moet word. Haar raad is nie gegee om ons ydele nuuskierigheid te bevredig nie, maar om tot voordeel van, nie slegs die kerk nie, maar die hele mensdom te strek.

### *3) Het sy die kerk opgebou?*

Die visioene wat aan Ellen White gegee is, was bedoel om die kerk te lei na ’n groter begrip van die Woord van God en ook om verkeerde weë wat van tyd tot tyd deur God se kinders ingeslaan is, te korrigeer. Net soos Paulus se briewe gerig was aan die kerk van sy dag, en dikwels sterk woorde van teregwysing bevat het, selfs aan individuele lidmate, net so is die getuienisse van die Gees van Profesie ook bedoel vir die oorblyfsel kerk. Slegs ’n kerk wat ten volle toegerus is met die wapens vir oorlogvoering (’n korrekte insig in die Woord en die goeie vrug wat voortspruit uit ’n verhouding met God) kan die reddende boodskap van genade aan ’n sterwende wêreld bring. Soos in die tyd van Paulus word die boodskap wat aan die kerk gerig is, dikwels verkeerd toegepas om die oogmerke van diegene wat die waarheid wil verdraai, te pas:

> *Elkeen wat sy broeder haat, is ’n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.*
> 1 Johannes 3:15-16.

Ellen White waarsku uitdruklik teen sulke verdraaiings en gee raad dat die Getuienisse noukeurig en binne hul konteks bestudeer moet word:

> *Daar sal gevind word dat diegene wat vals boodskappe verkondig nie ’n hoë sin vir eer en integriteit het nie. Hulle sal die mense bedrieg en sal saam met hul misleidings die Getuienisse van E.G. White verdraai en haar naam gebruik om invloed aan hul werk te verleen. Hulle kies uittreksels uit die Getuienisse wat hulle dink hulle kan verdraai om hulle siening te verdedig, en plaas dit teen ‘n agtergrond van valsheid sodat hulle dwaalleer gewig kan dra en so deur die mense aangeneem kan word. Hulle vertolk verkeerdelik en pas verkeerdelik toe dít wat God aan die kerk gegee het as waarskuwing, raad, teregwysing, vertroosting en aanmoediging vir diegene wat die oorblyfsel van God sal uitmaak. Diegene wat die Getuienisse aanneem as ’n boodskap vanaf God sal daardeur gehelp en geseënd wees, maar diegene wat*

> *dit ten dele aanneem bloot om 'n teorie of idee van hul eie te ondersteun, om hulself te regverdig op hul dwaalkoers, sal nie geseënd en bevoordeel wees deur dit wat hulle leer nie.*[36]

Getuienisse aan individue is dikwels geskryf aan diegene wat van die waarheid af weggedwaal het – nie op 'n minagtende wyse nie, maar om hulle van God se liefde te verseker. Diegene in die kerk wat gevoel het dat dit nie vir hulle nodig was om vir siele te arbei nie, is ook aangespreek:

> *Ons het gevind dat ons niks vir die verlore skape naby ons kon doen nie, voordat ons nie eers die tekortkominge in sommige van die lede van die kerk reggestel het nie. Hulle het hierdie arme siele laat wegdwaal. Hulle het geen las vir hulle gehad nie. Ek het betekenisvolle getuienisse neergepen, nie slegs vir diegene wat grootliks fouteer het en afgedwaal het nie, maar ook vir daardie lede in die kerk wat grootliks fouteer het deur nie na die verlore skape te gaan soek nie.*[37]

Die feit dat die Gees van die Profesie in die eerste plek vir die kerk bedoel is, beteken nie dat dit onder 'n maatemmer versteek moet word nie, net soos die geskrifte van Paulus nie onder 'n maatemmer versteek moes wees nie. Die wêreld moet die waarheid hoor, soos deur God gekommunikeer deur Sy diensknegte, die profete. Die waarheid is vir almal, regstelling en teregwysing is vir die kerk:

> *Daar is sommiges wat verantwoordelike posisies beklee wat baie min ondervinding het in die werkinge van die Heilige Gees. Hulle waardeer nie die lig in waarskuwings, teregwysinge en aanmoediging wat in hierdie laaste dae aan die kerk gegee is nie, want hulle harte en verstand het nie die Gees van Goddelike genade ontvang nie. Hierdie persone is geneig om die feit te verberg dat met betrekking tot die werk van die derde engel se boodskap, die Here, deur die Gees van Profesie, 'n kennis van Sy wil aan Sy volk bekend maak. Hulle dink dat die waarheid meer geredelik ontvang sal word as hierdie feit nie prominent gestel word nie. Maar dit is slegs 'n menslike redenasie. Die*

> *einste feit dat hierdie lig wat na die mense kom nie aan hulle voorgestel word as iets wat sy oorsprong in menslike gedagtes gehad het nie, sal 'n impak maak op 'n groot klas wat glo dat die gawes van die Gees in die kerk in die laaste dae gemanifesteer sal word. Die toegeneentheid van vele sal getrek word en hulle sal oortuig en bekeer word. Baie sal dus beïndruk word wat andersins nie bereik sou word nie.*[38]

Ellen White het nooit op die titel "profetes" aanspraak gemaak nie, maar het na haarself verwys as God se boodskapper. Sy het egter nie diegene wat na haar verwys het as profetes tereggewys nie. Haar getuienisse aan die kerk is van so 'n omvang en so omvattend dat daar deur hulle voldoen word aan alle kwessies vir alle persone tot aan die einde van tyd. Elke persoon sal in die getuienisse dit vind wat op hom betrekking het en, indien dit aanvaar word, sal dit by hom 'n karakter-verandering teweegbring wat God vir al Sy kinders verlang. Sy skryf:

> *Ek het gesê dat ek nie daarop aanspraak maak dat ek 'n profetes is nie. Ek het nie voor die mense gestaan en aanspraak op die titel gemaak nie, hoewel baie my so genoem het. Ek is opdrag gegee om te sê, "Ek is God se boodskapper, gestuur om 'n boodskap van teregwysing aan die dwalendes en aanmoediging vir die sagmoediges en nederiges oor te dra." Met pen en met my stem moet ek die boodskappe wat aan my gegee is, oordra. Die woorde aan my gegee, is: "Jy moet getrou diegene teregwys wat die geloof van die kinders van God skaad. Skryf die dinge neer wat ek aan jou sal gee sodat hulle as getuie vir die waarheid kan staan tot aan die einde van tyd."*[39]

Wanneer 'n mens die verskillende kategorieë van werk wat sy aangepak het, in ag neem, dan was Ellen White beslis meer as 'n profeet.

## *4) Het sy Christus as die ware Seun van God verhef?*

Jesus Christus is die alomteenwoordige tema van al die geskrifte van Ellen White. Sy het vier spesifieke boeke geskryf oor die lewe en leringe van Christus en haar boek oor die lewe van Christus, *Die Koning van die Eeue,*

is aangewys as die beste godsdienstige boek ooit geskryf oor die lewe en bediening van Christus. Haar geskrifte trek ’n mens nader aan Christus en bring ’n verlange mee om nader met Hom te leef soos gesien kan word in ’n uittreksel uit die boek, *“The Youth’s Instructor”,* in die hoofstuk getitled: *“Are you buying the treasure?”*

> *Jesus Christus, die Majesteit van die Hemel, is nie herken in Sy menslike gedaante nie. Hy was die Goddelike leraar deur God gestuur, die glorieryke skat aan die mensdom geskenk. Hy was skoner as die mensekinders, maar Sy ongeëwenaarde heerlikheid was verberg onder ’n kleed van armoede en lyding. Hy het Sy heerlikheid verberg sodat Goddelikheid die menslikheid mag aanraak, en die skat van onmeetbare waarde was nie deur die mense gewaar nie, “maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ’n man nie, maar uit God gebore is.” Die man wat Christus vind, die man wat die skat van verlossing aanskou, het die saailand en die verborge skat ontdek. “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het Sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid... En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade.” Die skat is inderdaad verskuil onder die kleed van menslikheid. Christus is die onnaspeurlike rykdom, en hy wat Christus vind, vind die hemel. Die mens wat na Jesus kyk, wat in geloof nadink oor Sy ongeëwenaarde goedheid, vind die ewige skat. In die gelykenis word hy wat die skat vind, voorgestel as iemand wat so tevrede is met sy vonds, dat hy alles verkoop om die stuk grond aan te koop.*

In ’n verdere stelling verduidelik sy die ontwikkeling van die verhouding met Christus en hoe ons, deur Sy genade, weer eens kinders van God en arbeiders saam met God kan word:

> *Alle geestelike lewe is van Christus afkomstig. “Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee*

> *om kinders van God te word." Johannes 1:12. Maar wat is die sekere resultaat wanneer ons 'n kind van God word? Die resultaat is dat ons arbeiders word saam met God. Daar is 'n groot werk wat gedoen moet word vir jou eie siel se redding en om jou geskik te maak om andere van ongeloof oor te wen na 'n lewe van geloof in Jesus Christus. "Voorwaar, voorwaar, ek sê vir julle, hy wat in my glo (met 'n oppervlakkige geloof? – Nee, met 'n volhardende geloof wat in liefde werk en die siel reinig) het die ewige lewe. Ek is daardie brood van die lewe... Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid... En as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag."*[40]

Die geskrifte van Ellen White poog altyd om ons verhouding met Christus in die regte perspektief te stel. Daar is diegene wat glo dat om Christus te ken op sigself genoeg is om gered te word. Christus het gekom om diegene te red wat verlore is en Hy het gekom om God se beeld in die mensdom te herstel. Die mens kan nie aanspraak maak op regverdiging en dan heiliging weier nie; beide is gawes van God deur die verdienste van Jesus Christus. Ellen White het in dié verband geskryf:

> *In hierdie leeftyd word die Woord van God nie as betroubaar beskou nie. Die Woord van Christus, wat direk inbreuk maak op menslike begeertes en bevrediging, en gewilde gewoontes en praktyke veroordeel – die Woord wat vlees geword en onder ons kom woon het – word geïgnoreer en verag. Die leringe en voorbeeld van Christus is nie die maatstaf vir die sogenaamde volgeling van Christus nie. Baie wat die naam van Christus aanroep, wandel in die lig van die vonke van die vuur wat hulle self aangesteek het, eerder as om in die voetspore te wandel van hul sogenaamde Meester. Hulle weerspieël nie dieselfde karakter wat Christus weerspieël het in Sy rein, opregte liefde tot God, en in Sy liefde vir die gevalle mensdom*

> *nie. Hulle glo God nie en vereenselwig nie hul belange met Jesus Christus nie. Hulle vorm nie die gewoonte om met Christus te kommunikeer nie, om Hom as gids en raadgewer aan te neem en sodoende 'n goeie gedefinieerde Christelike lewe te lei nie. Diegene wat nie net hoor nie, maar ook die woorde van Christus uitleef, sal in hul karakter die werking van die Heilige Gees sien. Die resultaat van die innerlike werking van die Heilige Gees word in die uiterlike optrede weerspieël. Die lewe van die Christen is met Christus in God verskuil, en God erken diegene wat Syne is en verklaar: "Julle is My getuies." Hulle getuig dat die Goddelike krag hul harte beïnvloed en hul lewens vorm. Hul werke getuig dat die Gees in hulle werk; diegene wat met hulle geassosieer is, is oortuig dat hulle besig is om Jesus Christus die Patroon vir hul lewens te maak.*[41]

In al haar geskrifte word Christus verhef as ons Verlosser, die enigste een deur wie ons verlos kan word:

> *Die wêreld se Verlosser is behandel soos ons verdien, sodat ons behandel kan word soos Hy verdien. Hy het na ons wêreld gekom en ons sondes op Sy Goddelike wese geneem sodat ons Sy toegerekende geregtigheid kan ontvang. Hy was veroordeel vir ons sondes waarin Hy geen aandeel gehad het nie, sodat ons regverdig verklaar kon word deur Sy geregtigheid, waarin ons geen deel gehad het nie. Die wêreld se Verlosser het Homself vir ons gegee. Wie was Hy? – die Majesteit van die hemel, wat Sy bloed op die altaar van geregtigheid gestort het vir die sondes van die skuldige mensdom. Ons behoort ons verhouding tot Christus en Sy verhouding tot ons te ken. Ons moet God ten volle vertrou en Hom vra om in ons kleinste asook ons grootste behoeftes te voorsien. Die HERE moedig ons vertroue aan; en die groot bewys van ons eenheid met Christus, en die beste manifestasie van ons liefde tot Hom, is in toegewende gehoorsaamheid aan Sy vereistes. As julle liefde vir Jesus Christus*

> *het, wat 'n uitdrukking van die lewe van Christus in die siel is, dan sal julle doen wat Hy beveel. Dit is praktiese godsdiens. Verlos deur die losprys wat vir jul siel betaal is, sal julle vorentoe beweeg en laat blyk hoeveel liefde julle vir Jesus het deur gehoorsaamheid aan Sy gebooie. Julle moet vrugte dra deur Sy gebooie te doen, omdat julle takke is van die lewende Wingerd. Dit is Sy gebed dat Sy blydskap steeds in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.*[42]

Sy het Jesus Christus waarlik as die Seun van God verhef:

## *5) Het sy met gesag gepraat?*

Ellen White moes gedurig 'n stryd voer teen diegene wat haar beswadder en haar boodskappe bespot het. Sy het voor die strafste uitdagings te staan gekom toe sy nog jonk en swak was, en menslik gesproke was daar geen moontlikheid dat sy die gesag sou kon uitoefen wat sy wel gedoen het sonder die direkte tussenkoms van God nie. God het die swakste van die swakkes gekies om die sterkes te verwar. Die gesag wat sy gehad het, was die gesag van God. Die Woord van God het die snywerk gedoen, nie die diensmaagd nie. Sonder hierdie gesag sou die pilare van die Adventgeloof lankal terug afgebreek gewees het, maar hulle word deur die Woord onderskraag en sal staande bly tot aan die einde van tyd. Sy het geskryf:

> *Ek is opdrag gegee om aan diegene te sê wat probeer om die grondslag wat van ons Sewendedag Adventiste maak, af te breek – ons is God se wetsgehoorsame volk. Vir die afgelope vyftig jaar is elke fase van kettery op ons gebring om ons gedagtes te verwar aangaande die leringe van die Woord – veral wat betref die bediening van Christus in die hemelse heiligdom en die hemel se boodskap vir hierdie laaste dae soos oorgedra deur die engele van Openbaring 14. Daar is by die Sewendedag Adventistekerk aangedring op boodskappe van elke klas en tipe om die plek in te neem van die waarheid wat, stap vir stap, deur studie en gebed nagestreef is en wat getuig van die wonderwerkende krag van die HERE. Maar, die*

> *rigtingwysers wat ons gemaak het wat ons is, moet behoue bly en hulle sal behou word soos God deur Sy Woord en deur die getuienis van Sy Gees aangedui het. Hy versoek ons om met die greep van geloof ferm vas te hou aan die fundamentele beginsels wat op* ***onteenseglike gesag*** *baseer is.*[43] (Klem bygevoeg.)

### *6) Het sy goeie vrugte gedra?*

Ellen White se lewe en werk was toegewy aan die diens van God. In al haar gepubliseerde werke, wat 55 volumes beslaan, is daar die vrugte van iemand wat vir Jesus geken en liefgehad het. In haar duisende briewe aan individue het sy altyd die waarheid in liefde oorgedra, selfs al was die boodskap een van teregwysing. Sy het uit haar pad gegaan om ander op te hef en haar dade het ooreengestem met haar woorde. Soos in haar boek *"Education"* gestel:

> *Deur die sonde is die Goddelike ewebeeld geskend en bykans uitgewis. Die mens se fisiese kragte het verswak, sy verstandelike vermoëns het afgeneem en sy geestelike visie het verdof. Hy het onderworpe geword aan die dood. Tog is die ras nie sonder hoop gelaat nie. Deur eindelose liefde en genade is die verlossingsplan beraam, en 'n proeftyd word geskenk. Ten einde die beeld van sy Skepper in die mens te herstel, om hom terug te bring tot die volmaaktheid waarin hy geskape is, om die ontwikkeling van die liggaam, gees en siel te bevorder sodat die goddelike doel van sy skepping verwesenlik kan word – dit sou die werk van verlossing wees.* ***Dit is die doel van opvoeding, die groot lewensdoel.***[44] (Klem bygevoeg.)

Ellen White was nie slegs 'n boodskapper nie, maar het ook as sendeling gewerk. Sy het meegehelp om sendingstasies op verskeie plekke in die wêreld te stig en het almal aangemoedig om deel te neem in die groot werk om die evangelie te versprei:

> *Christus gekruisig – praat daarvan, bid daaroor, sing daarvan, en dit sal harte breek en wen. Dit is die krag*

> *en die wysheid van God om siele vir Christus in te win... God se versagtende liefde in die harte van die arbeiders sal gesien word deur diegene vir wie hulle arbei. Siele smag na die waters van die lewe. Moet nie leë kruike wees nie. As jy die liefde van Christus aan hulle openbaar, mag jy die honger, dorstende siele na Jesus lei en Hy sal hulle die brood van die lewe gee, asook die water van verlossing.*[45]

Vandag is die Sewendedag Adventiste Kerk die enkel mees wyd-verspreide Protestantse denominasie in die wêreld. Dié kerk onderhou meer as 5000 skole, 350 hoërskole en kolleges regoor die wêreld en het ’n wêreldwye gesondheidsbediening gevestig wat gesonde voedsel aan miljoene mense voorsien. Die kerk het ook meer as 200 hospitale in stede en in areas wat dikwels ontoeganklik is. Die kerk het ook ’n wêreldwye noodlenigings organisasie – ADRA – wat al ’n leidende rol gespeel het om verligting te bring aan gebiede wat gebuk gaan onder natuurrampe en oorloë.

Hierdie groot prestasies binne so ’n kort tydperk sou nie moontlik gewees het sonder haar raadgewing en arbeid nie. Hierdie is die vrugte van haar arbeid. Die lewensarbeid van Ellen Gould White het op 16 Julie 1915, toe sy 87 jaar oud was, geëindig. Sy is begrawe langs haar man in Oak Hill begraafplaas te Battle Creek, Michigan. Kort na haar dood het die *“New York Independent”* ’n artikel geplaas wat verklaar het:

> *Sy het geen geestelike hoogmoed getoon nie en sy het ook geen eie gewin nagejaag nie. Sy het die lewe gelei en die werk gedoen van ’n waardige profetes, die mees bewonderingswaardige in die Amerikaanse geskiedenis.*[46]

Die pers, in hul kommentaar op Ellen White se dood, het berig:

> *Die lewe van mevrou White is vir almal ’n navolgingswaardige voorbeeld... Sy was ’n nederige, toegewyde dissipel van Christus en sy het altyd rondgegaan om goed te doen... Sy was geëer en gerespekteer deur almal wat edele vroulikheid waardeer het, toegewyd aan onbaatsugtige diens vir die opheffing en verbetering van die mensdom. Haar dood merk die heengaan van nog ’n vooraanstaande*

*leier op die gebied van godsdienstige denke en een wie se byna negentig jaar tot oorlopens toe vol was met goeie dade, welwillende woorde en ernstige gebede vir die hele mensdom.*[47]

*Ten spyte van die feit dat die werk van mevrou White geskryf is lank voor die aanvang van moderne wetenskaplike voedingsleer, is daar vandag geen beter algemene gids beskikbaar nie.*[48]

### *7) Het sy die nodige fisiese tekens openbaar?*

Die fisiese kenmerke wat met ’n ware profeet van God geassosieer word, is so verstommend dat dit slegs beskryf kan word as bonatuurlike ingryping. Valse profete was nog altyd ’n las vir die kinders van God en inderdaad vir die wêreld oor die algemeen. Ware profete van God was wreed vervolg, gemartel en selfs op die wreedste maniere doodgemaak. Valse profete, aan die ander kant, maak hoofsaaklik sensasionele profesieë van voorspoed of belowe verlossing gegrond op eksklusiwiteit eerder as verlossing deur Christus en gehoorsaamheid aan Sy voorskrifte. Hoogmoed en selfsug is die twee groot struikelblokke wat verhoed dat die mensdom die gratis gawe van verlossing aanvaar.

God in Sy wysheid het dit nodig geag om die fisiese tekens te assosieer met die ware gawe van profesie wat nie nagemaak kan word nie. Tesame met al die vereistes van toepassing op ’n profeet van God, sal almal sonder verskoning gelaat word indien hulle verkies om Sy profete te ignoreer.

Die fisiese tekens wat met ’n profeet in visioen geassosieer word, soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek, is:

1. Die profeet sal verswak neerval.
2. Die profeet word deur God versterk en opgerig.
3. Die profeet se oë is wawyd oop tydens die visioen.
4. Die profeet haal nie asem tydens die visioen nie.

In Ellen White se geval het God dit raadsaam geag om die betroubaarheid van haar visioene in die openbaar te staaf. Veral in die vroeë jare van haar bediening het sy dikwels tydens openbare vergaderings visioene ontvang waartydens baie skeptici en geneeshere haar kon ondersoek terwyl sy in

visioen was. Verslae van ooggetuies is verstommend en bewys bo alle twyfel dat Ellen G. White al die fisiese vereistes in die Woord van God genoem, getoon het. Nadat haar bediening en haar betroubaarheid bewys is, veral in die latere jare, het sy die meeste van haar visioene in die nag ontvang, soos ook die geval was met die profeet Daniël (7:12).

Voordat die getuienis van mediese ondersoeke bespreek word, is ’n beskrywing van gebeure deur ’n ou vriend van Ellen White gepas. J.N. Loughborough wat haar 50 maal in visioen gesien het, beskryf die gebeure as volg:

> *Wanneer sy ’n visioen ontvang, gee sy drie ekstatiese uitroepe van "Glorie!" wat telkens eggo, die tweede en veral die derde keer, sagter maar meer aangrypend as die eerste, met die stem wat klink soos een wat ver van jou af is, asof dit besig is om buite gehoorafstand te beweeg.* ***Vir ongeveer vier of vyf sekondes val sy neer asof sy in ‘n beswyming is of soos een wat sy krag verloor het; dan lyk dit asof sy onmiddellik gevul word met bo-menslike krag en soms staan sy onmiddellik regop*** *en loop in die kamer rond. Daar is gereelde hand- en armgebare soos sy na regs of links beduie namate sy haar kop draai. Al hierdie bewegings word uiters grasieus uitgevoer. In watter posisies sy ookal haar hand of arm plaas, dit is onmoontlik vir enigiemand om haar hand of arm te beweeg.* ***Haar oë is altyd oop, maar sy knip nie haar o****ë nie*; *haar hoof is opgelig en sy kyk na bo, nie met ’n leë uitdrukking nie, maar met ’n aangename uitdrukking, wat slegs verskil van die normale deurdat dit lyk asof sy intens na ’n ver-af voorwerp staar.* ***Sy haal nie asem nie****, tog is haar polsslag normaal. Haar gesigsuitdrukking is aangenaam en die kleur van haar aangesig is gesond soos in haar normale toestand.* [49] (Klem bygevoeg.)

Al vier die kriteria wat in die Skrif genoem word, in die korrekte volgorde, is hier genoem en is bevestig deur talle betroubare ooggetuies. ’n Ander ooggetuie (Nellie Sisley Starr) vertel van die gebeure wat verband hou met ’n visioen wat Ellen White op 12 Junie 1868 tydens ’n biduur te Battle Creek gehad het. Verwysend na Ellen White beskryf sy die gebeure as volg:

*Sy het heen en weer geloop en met ons gesels. Terwyl sy so loop, het sy neergeval. Sy het sagkens geval. Sy het geval asof 'n engel se hande onder haar was... Ons het gedink dat sy flou geword het, maar broer White het gesê: "Moet julle nie bekommer nie. My vrou het nie flou geword nie, maar sy ontvang 'n visioen." Ek wens ek kan die gevoel wat almal van ons ondervind het, beskryf. Daar was volkome stilte; selfs die kinders het nie geraas nie... Dit was asof die hemel op ons neergedaal en ons omsluit het... Suster White het doodstil en bewusteloos gelê. O, die gevoel wat in daardie gebou ervaar is. Broer White het gesê: "Daar mag sommiges in die gemeente wees wat twyfel in my vrou se inspirasie. Indien daar enige is, sal ons dit verwelkom indien hulle na vore wil kom en die Bybelse toetse wil toepas. Dit mag sommige van julle help." Ek weet dat my moeder twyfel gehad het. Ons het van Engeland af gekom en sy het uit die "Church of England" gekom, en sy kon dit nie heeltemal verstaan nie. Toe sê ek: "Moeder, kom ons gaan na vore en staan by haar hoof." Ondertussen het broer White neergekniel en suster White se kop en skouers op sy knieë gelig. Andere het ook na vore gekom en daar was twee buitengewoon groot mans. Hulle het aan weerskante van haar skouers gaan staan. Broer White het gesê: "Ons het almal gesien hoe suster White val; ons weet dat sy haar natuurlike krag verloor het. Nou sal ons sien of sy bo-natuurlike krag het." Sy het gelê met haar hande sagkens oor haar bors gevou. Sy het doodstil gelê en het na die hoek van die gebou gestaar.* ***Haar oë was wawyd oop met 'n aangename uitdrukking op haar gesig****. Niks bonatuurlik of buitengewoon nie.* ***Broer White het vir die twee groot manne gesê: "Trek haar hande weg van mekaar. Julle het twee hande vir elkeen van hare. Trek net haar hande weg van mekaar." Hulle het probeer. Hulle het getrek en getrek sodat sommige van ons bekommerd geraak het dat hulle haar gaan beseer. Broer White het gesê: "Moenie bekommerd wees nie; sy is veilig in God se hande en julle kan trek***

> ***totdat julle tevrede is.” Hulle het gesê: “Ons is nou tevrede. Ons het nie nodig om verder te trek nie.” Hy het gesê: “Neem een vinger op ’n slag.” Dit was onmoontlik. Hulle kon nie eens ’n vinger verroer nie. Dit het gelyk asof dit ’n granietblok was.*** *Daar was geen verandering in voorkoms nie, maar dit kon net nie beweeg word nie. Ons het gekyk of haar oë toe was en of sy asemhaal. Toe maak sy haar arms oop en waai met haar hande. Ons het gesê, “Ons sal sien wanneer sy uit die visioen uitkom dat sy gevlieg het.” Broer White het vir die mans gesê, “Hou haar vas.” Ek dink dat hulle gedink het hulle kon. Hulle het haar aan die gewrigte gegryp, maar hulle kon die beweging nie vertraag nie. Dit het gelyk asof enige kind haar sou kon vashou, maar sy het net voortgegaan. Broer White het gesê, “Nou is ons daarmee tevrede.* ***Nou moet ons sien of haar ooglede sal toegaan.” Daar was ’n groot Rochester (paraffien) lamp naby op sy staander. Hy het die lampskerm afgehaal en het die lamp reg voor haar oë gehou. Ons het gedink dat sy haar oë sou beweeg om hulle te beskerm. Sy het nie.*** *Sy was geheel en al bewusteloos. Haar gesigsuitdrukking het by tye verander. Soms het sy tevrede gelyk. By ander tye kon ons bemerk dat iets haar ontstel het, maar haar ooglede het nie toegegaan nie. Broer White het gesê: “****Nou moet ons kyk of daar enige asem in haar liggaam is.” Dit het nie so gelyk nie. Alles het reg gelyk, net dat daar geen asem was nie. Broer White het gesê: “Ons sal iemand stuur om ‘n spieël te kry en daarmee toets.” Iemand het toe in die kamer langsaan ’n spieël*** *gaan haal en dit is digby haar gesig gehou, maar geen* ***wasem het daarop gevorm nie. Daar was dus geen asemhaling nie.***[50]
>
> (Klem bygevoeg.)

Dit is opmerklik dat die opeenvolging van gebeure weer eens presies in ooreenstemming met die Skrif is.

Ellen White het dikwels met aggressiewe teenstand te doen gehad. By een so ’n geleentheid het sy ’n visioen ontvang tydens ’n byeenkoms van mense wat teen haar visioene gekant was. Die teenstanders het geskree,

haar in die rede geval, hardop uit die Bybel voorgelees en het alles moontlik probeer om haar te onderbreek, maar sy het aanhou praat vanaf omtrent twaalfuur die middag tot sonsondergang in ’n stem wat deur die lawaai van die teenstanders gesny het, totdat hulle uitgeput was. Op ’n stadium het hulle ’n swaar Bybel in haar hand geplaas waaruit sy begin aanhaal het terwyl sy die Bybel met die een hand bokant haar kop gehou en met die ander hand geblaai en aangedui het na die plekke waaruit sy aanhaal sonder om te kyk waar sy aandui. Otis Nichols, ’n ooggetuie by hierdie byeenkoms beskryf die gebeure as volg:

> *Toe neem Thayer ’n groot, swaar familie-Bybel in kwartoformaat wat op die tafel gelê en selde gebruik word, maak dit oop en lê dit oop op die bors van Ellen terwyl sy ’n visioen ontvang het – sy het agteroor teen ’n muur in die een hoek van die kamer gelê. Onmiddellik nadat die Bybel op haar bors geplaas is, het sy opgestaan en na die middel van die kamer gestap met die oop Bybel in die een hand en dit so hoog bokant haar kop gelig as wat sy kon bykom, en met haar oë na bo gekeer, verklaar sy plegtig, “Die geïnspireerde getuienis van God” of woorde te dien effekte. Sy het vir ’n lang tyd voortgegaan terwyl die Bybel in die een uitgestrekte hand vasgehou is en haar oë opwaarts gekyk het. Sy het nie in die Bybel gekyk nie, maar aangehou om die bladsye met die ander hand te blaai en haar vinger op sekere teksverse geplaas terwyl sy die woorde van daardie tekste korrek uiter in ‘n plegtige stem. Talle wat teenwoordig was, het na die teksverse wat sy aangehaal het, gekyk om seker te maak dat sy korrek aanhaal, want haar oë was hemelwaarts gekeer. Sommige van die teksverse het verwys na oordeel teen die goddeloses en diegene wat God laster; en andere was teregwysings en opdragte van toepassing op ons huidige toestand. Sy het die hele middag in hierdie toestand voortgegaan tot byna sononder, toe die visioen beëindig is.*[51]

Ten slotte is dit ook nodig om die getuienis aan te haal van mediese dokters wat vir Ellen White ondersoek het terwyl sy in ’n visioen verkeer het. Twee goed gedokumenteerde gevalle sal hier bespreek word. Die eerste was tydens

’n konferensie wat gedurende Junie 1854 gehou was waar verteenwoordigers van vele kerke teenwoordig was, en die tweede was tydens ’n konferensie wat te Hillsdale, Michigan gehou was, waar daar ook baie mense teenwoordig was. By die eerste vergadering het Ellen White ’n visioen op 26 Junie 1854 ontvang en David Seeley staaf die ander ooggetuies se getuienis en skryf as volg:

> *Ek was by die vergadering teenwoordig en het die ondersoek aanskou. Ek stem saam met wat deur Broer en Suster Lamson gesê is en wil net byvoeg dat dit Dr. Fleming en ’n ander jong dokter was wat die ondersoek gedoen het. Nadat mevrou White opgestaan het, soos hulle verklaar het, en verse uit die Bybel aangehaal het, het dokter Fleming vir ’n brandende kers gevra... Hy het hierdie kers so na as moontlik aan haar lippe gehou sonder om haar te brand en in lyn met haar asem, in geval sy sou asemhaal. Daar was nie die geringste flikkering van die kersvlam nie. Die dokter het toe nadruklik gesê: “Dit bevestig dit vir ewig; daar is geen asem in haar liggaam nie.”*[52]

By die tweede vergadering het James White gevra dat ’n dokter sy vrou ondersoek terwyl sy ’n visioen ontvang. By hierdie geleentheid was Dr. Lord in die gehoor en hy het ook geen asem in haar gevind terwyl sy in daardie toestand was nie. Twee verklarings oor hierdie geleentheid is beskikbaar. Die eerste is van die Fowler egpaar wat as volg verklaar:

> *Ons was teenwoordig toe suster E.G. White ’n visioen in die Waldronsaal te Hillsdale gehad het. Dr. Lord het haar ondersoek en gesê: “Haar hart klop, maar daar is geen asem nie. Daar is lewe, maar geen longaktiwiteit nie. Ek het geen verklaring vir hierdie toestand nie.”*[53]

Die tweede getuienis is van C.S. Cover, wat verklaar:

> *Ek was teenwoordig toe Suster White die bogenoemde visioen in die Waldronsaal te Hillsdale gehad het. Bo en behalwe die bogenoemde verklaring het ek die dokter hoor sê dat Suster White se toestand terwyl sy ’n visioen gehad het “buite sy kennis is.” Hy het ook gesê: “Daar is iets bonatuurlik daaromtrent.”*[54]

Ellen White is die enigste profeet in die moderne geskiedenis wat aan al die Bybelse kriteria voldoen vir 'n profeet van God. Sy het akkurate getuienisse geskryf en opdragte van God ontvang wat die nodige leiding vir God se oorblyfsel aan die einde van tyd sal verskaf. Diegene wat hierdie opdragte ter harte neem, sal 'n groter insig in die wil van God ontwikkel en sal gelei word na 'n nouer verhouding met God. Sy skryf:

> *Oorvloedige lig is aan ons mense gegee vir hierdie laaste dae. Of my lewe gespaar word of nie, my geskrifte sal aanhoudend getuig en hul werk sal vorentoe gaan vir solank as wat daar tyd is. My geskrifte word in die kantoor in 'n lêer gehou en selfs al leef ek nie, sal hierdie woorde wat die HERE aan my gegee het steeds lewe hê en tot die mense spreek. Maar my krag is nog gespaar en ek vertrou om voort te gaan om nuttige werk te verrig. Ek mag dalk leef tot die HERE kom, maar indien ek nie leef nie, vertrou ek dat dit van my gesê sal kan word "... Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle."* Openbaring 14:13.[55]

## VERWYSINGS

[1] Gerhard Friedrich, *Prophets and Prophecies in the New Testament*, Vol. 6, p. 859.
[2] Arthur L. White, "Prophetic Guidance in Early Days," *Ministry,* 1946.
[3] Ellen G. White, *Brief 3*, 1847.
[4] *MS* 88a, 1900.
[5] Arthur White, *Bio* 1.
[6] *Great Controversy*, p. 7.
[7] *Colporteur Ministry*, p. 125.
[8] *Testimonies*, Vol. 2, pp. 605, 606.
[9] *Selected Messages,* Vol. 1, p. 18.
[10] *Selected Messages*, Vol. 1, p. 416, 1885; *Early Writings*, p. 78.
[11] *Review & Herald*, 11 Augustus 1853, p. 53.
[12] *MM* 88, 1904.
[13] *Westminster Confession*, chapter 1, art. 10.5.
[14] 5 *Testimonies*, p. 703.
[15] *Great Controversy*, p. viii.
[16] *Selected Messages*, Vol. 2, p. 48.
[17] *Early Writings*, p. 118.
[18] 15 *MR*, p. 351.
[19] *ST* 01-25-05.
[20] *Selected Messages*, Vol. 1, p. 371.
[21] *ST*, 04-04-95.
[22] *EE*, pp. 287, 288.
[23] *Evangelism*, pp. 403, 404.
[24] *Signs of the Times*, 21 April 1890.
[25] *Review & Herald*, 11 Februarie 1906.
[26] *CH*, p. 84.
[27] *CH*, pp. 321, 322.
[28] *MR*, p. 115.
[29] *HR*.
[30] *Counsels on Diet and Foods*, p. 338.
[31] W.J. Veith, 1993, *Diet and Health*, New Scientific Perspectives, Southern Publishing Association, Cape Town.
[32] *Counsels on Diet and Foods,* p. 359.
[33] *Counsels on Diet and Foods,* p. 351.
[34] *Counsels on Diet and Foods,* p. 359.
[35] 8 *MR, Brief 14*, 1901, p. 3.
[36] *Testimonies to Ministers*, pp. 42-43.

[37] *LD* 15, 187.
[38] *1888*, p. 808.
[39] *Review & Herald*, 26 Januarie 1905.
[40] *Selected Messages*, Vol. 1, p. 137.
[41] *Review & Herald*, 05-12-96.
[42] *Review & Herald*, 03-21-93.
[43] 4 *MR*, p. 246.
[44] *ED,* pp. 15, 16.
[45] 1 *LHU* 126.
[46] *The New York Independent*, 23 Augustus 1915.
[47] *Star*, St. Helena, CA, 23 Julie 1915.
[48] Clive M. McCay, "A Nutrition Authority Discusses Mrs. E.G. White," *Review & Herald*, 26 Februarie 1959, p. 10.
[49] 1 *PLO,* p. 122.
[50] 2 *Bio*, pp. 232, 233.
[51] 1 *Bio*, p. 104.
[52] 1 *Bio*, p. 303.
[53] 1 *Bio*, p. 351.
[54] 1 *Bio*, pp. 351, 352..
[55] Selected Messages, Vol. 1, pp. 55, 56

# 16

# DIE VIERING VAN CHRISTUS SE OPSTANDING

Wat moet ek doen wanneer ek die waarheid ontdek het en my lewe in harmonie met God wil deurbring? Aangesien Jesus die weg, die waarheid en die lewe is, is dit vanselfsprekend dat my handelinge deur Sy geopenbaarde wil bepaal moet word. Die Skrif is ons gids en daardeur kan ons leer om in die voetspore van Jesus te volg. Die grootste opdrag wat ooit aan die mens gegee is, is om die evangelie aan die wêreld te verkondig:

> *Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.* Markus 16:15-16.

Die woorde wat in vers 16 geuiter is, is van kardinale belang vir 'n verlore wêreld:

> *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word.*

Dit is nie goed genoeg om die evangelie te glo nie. ’n Mens moet dit uitleef:

> *Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!* Matthéüs 7:21-23.

Die klas wat in die bogenoemde gedeelte genoem word, is ’n klas wat geloof in Jesus bely, hulle verkondig Sy Naam, hulle bely selfs dat hulle groot werke in die Naam van Jesus gedoen het, maar hulle beoefen ongeregtigheid. Die woord *“ongeregtigheid”* wat hier gebruik word, is uit die Griekse “*anomia”* vertaal en dit beteken wetteloosheid of oortreding van die wet:

> *Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.* 1 Johannes 3:4.

Die *King James Version* (KJV) van die Bybel stel dit as volg:

> *“Whosoever committeth sin transgresseth also the law; for sin is the transgression of the law.”* 1 John 3:4.

*“Transgression of the law”* beteken *“oortreding van die wet,”* en ons sien dat sonde as sulks gedefinieer word in die KJV.

Gehoorsaamheid is die vrug van ’n verhouding met God. Om God se karakter te verstaan, Sy liefde en sorg vir Sy hele skepping, is van kardinale belang as ons die vereistes van die wet wil verstaan. Diegene wat in ’n verbondsverhouding met God tree, sal die wet wil onderhou, want hulle verstaan die beginsel van liefde wat in die wet vervat is. Gehoorsaamheid is beter as die vet van ramme en in die onderhouding van die wet is daar groot beloning:

> *Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van die HERE is*

> *reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë. Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid – tesame is hulle regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop. Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.* Psalm 19:8-12.

Dit is nie genoeg om teoretiese kennis van die wet te hê nie of om dit te onderhou omdat ons weet dat dit die regte ding is om te doen nie (dit is wettiesheid). Die wet moet uit die hart uit onderhou word, dit moet deel van die karakter word, slegs dan sal 'n mens die liefde van Christus in 'n wêreld in nood kan weerspieël:

> *Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.* Matthéüs 7:24.

Die gelowige moet in harmonie met God se wet gebring word:

> *... omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.* Romeine 2:13.

As ons nou weer die woorde van Markus 16:16 onder die loep neem, dan sal die volle betekenis van die woorde "*laat doop"* duidelik word. Doop is die simbool van 'n veranderde lewe. Dit is die simbool van wedergeboorte, 'n bewys van die dood van die ou mens van sonde en die opstanding van die veranderde mens – die persoon wat in harmonie met God se wet leef. Die doop is die simbool van restourasie – die transformasie van die persoon wat in vyandskap met God geleef het na een wat in harmonie met die wet van God leef:

> *En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.* Romeine 12:2.

Voordat ’n mens nie deur die genade van God en deur die werking van Sy Gees aangeraak is nie, is dit onmoontlik om aan God gehoorsaam te wees en aan Sy vereistes te voldoen. Daar mag ’n teoretiese nakoming van die wet wees, maar sonder Christus is dit bloot ’n skyn van godsaligheid:

> *... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie.* Romeine 8:7-8.

Dit is die Gees van God wat dit vir ons moontlik maak om in harmonie met die wil van God te leef.

In Johannes hoofstuk 3 bespreek Jesus die aard van die geestelike wedergeboorte met Nikodémus en in vers 5 sê Hy:

> *... Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.* Johannes 3:5.

Die Gees werk met die innerlike mens om ons verwronge karakters te verander sodat ons die karakter van Jesus sal weerspieël. Die water is die simbool van die uiterlike aanvaarding van die transformasieproses en hierdie gewilligheid word demonstreer in die doop. Gehoorsaamheid aan God kom as ’n gawe van God. Beide regverdiging en heiliging is gawes wat ons ontvang deur geloof in die Seun van God:

> *... nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees.* Titus 3:5.

Deur hierdie bad beteken dit dat ’n mens geregverdig voor God staan as gevolg van die verdienste van Jesus Christus. Die teksvers gaan egter voort en sê:

> *... en vernuwing deur die Heilige Gees.*

Dit is heiligmaking. Aanvaarding van die regverdig- en heiligmaking is ’n pakketooreenkoms. Ons kan nie die een aanvaar sonder die ander nie. Weiering om heiliging te aanvaar, is ’n aanduiding van valse regverdiging.

> *So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.* Matthéüs 7:20.

Die doop is die uiterlike teken van die aanvaarding van die verbondsverhouding met God, die nuwe verbond wat God aan geestelike Israel belowe het:

> *Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.* Jeremia 31:31-33.

Geestelike Israel sal die wet onderhou, maar hulle sal dit uit die hart onderhou. Die vrees vir die HERE is die eerbied wat ontwikkel wanneer God in Sy heerlikheid gesien word, wanneer Sy karakter geopenbaar word. Paulus pas hierdie teksverse toe op die nuwe verbond in Hebreërs 8:8-10:

> *Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.*

## Eenwording met die Liggaam van Christus

Die doop is ’n ernstige stap om te onderneem en dit vereis insig in die kwessies wat daarby betrokke is. Die doop is ook meer as die uiterlike simbool van weder-geboorte. Dit is ook die uiterlike teken van toetreding tot die liggaam van Christus, Sy kerk:

> *Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.*
> 1 Korinthiërs 12:13.

> *Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.* 1 Korinthiërs 12:27.

Diegene wat Jesus aanvaar, word deel van die kerk:

> *... terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.* Handelinge 2:47.

As ons deur die doop ons aanvaarding van die verbondsverhouding met God demonstreer, dan word ons ’n deel van die verbondsvolk van God. Aangesien daar slegs een liggaam is, is dit noodsaaklik dat sorgvuldige oorweging geskenk moet word aan hierdie keuse:

> *... so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.* Romeine 12:5.
> (Sien ook 1 Korinthiërs 10:17, Kolossense 3:15.)

> *Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge. Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam.* 1 Korinthiërs 12:12-14, 20.

> *Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping.* Efes. 4:4.

Die ware liggaam van Christus moet gehoorsaamheid aan die wet van God leer en moet ook geloof hê in die lewensveranderende mag van die Gees van God. (Sien Hoofstuk 14, *'n Klip om Jou Hoof op te Rus*). 'n Mens kan nie gedoop word en afgesonder van die kerk leef nie. Dit sou wees soos 'n orgaan wat probeer om buite die liggaam te lewe. Die doop is dus 'n simbool van die volgende:

1. Dit is 'n simbool van 'n mens se bereidwilligheid om die evangelie van Christus aan te neem.

2. Die doop gedenk Christus se dood, begrafnis en opstanding.

3. Dit simboliseer die dood en begrafnis van die ou mens van sonde.

4. Dit verteenwoordig die opstanding tot 'n "nuwe lewe" in Christus Jesus, die bad van wedergeboorte deur regverdiging en heiligmaking.

5. Dit is 'n simbool van die toelating tot die liggaam van Christus, Sy kerk, die Israel van God.

## Wat van Herdoop Nadat Nuwe Lig Ontvang is?

Daar is omstandighede waaronder dit blyk dat herdoping nodig mag wees. Die Skrif noem die geval van gelowiges wat deur Johannes die Doper gedoop was, wat herdoop is nadat hulle groter lig oor verlossing deur Christus ontvang het:

> *En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie. En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering*

> *gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus.* Handelinge 19:1-5.

## Kan Ek op My Eie Buite die Georganiseerde Liggaam Arbei?

God het nog altyd deur sy georganiseerde liggaam, die kerk, gewerk. Selfs Christus, ten spyte van die hoon wat op Hom gemik was, het binne die georganiseerde liggaam van wat toe Israel was, gefunksioneer. Nadat die HERE 'n oorblyfsel uit Israel uitgeroep het en die Christelike kerk gestig het, het Hy ook nie die wyse waarop Hy wou hê dat kennis van die evangelie oorgedra moet word, opsy gelaat nie. Selfs Paulus was na die kerk van die HERE gestuur om opleiding te ontvang nadat die HERE hom geroep het om 'n apostel onder die heidene te wees:

> *En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen? En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen.* Handelinge 9:6.

> *En Ananías het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word.* Handelinge 9:17.

## Die Metode van Doop

Die Griekse woorde *"baptizo"* beteken "ek onderdompel" en *"baptisma"* beteken "onderdompeling." Soos met alle dinge, moet Christus ons voorbeeld wees:

> *Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.* 1 Johannes 2:6.

Toe Jesus gedoop is, is Hy deur onderdompeling gedoop:

> *En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemel wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.* Matthéüs 3:16-17.

Jesus is *in* die rivier gedoop. Johannes (die Doper) het ook in die rivier gedoop, want hy het water nodig gehad wat diep genoeg was:

> *En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was...* Johannes 3.23.

'n Verdere voorbeeld van die metode van die doop wat in die Skrif gegee word, is die doop van die hofdienaar deur Filippus:

> *En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop. En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis.* Handelinge 8:38-39.

Neem asseblief kennis dat hulle *in die water afgeklim* het en daarna moes hulle *uit die water opklim*. Die doop was derhalwe deur middel van algehele onderdompeling. Die hervormers het ook verstaan dat die doop deur onderdompeling moes plaasvind. Martin Luther het die doop as volg gedefinieer:

> *Die Grieks "baptizo" beteken "ek onderdompel" en "baptisma" beteken "onderdompeling." Om hierdie rede sou ek die doopkandidaat geheel en al in die water onderdompel soos die woord "baptisma" aandui. Dit was sonder twyfel ook so deur Jesus ingestel.*[1]

Johannes Calvyn het geskryf:

> *Die woord "doop" dui egter aan "om te onderdompel" en dit is duidelik dat onderdompeling die praktyk in die vroeë kerk was.*[2]

Toe John Wesley, die stigter van die Metodiste Kerk, veertig jaar oud was, het hy 'n verklaring voorberei wat as volg gelees het:

> *Ek glo dat dit 'n verpligting is, om sover as wat ek kan, te doop deur onderdompeling.*[3]

## Die Kinderdoop

Aangesien die doop 'n simbool is van 'n mens se gewilligheid om die evangelie van Jesus Christus te aanvaar, is dit 'n bewustelike besluit:

> *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.* Markus 16:16.

Suigelinge kan nie bewustelike besluite neem nie en die doop van suigelinge of kleuters word nooit in die Bybel voorgestaan nie. Die leerstelling van kinderdoop is van heidense herkoms en is deur Rooms-Katolisisme die kerk ingebring. Soos met die meeste Katolieke leerstellings het kinderdoop sy oorsprong in die Babiloniese geheimenisse.

In Babilon is die wedergeboorte verleen deur middel van die doop van babas. Europese heidene het hul pasgebore babas besprinkel of onderdompel en tot vandag toe word die "heilige water" wat in sekere kringe vir dié doel aangewend is nog volgens die heidense gebruik voorberei deur 'n fakkel van die altaar in die water te werp. Nadat die Rooms-Katolieke Kerk die kinderdoop ingestel het, was sy heftig gekant teen die doop van volwassenes en het selfs die volgende dekreet uitgevaardig:

> *Laat hom wat sê dat volwassenes gedoop moet word 'n vervloeking wees.*[4]

Sommige moderne Bybelvertalings is ook só geskryf dat daar beweegruimte gelaat word vir ondermynende leerstellings. Die *King James Version* van die Bybel is in 1611 vanuit die Griekse *"Textus Receptus"* vertaal, maar moderne Bybels maak ook gebruik van ander tekste waarvan die konteks twyfelagtig is. Origen (200 n.C.) was een van die eerste Bybelstudente wat Bybelmanuskripte verander het om sy humanistiese en allegoriese idees te akkommodeer. Deur die eeue heen is met baie van hierdie manuskripte gepeuter om groot ruimte te skep vir die invoer van heidense filosofieë.

In Handelinge hoofstuk 8 gee die 1953-Vertaling van die Bybel ’n volle beskrywing van die doop van die hofdienaar. Die hofdienaar was ’n hooggeplaasde amptenaar van Ethiopië (Handelinge 8:27) en hy het na Jerusalem gegaan om te aanbid. Hy was besig om die boek Jesaja te lees toe Filippus na hom toe gestuur is en sekere teksgedeeltes wat op die Messias betrekking het, aan hom (die hofdienaar) verduidelik het. Toe hy die belangrikheid daarvan besef en Jesus Christus in die teksverse herken, was hy gereed om gedoop te word (Handelinge 8:17-35). Die 1953-Vertaling gaan voort met die volgende verse:

> *En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word? Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop.* Handelinge 8:36-38.

Die vraag van die hofdienaar, *"Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?"* (vers 36) word deur Filippus in vers 37 as volg beantwoord:

> *As u glo met u hele hart, is dit geoorloof.*

Moderne vertalings los vers 37 uit en die hofdienaar is sy antwoord ontsê. Dit word in van hierdie vertalings genoem dat sekere manuskripte nie die vers bevat nie, maar as dit so is, dan laat hulle nie reg geskied aan die giastiese struktuur van die gedeelte nie. Die gedeelte is as ’n vraag-antwoord giasme geskryf en die weglating van vers 37 vernietig hierdie literêre struktuur. Die weglating van die teksvers is egter heel gepas vir diegene wat kinderdoop voorstaan, want kinders kan nie aan die voorwaarde om gedoop te word,

naamlik *"glo met (jou) hele hart,"* voldoen nie. Beide kinderdoop en die doop deur die ingieting van water is deur die Rooms-Katolieke Kerk in die kerk ingevoer, maar daar is geen Bybelse ondersteuning daarvoor nie.

## Die Doop Deur die Eeue Heen

Die vele ruïnes van vroeë Christelike kerke is 'n stille getuienis van vroeë doopgebruike in die kerk. Vroeë Bisantynse kerke was toegerus met doopvonte wat ontwerp was vir doop deur middel van onderdompeling, vir beide mans sowel as vroue:

> *Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.* Handeling 8:12.

Jesus is self op 30-jarige leeftyd gedoop toe Hy met Sy bediening begin het (Lukas 3:23) en daardie praktyk van die doop van volwassenes en deur onderdompeling was dus steeds deur die vroeë kerk beoefen. Selfs Rooms-Katolieke bronne bevestig hierdie feit soos gesien kan word uit die geskrifte van Kardinaal Gibbons. Hy verklaar in sy boek *"Faith of our Fathers"*:

> *Vir 'n paar eeue na die vestiging van die Christendom was die doop deur middel van onderdompeling beoefen; maar sedert die twaalfde eeu het die praktyk om deur besprinkeling te doop in die Rooms-Katolieke Kerk posgevat, aangesien hierdie metode minder ongerieflik is as doop deur onderdompeling.* [5]

Dit was eers met die Konsilie van Revenna in 1311 dat die Rooms-Katolieke Kerk besprinkeling as amptelik verklaar het. Dit was toe dat die Grieks-Ortodokse Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk se paadjies geskei het, sodat die Rooms-Katolieke Kerk kon voortgaan met die besprinkeling van suigelinge wat hulle tot vandag toe toepas. Johannes Warns skryf in sy boek oor die doop as volg:

> *Die sogenaamde doopvonte of doopkapelle in die oudste Katolieke Kerke is verdere bewys dat alle kerke*

> *vir eeue doping deur middel van onderdompeling toegepas het. Hulle het groot doopvonte (met trappe wat afgaan) en dikwels ook 'n aparte kamer vir doopklasse... In die Italiaanse geskrif Il Battistero di Parma deur Michaele Lopez word nie minder nie as ses en sestig sulke doopvonte in Italië genoem waarvan die oprigting tussen die vierde en veertiende eeue plaasgevind het.*[6]

Die doop word ook deur die eeue heen in kunswerke uitgebeeld:

> *Die oudste doopafbeelding dateer, moontlik, vanuit die tweede eeu, komend vanaf die mees antieke gedeelte van die onderaardse grafkelders van Sint Callixtus.*[7]

Op die doopvont van Verona is 'n afbeelding van die doop van Christus:

> *Die water van die Jordaan is soos 'n heuwel opgedam en die Verlosser word daarin onderdompel.*[8]

In die doopkapél van Pisa is daar 'n toneel van Jesus in die Jordaan met die water wat tot aan sy nek reik. [9]

Deur die eeue heen is die doop deur onderdompeling deur die verskillende godsdienstige groepe beoefen – Anabaptiste, Mennoniete en uiteindelik ook die groot Baptiste beweging – het die leerstelling van die Bybelse doop versprei.

In 1806 het John Smyth, 'n predikant in die Kerk van Engeland, die kerk verlaat en by die seperatiste aangesluit wat na Holland toe emigreer het om vervolging deur James die Eerste te ontvlug:

> *[Hy] het die eerste kerk gestig wat uit Engelse bestaan het wat bekend was daarvoor dat hulle gestaan het vir die doop vir gelowiges alleenlik.*[10]

Vanuit hierdie nederige begin het die Baptiste beweging regoor die wêreld versprei en een van die magtigste kragte in Protestantisme geword.

## Die Betekenis van die Doop deur Onderdompeling

Benewens dat dit 'n simbool is van 'n mens se gewilligheid om die evangelie van regverdiging en heiligmaking en toegang tot die liggaam van Christus te aanvaar, dra die doop deur onderdompeling diepe geestelike waarhede oor. Paulus se geskrifte brei uit oor hierdie waarhede:

> *... omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.* Kolossense 2:12.

> *Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.* Romeine 6:3-6.

Hierdie verse dui daarop dat die ou lewe van sonde deur die doop begrawe word. Die doopkandidaat moet onder die oppervlak van die water gedompel word ten einde die ou lewe in die watergraf te begrawe:

> *... want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.* Galasiërs 3:27.

Die ander metodes van doop, soos besprinkeling of gieting, beroof die instelling van sy betekenis. Slegs die doop deur onderdompeling kan tereg die dood, begrafnis en opstanding van Christus simboliseer. Die apostel Petrus verbind die doop en verlossing met die volgende woorde:

> *... waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete – deur die opstanding van Jesus Christus.* 1 Petrus 3:21.

Aangesien daar slegs een Bybelse metode van doop beskryf word, moet alle ander vorme van die doop dan te kort skiet, want daar is:

> *... een Here, een geloof, een doop...* Efésiërs 4:5.

## Die Doop en die Gawe van die Heilige Gees

Aangesien die doop ’n mens in ’n verbondsverhouding met God stel, word die beloftes van God op daardie gelowige van toepassing:

> *Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. TOE hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.* Handelinge 2:36-39.

Die belofte van die Heilige Gees vir diegene wat geglo het en gedoop is, word hier aan die hele geestelike Israel gemaak. Aangesien die doop ’n aanvaarding van die vereistes van verlossing behels – gehoorsaamheid aan God – so is die belofte van die Heilige Gees op voorwaarde dat die mens berou het en gehoorsaam is:

> *En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.* Handelinge 2:38-39.

> *En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.* Handelinge 5:32.

> *As julle My liefhet, bewaar my gebooie. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.* Johannes 14:15-17.

> *Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.* 1 Samuel 15:22.

> *Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.* Romeine 6:3-4.

Die doop is dus nie net om die vergifnis van Jesus te aanvaar nie, dit is die aanvaarding van die vernuwende krag van Jesus:

> *... aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.* Romeine 6:6.

> *Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.* Galásiërs 2:20.

Die Heilige Gees het twee funksies in die lewe van die gelowige:

1) Om die karakter te vorm en die lewe terug te bring in harmonie met God.
2) Om die gelowige vir diens toe te rus.

Die ou natuur moet sterf en die nuwe natuur wat vrugte van geregtigheid dra, moet aangetrek word. In Galasiërs hoofstuk 5 vergelyk Paulus die

vrugte van die vlees met die vrug van die Gees. Die nuwe mens is geheel en al hervorm deur die werking van die Gees:

> *... want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.* Galásiërs 5:17.

Die dade van die sondige natuur:

> *En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.* Galásiërs 5:19-21.

> *Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.* Galásiërs 5:22.

Die doop is die teken van die kruisiging van die ou mens en as sodanig word die sondige natuur dan ook in die waters van die doop begrawe:

> *Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.* Galásiers 5:24-26.

> *... aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.* Romeine 6:6-7.

> *... nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees.* Titus 3:5.

Toerusting vir diens word eerstens verkry by wyse van instruksie deur die Gees van die waarheid (Johannes 14:17) wat ons sal herinner aan dit wat ons geleer het aangaande die Woord van God (Johannes 14:26). Dan sal Hy die gelowige toerus met gawes vir diens ten einde die werk uit te brei en die evangelie te versprei. Hierdie gawes word in Romeine 12:6-8; 1 Korinthiërs 12:8-11, 28, 31 en Efésiërs 4:11-12 genoem.

Die belofte van vernuwing herstel ons dus in totaliteit en maak ons weer eens kinders van God en medewerkers saam met Hom:

> *Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.*
> 1 Johannes 3:1-3.

In hierdie laaste dae roep God 'n volk uit Babilon uit om in die bres te staan en die muur te help herbou. Die herstel van die waarheid soos dit in Jesus te vinde is, benodig arbeiders saam met God wat hul plek in die wingerd sal vol staan en sal help met die inbring van die oes.

> *Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.* Matthéüs 9:37-38.

Aanvaarding van die waarheid is nie passief nie. Dit vereis die inneem van 'n standpunt en daar is 'n kruis by betrokke. Om Jesus waarlik na te volg, was nog nooit gewild nie; dit het nog altyd die opneem van 'n mens se kruis geverg. Bowendien veroorsaak die waarheid verdeeldheid, maar dit behoort 'n mens nie te weerhou om dit na te volg nie:

> *En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.* Matthéüs 10:38.

> *Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Want Ek het gekom om tweedrag*

*te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees. Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.* Matthéüs 10:34-37.

*En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.* Handelinge 22:16.

## VERWYSINGS

[1] *Works of Martin Luther*, Vol. 2, p. 226.
[2] John Calvin, *Institutes of the Christian Religion*, Boek 4, Hoofstuk 15, deel 9, Vol. 2, p. 434.
[3] J. H. Blunt, *Dictionary of Sects, Heresies, Ecclesiastical Parties and Schools of Religious Thought*, p. 320.
[4] *History of Romanism*, p. 510.
[5] Cardinal James Gibbons, *Faith of our Fathers*, 76ste uitgawe, p. 266.
[6] Johannes Warns, *Baptism*, pp. 327-328.
[7] Philip Schaff, *Teaching of the Twelve Apostles*, p. 36.
[8] Wolfred N. Cote, *The Archaeology of Baptism*, p. 195.
[9] Martiru, *Theatrum Basilicae Pisanae*, Appendix, aangehaal in Cote, p. 203.
[10] Henry C. Vedder, *Short History of the Baptists.*

# Waarheid Geregverdig

# 17

# DIE KOMENDE KLIMAKS VAN DIE EEUE

### *Die Finale Konflik*

Alles is klaargemaak; die laaste gebeure wat op aarde moet plaasvind, is op die punt om los te bars. Terwyl die mense hulself in konfederasies saambind, word die laaste waarskuwingsboodskap oor die aarde uitgedra. Binnekort sal die "Drie-engele Boodskappe" hul werk voltooi het en in sy pogings om wêreldwye eerbetoning te bekom, sal Satan die aardse magte aanspoor om die pouslike teken van trou aan te neem en die Sabbat-Sondagkwessie sal ten volle aan die mensdom geopenbaar word. 'n Keuse sal uitgeoefen moet word, aanbid óf vir God op Sy voorwaardes, óf aanbid vir Satan op sý voorwaardes. Daar sal geen kompromie wees nie. Soos die konflik eskaleer en Sondagwette gepromulgeer word onder aanhitsing van die Valse Profeet, sal die waarskuwingsboodskap in dringendheid toeneem en verander in 'n kragtige geroep soos in Openbaring 18 uitgebeeld deur 'n ander engel wat die boodskap van Babilon se val herhaal. Die finale boodskap van waarskuwing verleen ook gesag aan die verkondiging van die derde engel se boodskap, aangesien dit ook waarsku teen die aanvaarding van die merkteken van die dier:

> *En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.* Openbaring 18:1-4.

Hierdie is die finale waarskuwing en die keuse wat ons maak, sal bepaal of ons die merk van die dier of die seël van God ontvang. Watter wetgewer voer die oppergesag in ons lewens? Wanneer die mensdom sy keuse gemaak het, dan sal die genadedeur gesluit wees en die volgende plegtige verklaring sal in die hemel gemaak word:

> *Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.*
> Openbaring 22:11-12.

Die genadedeur is gesluit; daar is geen kans vir omdraai nie. Soos in die tyd van Noag is die deur van die ark toegesluit en die genadedeur is vir die antediluviale gesluit; tog het hulle dit nie geweet nie. Vir 'n week lank het die ark op droë grond gestaan terwyl die mense gespot het, onwetend dat hulle geoordeel en te lig bevind is. Toe begin die vloedwaters uit die hemel neerstort.

God is lankmoedig teenoor die mensdom se ongeregtigheid, maar die tyd van Sy verdraagsaamheid sal binnekort tot 'n einde kom. Ons leef tans in die tyd van die antitipiese Versoendag, maar hierdie ondersoekende oordeel sal eindig en Jesus sal nie langer die Middelaar wees nie. Hy sal Hom met Sy koninklike kleed beklee en die uitvoerende oordeel sal 'n aanvang neem.

## Die Sewe Laaste Plae

Die tipologiese gebeure wat in die Ou Testament uitgebeeld word, kan ons baie oor die toekoms leer. God se karakter het nie verander nie en by Hom is daar geen skaduwee van omkering nie. God is altyd konsekwent in sy optrede ten opsigte van sonde en afvalligheid. Alhoewel Hy lankmoedig is en dit nie Sy begeerte is dat enigiemand verlore moet gaan nie, het Sy verdraagsaamheid perke en daar kom ’n tyd wanneer Hy sal optree. Toe al God se pleidooie om bekering op dowe ore geval het en afvalligheid ’n wêreldwye verskynsel geword het, het Hy die antediluviane deur middel van vloedwaters, en Sodom en Gomorra deur middel van vuur vernietig. Hierdie gebeure dien as voorbeelde vir diegene wat aan die einde van tyd leef. Daar is nie plek vir “tweede-kans”-leringe nie en as ons konsekwent wil wees, dan moet ons verwag dat God op dieselfde besliste wyse teen die wêreldwye afvalligheid sal optree soos wat Hy in die verlede opgetree het.

Die gebeure wat lei tot die finale afvalligheid in die groot konflik tussen Christus en Satan word voorafgeskadu deur die gebeure wat in Egipte plaasgevind het tydens die uittog. Egipte is ’n tipe van die wêreld wat in opposisie tot God staan en die Israeliete is ’n tipe van die kinders van God wat vanuit die wêreld verlos sal word en na die hemelse Kanaän geneem sal word.

In Eksodus 5 word die finale gebeure wat gelei het tot die uittog helder uitgebeeld. Moses het Sabbatshervorming vir die Israeliete ingestel en Farao het ’n dekreet uitgevaardig wat dit vir hulle onmoontlik sou maak om die Sabbat volgens die gebod te onderhou:

> *Verder het Farao gesê: Kyk, die volk van die land is alreeds baie; en julle wil hulle laat ophou met hulle werk?* Exodus 5:5.

Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word vir “*ophou met ... werk”* is “*Shâbath*” wat beteken om die Sabbat te onderhou. In sy reaksie het Farao die werkslading van die Israeliete verhoog en ’n wet uitgevaardig wat dit vir die Israeliete onmoontlik gemaak het om die Sabbat te onderhou. Hierdie wet het die lot van Egipte verseël omdat dit direk teenstrydig was met God se wet. Gevolglik het die plae gevolg en Israel is uit die slawerny bevry en na die Beloofde Land geneem. Hierdie gebeure dien as tipe van die finale verlossing van God se kinders onder soortgelyke omstandighede. Die Merk van die Dier sal afgedwing word wat dit vir die kinders van God onmoontlik sal maak om die Sabbat van die Tien Gebooie te onderhou. Die genadedeur word gesluit en die sewe laaste plae word uitgestort:

> *En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig.*
> Openbaring 15:1.

Jesus het Sy werk van bemiddeling afgesluit en Johannes sien die hemelse tempel vul met rook, die hemelse tempeldiens eindig en die genadedeur sluit:

> *En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.* Openbaring 15:8.

Hierdie gebeure vind plaas in die hemel vóór die wederkoms van Christus. Die volgende gebeurtenis is die plae wat uitgestort word:

> *En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.*
> Openbaring 16:1-2.

## Die Eerste Plaag

Die eerste plaag val slegs op diegene wat die merk van die dier aangeneem het. God se kinders ontvang Goddelike beskerming. In Egipte het God onderskeid getref tussen die Egiptenare en die Israeliete. Voordat Jerusalem en die tempel vernietig is, het God Sy kinders oor die komende vernietiging gewaarsku. Hy het hulle na die profesieë van Daniël verwys en hulle aangemoedig om dit te bestudeer en te verstaan. Diegene wat na Sy raad geluister het, het met hul lewens ontvlug, maar diegene wat dit nie gedoen het nie, het omgekom. Hulle het die gevolge van hul keuse gedra. God het lank gepleit en dit was met 'n seer hart dat Hy hulle aan hul lot oorgelaat het.

Net soos Farao nie toegegee het toe die plae uitgestort is nie, so sal ook die onboetvaardiges aan die einde van tyd nie ophou met hul pogings

om God se kinders te vernietig nie. Die krisis sal eskaleer totdat dit op ‘n doodsdekreet uitloop teen diegene wat weier om die pouslike Sabbat te vereer. Die beloftes van God staan egter vas:

> *Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, Here, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.* Psalm 91:5-11.

Wat ’n gerusstellende gedagte. Engele van God sal diegene wat Sy seël het, beskerm.

## Die Tweede Plaag

> *En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van ’n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe.* Openbaring 16:3.

Is ons dalk tans besig om ’n voorsmakie te kry van hoe hierdie plaag werklik gaan wees? Ons voel reeds die nagevolge van die mens se onoordeelkundige wegsmyt van toksiese afval in die brose marine en varswater sisteme van die wêreld. Alge-groei in beide die marine en riviersisteme raak al hoe meer algemeen en sommige hiervan veroorsaak verstommend soortgelyke effekte soos wat in die Bybel beskryf word. Bloedrooi bloeisels van alge en mikro-organismes veroorsaak die dood van miljoene waterdiere aangesien hulle van suurstof beroof word. Die alge en die dooie organismes verrot dan en vorm ’n bloedagtige slyk.

## Die Derde Plaag

> *En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: "Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele."*
> Openbaring 16:4-7.

Terwyl diegene wat God teenstaan, voortgaan in hul vasberadenheid om die bloed van God se kinders te vergiet, verander die waters in bloed, maar God se belofte aan Sy kinders bly staan:

> *... sy brood word hom gegee, sy water is gewis.*
> Jesaja 33:16.

Net soos wat daar vir Elia in die tyd van sy nood gesorg is, so sal God na Sy kinders omsien in die tyd van hulle nood. Die profeet Elia dien as tipe van die eindtyd kinders van God. Elia het nie die dood ervaar nie, maar was weggevoer en na die hemel toe geneem. Soortgelyk sal diegene wat die seël van God ontvang het ook met die wederkoms weggevoer en na die hemel geneem word. Net soos Elia deur die kerk-staat-alliansie van sy tyd vervolg is, so sal God se kinders aan die einde van tyd vervolg word. God het in Elia se behoeftes voorsien en Hy sal ook in die behoeftes van die getroue gelowiges voorsien aan die einde van hierdie groot drama van rebellie teen Sy regering.

## Die Vierde Plaag

> *En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.* Openbaring 16:8-9.

Die vierde plaag betrek die son. Die aarde sal nie net droogte ondervind nie, maar die son se uitstraling sal so intens wees dat dit die mense sal verskroei. Net soos in die geval van die waterrampe wat deur die vorige plae meegebring is, het ons vandag ook aanduidings van hoe hierdie plaag die mensdom sal affekteer. Met die vernietiging van die osoon-laag het ultraviolet-uitstraling dramaties toegeneem en sommige lande het voorgeskrewe kleredrag vir skoolkinders ingestel om blootstelling te verminder. Kweekhuis-gasse veroorsaak aardverwarming en weerpatrone het drasties verander oor die afgelope dekades. Veranderende weerpatrone het tot gevolg dat ongekende droogtes in sommige gebiede ondervind word en massiewe oorstromings in ander. Die droogtes, wat dikwels met die *El Ninõ*-effek verbind word, het ook hul tol geëis in terme van verwoestende brande wat al miljoene hektare woud en weiding vernietig het. Wat ons vandag sien, is slegs 'n voorsmaak van erger dinge wat nog kom. Die profeet Joël het hierdie plaag gesien en het die volgende te sê gehad:

> *Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie; ook die troppe kleinvee moet boet. Tot U, o HERE, roep ek, want 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer, en 'n vlam het al die bome van die veld aan die brand gesteek.* Joël 1:18-19.

Op dieselfde wyse dat God onderskeid getref het tussen die Egiptenare en Israeliete, sal God se kinders ook teen hierdie plaag beskerm word:

> *Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie.* Psalm 121:6.

God het die Israeliete bedags teen die hitte beskerm deurdat Hy 'n wolkkolom vir hulle was, en snags teen die koue was Hy 'n vuurkolom.

## Die Vyfde Plaag

> *En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die*

> *hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.*
> Openbaring 16:10-11.

Hierdie plaag tref in besonder die troon van die dier. Die pousdom het die wêreld se mense in die duister gehou en duisternis is derhalwe hul deel. Met die tong het hulle die nasies mislei en nou kou hulle hul tong van die pyn.

Lig straal vanuit God en in Hom is daar geen duisternis nie. Hulle het Jesus, die lig van die wêreld, met hul eie sisteme vervang. Hulle het Sy rol as middelaar geminag, Hom herhaaldelik tydens die mis/nagmaal gekruisig, en in plaas van die Woord, het hulle die mensdom gevoed met liturgieë en die gebooie van mense:

> *En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.* 1 Johannes 1:5.

Die Woord van God wat weerhou en verdraai is deur die pousdom, kon hul sondekwaal genees het as hulle net gewillig was om te luister:

> *Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.* Psalm 119:130.

Rome het met die wet van God gepeuter en het die instellings van God verander:

> *Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.* Jesaja 24:5.

> *As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die Here, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd.*
> Jeremia 31:36.

God verander nie. By Hom is daar geen skaduwee van omkering nie.

> *Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.* Jakobus 1:17.

Die vyfde plaag bring ’n draaipunt teweeg. Die aardbewoners, wat alreeds steier as gevolg van die effekte van die vorige plae, is nou ooggetuies van die lyding van die dier (die pouslike stelsel) en begin aan haar geloofwaardigheid te twyfel. Net soos die ondersteuning vir die Farao se hardkoppige weiering om Israel te laat gaan, afgeneem het toe die plae oor Egipte uitgestort is (Exodus 10), net so begin die ondersteuning vir die pouslike stelsel ook af te neem, en dit baan die weg vir die uitstorting van die sesde plaag.

## Die Sesde Plaag

> *En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word.* Openbaring 16:12.

Twee kwessies kom hier na vore – die Eufraatrivier droog op en dit berei die weg vir die konings van die Ooste. Die Eufraat was die rivier wat Babilon gevoed het, en ons word hier teruggevoer na die val van hierdie antieke stad, toe die rivier opgedroog het om die weg vir die oorwinnaars voor te berei. Eenhonderd en vyftig jaar voordat die veroweraar van Babilon gebore is, het die profeet Jesaja sy naam genoem:

> *So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie: Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koper deure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan.* Jesaja 45:1-2.

Hierdie is ’n verstommende profesie. Omsigtige studie openbaar dat Kores hier ’n tipe van Christus is wat eendag sal kom om Sy kinders te red uit die mistieke Babilon en hulle sal neem na die hemelse Jerusalem:

> *... wat vir die diepte sê: Verdroog! en jou riviere sal Ek laat verdroog; wat van Kores sê: Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word.* Jesaja 44:27-28.

Jesaja 44:27 sê dat God self die waters van die Eufraatrivier sal opdroog en dit sal die weg baan vir Kores om die stad binne te gaan. Die geskiedenis onthul dat Kores die Grote Babilon in 539 v.C. verower het omdat die waters van die Eufraatrivier opgehou vloei het. Kores word ’n herder genoem en in Jesaja 45:1 word daar na hom verwys as die gesalfde van die HERE. Kores het Israel sonder prys vrygelaat en Jesus sal ook Sy gevangenes sonder prys vrylaat.

Net soos wat die water van letterlike Babilon opgedroog het, so moet die waters van geestelike Babilon opdroog. Die waters volgens Openbaring 17 is die nasies wat Rome ondersteun – so die ondersteuningsbasis vir haar standpunt begin verkrummel:

> *En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.*
> Openbaring 17:15.

## *Wie was die konings van die Ooste wat Babilon in 539 v.C. verower het toe die Eufraatrivier se waters opgedroog het?*

Hulle was Kores en Darius, sy skoonvader, ’n tipe van vader en seun. Wie is die konings wat tot ons redding sal kom wanneer die antitipiese Eufraat opdroog en die mensdom se steun vir mistieke Babilon onttrek word? As Kores ’n tipe was van Christus, dan moet die antitipiese konings van die Ooste, God die Vader en God die Seun wees tydens die wederkoms van Jesus Christus. Die profete Jesaja en Esegiël praat van hierdie verstommende gebeurtenis:

> *Luister in stilte na My, o eilande, en laat die volke nuwe krag kry; laat hulle aankom, laat hulle dan spreek; laat ons saam na die gereg gaan. Wie het hom uit die Ooste verwek vir wie die oorwinning tegemoet tree by elke voetstap? Wie gee nasies aan hom oor en*

*laat hom konings vertrap, wie se swaard hulle maak soos stof, wie se boog hulle maak soos 'n dwarrelende stoppel…* Jesaja 41:1-2.

*Toe het hy my gelei na die poort, die poort wat na die ooste kyk. En kyk, die heerlikheid van die God van Israel het van die oostekant af gekom; en die geruis daarvan was soos die geruis van baie waters, en die aarde het geglans van sy heerlikheid.* Esegiël 43:1-2.

Jesus sal kom in Sy heerlikheid, met die heerlikheid van Sy Vader en die heerlikheid van al die heilige engele:

*Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.* Markus 8:38.

## *Wat is die finale gebeurtenis net voor die koms van Christus?*

Aangepor deur die afnemende ondersteuning, gebruik Satan sy gesag om die magte van Babilon te versamel en in 'n finale poging stuur hy sy bose engele uit om die wêreld te oortuig dat die probleem by diegene lê wat die gebooie van God onderhou en wat weier om die pouslike Sondag te aanvaar. Nadat Johannes die waters van die Eufraat sien opdroog het, sien hy:

*En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon.* Openbaring 16:13-16.

In hierdie finale konflik, verenig die magte van Babilon. In die hoofstuk *Die Wyn van Babilon* verteenwoordig die draak spiritisme, die dier verteenwoordig Katolisisme en die valse profeet verteenwoordig afvallige Protestantisme. Hierdie trio verteenwoordig ook die valse vader, seun en "heilige gees." Die draak boots die Vader na, want hy verleen ook gesag, mag en 'n troon aan iemand anders, in hierdie geval die dier. Die dier, wat die pousdom is, boots vir Christus na, aangesien hy ook 'n dodelike wond ontvang en 'n opstanding ondergaan het. Die valse profeet is die lam-agtige dier, Protestantse Amerika, van Openbaring 13 (sien Hoofstuk 7, *Twee Diere Raak Bevriend*) wat die wêreld mislei met vreemde vuur, want hy veroorsaak dat vuur uit die hemel neerdaal. Met ander woorde, hy boots Pinkster na en veroorsaak 'n uitstorting van 'n valse "heilige gees."

God, soos in die verlede, tree in vir Sy kinders in die tyd van hul nood. Wanneer God se kinders vervolg word, kom dit neer op oorlogvoering teen God. 'n Voorbeeld hiervan word weergee in die verslag oor Paulus se bekering. In Handelinge lees ons dat Jesus aan Paulus sê dat hy vir Hom (Jesus) vervolg terwyl Paulus in werklikheid die Christene vervolg het:

> *... en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? En hy sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.* Handeling 9:4-5.

Aangesien Openbaring 13 onthul dat 'n doodsdekreet uiteindelik uitgevaardig sal word teen almal wat nie die beeld van die dier aanbid nie (alliansie van kerk en staat van Protestantse Amerika) en wat weier om die merk van die dier te aanvaar, het hierdie finale gebeurtenis die slag van Armageddon tot gevolg:

> *En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.* Openbaring 13:15.

Armageddon word 'n plek genoem:

> *En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon.* Openbaring 16:16.

Die politieke magte van die aarde voeg hul wetgewende gesag by die misleidende mag van Babilon en voer oorlog teen God deur die vervolging van Sy kinders. In hierdie uiterste nood, tree Christus tussenbeide om die goddeloses te oordeel en te straf:

> *Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.* Judas 14-15.

Die term Armageddon beteken letterlik "berg van Megiddo." Dit is hier waar God vir Israel geveg en hul vyande oorwin het. As jy oor die vallei van Megiddo uitkyk, is die enigste berg wat jy kan sien, die berg Karmel, en dit is hier waar Elía die profete van Baäl verslaan het. Dit is dus paslik dat die finale slag ook sal plaasvind as gevolg van 'n keuse betreffende wie om te dien. Die tipe gee dus inligting aangaande die antitipe. Die finale slag sal nie by die letterlike Megiddo plaasvind nie, maar die vervulling sal soortgelyk wees aan dit wat in die verlede gebeur het. Die Griekse woord vir "plek" is *"topos"* en *"topos"* het 'n letterlike sowel as metaforiese betekenis. Die metaforiese betekenis is gemoedstoestand. Satan sal 'n gemoedstoestand by die wêreld se mense skep wat hulle sal verplig om die doodstraf te soek vir diegene wat weier om hul voorskrifte te aanvaar. Dit sal erge leed veroorsaak en daar sal 'n tyd van benoudheid wees soos nog nooit vantevore nie, maar dan sal Christus optree:

> *En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.* Daniël 12:1.

Ander Bybelverse beskryf ook die slag van Armageddon, maar gebruik ander terminologie. Joël noem dit die dal van Jósafat, terwyl Sagaria verklaar dat al die volke by Jerusalem byeen sal wees, wat beteken dat hulle teen God se kinders sal veg:

> *Ek sal die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek...* Joël 3:2.

> *Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem...* Sagaria 14:2.

## *Hoe sal hierdie stryd gevoer word en wanneer presies?*

Laat ons eerstens na die tyd kyk. Niemand ken die tyd of die uur van Christus se wederkoms nie:

> *Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.* Matthéüs 25:13.

Nietemin, die Bybel verklaar wel dat hierdie gebeurtenis om middernag sal plaasvind. Dit kan ook die finale oomblik beteken. Maar uitgevaardigde wette van regerings tree gewoonlik om middernag in werking en wêreldwye dekrete tree in werking om middernag by spesifieke breedtegrade, byvoorbeeld, die Verenigde Nasies se dekreet teen Irak het in werking getree om "middernag oostelike standaardtyd." 'n Wêreldwye dekreet wat die Merk van die Dier gaan afdwing, kan dus ook onder dieselfde omstandighede in werking tree. Aangesien ons geen spesifieke tyd kan bepaal nie, sê dit slegs vir ons dat ingryping sal plaasvind op die finale oomblik wanneer die dekreet op die punt is om in werking te tree. Ons het dieselfde in tipe (Egipte) en in die antitipe:

> *En middernag het die HERE al die eersgeborenes in Egipteland getref...* Exodus 12:29.

> *In 'n oomblik sterf hulle, en in die middel van die nag word 'n volk in beroering gebring en hulle gaan onder, en die magtige word weggedryf– nie deur 'n hand nie.* Job 34:20.

> *En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!* Matthéüs 25:6.

## Die Sewende Plaag

Die vraag met betrekking tot hoe die slag sal plaasvind, word deur die sewende plaag beantwoord:

> *En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie – so 'n geweldige groot aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van Sy toorn. En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.* Openbaring 16:17-21.

Die finale plaag van hael vernietig die nasies van die aarde. Babilon disintegreer en val uitmekaar in haar drie komponente en dan kom die grootste aardbewing wat nog ooit die planeet getref het en wis die laaste spoor van lewe op die aarde uit. Groot stukke hael wat ongeveer 50 kilogram elk weeg, beëindig die rebellie. Te midde van die verwarring word Christus se kinders weggeneem soos ons later sal sien. In die boek van Job het ons 'n verwysing na hierdie hael-verskrikking:

> *Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien, wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?* Job 38:22-23.

Christus is die oorwinnaar in hierdie konflik:

> *Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog*

> *in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HERE.*
> Openbaring 19:11-21.

Die verlostes sal juig van blydskap, hulle stryd is beëindig en hulle word weggevoer na die hemelse Kanaän:

> *En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp.* Jesaja 25:9.

## Die Wederkoms van Christus

Die tema van die Bybel is Christus en Sy koninkryk. Sonde en die dood sal nie vir ewig heers nie, maar die dag sal aanbreek dat Christus Sy vyande sal oorwin en 'n einde aan Satan se heerskappy sal maak. Christus se koninkryk behoort die tema van ons oordenking en gebede te wees, en dit is dan ook die eerste versoek in die gebed van die Here:

> "*Laat U koninkryk kom …*" Matthéüs 6:10.

Die groot en deurlugtige dag van die Here was nog deur al die eeue heen die groot hoop van God se kinders, maar dis ook 'n tema wat verkeerd verstaan en vertolk is. Baie het gehoop op 'n wêreldlike Messias om hulle uit hul huidige omstandighede te red, terwyl ander weer leerstellings van eksklusiwiteit ontwikkel het en daarop aanspraak gemaak het dat verlossing

en Messiaanse openbaring net vir hulle is. Vir sulke groepe was die nederigheid en die bediening van Jesus Christus terwyl Hy op die aarde gewandel het, minder aantreklik en hulle was op soek na ’n ander Verlosser wat sou inpas by hulle mistastings. Aan húlle het Jesus gesê:

> *Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.* Johannes 5:39.

God het ons nie wees gelaat nie. Hy het beide Homself en die hemelse reddingsplan deur Sy diensknegte, die profete, aan ons geopenbaar:

> *Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.* Amos 3:7.

God se ingryping in die sake van die mensdom was nie arbitrêr nie, maar is so ontwerp om die mens deur genade te red terwyl daar aan die vereistes van die Wet voldoen word. Oortreding van die Wet het geregtigheid vereis en die loon van die oortreding was die dood. Toe Adam en Eva gesondig het, het God die Verlosser belowe:

> *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.* Génesis 3:15.

In hierdie profesie stel die vrou die kerk voor (God se kinders deur die eeue heen). Die saad van die slang is al die afvalliges deur die eeue heen, terwyl die Saad van die vrou die Messias is wat die slang se kop sou vermorsel. Hy sou self ook deur die slang in die hakskeen gebyt word. Die twee geslagsregisters van Jesus soos in die Skrif weergegee, toon aan Sy herkoms vanaf Adam, deur Abraham tot by Josef en Maria (Matthéüs 1:1-16; Lukas 3:23-38). In Openbaring 12 is die vrou wat geboorte skenk aan ’n manlike kind ’n verwysing na die kerk (sien, *“The battle of the Giants”*) en die “Saad” is ’n verwysing na Christus (Galásiërs 3:16).

Tydens Sy eerste koms het Jesus gekom om die prys vir die sonde te betaal. Hy het om ons onthalwe sonde geword (2 Korinthiërs 5: 21):

> *Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*
> Jesaja 53:5.

Daar is aan die eise van geregtigheid voldoen en genade kon meer oorvloedig word. In Christus is ons met God versoen (Romeine 5:10; 2 Korinthiërs 5:18; Kolossense 1:21-22). Dit was die doel van die eerste koms van Christus. Satan is oorwin, maar nie van kant gemaak nie. Die sonde en die dood is oorwin, maar nie uitgewis nie. Jesus het belowe om na die aarde toe terug te keer ten einde die verlostes saam met Hom te neem na die wonings wat Hy vir hulle voorberei het:

> *In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*
> Johannes 14:2-3.

Dit is die groot belofte van die Here se wederkoms in heerlikheid. Maar nie eens hierdie belofte behels die finale oprigting van die Here se koninkryk nie. Wat hier belowe word, is dat die Here weer sal kom om die verlostes te kom haal en om hulle te neem na die plek wat Hy vir hulle voorberei het:

> *... kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.* Johannes 14:3.

| | **Matthéüs** | **Markus** | **Lukas** |
|---|---|---|---|
| 1. Oorlog en benoudheid van nasies | 24:7 | 13:8 | 21:9-10 |
| 2. Aardbewings | 24:7 | 13:8 | 21:9-11 |
| 3. Soos in die dae van Noag | 24:37-39 | – | – |
| 4. Evangelie wêreldwyd verkondig | 24:14 | *13:10 | – |
| 5. Verdrukking | 24:21 | 13:24 | – |
| 6. Valse christusse | 24:4-5, 23-24 | 13:22 | 21:8 |
| 7. Tekens in son, maan en sterre | 24:29 | 13:24-25 | 21:25-26<br>Jes. 13:10 |
| | | *(Sien *'n Klip om jou Hoof op te Laat Rus)* | |

*Diagram 17.1*

Die verlostes word hemel toe geneem met die wederkoms van die HERE. En tog, die Bybel leer duidelik van 'n aardse koninkryk. Dit is die aarde wat die uiteindelike woning van die verlostes sal wees (Matthéüs 5:5; 2 Petrus 3:13; Openbaring 5:10, 21:1-3) en God self sal die nuwe aarde Sy woning maak (Openbaring 21:3).

Dis duidelik dat daar dus meer as een koms van Christus na hierdie aarde toe moet wees en 'n noukeurige ontleding is derhalwe nodig ten einde hulle van mekaar uit te ken in die Skrif. Die Bybel praat inderwaarheid van vier keer wat Christus sal kom – elke keer op 'n ander sending:

1) Die koms van Christus as 'n baba.
2) Die koms van Christus na die Oue van Dae (Daniël 7:13).
3) Die koms van Christus in heerlikheid tesame met al Sy heilige engele om die verlostes hemel toe te neem.
4) Die koms van Christus om Sy koninkryk op die aarde op te stel.

Die koms van Christus as ’n baba word behandel (in Hoofstuk 1 *Jesus – Maar nog net ’n Man?*) en die opstel van die koninkryk sal (in Hoofstuk 18, *Die Langverwagte Millennium van Vrede*) behandel word. Die koms van Christus na die Oue van Dae en Sy koms in heerlikheid verwys nie na dieselfde gebeurtenis nie. Daar is ook baie verwarring met betrekking tot hierdie gebeure en verskillende sienings heers vandag in die Christelike wêreld aangaande beide hierdie kwessies en hoe die teksverse interpreteer moet word. Die koms van Christus na die Oue van Dae is ’n gebeurtenis wat in die hemel plaasvind net voor Sy wederkoms. Terwyl hierdie pre-advent oordeelstoneel plaasvind, sien en hoor die profeet Daniël hoe die klein horing teen God laster; dus kon die wederkoms van Christus toe nog nie plaasgevind het nie (sien Hoofstuk 4, *Die Man agter die Masker*).

## Tekens van Sy Koms

Die Skrif getuig van gebeure wat moet plaasvind net voor die wederkoms van Christus. Daar sal tekens op aarde wees, benoudheid onder die nasies en beroering in die sosiale strukture van gemeenskappe. Volgens Matthéüs 24 beeld Jesus die gebeure uit wat sal afspeel met die vernietiging van Jerusalem en so ook die vernietiging van die wêreld aan die einde van tyd. Hierdie redevoering word ook in Markus 13 en Lukas 21 weergegee. ’n Opsomming van hierdie gebeure soos in die evangelies beskryf, kan gevind word in diagram 17.1.

Daar kan geredeneer word dat baie van die gebeure wat in hierdie hoofstukke uitgebeeld word nog altyd op die aarde plaasgevind het, maar nog nooit was daar ’n tyd dat al hierdie gebeure gelyktydig op verskillende plekke waarneembaar was nie:

> *Naby is die groot dag van die HERE, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die HERE! Bitterlik skreeu die held daar. Dié dag is ‘n dag van grimmigheid, ‘n dag van benoudheid en angs, ‘n dag van woestheid en verwoesting, ‘n dag van duisternis en donkerheid, ‘n dag van wolke en wolkenag.* Sefánja 1:14-15.

> *En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en*

> *mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.* Lukas 21:25-26.

Die gebeure wat hier uitgebeeld word, verwys na die donker dag en die sterrereën wat die groot Adventbeweging ingelui het. Na die verdrukking tydens die 1260 jaar van die pouslike onderdrukking van die waarheid, het New England die bekende Donker Dag van 19 Mei 1780 ondervind wat gevolg is deur tekens in die maan. Die sterre wat geval het (Openbaring 6:13), word vereenselwig met die groot sterrereën van 13 November 1833 toe 200 000 meteoriete per uur geval het. Hierdie tekens is deur die volgelinge van Miller gesien as vervullings van hierdie profesieë. Die parallelle teks kan in Openbaring 6 gevind word:

> *En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval.*
> Openbaring 6: 12-13.

Die geskiedenis het hierdie gebeure soos volg opgeteken:

> *Die donker dag van New England, so bekend aan oud en jonk, het op 19 Mei 1780 plaasgevind ... Ongeveer 11 uur het dit begin donker word, asof dit begin nag word. Mense het ophou werk; die bulkende beeste het kraal toe gestap; die blêrende skape het by die heinings bymekaargekom; die wilde voëls het geskreeu en na hul neste toe gevlieg; die hoenders het op hul stellasies geklim ... die hele nag was dit stikdonker sodat 'n mens nie jou hand voor jou oë kon sien nie, nie eens 'n vel wit papier nie.* "History of Weare, New Hampshire, 1735 – 1888." (Boston Public Library.)

> *Die hele tyd het 'n sieklike melancholiese gloed die natuur oorskadu; nog was die donkerte van die nag minder ongewoon en vreesaanjaend as dié van die*

> *dag; nieteenstaande dat daar byna 'n volmaan was, was geen voorwerp uitkenbaar nie, behalwe met die hulp van kunsmatige lig wat, wanneer dit van naburige huise en ander plekke op 'n afstand beskou word, sigbaar was deur 'n soort van Egiptiese donkerte, wat voorgekom het asof dit ondeurdringbaar was vir die ligstrale.* "The Independent Chronicle (Boston)", 8 Junie 1780, p. 4.

Herschel, die bekende astronoom erken vrylik:

> *Die Donker Dag van 19 Mei 1780 is een van daardie wonderlike seldsame gebeurtenisse van die natuur wat altyd interessant gevind sal word, maar wat die filosofie hoegenaamd nie sal kan verduidelik nie.*

Jesus het ook voorspel dat die spanning tussen die nasies sal toeneem net voor Sy wederkoms:

> *Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.* Matthéüs 24:7.

Die Griekse woord vir *"nasie"* wat hier gebruik word, is *"ethnos"* vanwaar ons die term *etniese groep* vandaan kry. Dis tragies dat wanneer ons vandag na die nasies van die wêreld kyk, daar sprake van vrede mag wees, maar etniese geweld en selfs etniese suiwering is algemeen.

In die ekonomiese wêreld val die waarde van kommoditeite, en die onderskeid tussen die rykes en die armes word al groter. Ekonomiese ellende en arbeidsonrus word vir die laaste dae voorspel:

> *Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae. Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskare.* Jakobus 5:3-4.

Valse godsdienste en valse christusse sal hul aansprake maak net voor die wederkoms van Jesus:

> *Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.*
> Matthéüs 24:24.

By die afsluiting van die twintigste eeu was daar 'n herlewing onder vals christusse. Die sogenaamde Heer Maitreya het sy verskyning gemaak en verklarings uitgereik wat lynreg in stryd met die Skrif is, maar die godsdienste van die wêreld verwag een net soos hy:

> ***Al die groot godsdienste** maak aanspraak op die idee van 'n verdere openbaring wat deur 'n toekomstige Leraar gegee sal word. Christene hoop op die wederkoms van die Christus, die Boeddhiste kyk uit vir die koms van 'n ander Boeddha (die Heer Maitreya), terwyl die Moslems die Imam Mahdi afwag, die Hindoes 'n reïnkarnasie van Krisjna, en die Jode die Messias.* (Share International) (Klem bygevoeg).

Verskeie addisionele tekens van die nabye koms van Christus word in die Skrif weergee wat bevestig dat die tyd naby is. Hierdie sluit in:

- 'n Toename in kennis – *Daniël 12:4.*
- 'n Toename in demoniese aktiwiteite – *Openbaring 16:13-14; 1 Timótheüs 4:1-7.*
- 'n Toename in ongeregtigheid – *2 Timótheüs 3:1-7.*
- Afvalligheid van die waarheid – *2 Timótheüs 4:3-4.*
- Opkoms van vals leringe (evolusie) – *2 Petrus 3:3-7.*
- 'n Toename in verkeer (moderne vervoer) – *Nahum 2:4.*

Van al hierdie tekens is die een met die grootste finaliteit die volgende:

> *En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.* Matthéüs 24:14.

Ons word vermaan om die tekens te bestudeer en om aandag daaraan te skenk (Matthéüs 24:32-35). Tog mag ons nie tot die slotsom kom dat ons die dag of die uur van Sy wederkoms uit hierdie gebeure kan aflei nie (Matthéüs 24:36). As ons die aard en die doel van die wederkoms van Jesus Christus bestudeer, dan het niemand nodig om mislei te word nie. Tog, so eienaardig as wat dit ookal mag klink, verkondig nie een van die hoofstroom Christelike kerke vandag die Bybelse wederkoms van Christus nie. Die meeste kerke, indien hulle oor die wederkoms preek, praat van die wederkoms van Christus wat vrede aan die nasies sal bring, maar die Bybel leer van ’n vernietiging van die nasies. Hulle verkondig die bekering van sondaars met die wederkoms van Christus, terwyl die Bybel leer dat Christus kom om sondaars en sonde te vernietig. Laat ons die bewyse van naderby bekyk.

## Die Wederkoms van Christus in Heerlikheid

Die wederkoms van Christus in heerlikheid is die salige hoop van die kerk. Jesus het gesê:

> *... Ek kom weer.* Johannes 14:3.

Hierdie belofte sál vervul word. Die wederkoms van Christus, of Sy tweede koms na hierdie aarde, is die gebeurtenis wat uiteindelik die kinders van God uit Satan se aardse heerskappy sal verlos:

> *... terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus.* Titus 2:13.

> *... so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.* Hebreërs 9:28.

## Hoe Hy sal Terugkeer

> *En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en ’n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy*

> *weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle wat sê: "Galilése" manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.* Handelinge 1:9-11.

## *1. In die Wolke Tesame met Sy Engele*

Jesus was in die hemel opgeneem deur 'n wolk, en Hy sal ook so in die wolke terugkeer. Die wolke verwys na die engele van God wat Hom omring soos in die Hebreeuse parallelisme gesien kan word.

> *Die waens van God is tienduisende, duisend maal duisende; die Here is onder hulle; dit is Sinai in heiligheid.* Psalm 68:18.

> *... wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel.* Psalm 104:3.

Jesus het self ook belowe dat Hy met die wolke (die engele) sal terugkeer:

> *En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.* Matthéüs 24:30.

Verdere teksverse is Matthéüs 26:64; Markus 13:26; Markus 14:62 en Openbaring 1:7:

> *... in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele...* 2 Thessalonicense 1:7.

> *En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit.* Matthéüs 25:31.

Die heerlikheid van Christus se wederkoms oortref enigiets denkbaar. Hy sal terugkeer in die heerlikheid van Sy engele en dié van die Godheid:

*... wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele.* Lukas 9:26.

## *2. Die Wederkoms sal Wêreldwyd Sigbaar Wees*

*Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien...* Openbaring 1:7.

Christus het gewaarsku teen nabootsings van Sy koms wat nie orals sigbaar sal wees nie. Wanneer Jesus Christus kom, sal Hy wêreldwyd sigbaar wees.

*As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer – moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.* Matthéüs 24:26-27.

*En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn... en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.* Matthéüs 24:30.

## *3. Sy Wederkoms sal Hoorbaar Wees*

*En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.* Matthéüs 24:31.

*Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God...* 1 Thessalonicense 4:16.

## *4. Die HERE Sal Nie op die Aarde Neerdaal Nie, Maar Sal die Verlostes in die Lug Inwag*

*Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank*

> *van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.* 1 Thessalonicense 4:16-17.

Gedurende die laaste plaag, wanneer die finale aardbewing en hael die bewoners van die aarde vernietig het, sal die verlostes (uitverkorenes) bymekaargemaak word deur die engele en in die lug opgeneem word om die Here daar te ontmoet. Hierdie is 'n wegraping, maar dit is nie 'n geheime wegraping nie:

> *En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.* Matthéüs 24:31.

Met Sy wederkoms roep Christus die dode op en Hy stuur Sy engele om die uitverkorenes bymekaar te maak en tesame sal hulle Hom in die lug ontmoet. Christus self kom nie na die aarde toe nie – Sy voete raak nie aan die aarde nie. Sy opdrag aan die engele is:

> *Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit!* Psalm 50:5.

## Gebeure wat Tydens Sy Koms Plaasvind

### *1. Die Regverdige Dode word Opgewek*

> *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.* 1 Thessalonicense 4:16.

Slegs die regverdige dode wat in Christus gesterf het, word opgewek met die wederkoms. Die res van die dode word nie opgewek voor die millennium nie. (Sien Hoofstuk 18, *Die Langverwagte Millennium van Vrede.*):

> *En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.* Openbaring 20:4-5.

Die regverdiges word opgewek – die onregverdiges word nie opgewek totdat die duisend jaar voleindig is nie:

> *Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding...* Openbaring 20:5.

In Johannes 5:28-29 vertel Jesus ons dat almal Sy stem sal hoor. Hy verwys na twee opstandings – die *"opstanding van die lewe"* en die *"opstanding van die veroordeling."* Hierdie twee gebeurtenisse word deur 'n duisend jaar geskei.

## *2. Die Regverdige Lewendes sal Weggevoer Word*

> *Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug...* 1 Thessalonicense 4:17.

Die lewende regverdiges (*"ons wat in die lewe oorbly"*) sal tesame met die verrese regverdiges weggevoer word om die HERE in die lug te ontmoet. Die regverdige lewendes sal die dood nie smaak nie, maar sal net soos Henog en Elía weggevoer word (Génesis 5:24; 2 Konings 2:11):

> *Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike*

> *moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.* 1 Korinthiërs 15:51-54.

Die lewende regverdiges word oombliklik verander met die laaste basuin. Ons liggame sal verander word om soos Sy verheerlikte liggaam te wees:

> *Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.* Filippense 3:20-21.

> *Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.* 1 Johannes 3:2-3.

> *Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek. En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp.* Jesaja 25:8-9.

### *3. Die Onregverdiges word Doodgemaak en die Nasies word Vernietig*

Die uitroep van diegene wat God verwerp het:

> *... en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en*

> *al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?* Openbaring 6:15-17.

> *Die Here aan u regterhand verbrysel konings op die dag van sy toorn. Hy sal 'n strafgerig hou onder die nasies; Hy maak dit vol dooie liggame; Hy verbrysel 'n hoof oor 'n groot land.* Psalm 110:5-6.

Daar is geen vrede onder die nasies, of uiting van vreugde by die wederkoms van Christus nie. Diegene wat die genade van Christus geminag het en daarna gestreef het om Sy heiliges te vernietig, sal deur die verskyning van Sy wederkoms vernietig word. Die Here is geen aannemer van die persoon of sy amp nie. Die staatshoofde van nasies sal verantwoording doen vir hul dade. Dan sal die bose een, die man van sonde, openbaar word vir wat hy is:

> *... en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak.* 2 Thessalonicense 2:8.

Hierdie mense sal vernietig word en hul liggame sal oor die aarde verstrooi lê:

> *En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.* Jeremia 25:33.

Hulle kan nie bymekaargemaak, betreur of begrawe word nie, want daar sal geen lewende wese op die aarde oorbly nie.

> *Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het*

> *geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die HERE, voor sy toorngloed. Want so sê die HERE: Die hele land sal 'n wildernis word, alhoewel Ek daar geen einde aan sal maak nie. Hieroor sal die aarde treur en die hemel daarbo rou dra, omdat Ek dit gespreek, My dit voorgeneem het en Ek geen berou het en daarvan nie sal terugkom nie.* Jeremia 4:23-28.

> *Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aardbodem af weg, spreek die HERE. Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en die struikelblokke saam met die goddelose, ja, Ek sal die mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die HERE.* Sefánja 1:2-3.

Addisionele teksverse aangaande die vernietiging van alle dinge is Psalms 21:10; 37:10; 110:5-6; Jesaja 24:1-3 en Hebreërs 10:26-27.

## Die Geheime Wegraping

Die leerstelling van die geheime wegraping staan in skrille kontras met die gebeure wat hierbo beskryf is. Die geheime wegraping leer dat die kinders van God in die geheim na die hemel weggeneem sal word, terwyl die onbekeerdes op die aarde agterbly om, wat daarop neerkom, 'n tweede kans te ontvang. Die leer van 'n tweede-kans is 'n leerstelling van valse hoop wat mense nie aanmoedig om hulle lewens te verander en met God reg te maak nie:

> *Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.* Jesaja 55:7.

> *Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en*

> *reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe. Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?* Esegiël 18:21-23.

Daar is weer eens 'n "as" in hierdie teksverse. Verlossing is voorwaardelik en onderhewig aan gehoorsaamheid. Ons sal verantwoordelik gehou word vir ons dade:

> *Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.* Matthéüs 16:27.

God se geregtigheid duld geen krompromie nie:

> *... aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde, en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele.* 2 Thessalonicense 1:6-7.

Volgens hierdie teksverse vind verlossing vir die regverdiges en vergelding vir die onregverdiges tegelykertyd plaas – met die wederkoms van Christus. Persone wat in die dispensasieleer glo, skei hierdie twee gebeure met 'n tydperk van sewe jaar. Eerstens die wegraping, dan die vernietiging van die Antichris met die wederkoms. Gedurende hierdie sogenaamde tydperk sal die Joodse volk deur die verdrukking gaan en tot by die punt kom waar hulle Christus aanneem.

Die heerlikheid van Christus se wederkoms laat geen plek vir enige geheimhouding nie. Uit die beskrywing van die gebeure wat plaasvind met die wederkoms sien ons dat alles gelyktydig plaasvind. Die wederkoms van Christus is die salige hoop van God se kinders; Jesus word openbaar (1 Korinthiërs 1:7; 1 Petrus 1:7, 13; 4:13). Mense wat in verskillende bedelings glo, glo nie in die geestelike Israel (die kerk) nie, maar glo dat die beloftes aan letterlike Israel gemaak is. Dus skei hulle die kerk van Israel, maar die Bybel maak hoegenaamd nie so 'n onderskeiding nie:

> *En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!* Galásiërs 6:16.

Tipologie in die Bybel verwys altyd na iets groter as die tipe. Die skaduwee is van minder belang as dit wat die skaduwee werp. Die lam verwys na Christus – die laasgenoemde is soveel groter as die eersgenoemde. Letterlike Babilon wys na eindtyd Babilon wat bestaan uit alle afvallige magte wat aan die einde van tyd heers. Letterlike Jerusalem of Israel van ouds is ’n tipe van die eindtyd geestelike Jerusalem of Israel wat al die verlostes insluit. Dispensasionaliste beskou die tipe in ’n letterlike sin en tref geen onderskeid tussen die tipe en die antitipe nie. Hulle verwag ’n letterlike rekonstruksie van Babilon en Israel wat dieselfde sou wees as om te wag vir die terugkeer van ’n letterlike lam.

Volgens die siening van dispensasionaliste is die verdrukking derhalwe slegs vir die Joodse volk vasgestel. Die Bybel ken glad nie so ’n leerstelling nie. Die beproewings is daarenteen bedoel om die kerk te reinig (sien 1 Thessalonicense 3:3). God se kinders, diegene wat hulle klere in die bloed van die Lam gewas het, moet deur die verdrukking gaan:

> *Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.* Openbaring 7:13-14.

> *’n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos ’n man wat goeie saad in sy land gesaai het; maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook. En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? En hy antwoord hulle: ’n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak? Maar*

> *hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur. Nadat Hy die skare weggestuur het, het Jesus huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand. En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad – dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele. Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.* Matthéüs 13:24-30, 36-43.

Die goddeloses en die regverdiges bly bymekaar tot die oes – die terugkeer van Christus.

Toe Israel van ouds uit die slawerny van Egipte verlos is, het die plae nie plaasgevind toe hulle reeds weg was nie. Hulle was teenwoordig en was getuies van die gebeure en hulle was self ook onderworpe aan die eerste drie plae. God het hulle egter op wonderbaarlike wyse teen die effek van die laaste sewe plae beskerm, net soos Hy ook op wonderbaarlike wyse Sy kinders aan die einde van tyd teen die effekte van die laaste sewe plae wat op die aarde sal val, sal beskerm (Openbaring 3:10-13). God se kinders word vermaan om vas te hou totdat Hy kom. Hulle word nie voor die gebeure weggeraap nie. Die volgende teksverse word dikwels vir regverdiging van die wegraping gebruik:

> *Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.* Matthéüs 24:38-42.

Hierdie teksverse is nie bewys van 'n geheime wegraping nie. Hulle dui slegs aan dat met die wederkoms van Christus sommige mense gered sal wees en andere verlore. Ten slotte is die dispensasionaliste se siening dat die Antichris na die geheime wegraping sy opwagting sal maak, ook nie in lyn met die Skrif se lering betreffende die mens van sonde nie. (Sien Hoofstuk 4, *Die Man agter die Masker.*) Die Bybel leer duidelik dat hierdie mag *in* die kerk sal ontstaan, en nié *na* die kerk sal kom nie:

> *Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie Antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.* 1 Johannes 2:18-19.

Nadat hulle deur die verdrukking gegaan en die woede van die Antichris ervaar het, is die enigste hoop vir die kinders van God die wederkoms van Jesus Christus. Net soos die bloed van die lam op die deurkosyne van die Israeliete se wonings geverf moes word tydens die nag van die finale plaag, so moet die bloed van die Lam op die deurkosyn van die hart geverf word om die doodsengel daarop attent te maak dat ons deur die bloed van die Lam losgekoop is:

> *En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp.* Jesaja 25:9.

# 18

# DIE LANGVERWAGTE MILLENNIUM VAN VREDE

Die woord *"millennium"* verskyn nie in die Bybel as sodanig nie, maar dit beteken letterlik 'n periode van eenduisend jaar. Die woord is afgelei van die Latynse woord *"mille"* (eenduisend) en *"annus"* (jaar) en is deur Bybelgeleerdes gebruik om te verwys na die eenduisend jaar periode wat deur Johannes in Openbaring 20:4 genoem word, waartydens die heiliges saam met Christus sal regeer. Daar word ses maal verwys na die periode van 'n *"duisend jaar lank"* in Openbaring 20:1-7 en die gebeure rondom hierdie periode moet noukeurig ontleed word ten einde dit in die regte perspektief te plaas.

Moderne teologiese neigings plaas groot klem op die millennium en vir die meeste persone is dit die langverwagte tydperk van vrede wat teweeggebring word deur die binding van Satan en die heerskappy van Christus. Die verskeie sienings verskil egter rondom die detail van hierdie gebeure. Huidige konsepte kan as volg opgesom word:

## *1) Amillennialisme*

Hierdie siening laat nie toe vir ’n spesifieke periode van ’n duisend jaar heerskappy nie, maar pas die periode toe op die hele tydperk van die kerkgeskiedenis. Die periode loop ten einde met die skepping van die nuwe aarde. Die Ou Testamentiese profesieë wat van toepassing is op die koninkryk, het betrekking op Christus se heerskappy in die kerk. Hierdie siening word deur die Rooms-Katolieke Kerk en sommige konserwatiewe Protestantse groepe gehuldig.

## *2) Postmillennialisme*

Hierdie siening verklaar dat die koninkryk ’n huidige realiteit is, want Christus heers in Sy kerk. Dit propageer ook die siening dat alle nasies tot Christus bekeer sal word voor Sy wederkoms. Die periode voor Sy wederkoms sal vreedsaam word en die evangelie sal aan al die nasies verkondig word. Aan die einde van die millennium sal daar ’n tydperk van afvalligheid en beproewing wees wat veroorsaak sal word deur die heerskappy van die Antichris. Dan keer Christus terug en daar is ’n enkele opstanding van beide die regverdiges sowel as die goddeloses. Die opstanding van die regverdiges, oftewel die eerste opstanding van Openbaring 20, is, volgens hierdie siening, gelykstaande aan die nuwe geboorte en nie letterlik nie. Beide die *“Lutheran Augsburg Confession”* en die *“Puritan Westminster Confession”* onderskryf hierdie siening.

## *3) Premillennialisme*

### *a) Dispensasionele Premillennialisme*

Hierdie siening laat toe vir twee opstandings van die dode, dié van die regverdiges voor die millennium en dié van die goddeloses na die millennium. Maar dispensasionaliste glo ook in ’n geheime wegraping voor die beproewing en verklaar dat die millenniale koninkryk sy vervulling in die Joodse volk moet bereik. Volgens hierdie siening moet Palestina aan die Joodse volk teruggegee word, die tempel moet herbou word en die offerstelsel moet weer ingestel word.

Hierdie interpretasie het tot gevolg dat baie van Jesus se leringe uitgedien is met betrekking tot die kerk. Al die waarskuwings wat aan die kerk gegee is aangaande die tyd van benoudheid voor die wederkoms van

Christus word nou van toepassing slegs op die Jode. Inderwaarheid geld die hele Matthéüs 24 en Lukas 21 dan slegs ten opsigte van die Jode aangesien *"die evangelie van die koninkryk"* dan slegs na die Jode moet verwys. Selfs die Onse Vader se *"laat U koninkryk kom"* het dan betrekking slegs op die Jode aangesien hierdie koninkryk slegs op hulle van toepassing is. As dit inderdaad so is, dan het dit tot gevolg dat feitlik al die Bybelse profesieë wat betrekking het op die wederkoms van Christus en die opstel van Sy koninkryk, geen betekenis vir die Christen inhou nie.

Paulus het die *"evangelie van die koninkryk aan die Jode sowel as die heidene gepredik"* (Handelinge 20:25; 28:23, 31) en beide Matthéüs 24 en Lukas 21 het betrekking op die kerk. Dit is verrassend dat uit die hele diskoers, dispensasionaliste slegs verse 40 en 41 van Matthéüs 24 op die kerk toepas aangesien hulle glo dat daar bewys vir die geheime wegraping in hierdie verse te vinde is. Hierdie siening skep valse hoop aangesien Christene wat 'n wegraping voor die beproewing verwag, nie behoorlik voorbereid sal wees vir sodanige tyd van verdrukking nie. Soveel te meer is die lering van 'n tweede kans vir diegene wat Christus verwerp in hierdie siening ingebou.

Dispensasionaliste glo ook in die heerskappy van die Antichris gedurende 'n periode van sewe jaar ná die wegraping, waartydens al die Jode Christus sal aanvaar. Paulus, in sy leringe aan die Thessalonicense, verwerp baie duidelik enige sodanige lering. Met verwysing na die dag van die HERE, skryf hy:

> *Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie – deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees – asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die*

> *ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.*
> 2 Thessalonicense 2:1-10.

Die "vereniging" van die broeders (vers 1) en die vernietiging van die ongeregtige (vers 8) geskied gelyktydig met die wederkoms van die HERE, nie op twee verskillende tye nie. Paulus se waarskuwing in vers 3 blyk nog steeds van toepassing te wees.

*b) Historiese Premillennialisme*

Volgens hierdie siening, sal al die verlostes deur alle eeue heen op die aarde teenwoordig wees tydens die millennium. Die kerk is die Israel van God bestaande uit al die kinders van God. Die millenniale tydperk verteenwoordig die eerste duisend jaar van God se koninkryk op die aarde.

Historiese premillennialiste plaas die sluiting van die genadedeur aan die begin van die millennium en in hierdie opsig verskil hulle van die ander millennialiste. Hulle siening van 'n aardse millennium is egter teenstrydig met Bybelverse wat dui op 'n onbewoonde, verwoeste aarde gedurende hierdie periode. Boonop plaas die Skrif die millenniale oordeel in die hemel, en dit strook met Christus se belofte dat Hy vir die verlostes na wonings in die hemel sal neem wat deur Hom voorberei is. Soos in die vorige hoofstuk gesien is, word die uitverkorenes deur engele versamel en van die aarde af weggeneem om die HERE in die lug te ontmoet terwyl die goddeloses deur die glans van Sy wederkoms vernietig word.

Om al die gebeure aangaande die millennium in perspektief te stel, word 'n sorgvuldige studie van die Skrif vereis wat die premillennium, millennium en postmillennium gebeure omskryf.

## Die Premillenniale Gebeure

Die groot tema van die eenduisend jaar profetiese tydperk is die oordeel. Die oordeel gee die ware feite aangaande die ontstaan van sonde. Verder sal

die karakter van God en Sy handeling en optrede geregverdig word tydens die oordeel:

> *En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.* Openbaring 20:4-6.

Die verrese en weggevoerde regverdiges sal saam met Christus vir eenduisend jaar heers terwyl die res van die dode (die onregverdiges wat gesterf het voor die wederkoms van Christus, asook die goddelose wat met Sy wederkoms doodgemaak word) word nie opgewek voor die duisend jaar voleindig is nie. Wat sal tydens hierdie duisend jaar gebeur en wat is die oordeel waarna verwys word? As Christus met Sy wederkoms die goddeloses van die regverdiges geskei het, dan het Hy hulle reeds geoordeel voordat Hy na die aarde teruggekeer het. ’n Ondersoekende oordeel moes derhalwe in die hemel plaasgevind het voor Jesus teruggekeer het om Sy kinders te kom haal.

## Die Ondersoekende Oordeel

**(Die Koms van die HERE soos ’n Dief in die Nag)**

Wanneer Jesus na die aarde terugkeer, sal Hy diegene vergoed wat gehoorsaam was en die ongehoorsames vernietig:

> *En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.* Openbaring 22:12.

Hierdie vers impliseer dat die besluit aangaande wie gered is en wie nie, die wederkoms van Christus voorafgaan. Die loon van die regverdiges is die ewige lewe en die regverdige dode word met die wederkoms opgewek.

God se doel is die vernietiging van sonde wat vir ewig vanuit die heelal uitgewis moet word. Hy vernietig sonde nou in die gelowige, maar die tyd sal aanbreek dat die HERE Sy werk *“vreemd is Sy werk!”* moet doen (Jesaja 28:21) en beide die wat skuldig is aan sonde, asook die sonde self uit Sy koninkryk sal uitwis. As sonde die oortreding van die wet is, dan moet die maatstaf vir die oordeel ook die wet van God wees:

> *Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God.* 1 Johannes 3:4 (ANV).

> *... maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie.* Romeine 4:15.

> *Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy ’n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.* Jakobus 2:10-12.

> *Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.* Prediker 12:13-14.

Die wet van die Tien Gebooie is die maatstaf vir die oordeel. Dit word ook die wet van vryheid genoem aangesien slegs deur die onderhouding van die wet, die slawerny van sonde uitgewis kan word. ’n Alkoholis kan slegs sy verslawing ontsnap deur alkohol geheel en al te vermy. God het ’n dag vir die oordeel bepaal en Jesus Christus self sal die regter wees:

> *... omdat Hy ’n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur ’n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.* Handelinge 17:31.

> *Ek het in my hart gesê: Gód sal die regverdige en die goddelose oordeel, want dáár is 'n tyd vir elke saak en vir elke werk.* Prediker 3:17.

Die oordeel sal begin by die kinders van God.

> *Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?* 1 Petrus 4:17.

Goeie vraag! As God sonde nie oorsien nie, selfs nie eens vir 'n erkende Christen nie, hoeveel te meer in die geval van moedswillig ongehoorsames. Aangesien Christus Sy getroue volgelinge met Sy wederkoms sal vergoed, moet hierdie oordeel in die hemel plaasvind vóór Sy terugkeer.

Die Groot Versoendag in die Ou Testament dien as tipe van hierdie plegtige oordeel. (Sien Hoofstuk 2, *'n Advokaat vir ons Tyd.*) Dit was die dag waarop die heiligdom gereinig is van die sonderekord. Net so, op die anti-tipiese Versoendag, word die hemelse heiligdom gereinig. Hierdie gebeurtenis sou plaasvind aan die einde van die 2300-dae profesie van *Daniël 8,* in 1844, toe die profesie ten einde geloop het. (Sien Hoofstuk 14, *'n Klip om Jou Hoof op te Rus.*) Hierdie "oordeelsdag" vind in die hemel plaas en eindig met die sluiting van die genadedeur wanneer Christus Sy werk as Middelaar beëindig en verklaar:

> *Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.*
> Openbaring 22:11-12.

Ná hierdie uitspraak volg die wederkoms van Christus en die beloning van die heiliges.

In Daniël 7 beskryf die profeet hierdie groot oordeelstoneel in die hemel:

> *Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme,*

> *die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.* Daniël 7:9-10.

In hierdie toneel het die gereg gaan sit en die boeke is geopen. Die boeke hier genoem, verwys na die boeke waarin die dade van diegene wat geoordeel moet word, opgeteken staan. Daar word 'n aantal boeke in die Bybel genoem en hierdie sluit Die Boek van die Lewe, en die Gedenkboek in:

> *En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.* Openbaring 20:12.

> *Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer.* Maleági 3:16.

Daar is niks omtrent ons lewens wat nie in die hemel opgeteken is nie:

> *Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.* Prediker 12:14.

> *Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.* Matthéüs 12:36-37.

> *Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek.* Exodus 32:33.

Die oordeel is 'n ernstige kwessie en aangesien die oordeel begin by die kinders van God, is dit noodsaaklik dat ons ons eie lewens in oënskou moet

neem. Christus wil ons karakters verander. Hy wil vir ons harte van vlees gee in die plek van ons harte van klip. Die werk van heiligmaking moet dit tot stand bring terwyl ons met God saamwerk om hierdie hartsverandering teweeg te bring. Ons het niks te vrees vir die oordeel nie, tensy ons weier om ons aan die heiligende krag van God te onderwerp:

> *Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.* Hebreërs 12:14.

Wanneer ons geoordeel word, dan openbaar God ons karakters aan ons en tugtig Hy ons sodat ons gelouter mag word:

> *Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.* 1 Korinthiërs 11:32.

Daniël beskryf dat wêreldgebeure voortduur terwyl die gereg sit:

> *Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is.* Daniël 7:11.

Die profeet beskryf dat Een soos die Seun van die mens met die wolke van die hemel na die Oue van Dae gekom het:

> *Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom."* Daniël 7:13.

Hierdie koms van Christus is nie Sy wederkoms met die wolke nie, maar dis die koms van Christus na die Oue van Dae wat voor die troon van God in die hemel plaasvind. Christus se bediening as Middelaar kom tot 'n einde en Hy trek Sy koninklike kleed aan voor Sy terugkeer na die aarde as die Koning van die konings:

> *En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.*
> Daniël 7:14.

Soos dit was in die dae van Noag toe Noag en sy familie in die ark toegesluit was en die genadetyd vir die antediluviaanse wêreld ten einde geloop het, net so sal dit aan die einde van tyd ook wees. Die genadetyd vir die goddeloses het geëindig en hulle was onbewus daarvan. Vir diegene wat weier dat die heiligmakende Gees van God in hul lewens werk, sal die lewe soos normaal verloop. Hulle het nooit die Skrif hulle gids gemaak nie, en wanneer die tyd aanbreek vir die wederkoms van Christus, sal hulle onverhoeds betrap word. Vir hulle sal die koms van Christus soos 'n dief in die nag wees. Gelowiges word aangemoedig om die Skrif en die tekens van die tyd te bestudeer sodat daardie dag hulle nie onbehoeds sal betrap nie:

> *... want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid–dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk. Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid. Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus...* 1 Thessalonicense 5:2-9.

Ná die sluiting van die genadedeur sal die uitvoerende oordeel begin. In die vorige hoofstuk het ons die sewe laaste plae bespreek, asook die finale verlossing van die heiliges. Ons sal nou hierdie gebeure in die korrekte volgorde plaas.

## Uitvoerende Oordeel

Wanneer die ondersoekende fase van die oordeel afgehandel is en die uitspraak omtrent die oordeel uitgereik is (Openbaring 22:11-12), dan sal God se oordeel op die aarde uitgestort word. Hierdie is die uitvoerende fase van die oordeel.

Die eerste oordeel om op die aarde te val na die sluiting van die genadedeur is die sewe laaste plae. In Openbaring 15 is daar 'n beskrywing van die toneel in die hemel wat tydens die sluiting van die genadedeur plaasvind:

> *En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen.*
> Openbaring 15:5.

Die tempel is geopen. Christus se Hoëpriesterlike bediening is voltooi en die sewe engele met die sewe laaste plae word aangesê om hul skale op die aarde uit te gooi (Openbaring 16). Die plae kom en hierdie oordele word deur die engele van God as regverdig verklaar:

> *En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele.*
> Openbaring 16:5-7.

Die plae word uitgestort vóór die wederkoms van Christus en wéér word die beroep gedoen om gereed te wees:

> *Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.* Openbaring 16:15.

Slegs die geregtigheid van Christus kan ons beskerm teen die uitwerking van die plae:

> *Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien.*
> Psalm 91:4-8.

Die uitstorting van die plae vind plaas terwyl die regverdiges steeds op die aarde is. Hulle word beskut teen die gevolge van die plae, maar word nie weggeneem uit die teenwoordigheid daarvan nie. Christus se gebed is:

> *En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons... Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.* Johannes 17:11, 15.

Christus belowe beskerming, nie verwydering nie. In Openbaring 7 lees ons:

> *... Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom...*
> Openbaring 7:14.

Die teksvers dui aan dat die regverdiges deur die beproewing gaan, maar dat hulle aan die einde daaruit verlos sal word:

> *En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.* Daniël 12:1.

## Verlossing en Armageddon

Soos bespreek in die vorige hoofstuk, vind verlossing plaas tydens die uitstorting van die sewende plaag. Babilon se ondersteuningsbasis word tydens die sesde plaag geërodeer en, aangevuur deur demoniese magte, word ’n doodsdekreet uitgevaardig teen almal wat nie die dier aanbid en sy beeld of sy merk aanvaar nie. Die proklamasie van hierdie finale dekreet het tot gevolg dat God direk tussenbeide tree, en Christus keer terug om Sy kinders te verlos. Die heiliges het geen mag teen die wêreld se konfederasie nie. Dit is net Christus wat hulle kan verlos; en Hy tree namens hulle op in hierdie premillenniale stryd wat Armageddon genoem word. Tydens die sewende plaag word die aardse konfederasie vernietig deur die aardbewing, die hael en die glans van Sy wederkoms (Job 38:22-23; Jesaja 28:17; Psalm 110:5-6; Jeremia 4:23-27; Jeremia 25:33-38; Sefánja 1:1-3):

> *Kyk, die HERE maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners. Dieselfde lot tref die volk en die priester, die slaaf en sy heer, die slavin en haar meesteres, die koper en die verkoper, die uitlener en die lener, die skuldeiser en die skuldenaar. Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die HERE het hierdie woord gespreek. Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.* Jesaja 24:1-5.

Die profeet Jesaja toon hier duidelik dat God regverdig is in alles wat Hy doen. Daar is geen partydigheid nie. Daar is ook geen ruimte vir foute in terme van dit wat Christus met Sy wederkoms sal doen nie. Die aarde sal geheel en al verwoes word, maar te midde van hierdie vernietiging, belowe die HERE uitkoms:

> *In dié dag sal aan Jerusalem gesê word: Vrees nie, o Sion, laat jou hande nie slap hang nie! Die HERE jou God is by jou, ’n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.* Sefánja 3:16-17.

Wat ‘n belofte! Te midde van aardbewings en hael tydens die sewende plaag, word ’n luide geroep gehoor (1 Thessalonicense 4:16) en die leërmagte van die hemel tree in:

> *En die HERE sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van ’n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels. Want vir die stem van die HERE sal Assur verskrik wees; met die stok sal Hy slaan, en elke swaai van die roede wat vir hom beskik is, wat die HERE op hom laat val, sal wees onder begeleiding van tamboeryn en sitermusiek, en met ’n uitgeswaaide vegtersarm sal Hy teen hulle veg.* Jesaja 30:30-32.

> *En in dié dag, spreek die HERE, sal Ek jou perde uit jou midde uitroei en jou strydwaens vernietig. Ook sal Ek uitroei die stede van jou land en al jou vestings afbreek. Verder sal Ek uitroei die towerye uit jou hand, en jy sal geen goëlaars meer hê nie. En Ek sal uit jou midde uitroei jou gesnede beelde en jou klippilare, sodat jy jou nie meer voor die werk van jou hande sal neerbuig nie. En Ek sal uit jou midde uitruk jou heilige boomstamme en jou stede verwoes. En Ek sal in toorn en grimmigheid wraak neem op die nasies wat nie geluister het nie.* Miga 5:9-14.

Assirië was een van die wreedste nasies waarmee Israel te doen gehad het en die verwysing na hierdie nasie dien as tipe van die wrede tugmeesters wat Christus sal vernietig met die glans van Sy wederkoms. Christus se verlostes vanuit al die eeue heen word uit die dood opgewek, die lewende regverdiges word deur die engele bymekaar gemaak en almal word saam weggevoer om die HERE in die lug te ontmoet:

> *Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.*
> 1 Thessalonicense 4:17.

> *U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is ’n dou*

> *van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk. Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan. Want kyk, die HERE sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie.* Jesaja 26:19-21.

## Gebeure Tydens die Millennium

### *Satan word gebind*

> *En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.*
> Openbaring 20:1-3.

Die vernietiging van die goddeloses en die verwydering van die regverdiges vanaf die aarde laat die aarde verlate. In Openbaring 20 beskryf Johannes 'n engel wat vir Satan met 'n groot ketting bind en hom in die afgrond werp. Die term "*afgrond*" word in die Bybel gebruik om die graf, dood en vernietiging, en die gevangenis van demone aan te dui (Romeine 10:7; Lukas 8:31). Die term "*afgrond*" word ook in die Griekse Ou Testament gebruik om die ryk van die onbewoonde wêreld te beskryf waar die "onderwêreld" die "*abyssos*" is:

> *En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.* Génesis 1:2.

Die beskrywing van die aarde deur die profeet Jeremia na die wederkoms van Christus is 'n paslike beskrywing van 'n vormlose en leë aarde:

> *Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die HERE, voor sy toorngloed.*
> Jeremia 4:23-26.

Die hele aarde sal weer eens in 'n groot afgrond of gevangenis vir Satan en sy demoniese magte omskep word. Die groot ketting waarmee hy gebind word, is dus die ketting van omstandighede wat verhoed dat hy die nasies verlei, aangesien hulle vernietig is en geen mens op die aarde oorbly nie. Die Bybelse rekord is vol van kettings van omstandighede (Psalms 2:3; 107:10, 14; 116:16; Prediker 7:26; Jesaja 28:22; 52:2; 58:6; Jeremia 40:4; Klaagliedere 3:7; Eségiël 7:23):

> *En in dié dag sal die HERE besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde; en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil en bewaar word in 'n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word. En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees.* Jesaja 24:21-23

In hierdie verse val God se oordele nie net op die konings van die aarde nie, maar die demoniese magte word ook gestraf ("*die leërskare van die hoogte in die hoogte"*). Die bose konfederasie word in die gevangenis toegesluit en na vele dae (eenduisend jaar) sal hulle ontbind word (Openbaring 20:3). Tydens die millennium is Satan en sy leërskare gevangenes op die verwoeste aarde terwyl die verlostes na die hemel geneem word waar die bruilofsfees vir al die heiliges van die Allerhoogste gehou word.

## *Die Oordeel aan die Heiliges Gegee*

> *En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.* Openbaring 20:4-6.

Hierdie profetiese verse beskryf die toneel wat in die hemel plaasvind waar Johannes vroeër God se troon en dié van die 24 ouderlinge gesien het (Openbaring 4:4). Die verlostes ontvang die belofte dat hulle op die aarde sal heers (Openbaring 5:10), maar voor hierdie heerskappy moet hulle eers die nasies oordeel. Daar word nie openbaar presies wie bedoel word met die vier-en-twintig ouderlinge nie. In die aardse heiligdom is daar vier-en-twintig ouderlinge wat in die dienste deelgeneem het en die hemelse heiligdom moet dus ook vier-en-twintig ouderlinge hê wat dáár deelneem. Die getal vier-en-twintig is ook die totaal van die patriarge en apostels. Die name van die twaalf stamme van Israel is geskryf op die poorte van die Nuwe Jerusalem, en op die stene van die fondament is die name van die twaalf apostels geskryf, en so word die Israel van God verenig onder die Ou en die Nuwe Testament. Die vers deel ons ook mee dat te midde van die hemelse gebeure die heiliges van God nou regters word:

> *... en aan hulle is die oordeel gegee ...*
> Openbaring 20:4.

Met die terugkeer van Christus is die beslissing reeds gemaak betreffende wie die verlostes en wie die goddeloses is. Die oordeel wat aan die heiliges gegee word, moet derhalwe ’n bevestigende oordeel wees. God se regverdigheid en onpartydigheid moet vir ewig volkome voor die

heelal gehandhaaf word. Gedurende die duisend jaar sal daar na elke saak gekyk word – daar mag geen talmende twyfel wees nie – die heelal moet eensgesind wees en met een stem sal almal verklaar:

> *... Groot en wonderlik is U werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges!* Openbaring 15:3.

God se oordeel sal regverdig verklaar word (Romeine 2:5; 2 Thessalonicense 1:5; Génesis 18:25; Psalm 19:9).

Tydens hierdie millenniale oordeel sal God se handeling met beide diegene wat Sy waarheid verwerp het en die bose engele, noukeurig ondersoek word (Hebreërs 10:26-27; 2 Petrus 2:4, 9; Judas 6). Die heiliges sal die wêreld oordeel:

> *Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?* 1 Korinthiërs 6:2-3.

## Gebeure ná die Millennium

Na die eenduisend jaar en die bevestiging van die oordeel in die hemel, sal die finale gebeure in die groot stryd tussen goed en kwaad plaasvind. In hierdie finale drama sal God se naam ten volle in eer herstel word. Elke knie sal voor Hom buig en sonde sal vir ewig uitgewis wees. Hierdie gebeure word beskryf in Openbaring hoofstukke 20 tot 22. Aangesien die boek van Openbaring in die vorm van 'n giasme geskryf is, met die kern van die chiasme (finale gebeure voor die wederkoms van Christus) in die middel van Openbaring, blyk dit dat die gebeure in hierdie hoofstukke agterstevoor beskryf word (byvoorbeeld die bose omsingel die Nuwe Jerusalem in Openbaring 20:9, maar die stad daal eers neer in Openbaring 21:2 neer). As die giastiese struktuur in ag geneem word, dan kan die opeenvolging van die gebeure maklik onderskei word.

## **D*ie Wederkoms van Christus n*á *die Millennium***

Na die afloop van die eenduisend jaar keer Christus na die aarde terug om die finale oordeel teen diegene wat Sy waarheid verwerp het, uit te voer en om dít wat regmatig Syne is, terug te neem. Dit is dan dat die koninkryk aan die heiliges teruggegee sal word.

Die profeet Sagaría beskryf die koms van die HERE tesame met al Sy heiliges en hoe die voete van die HERE die aarde aanraak om 'n groot vlakte te skep (iets wat nie met Sy wederkoms plaasgevind het nie – sien Sagaría 14:4-5). Die antieke profesieë wat aan letterlike Israel gemaak is, kon in Israel van ouds vervul gewees het as hulle aan God gehoorsaam was. Die ou verbondsbeloftes is na geestelike Israel oorgeplaas nadat letterlike Israel die Messias verwerp het. Die kern van die profesie in Sagaría is dus steeds van toepassing en bereik sy finale vervulling met die terugkeer van Christus ná die millennium. Die nuwe Jerusalem daal dan vanuit die hemel neer:


> *En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.*
> Openbaring 21:2.

Vanuit die veiligheid van die stad sal die verlostes dan die finale gebeure in die groot stryd tussen Christus en Satan aanskou. Satan sou vir 'n duisend jaar gebonde gewees het om na te dink aan die gevolge van sy handelinge en die straf wat op hom wag.

## ***Die Opstanding van die Veroordeling en die Finale Oorlog: Gog en Magog***

> *En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.*
> Openbaring 20:7-8.

Satan was deur kettings van omstandighede gebonde toe die goddeloses tydens die wederkoms van Christus vernietig is. Die goddeloses wat gesterf het, sal nie lewe alvorens die duisend jaar verby is nie:




*Die Bybelse Millennium*

> *En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.* Openbaring 20:5.

Die opstanding van die goddeloses vanuit al die eeue heen ontbind die kettings van Satan se omstandighede en hy stook die verrese miljoene op om die Heilige Stad aan te val in een groot finale poging om sy mag te behou:

> *... en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.* Openbaring 20:8.

In Eségiël 38:2 en 39:6 word Gog, die koning van Magog, beskryf as 'n vyand van God se kinders. Hy word beskryf as die leier van die leërmag wat die herstelde Israel sal aanval (Eségiël 38:2, 14, 16-19), maar hy gaan sy einde tegemoet. Dit sal "*na baie dae*" plaasvind (Eségiël 38:8):

> *"Maar in dié dag, die dag as Gog teen die land van Israel aankom," spreek die Here HERE, sal my grimmigheid in my neus opkom. Ja, in my ywer spreek Ek, in die vuur van my grimmigheid: "Waarlik, in dié dag sal daar 'n groot aardbewing wees in die land van Israel..."* Eségiël 38:18-19.

God vernietig vir Gog en Israel het geen deel in hierdie geveg nie. Geen historiese figuur is tot dusver met Gog identifiseer nie, en hy staan as simbool van die leier van die rebellie, naamlik Satan self.

God laat hierdie finale optrede van rebellie toe deur Satan en sy leërmag tesame met die verrese goddeloses, sodat enige moontlike twyfel aangaande die weersin van diegene wat teen God en Sy kinders gekant is, uit die weg geruim kan word. Die goeie en die bose staan oorkant mekaar. Die heiliges is binne-in die stad en die goddeloses is buite:

> *En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.* Openbaring 20:11-15.

Wanneer die mensdom die majestueuse gesig van Christus op Sy troon sien, sal elke knie buig. Alle gedagtes van rebellie en oorwinning sal vervaag:

> *Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.* Romeine 14:11-12.

> *... sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.*
> Filippense 2:10-11.

> *Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie. Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer. Hulle sal van My sê: Alleen in die HERE is volle geregtigheid en sterkte; na Hom sal hulle kom; maar hulle almal sal beskaamd staan wat op Hom toornig is.* Jesaja 45:22-24.

Hierdie is die finale kroning van die Seun van God. Die finale oordeel vind dan plaas:

> *En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*
> Openbaring 20:12.

> *En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.* Openbaring 20:15.

Elke uittartende handeling, elke verwerping van God se genade word duidelik gemaak. Die gevolge van hierdie keuses is ewigdurend (Hebreërs 6:2). Die finale uitspraak is die doodsvonnis:

> *Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.* Hebreërs 10:26-27.

Hulle het verkies om Satan te glo eerder as God (Johannes 8:45) en hul karakters is gevorm volgens die ewebeeld van dié van hul meester. Hulle sal nooit gelukkig wees tussen die kinders van God, waar daar geen ruimte vir selfsug is nie. Die atmosfeer waarmee die hemel deurdrenk is, is een van selfopoffering en dit is die kern van die hemel se vreugde. Almal is tevrede dat God se oordele juis en waaragtig is:

> *"... Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!"* Openbaring 5:12-13.

Satan se aantyging teen God en Sy regering word as ongegrond bewys. Christus staan geregverdig en gereed om Sy "vreemde werk" te verrig.

> *Want die HERE sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon om sy werk te doen – vreemd is sy werk! En om sy daad te verrig – ongehoord is sy daad!* Jesaja 28:21.

## *Vernietiging van die Goddeloses*

Satan en die goddelose sal deur middel van vuur uitgewis word:

> *En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp...* Openbaring 20:9-10.

> *Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.* Matthéüs 25:41.

> *En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.* Openbaring 20:14-15.

Die *"ewige vuur"* was bespreek in Hoofstuk 10, *Die Mistieke Doderyk* en dit verwys na die ewige gevolge van daardie dood. Die finale kwessie van verlossing of verdelging is of 'n mens se naam in die Boek van die Lewe opgeteken staan. Die goddeloses word tot as verbrand en die vuur brand totdat daar niks meer oorbly om te verbrand nie.

> *"Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie."*
> Maleági 4:1.

Die wortel is Satan en sy takke is sy navolgers:

> *"... En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep," sê die HERE van die leërskare.* Maleági 4:3.

Hulle brand nie vir ewig nie, maar hulle word as. In Eségiël 28 het die profeet 'n klaaglied aan die koning van Tirus gestuur. Hierdie gedeelte kan nie na die letterlike koning van Tirus verwys nie, want hy kon nie in Eden gewees het nie (vers 13) en nog minder kon hy die gesalfde gérub wees (vers 14). Die koning is derhalwe 'n verwysing na Satan, en sy lot word duidelik gestel:

> *Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.* Eségiël 28:18-19.

Met hierdie finale vernietiging van Satan, word die groot stryd beëindig. Satan en sy leërmag (Gog en Magog) word deur vuur vernietig. Die parallelle tussen die profesieë van Eségiël en Johannes se Openbaring is merkwaardig en word goed saamgevat in die woorde van Hans LaRondelle:

**1)** Die opwekking van 'n dooie Israel vanuit die begraafplaas van Babilon om 'n nuwe, heilige verbondsvolk van Yahweh te wees. (Eségiël 36:24-28; 37:1-14).

Die opwekking van Christus se onthoofde getuienisse wat geweier het om die Babiloniese *"dier of sy beeld"* te aanbid. (Openbaring 20:4).

**2)** Israel as die nuwe teokrasie leef in vrede in die Beloofde Land onder die heerskappy van die nuwe Dawid, die Messias. (Eségiël 37:15-28).

Die opgewekte heiliges heers saam met Christus vir 'n duisend jaar. (Openbaring 20:4-6).

**3)** Na die afloop van *"baie dae",* in hul finale aanslag teen Israel vanuit die Noorde, word die magte van Gog, die koning van Magog, 'n verpletterende nederlaag toegedien deur vuur uit die hemel. (Eségiël 38:8-39:22).

Nadat die heiliges vir 'n duisend jaar geheers het, val die magte van *"die Gog en die Magog"* die kinders van God se stad, die Heilige Stad, van alle kante af aan, maar hulle word deur vuur uit die hemel vernietig. (Openbaring 20:7-9).

**4)** Die visioen van Yahweh se teokrasie (God se regering) in die nuwe Jerusalem. (Eségiël 40-48).

Die visioen van die Nuwe Jerusalem wat vanuit die hemel neerdaal na die aarde as die bruid van die Lam. (Openbaring 21:1-22:5).[1]

## *Die Aarde Nuut Gemaak*

Die vuur wat die goddeloses vernietig, reinig ook die aarde.

> *Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.* 2 Petrus 3:10-13.

God herstel die aarde tot sy vorige skoonheid – die aarde word nuut gemaak:

> *En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.* Openbaring 21:1.

Die see skei mense en bevat die waters van die vloed wat die antediluviaanse wêreld vernietig het. Die nuwe aarde sal nie van die kenmerke bevat wat aan daardie vloek herinner nie.

> *En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." En Hy wat op die troon sit, het gesê: "Kyk, Ek maak alles nuut." En Hy het aan my gesê: "Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar."* Openbaring 21:3-5.

God se woning sal onder die verlostes wees en die sorge van die lewe het verbygegaan en sal nie weer in die gedagtes opgeroep word nie:

> *Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie. Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees. En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie.* Jesaja 65:17-19.


Die koninkryk van God is herstel en die aarde is die uiteindelike en finale woning van die heiliges:

> *Die hemele is hemele vir die HERE, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee.* Psalm 115:16.

Dit is die hoop van die kinders van God:

> *Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.* 2 Petrus 3:14.

> *Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.* 2 Korinthiërs 7:1.




## VERWYSINGS


[1] *Reference Ministry,* Januarie 1983, pp. 7-9.



**Dr. W.J. Veith** is 'n internasionaal bekende spreker en skrywer wat altyd groot en entoesiastiese skares lok vanoor die hele Afrika, Europa, Oosblok-lande, Verenigde State van Amerika, Kanada en Australië. Hy is 'n man met breedvoerige kennis en uitstaande wetenskaplike kwalifikasies wat wyd gepubliseer is in die wetenskaplike literatuur. Hy het ook 'n aantal boeke met betrekking tot gesondheid en dieetkunde asook die oorsprong van die lewe gepubliseer.

Hy was Professor in die Departement van Mediese Bio-wetenskap aan die Universiteit van die Wes-Kaap, Suid-Afrika, alwaar hy gespesialiseer het in Dieetkundige Fisiologie.

(Dr.) Professor Veith het ook vir 'n aantal jare Bybelse profesieë nagevors en 'n omvattende studie van kontemporêre godsdienstige neigings onderneem. In hierdie boeiende boek stel hy die groot verwarring in die wêreld aan die kaak en bied hy 'n gesaghebbende en duidelike uitleg van Bybelse profesie, terwyl hy die slaggate in die moderne mega-bewegings soos die New Age-beweging, Ekumeniese-beweging, Charismatiese Hernuwingsbeweging en ander geestelike bewegings uitwys. In die doolhof van geestelike verwarring soos hierdie, maak die waarheid inderdaad saak . . .




## *CLASH OF MINDS KONTAKBESONDERHEDE:*

| | |
|---|---|
| ***Webwerf:*** | clashofminds.com |
| ***Aanlyn Winkel:*** | za.clashofminds.com |
| ***DVD Bestellings:*** | office@clashofminds.com |
| ***Algemene Navrae:*** | info@clashofminds.com |
| ***Donasies:*** | donations@clashofminds.c |
| ***Telefoon:*** | +27 81 284 4744 |
| ***SMS/WhatsApp(Alleenlik):*** | +27 81 284 4744 |